These relationships between the different scales and the biographical background variables of the men were tested by making use of multivariate and one-way analyses of variance, *post hoc*-tests, Hotellings T^2 and t-tests and Pearson's product-moment correlation-tests.

From the results it is clear that the husband/father is more prone to be involved with the taking care of the children than he is to performing household tasks. Although the husband/father may not be that involved in household and childcare tasks, he is however more inclined to perceive the man's involvement in these tasks as just. His willingness, if necessary, to perform these tasks can be seen as one of the components of emotion work in the marriage.

It is also evident that there is a very strong positive correlation among the following four family related variables, namely the man's performance of emotion work, his commitment to growth in the marriage; his feminist orientation and his experience of marital integration. It is interesting to note that based on the use of stepwise regression analysis the man's performance of emotion work was the best predictor in both cases of the man's commitment to growth in the marriage and his experience of marital integration.

This type of research focussing on the changing role of the husband/father and the way in which it stands in relation to his experience of marital integration, may not only be useful in marital enrichment programmes and marital counseling, but may also provide important information to policy makers in drafting family policy.

HOOFSTUK 1

PROBLEEMSTELLING

Suddenly men are a hot topic. For several decades the spotlight has been on the revolution in women's lives, but now we are beginning to recognise that men's lives, too, are undergoing profound change. While it is clear that most men no longer provide the sole primary economic support to their families, it is less clear what new patterns of commitment they are developing instead.

Kathleen Gerson (1993)

Wanneer die gesinsteorie van die twintigste eeu in oënskou geneem word, is daar veral een aspek wat sterk op die voorgrond tree, naamlik dat beide die gesin as instelling en die gesin op kollektiwiteitsvlak in die samelewing voortdurend te midde van 'n proses van verandering en aanpassing staan. Ook hier aan die begin van die een-en-twintigste eeu is dit nie net die gesin in die algemeen wat as dinamies gesien word nie, maar word die *rolle* binne die gesin, in terme van beide rolstrukture en -inhoud, nie as staties nie, maar wel as oop vir onderhandeling en verandering beskou.

Die afgelope aantal dekades is die klem hoofsaaklik op die veranderende rol van die vrou-moeder geplaas, veral in soverre getroude vroue toenemend meer tot die formele arbeidsmark begin toetree het. Die toename in die arbeidsmarkdeelnamekoers van getroude vroue het teweeggebring dat daar geleidelik 'n klemverskuiwing plaasgevind het weg van die huweliksmodel waar die man as hoofbroodwinner en die vrou as tuisteskepper voorgehou word, na die beklemtoning van die voorkoms van die *dubbelinkomstegesin* en die daarmee gepaardgaande rolveranderings (Doherty, 1997:224). Die fokus het byvoorbeeld spesifiek geval op navorsing ten opsigte van die wyse waarop die vrou hierdie veranderings in haar rollestel beleef en in welke mate hierdie veranderings onder

andere haar gesinsverhoudinge, verhoudinge met verwante en vriende, beroepslewe, fisiese gesondheid en geesteswelsyn beïnvloed (Davidson en Cooper, 1983; Apter, 1985; Hochschild, 1989; Moen, 1992).

Meer onlangs het teoretici die soeklig op die veranderende rol van die man-vader, veral die man-vader in die dubbelinkomstegesin, begin rig. Soos wat sy vrou toenemend in die arbeidsmark betrokke begin raak het, is daar geleidelik meer aandag geskenk aan die man se veranderende rol binne die gesinskonteks. In hierdie opsig het die fokus veral geval op sy toenemende betrokkenheid, al dan nie, by huishoudelike en kinderversorgingsaktiwiteite en die moontlike invloed daarvan op huwelik- en gesinsverhoudinge (Hawkins *et al*, 1995:41; Dollahite *et al*, 1997:21).

In sy verwysing na die sogenaamde "*end-of-the-line-family*", lê Popenoe (1993:531) die blaam vir die verval van die gesin as instelling onder andere voor die deur van hierdie proses van verandering wat in die huweliks- en gesinsrolle plaasgevind het, en nog steeds plaasvind. Die stremming wat volgens Popenoe (1993:532) deur die individu, as gevolg van die verandering wat in die geslagsrolle plaasvind, ervaar word, is dan ook as een van die antesedente faktore vir die voorkoms van 'n hoë egskeidingsyfer in die samelewing voorgelê. Vir Popenoe (1993:531;536) het die nie-tradisionele rolverdeling wat in die moderne gesin na vore getree het as gevolg van die vrou se toetrede tot die arbeidsmark en die man se groter bydrae tot die huishouding, nie net tot 'n toename in die voorkoms van huweliksdisorganisasie en die verlaging van huwelikskwaliteit aanleiding gegee nie, maar het dit selfs ook bygedra tot die verbrokkeling van die gesin as instelling.

Sommige teoretici soos onder andere Carlson (1990) sluit hierby aan deur te stel dat die veranderende rol van die man en die vrou in die dubbelinkomstegesin tot interrolkonflik kan aanleiding gee, juis omdat "...career and family involvement have never been combined easily in the same person." (Carlson, 1990:271). Hierdie siening sluit ook by die *stremmingsoordragmodel* aan wat die fokus op die wedersydse en kontinue oordrag van stres en stremming tussen die beroep- en gesinsfere plaas (Small en Riley, 1990:51; Paden en Buehler, 1995:101). Die voorkoms van

hierdie sogenaamde "*work-family-spillovers*" en die voorspruitende dilemmas wat as gevolg van die dubbelinkomstegesinslewenstyl ervaar word, word dan ook deur teoretici soos Googins (1991:23) en Edwards *et al* (1992:59) as van die redes vir die verlaging in huwelikskwaliteit en die voorkoms van huwelikskonflik en -verbrokkeling voorgehou.

Hewige kritiek is egter teen hierdie beeld van die sogenaamde "sterwende" gesin uitgespreek. Coontz (1992) is byvoorbeeld van mening dat die gesin nie te midde van 'n proses van verval staan nie, maar dat hierdie instelling - en die rolle wat daarmee geassosieer word - bloot noodsaaklike verandering by veranderende omstandighede ondergaan.

Hierdie fokus op en navorsing ten opsigte van die onderhandelbaarheid van en die verandering in gesinsrolle onder veranderende omstandighede, word by uitstek deur die Simboliese Interaksionisme gefasiliteer. Binne die raamwerk van hierdie sosiologiese teorie word die klem veral geplaas op die wyse waarop individue hul rolle, en binne die konteks van die gesin, hul gesinsrolle definieer (Klein en White, 1996:96). Dit hou veral verband met W. I. Thomas se siening dat indien 'n persoon 'n situasie as die werklikheid definieer, dit ook as werklik in terme van die gevolge daarvan beleef sal word (Ritzer, 2000:191), wat dus impliseer dat individue ook hul rolle in die gesin oor tyd en onder veranderende omstandighede verskillend kan definieer en dienoreenkomstig kan optree. Hierdie Simboliese Interaksionistiese siening sluit by Jessie Bernard (1982:5) se feministiese beskouing van die voorkoms van "*his and her marriages*" aan, in soverre sy van mening is dat die man en die vrou die huwelik verskillend definieer en benader en dus voortdurend in 'n proses van onderhandeling met mekaar staan.

Hierdie deurlopende proses van onderhandeling ten opsigte van die inhoud van die huwelik- en gesinsrolle stel die egpaar, volgens Gowler en Legge (1978:47), daartoe in staat om binne die konteks van die *oop huwelikskontrak*, 'n unieke (informele) kontrak betreffende die egliede se rolgedrag in die huwelik en gesin, tot stand te bring. Op hierdie wyse kan die egpaar, veral die dubbelinkomste-egpaar, hul eie alternatief vir die sogenaamde *verskuilde huwelikskontrak* daarstel.

Hierdie verskuilde huweliks-kontrak, verwysend na die kultureel-gedefinieerde tradisionele rolverdeling en rolomskrywing, te wete die man as broodwinner en die vrou as primêre versorger van die kinders en huishouding, kan veral problematiese gevolge in die dubbelinkomstegesin meebring.

Ten spyte van die proses van onderhandeling in die huwelik, blyk dit steeds dat die man en die vrou in essensie die huweliksrolle verskillend definieer en beleef. Bernard (1982:8) en meer onlangs Wilkie *et al* (1998:593) beklemtoon dan juis dat dit van essensiële belang is dat die verskille wat ten opsigte van die egliede se persepsies, projeksie van behoeftes, waardes, houdings en definisies van die situasie bestaan, nie as onbelangrik geag moet word nie. Hierdie verskille moet juis as 'n fundamentele element beskou word in die vorming van 'n begrip ten opsigte van die bestaan van "die man se huwelik" en "die vrou se huwelik" binne die konteks van hul egtelike verhouding.

Wanneer die veranderende huweliks- en gesinsrolle in die dubbelinkomstegesin ter sprake kom, is dit dus belangrik om in aanmerking te neem dat die man en die vrou hierdie proses van verandering nie net verskillend kan interpreteer nie, maar dit ook verskillend kan beleef. In hierdie verband is die navorsingsfokus wêreldwyd, asook in Suid-Afrika, hoofsaaklik op die *vrou-moeder* se belewenis van haar veranderende rol in die dubbelinkomstegesin geplaas. Hierteenoor het die *man-vader* se persepsie van sy veranderende rol as eggenoot en vader nie soveel aandag geniet nie. Wanneer die man se betrokkenheid in die dubbelinkomstegesin ter sprake kom, maak baie teoretici dan ook, soos in die onlangse werk van Glass (1998:832), van die *vrou* se persepsie van haar eggenoot se rolgedrag as vertrekpunt gebruik.

Marsiglio (1995:13) is dan juis van mening dat een van die metodologiese tekortkominge rakende die sosiologiese navorsing ten opsigte van die man-vader, is dat hierdie navorsing te veel op die vrou-moeder se persepsie van haar man se belewenis van en betrokkenheid by huishoudelike en kinderversorgingsaktiwiteite, berus. Dit is dus van kardinale belang dat die fokus ook op navorsing geplaas moet word wat die man-vader se *èie* belewenis en persepsie van sy gesinsrolle vooropstel.

In die lig van die kultuur van die "*nuwe manlikheid*" en die "*nuwe vaderskap*" waar die fokus op die man se behoefte vir die daarstelling van 'n meer gelyke huweliksverhouding en 'n groter betrokkenheid by die versorging en koestering van sy kinders, geplaas word (Blaisure en Allen, 1995:5; Daphne, 1998:27), is dit dus belangrik dat die man se persepsie van sy gesinsrolle veral binne die *Suid-Afrikaanse konteks* ondersoek moet word. Die probleemstelling in hierdie studie kan dus soos volg samevattend verwoord word:

Wat is die man se persepsie van sy rol as eggenoot en vader in die dubbelinkomstegesin en in welke mate hou dit met sy ervaring van huweliksintegrasie, al dan nie, verband?

Teen die agtergrond van die probleemstelling, word die bespreking van die studie soos volg in hoofstukke in gedeel:

Die eerste twee van die hieropvolgende hoofstukke behels 'n teoretiese oorsig van die bestaande literatuur rakende die rol van die man-vader. In **hoofstuk twee** fokus die bespreking op 'n historiese oorsig van die veranderende rol van die man-vader in die gesin. Hierdie bespreking van die man se gesinsrolle word in terme van ses historiese eras ingedeel, naamlik die tradisionele samelewing, die pre-moderne era, die pre-industriële era, die era van industrialisasie, die post-industriële era en die moderne era.

In **hoofstuk drie** val die lig spesifiek op navorsing wat reeds gedoen is ten opsigte van die man se persepsie van die uitlewing van sy gesinsrolle in die dubbelinkomstegesin. Hierdie bespreking vind plaas aan die hand van moontlike veranderlikes wat 'n rol mag speel in die mate waartoe die man-vader 'n groter mate van betrokkenheid by die gesinslewe toon. Hierdie veranderlikes word ook telkens met die mate waartoe dit 'n invloed op die man se ervaring van huweliksintegrasie kan uitoefen, in verband gebring.

In **hoofstuk vier** word die doel van die studie breedvoerig uitgespel. 'n Metodologiese uiteensetting van die navorsingsontwerp en die operasionalisering van die veranderlikes in die studie word ook in hierdie hoofstuk gegee.

In **hoofstuk vyf** val die fokus veral op die ontwikkeling van die skale. Die volledige stel hipoteses wat vir die doel van die studie geformuleer is, word ook in hierdie hoofstuk gelys.

In **hoofstuk ses** word 'n oorsig van die frekwensieverspreiding van die respondente se biografiese kenmerke en hul tellings op die onderskeie skale gegee.

In **hoofstuk sewe** word 'n beskrywing van die hipotesetoetsing ten opsigte van die verbande/verskille tussen die biografiese veranderlikes en die skale gegee.

In **hoofstuk agt** val die fokus meer spesifiek op die hipotesetoetsing rakende die skale onderling. In die bespreking word daar nie net na die verbande en verskille wat tussen die skale bestaan verwys nie, maar word daar ook 'n uiteensetting van die ontwikkeling van meervoudige regressiemodelle vir die voorspelling van huweliksintegrasië en die verbintenis tot groei in die huwelik gegee.

In die finale hoofstuk, **hoofstuk nege**, word 'n oorsig van die studie in geheel gegee. Hierdie hoofstuk fokus egter ook op 'n meer gedetailleerde interpretasië van die navorsingsbevindinge.

HOOFSTUK 2

DIE VERANDERENDE ROL VAN DIE MAN-VADER IN DIE GESIN: 'n HISTORIESE OORSIG

2.1 INLEIDING

"In the closing decades of the 19th century, a new conception of masculinity called men to the home and to active fathering...The emphasis was on mutual companionship, growth and enrichment."

Robert Griswold (1997:71)

Die rol wat die man binne die kader van die gesinslewe gespeel het, was nie staties nie, maar was oor tyd aan verandering onderhewig. Hierdie verandering, wat verband hou met 'n geleidelike verlies van allesoorheersende patriargale mag as gevolg van sekere demokratiseringsprosesse, kan hoofsaaklik in ses eras ingedeel word: die tradisionele samelewing, die pre-moderne era, die pre-industriële era, die era van industrialisasie, die post-industriële era en die moderne era. Verder word dit in die werk van Atkinson en Blackwelder (1993:975) aangedui dat die rol van die man-vader in die verloop van die eeue gedurig tussen die twee pole "voorsienersrol" en "koesterende rol" beweeg het.

Wat hierdie verandering in die rol van die man betref, is dit belangrik om daarop te let dat daar nie net verskille tussen verskillende samelewings en kulture in dié verband bestaan nie, maar dat daar ook binne 'n bepaalde samelewing of kultuur genuanseerde sosiale klas-, streeks- en individuele verskille mag bestaan (Stearns, 1991:35). Die vraag wat hieruit ontstaan, is in welke mate hierdie veranderinge in die eggenoot- en vaderrol 'n impak op die gesin as struktuur asook die lede van die gesin, uitgeoefen het.

Ten einde 'n basis vir die bespreking van die veranderende rol van die man-vader te skep, is dit belangrik dat die rol van die man in die gesin gedurende die ses eras, naamlik die tradisionele samelewing, die pre-moderne era, die pre-industriële era, die era van industrialisasie, die post-industriële era en die moderne era in oënskou geneem moet word.

2.2 DIE ROL VAN DIE MAN IN DIE GESIN IN DIE TRADISIONELE SAMELEWING¹

Vanuit die ryk volume data wat bestaan oor die oorsprong van die gesin, soos dit voorkom in geskiedskrywing, kreatiewe literêre werke en gepubliseerde sosiaal-wetenskaplike navorsingsresultate, blyk dit dat die historiese wortels van die gesin as instelling menige mens se belangstelling aangegryp het en nog steeds fassinerend is. Alhoewel die rol van die man as eggenoot en vader binne die konteks van die gesin in hierdie bronne soms op 'n implisiete en in ander gevalle op 'n meer eksplisiete wyse aangespreek word, kon daar geen beskikbare bron gevind word wat die fokus eksklusief op die rol van die man in die gesin binne die tradisionele samelewing, plaas nie. Deur die vorming van 'n sintese van die relevante inligting rakende die rol van die man, soos weergegee in die verskeidenheid van bronne, is dit egter moontlik om 'n beeld van die aard van hierdie rol te herkonstrueer.

Alhoewel die rol van die man per implikasie soos gesien in Friedrich Engels se *The Origin of Family, Private Property and the State* (1884) aanvanklik slegs dié van die verwekker van kinders was (Haralambos en Holborn, 1995:327), het hierdie rol as een van die belangrike verwantskapsrolle 'n kardinale funksie in die daarstelling van die breë pre-literêre sosiale organisasie en struktuur vervul.

Dit blyk dan ook dat die gesin binne die tradisionele struktureel ongedifferensieerde samelewing, wat sterk op die basis van verwantskap gegrondves is, 'n belangrike inset gelewer het in die handhawing van beide die samelewing en die individuele lewe. Struktureel-funksionalisties gesproke was dit dan juis die gesin, binne die konteks van die breër

¹Binne hierdie konteks verwys "tradisionele samelewing" na 'n samelewing waar die kultureienskap van die geskrewe taal nog nie ontwikkel het nie.

verwantskapsisteem², wat tydens hierdie tydperk, in Parsoniaanse terme, hoofsaaklik vir die adaptiewe, doelbereikings-, patroonhandhawende en die integratiewe funksies in die samelewing verantwoordelik was (Steyn *et al*, 1987:49). Binne hierdie konteks het die rolinhoudelike aard van die man-vaderrol op 'n kenmerkende wyse gemanifesteer.

2.2.1 Die inhoudelike rolalokasie binne die tradisionele gesin

Ten einde die rol van die man-vader in die tradisionele samelewing na behore te verstaan, is dit nodig om dit teen die agtergrond van die vier basiese beginsels rakende die gesin, soos deur Fox (1967:31) uiteengesit, te skets:

- Beginsel 1 Die vrou baar die kinders.
- Beginsel 2 Die man bevrug die vrou.
- Beginsel 3 Die man oefen gewoonlik beheer uit.
- Beginsel 4 Primêre verwante het nie seksuele omgang met mekaar nie.

Fox (1967:31) is van mening dat hierdie beginsels, soos saamgevat in die kernterme, swangerskap, bevrugting, dominansie en die vermyding van bloedskanie, die basis van alle vorme van sosiale organisasie, wat op verwantskap gebaseer is, vorm.

Hierdie beginsels is van toepassing in beide die patrilineêre en matrilineêre samelewings. Wat die patrilineêre samelewing betref, bestaan daar geen onduidelikheid ten opsigte van die aard en omvang van die rol van die man-vader nie. Dit is veral in soverre die vorms van afstamming, gesag en vestiging duidelik gekombineer word. Só word gevind dat die afstamming deur die manlike lyn bereken word, die gesag in die hande van die manlike lede van die linie gesetel lê en dat inwoning patrilokaal van aard is (Fox, 1967:114). Dit is dus vanselfsprekend dat in hierdie sisteem, waar die vrou en kinders onder die gesag van die man-vader staan, vaderskap 'n sentrale posisie inneem.

²Radcliffe-Brown (1965(b):280) definieer die *verwantskapsisteem* as: "...a network of social relations...which thus constitutes part of that total network of social relations that I call social structure. The rights and duties of relatives to one another and the social usages that they observe in their social contacts, since it is by these that the relations are described, are part of the system."

Wat die matrilineêre sisteem betref, blyk dit dat dit 'n meer komplekse toedrag van sake is. Afstamming geskied volgens die linie van die moeder, met ander woorde die kinders aan wie die vrou lewe skenk, behoort aan die matrilinie. Die gesagsposisie word egter nie deur óf die vrou-moeder, óf die genitor van die kinders (man-vader) beklee nie, maar wel deur die manlike lede van die vrou-moeder se linie. Dit is dan veral die broer-suster verhouding wat hiér 'n belangrike rol speel. Rakende die derde aspek, naamlik inwoning, is dit nie in alle gevalle so simplisties dat dit matrilokaal van aard is nie, maar dat daar, volgens Fox (1967:98), verskillende moontlike vorme van inwoning in die matrilineêre samelewing bestaan, naamlik:

- * Al die lede van die linie woon bymekaar.
- * Die vroue van die linie woon bymekaar, maar die mans woon verspreid.
- * Die mans van die groep woon bymekaar, maar die vroue woon verspreid.
- * Al die lede van die groep woon verspreid.

Dit is dus duidelik dat die patrilineêre en matrilineêre verwantskapsgroepe nie blote spieëlbeelde van mekaar is nie. Dit is veral sigbaar in die verskille wat tussen die twee sisteme geïdentifiseer kan word. In die eerste plek, is beide die patrilineêre en matrilineêre verwantskapsgroepe onderhewig aan Beginsel 3 en gevolglik word die beheer deur die *mans* in beide linies uitgeoefen (Fox, 1967:120).

Verder kan in die tweede plek opgemerk word dat dit in die patrilineêre sisteem die *vrouens* van die manlike lede is wat vir die reproduksie van die linie verantwoordelik is, terwyl dit die rol van die *suster* van die manlike lede in die matrilineêre sisteem is (Fox, 1967:120). In die derde plek beskik die man in die patrilineêre sisteem oor regte rakende die seksuele, huishoudelike en reprodktiewe dienste van sy vrou, terwyl hy in die matrilineêre sisteem slegs aanspraak op die eerste twee aspekte kan uitoefen. Die regte ten opsigte van die vrou se reprodktiewe dienste bly in hierdie geval binne haar eie linie gesetel (Fox, 1967:121).

In die vierde plek noem Fox (1967:121) 'n verdere verskil, naamlik dat die man-vader in die patrilineêre sisteem algehele reg van besit oor sy kinders het, terwyl hy in die matrilineêre sisteem nie oor hierdie reg beskik nie. Laastens, in die vyfde plek, blyk dit dat die vader-seunbroer konstellasie dominant in die patrilineêre sisteem is, waar die rol van die vrou as eggenoot en moeder as sekondêr beskou word. Hierteenoor is die belangrike rolle in die matrilineêre

sisteem dié van moeder-dogter-broer-suster. Die huweliksrolle in hierdie sisteem is nie van kardinale belang nie, soveel so dat Fox (1967:121) van mening is dat die rol van man-vader streng gesproke in hierdie sisteem nie noodsaaklik is nie, aangesien mans vir die taak van bevrugting van die vroue in die matrilineêre verwantskapsgroep, "geleen" kan word.

Wat die meer inhoudelike aard van die geslagsrollokasie in die gesin betref, is dieselfde beginsels op beide die patrilineêre en die matrilineêre sisteme van toepassing. Die enigste verskil wat egter hier in aanmerking geneem moet word, is die feit dat die broer van die vroumoeder die posisierol van die man in die gesin binne die patrilineêre sisteem beklee, anders as in die geval van die patrilineêre sisteem, waar die vader van die kinders hierdie posisierol as sy eie beskou.

Inhoudelik gesproke word die rolle binne die verwantskapsisteem op grond van geslag aan die man en die vrou toegeskryf. Hierdie rolle is duidelik gedefinieer, streng afgebaken, voorskriftelik en nie uitruilbaar van aard nie. Volgens Murdock (1967:7) bring hierdie geslagspesifieke rolverdeling binne die konteks van die gesin mee dat die man en vrou 'n besondere effektiewe koöpererende eenheid vorm. Weens sy superieure liggaamlike krag, is die man-vader meer daarvoor toegerus om fisies inspannende take uit te voer, soos onder andere die kap van hout, die oprig van 'n wooneenheid, die jag van diere en die versorging van veetroppe (Murdock, 1967:7).

Hierteenoor ervaar die vroumoeder volgens Murdock (1967:7), biologiese belemmering as gevolg van die fisiologiese kenmerke van swangerskap en soging, in soverre sy nie soos in die geval van die man-vader in 'n groot radius rondom die tuiste kan beweeg nie. Rolinhoudelik is haar take dus beperk tot dit wat in en rondom die huis uitgevoer kan word. Só is sy byvoorbeeld verantwoordelik vir die aandra van water, die versameling van groente en vuurmaakhout, die voorbereiding van maaltye en die verpleging van siekes (Murdock, 1967: 7, 213). Die rol van die vroumoeder behels dat sy nie net vir die huishoudelike pligte verantwoordelik is nie, maar dat sy ook uit hoofde van haar biologiese eienskappe die voortplantings- en moederrol moet vervul (Murdock, 1967:7).

Dit is ook belangrik om daarop te let dat daar verskille van samelewing tot samelewing met betrekking tot die arbeidsverdeling kan voorkom. So is daar wel sommige take, soos onder andere die weef van matte en die vleg van mandjies, wat met ewe groot gemak deur beide mans en vroue uitgevoer kan word. In sommige samelewings word hierdie take deur mans en in ander samelewings deur vroue behartig. Tog word gevind dat waar dit wel die geval is, so 'n taak in 'n bepaalde samelewing konsekwent deur lede van die betrokke geslagskategorie uitgevoer word (Murdock, 1967:213).

Ook wat die ouer-kind verhouding betref, is daar belangrike verskille tussen die verhouding wat die moeder en die vader onderskeidelik met die kind het. Die moeder-kind verhouding word byvoorbeeld gekenmerk deur 'n warm, affektiewe verhouding. Hierteenoor is die vader-kind verhouding meer op die dissiplineringsfunksie van die vader ten opsigte van sy kind, gerig. Beide hierdie verhoudings staan dan ook binne die konteks van die omvattende magposisie van die man-vader ten opsigte van sy vrou en kinders. Hierdie rolallokasie kom in die meeste tradisionele samelewings na vore en kan analities as generies gesien word.

2.2.2 Die generiese rolallokasie binne die tradisionele gesin

Volgens Parsons (1955:45) blyk dit dat die generiese aard van die rolle in die kerngesin op twee asse gedifferensieer kan word. Hierdie twee asse is naamlik ener syds 'n hiërargie van mag en andersyds die instrumentele versus die ekspressiewe funksies.

Op grond van hierdie asse-sisteem varieer die toesegging van verskillende status-rolle ener syds in terme van geslag en andersyds in terme van generasie (Parsons, 1955:45). Tabel 2.1 bied 'n diagrammatiese voorstelling van die rolstruktuur in die kerngesin.

Tabel 2.1 Die basiese generiese rolstruktuur van die kerngesin

Generasie	Geslag	
	Instrumenteel	Ekspressief
Superieure mag	Instrumenteel Superieur (Man/Vader)	Ekspressief Superieur (Vrou/Moeder)
Inferieure mag	Instrumenteel Inferieur (Seun/Broer)	Ekspressief Inferieur (Dogter/Suster)

Bron: Parsons (1955:46)

Vanuit die tabel is dit duidelik dat die onderskeid op grond van geslag in die gesin aanleiding gee tot die toesegging van die instrumentele rol aan die man en die ekspressiewe rol aan die vrou. Verder blyk dit dat *generasie* as veranderlike verantwoordelik is vir die differensiasie in terme van mag, in soverre die ouers in 'n superieure magposisie teenoor hul kinders staan.

Wanneer die roldifferensiasie op grond van geslag in oënskou geneem word, kom die vraag na vore waarom juis aan die man die instrumentele en die vrou die sosio-emosionele rolle toegesê word. Parsons (1955:63) is van mening dat hierdie rollokasie 'n biologiese grondslag het. So word gevind dat dit die vrou is, as die sogenaamde versorgingsagent, wat die kinders baar en vir die eerste aantal lewensjare vir die kinders se dag-tot-dag versorging verantwoordelik is. In hierdie tydperk ontwikkel daar 'n sterk moeder-kind-liefdesverhouding en -identiteit, wat veral binne die ekspressiewe funksie van die gesin val (Parsons, 1955:67).

Weens die feit dat die man nie oor die biologies-liggaamlike vermoëns van die vrou beskik nie en sy alreeds die sosialiseringstiwiteite en die emosionele versorging van die gesin as haar rol definieer, is die man volgens Parsons (1955:79) genoodsaak om die rol as instrumentele agent in

die gesin vir homself toe te eien.

Ten einde Parsons se postulaat rakende die rolverdeling in die kerngesin te bewys, het Zelditch (1955:316) die gegewens van 56, toevallig gekose, etnografiese studies in verskillende tradisionele samelewings ten opsigte van spesifiek die gesinsverwante aspekte bestudeer. Hy het dan ook bevind dat in 46 van die samelewings die instrumentele rol wel aan die man en die ekspressiewe rol aan die vrou toegeskryf is, terwyl dit in slegs 10 van samelewings nie ooglopend die geval was nie.

Zelditch (1955:314) beklemtoon dat alhoewel die vrou se sosio-emosionele rol in hierdie tien samelewings wel sekere instrumentele kenmerke het, dit primêr die man se verantwoordelikheid is om oorkoepelend na die bestuursfaset van die gesin en die handhawing van dissipline om te sien (Zelditch, 1955:318; Stephens, 1963:304). Dus, terwyl die integratiewe-ondersteunende rol aan die vrou-moeder geallokeer is, is die outoriteitsposisie in die hande van die man-vader gelê (Zelditch, 1955:314).

Dit is belangrik om daarop te let dat die 46 samelewings, waarna Zelditch (1955:316) verwys, waar die instrumentele en die ekspressiewe rolle onderskeidelik aan die man en die vrou toegeskryf is, hoofsaaklik patrilineêre samelewings is. In samelewings wat op grond van patrilineêre afstamming georganiseer is, blyk dit dat die roldifferensiasie wel op die geslag-as tussen die man-vader en die vrou-moeder, soos vooraf bespreek, differensieer³.

Die tien ander samelewings waarna Zelditch (1955:316) verwys, is hoofsaaklik matrilineêre samelewings. Dit is dan juis in die matrilineêre afstammingsgroep waar die roldifferensiasie meer kompleks raak. Hierdie komplekse aard van die roldifferensiasie hou verband met die feit dat rolallokasie nie net met die kerngesin nie, maar ook die afstammingslyn verweef is.

Rakende die vrou se rol in die laasgenoemde afstammingsgroep blyk dit dat dit steeds primêr ekspressief van aard is en dat sy nie noodwendig meer instrumentele kwaliteite in haar

³Vir meer gedetailleerde etnografiese beskrywings van die gesinslewe in tradisionele *patrilineêre* samelewings, sien die werk van Stephens (1963:279) oor die Tepoztlan-stam in Mexiko en Kuper (1965:88-97) oor die Swazi in Suid-Afrika.

rolsamestelling inbou nie (Zelditch, 1955:330). Dit is egter die man-vader se rol ten opsigte waarvan kwalifiserende opmerkings gemaak moet word. Malinowski (1965:277) meen in hierdie verband dat, weens die feit dat die man-vader nie altyd 'n direkte aktiewe rol in die huishouding binne die matrilineêre samelewing speel nie, dit veral die vrou-moeder se broer is wat hierdie rol in die gesin, veral teenoor die kinders vertolk.

So word daar dus volgens Zelditch (1955:328) gevind dat terwyl die vrou-moeder se broer vir die dissiplinerings en die ekonomiese versorging van sy suster se kerngesin is, die man-vader se verhouding met sy eie kinders dié van vriend en kameraad is. Waar die man-vader se rol in sy eie kerngesin dus verminder tot slegs 'n ekspressiewe verhouding met sy eie kinders, staan hy egter in 'n instrumentele rol ten opsigte van sy suster en haar kinders.

Zelditch (1955:341) kwalifiseer egter die bogenoemde deur aan te dui dat die solidariteit van die linie nie in alle gevalle die man-vader se instrumentele rol in sy eie kerngesin laat vervaag nie. In gevalle waar die man-vader wel kontak met sy eie kerngesin binne 'n matrilineêre samelewing het, beskik hy oor *de facto* instrumentele outoriteit in soverre hy die instrumentele rol op 'n relatief variërende mate met die broer van die vrou-moeder deel. Weens die feit dat die man-vader nooit deel van die matrilinie word nie, is sy posisie in die huishouding van sy vrou egter onstabiel en altyd relatief tot dié van die vrou-moeder (Zelditch, 1955:342). In hierdie opsig, waar die kerngesin dus tog as 'n sisteem funksioneer, differensieer die rolle wel in terme van die geslag-as (Zelditch, 1955:341).⁴

Die tradisionele samelewing word nie spesifiek aan die Westerse samelewing gekoppel nie, maar kom wêreldwyd voor. In die verdere verloop van die historiese oorsig word daar ten opsigte van die verskillende eras spesifiek op die rol van die man-vader in die Westerse samelewing gekonsentreer.

⁴Etnografiese studies ten opsigte van die gesinslewe in die tradisionele *matrilineêre* samelewing, wat spesifiek ook na die roldifferensiasie in die gesin verwys, sluit onder andere die volgende in: Die Ashanti van die Goudkus (Fortes, 1965:270-273); Melanesië (Malinowski, 1965:277); die Mayombe-stam in die Kongo (Richards, 1965:211-221) en die Bemba-stam in Zimbabwe (Richards, 1965:221-230).

2.3 DIE ROL VAN DIE MAN IN DIE PRE-MODERNE ERA

In die bestudering van die rol van die man-vader in die pre-moderne era, blyk dit dat daar weinig inligting oor die inhoudelike aard van die man se gesinsrolle bestaan en dat daar hoofsaaklik eerder op die magsaspek van die man se rol as eggenoot en ouer toegespits word. Holisties gesproke verteenwoordig hierdie era die bestaan van die magtigste patriargale strukture in die geskiedenis van die menslike samelewing. Die invloedryke mag van die patriarge in hierdie tydperk was verskans in die godsdienstige en wetlike opvattinge van die heersende dag. Selfs die woord "*vader*" in die Griekse, Romeinse en Hebreeuse taal het 'n ander konnotasie in vergelyking met die hedendaagse gebruik daarvan gehad. In essensie het hierdie woord nie op die vaderlike verhouding gedui nie, maar was dit fundamenteel 'n uitdrukking van waardigheid, outoriteit en mag (Lynn, 1974:63).

Hierdie pre-moderne era kan in twee tydperke verdeel word, naamlik die tydperk vóór 500 n.C. en die tydperk tussen 500 n.C. en 1500 n.C. (die Middeleeuse samelewing).

2.3.1 Die rol van man-vader in die era vóór 500 n.C.

Volgens Kooy (1970:25) het die westerse samelewing sy oorsprong in die "versmelting" en "verbinding" van die Joods-Christelike, die klassieke en die "Barbaarse" sosiaal-kulturele patrone gehad. Hierdie maatskaplike sintese het vormingsgewend op die gesinsontwikkeling (en per implikasie op die rol van die man-vader) ingewerk. Dit is dus belangrik om 'n algemene aanduiding te gee van die aard van die rol van die man as eggenoot en vader in hierdie era.

(i) *Die Hebreeuse samelewing*

Die patriargale mag van die Hebreeuse man-vader lê gesetel in die godsdienstige opvattinge binne Judaïsme en die siening dat die man die verteenwoordiger van die almagtige Jahwe is. Só het die Mosaïese Wet onder andere absolute gehoorsaamheid en respek van kinders teenoor hul ouers geëis. Indien 'n kind nie volgens hierdie voorskrifte geleef het nie, het die vader die reg gehad om die kind te laat stenig (Lynn, 1974:64).

Die magstatus van die Hebreuse man-vader het ook met verantwoordelikhede gepaard gegaan. Volgens Bardis (1964:415) was dit die taak van die man om as beskermder van sy gesin, regverdige regter, bestuurder van die ekonomiese belange, uitvoerder van priesterlike rituele en as onderwyser op te tree. Laasgenoemde was veral van groot belang, omrede die gesin die setel van die opvoedkundige funksie was. Dit was die vader se taak om sy kinders volgens die vrese van God op te voed en om sy seun in die voorskrifte van die Tora en die Talmoed te onderrig. Hierteenoor was die vrou-moeder, wat soos die kinders onder die totale gesag van die man-vader gestaan het, slegs betrokke by die sosialisering van die seun totdat hy die ouderdom van vyf jaar bereik het (Lynn, 1974:64).

Soos in die geval van die Hebreuse samelewing, was die patriargale sisteem ook die bestaande orde in die klassieke beskawings soos dié van die Griekse en Romeinse samelewings.

(ii) Die Hellenistiese samelewing

Die sterk patriargale samelewingsorde van antieke Griekeland, waar die gesin (en veral die manlike hoof daarvan) 'n belangrike magstatus beklee het (Lynn, 1974:63), kan duidelik uit die werk van die Griekse filosowe soos onder andere Aristoteles (\pm 300 v.C.) afgelei word (Hamner & Turner, 1990:23).

Die omvang van die man se magstatus in hierdie samelewing was duidelik in soverre hy as enigste heer en meester van sy wettige vrou, kinders, byvroue en slawe beskou is. Die rol van die man het onder andere dié as trustee van die gesinsbesittings en priester by die uitvoering van godsdienstige rituele ingesluit (Lynn, 1974:63). Sy mag het selfs so ver gestrek dat hy in die posisie was om oor die lewe van 'n pasgebore baba te besluit (Lynn, 1974:63; Tripp-Reimer & Wilson, 1991:7).

Hierdie magstatus van die man-vader het hom in staat gestel om hande-arbeid te vermy, "[and] he thus was able to climb the Olympian heights of sublime Hellenic civilization, but at the expense of his women's and slaves' welfare." (Bardis, 1964:425).

Bardis (1964:425) is egter van mening dat die Griekse man-vader, ten spyte van sy magsposisie oor sy gesin, nie so invloedryk soos sy Romeinse eweknie was nie.

(iii) *Die Romeinse samelewing*

Die mag van die *pater-familias* (man-vader) in die Romeinse samelewing word deur Lynn (1974:64) as byna onbeperk van aard beskryf. Hierdie era word dan ook beskou as die periode waartydens die mees ekstreme vorm van die patriargale sisteem voorgekom het.

Die *manus* (die legitieme mag van die man oor sy vrou) waaroor die man in die Romeinse samelewing beskik het, was omvangryk tot in 'n ekstreme mate. Volgens Radcliffe-Brown (1965:76) het die vaderreg-huwelik in hierdie samelewing behels dat die "eienaarskap" oor die vrou op 'n seremoniële wyse van haar vader/beskermer na haar man oorgedra is. Tog het hierdie *manus* nie alleenlik net die vrou se totale onderdanigheid aan haar man geïmpliseer nie, maar het dit ook die verpligting van die man om sy vrou te beskerm, behels (Bardis, 1964:436).

'n Addisionele eienskap van die posisie van die Romeinse man-vader het die sogenaamde *patria potestas* (vaderlike outoriteit) behels. Hierdie tipe outoriteit het aan die man die eksklusiewe besitreg oor sy kinders gegee (Radcliffe-Brown, 1965:76). Dit het hom in staat gestel om, soos in die geval van die man-vader in die Hellenistiese samelewing, oor die lewe van 'n pasgebore baba te besluit. In die geval waar die kind se lewe gespaar is, was die moeder slegs vir die vroeë versorging en opvoeding van die kind verantwoordelik, waarna veral die seun konstant aan sy vader se sy moes bly ten einde hom in die daaglikse roetines behulpsaam te wees (Lynn, 1974:65; De Parseval & Hurstel, 1987:61).

Weens die feit dat 'n manlike kind en 'n ongehude vroulike kind selfs na hul volwassewording onder die absolute outoriteit van hul vader gestaan het, was die vader tot en met sy dood in die posisie om sy kinders se huwelike en egskeidings te reël asook om hul toekoms te bepaal (Lynn, 1974:64; Tripp-Reimer & Wilson, 1991:2).

Hierdie ekstreme magsposisie van die man-vader is egter ingeperk met onder andere die opkoms van die Christendom en veral na die uitvaardiging van die Edik van Milaan deur keiser

Konstantyn (\pm 314 n.C.).

(iv) Die vroeë Christelike samelewing

Volgens Bardis (1964:440) het die Christendom, in vergelyking met die Hebreuse, Griekse en Romeinse sosiale sisteme, 'n veel groter impak op die hedendaagse westerse gesinsisteme uitgeoefen. Dit is egter baie moeilik om 'n helder beeld van die gesinslewe (en dus ook van die rol van die man-vader) van die vroeë Christene te verkry, omdat dit nie net die lewenspraktyk van 'n enkele volk verteenwoordig nie, maar wel dié van vele volke met elk hul eie besondere sedes en gebruike (Kooy, 1970:31).

Alhoewel 'n uniforme Christelike gesinslewe in die vroeë Christelike tydperk onwaarskynlik was, het daar tog toenemend met die ontwikkeling van die mag van die vroeë kerk eenvormighede ten opsigte van reëls, norme en waardes ontstaan. Een van die prominente universele Christelike beginsels rakende die gesinslewe, is die eksklusiewe seksuele verhouding binne die monogame huwelik (Kooy, 1970:33).

Ten spyte van die opvatting dat die man en vrou gelyk in hul liefde aan mekaar gestel is, en dat die vrou volgens Bardis (1964:443) spiritueel die man se gelyke was, was die man tog ten tyde van die vroeë Christelike kerk as superieur beskou. So beskryf Paulus in van sy briewe die rol van die vrou as synde 'n subordinêre posisie ten opsigte van dié van haar man: "...sodat hulle die jonger vroue kan leer om liefdevol teenoor hulle mans en kinders te wees, verstandig en kuis, goeie huisvrouens, onderdanig aan hulle mans" (Titus 2:4,5).

Dit blyk dus duidelik dat hierdie samelewing ook op 'n patriargale sisteem gebaseer was, alhoewel dit nie so ekstreem van aard soos in die klassieke samelewings was nie. Dieselfde geld tot 'n mate ook in die Angel-Saksiese stamme wat in Wes- en Noord-Europa gevestig was.

(v) Die Angel-Saksiese samelewing en die Germaanse stamme

Die Angel-Saksiese stamme het 'n oorsprong gehad in die vermenging van die Keltiese en Germaanse stamme wat Engeland in om-en-by die vyfde eeu ingeval het, die Dene (die

noordelike volke), en die inheemse elemente wat reeds in hierdie gebied woonagtig was. Sommige bronne verwys na hierdie groepe mense as die "Barbare" (Kooy, 1970:36; Lynn, 1974:65).

Alhoewel beide die man-vader en die vrou-moeder in die Angel-Saksiese samelewing 'n belangrike rol in die huishouding en kinderopvoeding gespeel het, was dit veral die lede van die patrilinie wat die magsposisie beklee het. Volgens Lynn (1974:65) was daar egter duidelike beperkings op die omvang van die vaderlike mag geplaas. Só is gevind dat dit as pragmaties logies beskou is dat die vader oor die lewe of dood van 'n pasgebore baba kon besluit, maar met die bepaling dat hy hierdie reg sou verbeur sodra die baba kos, heuning of melk geproe het.

Die magte van die Angel-Saksiese man was nie so diktatoriaal van aard soos dié van die man in die klassieke era nie en sy streng houvas op veral die lewens van sy kinders is mettertyd nog verder ingeperk - 'n beperking wat toenemend meer plaasgevind het soos wat hierdie samelewing die Middeleeue betree het (Lynn, 1974:65).

2.3.2 Die rol van die man-vader in die Middeleeuse samelewing (± 500 n.C. - 1500 n.C.)

Die gesinslewe tydens die vroeë Middeleeue is veral beïnvloed deur die feit dat groot dele in Europa toenemend gekersten is en dat die omvang van die invloed van die Rooms-Katolieke kerk drasties toegeneem het. Die heilige gesag van die pous en dié van die kerk in die algemeen, asook die gepaardgaande feodale ekonomiese sisteem het tot die herlewing van die "grootfamilie" (uitgebreide gesin) in Europa aanleiding gegee (Kooy, 1970:38; Hamner & Turner, 1990:23).

Dit was dan veral die kerk wat die man-vader se patriargale magsposisie op grond van die beklemtoning van sekere Bybelse teksgedeeltes en die werke van kerkvaders, soos onder andere dié van Thomas van Aquino, geregverdig en voorgeskryf het (Kooy, 1970:39). Só is daar byvoorbeeld, volgens Kooy (1970:41), klem gelê op die tradisionele patriargale outoriteit in die samelewing in die algemeen en spesifiek in die huwelik, terwyl individualiteit sterk onderdruk is.

Wat die man-vrou verhouding betref stel Kooy (1970:40) dit dat "De rechtsposisie van de gehuwde vrouw deurgaans zeer zwak [was]". Tripp-Reimer & Wilson (1991:2) sluit by hierdie stelling aan deur te beklemtoon dat die vrou onder die totale outoriteit van haar eggenoot gestaan het, veral in soverre hy totale beheer oor sy vrou se bruidskat gehad het.

Bardis (1964:445) is verder van mening dat die vrou se swak posisie tydens die Middeleeue deels toegeskryf kon word aan die feit dat sy met die vleeslike (seksuele) liefde geassosieer is. Kooy (1970:32) beweer dat hierdie siening verband hou met die kerk se opvatting dat die seksuele slegs ter wille van prokreasie geduld kon word en dat die kerkvaders, binne die beskouing van die gees-liggaam dualisme, "..seksueel...zintuigelijk-lichamelike genieten beschouwd als één der ernstige belemmeringen voor de ziel op de weg naar het eeuwig heil...". Die vrou wat die argetipe van die ongehoorsame Eva in haar dra is dus teenoor die man as beeld van God (aan wie patriargale kenmerke toegedig is), gestel (Bardis, 1964:445).

Ook in die geval van die kind, het die man-vader 'n sterk outoriteitsposisie ingeneem. Ten spyte van die feit dat dit die beskouing in sekere dele van Europa was dat 'n seun tussen die ouderdom van tien en vyftien jaar mondig geword het, het die vader steeds seggenskap oor sy seun se doen en late gehad. Ten opsigte van sy dogter het die vader vruggebruik van die eiendom wat sy van haar moeder se verwante geërf het, na haar mondigwording, behou (Lynn, 1974:66).

Die gesin in die Middeleeue was egter deel van 'n groter geïntegreerde eenheid, naamlik die *huishouding*. Dit het gepaard gegaan met die stelsel van ambagskap (gildestelsel), waar veral seuns teen die ouderdom van sewe jaar in die sorg van ander gesinne as vakleerlinge geplaas is (Lynn, 1974:66). Volgens Kooy (1970:40) het die vakleerlinge dan ook binne hierdie konteks onder die gesag van die manlike hoof (gewoonlik die meester of vakkundige) van die huishouding gestaan. Dit blyk derhalwe dat die man-vader se invloedssfeer veel verder as slegs sy eie verwante gestrek het.

Daar het egter 'n opmerklieke verskuiwing in die aard van die gesinslewe en meer spesifiek ten opsigte van die man se rol binne hierdie sfeer teen die einde van die Middeleeue plaasgevind. In teenstelling met die voorafgaande jare waar die mens se lewe sterk deur die leerstellings van die kerk beïnvloed is, is die laat-Middeleeue deur promiskuiteit en die erotisering van die bestaan

van die mens gekenmerk (O'Day, 1994:34).

Volgens Kooy (1970:44) het die opkoms van die sogenaamde ridderromantiek en die algemene gees van sedeloosheid toenemend 'n bedreiging vir huwelikstabiliteit ingehou. Talle kinders in hierdie era het óf nooit óf weinig hul vaders gesien en is primêr deur hul moeders versorg en grootgemaak (O'Day, 1994:34).

Die ossillerende beweging tussen streng godsdienstige leerstellings en 'n meer sekulêre bestaan en die impak daarvan op beide die gesinslewe en die rol van die man-vader, is nie net tydens die Middeleeue sigbaar nie, maar kom ook in die tydperk ná die Middeleeue, wat as die pre-industriële era bekend staan, na vore.

2.4 DIE ROL VAN DIE MAN IN DIE PRE-INDUSTRIËLE ERA

Die pre-industriële era kan in twee periodes verdeel word, naamlik die sestiende en vroeë sewentiende eeu en die laat sewentiende en vroeë agtiende eeu. Die rede hiervoor is die feit dat daar 'n duidelike verskil ten opsigte van die sosiale denke asook die aard van die gesinslewe in hierdie twee periodes geïdentifiseer kan word.

2.4.1 Die rol van die man-vader in die sestiende en vroeë sewentiende eeu

Die *Protestantse Hervorming* in die algemeen en spesifiek die werk van onder andere Luther, Calvyn en Zwingli, kan enersyds as 'n indirekte reaksie op die sedeloosheid van die laat-Middeleeue en 'n direkte reaksie op die dogmatiek van die Rooms Katolieke kerk beskou word.

Alhoewel die Protestante leerstellings, in teenstelling met dié van die Rooms Katolieke kerk, die huwelik nie as 'n sakrament beskou nie en wel ook ruimte laat vir die ontbinding daarvan, word die belangrikheid van die huwelik- en gesinslewe in die samelewing herbevestig. Dit was veral beklemtoon in soverre die seksuele buite die grense van die huwelik steeds as sonde beskou is, maar dat dit, deur Goddelike beskikking, binne die konteks van die egtelike verhouding 'n spesiale betekenis kan inhou (Kooy, 1970:47). In hierdie opsig kan die gesin in die sestiende en vroeë sewentiende eeu, volgens O'Day (1994:39), as 'n sogenaamde vergeestelike huishouding

getipeer word.

McKee en O'Brien (1982:15) beskryf in hierdie verband die posisie van die man-vader as volg: "...the omnipotence of fathers was strengthened in this period, and whereas fathers lost some of their autonomy in the [late] Middle Ages, it was regained and reasserted in the early 1500s". Hierdie aanhaling beklemtoon die verskuiwing weg van die (meestal) afwesige vader in die laat-Middeleeue na die patriargale gesinskonteks in die 16e eeu waar die man-vader weereens, soos in die klassieke era en vroeë Middeleeue, die outoriteitsposisie in die gesin beklee het (Griswold, 1993:11).

Alhoewel die sestiende eeuse man-vader se roloptrede nie so wreedaardig van aard soos in die klassieke era was nie (Stearns, 1991:31), was sy magposisie nogtans onbetwisbaar. Die rolverpligting van die vrou-moeder in hierdie tydperk was dan primêr gerig op die uitvoering van haar man se bevel veral ten opsigte van die huishouding en die versorging van die kinders (Lynn, 1974:41).

Lynn (1974:39) beskryf byvoorbeeld die man-vader se onbeperkte mag in Duitsland tydens die vroeë sewentiende eeu, deurdat die man "*Ehrfurcht*", dit wil sê absolute ontsag van sy gesinslede vereis het. In hierdie opsig het hy as rolmodel en mentor vir veral sy oudste seun opgetree en het hy te alle tye totale gehoorsaamheid geëis (Lynn, 1974:40).

Volgens McKee en O'Brien (1982:16) het daar egter ook klasseverskille voorgekom en is dit nodig om 'n onderskeid te tref tussen die aristokratiese en die sogenaamde kleinboer man-vader rol. Só het die mag van die man in die adelstand aan despotisme gegrens, waar daar weinig kontak tussen vader en kinders was. Hierteenoor was die gesag van die kleinboer man-vader onderhewig aan beheer en sanksies van die gemeenskap. In hierdie opsig is daar toenemend klem op man-vaderlike verantwoordelikhede en pligte eerder as op regte, gelê (McKee & O'Brien, 1982:16).

Hierdie klemverskuiwing is ook duidelik sigbaar in Lynn (1974:68) se beskrywing van die vroeë sewentiende eeuse man-vader in koloniale Amerika. Alhoewel die man steeds oor 'n omvattende magsfeer beskik het, is die streng patriargale gesinsopset met vaderlike liefde en

versorging versag. Stearns (1991:31), wat meer op die Europese gesin fokus, sluit hierby aan deur aan te dui dat die man-vrou en vader-kind verhoudings nie net ekonomies en religieus georiënteerd was nie, maar dat daar ook 'n sterk emosionele kwaliteit daaraan verbode was.

Dit blyk dus dat die aard van die man se rol as eggenoot en vader tydens die sestiende en vroeë sewentiende eeu 'n Janusgesig gehad het - enersyds streng outoritêr en andersyds liefdevol-aflekkief. Die tydperk wat hierop volg tot en met die vroeë agtiende eeu, verteenwoordig 'n voortsetting van hierdie dualistiese aard van die rol van die man-vader, alhoewel daar weereens 'n belangrike klemverskuiwing plaasgevind het.

2.4.2 Die rol van die man-vader in die laat sewentiende en vroeë agtiende eeu

Binne die gees van die Renaissance, wat in hierdie tydperk sy hoogtepunt bereik het, het 'n nuwe waardesisteem ontwikkel wat 'n indringende impak op die algemene sosiale denke van die samelewing uitgeoefen het. Hierdie sogenaamde Aufklärung- of Verligting-waardes het hoofsaaklik twee belangrike kenmerke getoon, waarvan die eerste 'n *antagonistiese ingesteldheid teenoor outoriteit* was. Hierdie houdingsingesteldheid het aanleiding gegee tot die ontwikkeling van die geïndividualiseerde mens - 'n mens wat op grond van sy/haar eie redelike en sedelike vermoëns 'n persoonlike stellingname geformuleer het (Kooy, 1970:74). Weens die feit dat die mens die outoriteit van die kerk en godsdiens in die algemeen nie meer as outonoom beskou het nie, het die ontwikkeling van individualisme dan ook hand aan hand met 'n toename in die voorkoms van sekularisering, geloop (Steyn *et al*, 1987:67).

'n Tweede kenmerk van die Aufklärung, wat ten nouste by die individualisme aangesluit het, is die beklemtoning van *rasionalisme*, of te wel die geloof in die verstand (Steyn *et al*, 1987:68). Hierdie twee kenmerkende aspekte van die Verligting het veral ook 'n invloed op die gesin en die rolle in die gesin uitgeoefen, soos wat dit veral in die werk van die sogenaamde humanistiese outeurs soos onder andere Erasmus, Locke, Rousseau, Hume en Voltaire na vore kom (Kooy, 1970:53; Stearns, 1991:37).

Die toenemende beklemtoning van hedonisme, die verbreekbare aard van huweliksbande en die voorkoms van sedeloosheid in die laat sewentiende en vroeë agtiende eeuse Europa het, volgens

Lynn (1974:67), aanleiding gegee tot 'n situasie waar "...in whole sections of society, fathers disappeared, abandoning wives and children. Divorce, illegitimacy and juvenile crime became commonplace."

Die voorkoms van die afwesige man-vader in hierdie tydperk hou volgens De Parseval en Hurstel (1987:65) verband met die feit dat die mag van die man in die gesin nie meer as onaantasbaar en 'n wet van die natuur beskou is nie. Dit staan veral binne die konteks van die oplewing in revolusionêre idees en gevoelens in hierdie tyd in Europa. Die daling, en selfs ontneming van die mag van die monarg het dus ook die magposisie van die man in die gesin laat kwyn - soos dit dan ook die geval volgens De Parseval en Hurstel (1987:65) in Frankryk was: "When it decapitated Louis XVI, the Republic effectively decapitated all the fathers of families..."

Volgens Kooy (1970:58) is dit egter belangrik om aan te dui dat die algemene sedelose lewensbestaan (en dus ook die voorkoms van die onbetrokke en afwesige man-vader) nie kenmerkend van die samelewing in die geheel was nie. 'n Landelik-stedelike onderskeid kan in hierdie verband getref word, waar die kerk steeds daarin geslaag het om die Christelike gesinsopvattinge in veral die landelike areas in stand te hou. Hierteenoor was die sekulêre bestaan en die waardes van die Verligting, veral in die gesinslewe binne die stedelike omgewing waarneembaar (Kooy, 1970:59).

Die impak van die Aufklärung was dus van 'n geringer mate in die landelike opset, alhoewel dit tog belangrike implikasies vir die regte van die kind en die daarmee gepaardgaande rol van die vader ingehou het. So beskryf Lynn (1974:66-67) dat: "Parents no longer loved their children because of the child's economic contribution to the family, instead parents supported their children because of their love."

Wanneer die rol van die man-vader in die pre-moderne era analities eerder as rolinhoudelik bespreek word, blyk dit dat die man-vader steeds die superieure, outoriteitsposisie beklee het en, in Parsoniaanse terme, nog primêr die instrumentele rol ten opsigte van sy vrou en kinders vertolk het.

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit dat alhoewel die mag van die man-vader in die laat sewentiende en vroeë agtiende eeu ingeperk is en dat talle mans hul gesinne verlaat en/of verwaarloos het, dat in gevalle waar die man wel sy rol in die gesin vervul het, dit veral aan 'n bykomende affektiewe kwaliteit gekenmerk is.

2.5. DIE ROL VAN DIE MAN IN DIE ERA VAN INDUSTRIALISASIE EN DIE POST-INDUSTRIËLE PERIODE (± 1750-1949)

Die tydperk van die Industriële Revolusie, die sosiale veranderinge en verstedeliking wat daarmee gepaard gegaan het, het 'n onmiskenbare impak op die gesin en die rolle in die gesin uitgeoefen. Dit is dus veral belangrik dat, wanneer die rol van die man-vader ondersoek word, die era 1750 tot 1920 onder die loep geneem moet word.

2.5.1 Die era 1750 tot 1920

In die tydperk net voor die grootskaalse manifestasie van die proses van industrialisasie, was daar 'n kort historiese periode waartydens daar weg beweeg is vanaf 'n hedonistiese lewensbeskouing van die sewentiende en vroeë agtiende eeuse samelewing, na 'n meer godsdienstige waardesisteem met die beklemtoning van die belangrikheid van konformering aan religieuse leerstellings. Binne hierdie Calvinistiese raamwerk is die outoritêre magposisie van die man-vader weereens bevestig (Lynn, 1974:69; Griswold, 1993:11).

Die beklemtoning van die patriargale sisteem het dan veral aanleiding gegee tot die totstandkoming van die sogenaamde Victoriaanse "paterfamilias" (McKee & O'Brien, 1982:18). Dié beskouing het by uitstek die man-vader as die persoon met die hef in die hand, beskryf. Hierdie beeld van die man-vader in die voor- en beginfase van die era van industrialisasie word veral goed in die woorde van Hamner & Turner (1985:24) beskryf: "After these first few months, child management was taken over by the father. Even though the child was under the mother's influence for such a short time, the father would have to severely correct the wickedness caused by the mother's overindulgence."

Met die verloop van tyd, nader aan die draai van die agtiende eeu, het daar weereens 'n drastiese verskuiwing in die samelewing en in die lewe van die gesinslede plaasgevind. Die ontwikkeling van nuwe waardestelsels binne die tydsgees van die Aufklärung het saam met die progressiewe vooruitgang op die wetenskaplike en tegnologiese terrein in die laat agtiende en negentiende eeu, gekulmineer tot 'n faktor wat op 'n ingrypende wyse die samelewing in die algemeen en die gesinslewe in die besonder beïnvloed het. Op die oog af blyk die Industriële Revolusie, wat primêr in die sewentientagties in Engeland geïnisieer is⁵, slegs 'n tegnologiese en ekonomiese omwenteling te wees. Die Industriële Revolusie het veel meer behels juis omdat dit ook omvattende omwentelings in die sosiale sfeer tot gevolg gehad het.

So het die proses van industrialisasie ook met die proses van strukturele differensiasie⁶ gepaard gegaan. Strukturele differensiasie het tot die totstandkoming van gedifferensieerde organisasies aanleiding gegee, waar aktiwiteite op 'n onafhanklike manier buite die konteks van die gesin begin uitvoer is (Smelser, 1966:35). Hiervan was die ontwikkeling van arbeid as 'n gedifferensieerde funksie die eerste en het dit aanleiding gegee tot die skeiding tussen die werksfeer en die huishouding. Daarna is, bo en behalwe hierdie ekonomiese funksie, ook ander funksies wat voorheen deur die uitgebreide gesin en verwantskapsisteem verrig is, geleidelik deur gespesialiseerde instellings soos die staat, die skool en die kerk oorgeneem.

Hierdie proses van strukturele differensiasie het nie net daartoe aanleiding gegee dat die gesin 'n struktuur met meer gespesialiseerde funksies geword het nie, maar dit het ook tot gevolg gehad dat die kerngesin wat voorheen in die wyer verwantskapsisteem ingebed was, nou onafhanklik van hierdie verwantskapsisteem begin funksioneer het. Omdat die kerngesin nie meer van die wyer verwantskapsisteem vir die uitvoering van belangrike funksies afhanklik was nie, het die kerngesin nie net ekonomies onafhanklik van die verwantskapsisteem geword nie, maar het hul

⁵Dit is egter belangrik om daarop te let dat die volle impak van die Industriële Revolusie verskeie dele van die westerse wêreld op verskillende tye bereik het. Só is die proses van industrialisasie eers teen die 1860s in die VSA geïnisieer (Gold, 1982:57), terwyl die tekens van hierdie omwenteling in Suid-Afrika eers na die ontdekking van diamante in 1867 en goud in 1886 sigbaar was (Gelderblom en Kok, 1994:68).

⁶*Strukturele differensiasie* word formeel deur Smelser (1966:35) gedefinieer as 'n proses waardeur een sosiale rol of organisasie in twee of meer rolle of organisasies differensieer, wat meer effektief in die nuwe historiese omstandighede funksioneer. Hierdie nuwe sosiale eenhede is struktureel van mekaar verwyder, maar is gesamentlik funksioneel ekwivalent aan die oorspronklike eenheid.

ook na 'n afsonderlike woning verhuis. Hierdie verandering in die gesinstruktuur staan as die *strukturele isolasie van die kerngesin* bekend (Cilliers, 1960:8).

Die algemene afname in die voorkoms van die korporatiewe huishoudelike ekonomie en die opkoms van die kommersieel-industriële wêreld kan direk met die ontstaan van die sogenaamde *ideologie van broodwinning*, in verband gebring word (Lamb, 1987:5). Binne hierdie raamwerk en binne die konteks van die geïsoleerde kerngesin, het die man die alleen-broodwinner en die finansiële versorger van die gesin geword, terwyl die ideaal van koesterende versorger aan die vrou toegeskryf is (Griswold, 1993:14). Die man-vader het dus sy superieure posisie in die gesin behou, omrede hy steeds, in die idioom van die ruilingsteorie, die grootste bedingingsmag in die gesin gehad het, in soverre hy sy loon/salaris op 'n gereelde basis in die gesinskoffers kon stort. Hierdie magposisie van die man in die kerngesin is verder versterk in soverre die gesin se status op die beroep van die manlike hoof van die gesin berus het (Steyn *et al*, 1987:83).

Weens die feit dat die man-vader nie meer sy ekonomiese rol binne die konteks van die huishouding verrig het nie, maar binne die sfeer van strukture buite die huis, was hy vir lang ure fisies van sy gesin verwyder en het dit met tyd daartoe aanleiding gegee dat hy van sy gesinslede geïsoleerd geraak het (Cilliers, 1960:47). Griswold (1993:42) is van mening dat hierdie geografiese verwydering van die man-vader tydens sy werksure nie net die huweliksverhouding (in die meeste gevalle negatief) beïnvloed het nie, maar dat dit veral die vader-kind verhouding was wat hieronder skade gely het. Alhoewel dit die lot van die meeste mans in al die ekonomiese klasse was, was dit by uitstek die ervaring van die man-vader in die werkersklas.

Alhoewel arbeidswetgewing onder andere die werksure per dag ter beskerming van die werknemer ingekort het, was die man steeds vir die grootste gedeelte van die dag uithuisig. Dit het dan veral aanleiding gegee tot die voorkoms van die sogenaamde *afwesige man-vader*, wat volgens Griswold (1993:33) toenemend 'n marginale posisie in die gesin begin bekleed het.

Aan die hand van die historiese analise van Lummis (1982:45) ten opsigte van die rol van die man-vader in Engeland tydens die Industriële Revolusie, blyk dit dat die fenomeen van die afwesige man-vader nie net op die man in die fabriek van toepassing was nie, maar dat vissermanne en mynwerkers ook van hul gesinne gealiëneer geraak het. Verder was dit ook nie

net die tendens in Engeland nie, maar is die verskynsel van die afwesige man-vader ook in ander lande opgemerk, soos in die geval van Swede (Hwang, 1987:118), die Verenigde State van Amerika (Griswold, 1993:13) en Suid-Afrika (Keyter, 1940:111).

Bo en behalwe die feit dat die man-vader weens werksgebonde redes geografies van die huis geskei was, is talle teoretici soos onder andere Lummis (1982:49), Stearns (1991:39) en Griswold (1993:42) van mening dat hierdie afwesige man-vader ook toenemend sy vrye tyd buite die grense van sy gesinsverhoudings bestee het. In hierdie opsig was die man meer geneig om tyd saam met sy portuurgroep eerder as saam met sy vrou en kinders deur te bring.

Dit is dan ook te verstane dat die reaksie van die samelewing in die algemeen asook die beskouing van akademië ten opsigte van die veranderende aard van die man-vader se optrede binne sy tradisioneel gedefinieerde rol, baie negatief gekleurd was. So is daar telkens, volgens Stearns (1991:39), in die literatuur van die jukstaposisie "slegte vader" teenoor "triomfantlike moeder" gebruik gemaak. Talle wetenskaplike studies en publikasies van hierdie tyd het dan ook veral die rol van die vrou-moeder beklemtoon, terwyl die rol van die man-vader in die gesin genegeer is (LaRossa en Reitzes, 1995:223). Volgens Griswold (1993:32) het hierdie beeld van "Motherhood [as] seen as a science, fatherhood a seldom discussed art" dan ook die publieke tipering van die rolle van die man en die vrou in die gesin geword - soveel so dat die man volgens Stearns (1991:42) hierdie afwesige man-vader sindroom geïnternaliseer het.

Saam met die toenemende beklemtoning van die rol van die vrou, en ten spyte van die feit dat haar ekonomiese posisie nie verbeter het nie, het die vrou se magsposisie in die huis, in die lig van haar man se afwesigheid, versterk. By implikasie is die man se posisie as leier, besluitnemer en dissiplineerder binne die konteks van die gesin ingekort (Moore, 1966:340).

Alhoewel dit belangrik is om daarop te let dat daar in hierdie era sosio-ekonomiese klasseverskille rakende die rol van die man-vader bestaan het, kan drie gemeenskaplike faktore ten opsigte van meeste mans geïdentifiseer word. So toon Griswold (1993:2) in hierdie verband aan dat alle mans in die eerste instansie oor 'n broodwinnerrol beskik het: "Despite men's differences, breadwinning has remained the great unifying element in fathers' lives. Its obligations bind men across the boundaries of colour and class, and shape their sense of self,

manhood and gender."

In die tweede instansie was dit die ervaring van meeste mans dat hul werk deur stremmingsvolle spanning gekenmerk is, veral weens die onbestendige aard van werksposisies in hierdie gegewe ekonomiese tyd. Griswold (1993:67) stel dit as volg: "...the vulnerability remained, and what breadwinning could give, breadlosing could take away."

In die derde instansie - in hierdie geval ten opsigte van die vader-kind verhouding - is hierdie era deur 'n gereserveerdheid en 'n verafstanding tussen vader en kind gekenmerk. Weereens kan die toedrag van sake hoofsaaklik aan die vader se afwesigheid weens sy betrokkenheid in die formele arbeidsmark toegeskryf word (Stearns, 1991:39, Griswold, 1993:42).

Akademie en populêre skrywers wat die gesinslewe van die jare twintig beskryf, dui aan dat, in vergelyking met die man-vader rol in die tydperk rondom die Industriële Revolusie, daar 'n duidelike verskuiwing plaasgevind het. Die vraag is dus wat behels hierdie verandering en wat kan as die antedeede faktor/e daarvan beskou word.

2.5.2 Die negentientwintiger jare

Die verandering wat tydens die negentientwintigs in die rolgedrag van veral die middelklas man-vader plaasgevind het, kan hoofsaaklik beskryf word as 'n toetreding tot 'n nuwe tydperk in die vader-kind verhouding. Juis daarom dat die tweede dekade van die twintigste eeu as sinoniem met die sogenaamde "nuwe vaderskap" beskou word (Griswold, 1993:6).

Dit is belangrik om die voorkoms van *die nuwe vaderskap* te kwalifiseer in die lig van die feit dat daar wel westerse lande tydens die negentientwintigs was waar die rol van die man-vader steeds as streng outoritêr beskryf kon word, met bykans geen betrokkenheid by die huishoudelike aktiwiteite van sy vrou en kinders nie. In hierdie opsig haal New en Benigni (1987:148) die Italiaanse man-vader as voorbeeld aan.

Dit wil egter tog voorkom dat daar wel 'n verskuiwing in die man-vader se rol in die meeste westerse lande plaas begin vind het. Hierdie nuwe vaderskap het volgens Stearns (1991:47) 'n

omwenteling in die verhouding tussen vader en kind teweeggebring, veral in soverre die vader toenemend meer tyd saam met sy kind begin deurbring het.

Hierdie beeld van vaderskap waar die man meer koesterend en affektief teenoor sy kind optree, beweeg dus toenemend nader aan die ekspressiewe rolkwaliteit - 'n aspek wat in die lig van die laat negentiende eeu as a-tipiese rolgedrag vir die man beskou is (Griswold, 1993:90). Drie faktore het 'n bydrae gelewer tot die ontwikkeling van hierdie nuwe model van vaderskap, wat deur sommige teoretici onder die sambreelterm *manlike huislikheid* geplaas is.

Die eerste van hierdie faktore was die toenemende uitbreiding van die invloedssfeer van die feminisme. Alhoewel die eerste stroom van die feminisme reeds in die agtiendertigs begin het, het dit veral 'n hoogtepunt in die negentientwintigs bereik. Teen hierdie jare was dit reeds 'n gevestigde aanname onder die feministe dat alvorens die vrou ware emansipasie kon beleef, haar man meer by die opvoeding en versorging van sy kinders betrokke moes raak (Griswold, 1993:6).

Tweedens het bykomende en wysigende wetgewing ook tot 'n herevaluasie van die rol van die vader bygedra. Die bekendste van hierdie wetgewing is die gesinswetgewing wat in Swede in 1921 gepromulgeer is. Dit het onder andere bepaal dat die man se omvattende regte rakende sy vrou, kinders en die huishouding ingeperk is en dat ouers gesamentlike voogdyskap oor hul kinders verkry het. Hierdie wetgewing het volgens Hwang (1987:119) aanleiding gegee tot die beklemtoning van gedeelde verantwoordelikheid van ouers ten opsigte van die opvoeding van hul kinders. In dieselfde tyd is wetgewing in die Verenigde State van Amerika ter tafel gelê wat die belange van die kind beskerm het, deurdat die staat as *parens patriae* verklaar is (Griswold, 1993:60). Ook in hierdie geval is ouers bewus gemaak van hul opvoedingstaak binne die raamwerk van die regte van die kind.

Die derde faktor wat tot die ontwikkeling van die nuwe vaderskap aanleiding kon gegee het, was die opkoms van 'n terapeutiese kultuur wat bygedra het tot 'n toename in die voorkoms van boeke, werksinkels, radioprogramme en adviesrubrieke in koerante wat op ouerskap- (en spesifiek dan vaderskapleiding) gerig was. Hierdie kultuur het gespesifiseer dat algemene kennis en aanvoeling nie meer 'n toereikende gids vir goeie vaderskap was nie, maar dat vaders

van die ekspertkennis gebruik moet maak ten einde op hoogte te bly met tendense in navorsing ten opsigte van kinderontwikkeling (Griswold, 1993:103).

Talle bewyse (soos onder andere die bekende Patri-briewe in die Verenigde State van Amerika in die jare twintig en dertig) dui egter daarop dat die arbeidsverdeling ten opsigte van kinderopvoeding in die huisgesin allermins egalitêr van aard was (LaRossa en Reitzes, 1995:229). Dit beteken dat alhoewel die vader in die negentiendertigs meer by sy kind betrokke geraak het, die man-vrou verhouding steeds binne die tradisionele raamwerk geval het - met die man as die gedefinieerde hoof van die gesin. Die "manlike huislikheid", waarna in die voorafgaande paragrawe verwys is, kan dus in baie opsigte, volgens Griswold (1993:117), as konserwatief van aard beskryf word: "The new fatherhood rarely if ever questioned the traditional gender-based division of labour. Men would spend more time in the domestic sphere, but it remained women's domain."

Met die toetrede tot 'n nuwe dekade in die negentiendertigs, het die man-vader se rol weereens onder die soeklig gekom, veral in soverre ekonomies-historiese gebeure in die samelewing die man se identiteit as eggenoot en vader ten nouste geraak het.

2.5.3 Die negentiendertigs

Griswold (1993:159) is van mening dat die Groot Depressie van die negentiendertigs die verhouding tussen broodwinning, vaderskap en manlike identiteit blootgelê het. Werkloosheid, as sekerlik die mees prominente kenmerk van die Depressie, het aanleiding gegee tot die ineenstorting van die broodwinnerrol. Omdat hierdie rol as maatstaf gebruik is om die suksesvolheid van die man as versorger van sy gesin te meet, was dit die ervaring van talle werklose mans dat hulle in die primêre taak van hul lewens, gefaal het (Komarovsky soos aangehaal deur Griswold, 1993:147).

Dit was egter nie net in die Verenigde State van Amerika waar die werklose man-vader se bevraagtekening van sy eie identiteit tot die voorkoms van destruktiewe gedrag soos drankmisbruik, gesinsmishandeling en selfmoordneigings aanleiding gegee het nie (Griswold, 1993:146), maar die karakterswakhede, soos Albertyn en Rothmann (1932:153) dit uitdruk, van

die vader tydens die Armblankevraagstuk in Suid-Afrika, stem duidelik hiermee ooreen. Laasgenoemde twee outeurs is dan ook van mening dat die negatiewe aard van die man se reaksie op sy werklose status nie net die gesinslewe ondermyn het nie, maar dat dit in sommige gevalle die gesin verwoes het.

Dit blyk dus dat met die onvermoë van die man om sy verantwoordelikheid as broodwinner na te kom, die ervaring van 'n persoonlike verlies aan mag binne en buite die gesinskonteks 'n realiteit geword het. Dit is juis in reaksie hierop dat talle regerings van dié tyd werkskeppingsprogramme die lig laat sien het ten einde die man-vader se posisie as genereerder van 'n inkomste te herstel. In die proses is die man se magposisie herbevestig veral in soverre hierdie regeringsgeïnisieerde arbeidsmarkprogramme ten gunste van mans met betrekking tot formele indiensneming gediskrimineer het (Griswold, 1993:154).

Die bekendste van hierdie programme is sekerlik die "New Deal"-beleid wat deur die Roosevelt-administrasie in die VSA geïmplementeer is. Ook in Suid-Afrika was daar soortgelyke programme wat voortgespruit het uit die aanbevelings soos gemaak deur die Carnegie-kommissie ten opsigte van die Armblankevraagstuk. Dit het onder andere gelei tot die sogenaamde beskaafde arbeidsbeleid wat bepaal het dat voorkeur aan blanke manlike werkers in staats- en semi-staatsinstellings gegee moes word (Gelderblom en Kok, 1994:77).

Terwyl talle mans en hul gesinne wêreldwyd steeds in 'n oorlewingstryd as gevolg van die Groot Depressie gewikkel was, het die gebeure in die daaropvolgende dekade die gesin in 'n verdere dilemma geplaas, wat weereens die rol van die man-vader indringend beïnvloed het.

2.5.4 1939-1949

In die tydperk na die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in Europa is daar groot kommer uitgespreek oor die destruktiewe impak van hierdie oorlog op die algemene huweliks- en gesinskwaliteit (Burgess, 1942:343). Aspekte wat ontwrigtend weens die oorlog op die gesin ingewerk het, was onder andere migrasie, veranderende werkpatrone, behuisingstekorte, seksuele promiskuiteit en ongewenste swangerskappe (Griswold, 1993:167).

Ten spyte van die feit dat talle mans vir lang tye van hul gesinne weens oorlogvoering verwyderd was en dat die lewensomstandighede in veral die Europese lande in sommige gevalle haglik was, is teoretici van mening dat die magsposisie van die man-vader tydens die oorlogsjare, in vergelyking met die voorafgaande depressiejare, aansienlik verbeter het. Griswold (1993:162) meen dat hierdie verbeterde magsposisie veral toegeskryf kan word aan die grootskaalse herstel van die man-broodwinnerrol wat voortgevloei het uit die werkskeppende effek van die Tweede Wêreldoorlog. Die man-vader se identiteit as versorger en beskermer van sy gesin is dus tot 'n mate weer herstel.

Dit wil dus voorkom dat die arbeids- en magverdeling in die gesin steeds binne die tradisionele raamwerk plaasgevind het, ten spyte van die feit dat vroue op 'n grootskaalse wyse by aktiwiteite in die arbeidsmark tydens die oorlogsjare betrek is (Griswold, 1993:163). Die tydelike aard van hierdie arbeidsmarkdeelname van veral die getroude vrou-moeder was sigbaar in die jare na die Tweede Wêreldoorlog met die na-oorlogse terugkeer van die manlike arbeidsmag (Amott en Matthaei, 1991:132).

Talle teoretici en navorsers soos byvoorbeeld Philip Wylie het dan ook, volgens Griswold (1993:172), in hierdie na-oorlogse jare hul kommer uitgespreek oor die impak van die grootskaalse afwesigheid van die vader tydens die oorlogsjare op die persoonlikheidsontwikkeling van die kind. Die afwesige vader en die oorbeskermerende moeder kon binne hierdie raamwerk aanleiding gegee het tot 'n wanpersepsie by die kind van die posisie, rol en identiteit van die twee geslagte soos tradisioneel aan hul toegeskryf. Ten einde vir die sogenaamde "momism" te kompenseer, is daar in die na-oorlogse jare klem op die tradisionele geslagsrolsosialisering, met veral die man-vader as geslagsrolmodel vir sy seun, gelê (Lamb, 1987:5).

Die era van industrialisasie en die post-industriële periode soos bespreek tot aan die einde van die jare veertig, blyk dus in nabetrugting 'n tydperk te wees waar die rol van die man-vader telkens deur historiese gebeure en veranderinge in die algemene samelewingswaardes en -norme beïnvloed is. In hierdie opsig staan die "afwesige vader" as verskynsel, weens verskeie redes soos reeds bespreek, prominent as deel van hierdie tydperk.

Dit sal egter 'n eensydige blik op hierdie era wees indien slegs op die "afwesige vader" gefokus word. Soos aangedui in die werk van Atkinson en Blackwelder (1993:975), is dit duidelik dat in veral die afgelope eeu die rol van die man-vader gedurig tussen die twee pole *voorsienersrol* en *koesterende rol* beweeg het. Die tendens bestaan dus dat die tradisionele instrumentele rol van die man-vader tog ook, hoewel op 'n wisselende basis, ekspressiewe kwaliteite in die afgelope aantal dekades ten opsigte van sy vrou en kinders begin toon het.

In retrospeksie, blyk dit dat die posisie van die man-vader in die voorafbespreekte aantal eras in terme van sy mag binne die konteks van die gesin gefluktueer het. Daarmee saam het daar ook deur die eeue variasies rakende die intensiteit van die man se betrokkenheid by sy vrou, kinders en huishouding plaasgevind. Wanneer analities na die rol van die man-vader oor tyd gekyk word, is dit duidelik dat alhoewel sy rol kwalitatief-gesproke konsekwent as instrumenteel beskryf kan word, daar telkens in van die eras ook ekspressiewe kwaliteite in sy rol te bespeur was.

Die vraag wat gevolglik hieruit voortvloei, is in welke mate hierdie koesterende kwaliteit in die tweede helfte van die twintigste eeu as deel van die rolsamestelling van die man-vader na vore kom.

2.6. DIE VERANDERENDE GESINSROL VAN DIE MAN IN DIE MODERNE ERA

Die moderne era strek vanaf ongeveer 1950 tot die hede en kan beskryf word as die tydperk waarin daar progressief wegbeweeg is vanaf die huweliksmodel van die man as alleenbroodwinner en die vrou as tuisteskepper na ander gesinstipes soos onder meer die dubbelinkomstegesin. Hierdie verandering, wat primêr deur die toenemende betrokkenheid van die getroude vrou in die formele arbeidsmark, teweeggebring is, het verreikende implikasies ten opsigte van die rol van die man-vader in terme van 'n aantal aspekte ingehou (Gerson, 1993:5). Die eerste hiervan is die wysiging in die rol van die man binne die man-vrou verhouding.

2.6.1 Die man-vrou verhouding

Die huweliksverhouding kan as een van die belangrikste diades in die samelewing beskou word. Dit is dus te verstane dat veranderings-elemente in die algemeen binne die konteks van die moderne Westerse gesin, die man-vrou verhouding ten nouste sal raak. Die veranderende rol van die man-vader, soos dit in verhouding tot dié van sy vrou staan, kan veral in terme van drie verbandhoudende aspekte bespreek word, naamlik die magsverhouding, huishoudelike arbeidsverdeling en dié van wedersydse emosionele steun, al dan nie.

(i) Die magsverhouding

Alvorens 'n ontleding van die patrone van *mag* in die gesin gemaak kan word, is dit belangrik dat die multidimensionele aard van hierdie konsep uiteengesit moet word. *Mag* in die gesinsopset - wat as die potensiële vermoë van een eglid om die gedrag van die ander eglid te beheer, gedefinieer kan word (Blood en Wolfe, 1960:11) - sluit ook die volgende drie konsepte in: Die eerste van hierdie konsepte is *gesag* wat, in Weberiaanse terme, as gelegitimeerde mag gedefinieer kan word. Dit impliseer dus dat een van die egliede die gesagsposisie beklee omrede beide egliede hierdie toedrag van sake as reg en goed beskou. Dit loop gewoonlik ook hand aan hand met die kulturele en sosiale norme van die bepaalde samelewing wat die betrokke eglid (gewoonlik die man) met die gesag beklee (Steyn *et al*, 1987:227).

'n Tweede konsep wat met mag verband hou is *invloed*. Invloed verwys, volgens Safilios-Rothschild (1970:540), na die graad waartoe formele en informele, overte en kovert druk deur een eglid op die ander suksesvol uitgeoefen word, ten einde die ander eglid se siening ten opsigte van 'n besluit te beïnvloed. Die derde konsep wat hier ter sprake kom, is *besluitneming*. Besluitneming word baie keer as maatstaf gebruik om die magsverspreiding in die huwelik te meet, aangesien 'n eglid se reg om bindende besluite te neem outoriteit impliseer (Steyn *et al*, 1987:227). Dit is dus noodsaaklik dat wanneer daar na mag in die gesin verwys word, al hierdie genoemde dimensies in ag geneem moet word.

Tradisioneel het die magsverdeling in die gesin nie net op grond van die generasieskeiding tussen ouer (veral vader) en kind plaasgevind nie, maar is mag ook verskillend aan die

volwassenes in die gesin, op grond van geslag, toegeskryf. Alhoewel hierdie magsverspreiding oor die eeue 'n variërende kwaliteit aangeneem het, is dit duidelik dat in meeste samelewings die man as superieur en die vrou as inferieur, binne sowel as buite die gesinskonteks, beskou is.

Navorsing oor mag, as 'n belangrike faset van huweliksrolle, toon aan dat die magsverhouding oor die afgelope aantal dekades toenemend verandering ondergaan het. Binne die konteks van die gesin het die magsverspreiding verskuif vanaf die dominante manlike magstoeseëging na 'n meer gelyke magsbalans. Hierdie verskuiwing kan veral met veranderinge in die breër samelewingsopset, soos die verval van die belangrikheid van die tradisionele verwantskapstrukture en die opkoms van die struktureel geïsoleerde kerngesin, in verband gebring word. Gerson (1993:266) stel dit as volg: "...even the most "traditional" men have confronted new pressures to change and new challenges to their authority. These developments have undermined men's capacity and desire to dominate completely."

Ten einde die verskuiwing in die magsverspreiding in die huwelik te verklaar, beroep teoretici hul veral op die beheer oor bronne-teorie van Blood en Wolfe (1960:12) en die ruilingsteorie van Heer (1963:158). Soos vanuit die hierdie teorieë blyk, is die egliede se magsposisies nie net op tasbare bronne, soos geldelike inkomste gebaseer nie, maar speel aspekte soos beroepstatus, opvoedkundige peil, sosiale posisie in en deelname aan organisasies eksterne tot die gesin, toegang tot skaars inligting en die beskikking oor bepaalde vaardighede (byvoorbeeld besluitnemingsvaardighede), ook 'n belangrike rol in die bepaling van die magsbalans in die huwelik (Collins en Coltrane, 1995:394; Gelles, 1995:217). Benokraitis (1996:274) beklemtoon in hierdie lig liefde as belangrike bron van mag in die huwelik. Dit sluit aan by die liefde-behoefte-teorie van Safilios-Rothschild (1970:549), wat daarop dui dat die eglied wat relatief minder affeksie jeens die ander eglied toon, en minder afhanklik van hom/haar is, waarskynlik oor die meeste mag sal beskik.

Alhoewel hierdie teorieë oor tekortkominge beskik en nie in alle opsigte magspreiding kan verklaar nie, bied dit nogtans 'n meer verhelderde blik op die moontlik antesedente faktore vir die verandering wat in die dominansiepatrone in die moderne Westerse gesin plaasgevind het. Op grond van hierdie teorieë kan die getroude vrou se verhoogde magsposisie dus deels toegeskryf word aan die feit dat sy, weens haar beroepsdeelname, finansiële minder afhanklik

van haar eggenoot geword het en dat sy nou in 'n beter bedingingsposisie in die huwelik staan.

Samevattend kan gestel word dat die posisie van die vrou in die afgelope dekades, relatief tot dié van haar man in mag toegeneem het en dat sy beslis 'n groter bydrae tot die besluitnemingsproses in die gesin begin lewer het. Ten spyte van die feit dat die man nog steeds in die algemeen die dominante posisie in die gesin beklee, kan daar met reg van die toenemende ontwikkeling van *kameraadskap en demokratiese verhoudings* in die Westerse gesin gepraat word. Hierdie meer egalitêre huweliksverhouding impliseer egter ook vanuit die perspektief van die man dat hy sy selfbeeld en sy rolidentiteit as eggenoot en vader moet herevalueer en herdefinieer. Dit kom veral onder andere in die woorde van Gilbert (1985:10) sterk na vore: "For many men, then, women's increasing power and more egalitarian roles involve more than a question of sharing prestige, status, and authority with women. The male partner in a...marriage...may well have to revise his self-image and find new sources for his self-esteem and masculinity."

Wat die man-vrou-magsverhouding binne die Suid-Afrikaanse konteks betref, het Viljoen en Steyn (1996:74), in hul studie ten opsigte van die waardes wat die kwaliteit van die gesinlewe van Blankes en Kleurlinge onderlê, gevind dat die vrou ook in Suid-Afrika toenemend 'n beter magposisie in die huwelikskonteks begin inneem het. Hierdie twee navorsers het dan ook 'n aantal patrone ten opsigte van die magposisie in die huwelik geïdentifiseer.

Die eerste patroon waarna verwys word, naamlik die mandominante patroon, waar die vrou 'n duidelik gedefinieerde inferieure posisie beklee, kom in 'n baie geringe mate onder die blanke bevolking voor en word merendeels onder die laer klas kleurlingroepe aangetref (Viljoen en Steyn, 1996:75). 'n Tweede magspatroon wat duidelik na vore tree, is dié waar die man as hoof van die gesin beskou word, maar waar die vrou se mening tydens besluitneming in die huwelik wel as belangrik geag word. Die vrou word dus nie as 'n nie-persoon in die huwelik beskou nie, maar speel 'n aktiewe rol in die "bestuur" van die gesin. Dit is egter belangrik om daarop te let dat, ten spyte van die vrou se groter aandeel in die besluitnemingsproses, die finale besluit nog steeds by die man berus (Viljoen en Steyn, 1996:76).

'n Patroon wat by die bostaande aansluit, is dié waar die man nog steeds as die hoof van die gesin beskou word, maar waar daar nie 'n duidelik omlynde konseptualisering van die begrip "hoofskap" in die gesin bestaan nie. Viljoen en Steyn (1996:77) verwys in hierdie verband daarna dat die hoofskap eerder 'n houding van erkenning teenoor die man is, as wat dit in die daaglikse optrede van die gesin realiseer. Die laaste patroon behels die bestaan van 'n egalitêre magsverhouding tussen die man en die vrou. In hierdie opsig word alle besluite in die gesin gesamentlik deur die man en die vrou geneem en in die lig van die feit dat die huwelik as 'n vennootskap gedefinieer word, is daar geen sprake van 'n superieur-inferieur magsverdeling tussen die man en die vrou nie (Viljoen en Steyn, 1996:77). Alhoewel daar met reg van die vrou se verbeterde magsposisie gepraat kan word, blyk dit tog dat die man nog steeds oor die meeste mag in die gesin beskik.

Die man-vrou verhouding in die moderne era het egter nie net weens die man-vader se verlies aan en die vrou-moeder se verkryging van mag binne die gesinskonteks 'n verandering ondergaan nie. Navorsers het ook 'n verdere dimensionele verandering wat met die rol van die man-vader in verband gebring kan word, geïdentifiseer, naamlik dié rakende die man se deelname aan die huishoudelike take.

(ii) Rolallokasie met betrekking tot huishoudelike take

Een van die belangrike aspekte rakende die geslagsrevolusie van die twintigste eeu is volgens Gerson (1993:5) die graadverandering wat in die man se deelname aan huishoudelike take na vore getree het. Wanneer die rolallokasie rakende huishoudelike verpligtinge onder die loep geneem word, is meeste teoretici soos onder andere Bott (1957:53) en Gerson (1993:325), dit eens dat hoofsaaklik drie patrone van rolverhoudings geïdentifiseer kan word.

Die eerste van hierdie patrone is die **gesegregeerde huweliksrolverdeling**, wat primêr behels dat die tradisionele rolverdeling in die huwelik, waar die klem op 'n differensiasie van die aktiwiteite tussen die twee egliede gelê word, aan die orde van die dag is (Bott, 1957:53). Sekere aktiwiteite word dus op 'n gesegregeerde basis uitgevoer met die man-vader wat hoofsaaklik die rol as broodwinner en die vrou-moeder die rol as versorger en tuisteskepper vertolk. Horna en Lupri (1987:54) verwys na hierdie rolverhouding as die komplementêre

huweliksrolverdeling.

Die *intermediêre huweliksrolverhouding* verskil van die bogenoemde in soverre hierdie rolstruktuur wel 'n duidelike verdeling tussen die man en die vrou ten opsigte van huishoudelike take behels, maar dat die allokering van hierdie take nie so rigied soos in die geval van die gesegregeerde rolverhouding is nie. Daar bestaan dus wel 'n mate van uitruilbaarheid van take (Bott, 1957:53).

Die derde rolverhouding is die *gesamentlike of simmetriese huweliksrolverhouding*. Binne hierdie patroon, in die woorde van Horna en Lupri (1987:55), vind 'n vereniging van die tradisioneel-afsonderlike wêreld van die man en die vrou plaas. Daar is dus byna geensins sprake van differensiasie ten opsigte van huishoudelike verpligtinge nie en die take word óf as 'n gesinseenheid gesamentlik uitgevoer óf onderling tussen die egliede uitgeruil. Hierdie rolpatroon word dan ook gewoonlik aan 'n kameraadskap- of vennootskapsverhouding tussen die man en die vrou gekenmerk en kan selfs 'n sogenaamde *regverdigheidskwaliteit* aanneem (Rachlin, 1987:188). Hierdie konsep dui op 'n inhoudelike kwaliteit wat die blote egalitêre rolverhouding in die huwelik transendeer.

Die gedagte van regverdigheid sluit ook by Weingarten (1978:147) se bespreking van die bestaan van 'n *interafhanklikheid* tussen die egliede, aan. Hierdie interafhanklikheid verwys nie net na die koöperasie tussen die man en die vrou binne die gesinkonteks nie, maar dui ook op die voorkoms van 'n plooibaarheid ten opsigte van die taakverdeling in die huishouding (Weingarten, 1978:149). Dit behels byvoorbeeld dat 'n eggenoot die inisiatief sal neem om onder andere 'n maaltyd voor te berei al is dit nie sy/haar beurt om die verantwoordelikheid daarvoor te neem nie. Hierdie plooibare gedrag is veral belangrik wanneer die ander eggenoot 'n besige en/of stresvolle situasie by die werk of elders beleef.

Gedurende die laaste drie dekades het daar dan ook 'n toename in die voorkoms van veral die intermediêre en gesamentlike huweliksverhoudings plaasgevind. Teoretici soos Gerson (1993:5) meen dat dit per implikasie beteken dat die man toenemend meer by die daaglikse huishoudelike verpligtinge betrokke raak. Dit kan weereens onder andere aan die getroude vrou se toenemende betrokkenheid in die arbeidsmark, toegeskryf word.

Ten spyte van die feit dat die man wel 'n groter betrokkenheid in die tradisioneel tipiese vroulike rolverpligtinge toon, is in navorsing bevind dat die werkende getroude vrou steeds die grootste lading van die huishoudelike take en kinderversorging dra (Cook, 1992:204; Wilkie *et al*, 1998:577). In hierdie verband toon Benokraitis (1996:266) aan dat navorsers by die "Families and Work Institute" in die Verenigde State van Amerika gevind het dat die vrou-moeder in die meeste dubbelinkomstegesinne meer as 32 uur per week aan huishoudelike take afstaan, terwyl die man-vader slegs 7 uur per week by die verrigting van huishoudelike verpligtinge betrokke is.

Blair en Johnson (1992:571) meen op grond van hul navorsing dat die huishoudelike take wat in die algemeen deur die man verrig word, oor die volgende kwaliteite beskik: (a) 'n duidelik-gedefinieerde begin- en eindpunt; (b) 'n ontspanningskwaliteit inherent tot die aard van die taak; en (c) 'n persoonlike diskresie ten opsigte van wanneer die take verrig behoort te word. In teenstelling hiermee is die vrou meestal verantwoordelik vir die take wat aan die teenoorgestelde kwaliteite gekenmerk kan word, naamlik take wat tydrowend van aard is en op 'n daaglikse basis verrig moet word.

Bo en behalwe die voorkoms van die sogenaamde huiswerkgaping wat tussen die egliede bestaan, kan daar ook volgens Gerson (1993:8) 'n geslagsgaping ten opsigte van die taakallokering geïdentifiseer word. Dit behels dat take in die huishouding steeds op grond van die tradisionele toesegging van sekere huishoudelike verpligtinge aan die onderskeie geslagskategorieë, geallokeer word. Hierdie toedrag van sake kom duidelik na vore in Maconachie (1992:116) se Suid-Afrikaanse navorsing ten opsigte van die huishoudelike taakverdeling van blanke getroude egpare. Sy het byvoorbeeld gevind dat, alhoewel die man in die afgelope aantal jare toenemend meer by die verrigting van huishoudelike verpligtinge betrokke geraak het, 'n geslagsasimmetrie, met die vrou wat "vroue-take" en die man wat "manstake" verrig, steeds 'n realiteit in die Suid-Afrikaanse dubbelinkomstegesin blyk te wees (Maconachie, 1992:116).

Soos in die bostaande paragrawe bespreek, beklemtoon navorsing wat in hierdie verband onderneem is, soos onder andere dié van Brayfield (1992:19) en Moen (1992:63), dat die steun wat die man ten opsigte van huishoudelike take bied, nog nie ten volle in die heersende sosialiseringstelsels van die meeste samelewings geïnstansionaliseer is nie. Die vrou is

gevolglik nog steeds verantwoordelik vir die take wat binne die kader van die huis verrig moet word.

Ten spyte van die feit dat die man-vader nog steeds, soos in die verlede, in vergelyking met sy vrou 'n laer mate van betrokkenheid by die verrigting van huishoudelike take toon, is meeste navorsers dit tog eens dat die man in die algemeen oor die afgelope aantal jare toenemend (hoe gering ookal) meer by tradisioneel-gedefinieerde vroulike huishoudelike aktiwiteite betrokke geraak het (McKee en O'Brien, 1982:9; Benokraitis, 1996:266).

Dit is egter nie net die man se groter betrokkenheid by die verrigting van huishoudelike verpligtinge wat as 'n verandering in sy rol binne die sfeer van die gesin geïdentifiseer kan word nie. Daar het ook 'n beklemtoning van die belangrikheid van sy emosionele ondersteuning ten opsigte van sy vrou, na vore begin kom.

(iii) Emosionele werk en ondersteuning

Tradisioneel was dit die vrou-moeder wat die rol van emosionele ondersteuner binne die konteks van die huwelik en die gesin vertolk het. Hierdie belangrike komponent van haar rolgedrag was in die verlede en in sommige gevalle vandag nog, volgens Erickson (1993:890), 'n verskuilde deel van haar algemene rolgedragpatroon, weens die somtyds onsigbare kwaliteit verbonde aan emosionele ondersteuning. Dit kan dus met reg as sogenaamde skadu-arbeid in die huwelik beskryf word.

Met die toenemende toetrede van die getroude vrou tot die arbeidsmark en die man se progressiewe patroon van betrokkenheid by huishoudelike en gesinsaktiwiteite, het meer en meer teoretici soos onder andere Lewis en Spanier (1979:281) die belangrikheid van resiprokale emosionele ondersteuning en interafhanklikheid as bepalende faktore in die waargenome huwelikskwaliteit, geïdentifiseer. Emosionele ondersteuning is dus nie meer eksklusief as deel van die (ekspressiewe) rol van die vrou gesien nie, maar die man se betrokkenheid by die handhawing van sy vrou se emosionele welsyn, het sterker na vore begin kom (Blood en Wolfe, 1960:218).

In hierdie verband meen Brannen en Moss (1992:118) dat die man-vader, eerder as om direk by die uitvoering van huishoudelike take betrokke te wees, toenemend op 'n simboliese wyse, by wyse van emosionele ondersteuning aan sy vrou, 'n bydrae begin lewer het. Thompson (1991:186) is byvoorbeeld van mening dat: "Such husbands give attention, if not assistance. For some women, it is enough to know that their husbands would help with family work if women really needed them to, even if they rarely do help out."

Erickson (1993:888) verwys na hierdie simboliese bydrae tot die huwelik as sogenaamde *emosionele werk*.⁷ Hierdie konsep verwys na die individu se poging om beide die eglied se emosionele welsyn te versterk sowel as om emosionele ondersteuning aan die huweliksmaat te verleen. Erickson (1993:900) operasionaliseer die konsep *emosionele werk* aan die hand van 'n aantal sigbare wyses waarop die man teenoor sy vrou optree. Dit sluit onder andere in die mate waartoe die man sy mees persoonlike gevoelens en gedagtes met sy vrou deel en die inisiatief in die inisiëring van huwelikskommunikasie neem.

Gray *et al* (1990:339) verskaf 'n stel addisionele voorbeelde wat die man se emosionele werk in die gesin illustreer. In hierdie verband word daar verwys na die man se bereidwilligheid om die gesinsbelange, veral ten tyde van gesinskrisisse, ten koste van sy beroep voorop te stel. Hy kan verder ook sy emosionele ondersteuning openbaar in terme van die begrip wat hy toon vir die rolise wat in beide die beroep- en gesinsfere aan sy vrou gestel word (Gray *et al*,1990:340).

Wat die veranderende rol van die man in die gesin ten opsigte van die man-vrou verhouding betref, blyk dit dat die man toenemend sy rol as eggenoot begin herevalueer en -definieer het. Dit is veral sigbaar in die voorkoms van 'n meer egalitêre magsverhouding tussen die egliede, die man se groter betrokkenheid by die uitvoering van (tradisioneel vroulike) huishoudelike verpligtinge, asook die man se toenemende emosionele ondersteuning van sy vrou. Die rigiede differensiasie tussen instrumentele en ekspressiewe rolle soos deur Parsons (1955) uiteengesit, het die afgelope dekades geleidelik plek gemaak vir 'n groter mate van buigbaarheid in die huweliksrolle - met die gevolg dat huwelike toenemend, in die woorde van Hall en Hall

⁷Weens die gebrek aan 'n leksikaal-ekwivalente Afrikaanse term, word Erickson (1993:888) se konsep *emotion work* met *emosionele werk* vertaal.

(1979:20), 'n proteïese kwaliteit begin aanneem het.

Die rol van die man binne die gesinskonteks het egter nie net in terme van die man-vrou verhouding verander nie. As gevolg van 'n toename in die belangstelling van navorsers ten opsigte van die vaderrol, het talle studies ook 'n verandering, veral sedert die negentiensewentigs, in die vader-kind verhouding aan die lig gebring.

2.6.2 Die vader-kind verhouding

In die afgelope aantal jare het toenemend meer teoretici oor die aard van die vader-kind verhouding begin besin soos dit dan ook uit die volgende aanhaling van Griswold (1993:244) blyk: "...fatherhood of recent decades has become a kaleidoscope of images and trends, a sure sign that it has lost cultural coherence...Buffeted by powerful demographic, economic and political changes, fatherhood...is now fraught with ambiguity and confusion. Not so surprisingly, so, too, are the fathers themselves."

Daar moet egter, volgens Daly (1993:510), daarop gelet word dat, indien 'n studie van die verandering van die "kultuur" van vaderskap (die gedeelde waardes, norme en gelowe rakende die man se ouerskapsrol en -praktyke) gemaak word, die gedragskomponent verbonde aan vaderskap nie noodwendig met die kulturele veranderinge ten opsigte van hierdie rol, in passing is nie. LaRossa (1988:451) is dan ook van mening dat, op grond van 'n historiese oorsig van die rol van vaderskap, die volgende aanname gemaak kan word: "The culture of fatherhood has changed more rapidly than the conduct [of fatherhood]".

Inaggenome die bostaande perspektief op vaderskap, is dit dus belangrik dat wanneer daar onder andere na die sogenaamde "afwesige vader" en "die nuwe vaderskap" verwys word, die verandering in die kultuur van vaderskap nie noodwendig met die werklike gedrag van vaders korreleer nie.

(i) *"Die afwesige vader"*

Na die Tweede Wêreldoorlog, veral tydens die negentienvyftigs, het navorsers weereens hulle navorsing op die prominente voorkoms van die "afwesige vader" toegespits. Anders as in die geval van die afwesige vader tydens die oorlogsjare, soos in paragraaf 2.5.4 bespreek, was die vader tydens die sogenaamde "Baby Boom"-era uit hoofde van sy deelname in die formele arbeidsmark vir baie ure van die dag van sy gesin geskei gewees (Griswold, 1993:187).

In hierdie na-oorlogse era moes veral die getroude vrou haar deelname in die arbeidsmark ter wille van die teruggekeerde manlike arbeidsmag prysgee. 'n Hernieude beklemtoning van die vrou-tuisteskepper en die man-broodwinner rolle het in die proses weer na vore getree en het hierdie man-vader se rol as voorsiener, volgens Cohen (1987:58), as't ware die man se primêre *gesinsrol* geword. Die man-vader se werk- en gesinsrolle het dus oorvleuel en in soverre hy in die rol as voorsiener gefaal het, het hy ook in sy rol as man, eggenoot en vader misluk. Dit wil dus voorkom dat die man-vader se sukses in sy gesinsrolle gemeet is aan dít wat hy buite die grense van die gesin vir die gesin gedoen het (Cohen, 1987:58). Hierdie benadering kan ook in die woorde van Parsons (1942:607) gesien word: "It is of fundamental significance to the sex role structure of the adult age levels that the normal man has a "job" which is fundamental to his social status...it is perhaps not too much to say that only in exceptional cases can an adult male be genuinely self respecting and enjoy a respected status in the eyes of others if he does not "earn a living".

Hierdie fisiese afwesigheid van die vader as gevolg van sy werksverpligtinge is egter nie beperk tot die na-oorlogse jare nie, maar kan vandag nog in baie gesinne geïdentifiseer word. Ook raak dit werkende mans oor alle sosio-ekonomiese klasse heen. So byvoorbeeld beklee die man-vader in die laer sosio-ekonomiese klas merendeels 'n gerotineerde of fisies veeleisende (bloukraag)werksposisie, wat baie keer nie net 'n lang formele werksdag eis nie, maar hy word ook soms finansiël verplig om oortyd en naweke te werk. Sodoende bring hy relatief min tyd saam met sy gesin deur (Lynn, 1974:7).

In die middel- en die hoë sosio-ekonomiese klasse is die vaders in baie gevalle nie net weens hul werkverpligtinge vir lang ure van hul gesinne geskei nie, maar staan hulle ook gewoonlik

baie tyd af aan die pendel tussen woning en werksplek (Lynn, 1974:6). *Vaderdeprivasie*, die term wat Biller (1995:72) gebruik wanneer hy na die gesinsituasie verwys waar die vader "afwesig" is, dui egter nie net op die fisiese afwesigheid van die man-vader nie, maar kan ook 'n aanduiding van die man-vader se afwesigheid op 'n sielkundige vlak wees. Dit beteken dat die man-vader wat veral 'n bestuurs- en/of professionele beroep - of 'n sogenaamde gulsige beroep - beklee, uit hoofde van die veeleisendheid in terme van die verbintenis tot en die preokkupasie met die inhoud van die beroep, baie keer deur sy gesinslede as "afwesig" beskou word ten spyte van die feit dat hy wel tuis is.

Die poging om die moontlike impak van die verskynsel van die "afwesige vader" op die gesin, te identifiseer, het daartoe aanleiding gegee dat 'n debat onder talle navorsers ontstaan het. Navorsers soos onder andere Shapiro, Diamond en Greenberg (1995:7) is van mening dat die vader se langdurige afwesigheid negatiewe gevolge vir sy kinders kan inhou, veral in soverre sy kinders sonder 'n toepaslike vadermodel groot word. Dit skep 'n sogenaamde vaderhunkering by die kinders as gevolg van die gebrek aan 'n betekenisvolle vader-kind verhouding (Biller, 1995:73; Shapiro *et al*, 1995:8). Dit mag verder aanleiding gee tot 'n negatiewe impak op die kind se selfbeeld, portuurgroepverhoudings, skoolprestasie, psigo-sosiale aanpassing en geslagsrolidentiteit (Biller, 1995:74).

Ander navorsers meen egter dat hierdie siening 'n oorveralgemening van die realiteit is en dat die genoemde negatiewe impak op die kind die gevolg van 'n kombinasie van faktore is, eerder as wat dit slegs deur die "afwesigheid" van die vader *per se* veroorsaak is. In hierdie opsig noem Lamb (1995:31) dat die breër konteks van elke individuele gesin in aanmerking geneem moet word, alvorens 'n destruktiewe impak aan die verskynsel van die "afwesige vader" in alle situasies toegeskryf kan word.

Alhoewel navorsers dit nie eens is wat die aard van die impak van die "afwesige vader" is nie, is meeste navorsers asook die samelewing in die algemeen bekommerd oor die prominente voorkoms van gesinne waar die vader nie 'n integrale deel van die daaglikse gesinslewe uitmaak nie.

Dit was juis ook binne die konteks van hierdie sentiment dat *aktiewe vaderskap* toenemend as die maatstaf begin gebruik is om "goeie vaders" mee te meet (Lamb, 1987:6). Die middel negentiensewintigs en vroeë negentientagties staan bekend as die tydperk waartydens die nuwe vaderskap weer duidelik op die voorgrond begin tree het (Griswold, 1993:7). Hierdie tweede golf van die nuwe vaderskap verskil van dié tydens die negentientwintigs, in soverre dit baie meer vlakke van die man-vrou en die vader-kind verhouding raak en deur 'n groter verskeidenheid van mans in die samelewing uitgeleef word.

(ii) *Die nuwe vaderskap*

Die nuwe vaderskap wat volgens Lamb (1987:6) gesien kan word as die toenemende graad van betrokkenheid van vaders by die ontwikkeling, versorging en troeteling van hul kinders, het die afgelope tien tot twintig jaar in baie gesinne 'n realiteit begin word. Derhalwe het dit menige persoon in die akademie en in die algemene massamedia se aandag begin vasvang. Só is Atkinson en Blackwelder (1993:975) byvoorbeeld van mening dat die hedendaagse man-vader, met die behoud van sy rol as voorsiener, toenemend meer koesterende kwaliteite in sy rol as vader begin inkorporeer het. Eerder as om die gestereotipeerde tradisionele rolle van vader en moeder in die gesin te beklemtoon, word die fokus op geslagsongespesifiseerde ouerskap geplaas, waar albei ouers beide instrumenteel en ekspressief teenoor die kinders optree (Atkinson en Blackwelder, 1993:984).

Die kultuur van "die nuwe vader" word meer spesifiek deur Lewis en O'Brien (1987:1) gedefinieer as die man wat enersyds 'n hoë mate van koesterende gedrag teenoor sy kinders openbaar en andersyds meer by kinderversorging en huishoudelike take betrokke is. Die konsep wat Ritner (1992:i) gebruik om na hierdie tipe vader te verwys, is die aktief koesterende vader, en wat deur Garbarino (1993:54) soos volg uitgebeeld word: "It means developing new roles for fathers that better reflect the needs of children in this modern era of changed roles for mothers. It means restoring fathers to the lives of the many children who live without them."

Die toenemende voorkoms van die nuwe vaderskap kan veral toegeskryf word aan onder andere twee belangrike faktore. Die eerste hiervan is die *toename in die koers van getroude vroue* (veral vroue met afhanklike kinders) *wat die arbeidsmark betree het* (Griswold, 1993:223).

Gerson (1993:4) verwys in hierdie verband na statistiek rakende die getroude Amerikaanse vrou se toetrede tot die arbeidsmark: In 1955 was 22% van alle getroude vroue formeel in die arbeidsmark in diens geneem, terwyl die persentasie van werkende getroude vroue in slegs 35 jaar tot 58% in 1990, gestyg het. Só is ook gevind dat 61% in 1992 en 56% in 1993 van alle getroude vroue in onderskeidelik Kanada en Australië in die formele arbeidsmark betrokke was (Sears en Galambos, 1992:789; Edgar, 1997:4). Ook in Suid-Afrika kan hierdie stygende tendens waargeneem word, in soverre as wat 48,8% van die totale aantal blanke getroude vroue in Suid-Afrika, in 1991 formeel in die arbeidsmark betrokke was (Sentrale Statistiekdiens, 1992). Hierdie toename in die persentasie getroude vroue wat tot die arbeidsmark toetree, is volgens Barker (1995:44) nie net op blanke vroue van toepassing nie, maar is waarneembaar ten opsigte van vroue in al die bevolkingsgroepe in Suid-Afrika.

Naas die getroude vrou se toetrede tot die arbeidsmark, was die tweede faktor wat as impetus vir die ontwikkeling van die nuwe vaderskap gedien het, die *hernieude opkoms van feminisme* in die samelewing veral tydens die laat negentiensestigs en vroeë negentiensewentigs (Shapiro *et al*, 1995:5). So het die "National Organization for Women" (NOW), 'n liberale feministiese beweging, 'n belangrike persverklaring in 1970 ten opsigte van die rolle in die gesin uitgereik, naamlik dat die huwelik as 'n gelyke vennootskap, gekenmerk aan gedeelde ekonomiese en huishoudelike verantwoordelikhede, gesien behoort te word. Saam hiermee het hulle die rol van die vader beklemtoon, in soverre daar weg beweeg moet word van die "vergete" na die "nuwe" vader in die gesin (Thompson & Walker, 1995:857) - 'n vader wat in die verantwoordelikhede verbonde aan die versorging en opvoeding van die kinders, deel (Griswold, 1993:246).

Die beskouing dat die gesin 'n belangrike veld van studie is en dat die veranderende rol van die man, veral ten opsigte van die vader-kind verhouding, die aandag van navorsers behoort te geniet, was van die redes vir die inisiëring van studies wat veral op die betrokkenheid van die vader tydens die ontwikkelingsjare van die kind gefokus het.

Volling en Belsky (1991:462) verwys na Micheal Lamb se identifisering van drie komponente van betrokkenheid van die vader in die daaglikse lewe van sy kind. Hierdie drie komponente kan by wyse van drie konsepte saamgevat word, naamlik interaksie, toeganklikheid en verantwoordelikheid.

Interaksie verwys na die tyd wat die vader in 'n persoon-tot-persoon interaksiesituasie met sy kind deurbring. Dit sluit onder andere interaksie in tydens die voeding van die baba, die hulpverlening aan die skoolgaande kind ten opsigte van huiswerk en die gesamentlike speelaktiwiteite van vader en kind. Hierdie interaksie behels egter meer as slegs 'n oppervlakkige "besig wees" met die kind. Dit verwys eerder na die situasie waar die kind die volle aandag van die vader in beslag neem - 'n interaksiesituasie wat deur Lamb met die konsep "engagement" beskryf word (LaRossa, 1988:452).

Toeganklikheid dui op beide die tyd wat die vader aan ouerskapsverwante huishoudelike aktiwiteite afstaan en die tyd wat die vader in die nabyheid van die kind deurbring, sonder om direk met die kind in interaksie te wees. Dit behels die vader se potensiële beskikbaarheid om in aktiewe interaksie met sy kind te tree (LaRossa, 1988:452; Erickson en Gecas, 1991:117).

Verantwoordelikheid verwys na die mate van aanspreeklikheid wat die vader ten opsigte van die versorging en welsyn van sy kind aanvaar. Hierdie verantwoordelikheid sluit aspekte soos pediaterbesoeke, reëlings met kinderversorgingsagente en die aankoop van klere in (Volling en Belsky, 1991:462).

Alhoewel navorsers, volgens Erickson en Gecas (1991:118), bevind het dat vaders die grootste betrokkenheid by hul kinders in terme van interaksie toon, is hulle tog van mening dat die "nuwe" vader wel ook meer toeganklik vir sy kind is en meer verantwoordelikheid rakende kinderversorging op hom neem as wat die geval met vaders in vroeëre dekades was.

Ander navorsers het meer spesifiek op die vader se betrokkenheid tydens die verskillende fases van die ontwikkeling van die kind, gefokus. Die eerste hiervan verwys na die vader se betrokkenheid tydens die prenatale ontwikkeling van die baba.

(a) Die vader se betrokkenheid by swangerskap en geboorte

Daar kan in beide wetenskaplike en populêre literatuur 'n dramatiese toename in die belangstelling in vaders se betrokkenheid tydens swangerskap en by die geboorte van die baba bemerk word. Meer en meer navorsers fokus in hul studies rakende ouerskap op die

sogenaamde "pregnant father", "expectant father" of "father in labour" (Richman, 1982:92).

Dit was veral in Westerse lande tydens die middel negentiende eeu dat die sogenaamde natuurlike kindergeboorte-beweging vir groter betrokkenheid van die vader by die swangerskap en geboorte gepropageer het. Die vader se deelname aan prenatale opleiding het egter eers teen die negentiensestigste en negentiensewentigste sterk op die voorgrond begin tree, met die ontwikkeling van geboortevorbereidingsmetodes soos dié deur Ferdinand Lamaze en Grantly Dick-Read (Richman, 1982:91; May en Perrin, 1985:67).

May en Perrin (1985:72) dui daarop dat navorsers in die algemeen saamstem dat vaders se deelname aan prenatale opleidingsklasse nie net hul kennis oor die geboorte van hul kinders en vroeë swangerskap uitbrei nie, maar ook tot 'n verhoging in hul selfrespek en selfversekerheid aanleiding gee. Ook is gevind dat die man-vader se betrokkenheid by die swangerskap 'n positiewe impak op sy vrou se fisiese en geesteswelsyn uitoefen (May en Perrin, 1985:73). Hierdie ondersteuning en deelname van die man-vader aan die voorbereiding vir die geboorte van die baba, gee dan ook gewoonlik aanleiding tot 'n verhoging in die egpaar se waargenome huwelikskwaliteit. Vader-fetus gehegheidsgedrag tydens die swangerskapsperiode korreleer volgens May en Perrin (1985:73) positief met huweliksgeluk.

In die geval van die vader se fisiese teenwoordigheid by die geboorte van die baba, dui Richman (1982:94) aan dat daar toenemend meer hospitale en geboorteklinieke is wat vaders se deelname aan die geboorteproses verwelkom en die geboorte-omgewing só inrig ten einde die vader, as deel van die "span", te akkommodeer.

Die redes wat vaders vir hul teenwoordigheid by die geboorte van die baba gee, varieer tussen deelname ter wille van sy vrou en 'n intense begeerte om in die geboorte van hul kind te deel (Richman, 1982:101). Dit is ook belangrik om daarop te let dat die vader se *begeerte* om tydens die geboorte teenwoordig te wees, eerder as sy werklike teenwoordigheid, 'n groter impak op sy houding en gedrag teenoor die kind uitoefen. Dit is byvoorbeeld in soverre hy ná die geboorte van die baba aan die versorging van die kind deelneem en 'n belangstelling in hul kind se ontwikkeling toon (Nickel en Köcher, 1987:101).

Dit wil dus voorkom dat toenemend meer navorsers, in die woorde van Richman (1982:91), in dié verband beklemtoon dat: "Men may have a greater need to play a role in birth than had been realised. Childbirth may not be exclusively the domain of the female psyche." Dit blyk ook verder dat die man-vader die tradisionele moederskapsdomein tydens die eerste lewensjaar van die kind begin betree het.

(b) Die vader se betrokkenheid tydens die eerste lewensjaar van die kind

In die tradisionele gesin word die vader se betrokkenheid by die baba, indien hy wel so 'n houdingsingesteldheid en gedragspatroon openbaar, meestal daaraan gekenmerk dat hy eerder met die baba sal speel as wat hy by die fisieke versorging van hul kind betrokke sal raak (Jones, 1985:111). Die moeder word gewoonlik as die primêre persoon in die baba se lewe beskou, terwyl die vader die rol van sosiale interakteur in die teenwoordigheid van die moeder (Hanson en Bozett, 1987:334) en die rol van moederssubstituut in die afwesigheid van die moeder vertolk (Louw en Louw, 1990:228).

In die nie-tradisionele gesin waarbinne "die nuwe vaderskap" 'n realiteit geword het, blyk dit dat die vader, wanneer Lamb se drie komponente van vaderbetrokkenheid in gedagte gehou word, baie meer by die versorging en algemene welsyn van sy kind tydens die neonatale fase betrokke begin raak het. Bo en behalwe sy deelname aan speelaktiwiteite toon die "nuwe" vader ook 'n groter betrokkenheid by versorgingsaktiwiteite (byvoorbeeld voeding), kinderverwante huishoudelike aktiwiteite (byvoorbeeld die voorbereiding van bababottels) en die vertroosting van die baba (McKee, 1982:123; Nickel en Köcher, 1987:102).

Ritner (1992:75) is van mening dat sommige van hierdie "nuwe" vaders se houding en gedrag teenoor hul kinders met die woord *verdiepthed* ("engrossment") beskryf kan word. Dit verwys daarna dat die vader homself as 't ware in sy kind se bestaan en welsyn verdiep. Hierdie emosionele band tussen vader en kind word gekenmerk aan onder andere die volgende aspekte: die begeerte aan die toepaslike fisiese kontak met die kind, 'n verrukking van sinne in die teenwoordigheid van die kind en 'n toename in die vader se selfrespek gebaseer op die kind se welsyn (Ritner, 1992:76).

(c) Die vader se betrokkenheid tydens die kind se kleuter- en voorskoolse jare

Tradisioneel was die vader gewoonlik meer by die versorging en die doen en late van die kleuter betrokke as wat dit in die voorafgaande lewensjare van die kind die geval was. Nogtans was die tyd wat die vader met sy kind deurgebring het, veral weens rigiede werkskedules, ingeperk en is die vader-kind tydsbesteding hoofsaaklik deur speelaktiwiteite gekenmerk (Giveans en Robinson, 1985:136)

Toenemend meer navorsers soos Giveans en Robinson (1985:115) beklemtoon die feit dat die kleuterjare gekenmerk word aan "[a] tremendous power of early learning and its resistance to later alteration and extinction." - 'n tydperk waartydens die vader 'n belangrike inset behoort te lewer. Vanuit 'n leerteoretiese perspektief sal die "nuwe" vader in die nie-tradisionele gesin makliker daarin slaag om 'n minder stereotipiese en 'n meer egalitêre beskouing van geslagsrolle by sy kinders tuis te bring. Dit sal veral gebeur in soverre hy in sy rol as vader nie net as dissiplineerder nie, maar ook as koesterende ouer optree (Giveans en Robinson, 1985:128).

Giveans en Robinson (1985:133) en Nickel en Köcher (1987:104) beklemtoon in hierdie verband die belangrikheid dat daar ook voorsiening gemaak moet word vir die betrokkenheid van vaders, en nie net moeders nie, by ouer-kind-speelgroepe by kleuterskole en dagsorgsentrums. Op so 'n wyse kan daar onder andere 'n meer gebalanseerde geslagsrolidentiteit by die kind gekweek word.

Hierdie betrokkenheid van die vader by die formele opvoedkundige opleiding van die kind is veral ook belangrik wanneer die kind sy/haar primêre skoling begin.

(d) Die vader se betrokkenheid tydens die middelkinderjare

Wanneer die kind die middelkinderjare betree, wat volgens Louw (1990:325) vanaf om en by ouderdom ses tot twaalf jaar strek, en die kind vir die eerste keer skool toe gaan, beleef meeste gesinne 'n sogenaamde normatiewe krisis. Hierdie stremmingsvolle krisis is as gevolg van die feit dat hierdie periode gekenmerk word aan 'n wysiging in die rolle en verantwoordelikhede van die gesinslede juis omdat die kind 'n nuwe lewensfase betree het. Dit impliseer byvoorbeeld dat die vader se rol vanaf die organiseerder van ervarings na die mediator en gids in 'n breër sosio-kulturele konteks verskuif (Bradley, 1985:148).

In die tradisionele gesin word gewoonlik gevind dat die mate waarin die vader by sy laerskoolkind betrokke is, toenemend begin kwyn. In gevalle waar die vader in die tradisionele gesin wel by sy kinders betrokke is, is Hanson en Bozett (1987:334) van mening dat die vader meer tyd saam met sy seun as met sy dogter deurbring. Hierdie betrokkenheid van die vader by sy seun word dan ook gewoonlik aan meer instrumentele eerder as ekspressiewe kwaliteite gekenmerk.

Wanneer die vader wel die waardes van "die nuwe vaderskap" geïnternaliseer het, is dit volgens Bradley (1985:161) opmerklik dat hy gewoonlik geen voorkeurbehandeling in terme van sy tyd en aandag op grond van sy kinders se geslag openbaar nie. Hierdie groter betrokkenheid by die versorging van sy skoolgaande kinders kan meestal ook toegeskryf word aan die vrou-moeder se toetrede tot die formele arbeidsmark (Bradley, 1985:154).

Alhoewel die vader 'n begeerte openbaar om meer by sy skoolgaande kind betrokke te wees, is dit nie altyd vir hom moontlik nie. In hierdie opsig kan onder andere gelet word op die beperkings wat sogenaamde "gulsige korporatiewe beroepe" op vaderbetrokkenheid plaas. Hierdie beroepe maak dit byvoorbeeld baie moeilik vir vaders om hul kinders se sportwedstryde en kultuuraktiwiteite gedurende die dag by te woon.

Die mees potensieel problematiese fase in die vader-kind verhouding is in sommige gevalle die adolessentjare van die kind - 'n tydperk waartydens die sogenaamde generasiegaping sterk op die voorgrond tree (Martin, 1985:178).

(e) **Vaders en adolessente**

Volgens Hanson en Bozett (1987:334) kan die essensie van die vader-kind verhouding tydens adolessensie vasgevang word in die woord *identiteit*. Enersyds staan die adolessent te midde van 'n proses van sosio-kulturele, geslagsrol- en beroepsidentiteitsvorming (Thom, 1990:459) en andersyds poog die vader om belangrike vrae ten opsigte van hantering van sy middeljare en beroepsposisie te beantwoord (Martin, 1985:176). Dit is hierdie jukstaposisie van die adolessent op die drumpel van volwassenheid en die vader se besef van sy eie mortaliteit wat soms die teelaarde vir vader-kind konflik skep (Martin, 1985:178).

Hierdie komplekse verhouding tussen vader en adolessent kan veral problematiese afmetings aanneem indien die tradisionele vaderskapsrol - in terme van die vader as gesagsfiguur-broodwinner - gehandhaaf word. Martin (1985:178) verwys byvoorbeeld na die werk van Baranowski wat gevind het dat vaders, anders as in die geval van moeders, meer geneig is om outokraties teenoor hul kinders op te tree, juis in die tyd wanneer die adolessent 'n behoefte aan 'n groter mate van outonomie toon. Verder word die tyd wat die vader en die adolessent saam deurbring gekenmerk aan passiewe parallelle aktiwiteite soos onder andere om saam televisie te kyk (Hanson en Bozett, 1987:334).

Meer en meer teoretici soos Martin (1985:181) beklemtoon die belangrikheid van die vader se betrokkenheid tydens die sogenaamde moeilike tienerjare. Sy verwys onder andere daarna dat vaderlike affeksie 'n koesterende omgewing vir die adolessent skep waarbinne hy/sy meer gemaklik met portuurgroepde en hulle ouers in interaksie kan tree. Thom (1990:466) verwys ook daarna dat identiteitsontwikkeling by die adolessent bevorder word indien ouers (veral die vader) 'n meer demokratiese ouerskapstyl handhaaf en die ouer-kind verhouding aan wedersydse begrip en 'n gevoel van nabyheid gekenmerk word.

Die "nuwe" vader is dus 'n man vir wie 'n sterk ouer-kind verhouding van groot belang is, wat sy gewaarwording van sy eie lewensontwikkeling met sy kind deel terwyl hy die normale ontwikkelingsbehoefte van die adolessent respekteer (Martin, 1985:192).

In geheel beskou, wil dit dus voorkom dat vaders wat die waardes van "die nuwe vaderskap" aanvaar het, toenemend meer by die versorging en ontwikkeling van hul kinders betrokke begin raak het. Dit is egter belangrik om daarop te let dat Horna en Lupri (1987:67) daarop wys dat ten spyte van die vader se relatiewe hoë graad van betrokkenheid by sy kinders en deelname aan kinderversorging, dit nog steeds die vrou-moeder is wat die grootste deel van die take verbonde aan die versorging van die kinders behartig. LaRossa (1988:452) verwys in hierdie verband na navorsing wat bevind het dat moeders, ongeag hul beroepsstatus, vir tot 90% van die lading rakende kinderversorging verantwoordelik is.

Hierdie tendens is ook in Suid-Afrika te bespeur. Maconachie (1990:173) dui byvoorbeeld op grond van haar navorsing ten opsigte van blanke gesinne aan dat meer as 40% van alle vaders in

die steekproef aan die aktiwiteite verbonde aan kinderversorging deelgeneem het. In gevalle waar die vrou-moeder 'n voltydse beroepsposisie beklee het, het tot 60% van die mans in die verantwoordelikhede rakende kinderversorging gedeel. Nogtans blyk dit duidelik dat die vrou steeds die meeste verantwoordelikheid vir die versorging van die kinders dra en dat die man, in gevalle waar hy wel deelgeneem het, die rol as "helper" eerder as primêre versorger, vertolk het.

Wat die veranderende rol van die man in die gesin ten opsigte van die vader-kind verhouding betref, blyk dit dat die vader toenemend sy rol as ouer begin herevalueer en -definieer het. Dit is veral sigbaar in die feit dat meer en meer mans die belangrikheid van hul betrokkenheid by die dag-tot-dag lewens van hul kinders, besef. Ten spyte van die feit dat talle vaders nog steeds volgens die waardes van die tradisionele vaderrol optree, het daar tog 'n duidelike verskuiwing na die voorkoms van die "nuwe" vader plaasgevind. Die differensiasie tussen instrumentele en ekspressiewe rolle soos deur Parsons (1955) uiteengesit, het die afgelope aantal dekades geleidelik plek gemaak vir 'n groter mate van buigbaarheid in die ouerskapsrolle van beide man-vader en vrou-moeder.

2.7 SLOTBESKOUING



UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

Vanuit die historiese oorsig blyk dit dat daar oor die eeue heen 'n verandering (hoe gering ookal) in die man se konseptualisering van sy rolle as eggenoot en vader plaasgevind het. Hierdie verandering het veral tydens die afgelope twintig tot dertig jaar nog meer versnel. Alhoewel die man-vader, in Parsoniaanse terme, min van die instrumentele kwaliteite van sy gesinsrol prysgegee het, het hy veral sedert die laat negentiensestigs toenemend 'n meer ekspressiewe element in sy rolgedrag laat manifesteer. Die "nuwe" man-vader strewende nie net na die bevordering van 'n meer egalitêre huweliksverhouding, gekenmerk aan 'n magsbalans, 'n meer gelyke huishoudelike taakalokering en 'n wedersydse ondersteuning by wyse van emosionele werk, nie, maar toon ook 'n intense behoefte om meer by die opvoeding en versorging van sy kinders betrokke te wees.

In welke mate hierdie gesinstruktuur wat aan die verskuiwings in die man-vaderrol gekenmerk word, reeds in gesinne voorkom, is 'n vraag wat telkens gevra word. Die hoop wat talle navorsers en teoretici, soos onder andere Gerson (1993:289) en Griswold (1993:269) uitspreek,

is dat hierdie gesinstruktuur wél meer en meer in die toekoms in die samelewing sal realiseer. Goode (1982:1) stel hierdie sentiment as volg: "If we have little reason to conclude that equality is at hand, let us at least rejoice that we are marching in the right direction."

Die verandering wat die rol van die man ondergaan het, hou onder andere sterk verband met die opkoms van feminisme en die toenemende toetrede van veral die getroude vrou tot die formele arbeidsmark. Die vraag wat hieruit na vore tree, is in welke mate die veranderlikes wat met die voorkoms van die "nuwe" man-vader verband hou, spesifiek in die gesin waar beide egliede beroepsaktief is, gemanifesteer het. Hierdie vraag gee aanleiding tot talle vrae ten opsigte van die aard en voorkoms van die "nuwe" man-vader binne die konteks van die dubbelinkomstegesin - vrae wat spesifiek verband hou met die man se rolgedrag in die gesin waar sy vrou ook in die arbeidsmark betrokke is. Vrae soos onder andere:


- * Tot watter mate bestaan daar 'n verband tussen die man se beroepsverwante aktiwiteite en sy betrokkenheid by sy gesin?
- * Watter veranderlikes dra by tot die verhoogde voorkoms van die nuwe vaderskap in die dubbelinkomstegesin?
- * Wie is hierdie man in die dubbelinkomstegesin wat daartoe geneig is om die kultuur van die nuwe vaderskap te internaliseer?
- * As die man in die dubbelinkomstegesin die rol van die "nuwe" vader aanneem, wat is sy persepsie van sy betrokkenheid by sy kinders?
- * Wat is hierdie man se persepsie van sy verhouding met sy beroepsaktiewe vrou?
- * Tot watter mate steun die man in die dubbelinkomstegesin sy vrou emosioneel?
- * Bestaan daar 'n verband tussen die man in die dubbelinkomstegesin se persepsie van sy betrokkenheid by sy kinders en sy ervaring van huweliksintegrasie?

In die hierop volgende hoofstuk word die aandag gefokus op 'n aantal *moontlike veranderlikes* wat 'n rol mag speel in die mate waartoe die man in die *dubbelinkomstegesin* as eggenoot en vader 'n groter mate van betrokkenheid by die gesinslewe toon. In hierdie bespreking is dit nie net veranderlikes ten opsigte van die vader-kind verhouding wat onder die loep geneem sal word nie, maar sal daar ook op veranderlikes rakende die man-vrou verhouding gelet word. Hierdie veranderlikes sal ook telkens met die mate waartoe dit 'n invloed op die ervaring van huweliksintegrasie uitoefen in verband gebring word.

HOOFSTUK 3

DIE MAN SE PERSEPSIE VAN DIE UITLEWING VAN SY GESINSROLLE IN DIE DUBBELINKOMSTEGESIN EN SY ERVARING VAN HUWELIKSINTEGRASIE: MOONTLIKE VERANDERLIKES

3.1 INLEIDING



Today there is no single predominant road to manhood. Men have entered a no man's land, a territory of undefined and shifting allegiances, in which they must negotiate difficult choices between freedom and commitment, privilege and sharing, and dominance and equality. In the face of such upheaval, why do some men hold on to the breadwinner ethic, while others flee the responsibilities of parenthood, and still others involve themselves in family life more than men in earlier generations? What does it mean to be a man in a world where women are almost as likely as men to shoulder the responsibilities of supporting a family?

Kathleen Gerson (1993)

Die man wat homself op die drumpel van die een-en-twintigste eeu bevind, word konstant met teenstrydige samelewingsbeelde van die eggenoot- en vaderrolle gekonfronteer. Enersyds word die sogenaamde "vergeldende" man as norm voorgedou (Haralambos en Holborn, 1995:645) - 'n man wat die tradisionele rolbeskouing in die huwelik en gesin vooropstel, 'n man wat as hoof van die

gesin optree ten einde te verseker dat die gesin se voortbestaan, in die tradisionele sin daarvan, nie ondermyn word nie. Andersyds word die beeld van die "nuwe" man in die samelewing gepropageer. Hierdie man beskou sy rolomskrywing nie net om 'n inkomste te genereer nie, maar ook om by huishoudelike en gesinsbelange intiem betrokke te wees en hom te vereenselwig met 'n huweliksverhouding wat op kameraderie geskoei is (Daphne, 1998:27).

Hierdie twee (in sommige gevalle opponerende) beelde van die man se rol as eggenoot en ouer kan 'n gevoel van ambivalensie in die gemoed van die man teweegbring - 'n ambivalensie wat veral deur die man-vader in die *dubbelinkomstegesin* aangespreek moet word. Dit staan spesifiek in die lig van die talle dilemmas waarmee die dubbelinkomstegesin gekonfronteer word, wat uit hoofde van die veranderende rol van die vrou-moeder weens haar toenemende betrokkenheid in die beroepsfeer ontstaan het (Googins, 1991:23). Weens die feit dat hierdie dilemmas interverweef is, kan dit kulmineer in 'n intense belewenis van rolkonflik en -stremming. Hierdie toedrag van sake dien as basis vir die (klassieke) argument dat die dubbelinkomstegesin, weens die egliede se ervaring van rolorbelading, gekenmerk word deur 'n hoër mate van huweliks- en gesinsdisorganisasie.

Studies, wêreldwyd sowel as in Suid-Afrika, wat ten opsigte van die voorkoms van 'n werk-gesin-passing in die dubbelinkomstegesin gegenerer is, het primêr op die vrou se beroep- en huweliksituasie en h  ar belewenis van haar man se betrokkenheid by gesinsaangeleenthede gelet, terwyl die man se eie belewenis nie soveel aandag geniet het nie. Hierdie navorsing wat *vanuit die oogpunt van die vrou* ge  inisier is, fokus dan ook spesifiek op die werkende getroude vrou en haar persepsie van haar man se betrokkenheid in die dubbelinkomstegesin.

Die toename in die aantal getroude vroue met kinders wat tot die arbeidsmark in die afgelope aantal dekades toegetree het, het talle studies ten opsigte van die verband tussen die vrou se beroepsdeelname en die kwaliteit van haar gesinslewe, die lig laat sien. Die veranderlikes wat in hierdie verband geidentifiseer is, kan in twee groepe verdeel word, naamlik veranderlikes ekstern tot die gesin (wat hoofsaaklik op die vrou se belewenis van haar beroepsituasie fokus) en veranderlikes intern tot die gesin.

Die veranderlikes ekstern tot die gesin wat 'n moontlike impak op die vrou se belewenis van huweliksintegrasië uitoefen, sluit onder andere veranderlikes soos die volgende in: die motivering van die vrou vir haar deelname in die arbeidsmark (Fogarty *et al*, 1971:276), die vlak van haar beroepsbetrokkenheid en -ambisie (O'Neil en Greenberger, 1994:109), haar belewenis van die beroepsbevorderingsmoontlikhede en diskriminasie (Peitchinis, 1989:59) en haar ervaring van beroepsverwante stres (Sears en Galambos, 1992:789).

Die veranderlikes intern tot die gesin, wat met die werkende getroude vrou se ervaring van huwelikintegrasië verband hou, is veranderlikes wat hoofsaaklik fokus op die *vrou se persepsie* van haar man se betrokkenheid by 'n verskeidenheid van aspekte in die huwelik en gesin. Weens die feit dat talle studies juis die fokus op die werkende getroude vrou-moeder en haar belewenis van die dinamika van die dubbelinkomstegesin laat val, blyk dit dat wanneer die veranderende rol van die man-vader in die gesin ter sprake kom, baie navorsers hul ook op die perspektief van die vrou ten opsigte van haar eggenoot se rolgedrag, verlaat. Hierdie inligting wat ten opsigte van die vrou se persepsie van haar man se betrokkenheid rakende 'n aantal aspekte in die huwelik en gesin, ingewin is, kan as van kardinale waarde beskou word. Enersyds is dit van waarde vir die poging om 'n begrip van die veranderende rol van die man in die dubbelinkomstegesin te vorm, en andersyds om vas te stel wat die verband tussen die vrou se persepsie van haar man se gesinsdeelname en haar ervaring van huweliksintegrasië is.

Smit (1996:403) het byvoorbeeld in haar Suid-Afrikaanse navorsing ten opsigte van die huwelikintegrasië en beroepsatisfaksie van die blanke werkende getroude **vrou** by wyse van pad-analise veranderlikes wat 'n bydrae tot huwelikintegrasië in die dubbelinkomstegesin lewer, geïdentifiseer. In die uitvoering van die pad-analise is daar telkens vir die volgende gesinsverwante veranderlikes gekontroleer, naamlik: die vrou se ervaring van haar man se bydrae tot die verrigting van huishoudelike take; haar ervaring van sy betrokkenheid by die versorging van die kinders; haar ervaring van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik; en haar verbintenis tot groei in die huwelik. Die resultate van die pad-analise model waar huweliksintegrasië as endogene en beroepsbetrokkenheid as eksogene veranderlikes geneem is, het aangetoon dat indien daar vir die

gesinsverwante veranderlikes gekontroleer is, die partiële korrelasie tussen die vrou se ervaring van huweliksintegrasië en haar beroepsbetrokkenheid aansienlik verlaag het ($r = 0,3331$; partiële $r = 0,1687$). Hieruit kan afgelei word dat die gesinsverwante veranderlikes wel 'n bydrae lewer tot die voorkoms van 'n hoër korrelasie tussen die genoemde veranderlikes. Dus, in die geval waar dit die vrou se ervaring is dat haar eggenoot 'n bydrae tot die verrigting van huishoudelike take lewer; dat hy by die versorging van die kinders betrokke is; dat hy emosionele werk in die huwelik verrig; en waar die vrou 'n verbintenis tot groei in die huwelik toon, sal daar 'n toename in die verband tussen haar beroepsbetrokkenheid en haar ervaring van huweliksintegrasië plaasvind (Smit, 1996:404).

Die belangrikheid van die vrou se persepsie van haar man se betrokkenheid by gesinsverwante aangeleenthede word verder beklemtoon wanneer daar op die meervoudige regressiemodel vir die voorspelling van die vrou se ervaring van huweliksintegrasië gelet word. Smit (1996:402) dui in hierdie verband aan dat die vrou se ervaring van haar eggenoot se verrigting van emosionele werk in die huwelik die beste voorspeller vir huweliksintegrasië in die dubbelinkomstegesin is. Dit is in soverre die man se verrigting van emosionele werk 58,26% van die variasie in huweliksintegrasië verklaar ($R^2 = 0,5826$; $p < 0,05$).¹

Soos genoem, fokus hierdie veranderlikes primêr op die vrou-moeder se belewenis van haar man se betrokkenheid in die gesin, sonder om op die man se werklike gedrag en sy belewenis daarvan te let. Marsiglio (1995:13) is dan juis van mening dat een van die basiese metodologiese tekortkominge van sosiologiese navorsing rakende die rol van die man-vader, dié is dat te veel klem op die vrou-moeder se persepsie van haar man se houdings, ingesteldhede en gedrag ten opsigte van sy gesinsrolle, gelê word. Dit is dus van groot belang dat die vraag gevra moet word, wat die aard van die man-vader se belewenis van hierdie gesinsverwante veranderlikes is, en in welke mate dit 'n verband, al dan nie, toon met sy ervaring van huweliksintegrasië. Alhoewel daar 'n gebrek aan navorsing met betrekking tot die man se persepsie in die dubbelinkomstegesin bestaan, is daar wel

¹Sien Smit (1996) vir 'n meer gedetailleerde bespreking van die tussenkomende veranderlikes wat 'n mediërende impak op die verhouding tussen die vrou se arbeidmarkdeelname en haar belewenis van huweliksintegrasië kan uitoefen.

studies wat die siening van die man in die algemeen ten opsigte van huweliks- en gesinskwaliteit in aanmerking neem. Ten spyte van die feit dat die resultate van hierdie studies 'n algemene blik op die man se persepsie van en betrokkenheid by die gesin bied, sou dit ook op die dubbelinkomstegesin van toepassing gemaak kon word.

Weens die groot rol wat die egliede se beroepsdeelname in die dinamika van die dubbelinkomstegesin speel, is dit belangrik dat daar in hierdie verband heel eerste op die aard van die man se werk gelet moet word. Die fokus val dus op die moontlike verband wat tussen die veranderlikes in die man se beroepsituasie en die ervaring van huweliks- en gesinsintegrasie in die dubbelinkomstegesin bestaan.

3.2 VERANDERLIKES EKSTERN TOT DIE MAN SE GESIN: BEROEPSVERWANTE VERANDERLIKES

"A distinguishing characteristic of a wide range of new husbands is their ability to simultaneously do justice to their careers and personal life"

(DuBrin, 1976:88)

Tradisioneel-gesproke was die beroepswêreld tot vroeg in die twintigste eeu primêr as die domein van die man beskou. Uit hoofde van die man se deelname aan die arbeidsmark en sy meegaande fisiese afwesigheid en sielkundige preokkupasie met sy beroep, is die voorkoms van die "afwesige" man-vader vir baie gesinne dikwels onvermydelik gewees. Vir talle navorsers soos onder andere Biller (1995:73) en Shapiro *et al* (1995:8) hou hierdie verskynsel van die "afwesige" man-vader dan ook met 'n lae mate van huweliks- en gesinskwaliteit verband.

Verder, op grond van die toenemende fokus wat op die rol van die formele organisasie ten opsigte van werk-gesin-kwessies geplaas word, blyk dit dat die beroeps- en gesinsmilieu nie as twee geïsoleerde entiteite beskou kan word nie. Die resiprokale verhouding wat tussen die gesin- en beroepsfere bestaan, word alom deur navorsers in die studie van die gesin erken. Net soos spanning

vanaf die beroepsfeer na die gesin oorgedra kan word as gevolg van byvoorbeeld probleme wat die man in sy beroep beleef, so ook kan stremming wat as gevolg van huweliksprobleme ervaar word, die man se beroepsdeelname negatief beïnvloed (Forthofer *et al*, 1996:597). Hierdie stremmingsoordragproses kan veral problematiese afmetings binne die konteks van die dubbelinkomstegesin aanneem, waar beide egliede hulself in die arbeidsmark bevind (Paden en Buehler, 1995:101). Ten einde 'n begrip van hierdie wedersydse verhouding tussen die gesin en die beroep te vorm, is dit belangrik dat ter sake beroepsverwante veranderlikes onder die loep geneem moet word. Dit is veral van essensiële belang dat hierdie veranderlikes vanuit die perspektief van die man benader moet word, juis omdat die meeste navorsers die bestaan van 'n werk-gesin-passing, al dan nie, vanuit die ervaringswêreld van die werkende getroude vrou benader het (Teachman *et al*, 1994:415).

Twee vrae wat hieruit na vore tree, is: Eerstens, in welke mate oefen die veranderlikes wat met die man se beroepsfeer verband hou, 'n invloed op die huweliks- en gesinskwaliteit in die dubbelinkomstegesin uit? Tweedens, in welke mate bestaan daar 'n verband tussen die beroepsverwante veranderlikes en die mate waartoe die man by gesinsaangeleenthede betrokke is? Die eerste van hierdie beroepsverwante veranderlikes wat ter sprake kom, is die tipe beroep wat die man-vader beoefen.

3.2.1 Die tipe beroep wat beoefen word

Die tipe beroep wat die man beoefen kan 'n bepalende rol speel in die mate waartoe die latente huwelikstremming, voortspruitend uit die dubbelinkomstelewenstyl, 'n manifeste karakter in die huwelik aanneem. Indien die man 'n *gulsige beroep* beklee, is dit nie net hy alleen wat aan stremmende rolleise blootgestel word nie, maar kan die gesin in geheel ook (negatief) daardeur geraak word. Gulsige beroepe, as synde gewoonlik professionele beroepe, eis volgens Handy (1978:37) 'n hoë mate van beroepsambisie en -verbintenis van die individu. Hierdie beroepe oefen gewoonlik ook 'n suigkrag op die individu uit wat daartoe kan aanleiding gee dat na 'n dag se moeisame werk, die persoon min emosionele energie vir die eise van 'n gesinslewe beskikbaar het.

Professionele beroepe is nie die enigste beroepe wat as gulsig bestempel kan word nie. Bowen en Orthner (1991:196) en Pittman (1994:189) beskryf onderskeidelik in hul studies die weermag en die polisie diens as voorbeelde van gulsige beroepsfere waarby veral mans betrokke is. 'n Beroep in die weermag bring nie net mee dat die man as werknemer periodiek van sy gesin as gevolg van byvoorbeeld diensplig geskei word nie, maar verwag ook in sommige gevalle van hom om risiko's te neem wat sy lewe op die spel mag plaas. Hierdie gulsige eise wat aan die man en sy gesin gestel word, kan tot 'n verhoging in die ervaring van huwelikspanning aanleiding gee (Pittman, 1994:187).

Die geografiese skeiding tussen die man en sy gesin kom nie net in die weermag voor nie, maar kan ook weens die professionele aard van 'n beroep voorkom, soos byvoorbeeld die bring van werksverwante sakebesoeke aan ander stede. Gelles (1995:334) noem dat mans wat hulself in hierdie situasies bevind, gewoonlik rapporteer dat hulle dit as problematies ervaar om hul gesinsrolle uit te leef en gesinsverpligtinge na te kom - 'n toedrag van sake wat weer tot stremming in die huwelik en gesin aanleiding kan gee.

Ook in die geval waar die man by 'n bepaalde tipe werk betrokke is waar hoë druk met betrekking tot vereiste uitsette op hom geplaas word, kan spanning vanaf die beroepsfeer na die gesin oorgedra word. Hughes *et al* (1992:39) het gevind dat werknemers wat aan hoë druk vir die lewering van 'n bepaalde kwota en kwaliteit uitsette blootgestel is, met die kwalifikasie dat hulle 'n lae mate van ondersteuning van hul onmiddellike departementele/afdelingshoof ontvang, 'n hoë frekwensie van huweliksargumente beleef. Hierdie moontlike huwelikstremming kan onder andere aan die kompeterende beroeps- en gesinseise wat as gevolg van die hoë druk vir die lewering van uitsette ontstaan het, toegeskryf word (Hughes *et al*, 1992:40).

Dit is ook belangrik om daarop te let dat in die geval waar beide egliede in die dubbelinkomstegesin gulsige beroepe beklee, die probleme wat met hierdie tipe beroepe geassosieer word, nog meer indringend in die gesin beleef kan word. Indien die man en sy vrou mekaar ten opsigte van hul beroepe wedersyds ondersteun, sal hierdie gulsige eise wat hul beroepe aan hulle stel, nie noodwendig negatief op die huweliks- en gesinsverhoudings inwerk nie (Hughes *et al*, 1992:40).

Een van die prominente beroepseise wat met die tipe beroep verband hou, is die hoeveelheid tyd wat die individu aan die werksituasie moet afstaan - 'n aspek wat alle persone in die arbeidsmark, en derhalwe ook alle mans in dubbelinkomstegesinne, raak.

3.2.2 Die werkskedule en die aantal ure wat aan die beroep afstaan word

Die hoeveelheid tyd, gemeet in ure, wat 'n man aan sy beroep afstaan, word aan die sogenaamde *afwesigheidseffek* gekoppel. Nie net is hy fisies afwesig weens die geografiese skeiding tussen woon- en werksplek nie, maar hy kan ook volgens Small en Riley (1990:51) op 'n psigologiese vlak afwesig wees. Dít is veral as gevolg van die sielkundige absorpsie wat deur die beroepsposisie op die individu uitgeoefen kan word. Weens beide die fisiese uitputting en konstante kognitiewe werkspreokkupasie wat deur lang werksure meegebring word, het die individu gewoonlik minder energie om aan gesinsaktiwiteite deel te neem, wat gevolglik met negatiewe gevoelens in die gesin gepaard kan gaan (Moen, 1989:64).

Navorsers soos Piotrkowski *et al* (1987:256) en Gelles (1995:333) dui ook aan dat lang werksure met huweliks- en gesinskonflik geassosieer kan word. Hierdie toedrag van sake is veral kommerwekkend in die lig van Googins (1991:112) se bevinding dat getroude mans met kinders die langste ure werk van alle kombinasies van kategorië van man/vrou, getroud/ongetroud en ouers/nie-ouers. Atkinson en Huston (1984:330) is in hierdie verband van mening dat: "The more traditional the couple was in terms of their relative employment hours [where the husband had longer working hours in proportion to that of his wife], the less the husband, relative to his wife, was involved in female sex typed household tasks." Dit sluit by Moen (1992:65) en Pittman en Blanchard (1996:88) se stelling aan dat hoe meer ure 'n man aan sy beroep afstaan, hoe minder sal hy geneig wees om by die huishoudelike taakverpligtinge betrokke te wees. Dit is dan juis ook mans wat die kultuur van die nuwe manlikheid en nuwe vaderskap geïnternaliseer het wat hul ontevredenheid ten opsigte van die beperking wat hul lang werksure op hul gesinsbetrokkenheid plaas, uitspreek.

Verder meen Gelles (1995:334) dat die negatiewe verband tussen die man se werkskedule en huwelikskwaliteit gewoonlik na vore tree indien die man nie net kontraktueel-gebonde lang ure werk nie, maar ook nie-standaard skofwerkspatrone moet werk. White en Keith (1990:461) dui in hierdie verband aan dat skofwerk in die algemeen huwelikskwaliteit verlaag en die moontlikheid van egskeidings verhoog. Hierdie stelling word ook deur Moen (1989:110) onderskryf in soverre sy bevind het dat ongereelde skofwerk nie net 'n verlaging in die persoon se gevoel van welsyn meebring nie, maar dat dit ook tot 'n meer negatiewe evaluering van die huwelikslewe aanleiding kan gee.

Brayfield (1995:323) dui byvoorbeeld verder in hierdie verband aan dat vaders wie se werkskedules van so 'n aard is dat hulle naweke en nagskofte moet werk, minder daartoe geneig is om by die versorging van hul kinders betrokke te wees. Volgens Russell (1983:212) kan die rigiditeit van werksure as een van die belangrikste struikelblokke in die voorkoms van groter vaderbetrokkenheid (en eventueel die gelyke verdeling van kinderversorgingsaktiwiteite) beskou word.

Dit blyk dus dat die man se lang en ongereelde werksure 'n potensieële destruktiewe invloed op sy huweliks- en gesinslewe kan uitoefen. Tog is dit belangrik om daarop te let dat Piotrkowski *et al* (1987:260) in 'n meer positiewe lig bevind het dat die man se nie-standaard skofpatrone met sy groter mate van koesterende betrokkenheid by veral sy voorskoolse kinders geassosieer kan word, terwyl die vader wat kantoorure gedurende die dag werk eerder by die versorging van skoolgaande kinders betrokke is (Brayfield, 1995:330).

Bo en behalwe die man-vader se werkskedule, kan dié van die vrou-moeder ook met haar man se betrokkenheid by die versorging van die kinders geassosieer word. Aldous *et al* (1998:818) het onder andere in hul navorsing gevind dat hoe meer tyd die werkende getroude vrou aan beroepsverwante aktiwiteite spandeer, hoe meer is haar man by die versorging van veral hul voorskoolse kinders betrokke. In gevalle waar die vrou se werk van so 'n aard is dat dit van haar vereis om nagskofte te werk, is haar man ook meer daartoe geneig om in 'n groter mate by die versorging van die kinders betrokke te wees (Brayfield, 1995:323). Die algemene tendens blyk,

volgens Brayfield (1995:329), te wees dat vaders meer by die versorging van die kinders betrokke is, indien hul werkskedules van dié van hul eggenotes verskil.

Die aantal ure wat die vrou in die dubbelinkomstegesin aan haar beroep afstaan hou nie net met haar man se betrokkenheid by kinderversorgingsaktiwiteite verband nie - sy uitvoering van huishoudelike taakverpligtinge word ook daardeur beïnvloed. Krausz (1986:461) en Aldous *et al* (1998:811) toon byvoorbeeld aan dat indien die vrou baie tyd aan haar beroep afstaan, haar man nie net daartoe geneig sal wees om 'n groter bydrae tot huishoudelike taakverrigting in die algemeen te lewer nie, maar dat hy ook spesifiek meer by die tradisioneel vroulike huishoudelike take (soos onder andere die voorbereiding van kos en die versorging van klere) betrokke sal wees.

Die moontlike negatiewe effek van lang werksure en moeilike werkskedules kan verder geneutraliseer word, indien die alternatiewe werkspatroon van elastiese werkskedules as keuse deur die werkgewer aan die man voorgehou word (Piotrkowski *et al*, 1987:260). Nie alleen is mans wat van elastiese werkskedules gebruik maak gewoonlik meer by die verrigting van huishoudelike take betrokke nie (Losh-Hesselbart, 1987:540), maar is hulle ook daartoe geneig om meer tyd saam met hul kinders en eggenotes deur te bring (Gelles, 1995:334; Dienhart en Daly, 1997:159).

'n Beroepsverwante veranderlike wat hierby aansluit, is die mate waartoe die man 'n betrokkenheid by en 'n verbintenis tot sy beroep toon.

3.2.3 Die man se beroepsbetrokkenheid en -verbintenis

Uit hoofde van sy broodwinnerrol was die man-vader tradisioneel meer by sy beroep as by die daaglikse aktiwiteite van sy gesin betrokke. Verder het hy gewoonlik ook 'n hoë mate van verbintenis tot sy beroepsposisie getoon (Bailyn, 1978:160). Tog is Horna en Lupri (1987:61) dit eens dat alhoewel mans 'n hoë beroepsverbintenis openbaar, talle mans, veral binne die konteks van die veranderende rol van die man-vader, hul gesinne as net so belangrik, indien nie belangriker, as hul beroepe beskou.

Op grond van die mate waartoe die man tot sy beroep en/of sy gesin verbind is, kan vier moontlike kategorieë van mans, volgens Fogarty *et al* (1971:238), geïdentifiseer word. In die eerste plek word die *beroepsgeïntegreerde man* uitgesonder. Hierdie man het beide die sfere van sy beroep en sy gesin tot 'n mindere of meerdere mate geïntegreer, maar sy beroep geniet voorrang. In die tweede plek kan die *gesinsgeïntegreerde man* geïdentifiseer word. Soos in die geval van die beroepsgeïntegreerde man, het ook hierdie man sy beroeps- en gesinslewe met mekaar versoen, maar in hierdie geval word die klem op die gesin, eerder as op die beroep, geplaas. In die derde plek word die *nie-geïntegreerde beroepsman* geïdentifiseer. Eerder as om 'n integrasie tussen sy beroeps- en gesinslewe te bewerkstellig, fokus hierdie man sy aandag en tyd hoofsaaklik op sy beroep. In die vierde plek word die *nie-geïntegreerde gesinsman* geïdentifiseer. Alhoewel hierdie man in die arbeidsmark 'n beroepsposisie beklee, beskou hy sy gesinslewe as die primêre sfeer van sy betrokkenheid en verbintenis (Fogarty *et al*, 1971:238).

Dit is dan juis ook die man wat 'n geïntegreerde verbintenis tot beide sy beroep en sy gesin toon, wat gewoonlik die hoogste mate van huweliksgeluk ervaar (Fogarty *et al*, 1971:238). Dit wil dus voorkom dat teenoor die algemene verwagting dat die man se verbintenis tot sy beroep negatief op sy huweliks- en gesinsverhoudings kan inwerk, dit nie noodwendig die geval is nie. O'Neil en Greenberger (1994:110) beklemtoon byvoorbeeld dat indien die man 'n hoë mate van verbintenis tot sy werk sowel as 'n verbintenis tot sy gesinsrolle toon, dit nie alleen tot 'n laer mate van rolstremming kan aanleiding gee nie, maar dat die gesinsverhoudings ook daardeur bevorder kan word.

'n Verdere veranderlike wat met die man se beroepsbetrokkenheid en -verbintenis asook met sy verrigting van huishoudelike take verband hou, is die kontinuïteit in sy beroepsgeskiedenis.

3.2.4 Die kontinuïteit in die beroepsgeskiedenis

Die kontinuïteit in 'n persoon se beroepsgeskiedenis verwys na die aantal jare diens en ononderbroke deelname van die persoon in die arbeidsmark. Indien die man, volgens Pittman en

Blanchard (1996:88), byvoorbeeld 'n groter mate van kontinuïteit in sy beroepsgeskiedenis in verhouding tot dié van sy vrou het, sal hy minder daartoe geneig wees om by die huishoudelike take in die dubbelinkomstegesin betrokke te wees.

Hierteenoor word gevind dat indien die vrou, soos haar man, ook oor 'n hoë mate van kontinuïteit in haar beroepsgeskiedenis beskik, die man gewoonlik 'n meer gelyke lading van huishoudelike verpligtinge met sy vrou sal deel. Dit kan dalk deels daaraan toegeskryf word dat die vrou 'n beter magposisie in die huwelik beklee, omdat sy oor die verloop van tyd ook 'n substantiewe bydrae tot die ekonomiese posisie van die gesin gelewer het. In die woorde van Pittman en Blanchard (1996:88) kan dit soos volg saamgevat word: "Clearly, continuity of work history is a meaningful bargaining chip for either spouse when men's contribution to housework are being negotiated."

'n Verdere werksverwante veranderlike wat hier ter sprake kom, hou verband met die inkomstekategorie waarbinne die man gekategoriseer word - 'n veranderlike wat uitgedruk kan word in terme van die gesin se sosio-ekonomiese status.

3.2.5 Sosio-ekonomiese klas

Eglike se beroepe en die inkomste wat daaruit gegeneer word, word beskou as een van die belangrikste determinante van die sosio-ekonomiese status van die gesin. Erickson en Gecas (1991:119) is van mening dat die sosio-ekonomiese klas van die dubbelinkomstegesin, soos bepaal deur die tipe werksposisies wat deur die eglike beklee word, dan ook 'n bepalende faktor kan wees in die mate waartoe die man by sy huweliks- en gesinslewe betrokke sal wees.

'n Algemene onderskeid wat in hierdie verband in die literatuur getref word, is tussen witboordjie- en blouboordjieberoepes wat onderskeidelik middelklas- en laerklasberoepes verteenwoordig. In die algemeen word daar volgens Erickson en Gecas (1991:121) gevind dat mans met witboordjieberoepes meer as blouboordjiewerke daartoe geneig is om by hul kinders betrokke te wees.

Hierdie outeurs, soos ook in die geval van die vroeëre navorsing van Aldous, Osmond en Hicks (1979:239), toon aan dat, afgesien van die frekwensie, die aard van vaderbetrokkenheid en die wyse waarop die vader sy kinders sosialiseer ook deur die sosio-ekonomiese status van die gesin beïnvloed kan word. So word byvoorbeeld gevind, dat weens die feit dat witboordjieberoepe, ten spyte van die meer komplekse aard daarvan, meer uitdagings en vryheid aan die individu verleen, vaders in hierdie beroepe in hul betrokkenheid by hul kinders onafhanklikheid en selfstandige denke beklemtoon. Hierteenoor is vaders in blouboordjieberoepe, waar die werk gewoonlik gekenmerk word aan 'n voorskriftelike en beperkende roetine, meer geneig om dissipline en gehoorsaamheid in hul vaderbetrokkenheid te beklemtoon (Erickson en Gecas, 1991:120; Volling en Belsky, 1991:463).

Aan die ander punt van die sosio-ekonomiese skaal, word gevind dat vaders in die hoë sosio-ekonomiese klas - weens die veeleisende aard van hul (gewoonlik professionele) beroepe - minder tyd in direkte interaksie met hul kinders deurbring (Erickson en Gecas, 1991:123). Tog is ander navorsers soos Nickel en Köcher (1987:106) van mening dat mans in die hoër sosio-ekonomiese klasse, anders as mans in die laer klasse, meer daartoe geneig is om vaderbetrokkenheid te toon.

Die man se inkomste blyk ook 'n belangrike veranderlike te wees in die verklaring waarom mans variërende vlakke van betrokkenheid by die uitvoering van huishoudelike take in die dubbelinkomstegesin toon. Moen (1992:64) en Erickson (1993:893) meen dat: Hoe hoër die man se inkomste is, hoe minder sal hy daartoe geneig wees om by die huishoudelike taakverpligtinge betrokke te wees.

Erickson en Gecas (1991:124) verklaar hierdie toedrag van sake aan die hand van die feit dat beroepe waaraan 'n hoë monetêre waarde geheg word, gewoonlik ook 'n hoë mate van verbintenis in terme van tyd en insette van die werknemer vereis. Dus, die man wat 'n hoë salaris verdien bevind homself gewoonlik in 'n posisie waar die tyd tot sy beskikking vir die verrigting van huishoudelike take deur sy veelvoudige werksverpligtinge geïnhibeer word.

Erickson (1993:893), Manke *et al* (1994:659) en Kalmijn (1999:420) is verder van mening dat soos wat die *vrou se inkomste* toeneem, so ook sal die moontlikheid dat haar man by die versorging van die kinders en die huishouding betrokke sal raak, toeneem. Met ander woord: Hoe hoër die vrou in die dubbelinkomstegesin se inkomste is, hoe meer sal haar man daartoe geneig wees om by die uitvoering van huishoudelike en kinderversorgingstake betrokke te wees (Moen, 1992:64).

Hierdie toedrag van sake word deur Erickson en Gecas (1991:124) aan die hand van Blood en Wolfe (1960) se beheer-oor-bronne teorie verklaar - menend, dat soos wat die egliede se beheer oor die bronne in die gesin (byvoorbeeld hul onderskeie inkomstes) meer gelyk word, hoe meer egalitêr sal die verdeling van huishoudelike take in die huwelik wees.

Dit is egter nie net die man se inkomste wat met die ervaring van huweliksintegrasie verband hou nie. Die mate waartoe die man beroepstremming en -satisfaksie ervaar, speel ook in hierdie opsig 'n belangrike rol. Hierdie veranderlikes kan as oorkoepelende beroepsverwante veranderlikes beskou word, in soverre die ander beroepsverwante veranderlikes by die mate waartoe die man beroepstremming en -satisfaksie ervaar, inbegrepe is.

3.2.6 Die man se waargenome beroepstremming, -satisfaksie en -sukses

Vanuit die werk van onder andere Zimblet *et al* (1985:68) blyk dit dat die ervaring van stremming beide positief en negatief op die individu kan inwerk. Vir elke individu bestaan daar volgens Quick en Quick (1984:154) 'n optimale vlak van stremming wat sogenaamde funksionele stres tot gevolg sal hê. Hierdie funksionele stres word deur die individu as positief beleef en spoor die individu gewoonlik tot 'n hoë mate van werkswaardigheid aan. Indien die vlak van stremming egter hierdie optimale punt oorskry, beleef die individu dit as negatief en werk dit kontraproduktief mee.

Dit is dan juis hierdie negatiewe kwaliteite verbonde aan die stremming wat die man in sy beroepsomgewing beleef, wat skadelik op die gesinsverhoudings kan inwerk. Beroepstremming, wat onder andere deur lang werksure en swak werksomstandighede meegebring word (Moen,

1989:8), kan volgens Hughes *et al* (1992:34) en Bumpus *et al* (1999:466) met 'n toename in huweliksargumente en -konflik geassosieer word. Hierdie stelling hou verband met die stremmingsoordragproses wat, volgens Gilbert (1985:138), wedersyds tussen die beroep- en gesinsfeer plaasvind.

Hughes *et al* (1992:40) beklemtoon dit egter dat die man se negatiewe ervaring van stremming binne die konteks van sy beroep nie noodwendig 'n skadelike uitwerking op sy gesinslewe sal hê nie. Dit is veral van toepassing waar die man 'n hoë mate van ondersteuning van sy vrou ten opsigte van sy beroep ontvang. Die gesin se positiewe hantering van beroepstremming dien dus as buffer vir die negatiewe uitwerking wat dit tot gevolg kan hê (Barnett, 1994:647).

Indien die man 'n lae vlak van negatiewe beroepstremming ervaar, kan sy belewenis van *werksatisfaksie* aansienlik toeneem en kan dit volgens Hughes *et al* (1992:40) tot die ontwikkeling van huwelikskameraderie aanleiding gee. Die gevoel van satisfaksie wat in die beroepsfeer ervaar word, kan dus 'n oordrag van positiewe kwaliteite na die gesin meebring, en gevolglik die huwelikskwaliteit gunstig daardeur beïnvloed (Hughes *et al*, 1992:40; Pittman, 1994:185).

Die man se ervaring van beroepstremming en -satisfaksie hou ook met sy ervaring van *beroepsukses* verband. Die suksesbeperkingsteorie beklemtoon die bestaan van 'n kurvilineêre verband tussen die man se beroepsukses en die egpaar se ervaring van huweliksatisfaksie. Dit beteken dat die ervaring van huweliksatisfaksie die laagste sal wees in gevalle waar beroepsukses óf baie laag óf baie hoog is (Aldous *et al*, 1979:244). Volgens DuBrin (1976:97) wil dit voorkom dat alhoewel hoë beroepsukses in sommige gevalle die huweliksverhouding nadelig kan beïnvloed, die man se ervaring van beroepsukses gewoonlik ook met die verhoogde ervaring van huwelikskwaliteit gepaard gaan.

Alhoewel navorsing ten opsigte van die verband tussen die man se ervaring van beroepstremming en -satisfaksie en huweliks- en gesinskwaliteit in die algemeen van toepassing is, is dit ook binne die konteks van veral die dubbelinkomstegesin relevant. Dit staan in die lig van die

stremmingsoordragmodel se beklemtoning van die feit dat positiewe en negatiewe kwaliteite nie net wedersyds tussen die man se beroep- en gesinsfeer oorgedra word nie, maar dat hierdie oordragproses ook tussen die beroep- en gesinsfeer van die vrou plaasvind. Dit bring mee dat die situasie in die dubbelinkomstegesin in hierdie verband 'n soveel meer komplekse vorm kan aanneem (Paden en Buehler, 1995:101).

Wanneer die beroepsdeelname van die man in die dubbelinkomstegesin ter sprake kom, is dit belangrik dat dit binne die konteks geplaas word van 'n arbeidsmark wat nog hoofsaaklik op 'n patriargale bestuurprerogatief gebaseer is - 'n arbeidsmark wat in die algemeen nog steeds die mite van afsonderlike gesins- en werkswêreldes voorhou (Bowen en Orthner, 1991:198). Hierdie houdingsingesteldheid is veral sigbaar in 'n formele organisasie se organisasiekultuur.

3.2.7 Organisasiekultuur

'n Veranderlike wat toenemend meer aandag geniet, is die aard van die kultuur binne die formele organisasie waar die man-vader werksaam is. Die organisasiekultuur ten opsigte van die werknemer se gesinsbelange verwys, binne hierdie konteks, na beide die formele en informele gesinsbeleid soos dit binne die werkplek voorkom. Hoe nader die formele organisasie aan die sogenaamde pro-gesin-werkplek beweeg, hoe makliker is dit vir die man-vader om wel by die versorging en opvoeding van sy kinders betrokke te raak (Gerson, 1993:236).

Hierdie positiewe gesinsgeoriënteerde organisasiekultuur verwys in die eerste instansie na die inplekstelling van *alternatiewe werkspatrone*, soos onder andere:

- * Elastiese werkslokaliteite en die sogenaamde "*telecommuting*"-sisteem (Sekaran, 1986:129; Aburdene en Naisbitt, 1994:270)
- * Elastiese tydskedules (Cook, 1992:206)
- * Deeltydse werk (Moen, 1992:112; Ritner, 1992:147) en
- * Werksdeling (Apter, 1985:167; Moen, 1992:113)

Ten einde 'n positiewe gesinsgeoriënteerde organisasiekultuur daar te stel, is dit in die tweede instansie noodsaaklik dat 'n *elastiese ouerskapsbeleid* geformuleer moet word. Hierdie beleid moet veral twee belangrike kwessies aanspreek, naamlik die beskikbaarstelling van kraamverlof en kinderversorgingsfasiliteite.

Wanneer daar na *kraamverlof* verwys word, is dit egter nie net kraamverlof vir moeders wat ter sprake kom nie. In die lig van die veranderende gesinsrol van die man-vader, het die implementering van kraamverlof vir vaders ook sterk op die voorgrond begin tree (Hoem, 1993:24; Aburdene en Naisbitt, 1994:264). Hierdie toegewings verdien slegs volkome waardering, indien die werknemer, volgens Sekaran (1986:137), van die behoud van beide beroepsposisie sowel as senioriteit verseker kan word.

'n Verdere aspek wat by die elastiese ouerskapsbeleid inbegrepe is, is die beskikbaarstelling van *kinderversorgingsfasiliteite*. Dit blyk uit die navorsing van Maconachie (1990:168), Moen (1992:111) en Hootsmans (1992:193) dat daar 'n duidelike tekort aan die voldoende voorsiening van kinderversorgingsfasiliteite binne die konteks van korporatiewe ondernemings bestaan. Formele organisasies kan op twee wyses hierdie behoefte aanspreek, naamlik by wyse van die beskikbaarstelling van kleuter- en naskoolsentrums op of naby die werksperseel en die subsidiëring van kostes verbonde aan die gebruikmaking van buite-kinderversorgingsfasiliteite. Indien die formele organisasie wel kinderversorgingsfasiliteite voorsien, bestaan daar 'n groter moontlikheid dat die egpaar meer gemoedsrus sal beleef, wetende dat hul kinders onder goeie en gekwalifiseerde toesig verkeer (Moen, 1992:111). Hierdie kinderversorgingsdiens stel dan ook die man-vader en/of vrou-moeder daartoe in staat om tydens die verloop van die werksdag 'n groter mate van toeganklikheid tot hul kinders te kan hê.

Professor Don Edgar, verbonde aan die "National Key Centre in Industrial Relations" in Australië, verwys na hierdie realisering van die werksgebonde elastiese gesinsbeleid as die sogenaamde "*The New Links Workplace*" (Edgar, 1997:156). Edgar (1997:157) beskryf hierdie prosesmodel in terme van 'n rasonale *modus operandi* waarvolgens die formele organisasie vanaf 'n beleid wat op 'n blote

winsmotief gebaseer is, deur sewe fases beweeg ten einde 'n werkgewer-werknemer vennootskap tot stand te bring. Op hierdie wyse word daar nader beweeg aan - in die woorde van Hall en Hall (1979:231) - die totstandkoming van die sogenaamde *proteïese formele organisasie*. In hierdie organisasie word die belange van beide die formele organisasie én die werknemer vooropgestel. Dit impliseer dus dat die formele organisasie 'n bydrae kan lewer tot die skepping van 'n werk-gesinpassing, wat die man-vader in veral die dubbelinkomstegesin daartoe in staat stel om meer by gesinsaangeleenthede en -verpligtinge betrokke te kan wees.

Ten spyte van die feit dat 'n formele organisasie 'n amptelike pro-gesinsbeleid mag voorhou, is dit sommige mans se ervaring dat daar nogtans teen hulle gediskrimineer word indien hulle van die (voor)regte binne die raamwerk van die ouerskapsbeleid gebruik maak. In hierdie gevalle word die pro-gesinsbeleid slegs as *de jure* van aard beskou, in soverre dit wel die werknemer se gesinsbelange in ag neem, maar nogtans die werknemer op 'n informele wyse "penaliseer" indien hy/sy daarvan gebruik maak. In die geval waar 'n man byvoorbeeld sy kind se sportbyeenkoms op 'n Saterdag of gedurende die werksweek wil bywoon, eerder as om die tyd op kantoor aan werksverwante aspekte af te staan, mag dit sy beroepsbevorderingsmoontlikhede belemmer (Lamb *et al*, 1987:117; Wolfe-Konek en Kitch, 1994:157). Hierdie situasie kan ook vererger word, indien die man se kollegas hom nie in terme van die uitlewing van sy gesinsrolle steun nie (Gilbert, 1985:43; Sandqvist, 1987:156).

Die noodsaaklikheid om 'n pro-gesinsbeleid in die werkplek te skep, beklemtoon die belangrikheid van wetgewing in hierdie verband (Gerson, 1993:287). Die **staat** as instelling staan dus in 'n baie prominente posisie ten opsigte van die moontlike realisering van die aktiewe betrokkenheid van die man-vader by gesinbelange. Gerson (1993:287) is byvoorbeeld van mening dat: "Creating genuine family support policies to replace the patchwork of company-initiated programs that now exist will require political and legislative action."

By wyse van wetgewing kan die regering formele organisasies rig en reguleer rakende die daarstelling van alternatiewe werkspatrone en kraamverlof vir vaders. Sodoende kan effektiewe

regeringsondersteuning, in die woorde van Gerson (1993:286), die man-vader se gesinsbetrokkenheid vanaf 'n latente opkomende moontlikheid na 'n verwagte norm help verander. Effektiewe regeringsondersteuning het egter in hierdie verband tot op hede in slegs 'n aantal samelewings gemanifesteer.

Dus, indien daar 'n *kultuurgaping* bestaan tussen die organisasie se gesinsbeleid en die man se behoefte aan 'n groter mate van gesinsbetrokkenheid, belemmer dit nie net die man se poging om die waardes van die "nuwe" man-vader uit te leef nie, maar kan dit ook tot stremming in die werknemer-werkgewer-verhouding aanleiding gee (Bowen en Orthner, 1991:206). Indien die man egter geen behoefte aan 'n groter mate van gesinsbetrokkenheid toon nie, sal hy nie noodwendig die formele organisasie se onverskillige houding teenoor die werknemer se gesinsbelange as 'n stremmingsfaktor beskou nie. In die geval waar die formele organisasie wel die werknemer se gesinsbelange op die hart dra, kan so 'n organisasie 'n bydrae lewer tot die ontwikkeling van 'n werk-gesin-passing - 'n aspek wat van primêre belang vir die "nuwe" man-vader in die dubbelinkomstegesin is.



Vanuit die voorafgaande bespreking blyk dit dat sekere beroepsverwante veranderlikes onder sekere omstandighede óf die werk-gesin-passing kan bevorder óf die ontwikkeling daarvan kan verhinder. Volgens Pittman (1994:203) word hierdie passing, as 'n parallelle resiprokale proses, as ideaal in die dubbelinkomstegesin vooropgestel, want: "Work/family fit directly, and negatively, predicted marital tension. As fit increased, marital tension declined."

Hierdie beklemtoning van die ontwikkeling van 'n werk-gesin-passing in die dubbelinkomstegesin sluit by resente navorsing aan wat aan die lig gebring het dat die oënskynlike kousale verband tussen die arbeidsmarkbetrokkenheid van beide egliede en hul belewenis van huweliksdisorganisasie in 'n gekwalifiseerde lig beskou moet word. Talle *tussenkomende veranderlikes* - veral gesinsverwante veranderlikes - is die afgelope jare in hierdie verband geïdentifiseer. Binne die konteks van die mediasiehipotese word die klem volgens Pittman (1994:189) geplaas op die mediërende werking van hierdie tussenkomende veranderlikes op die

verband tussen die dubbelinkomste-egpaar se beroepsdeelname en hul belewenis van huweliks- en gesinskwaliteit.

Vanuit die navorsing blyk dit dat die tussenkomende veranderlikes nie net die latente konflik en stremming tussen die beroep- en gesinsfere kan afskaal nie, maar dat dit selfs tot die ontwikkeling van 'n meer positiewe huweliksverhouding kan bydra (Steyn, 1997:87). Die meeste van die navorsing wat die mediërende werking van veral die gesinsverwante tussenkomende veranderlikes ondersoek, neem veral die werkende getroude vrou in die dubbelinkomstegesin se persepsies en belewenisse as vertrekpunt. Dit is egter belangrik dat die enkele studies wat ook die man se perspektief in hierdie verband ondersoek, ter sprake moet kom, waarvan die eerste die man se houding jeens sy vrou se arbeidsmarkdeelname is.

3.3 DIE MAN SE HOUDING JEENS SY VROU SE ARBEIDSMARKDEELNAME

Sedert die vrou se toetrede tot die formele arbeidsmark is die onvoorwaardelike prioriteitsverlening aan die beroep van die man mettertied opgehef en het die man homself te midde van 'n situasie bevind waar hy noodgedwonge 'n standpunt ten opsigte van sy vrou se beroepsrol moes inneem. Daarom kan die houding wat die man teenoor sy vrou se buitenshuise ekonomiese bedrywighede openbaar, as een van die belangrikste veranderlikes beskou word wat 'n invloed kan uitoefen op die huweliksverhouding van die dubbelinkomste-egpaar en die mate waartoe die man by gesinsaktiwiteite betrokke is.

Indien die man, volgens Steyn *et al* (1987:221), sy vrou se rol in terme van die tradisionele volkome-huisvrou-en-moeder-beeld definieer, kan dit tot die ontwikkeling van huwelikskonflik aanleiding gee, veral in die geval waar sy vrou haar beroepsrol as van essensiële belang beskou. Gilbert (1985:59) meen dat hierdie problematiese toedrag van sake veral kan voorkom indien die man van sy vrou verwag dat sy te alle tye en ten spyte van haar eie beroepsdeelname haar man in sy beroep moet ondersteun.

Waar beide die man en die vrou in die arbeidsmark aktief is, kan 'n verskeidenheid van probleme in die huwelik op die voorgrond tree. In die geval waar die vrou weens finansiële noodsaak genoop is om te werk, kan die man volgens Hoffman (1963:36) skuldgevoelens daarvoor ervaar. Hierdie skuldgevoelens kan enersyds na vore tree weens die feit dat hy nie sy gesin, sonder die hulp van sy vrou, ten volle finansiëel kan versorg nie. Andersyds kan hy sy vrou se werksprestasie as 'n simbool van sy persoonlike mislukking as broodwinner interpreteer. As gevolg van hierdie houdingsingesteldheid van die man, meen Menaghan en Parcel (1990:1086), dat die huwelikskwaliteit van die dubbelinkomste-egpaar nadelig daardeur beïnvloed kan word.

In teenstelling hiermee, meen Vannoy en Philliber (1992:395), dat indien die man sy vrou se werk ernstig opneem, trots is op haar prestasies en haar in die algemeen positief emosioneel ondersteun, hy nie net sy vrou tot verdere prestasies kan aanspoor nie, maar dat hy ook 'n bydrae tot die dubbelinkomste-egpaar se ervaring van huweliksgeluk kan lewer.

Lewis en Spanier (1979:280) verwoord hierdie positiewe korrelasie deur aan te dui dat hoe hoër die man se vlak van goedkeuring ten opsigte van sy vrou se beroepsdeelname is, hoe hoër sal die moontlike ervaring van huwelikskwaliteit wees. Hierdie stelling is veral geldend in situasies waar die man 'n positiewe houding teenoor sy vrou se finansiële bydrae tot die huishouding openbaar, veral in soverre die vrou haar man se las as alleenbroodwinner verlig. Sodoende kan hy dit "bekostig" om meer tyd aan gesinsrelevante aspekte af te staan, wat gevolglik tot 'n beter werk-gesins-passing aanleiding kan gee (Smith en Reid, 1986:141).

Dit is egter nie net die huweliksverhouding wat deur die man se houding jeens sy vrou se buitenshuise werksaamheid beïnvloed word nie, maar die man se eie geestesgesondheid word ook daardeur geraak. Op grond van die navorsing van Ulbrich (1988:130) blyk dit dat mans wat hul vrouens se werk met 'n negatiewe houding bejeen, meer geneig is om aan depressie te lei as mans wat hul vrouens in hul beroepe ondersteun. 'n Man wat 'n meer positiewe ingesteldheid teenoor sy vrou se beroepsaktiwiteite handhaaf, toon 'n simboliese aanvaarding van sy vrou se rol as medebroodwinner. Sodoende kan die druk wat hy as finansiële voorsiener ervaar, dan ook verlig

word. Wedersydse begrip ten opsigte van mekaar se meervoudige rollestelle word in die proses gekweek en kan gevolglik tot 'n hoër ervaring van huwelikstevredenheid aanleiding gee.

Hierdie voorkoms van 'n wedersydse begrip vir en aanvaarding van mekaar se rolposisies is veral belangrik in die onkonvensionele asimmetriese huweliksverhouding, waar die vrou relatief tot haar man 'n groter finansiële inkomste verdien en/of oor 'n hoër vlak van opleiding beskik (Safilios-Rothschild en Dijkers, 1978:62). Ten einde te verseker dat 'n hoë huwelikskwaliteit gehandhaaf word, is dit volgens Safilios-Rothschild en Dijkers (1978:67) van imperatiewe belang dat die man die onkonvensionele asimmetrie op 'n positiewe wyse moet hanteer. Hy moet sy vrou se relatiewe hoër inkomste en/of vlak van opleiding nie as 'n bedreiging nie, maar as 'n waardevolle hulpbron vir die gesin beskou.

Hierdie positiewe ingesteldheid van die man ten opsigte van die onkonvensionele asimmetrie is gewoonlik sigbaar in sy betrokkenheid by die uitvoering van huishoudelike en kinderversorgingsverpligtinge in die dubbelinkomstegesin. In die poging om die ekwilibrium in die huwelik te handhaaf, het die man se tradisionele rol derhalwe 'n wysiging ondergaan ten einde die veranderde rol van die vrou in veral die dubbelinkomstegesin te akkommodeer.

Bo en behalwe die man se houding jeens sy vrou se arbeidsmarkdeelname, kan 'n verdere groepering van tussenkomende veranderlikes 'n mediërende invloed op die verband tussen die dubbelinkomste-egpaar se arbeidsmarkdeelname en hul ervaring van huweliksintegrasië, uitoefen. Hierdie groep tussenkomende veranderlikes staan as die veranderlikes intern tot die man se gesin van prokreasie, bekend.

3.4 DIE VERANDERLIKES INTERN TOT DIE MAN SE GESIN VAN PROKREASIE

Die eerste van hierdie tussenkomende veranderlikes intern tot die man se gesin wat ter sprake kom, is die man se betrokkenheid by die uitvoering van huishoudelike take.

3.4.1 Die man se deelname aan huishoudelike take in die dubbelinkomstegesin

Een van die mees brandende temas wat die afgelope aantal jare in gesinsnavorsing na vore getree het, is die allokering van huishoudelike take in die huwelik. Meer spesifiek word vrae gevra soos: in welke mate het die man-vader se bydrae tot die verrigting van huishoudelike take toegeneem en watter moontlike invloed oefen dit op die huwelikskwaliteit van die egpaar uit wat albei in die arbeidsmark betrokke is?

Talle navorsers is dit eens dat alhoewel mans in die algemeen toenemend meer by die daaglikse doen en late en taakverpligtinge van die gesin betrokke begin raak het, die vrou steeds die grootste las in hierdie verband dra (Sekaran, 1986:26; Menaghan en Parcel, 1990:1085; Greenstein, 1996:585). Sommige teoretici soos Pittman en Blanchard (1996:78) beklemtoon dat ten spyte van die feit dat die vrou 'n groter bydrae tot die ekonomiese welstand van die gesin by wyse van haar arbeidsmarkdeelname lewer, die man se betrokkenheid by die taakverrigting in die huis slegs minimaal toegeneem het.



Een van 'n verskeidenheid van teorieë wat 'n verklaring bied vir die aard van die arbeidsverdeling in die huwelik met betrekking tot huishoudelike take, is die sogenaamde *arbeidsafhanklikheidsteorie*. Hierdie teorie verklaar die ongelyke verdeling van taakverpligtinge tussen die egliede soos volg: Omdat die samelewing hoofsaaklik steeds 'n relatiewe hoër waarde aan die man se arbeidsmarkdeelname in verhouding tot dié van sy vrou heg, is die gesin gewoonlik meer van die man se ekonomiese bydrae afhanklik. Ondersteuners van hierdie teoretiese benadering is dus van mening dat die huishoudelike arbeidsverdeling in die huwelik nie deur die vrou se arbeidsmarkdeelname geraak word nie en daarom as regverdiging dien dat sy primêr vir die huishouding verantwoordelik is (Atkinson en Huston, 1984:332; Greenstein, 1996:586).

Tog is talle ander navorsers soos Gerson (1993:8) en Benokraitis (1996:266) dit eens dat ten spyte van die voorkoms van die sogenaamde geslagsgaping met betrekking tot die allokering van huishoudelike take, die man in die algemeen tog toenemend meer by die daaglikse bestaan van die

huishouding betrokke begin raak het.

Hierdie verandering - alhoewel gering - in die rolgedrag van die man in die dubbelinkomstegesin kan aan die hand van die *adaptiewe vennootskapsteorie* verklaar word. Hierdie teorie beskou die gesin as 'n selfbalanseringsstelsel wat by strukturele veranderinge en interne behoeftes aanpas. Omdat hierdie teoretiese perspektief buigbaarheid en aanpasbaarheid beklemtoon, word die man-vader se moontlike groter bydrae tot die verrigting van huishoudelike take verduidelik as synde 'n aanpassing by die verandering in die gesin wat as gevolg van veral die vrou se toetreding tot die arbeidsmark, tot stand gebring is (Atkinson en Huston, 1984:332).

'n Aantal navorsers beskryf die omstandighede waaronder die man meer daartoe geneig sal wees om 'n groter mate van betrokkenheid by die uitvoering van huishoudelike taakverpligtinge te toon. Die eerste van hierdie omstandighede hou verband met die man se waargenome persepsie van sy eie vaardighede rakende die uitvoering van huishoudelike taakverpligtinge.

(i) ***Die man se waargenome vaardighede ten opsigte van die uitvoering van huishoudelike take***

Atkinson en Huston (1984:342) is van mening dat die man se persepsie van sy vaardighede ten opsigte van die verrigting van huishoudelike take 'n belangrike invloed sal uitoefen op sy werklike betrokkenheid by die uitvoering van hierdie take.

In die geval waar die man van mening is dat sy vrou oor meer vaardighede as hy beskik om sekere take in en om die huis uit te voer, kan dit as rasionalisering vir die geslagsasimmetrie met betrekking tot die arbeidsverdeling in die huishouding gebruik word (Atkinson en Huston, 1984:344). Indien die man egter oor 'n nie-tradisionele geslagsroloriëntasie beskik, sal hy gemotiveerd wees om ten spyte van sy onkunde, 'n poging aan te wend om wel die vaardighede ten opsigte van die tradisioneel vroulike huishoudelike take aan te leer.

Die wyse waarop die man tydens sy kinderjare gesosialiseer is, speel in hierdie konteks 'n baie belangrike rol. Indien die man reeds as 'n seun by wyse van waarneming en nabootsing "opleiding" in die uitvoering van huishoudelike take in sy gesin van oriëntasie ontvang het, en daarmee saam die nie-tradisionele geslagsroloriëntasie geïnternaliseer het, sal hy tot 'n groot mate daartoe geneig wees om 'n meer gelyke taakverdeling in die huishouding te onderskryf (Atkinson en Huston, 1984:333).

Dus, hoe hoër die man se persepsie van sy waargenome vaardighede ten opsigte van die uitvoering van huishoudlike take is, hoe meer sal hy by die verrigting van hierdie take in die dubbelinkomstegesin betrokke wees.

Die man se persepsie van sy taakverrigtingsvaardighede kom veral onder die soeklig wanneer die egpaar ook vir die versorging van kinders verantwoordelik is, veral omrede die teenwoordigheid van kinders in die huishouding verdere taakverpligtinge meebring.

(ii) Die teenwoordigheid en ouderdomme van kinders

Dit blyk vanuit die navorsing van onder andere Horna en Lupri (1987:62) en Pittman en Blanchard (1996:79), dat die teenwoordigheid van afhanklike kinders asook hul ouderdomme 'n invloed op die mate waartoe die man 'n bydrae tot die uitvoering van huishoudelike take lewer, kan uitoefen.

In die algemeen kan dit in die volgende proposisie saamgevat word: *Hoe jonger die kinders in die huisgesin is, hoe meer sal die man by die uitvoering van die huishoudelike taakverpligtinge in die dubbelinkomstegesin betrokke wees* (Moen, 1992:65; Aldous *et al*, 1998:811).

'n Verdere gesinsverwante aspek wat met die man se deelname aan die uitvoering van huishoudelike take verband hou, is die mate waartoe die huishouding van die dienste van 'n huishulp gebruik maak.

(iii) Die gebruikmaking van die dienste van 'n huishulp

Indien die dubbelinkomste-egpaar 'n huishulp in diens neem, stel dit hulle daartoe in staat om die take wat oorspronklik aan die egliede geallokeer is, nou as deel van die taakverpligtinge van die betaalde huishulp te beskou. Dit skep nie net die geleentheid vir die vrou-moeder om meer aandag aan haar beroep en ander gesinsbelange te skenk nie, maar stel veral die man-vader in staat om selfs nog 'n kléiner bydrae tot die verrigting van huishoudelike take te lewer (Lewis, 1992:10).

Die relatiewe hoë beskikbaarheid van betaalde huishulpe in Suid-Afrika², beklemtoon hoe belangrik dit is om hierdie aspek in ag te neem wanneer die fokus op die man-vader se verrigting van huishoudelike taakverpligtinge geplaas word. In haar Suid-Afrikaanse navorsing ten opsigte van die allokering van huishoudelike take in blanke gesinne, sluit Maconachie (1992:114) aan by die gevolgtrekking wat Cock (1980:146) ten opsigte van haar navorsing gemaak het: "(t)he employment of domestic servants in many households clearly absolves men from any involvement in domestic chores, and lessens the burden for white women".

Smit (1996:302) het dan ook in haar navorsing ten opsigte van blanke dubbelinkomstegesinne die volgende gevind: Vroue in gesinne waar daar nooit van die dienste van 'n huishulp gebruik gemaak word nie en gesinne wat slegs per geleentheid 'n huishulp in diens neem, beleef 'n statisties beduidend hoër ervaring van hul eggenote se bydrae tot die verrigting van huishoudelike take, as wat die geval met vroue is wat van 'n voltyds inwonende huishulp gebruik maak. Dit wil dus voorkom dat mans tot 'n mindere mate daartoe geneig sal wees om by die verrigting van huishoudelike take betrokke te wees, indien die gesin op 'n gereelde basis van die dienste van 'n betaalde huishulp gebruik maak.

²In 1991 het ongeveer 900 000 vroue in Suid-Afrika formeel in diens as huishulpe gestaan. Naas die vervaardigingsindustrie, die regering, kleinhandel/groothandel- en die landbousektor, was die kategorie van "domestic work" die grootste bron van formele werkverskaffing in 1992 in Suid-Afrika (T.U.R.P., 1994:63). Friguglietti (1989:33) toon dan ook aan dat "domestic work" die grootste bron van werkverskaffing vir ongeskoolde swart vroue in Suid-Afrika is.

Dit kan saamgevat word in die volgende proposisie: *Hoe meer die dubbelinkomstegesin van die dienste van 'n huishulp gebruik maak, hoe minder sal die man by die verrigting van huishoudelike take betrokke wees* (Lewis, 1992:10).

Die groter mate van betrokkenheid van die man in die verrigting van huishoudelike take vind nie in 'n vakuum plaas nie. Hierdie nie-tradisionele rolgedrag van die man in die dubbelinkomstegesin kan 'n groot invloed op sy eie lewe asook op dié van sy vrou uitoefen. Beide negatiewe en positiewe gevolge is in hierdie verband in die literatuur opgeteken.

'n Aantal navorsers beklemtoon die feit dat 'n meer gelyke arbeidsverdeling in die huishouding 'n **negatiewe invloed** op die welsyn van en die verhouding tussen die egliede kan uitoefen. Russell (1983:151) dui byvoorbeeld aan dat indien beide egliede in die arbeidsmark betrokke is en hulle in die uitvoering van die huishoudelike take deel, dit nie noodwendig een of albei se rolladings sal verlig nie, maar dat beide die man en die vrou die dilemma van oorbelading sal ervaar. Egpere in hierdie dubbelinkomstegesinne opper byvoorbeeld klagtes soos die gevoel van totale uitputting en dat hul lewens 'n patroon van dolle gejaag aanneem.

Beer (1983:89) en Hawkins *et al* (1995:51) beklemtoon onderskeidelik verdere moontlike negatiewe gevolge soos onder andere dat die toename in die man se huishoudelike betrokkenheid soms tot 'n groter mate van konflik in die huweliksdiade kan aanleiding gee. Die konflik is gewoonlik as gevolg van die feit dat die onderhandelingsproses rakende watter eglied vir watter taak verantwoordelik is, 'n teelaarde vir onenigheid, argumente en spanning kan skep. Hierdie toedrag van sake lei dan ook gewoonlik tot die ervaring van verlaagde huweliksatisfaksie (Hawkins *et al*, 1995:51).

Afgesien van die negatiewe gevolge, is meeste van die navorsers dit eens dat die **positiewe gevolge** van die man se deelname aan huishoudelike take meer dikwels voorkom. So word byvoorbeeld genoem dat **die vrou** se ervaring van lewensgeluk indirek deur haar persepsie van haar man se betrokkenheid by die verrigting van huishoudelike verpligtinge beïnvloed word, omdat sy hierdie

optrede van haar man as beide emosionele en instrumentele ondersteuning beskou (Russell, 1983:151; Piña en Bengston, 1993:910). Dit is nie net die vrou se sielkundige welsyn wat positief deur hierdie rolgedrag van haar man beïnvloed kan word nie, die verhoging van haar ervaring van huwelikskwaliteit kan ook hiermee geassosieer word (Moen, 1992:49; Piña en Bengston, 1993:910; Perry-Jenkins en Folk, 1994:166).

Daar bestaan ook navorsing waarin *mans* rapporteer dat hulle ook positiewe gevolge weens hul groter deelname aan die huishoudelike verpligtinge ervaar. Volgens Beer (1983:89) en Perry-Jenkins en Folk (1994:166) meen mans dat hulle nie net 'n groter insig ten opsigte van probleme rakende die huishouding begin ontwikkel het nie, maar dat hulle ook 'n verbetering in hul huweliksverhouding as gevolg van die meer egalitêre arbeidsverdeling in die gesin ervaar en in die algemeen 'n verhoogde persoonlike welsyn beleef (Perry-Jenkins en Folk, 1994:166).

Dit wil dus volgens Piña en Bengston (1993:910) voorkom dat hoe meer die egliede die arbeidsverdeling in die huishouding as egalitêr beskou, hoe hoër sal hul ervaring van huweliksgeluk wees.

Alhoewel die man se werklike deelname aan huishoudelike take en die egalitêre allokering van hierdie take 'n belangrike rol in die ervaring van huweliksatisfaksie kan speel, bestaan daar egter 'n verdere belangrike aspek wat hiermee verband hou, naamlik die mate waartoe elk van die egliede die allokering van die taakverpligtinge as *regverdig*, al dan nie, beskou (Perry-Jenkins en Folk, 1994:167; Wilkie *et al*, 1998:577).

Mederer (1993:136) beklemtoon byvoorbeeld dat die vrou se persepsie van die regverdige verdeling van die huishoudelike take net so 'n belangrike invloed op haar belewenis van die huweliksverhouding kan uitoefen, soos wat dit die geval met haar persepsie van die werklike allokering van hierdie take is. Alhoewel die man se persepsie van die regverdige verdeling van huishoudelike take ook 'n invloed op sy ervaring van huweliksatisfaksie kan uitoefen, het Wilkie *et al* (1998:577) bevind dat dit wat mans en vroue as 'n *regverdige* taakverdeling beskou, van mekaar

verskil. Dit is daarom van groot belang dat wanneer die man se bydrae tot die verrigting van huishoudelike take ondersoek word, die vraag aan die man gestel moet word in welke mate hy dit as regverdig beskou dat daar van 'n man verwag word om by die uitvoering van hierdie take betrokke te wees.

Samevattend blyk dit dus dat die man se groter betrokkenheid by die uitvoering van huishoudelike taakverpligtinge, 'n mediërende invloed kan uitoefen op die potensieel negatiewe verband tussen die dubbelinkomste-egpaar se arbeidsmarkdeelname en hul ervaring van huweliksintegrasie.

Soos in die geval van die man se persepsie van die mate waartoe hy by die verrigting van huishoudelike take betrokke is, is dit ook van kardinale belang dat 'n verdere tussenkomende veranderlike ter sprake kom, naamlik die man se betrokkenheid by die versorging van die kinders.

3.4.2 Die man se betrokkenheid by die versorging van die kinders in die dubbelinkomstegesin

Vaderbetrokkenheid³ is 'n verskynsel wat oor tyd, binne samelewings en tussen samelewings kan varieer. Wanneer daar na vaderbetrokkenheid in hierdie konteks verwys word, word al drie die komponente van hierdie verskynsel, naamlik *interaksie, toeganklikheid en verantwoordelikheid*, soos in hoofstuk twee gedefinieer en soos deur Palkovitz (1997:209) verder verfyn, in aanmerking geneem. Alhoewel hierdie fyn onderskeid in terme van die dimensies van vaderbetrokkenheid getref kan word, word vaderbetrokkenheid in die meeste studies omvattend in terme van die man se betrokkenheid by die versorging van sy kinders, uitgedruk.

³In hierdie bespreking van vaderbetrokkenheid word Palkovitz (1997:204) se mening ondersteun dat die "meer-betrokkenheid-is-beter model" nie bloot op 'n lukrake wyse aanvaar moet word nie. Die klem moet eerder op **positiewe of generatiewe vaderbetrokkenheid** geplaas word. Laasgenoemde kan as volg gedefinieer word: "Generative fathering is fathering that meets the needs of children by working to create and maintain a developing ethical relationship with them." (Dollahite *et al*, 1997:18).

Ten spyte van die feit dat die man in die dubbelinkomstegesin die afgelope dekades meer by die praktiese aspekte van kinderversorging en -opvoeding betrokke geraak het, het Googins (1991:116) in sy navorsing bevind dat werkende getroude vroue gemiddeld tien tot sewentien uur per week méér as hul eggenotes aan kinderversorging afstaan. Hierdie ongelyke allokering van die kinderversorgingsverpligtinge kan dan ook tot stremming in die huwelik aanleiding gee, veral as die vrou met die dilemma van oorbelading gekonfronteer word.

Tog is navorsers soos Volling en Belsky (1991:472) en Glass (1998:822) dit eens dat mans in veral die dubbelinkomstegesin toenemend meer by die daaglikse versorging van hul kinders betrokke begin raak het. 'n Aantal navorsers beskryf die omstandighede waaronder die man meer daartoe geneig sal wees om 'n groter mate van betrokkenheid by kinderversorging te toon. Die eerste van hierdie omstandighede hou verband met die man se ouderdom ten tyde van die geboorte van die eerste kind.

(i) *Ouderdom van die man-vader by die geboorte van die eerste kind*

Die ouderdom van die vader by die geboorte van sy eerste kind word gewoonlik in die literatuur in terme van die konsepte "*vroeë/normatiewe*" en "*laat/uitgestelde*" *ouerskap* bespreek. Ouderdomsgesproke verwys "*vroeë*" en "*laat*" *ouerskap* na vaders met gemiddelde ouderdomme van onderskeidelik 25.7 en 33.2 jaar (Cooney *et al*, 1993:207).

Op grond van verskeie studies toon Cooney *et al* (1993:206) aan dat sogenaamde "*laat-ouerskap mans*" meer geneig is om aan kinderversorgingsaktiwiteite deel te neem as wat dit die geval met "*vroeë vaders*" is. Ook in die geval van die navorsing van Weingarten [soos aangehaal deur Martin (1985:173)] blyk dit dat "...older men make better fathers, are more involved in the child's care and needs, and are more flexible in child-care roles."

In die algemeen kom dit voor dat "*laat*" vaders 'n groter mate van selfvertroue in hul rolgedrag as vaders openbaar en *ouerskap* as meer positief beleef, as wat die geval met *vroeë vaders* blyk te wees

(Parke en Neville, 1995:113). Laasgenoemde groepering van vaders beklemtoon eerder, volgens Cooney *et al* (1993:207), die stremming wat ouerskap op hul ekonomiese sekuriteit en beroepsdoelwitte plaas.

Cooney *et al* (1993:206) meen dat hierdie toedrag van sake moontlik toegeskryf kan word aan die hand van die feit dat egpare in hul twintigs in die dubbelinkomstegesin blootgestel word aan talle nuwe roleise wat aanpassing van hulle verg. Hieronder ressorteer huweliks-, beroeps- en ander sosiale aanpassings. Indien ouerskap as 'n verdere situasie van aanpassing na vore tree, kan dit probleme in die man se uitvoering van sy verpligtinge in ál sy rolle meebring. Dit kan derhalwe aanleiding gee tot 'n lae mate van betrokkenheid by sy kinders.

Hierteenoor blyk dit dat vaders wat ouerskap tot die ouderdom na dertig uitgestel het en hulself dus in 'n posisie van beroepssekuriteit gevestig het, nie net 'n hoër verbintenis tot vaderskap openbaar nie, maar ook 'n groter mate van selfvertroue toon om by die versorging van die kinders betrokke te raak (Cooney *et al*, 1993:213). Dus, *hoe meer 'n man as 'n "laat" vader gedefinieer kan word, hoe meer sal hy by die versorging van die kinders betrokke wees.*

'n Vraag waarmee meeste vroeë en laat vaders gekonfronteer word, is die kwessie verbonde aan hul teenwoordigheid, al dan nie, tydens die geboorte van hul kinders en die moontlike invloed daarvan op hul latere ouerskapsrolgedrag.

(ii) Die man-vader se teenwoordigheid tydens die geboorte van sy kind

Die toenemende behoefte dat die vader ook tydens die geboorte van die kind teenwoordig moet wees, het die vraag laat ontstaan, in welke mate hierdie teenwoordigheid van die man-vader verband hou met sy betrokkenheid by sy kind veral tydens die neonatale fase.

Die vader se teenwoordigheid tydens die geboorte van sy kind kan onder andere aanleiding gee tot 'n verhoging in die vader se selfrespek, 'n hoër ervaring van huwelikskwaliteit en die

totstandkoming van 'n sterker vader-baba band (May en Perrin, 1985:77). Hierby aansluitend, dui Nugent (1991:482) op grond van sy navorsing aan dat vaders wat tydens die geboorte van hul kinders teenwoordig was, meer geneig is om by die versorging tydens die eerste lewensjaar van die kind betrokke te wees. Hierdie betrokkenheid van die man-vader is veral binne die konteks van die dubbelinkomstegesin van groot belang, juis omdat die werkende getroude vrou relatief gou na die geboorte van die baba haar hertoetrede tot die arbeidsmark maak.

Nickel en Köcher (1987:101) toon egter aan dat 'n groter mate van vaderbetrokkenheid nie net by vaders wat fisies tydens die geboorte teenwoordig was, gevind word nie, maar dat vaders wat hul *begeerte* om by die kindergeboorte betrokke te wees uitgespreek het, maar weens bepaalde omstandighede nie teenwoordig kon wees nie, ook hierdie groter betrokkenheid ná die geboorte by die baba getoon het. Hierdie betrokkenheid van vaders sluit dan juis, volgens Nickel en Köcher (1987:101), aspekte in soos onder andere die vader se deelname aan die versorging van die baba en sy algemene belangstelling in die ontwikkeling van die kind.

Dus, *hoe groter die man se begeerte om by die geboorte van die kind teenwoordig te wees, hoe meer sal hy by die versorging van die kind betrokke wees.*

Dit is nie net die man se teenwoordigheid tydens die geboorte van sy kind wat met die man se betrokkenheid by die versorging van die kind in verband gebring kan word nie, Gerson (1993:174) is van mening dat die mate waartoe die man gemotiveerd is om 'n hoë mate van betrokkenheid by die kinderversorging te toon, ook in hierdie verband van groot belang is.

(iii) Die motivering van die man-vader om vaderbetrokkenheid te toon

Gerson (1993:172) beklemtoon dat geen dwangmaatreëls, ideologiese strominge of morele verordeninge vaders sal oorhaal om die "nuwe vaderskap"-konsep te internaliseer nie. Ten einde 'n werklike betrokkenheid by die versorging en opvoeding van sy kinders te toon, is dit noodsaaklik dat die vader **gemotiveerd** moet wees om homself tot deelname aan die kinderversorgingstake te

verbind.

In hierdie opsig dui Lamb (1987:17) aan dat hoe meer die man gemotiveerd is om by sy kinders betrokke te wees, hoe meer geneig sal hy wees om hierdie houding ingesteldheid in gedrag te laat manifesteer. Hierdie motivering behels gewoonlik dat die man-vader bereid is om ter wille van 'n groter mate van vaderbetrokkenheid sekere tydelike opofferings rakende sy beroep en ander sosiale aangeleenthede te maak (Gerson, 1993:243). In 'n studie onder leiding van Peterson, soos deur Gerson (1993:181) bespreek, word mans se bereidwilligheid om ter wille van hul kinders beroepsverwante opofferings te maak, weerspieël in die feit dat 87% van die respondente ten volle saamgestem het dat die vader net so belangrik soos die moeder in die versorging en opvoeding van 'n kind is.

Dus, hoe hoër 'n man se motivering om vaderbetrokkenheid te toon, hoe meer sal hy by die versorging van die kinders betrokke wees.

Gerson (1993:242) toon verder ook aan dat vaders wat intrinsieke genot uit die teenwoordigheid van hul kinders put, veral daartoe geneig is om 'n groter mate van motivering ten opsigte van 'n betrokkenheid by die daaglikse versorging van die kinders te toon. Motivering is egter nie die enigste houdings ingesteldheid wat bepalend in die voorkoms van vaderbetrokkenheid kan wees nie. Die man-vader se selfvertroue ten opsigte van sy vermoë om wel 'n "suksesvolle koesterende vader" te wees, kan ook van kardinale belang wees.

(iv) Die man-vader se selfvertroue ten opsigte van sy waargenome kinderversorgingsvaardighede

Lamb (1987:19) is van mening dat die man-vader wat hoogs gemotiveerd is om vaderbetrokkenheid te toon, maar nie die selfvertroue het dat hy oor die nodige vaardighede beskik nie, dit soveel moeiliker sal vind om wel die kultuur van die nuwe vaderskap in die praktyk in werking te stel. 'n Gevoel van onkundigheid en onhandigheid wanneer dit by kinderversorging kom,

kan selfs by die gemotiveerde man-vader die gevoel van vrees dat hy 'n onsuksesvolle versorger sal wees, skeep.

Dit blyk dus dat *hoe hoër die man se selfvertroue ten opsigte van sy waargenome kinderversorgingsvaardighede is, hoe meer sal hy by die versorging van die kinders betrokke wees* (Russell, 1986:36; Lamb, 1987:19). Cooney *et al* (1993:213) bevestig hierdie bevinding deur te konstateer dat indien die man homself as bevoeg in die rol van mede-primêre versorger beskou, hy geneig sal wees om 'n gevoel van selfvervulling te ervaar, wat hom sal aanspoor om toenemend meer by sy kinders betrokke te raak.

(v) **Die aantal kinders**

Russell (1986:34) en Nickel en Köcher (1987:107) is dit eens dat *hoe minder kinders daar in die gesin is, hoe meer sal die man-vader by die versorging van die kinders betrokke wees*. 'n Moontlike verklaring wat hiervoor gegee kan word, is volgens Gerson (1993:219), die volgende: "One way to limit the demands of parenthood and still play a significant role in child rearing is to keep the family small."

Dit wil dus voorkom dat minder kinders in die huishouding dit net soveel makliker vir die man-vader maak, wat reeds oor die motivering beskik om by die versorging van sy kinders betrokke te wees, om wél hierdie vaderbetrokkenheid tot realisering te bring. Dit is weereens belangrik dat die leemtes in die literatuur ten opsigte van hierdie aspekte soos dit spesifiek op die dubbelinkomstegesin van toepassing is, geïdentifiseer moet word.

Wanneer 'n groter mate van vaderbetrokkenheid by die versorging van die kinders in die dubbelinkomstegesin ter sprake kom, is 'n navorser soos Russell (1986) daarvan oortuig dat vaderbetrokkenheid met die aard van die huweliks- en gesinskwaliteit verband hou. Dit is in die eerste plek belangrik om op die verband tussen die vader se betrokkenheid by die kinderversorging en die *kwaliteit van die vader-kind verhouding* te let.

Navorsers vorm twee gepolariseerde groepe wanneer die gevolge van vaderbetrokkenheid ten opsigte van die *kind* ter sprake kom: dié wat daarvan oortuig is dat dit 'n skadelike effek kan hê en dié wat graag wil aandui dat die vader se betrokkenheid by die versorging van die kind voordelig vir die vader-kind verhouding kan wees (Russell, 1986:40).

Navorsers wat die standpunt huldig dat 'n toename in vaderbetrokkenheid nadelige gevolge vir die kind inhou, verwys onder andere na studies wat aantoon dat die vader, weens die verskuiwing vanaf die tradisionele na die nie-tradisionele vaderskapsrol, dit soms aanvanklik moeilik vind om 'n groter mate van sensitiwiteit teenoor sy kinders te openbaar. Dit kan frustrasie tot gevolg hê, wat weer tot 'n oormatige dissiplinerings van die kind aanleiding kan gee (Russell, 1986:40).

Hierteenoor bied 'n aantal navorsers bewyse dat die vader se betrokkenheid by sy kind nie net moontlik sy kind se kognitiewe ontwikkeling kan stimuleer nie (Nugent, 1991:482; Glass, 1998:822), maar dat hy ook 'n bydrae kan lewer tot die kind se vermoë om sosiaal meer responsief te wees en om stresvolle situasies beter te kan hanteer (Pruett, 1993:48). Kinders met vaders wat 'n hoë mate van vaderbetrokkenheid toon, is ook meer geneig om minder geslagstereotipiese persepsies te hê, 'n groter mate van empatie teenoor ander te toon en hulle beskik gewoonlik oor 'n interne lokus van kontrole (Lamb, 1995:33). Dit blyk dus dat kinders wat 'n groter mate van vaderbetrokkenheid beleef, gelukkiger is, beter verhoudings met hul vaders het en 'n groter mate van algemene tevredenheid toon, as kinders wat selde met hul vaders in interaksie is (Ritner, 1992:79; Amato, 1994:1039).

In die tweede plek bestaan daar ook 'n verband tussen die man se betrokkenheid by die versorging van die kinders en die egpaar se ervaring van huweliksintegrasie. Die bevindings in hierdie verband is egter nie eenduidig nie. In sommige gevalle blyk dit dat die man se vaderbetrokkenheid 'n negatiewe invloed op die huweliks- en gesinskwaliteit kan uitoefen, terwyl dit in ander gevalle 'n positiewe uitwerking tot gevolg kan hê.

Russell (1986:48) het byvoorbeeld op grond van sy navorsing in Australië bevind dat konflik gewoonlik tussen die egliede toeneem tydens die eerste aantal maande nadat die egpaar vanaf die tradisionele na die nie-tradisionele ouerskapsrolle oorbeweeg het. Dit kan dalk toegeskryf word aan die spanning wat met die aanpassing by hierdie gewysigde rolle gepaard gaan.

Lamb *et al* (1987:115) is van mening dat die *vrou-moeder* moontlik ambivalent oor die toename in vaderbetrokkenheid kan voel. Dit is veral in soverre sy dit as 'n bedreiging vir haar prerogatief in die area van kinderopvoeding, wat tradisioneel as primêr haar verantwoordelikheid gesien is, beskou. Hierdie toedrag van sake kan selfs tot die ervaring van skuldgevoelens jeens beide haar man en haar kinders aanleiding gee, weens die feit dat sy die verantwoordelikheid vir sekere take aan haar man oordra (Russell, 1986:46; Dienhart en Daly, 1997:153). Hierdie situasie kan dan ook negatief op die huwelikskwaliteit inwerk.

Tog is talle navorsers soos onder andere Pruett (1993:49), Gable *et al* (1995:609), Lamb (1995:33) en Kalmijn (1999:409) dit eens dat 'n hoë mate van vaderbetrokkenheid by die versorging van die kinders met 'n verhoogde ervaring van huweliksatisfaksie verband hou. Sowel Volling en Belsky (1991:472) as Smit (1996:347) toon in hierdie verband aan dat hoe hoër die vrou se ervaring van haar man se betrokkenheid by die versorging van die kinders is, hoe hoër is haar ervaring van huweliksintegrasie.

Russell (1983:157) is van mening dat hierdie hegte huweliks- en gesinsverhouding as gevolg van twee redes tot stand kom. Eerstens, as gevolg van beide egliede se betrokkenheid by die versorging van die kinders, word 'n nuwe basis vir kommunikasie en gedeelde ervarings geskep. Tweedens bring die gesin, as gevolg van die vader se nie-tradisionele rol, meer tyd saam deur in die vorm van gesamentlike gesinsontspanning. Dit wil dus voorkom dat vaderbetrokkenheid wel 'n positiewe impak op die huweliks- en gesinslewe kan uitoefen.

Ook wat hierdie navorsing betref bestaan daar leemtes ten opsigte van die wyse waarop dit met die dubbelinkomstegesin verband hou - spesifiek soos wat dit vanuit die perspektief van die man

beskou word.

Verder, soos in die geval van die man se betrokkenheid by die verrigting van huishoudelike take, is dit ook van groot belang dat daar gelet moet word op sy persepsie van die mate waartoe hy dit as *regverdig* beskou dat daar van 'n man verwag word om 'n hoë mate van vaderbetrokkenheid te toon. Anders as in die geval van die man se persepsie ten opsigte van die regverdigheid dat mans by die huishoudelike take betrokke moet wees, bestaan daar nie voldoende navorsing rakende die man se persepsie van vaderbetrokkenheid en kinderversorging in hierdie verband nie. Dit is dus belangrik dat meer navorsing ten opsigte van hierdie aspek geïnisieer moet word.

Die verband tussen die dubbelinkomste-egpaar se beroepsdeelname en hul ervaring van huweliksintegrasie hou ook met 'n verdere tussenkomende veranderlike verband, naamlik die man se verrigting van emosionele werk in die huwelik.

3.4.3 Die man se verrigting van emosionele werk in die dubbelinkomstehuwelik

Die verrigting van emosionele werk is een van die belangrikste aspekte in die ontwikkeling van 'n positiewe huweliksverhouding. *Emosionele werk*, die konsep wat oorspronklik deur Hochschild (1979:561) gebruik is en later deur Erickson (1993:888) spesifiek op die huwelik van toepassing gemaak is, word as veel meer as die blote emosionele ondersteuning in die huwelik beskou. Hierdie konsep verwys na die aktiewe, rasonale poging van 'n individu om beheer oor sy/haar emosionele uitdrukkings uit te oefen, ten einde die ander persoon (in hierdie geval die eglied) se emosionele welsyn te bevorder (Hochschild, 1979:561).

Hochschild (1979:562) verwys, in die Simbolies Interaksionistiese tradisie van die werk van Erving Goffman, na drie tegnieke van emosionele werk: Eerstens, die *kognitiewe tegniek* waar die eglied 'n poging aanwend om doelbewus 'n verandering in sy/haar eie opvattinge, idees en houdings ingesteldhede te bewerkstellig. (Dink byvoorbeeld aan die man wat doelbewus sy eens negatiewe houding ten opsigte van sy deelname aan tradisioneel "vroulike" huishoudelike take,

probeer verander). Tweedens, die *liggaamlike tegniek* - die poging om die somatiese of fisieke simptome van emosie te verander, soos byvoorbeeld die man wat doelbewus stadiger sal asemhaal ten einde te voorkom dat hy sy humeur tydens 'n konfliktsituasie in die huwelik sal verloor. Derdens, die *ekspressiewe tegniek* - die gebruik van ekspressiewe gebare (waarby taal inbegrepe is) ten einde die ander persoon se emosionele welsyn te bevorder, byvoorbeeld die man in die dubbelinkomstegesin wat sy vrou moed sal inpraat nadat sy 'n moeilike dag by die werk ervaar het (Hochschild, 1979:562).

Met die toenemende toetrede van die vrou tot die arbeidsmark, het die fokus vanaf die tradisionele situasie waar die vrou ondersteunend ten opsigte van haar man se beroepsaangeleenthede opgetree het, verskuif na die wedersydse verrigting van emosionele werk in die huwelik (Sekaran, 1986:36). Smit (1996:389) het byvoorbeeld in haar navorsing in Suid-Afrika bevind dat Blanke werkende getroude vroue in die algemeen ervaar dat hul mans hul emosioneel ondersteun. Dit is egter volgens Smit (1996:390) opvallend dat die vrou se ervaring van haar eggenoot se verrigting van emosionele werk in die huwelik statisties beduidende verskille met beide die vrou en haar man se akademiese kwalifikasies en beroepskategorië toon. Dit blyk dus dat hoe hoër beide die man en die vrou se vlakke van akademiese kwalifikasies is en hoe 'n meer professioneel hul beroepe van aard is, hoe hoër is die vrou se ervaring van haar man se verrigting van emosionele werk in die huwelik.

Hierdie bevindinge sluit by die werk van Blood en Wolfe (1960:209); Sekaran (1986:37) en Pittman en Orthner (1988:346) aan wat bevind het dat die man wat oor 'n hoër opvoedkundige peil en 'n hoër beroepstatus beskik, meer daartoe geneig sal wees om emosioneel ondersteunend in die huwelik op te tree. Hierdie man sal byvoorbeeld dan ook meer daartoe geneig wees om die inisiatief by die inisiëring van kommunikasie in die huwelik te neem (Erickson, 1993:900).

Alhoewel daar talle studies ten opsigte van die vrou se persepsie van haar man se verrigting van emosionele werk in die dubbelinkomstehuwelik geïnisieer is, bestaan daar egter min data rakende die man se persepsie van die mate waartoe hy by die verrigting van emosionele werk betrokke is.

Een so 'n stuk navorsing is dié van Vannoy en Philliber (1992:395) wat aantoon dat die man se verrigting van emosionele werk in die dubbelinkomstehuwelik nie net deur sy vrou as positief ervaar word nie, maar dat die man self ook rapporteer dat hy 'n groter mate van persoonlike en huweliksvervulling as gevolg daarvan beleef. Dit wil verder voorkom dat die man in die dubbelinkomstegesin wat sensitief teenoor sy vrou in die huwelik optree en derhalwe dus doelbewus emosionele werk verrig, gewoonlik ook meer positief teenoor sy huwelik ingestel is - soveel so dat hoe groter sy betrokkenheid by die verrigting van emosionele werk in die huwelik is, hoe hoër is sy ervaring van huwelikskwaliteit en -integrasie (Vannoy en Philliber, 1992:396).

Ook Sekaran (1986:37) toon in hierdie verband aan dat die man wat meer by die verrigting van emosionele werk betrokke is, die klem op affektiwiteit, eerder as op mag en dominansie, in die gesin plaas. Hierdie man is gewoonlik ook meer gemaklik met die feit dat sy rolgedrag in stryd is met die tradisioneel voorgeskrewe "manlike" gedrag.

Die belangrikheid van die man se verrigting van emosionele werk in die huwelik word selfs verder beklemtoon, in soverre dit 'n sterker positiewe verband met die ervaring van huwelikskwaliteit toon, as wat dit die geval met die man se werklike deelname by die verrigting van huishoudelike en kinderversorgingstake is (Erickson, 1993:888). Thompson (1991:186) sluit by hierdie bevinding aan en stel dit as volg: "Such husbands give attention, if not assistance. For some women, it is enough to know that their husbands would help with family work if women really needed them to, even if they rarely do help out."

Vanuit die bespreking blyk dit dat navorsers nie net 'n algemene toename in die man se uitvoering van hierdie emosionele werk in die huwelik begin opmerk het nie, maar dat hulle ook toenemend die belangrikheid van veral die man se betrokkenheid in die rol as emosionele ondersteuner in die egpaar se ervaring van huwelikintegrasie, beklemtoon. Dit wil dus voorkom dat die man se rol as emosionele ondersteuner toenemend meer 'n realiteit in talle huwelike begin word het en dat die man se uitlewing van hierdie (addisionele) rol selfs in sekere gevalle as die ideaal voorgehou word. Dit is daarom van primêre belang dat meer navorsing spesifiek in verband met die man se persepsie

van sy verrigting van emosionele werk in die dubbelinkomstehuwelik geïnisieer moet word. Dit sal ook verder insiggewend wees indien vasgestel kan word in welke mate die vrou se persepsie van haar man se verrigting van emosionele werk in die huwelik met haar man se persepsie van sy eie verrigting van emosionele werk ooreenstem, al dan nie, en wat die invloed van moontlike verskille op die belewenis van huweliksintegrasië is.

'n Verdere tussenkomende veranderlike wat met die dubbelinkomste-egpaar se ervaring van huweliksintegrasië verband hou, is die mate waartoe die man 'n verbintenis tot groei in die huwelik toon.

3.4.4 Die man se verbintenis tot groei in die dubbelinkomstehuwelik

Die verbintenis tot die groei in die huwelik - die mate van inspanning om die huwelik "te laat werk" - word as een van die belangrikste veranderlikes in die bepaling van die aard van die huwelikskwaliteit beskou (Gelles, 1995:242). Verbintenis tot groei in die huwelik bestaan volgens De Waal (1990:35) per definisie uit drie betekenisdimensies, naamlik:

- * 'n Langtermynperspektief op die handhawing van die huwelik as 'n permanente eksklusiewe verhouding.
- * Betrokkenheid by die uitbouing van die huweliksmaat as persoon, sowel as by die huweliksverhouding as sodanig.
- * Konformiteit aan onderliggende waardesisteme rakende die handhawing van die huwelik as instelling.

Jessie Bernard (1982:94) se beskouing van die verbintenis tot die huwelik sluit by die bostaande definisie aan, in soverre sy 'n verduideliking gee van die verandering wat oor tyd ten opsigte van egpare se verbintenis tot die huwelik na vore getree het. Sy is byvoorbeeld van mening dat 'n klemverskuiwing plaasgevind het, waar die fokus op die institusionele aspek van die huwelik, vir die beklemtoning van die persoonlike aspek van die huwelik plek gemaak het. Daarmee saam het die fokus op die kwaliteite van kameraadskap en die beklemtoning van (romantiese) liefde in die

huwelik meer prominent na vore getree (Bernard, 1982:95). Persone wat 'n verbintenis tot die huwelik gemaak het, het dus vanaf 'n "ek"- na 'n "ons"-denkraamwerk verskuif. Dit impliseer egter nie, volgens Hall en Hall (1979:237), 'n opheffing van die persoon (in hierdie geval die man) as selfstandige individu nie.

Vanuit die literatuur blyk dit dat mans in die algemeen 'n laer mate van verbintenis tot die huwelik in vergelyking met vrouens toon. De Waal (1990:259) dui byvoorbeeld op grond van haar navorsing aan dat die mans, in vergelyking met die vroue in haar steekproef, 'n laer vlak van verbintenis tot betrokkenheid by die uitbouing van die huwelik deur toewyding, emosionele gebondenheid en opoffering getoon het.

In die navorsing van Nock (1995:510) bestaan daar egter nie so 'n duidelike aanduiding dat mans minder daartoe geneig is om 'n hoë mate van verbintenis tot die huwelik te toon nie. Die verskille wat wel tussen mans en vroue ten opsigte van verbintenis tot die huwelik bestaan, kan eerder volgens Nock (1995:511) toegeskryf word aan die hand van die feit dat mans en vroue om verskillende redes hulle tot die huwelik verbind, al dan nie. Dit is dus nie soseer die feit dat mans in 'n mindere mate 'n verbintenis tot die huwelik toon nie, maar eerder dat hulle om ander redes as vroue wel tot die huwelik verbind is. Anders as in die geval van die vrou, word die man se vlak van verbintenis tot die huwelik in die algemeen deur sy persepsie van sy eggenote se verbintenis tot hul huwelik beïnvloed. Met ander woorde, indien dit die man se belewenis is dat sy vrou 'n hoë mate van verbintenis tot die huwelik toon, sal hy self ook meer daartoe geneig wees om tot die groei in sy huwelik verbind te wees (Nock, 1995:513).

'n Groter mate van verbintenis tot groei in die huwelik bring gewoonlik mee dat 'n aantal eienskappe soos interafhanklikheid, sekuriteit, solidariteit en huweliksintegrasie meer prominent in die huwelik na vore tree (Bernard, 1982:95; De Waal, 1990:36; Johnson *et al*, 1999:173). In haar Suid-Afrikaanse navorsing ten opsigte van die werkende getroude vrou in die dubbelinkomstegesin, het Smit (1996:350) gevind dat daar 'n statisties beduidende positiewe verband tussen die vrou se verbintenis tot groei in die huwelik en haar ervaring van huweliksintegrasie bestaan. Vrae wat

hieruit voortvloei, is: In welke mate is dit ook die geval met die verband tussen die man in die dubbelinkomstegesin se verbintenis tot groei in die huwelik en sy ervaring van huweliksintegrasië? Sou hierdie verbintenis van die man tot groei in die huwelik ook verband hou met die mate waartoe hy 'n betrokkenheid toon by die verrigting van huishoudelike take; die versorging van die kinders en die verrigting van emosionele werk in die dubbelinkomstegesin?

Dit wil dus in die algemeen voorkom dat dit van groot belang is dat die mediërende invloed van tussenkomende veranderlikes soos onder andere die man se houding jeens sy vrou se beroepsdeelname; sy verrigting van huishoudelike take; sy betrokkenheid by die versorging van die kinders; sy verrigting van emosionele werk in die huwelik; en sy verbintenis tot groei in die huwelik, in aanmerking geneem word, wanneer die man se belewenis van 'n werk-gesin-passing in die dubbelinkomstegesin ter sprake kom.

'n Verdere veranderlike wat nie net tot 'n toename in die bogenoemde tussenkomende veranderlikes kan bydra nie, maar ook met die dubbelinkomste-egpaar se ervaring van huweliksintegrasië verband hou, kan in hierdie verband geïdentifiseer word. Hierdie veranderlike kan saamgevat word as die man se geslagsrol- en feministiese oriëntasie.

3.4.5 Die geslagsrol- en feministiese oriëntasie van die man in die dubbelinkomstegesin

Vier konsepte wat hand aan hand loop en wat met die man se betrokkenheid by die daaglikse aktiwiteite van die gesin en die ervaring van huweliksintegrasië verband hou, is geslagsidentiteit, geslagsideologie, geslagsroloriëntasie en feministiese oriëntasie.

Geslagsidentiteit, verwysend na die individu se diepste begrip van wie hy/sy is (Greenstein, 1996:586), hou met twee belangrike konsepte verband, naamlik *manlikheid* ("*masculinity*") en *vroulikheid* ("*femininity*"). Die wyse waarop persone hulself dus met kwaliteite van óf manlikheid óf vroulikheid identifiseer, sal 'n diepgaande invloed uitoefen op die wyse waarop hulle teenoor ander mense, veral hulle egliede, sal optree.

Greenstein (1996:586) is egter van mening dat terwyl geslagsidentiteit na die selfdefinisie ten opsigte van manlikheid of vroulikheid verwys, *geslagsideologie* na die element waaruit hierdie definisie saamgestel is, verwys. Wanneer die inhoudelike aard van geslagsidentiteite ter sprake kom, is dit belangrik om daarop te let dat talle teoretici van mening is dat hierdie identiteite sosiaal-kultureel gekonstrueer is (Epstein, 1998:53; Morrell, 1998:7). Hierdie standpunt ondermyn geensins die biologiese verskille wat tussen mans en vroue bestaan nie, maar beklemtoon eerder die feit dat manlikheid en vroulikheid binne bepaalde sosiale kontekste inhoudelik gedefinieer word. Daarom dat manlikheid en vroulikheid nie as monolitiese entiteite beskou kan word nie, maar dat dit in realiteit verskillend in verskillende samelewings gedefinieer kan word en deur talle sosiale faktore soos etnisiteit, sosio-ekonomiese klas en nasionaliteit gemedieer kan word (Berger *et al*, 1995:3). In die tradisie van Michel Foucault se bekende *model van geslagtelikheid* is dit belangrik om daarop te let dat die inhoudelik-gedefinieerde aard van geslagsidentiteite nie vaste gegewe entiteite is nie, maar dat dit eerder oor 'n dinamiese "vloeiende" kwaliteit beskik (Berger *et al*, 1995:6; Epstein, 1998:49).

So sal die tradisionele geslagsideologie in veral die geïndustrialiseerde Westerse samelewing byvoorbeeld *manlikheid* in verband bring met kwaliteite soos die beklemtoning van onafhanklikheid, rasionaliteit en aggressie; die uitoefening van emosionele beheer; die verheerliking van fisieke krag; en die beklemtoning van die broodwinnerrol. Die tradisionele kwaliteite wat met *vroulikheid* in verband gebring word, behels aspekte soos die bied van koesterende, emosionele ondersteuning en die beklemtoning van die huisvrou-moederrol (Sekaran, 1986:26; Gerson, 1993:264).

Daar het oor tyd, volgens Hawkins *et al* (1995:53), 'n herkonseptualisering van die geslagsidentiteit van veral manlikheid plaasgevind wat tot die nie-tradisionele geslagsideologie aanleiding gegee het. Hierdie nie-tradisionele geslagsideologie verwerp die aanname dat die kwaliteite wat met onderskeidelik manlikheid en vroulikheid geassosieer word wedersyds uitsluitend is. Intendeel, hierdie geslagsideologie beklemtoon die ooreenkomste wat tussen die twee geslagskategorieë bestaan en dat die geslagsverskille in werklikheid baie kleiner is as wat in die algemeen aanvaar

word (Gerson, 1993:264).

Die bipolêre beskouing van manlikheid versus vroulikheid word dus bevraagteken. In die plek daarvan word die klem eerder op die sogenaamde androgeniese kwaliteit van geslagsidentiteit geplaas - met die aanname dat 'n individu ook oor die kwaliteite kan beskik wat met die teenoorgestelde geslagsidentiteit geassosieer word (Pleck, 1987:37). So sal mans wat die nie-tradisionele geslagsideologie aanhang, die intieme betrokkenheid in die huishoudelike sfeer en by die versorging van hul kinders as verenigbaar met hul selfidentiteit van manlikheid, beskou (Hawkins *et al*, 1995:53).

Die sosiaal-kultureel gebonde geslagsideologie van 'n samelewing word gewoonlik in terme van die *geslagsroloriëntasie* van die lede van daardie samelewing uitgedruk. Dit wil sê dat die geslagsroloriëntasie die lede van die samelewing se meer "praktiese" interpretasie van die geslagsideologie is. Daarom hou die geslagsideologie van 'n samelewing ook met die egpaar in die dubbelinkomstegesin se geslagsroloriëntasie verband. Omdat die meeste huishoudelike en kinderversorgingstake met tradisioneel óf manlike óf vroulike kwaliteite geassosieer word, sal mans wat die tradisionele geslagsideologie geïnternaliseer het, ook geneig wees om die rolle in die huwelik en die allokering van taakverpligtinge op grond van hierdie geslagtelike onderskeid, te laat plaasvind (Greenstein, 1996:586). Dit beteken dus dat die man wat 'n tradisionele geslagsroloriëntasie handhaaf in 'n mindere mate by die verrigting van huishoudelike take en die versorging van die kinders betrokke sal wees, omdat hy hierdie "werk" as inkongruent met sy eie geslagsrol beskou (Coltrane, 1995:262; Glass, 1998:823).

Indien beide egliede 'n meer egalitêre geslagsroloriëntasie handhaaf, sal die man meer daartoe geneig wees om nie net in die algemeen 'n groter bydrae tot die uitvoering van die huishoudelike take en die versorging van die kinders te lêer nie, maar sal hy ook 'n meer gelyke allokering van hierdie take, met inagneming van die aard en die omvang van die take, tussen die egliede voorstaan (Krausz, 1986:461; Greenstein, 1996:585; Pittman en Blanchard, 1996:88; Glass, 1998:823).

Hierdie geslagsroloriëntasie *per se* is egter nie genoeg om te verseker dat die egpaar 'n nie-tradisionele gesinstyl sal handhaaf nie. Dit verg 'n hoë mate van verbintenis tot die uitlewing van hierdie geslagsroloriëntasie ten einde die beperkende tradisionele sosiale opvattinge ten opsigte van die rol van die man-vader in die gesin te oorkom. Sodoende moet daar verby die "afwesige man-vader" en die "man as blote hulp in huishoudelike taakverrigting en kinderversorging" beweeg word, ten einde ook die egpaar se ervaring van huwelikskwaliteit te verhoog (Gerson, 1993:229,254; Piña en Bengtson, 1993:910).

Die belangrikheid van hierdie wilsbesluit om die nie-tradisionele geslagsroloriëntasie te internaliseer, is sigbaar in die woorde van Hardy (soos deur Gerson (1993:276) aangehaal): "A central paradox of the human condition is that our species possesses the capacity to carry sexual inequality to its greatest known extremes, but we also possess the potential to realize an unusual social equality between the sexes should we choose to exercise that potential."

Een van die meer prominente geslagsroloriëntasies wat na vore tree wanneer die veranderende rolle van die man en die vrou in die dubbelinkomstegesin ter sprake kom, is 'n *feministiese oriëntasie*. 'n Persoon wat feministies georiënteerd is, staan die gelyke regte op alle terreine van die lewe, hetsy ekonomies, polities en sosiaal, vir beide mans en vroue voor (Gilbert, 1985:136). Toenemend meer navorsers beklemtoon die feit dat die mate waartoe die man 'n feministiese oriëntasie toon, 'n belangrike invloed op die aard van man-vrou verhouding in die huwelik kan uitoefen. Hierdie feministiese oriëntasie is veral van belang binne die konteks van die veranderinge en wysigings wat ten opsigte van die man se gesinrolle begin plaasvind het.

'n Man wat feministies georiënteerd is, sal volgens Blaisure en Allen (1995:11) meer daartoe geneig wees om sy vrou in die dubbelinkomstegesin ten opsigte van haar beroep te ondersteun. Verder sal hy ook die geneigdheid toon om 'n groter bydrae tot die verrigting van huishoudelike take te lewer (Greenstein, 1996:586), 'n meer gelyke magsverhouding in die huwelik voor te staan (Schwartz, 1994:2), meer konstruktief te kommunikeer en die emosionele behoeftes van sy eggenote in ag te neem (Blaisure en Allen, 1995:14).

Hierdie feministiese oriëntasie kan met die sogenaamde eweknie-huwelik, soos deur Schwartz (1994:2) gekonseptualiseer, in verband gebring word. Vier kenmerke rakende die eweknie-huwelik kan geïdentifiseer word. Die eerste van die vier kenmerke hou met die arbeidverdeling in die huishouding verband, terwyl die laaste drie kenmerke meer spesifiek met die magsverhouding in die huwelik geassosieer kan word (Schwartz, 1994:4): Eerstens, daar bestaan ten opsigte van taakallokering aan die egliede nie meer as 'n veertig-sestig tradisionele verdeling in die uitvoering van huishoudelike en kinderversorgingsverpligtinge nie. Tweedens, beide egliede het 'n gelyke sê in die neem van besluite en die oplossing van dispute. Derdens, beide egliede het 'n gelyke mate van beheer oor die gesin se finansiële sake en toegang tot diskresionêre fondse. Laastens, elk van die egliede se werk (intern en ekstern tot die gesin) weeg 'n gelyke gewig in die egpaar se lewensbeplanning (Schwartz, 1994:5) - 'n aspek wat veral in die dubbelinkomstegesin belangrik is.

Mans wat 'n feministiese oriëntasie handhaaf, is gewoonlik volgens Gilbert (1985:3) van mening dat beide mans en vroue wat beroepsaktief is, terselfdertyd ook 'n gesonde gesinslewe kan handhaaf. Vir hierdie mans beteken die huwelik as instelling 'n verhouding tussen 'n man en 'n vrou wat op kameraderie gebaseer is - 'n verhouding wat 'n gelyke vennootskap ten opsigte van al die fasette in die huwelikslewe impliseer (Schneir, 1994:101).

Blaisure en Allen (1995:16) noem byvoorbeeld in hierdie verband dat mans wat die manifestering van die feministiese waardes in die huwelik nastreef, hul huwelike as baie positief beleef. Hierdie twee outeurs beklemtoon dan ook dat die mans in hul studie feminisme as 'n kritieke komponent in die bevordering van hul huwelikskwaliteit beskou het en dat hulle van mening was dat hul eie feministiese oriëntasies hul huwelike bo dié van tradisionele huwelike laat uittroon. 'n Suksesvolle en gelukkige huwelik beteken vir hierdie mans, volgens Blaisure en Allen (1995:11), die volgende: "Moving toward something better translated into women being able to have their own identities while in marriage, and men being able to have connection with family members...feeling close to their children and to their partners."

Die inkorporering van die man in die feministiese stryd kan veral toegeskryf word aan die positiewe wyse waarop die liberale feministe tydens die hernieude opkoms van feminisme in die laat negentiensestigs en vroeë negentientewentigs, die veranderende rol van die man-vader bejeën het. Betty Friedan het veral sterk standpunt tydens die negentiensewentigs ten gunste van die voortbestaan van die gesin ingeneem. Sy het, anders as baie ander feministe, die gesin dus nie bloot as 'n instrument van die verdrukking van die vrou getipeer nie. In Friedan se eie woorde stel sy dit as volg: "The family, instead of being enemy territory to feminists, is really the underground through which secretly they reach into every man's life...the family [is] the new feminist frontier and the 'new man' one of its most important explorers." (Griswold, 1993:246)

Teen hierdie agtergrond is dit belangrik om enersyds vas te stel wat die man in die dubbelinkomstegesin se feministiese oriëntasie is en andersyds om te bepaal wat die verband tussen hierdie feministiese oriëntasie en die man se ervaring van huweliksintegrasië is.

'n Verdere groepering van onafhanklike veranderlikes wat nie net tot 'n toename in die tussenkomende veranderlikes kan bydra nie, maar ook met die dubbelinkomste-egpaar se ervaring van huweliksintegrasië verband hou, kan geïdentifiseer word. Hierdie groep veranderlikes kan saamgevat word as die man se sosiale omstandighede buite die konteks van die gesin van prokreasie.

3.5 DIE MAN SE SOSIALE OMSTANDIGHEDE BUITE DIE KONTEKS VAN SY GESIN VAN PROKREASIE

Die eerste van die veranderlikes wat onder hierdie opskrif saamgevat word, fokus spesifiek op die wyse waarop die man in sy gesin van oriëntasie gesosialiseer is.

3.5.1 Die wyse waarop die man in sy gesin van oriëntasie gesosialiseer is

Een van die belangrikste veranderlikes wat ondersoek moet word wanneer die man in die dubbelinkomstegesin se aktiewe vaderskapsbetrokkenheid en huishoudelike taakverrigting ter sprake kom, is die wyse waarop die man-vader in sy gesin van oriëntasie ten opsigte van die eggenoot- en vaderrol gesosialiseer is. Op grond van verskillende studies waar mans gevra is om 'n retrospektiewe blik op hul eie vaders se betrokkenheid by die daaglikse gesinslewe te werp, is twee belangrike bevindinge gemaak.

In die eerste plek kan die hoë mate van vaderbetrokkenheid by 'n man verklaar word aan die hand van sy reaksie op sy eie vader se *onbetrokkenheid* by kinderversorging. Op hierdie wyse is die man-vader dus gemotiveer om méér by die daaglikse versorging van sy kinders betrokke te wees, as wat die geval in sy eie tradisionele gesin van oriëntasie was (Russell, 1986:35). Die vraag is egter onder watter omstandighede sal die man wat binne die konteks van die tradisionele man-vader rol as kind gesosialiseer is, wel daartoe geneig wees om eerder die kultuur van die "*nuwe manlikheid*" en "*nuwe vaderskap*" in sy gesinsrolle toe te pas.

In die tweede plek kan 'n hoë mate van vaderbetrokkenheid verklaar word op grond van die man se nastrewing van sy eie vader se (nie-tradisionele) betrokkenheid by die versorging van sy kinders en die verrigting van huishoudelike take (Beer, 1983:43; Russell, 1986:35). Dit wil dus voorkom dat die wyse waarop die man-vader as kind ten opsigte van die aard van die eggenoot- en vaderrol gesosialiseer is, 'n rol speel in die mate waartoe hy betrokkenheid by sy kinders en die verrigting van huishoudelike take as deel van sy rol in sy gesin van prokreasie beskou - hetsy as reaksie op of navolging van sy eie vader se rolgedrag. Hierdie groter mate van betrokkenheid van die man in die huishouding gee dan weer aanleiding tot 'n verhoogde ervaring van huweliksgeluk in die dubbelinkomstegesin (Perry-Jenkins en Folk, 1994:166; Gable *et al*, 1995:609).

Bo en behalwe die wyse waarop die man-vader gesosialiseer is, speel die man se opvoedkundige peil ook 'n belangrike rol in die mate waartoe hy by die huishoudelike take en die versorging van sy

kinders betrokke sal wees.

3.5.2 Die opvoedkundige peil van die man in die dubbelinkomstegesin

Wanneer die opvoedkundige peil van die man in die dubbelinkomstegesin ter sprake kom, blyk dit dat indien sy opvoedkundige kwalifikasies meer met dié van sy eggenote vergelykbaar is, die man in die algemeen 'n groter bydrae tot die verrigting van huishoudelike take sal lewer (Erickson en Gecas, 1991:124). Dit gaan egter nie net oor die mate van vergelykbaarheid nie, maar ook oor die vlak van die egpaar se opvoedkunde peil wat 'n belangrike rol speel. Dit wil sê dat hoe hoër beide die man en die vrou se opvoedkundige peil is, hoe meer sal die man daartoe geneig wees om aan die uitvoering van huishoudelike verpligtinge deel te neem (Lopata *et al*, 1980:136; Moen, 1992:65).

Erickson en Gecas (1991:121) is verder ook van mening dat formele opleiding 'n bevrydende of 'n verliggende effek op vaderskap kan hê. Hiermee word geïmpliseer dat verdere opleiding in die algemeen die man-vader aan die waardes gekoppel aan koesterende vaderskap kan blootstel en sodoende sy persepsie ten opsigte van die rolgedrag van 'n vader kan verbreed. Dit skep 'n situasie waar die vader nie beperk word tot die rol van broodwinner en dissiplineerder nie, maar waar hy ook as versorger en vriend vir sy kinders kan optree. Dit bring in die algemeen mee dat hoe hoër die man se opvoedkundige peil is, hoe meer sal hy geneig wees om koesterend en vertroetelend teenoor sy kinders op te tree (Erickson en Gecas, 1991:121).

Cooney *et al* (1993:212) is van mening dat die hoë mate van vaderbetrokkenheid wat by die man met 'n hoër opvoedkundige peil aangetref word, toegeskryf kan word aan hierdie man se groter blootstelling aan inligting wat die positiewe effek van uitgebreide vaderbetrokkenheid vir die welsyn van sy kinders, beklemtoon.

Nie alleen word die *frekwensie* van vader-kind interaksie deur die opvoedkundige peil van die man-vader beïnvloed nie, maar die *tipe* interaksie tussen vader en kind word ook daardeur geraak.

Vaders met 'n hoër formele opvoeding is meer daartoe geneig om tyd in terme van opvoedkundige aktiwiteite met hul kinders deur te bring as wat die geval met vaders met laer opvoedkundige kwalifikasies blyk te wees. Jackson (1987:41) en Erickson en Gecas (1991:122) toon byvoorbeeld aan dat vaders met hoër kwalifikasies gewoonlik graag vir en/of saam met hul kinders boeke lees, hulle met hul skoolwerk help en hulle in hul opvoedkundige ideale bystaan.

Erickson en Gecas (1991:124) meen in hierdie verband dat alhoewel die inkomste van die man gewoonlik 'n impak op sy *gedrag* uitoefen, sy opvoedkundige peil gewoonlik eers 'n groter impak op sy *houdingsingesteldheid* uitoefen en daarna in gedrag laat manifesteer. Dit beteken dat 'n verhoging in die vlak van die man se opvoedkundige peil 'n meer diepliggende verandering ten opsigte van sy siening van egalitarisme in die huwelik teweegbring, as wat dit die geval met die vlak van sy inkomste is.

Die laaste van die veranderlikes wat in verband met die man se sosiale omstandighede buite die konteks van die gesin van prokreasie ter sprake kom, is die man se persepsie van die sosiale ondersteuning wat die dubbelinkomstegesin van hul sosiale netwerk ontvang en die mate waartoe die egpaar sosiale ingebedheid ervaar.

3.5.3 Die man se persepsie van sosiale ondersteuning en sosiale ingebedheid

Die egpaar se sosiale ondersteuningsnetwerk, wat belangrike ander soos familieledede, vriende, kollegas by die werk en bure insluit, kan 'n noemenswaardige invloed op die rolgedrag in die gesin uitoefen (Sekaran, 1986:38; Krausz, 1986:461). Rapoport en Rapoport (1976:314) is juis van mening dat die dubbelinkomstegesin met die sogenaamde sosiale netwerkdilemma gekonfronteer kan word, indien familieledede hulle teen die dubbelinkomste-egpaar se nie-tradisionele gesinsleweniswyse uitspreek.

Die meeste studies wat geïnisieer is ten opsigte van die dubbelinkomste-egpaar se ervaring van die ondersteuning wat hulle van hul sosiale netwerk ontvang, is vanuit die perspektief van die vrou

benader (Brannen en Moss, 1992:120). In studies waar die fokus wel op die perspektief van die man en/of beide egliede val, blyk dit dat die vrou-moeder in die algemeen meer ondersteuning ten opsigte van die verandering in haar rolle ervaar, as wat dit die ervaring van die man-vader met betrekking tot sy "nuwe" rolle in die dubbelinkomstegesin is (Russell, 1983:136).

Volgens Russell (1983:135) word die man in die algemeen aan negatiewe reaksies ten opsigte van sy groter deelname in gesinsaktiwiteite en sy meer egalitêre huweliksverhouding blootgestel. Hierdie reaksies is veral afkomstig van mans in die man-vader se sosiale netwerk wat steeds die tradisionele rolverdeling en rolhoude in die huwelik aanhang (Russell, 1983:136). Indien die man dus nie ondersteuning in sy rol as eggenoot en vader vanaf sy sosiale netwerk ontvang nie, bestaan die moontlikheid dat dit stremming op sy huweliksverhouding kan plaas (Googins, 1991:25).

In die geval waar die man wel deur sy sosiale netwerk ten opsigte van die groter mate van gelykheid in die huweliksrolle en sy deelname aan huishoudelike en kinderversorgingstake ondersteun word, sal die man, volgens Krausz (1986:462), meer daartoe geneig wees om 'n gelyke rolverhouding in die huwelik tot stand te bring. Verder kan die sosiale netwerk se aanvaarding en goedkeuring van die vrou se arbeidsmarkbetrokkenheid en die man se groter deelname aan die huishouding en kinderversorging daartoe aanleiding gee dat die egpaar 'n toename in die ervaring van huwelikskwaliteit in die dubbelinkomstegesin kan beleef (Lewis en Spanier, 1979:280; Lamb, 1995:33).

Hierdie aanvaarding en goedkeuring kan dan ook verband hou met die mate waartoe die man (en die vrou) 'n sin van om sosiaal ingebed te wees, ervaar. Hoe meer die egpaar ervaar dat hulle sosiaal ingebed is en hoe hoër die mate van hul betrokkenheid by hul sosiale netwerk en gemeenskapsaktiwiteite, hoe hoër sal beide die man en die vrou se ervaring van huwelikskwaliteit geneig wees om te wees (Lewis en Spanier, 1979:280).

Vanuit die voorafgaande bespreking blyk dit dat daar 'n aantal onafhanklike veranderlikes bestaan wat nie net tot 'n toename in tussenkomende veranderlikes, soos die mate waartoe die man by die

verrigting van huishoudelike en kinderversorgingstake betrokke is, kan bydra nie, maar dat dit ook met die dubbelinkomste-egpaar se ervaring van huweliksintegrasië verband hou.

3.6 SLOTBESKOUIING

Die renaissance van die feminisme, die toenemende toetrede van die werkende getroude vrou tot die arbeidsmark en die ontwikkeling van die kultuur van *die nuwe manlikheid en nuwe vaderskap* het 'n verandering in die huweliks- en gesinsrolle van veral die dubbelinkomstegesin geïnisieer. Hierdie veranderinge raak nie net die daaglikse lewens van gesinslede in die dubbelinkomstegesin nie, maar is ook onweerlegbaar deel van die omstandighede wat die voortbestaan en die positiewe aanpassing van die gesin as instelling in die toekoms kan beïnvloed.

Soos vanuit die bespreking blyk, is dit duidelik dat daar wel 'n verskuiwing plaas begin vind het in beide die man-vader se konseptualisering van sy gesinsrolle asook die geleentheid tot sy beskikking om hierdie "nuwe" rolhoude in die dubbelinkomstegesin uit te leef. Die "nuwe" man-vader poog nie net om die bestaan van 'n meer gelyke huweliksverhouding te bevorder nie, maar hy toon ook 'n intense behoefte om meer by die versorging en koestering van sy kinders betrokke te raak.

Hierdie huweliksverhouding, waar die egliede kamerade en vennote is, word deur baie egpare in die samelewing as ideaal voorgelou (Blaisure en Allen, 1995:5). Dit is veral in soverre talle studies, soos onder andere dié van Piña en Bengston (1993:910) en Aldous (1996:88), bevind het dat in huwelike waar daar 'n meer gelyke allokering van huishoudelike en kinderversorgingsverpligtinge tussen die egliede plaasvind en daar 'n meer gelyke magsverdeling bestaan, daar gewoonlik ook 'n hoër mate van huweliksintegrasië en -kwaliteit ervaar word. In welke mate hierdie huweliksverhouding reeds in die praktyk in die dubbelinkomstegesin gerealiseer het en wat die aard van die man in die dubbelinkomstegesin se persepsie van die uitlewing van sy gesinsrolle en sy ervaring van huweliksintegrasië in Suid-Afrika is, is vrae wat steeds onbeantwoord is. Dit is dan ook die doel van hierdie studie om onder andere lig op hierdie vrae te werp.

In die hierop volgende hoofstuk word aangedui watter veranderlikes in hierdie studie gebruik sal word ten einde 'n beter begrip van die bogenoemde vrae te ontwikkel. Daar word ook 'n breedvoerige metodologiese uiteensetting van die navorsingsontwerp en die operasionalisering van hierdie veranderlikes gegee.



HOOFSTUK 4

NAVORSINGSONTWERP

4.1. INLEIDING

Uit die bestudering van die literatuur, soos wat dit in die voorafgaande hoofstukke uiteengesit is, blyk dit dat die navorsing ten opsigte van die aard en die dinamika van die dubbelinkomstegesin die afgelope aantal dekades prominent op die voorgrond getree het. Die toename in die aantal dubbelinkomstegesinne in die samelewing, veral as gevolg van die toenemende toetrede van die getroude vrou tot die formele arbeidsmark, het lig op die voorkoms van werk-gesin-kwessies en die kontinue stremmingsoordragsproses tussen die werk- en gesinsfere gewerp (Paden en Buehler, 1995:101).

Soos in die geval met talle studies wêreldwyd, het navorsing in Suid-Afrika wat ten opsigte van die voorkoms van 'n werk-gesin-passing in die dubbelinkomstegesin gegenerer is, die *vrou* se persepsie daarvan as vertrekpunt geneem. Terwyl daar op die vrou se beroep- en huweliksituasie en háár belewenis van die realiteit gefokus is - onder andere haar belewenis van haar man se toenemende deelname en ondersteuning - het die belewenis van die *man* ten opsigte van sy veranderende deelname in die dubbelinkomstegesin nie soveel aandag geniet nie.

So toon die navorsing van van Carlson (1990), Small en Riley (1990), Paden en Buehler (1995) en Smit (1996) onder andere aan, dat hoewel die man-vader in baie gesinne nie meer die alleenbroodwinner is nie, waardeur sy rolle binne die gesin per implikasie geraak word, dit minder duidelik is wat sy nuwe patrone van betrokkenheid by en verbintenis tot die uitlewing van hierdie rolle is. Marsiglio (1995:13) is dan juis van mening dat een van die metodologiese tekortkominge rakende die sosiologiese navorsing ten opsigte van die man-vader, dié is dat hierdie navorsing te veel op die vrou-moeder se persepsie van haar man se belewenis van en betrokkenheid by

huishoudelike en kinderversorgingsaktiwiteite, berus. Dit is dus van kardinale belang dat die vraag gevra word, wat die aard van die mán-váder se éie belewenis en persepsie van sy gesinsrolle is, en in welke mate dit 'n verband, al dan nie, met sy ervaring van huweliksintegrasié toon.

4.2. DIE DOEL VAN DIE STUDIE

In die lig van die feit dat die kultuur van die "nuwe manlikheid" en die "nuwe vaderskap" toenemend die fokus op die rol van die man in die gesin begin plaas het, is dit dus belangrik dat die persepsie van die man-vader ten opsigte van sy rolle as eggenoot en vader in die dubbelinkomstegesin binne die Suid-Afrikaanse konteks ondersoek moet word. Teen hierdie agtergrond kan die **doel** van hierdie studie soos volg op 'n omvattende wyse gevra word:

Wat is die man se persepsie van sy rolle as eggenoot en vader in die dubbelinkomstegesin en in welke mate hou dit met sy ervaring van huweliksintegrasié, al dan nie, verband?

Vir die bereiking van hierdie **doel** is die volgende veranderlikes op grond van die teoretiese oorsig geïdentifiseer, wat lig op die bogenoemde vraag sal werp:

* **Beroepsverwante veranderlikes**

- # Die man se huidige beroep.
- # Die man se gemiddelde aantal werksdae per week.
- # Die gemiddelde aantal ure wat die man per dag by sy werk deurbring.
- # Die aantal ure per dag wat die man aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hy tuis is.
- # Die aantal ure per naweek wat die man aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hy tuis is.
- # Die mate waartoe die man van alternatiewe werkspatrone gebruik maak, al dan nie, indien dit tot sy beskikking gestel word.
- # Die mate waartoe die man van kraamverlof vir vaders gebruik sal maak, indien dit

tot sy beskikking gestel word.

- # Die mate waartoe die man beroepsbetrokkenheid toon.
- # Die mate waartoe die man beroepsverwante stres ervaar.

* **Gesinsverwante veranderlikes**

- # Die aantal afhanklike kinders wat tans by die egpaar woon.
- # Die ouderdom van die jongste kind.
- # Die geslag van die kind/ers.
- # Die man se persepsie van die mate waartoe hy by die verrigting van huishoudelike take betrokke is.
- # Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig.
- # Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon.
- # Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees.
- # Die man se persepsie van die mate waartoe hy emosionele werk in die huwelik verrig.
- # Die vrou se persepsie van die mate waartoe haar man emosionele werk in die huwelik verrig.
- # Die man se verbintenis tot groei in die huwelik.
- # Die man se ervaring van huweliksintegrasie.
- # Die mate waartoe die man feministies georiënteerd is.

* **Agtergrondsveranderlikes**

Persoonlike gegewens van die man:

- # Die man se huidige ouderdom.
- # Die man se huistaal.
- # Die man se hoogste opvoedkundige kwalifikasie.
- # Die man se huwelikstatus ten tyde van die sluiting van sy huidige huwelik.

Die aantal jare wat die man met sy huidige eggenote getroud is.

Die man se ouderdom by die geboorte van sy (eie) eerste kind.

Gegewens ten opsigte van die man se eggenote:

Die man se eggenote se hoogste opvoedkundige kwalifikasie.

Die man se eggenote se huidige beroep.

Die man se eggenote se gemiddelde aantal werksdae per week.

Die gemiddelde aantal ure wat die man se eggenote per dag by haar werk deurbring.

Die aantal ure per dag wat die man se eggenote aan beroepsverwante werk spandeer wanneer sy tuis is.

Gegewens ten opsigte van die man se gesin van oriëntasie:

Beroepstatus van die respondent se moeder/stiefmoeder, terwyl die respondent nog skool gegaan het.

Tipe beroep (indien enige) wat die respondent se moeder/stiefmoeder beoefen het, terwyl die respondent nog skool gegaan het.

Tipe beroep wat die respondent se vader/stiefvader beoefen het, terwyl die respondent nog skool gegaan het.

Die persepsie van die respondent ten opsigte van die mate waartoe sy vader/stiefvader aan die voorbereiding van voedsel deelgeneem het, terwyl die respondent nog op skool was.

Die persepsie van die respondent ten opsigte van die mate waartoe sy vader/stiefvader aan die verrigting van huishoudelike take deelgeneem het, terwyl die respondent nog op skool was.

Die persepsie van die respondent ten opsigte van die mate waartoe sy vader/stiefvader by die versorging van die kinders betrokke was, terwyl die respondent nog op skool was.

Algemene gegewens:

Die gebruikmaking van die dienste van 'n huishulp, al dan nie. Indien wel, wat is die aard van die indiensneming van die huishulp?

- # Die teenwoordigheid van 'n ander persoon in die huishouding (byvoorbeeld 'n grootouer of inwonende student) wat met die versorging van die kind/ers behulpsaam is.
- # Die respondent se beeld van die ideale gesin.
- # Die man se persepsie van die mate waartoe die huisgesin, in terme van die gesinsbegroting van sy vrou se inkomste afhanklik is.

In die verdere ontleding sal vasgestel word op watter wyse

- * die gesinsverwante veranderlikes met mekaar verband hou;
- * die beroepsverwante veranderlikes met die gesinsverwante veranderlikes verband hou; en
- * die agtergrondsveranderlikes met die gesinsverwante veranderlikes verband hou.

Hierdie veranderlikes sal ook gebruik word ten einde te bepaal of daar 'n verband is tussen:

- * die beroepsverwante veranderlikes en huweliksintegrasie;
- * die gesinverwante veranderlikes en huweliksintegrasie; en
- * die agtergrondsveranderlikes en huweliksintegrasie.

Daar sal ook by wyse van ontledings gepoog word om vas te stel watter veranderlike die grootste bydrae tot *huweliksintegrasie* en *verbintenis tot groei in die huwelik* lewer.

Hierby aansluitend sal vasgestel word in welke mate die *vrou se persepsie* van haar man se verrigting van emosionele werk in die huwelik met die *man se persepsie* van sy eie verrigting van emosionele werk verskil, al dan nie.

Met die inagneming van hierdie navorsingsdoel, kon daar op 'n navorsingstegniek besluit word en kon die ontwerp van die ondersoek gefinaliseer word.

4.3. KEUSE VAN 'n NAVORSINGSTEGNIEK EN DIE ONTWERP VAN DIE VRAELYS

Die oogmerk van hierdie studie was om by wyse van *kwantitatiewe data-ontleding* lig op die man se persepsie van sy rolle in die dubbelinkomstegesin te werp. Daarom is daar by die keuse van 'n navorsingstegniek op die gebruikmaking van 'n *vraelys* as metode van data-insameling besluit. Hierdie besluit is geneem met inagneming van beide die positiewe sowel as die negatiewe kritiek wat op die gebruikmaking van vraelyste gelewer is. Daar is egter teen die gebruikmaking van 'n posvraelys besluit in die lig van die feit dat hierdie wyse van data-insameling in die algemeen, volgens Babbie (1992:264), 'n lae responskoers toon. Daarom is besluit dat vraelyste persoonlik aan respondente uitgegee sou word en na die voltooiing daarvan weer persoonlik by hulle afgehaal sou word. In sekere gevalle is van kontakpersone in onder andere die Menslike Hulpbron Departemente by formele organisasies gebruik gemaak om die vraelyste aan die respondente binne die betrokke organisasie uit te gee en weer af te haal. Verder is die effektiwiteit van hierdie data-insamelingsmetode in 'n aanverwante studie van Smit (1996) bevestig.

Die vraelys, bestaande uit gestruktureerde items, is ontwikkel na aanleiding van die teoretiese vertrekpunte en die literatuuroorsig soos in die vorige hoofstukke uiteengesit. Beide diskrete en kontinue veranderlikes kom in hierdie vraelys voor. Vir die meeste van die diskrete veranderlikes is kategorieë vooraf opgestel wat as antwoordmoontlikhede in die vraelys gebruik is. 'n Voorbeeld van 'n vraag in hierdie verband is:

Van watter van die volgende maniere maak u van die dienste van 'n huishulp gebruik?

a)	Maak nooit van 'n huishulp gebruik nie	1
b)	Voltyds inwonende huishulp	2
c)	Voltydse huishulp, maar woon elders	3
d)	Vaste deeltydse huishulp, wat inwoon	4
e)	Vaste deeltydse huishulp, wat elders woon	5
f)	Maak soms per geleentheid van 'n huishulp gebruik	6

In die geval van die ander diskrete veranderlikes waarvoor daar nie vooraf kategorieë opgestel is nie, is van oop vrae gebruik gemaak. Relevante kategorieë is eers na die tyd op grond van die respondente se antwoorde ontwikkel. 'n Voorbeeld van 'n vraag in hierdie verband is:

Wat is u huidige beroep? (Spesifiseer in detail, byvoorbeeld tandarts)_____

Die respondente se antwoorde op hierdie vraag is na afloop van die insameling van die data soos volg in kategorië verdeel:

a) Ambagte	1
b) Dienslewerende beroepe	2
c) Klerklike/administratiewe beroepe	3
d) Semi-professionele beroepe	4
e) Bestuursberoepe	5
f) Professionele beroepe	6

Wat die kontinue veranderlikes betref, was sommige van hierdie veranderlikes voor-die-hand-liggend van aard. 'n Voorbeeld in hierdie verband is:

Wat is die huidige gemiddelde aantal werksure per dag wat u by die werk deurbring?
(byvoorbeeld 08 ure per dag)

ure per dag

Die meeste van die ander kontinue veranderlikes was egter nie so voor-die-hand-liggend soos die bogenoemde voorbeeld nie en daarom was dit nodig om skale vir hierdie veranderlikes op te stel. 'n Voorbeeld in hierdie verband is:

In watter mate sien u daarna uit om werk toe te gaan?

In geen mate

1	2	3	4	5
---	---	---	---	---

 In die hoogste mate

Hierdie skale is dan ook met die oog op die toetsing van die hipoteses opgestel wat na aanleiding van die literatuurstudie geformuleer is.

Daar is van die standpunt uitgegaan dat relevante skale - wat hier te lande gegenerer is - vir die studie gebruik sou word, aangesien skale wat onder buitelandse omstandighede ontwikkel is, nie noodwendig vir die studie van die man in die dubbelinkomstegesin in Suid-Afrika geskik sou wees nie. In die geval waar daar geen Suid-Afrikaanse skale bestaan nie, is relevante skale tydens hierdie studie gegenerer.

Die vraelys is op so 'n wyse ontwerp dat die respondente die instruksies maklik kon volg en die items volgens die korrekte manier, sonder die hulp van 'n onderhoudvoerder, self kon voltooi. Identiese vraelyste is in beide Afrikaans en Engels opgestel ten einde te verseker dat Afrikaans- sowel as Engelssprekende persone in die steekproef ingesluit kon word.

Omdat die man se persepsie van sy gesinsrolle in die dubbelinkomstegesin die hoof fokus van hierdie studie is, is die vraelysitems dienooreenkomstig opgestel. Die vraelysitems vir die meting van die verskillende veranderlikes is tematies in elf afdelings, naamlik afdelings A tot K, gekategoriseer. Die afdelings waaruit die vraelys bestaan het, is as volg:

- Afdeling A: Biografiese gegewens.
- Afdeling B: Vrae ten opsigte van die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take.
- Afdeling C: Vrae ten opsigte van die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie.
- Afdeling D: Vrae ten opsigte van die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon.
- Afdeling E: Vrae ten opsigte van die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, as daar geen huishulp beskikbaar is nie.

- Afdeling F: Vrae ten opsigte van die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik.
- Afdeling G: Vrae ten opsigte van die man se verbintenis tot groei in die huwelik.
- Afdeling H: Vrae ten opsigte van die man se ervaring van huweliksintegrasie.
- Afdeling I: Vrae ten opsigte van die man se feministiese oriëntasie.
- Afdeling J: Vrae ten opsigte van die man se beroepsbetrokkenheid.
- Afdeling K: Vrae ten opsigte van die man se ervaring van beroepsverwante stres.

Afgesien van die vraelys wat aan die man as respondente uitgedeel is, is 'n vraelys ook vir die eggenotes van hierdie mans ontwerp. Hierdie vraelys het slegs oor een skaal beskik, wat met dié van afdeling F van die man se vraelys (die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik) verband hou, naamlik:

Vrae ten opsigte van die *vrou se persepsie* van haar man se verrigting van emosionele werk in die huwelik.



Vervolgens sal voorbeelde van die items soos dit in die onderskeie afdelings voorkom, ter illustrasie van die inhoudelike aard van die vraelys voorgehou word.

4.3.1 Afdeling A: Biografiese gegewens

Die eerste afdeling van die vraelys bevat vrae ten opsigte van die biografiese agtergrondsgewens van die respondente. Sommige van hierdie items is saamgestel uit 'n verskeidenheid van gepubliseerde navorsingsmateriaal wat oor huweliks- en gesinsverwante aangeleenthede handel. 'n Aantal addisionele biografiese veranderlikes is egter by hierdie vraelys ingesluit, spesifiek met die oog op die identifisering van veranderlikes wat 'n rol ten opsigte van die man-vader se persepsie van sy gesinsrolle en sy ervaring van huweliksintegrasie kan speel. Die items sluit die volgende in:

*** Persoonlike gegewens van die man:**

- # Die man se huidige ouderdom.
- # Die man se huistaal.
- # Die man se hoogste opvoedkundige kwalifikasie.
- # Die man se huwelikstatus ten tyde van die sluiting van sy huidige huwelik.
- # Die aantal jare wat die man met sy huidige eggenote getroud is.
- # Die man se ouderdom by die geboorte van sy (eie) eerste kind.

*** Gegewens ten opsigte van die man se beroep:**

- # Die man se huidige beroep.
- # Die man se gemiddelde aantal werksdae per week.
- # Die gemiddelde aantal ure wat die man per dag by sy werk deurbring.
- # Die aantal ure per dag wat die man aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hy tuis is.
- # Die aantal ure per naweek wat die man aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hy tuis is.
- # Die mate waartoe die man van alternatiewe werkspatrone gebruik maak, al dan nie, indien dit tot sy beskikking gestel word.
- # Die mate waartoe die man van kraamverlof vir vaders gebruik sal maak, indien dit tot sy beskikking gestel word.

*** Gegewens ten opsigte van die man se eggenote:**

- # Die man se eggenote se hoogste opvoedkundige kwalifikasie.
- # Die man se eggenote se huidige beroep.
- # Die man se eggenote se gemiddelde aantal werksdae per week.
- # Die gemiddelde aantal ure wat die man se eggenote per dag by haar werk deurbring.
- # Die aantal ure per dag wat die man se eggenote aan beroepsverwante werk spandeer wanneer sy tuis is.

* **Gegewens ten opsigte van die egpaar se kind/ers:**

- # Die aantal afhanklike kinders wat tans by die egpaar woon.
- # Die ouderdom van die jongste kind.
- # Die geslag van die kind/ers.

* **Gegewens ten opsigte van die man se gesin van oriëntasie:**

- # Beroepstatus van die respondente se moeder/stiefmoeder, terwyl die respondente nog skool gegaan het.
- # Tipe beroep (indien enige) wat die respondente se moeder/stiefmoeder beoefen het, terwyl die respondente nog skool gegaan het.
- # Tipe beroep wat die respondente se vader/stiefvader beoefen het, terwyl die respondente nog skool gegaan het.
- # Die persepsie van die respondente ten opsigte van die mate waartoe sy vader/stiefvader aan die voorbereiding van voedsel deelgeneem het, terwyl die respondente nog op skool was.
- # Die persepsie van die respondente ten opsigte van die mate waartoe sy vader/stiefvader aan die verrigting van huishoudelike take deelgeneem het, terwyl die respondente nog op skool was.
- # Die persepsie van die respondente ten opsigte van die mate waartoe sy vader/stiefvader by die versorging van die kinders betrokke was, terwyl die respondente nog op skool was.

* **Algemene gegewens:**

- # Die gebruikmaking van die dienste van 'n huishulp, al dan nie. Indien wel, wat is die aard van die indiensneming van die huishulp?
- # Die teenwoordigheid van 'n ander persoon in die huishouding (byvoorbeeld 'n grootouer of inwonende student) wat met die versorging van die kind/ers behulpsaam is.
- # Die man se beeld van die ideale gesin.

- # Die man se persepsie van die mate waartoe die huisgesin, in terme van die gesinsbegroting van sy vrou se inkomste afhanklik is.

In die volgende tien afdelings, naamlik afdelings B tot K, is die data met die oog op die verskaling van items ingesamel en is die vrae aan die hand van 'n vyf-punt Likert-tipe skaal gevra. Die skaal het vanaf 1 tot 5 gevarieer, waar eersgenoemde (1) 'n aanduiding was dat dit **beslis nie die geval is nie**, terwyl 5 daarop gedui het dat dit **absoluut die geval is**. Indien die respondent 3 op die skaal as keuse aangedui het, het dit as aanduiding gedien dat dit **soms die geval is**. Elke skaal is slegs aan die eindpunte veranker met ankerwoorde relevant tot elke vraag, soos onder andere 'in geen mate' versus 'in die hoogste mate' en 'nooit' versus 'altyd'.

4.3.2 Afdeling B: Die man se persepsie van die mate waartoe hy by die verrigting van huishoudelike take betrokke is

Perry-Jenkins en Folk (1994:166) dui op grond van hul navorsing aan dat indien die man 'n meer gelyke deelname aan huishoudelike take het, beide die man en sy eggenote daartoe geneig sal wees om 'n verhoogde ervaring van huwelikskwaliteit te beleef. Die meetinstrument wat vir hierdie afdeling geformuleer is, was dan juis gerig op die meting van die man se persepsie van sy deelname aan huishoudelike taakverpligtinge. 'n Totaal van 23 items is in hierdie verband geformuleer.

Die huishoudelike take wat in hierdie skaal ter sprake kom, sluit in die eerste plek take in wat tydrowend van aard is en op 'n daaglikse basis verrig moet word - take wat tradisioneel, volgens Blair en Johnson (1992:571), hoofsaaklik die verantwoordelikheid van die vrou (en/of 'n huishulp) is. Hierdie take sluit onder andere in die beplanning, voorbereiding en bediening van maaltye; die versorging van klere; en die opruiming en instandhouding van vertrekke in die huis. Die volgende dien as voorbeelde:

Hoe dikwels stryk u u eie klere?

Nooit

1	2	3	4	5
---	---	---	---	---

Altyd

Hoe gereeld versorg u die skottelgoed?

Nooit	1	2	3	4	5	Altyd
-------	---	---	---	---	---	-------

In die tweede plek is daar ook vrae ten opsigte van die man se deelname aan huishoudelike take gevra wat tradisioneel as die man se taakverantwoordelikheid beskou word, byvoorbeeld:

Hoe dikwels reël u vir huishoudelike herstelwerkdienste?

Nooit	1	2	3	4	5	Altyd
-------	---	---	---	---	---	-------

Hoe dikwels verwyder u die vullis?

Nooit	1	2	3	4	5	Altyd
-------	---	---	---	---	---	-------

4.3.3 Afdeling C: Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig

Bo en behalwe die man se persepsie van sy werklike verrigting van huishoudelike take, kom 'n verdere aspek te opsigte van die verrigting van huishoudelike take ter sprake. Hierdie afdeling fokus spesifiek op die mate waartoe die respondent dit as regverdig beskou dat daar van 'n man verwag kan word om bepaalde huishoudelike take uit te voer, indien daar geen huishulp beskikbaar is nie.

Die items is op so 'n wyse geformuleer dat dit met dié in afdeling B (die man se persepsie van sy verrigting van huishoudelike take) ooreenstem. Eerder as om die man se persepsie van sy werklike gedrag te meet, is die man telkens in hierdie skaal gevra in welke mate hy dit as regverdig beskou dat dit van 'n man verwag word om hierdie spesifieke take te moet verrig. Weereens is beide die tradisioneel "vroue-take" en "manstake" in die skaal geïnkorporeer. Die volgende dien as voorbeelde van die 23 skaalitems:

Tot watter mate sou u sê dat dit regverdig teenoor 'n man is om van hom te verwag om sy eie klere te stryk?

Glad nie regverdig

1	2	3	4	5
---	---	---	---	---

Heeltemal regverdig

Tot watter mate sou u sê dat dit regverdig teenoor 'n man is om van hom te verwag om die badkamer op te ruim?

Glad nie regverdig

1	2	3	4	5
---	---	---	---	---

Heeltemal regverdig

4.3.4 Afdeling D: Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon

Googins (1991:116) het in sy navorsing bevind dat, alhoewel die man die afgelope aantal dekades meer by die praktiese aspekte van kinderversorging betrokke begin geraak het, die vrou nog steeds vir die meeste van die take wat hieraan verbonde is, verantwoordelik is. Navorsers soos onder andere Ritner (1992:78), Pruett (1993:49) en Lamb (1995:33) is egter van mening dat 'n hoë mate van vaderbetrokkenheid by kinderopvoeding en -versorging tot 'n verhoogde ervaring van huweliksatisfaksie kan aanleiding gee. Op grond hiervan is 20 items geformuleer as poging om vas te stel in welke mate die man in die dubbelinkomstegesin 'n betrokkenheid by sy kinders toon.

In die formulering van die vraelysitems is aandag aan die inkorporering van al drie die dimensies van vaderbetrokkenheid geskenk, naamlik:

- * Eerstens, *interaksie* - verwysend na die tyd wat die man-vader in 'n persoon-tot-persoon interaksiesituasie met sy kind deurbring (Lamb, 1995:23), byvoorbeeld:

Hoe dikwels speel u met u kind/ers speletjies?

Nooit

1	2	3	4	5
---	---	---	---	---

Altyd

Hoe dikwels doen u moeite om met u kind/ers te gesels?

Nooit

1	2	3	4	5
---	---	---	---	---

Altyd

- * Tweedens, *toeganklikheid* - die tyd wat die vader aan ouerskapsverwante aktiwiteite afstaan en die tyd wat die vader in die nabyheid van die kind deurbring, sonder om direk met die kind in interaksie te wees (Erickson en Gecas, 1991:117).

Hoe dikwels neem u u kind/ers na die plek waar hy/sy/hulle dagsorg ontvang? (hetsy skool, kleuterskool, dagmoeder, speelgroep)

Nooit

1	2	3	4	5
---	---	---	---	---

 Altyd

- * Derdens, *verantwoordelikheid* - die mate van aanspreeklikheid wat die vader ten opsigte van die versorging en welstand van sy kind aanvaar (Volling en Belsky, 1991:462).

Hoe dikwels vra u verlof by die werk aan om na u siek kind om te sien?

Nooit

1	2	3	4	5
---	---	---	---	---

 Altyd

4.3.4 Afdeling E: Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees

Soos in die geval van die man se deelname aan huishoudelike take, is daar nie net op die man se persepsie van sy werklike betrokkenheid by sy kinders gefokus nie. Die man se persepsie van mate waartoe hy dit as regverdig beskou dat daar van 'n man verwag kan word om bepaalde kinderversorgingstake uit te voer - wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie - is ook in hierdie opsig belangrik. Die volgende dien as voorbeelde van die 20 items wat in hierdie verband geformuleer is:

Tot watter mate sou u sê dat dit regverdig teenoor 'n man is om van hom te verwag om sy kind te versorg wanneer hy/sy siek is?

Glad nie regverdig

1	2	3	4	5
---	---	---	---	---

 Heeltemal regverdig

Tot watter mate sou u sê dat dit regverdig teenoor 'n man is om van hom te verwag om toe te sien dat die kind/ers tande borsel?

Glad nie regverdig

1	2	3	4	5
---	---	---	---	---

Heeltemal regverdig

4.3.5 Afdeling F: Die man se persepsie van die mate waartoe hy emosionele werk in die huwelik verrig

Een van die belangrikste tussenkomende veranderlikes wat 'n mediërende invloed op die verband tussen die dubbelinkomste-egpaar se arbeidsmarkdeelname en die ervaring van huweliksintegrasie kan uitoefen, is die man se verrigting van emosionele werk in die huwelik. Die oorspronklike skaal, bestaande uit 32 items, wat deur Smit (1996) vir die toetsing van hierdie veranderlike geformuleer is, is vir die doeleindes van hierdie studie tot 26 items verfyn. Die wyse waarop onder andere Gray *et al* (1990) en Erickson (1993) die konsep *emosionele werk* operasionaliseer, was van groot waarde in die verfyning van hierdie skaal.

Die drie tegnieke van emosionele werk, soos deur Hochschild (1979:562) geïdentifiseer, is in die formulering van die items in aanmerking geneem.

- * Eerstens, die *kognitiewe tegniek* waar die eglied 'n poging aanwend om doelbewus 'n verandering in sy/haar eie opvattinge, idees en (tradisionele) houdingsingesteldhede te bewerkstellig. 'n Voorbeeld van 'n vraag in hierdie verband is:

In watter mate sal u u vrou se mening in ag neem wanneer u oor die aanvaarding van 'n nuwe beroepspos moet besluit?

In geen mate

1	2	3	4	5
---	---	---	---	---

In die hoogste mate

- * Tweedens, die *liggaamlike tegniek* - die poging om die somatiese of fisieke simptome van emosie te verander. 'n Voorbeeld van 'n vraag in hierdie verband is:

Hoe dikwels betoel u doelbewus u humeur tydens 'n woordewisseling met u vrou?

Nooit

1	2	3	4	5
---	---	---	---	---

Altyd

- * Derdens, die *ekspressiewe tegniek* - die gebruik van ekspressiewe gebare (waarby taal ingesluit is) ten einde die ander persoon se emosionele welsyn te bevorder. 'n Voorbeeld van 'n vraag in hierdie verband is:

Hoe dikwels komplimenteer u u vrou oor haar voorkoms?

Nooit

1	2	3	4	5
---	---	---	---	---

Altyd

Alhoewel hierdie studie primêr op die man-vader en sy belewenis van sy rolgedrag in die gesin fokus, is elk van die respondente se eggenotes vir die voltooiing van 'n vraelys genader. Hierdie vraelys bestaan slegs uit 'n enkele skaal, naamlik die vrou se persepsie van haar man se verrigting van emosionele werk in die huwelik. Die items van hierdie skaal, alhoewel gevra vanuit die perspektief van die vrou, stem item vir item met dié van die skaal in afdeling F (die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik) ooreen. Op hierdie wyse kan 'n ontleding gedoen word ten einde vas te stel in welke mate die vrou se persepsie van haar man se verrigting van emosionele werk in die huwelik met haar man se persepsie van sy eie verrigting van emosionele werk ooreenstem, al dan nie, en wat die invloed van moontlike verskille op sy belewenis van huweliksintegrasië is.

Enkele voorbeelde van die 26 items wat aan die respondent se eggenote voorgehou is, is onder andere:

Hoe dikwels komplimenteer u man u oor u voorkoms?

Nooit

1	2	3	4	5
---	---	---	---	---

Altyd

In watter mate is u man sensitief ten opsigte van u gevoelens?

In geen mate

1	2	3	4	5
---	---	---	---	---

In die hoogste mate

4.3.7 Afdeling G: Die man se verbintenis tot groei in die huwelik

Ter bepaling van die mate waartoe die man tot die groei in sy huwelik verbind is, is van die meetinstrument soos deur De Waal (1990) geformuleer en deur Smit (1996) verfyn, gebruik gemaak. Alhoewel De Waal (1990) oorspronklik drie dimensies van verbintenis tot die huwelik geïdentifiseer het, naamlik verbintenis tot 'n langtermynperspektief op die handhawing van die huwelik as permanente en eksklusiewe verhouding; verbintenis tot konformiteit aan waardesisteme rakende die handhawing van die huwelik as instelling; en verbintenis tot betrokkenheid by die groei in die huwelik, is slegs van die laaste dimensie in hierdie vraelys gebruik gemaak. 'n Totaal van elf items is vir die meting van hierdie veranderlike gebruik, soos onder andere:

In welke mate is u bereid om daaraan te werk om nader aan u huweliksmaat te groei?

In geen mate

1	2	3	4	5
---	---	---	---	---

In die hoogste mate

In watter mate is u bereid om u vrou deur dik en dun by te staan?

In geen mate

1	2	3	4	5
---	---	---	---	---

In die hoogste mate

4.3.8 Afdeling H: Die man se ervaring van huweliksintegrasië

Huweliksintegrasië word volgens Viljoen (1977:73) teweeggebring waar interaksie in die huwelik in só 'n mate koöperatief en emosioneel ondersteunend van aard is, dat die verskillende areas van huweliksaktiwiteite met die minste van destruktiewe konflik gepaard gaan, sodat die huwelik as eenheid bly voortbestaan. Die skaal wat oorspronklik deur Viljoen (1977) ontwikkel is en later deur Du Toit (1992) en Smit (1996) tot 19 items verfyn is, is in hierdie verband gebruik. Die volgende

dien as voorbeelde van die items wat ten opsigte van die meting van huweliksintegrasië in die vraelys voorkom:

Hoe dikwels gesels u openhartig met u vrou oor aspekte wat probleme in die huwelik kan veroorsaak?

Nooit

1	2	3	4	5
---	---	---	---	---

Baie dikwels

In welke mate voldoen u huwelik aan die verwagtinge wat u daarvoor gekoester het?

In geen mate

1	2	3	4	5
---	---	---	---	---

In die hoogste mate

4.3.9 Afdeling I: Die mate waartoe die man feministies georiënteerd is

Toenemend meer navorsers is van mening dat die mate waartoe die man 'n feministiese oriëntasië openbaar 'n belangrike invloed op die aard van die man-vrou-verhouding in veral die dubbelinkomstehuwelik kan uitoefen (Blaisure en Allen, 1995:5). Hierdie feministiese oriëntasië is veral van belang binne die konteks van die veranderinge en wysigings wat ten opsigte van die man se gesinsrolle begin plaasvind het.

Die meeste van die 21 items in hierdie skaal is op so 'n wyse verwoord dat die respondent op 'n vyf-puntskaal moes aandui tot watter mate hy met 'n bepaalde stelling saamstem, al dan nie. Die respondente moes in die eerste plek op stellings ten opsigte van die rol van die vrou in die samelewing reageer, byvoorbeeld:

In watter mate stem u met die volgende stelling saam?: "Vroue behoort meer as wat tans die geval is, in regeringsliggame verteenwoordig te word."

Stem glad nie saam nie

1	2	3	4	5
---	---	---	---	---

Stem heeltemal saam

In die tweede plek moes respondente op stellings ten opsigte van die posisie van die vrou in die gesin reageer, byvoorbeeld:

In watter mate stem u met die volgende stelling saam?: "Die posisie van die vrou binne die huwelik, is dié van 'n gelyke vennoot."

Stem glad nie saam nie

1	2	3	4	5
---	---	---	---	---

 Stem heeltemal saam

In die derde plek moes respondente op stellings ten opsigte van die werkende getroude vrou reageer, byvoorbeeld:

In watter mate stem u met die volgende stelling saam?: "As 'n vrou haar beroepsrol en haar rol as vrou en moeder as ewe belangrik beskou, sal dit haar gesinsverhoudings benadeel."

Stem glad nie saam nie

1	2	3	4	5
---	---	---	---	---

 Stem heeltemal saam

4.3.10 Afdeling J: Die mate waartoe die man beroepsbetrokkenheid toon

Teenoor die algemene verwagting dat die man se betrokkenheid by en verbintenis tot sy beroep negatief op sy huweliks- en gesinsverhoudings kan inwerk, is O'Neil en Greenberger (1994:110) van mening dat dit nie noodwendig die geval is nie. Hierdie outeurs beklemtoon byvoorbeeld dat indien die man 'n hoë mate van verbintenis tot sy werk sowel as 'n verbintenis tot sy gesinsrolle toon, dit nie net tot 'n laer mate van rolstremming kan aanleiding gee nie, maar dat sy gesinverhoudings ook daardeur bevorder kan word.

Een van die oogmerke van hierdie studie is dan juis om vas te stel in welke mate die man se beroepsbetrokkenheid 'n invloed op sy persepsie van die uitlewing van sy gesinsrolle en sy ervaring van huweliksintegrasie, kan uitoefen. Vir die doeleindes van hierdie studie is Smit (1996) se verfyning van die oorspronklike skaal, soos deur du Toit (1992) opgestel, gebruik. Omdat hierdie

oorspronklike skaal die beroepsbetrokkenheid van die *vrou* meet, moes die items vir die doeleindes van hierdie studie herformuleer word ten einde dit op die man en sy ervaring van beroepsbetrokkenheid van toepassing te maak. Verder, is twee vrae wat in die oorspronklike skaal voorkom geheel en al uitgelaat omdat hierdie vrae slegs op die werkende *vrou* van toepassing is. Voorbeelde van die 19 skaalitems is onder andere:

Hoe belangrik is dit vir u om werklik suksesvol in u beroep te wees?

Geensins

1	2	3	4	5
---	---	---	---	---

Baie belangrik

In watter mate sien u daarna uit om werk toe te gaan?

In geen mate

1	2	3	4	5
---	---	---	---	---

In die hoogste mate

4.3.11 Afdeling K: Die mate waartoe die man beroepsverwante stres ervaar

Beroepstremming, volgens Hughes *et al* (1992:34), wat onder andere as gevolg van lang werksure ervaar word, kan met 'n toename in huweliksargumente geassosieer word. Dit hou dan ook met die stremmingsoordragproses wat wedersyds tussen die beroep- en gesinsfeer plaasvind, verband (Gilbert, 1985:138). Die skaal wat in hierdie afdeling voorkom, is ontwerp met die oog daarop om die mate waartoe die man beroepverwante stres ervaar, te bepaal. In die formulering van die 16 skaalitems is aandag aan verskillende dimensies van beroepverwante stres gegee en sluit vrae in soos onder andere:

In watter mate ervaar u stres omdat u meen dat u nie genoeg erkenning vir u werk kry nie?

In geen mate

1	2	3	4	5
---	---	---	---	---

In die hoogste mate

Benadeel u beroepsdeelname u fisieke gesondheid?

In geen mate

1	2	3	4	5
---	---	---	---	---

In die hoogste mate

4.4. DIE GELDIGHEID VAN DIE MEETINSTRUMENT

Babbie (1992:132) beklemtoon die belangrikheid van 'n meetinstrument wat op 'n toereikende wyse die veranderlikes meet wat dit veronderstel is om te meet. Met die oog daarop om hierdie geldigheidsaspek van die meetinstrument na te gaan, is die konsepvraelys aan ses gesinsosioloë en metodoloë verbonde aan verskillende universiteite vir kommentaar voorgelê. Vier van hierdie deskundiges beskik oor internasionale status binne die veld van gesinsosiologiese navorsing.

Hierdie deskundiges is in die eerste plek versoek om die *konstrukgeldigheid* van die skaalitems te evalueer. In hierdie verband is daar aandag geskenk aan die moontlike voorkoms van die duplisering van vrae, dubbelloopvrae, dubbelsinnige vrae en leidende vrae. In die tweede plek is die deskundiges gevra om die *inhoudsgeldigheid* van die meetinstrument te evalueer. Die inhoudsgeldigheid van 'n bepaalde skaal verwys na die mate waartoe dit die omvang of bestek van die betekenisdimensies van 'n bepaalde veranderlike meet (Babbie, 1992:133). Sodoende het die deskundiges nie net kommentaar ten opsigte van die relevansie van die skaalitems gelewer nie, maar het hulle ook aandag geskenk aan die mate waartoe 'n bepaalde skaal al die dimensies van die betrokke veranderlike meet. Op grond van die deeglike nagaan van die aanbevelings van die deskundiges, was dit moontlik om die vraelys te finaliseer.

4.5. DIE STEEKPROEF

Ten einde as 'n respondent vir hierdie studie te kwalifiseer, moes die persoon aan die volgende kriteria voldoen: Die respondent moes (a) 'n blanke (b) Afrikaans- en/of Engelsprekende (c) getroude man wees, wat (d) 'n lid van 'n dubbelinkomstegesin is, waar (e) daar ten minste een inwonende kind in die gesin is wat nie ouer as dertien jaar oud is nie. Verder moes hierdie man ook (f) in 'n stedelike gebied in Gauteng woonagtig wees.

Die rede waarom die steekproef slegs vanuit die populasie van *blanke* mans in dubbelinkomstegesinne getrek is, is omdat die vraelys hoofsaaklik op grond van blanke westerse

waardes en norme opgestel is. Kulturele en etniese verskille is dus nie as 'n veranderlike gekontroleer nie en daarom is slegs blanke Engels- en/of Afrikaanssprekende mans by die navorsing betrek. Dit is egter van groot belang dat mans in ander bevolkingsgroepe se perspesies van hul gesinsrolle in afsonderlike studies aandag behoort te geniet.

Inaggenome die feit dat die respondente in die steekproef aan hierdie spesifieke vereistes moes voldoen, kon daar nie van 'n toevallige steekproef gebruik gemaak word nie. Daarom is 'n kombinasie van die doelbewuste en kumulatiewe effek steekproeftrekkings vir die doeleindes van hierdie studie gebruik.

Vir die doeleindes van die **doelbewuste steekproefneming** is van kontakpersone by kleuterskole, skole en formele organisasies gebruik gemaak, ten einde potensiele respondente te identifiseer. In hierdie verband is ses **kleuterskole** genader waarvan die eenaars en/of hoofde van hierdie instansies as kontakpersone opgetree het. 'n Totaal van 98 respondente kon op hierdie wyse by die studie betrek word.

Verder is daar ook van kontakpersone in die personeelafdelings en Menslike Hulpbron Departemente van **formele organisasies** ter identifisering van moontlike respondente, gebruik gemaak. Vraelyste kon op hierdie wyse aan 201 respondente by 22 formele organisasies vir voltooiing beskikbaar gestel word.

Een Engelse en twee Afrikaanse **kerke** is genader ten opsigte van lidmate wat moontlik aan die kriteria van die steekproef kon voldoen, en op hierdie wyse kon 'n verdere 32 respondente geïdentifiseer word. Die laaste wyse waarop van die doelbewuste steekproefneming gebruik gemaak is, is by wyse van **persoonlike kennis** wat aan die navorser bekend is. 'n Totaal van 22 respondente is op hierdie wyse genader.

Naas die doelbewuste steekproefneming is daar egter ook van 'n **kumulatiewe effeksteekproef** gebruik gemaak. Die implementering van hierdie metode van steekproeftrekking was afgestem op

die identifisering van respondente by wyse van die sogenaamde kettingreferensiesistiem. Hierdie analogiese sneeubaleffek is deur middel van **persoonlike kontakte** en **kennisse** bewerkstellig, in soverre respondente wat by wyse van die bogenoemde metodes gekontak is, ander moontlike respondente wat aan die nodige vereistes voldoen, geïdentifiseer het.

Hierdie potensiële respondente is per telefoon gekontak en indien hulle hulself bereidwillig verklaar het om aan die navorsing deel te neem, is 'n persoonlike ontmoeting met elk van hulle gereël. Op hierdie wyse kon 'n verdere 47 voltooide vraelyste ingesamel word.

Deur middel van die bogenoemde metodes is daarin geslaag om die voorafbepaalde steekproefgrootte van 400 mans in dubbelinkomstegesinne te verkry. In die geval waar sommige respondente die vraelyste óf verlê óf onvolledig teruggestuur het, is telkens ander respondente vir die voltooiing van die vraelys genader, totdat die teikengrootte van 400 respondente bereik is. 'n Totaal van 427 vraelyste is uitgegee, waarvan 12 onvolledig teruggestuur is en 15 glad nie terugontvang is nie. Die responskoers van hierdie studie was dus 'n besondere hoë 94%.

4.6. INSAMELING VAN DIE GEGEWENS

Daar is slegs van een veldwerker tydens die insameling van die data gebruik gemaak. Hierdie veldwerker was volledig ingelig met betrekking tot die aard en doelstellings van die studie asook ten opsigte van die kriteria waaraan die respondente moes voldoen ten einde by die steekproef ingesluit te kon word. Afgesien van die navorser wat kontakbesoeke met respondente geïnisieer het, was die veldwerker ook vir die identifisering en werwing van potensiële respondente, die verspreiding en die afhaal van die vraelyste verantwoordelik. Die veldwerker was dus ook tot so 'n mate met die navorsing vertrouwd dat sy 'n volledige verduideliking van die aard van die studie aan respondente kon gee. In gevalle waar die respondente van die geleentheid gebruik gemaak het om kommentaar op die vraelys te lewer, was die veldwerker ingelig ten opsigte van die wyse waarop hierdie kommentaar aan die navorser oorgedra kon word. Elke respondent het ook die keuse gehad om die vraelys, wat met 'n koevert voorsien is, per pos aan die navorser te stuur indien die persoon

nie via die kontakpersoon te werk wou gaan nie. Slegs drie respondente het van hierdie opsie gebruik gemaak.

Die geleentheid is ook aan elk van die respondente gegee om mondelinge en/of skriftelike **kommentaar** op die vraelys te lewer. Die oorwegende reaksie wat die vraelys in hierdie verband uitgelok het, was besonder positief. Hierdie reaksie is veral waargeneem in soverre die respondente gerapporteer het dat die vraelysitems hulle tot nadenke gestem het. Talle respondente het ook gesê dat hulle die navorsingsonderwerp baie insiggewend gevind het en het die wens uitgespreek om meer van die eindresultate te wete te kom.

4.7 PROBLEME WAT TYDENS DIE NAVORSING ONDERVIND IS

Ten spyte van die feit dat 'n aantal potensieële respondente geweier het om by die studie betrek te word, is betreklik min probleme tydens die verloop van die insameling van die data ondervind. Die enigste probleem wat die meeste tyd in beslag geneem het, was die feit dat een van die persone wat as 'n kontakpersoon by 'n formele organisasie opgetree het tydens die duur van die insameling van die data van werk verander het. Dit het meegebring dat die navorser self die betrokke respondente in die hierdie formele organisasie moes 'opspoor' ten einde die voltooide vraelyste te kon afhaal.

Die gemak waarmee die insameling van die data voltooi is, is waarneembaar in die relatief kort bestek waarin die veldwerk vir hierdie navorsing afgehandel is. Die veldwerkfase het op 22 Maart 1999 'n aanvang geneem en is teen 16 Augustus 1999 afgehandel.

* * *

In die volgende hoofstuk, hoofstuk 5, sal daar op die wyse waarop die gegewens verwerk sal word asook die ontwikkeling van skale gefokus word. Ten einde die empiriese ondersoek tot volledige uitvoering te bring, is dit verder ook nodig om in die ontwerp van die navorsing 'n aantal spesifieke hipoteses, vir die toetsing daarvan, te formuleer. 'n Volledige stel hipotese sal dan ook in die volgende hoofstuk gegee word.

HOOFSTUK 5

DIE ONTWIKKELING VAN SKALE EN DIE FORMULERING VAN HIPOTEESES

5.1 INLEIDING

Soos uit die beskrywing van die navorsingsontwerp in die vorige hoofstuk blyk, is daar tydens hierdie navorsing van die vraelys as instrument vir die insameling van die data gebruik gemaak. Ten einde die gegewens ten opsigte van die meer kwalitatiewe beoogde kontinue beroeps- en gesinsverwante veranderlikes vir ontledingsdoeleindes te kwantifiseer, was dit nodig om vir elk van die veranderlikes skale te ontwikkel. Om te bepaal watter items ten opsigte van elk van die betrokke veranderlikes een-dimensioneel van aard is, is daar telkens van 'n eerste- en tweede-orde faktorontleding gebruik gemaak. Die items wat na die tweede-orde faktorontleding op 'n bepaalde faktor saamgegroepeer het, is basies as skaalitems vir die meting van die bepaalde veranderlikes geneem. Hierdie items is egter vir verdere verfyning en vir die bepaling van die betroubaarheid aan 'n verdere itemontleding onderwerp. Waar die betroubaarheid verhoog is deurdat bepaalde items uitgeval het, is die items in die finale skaal vir die meting van elk van die veranderlikes, weggelaat. Die finale skaal vir elke veranderlike het dus uit die items wat oorgebly het, bestaan.

In hierdie hoofstuk word 'n gedetailleerde uiteensetting van beide die statistiese ontwikkeling van die meetinstrumente¹ asook die hipoteses wat op grond daarvan geformuleer is, gegee.

¹Die beskrywing van die ontwikkeling van die meetinstrumente is gebaseer op die uiteensetting soos deur De Waal (1990) en Smit (1996) gegee.

5.2 FAKTORONTLEDINGS

Vir die ontleding van elke skaal is daar van faktorontledings gebruik gemaak. Om mee te begin is al die items wat vir die meting van 'n spesifieke veranderlike geformuleer is, geïnterkorreleer, waarna die aantal faktore wat onttrek moes word, bepaal is. Vir hierdie doeleindes is die hoofkomponentmetode (*Principal Component Analysis* of PCA-subroetine) van die *Biomedical Computer Programme* (BMD P 4M) uitgevoer. Die getal faktore is aan die hand van Kaiser (1970) se kriterium geskat, met ander woorde, soveel faktore as wat daar latente wortels (*eigenwaardes*) groter as een in die ongereduseerde interkorrelasie-matriks is.

Die volgende stap was om vas te stel hoe om die aanvangskommunaliteite vir die uitvoering van die faktorontledings te skat. Dit is by wyse van die gekwadreerde meervoudige korrelasiekoëffisiënt gedoen wat in die hoofdiagonaal van die interkorrelasie-matriks verskyn. Die iteratiewe hooffaktorontleding (*Principal Factor Analysis* of PFA-subroetine) is uitgevoer deur die gekwadreerde meervoudige korrelasies as aanvangskommunaliteite te gebruik. Die toleransiewaarde wat ten opsigte van die kommunaliteite gestel word, of anders gestel hoeveel iterasies uitgevoer moet word voordat die kommunaliteite na bevrediging sou konvergeer, is 0.0001. Op grond hiervan word die iteratiewe prosedures gestaak die oomblik as die kommunaliteite op hierdie punt konvergeer.

Die ongeroteerde faktormatriks, wat deur die toepassing van die PFA-subroetine verkry is, is na 'n eenvoudige struktuur geroteer deur van 'n ortogonale rotasie, naamlik die Varimax-metode gebruik te maak. Sodoende is die faktore onafhanklik van mekaar gehou en elke item is uniek aan die faktor waarop dit die hoogste laai, toegesê. Die iteratiewe prosedure is herhaal totdat die kommunaliteite konvergeer tot 'n toleransiewaarde van 0.0001, wat as aanduiding van 'n stabiele uitkoms dien.

By wyse van hierdie proses kon 'n geroteerde faktormatriks verkry word, waar met behulp van inspeksie gesien kon word watter items die hoogste op 'n bepaalde faktor laai. Die items wat op geen faktore hoër as 0.250 gelaai het nie, is gevolglik uitgeskakel. Waar nodig, is refleksies

gedoen om beduidende negatiewe ladings in die faktormatriks uit te skakel. Dit impliseer dat die rigting van nasien gewysig is. Dit is belangrik om daarop te let dat slegs faktore wat oor ten minste twee items beskik wat hoog daarop laai, vir verdere ontledings gebruik is. Die rede hiervoor is dat faktore wat slegs oor twee items wat hoog daarop laai ('n doeblet) beskik, wel 'n tentatiewe aanduiding van 'n faktor gee, maar swak bepaal is.

'n Problematiese aspek wat tydens die faktorontleding na vore getree het, is dat die items wat differensieel skeef is, 'n simplekstruktuur vorm wat die teenoorgestelde van die werklike struktuur is. Die simpleksstruktuur moes dus eers verwyder word, alvorens die werklike struktuur gevind kon word. Ten einde die vorming van 'n simplekstruktuur te verhoed, is die items wat op een faktor saam hoog laai, vir elke respondent gesummeer met die aanname dat die somtotaal van die items 'n beter verspreiding as die afsonderlike items sou gee. Subtellings is dus vir elke persoon ten opsigte van elke faktor bereken deur die items wat by elke faktor die hoogste laai, saam te groepeer en vir elke respondent te summeer. Dit beteken dat elke item slegs eenkeer gebruik is en sodoende is daar vir elke respondent 'n nuwe telling per faktor verkry. Die genoemde gesummeerde subtellings is dan aan 'n twee-orde faktorontleding onderwerp.

Vir die doeleindes van die tweede-orde faktorontleding is die subtellings van die respondente op elke faktor - wat die subtotaal van 'n aantal items op 'n faktor verteenwoordig - geïnterkorreleer. Hieraan onderliggend is die aanname dat die subtellings redelik normaal verspreid sal wees. Daar is weereens 'n PCA-subroetine uitgevoer, waar die aantal faktore wat onttrek moes word op grond van Kaiser se kriterium geskat is, met ander woorde die aantal *eigenwaardes* groter as een. By wyse van 'n PFA-subroetine is faktore onttrek en 'n ongeroteerde tweede-orde faktormatriks verkry. Verder is van die Direct Oblimin-rotasie, wat 'n skuinsrotasie is, gebruik gemaak ten einde daarin te slaag om elke item (dit is die faktore in die eerste-orde ontleding) weer uniek aan 'n faktor waarop dit die hoogste laai, toe te sê. Die geroteerde tweede-orde faktormatriks wat verkry is, is deur inspeksie ondersoek om vas te stel welke van die items die hoogste op bepaalde faktore laai.

Elk van hierdie tweede-orde faktore wat hier ter sprake is, bevat subtellings wat hoog daarop laai. Alleenlik dié items wat ná die tweede-orde faktorontleding op die nuwe faktore verteenwoordig is, is vir die doeleindes van die verdere itemontleding gebruik. Simplisties gesproke is die items wat in hierdie nuwe faktore saamgegroepeer het, in der waarheid die skale wat tydens die navorsing gebruik sal word.

5.3 ITEMONTLEDINGS

Die daaropvolgende ontleding is uitgevoer spesifiek met die doel om die verdere swak items wat nie alreeds in die faktorontleding uitgeval het nie, te identifiseer en uit te skakel. Daar is ook gepoog om te bepaal in welke mate die faktore wat op grond van die faktorontleding(s) onttrek is, as betroubare meetinstrumente gebruik kan word. Deur die toepassing van hierdie itemontledings kan 'n aanduiding verkry word van die mate waartoe die onderskeie items in elke skaal met die betrokke skaaltellings in geheel korreleer. Items met korrelasies kleiner as 0.250 is nie by die skaal ingesluit nie. Chronbach se alpha-koëffisient (α) is gebruik om die betroubaarheidsindeks van elke skaal te bepaal.

Vir die doeleindes van hierdie studie was die itemontledings iteratiewe prosedures wat deur die Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing in die rekenaarprogram NP50 ontwikkel is. Die genoemde prosedure itereer volgens Gulliksen (1950) se indeks van betroubaarheid totdat die betroubaarheid van die skaal 'n maksimum bereik het. Die seleksie van items vir insluiting by die finale meetinstrument het in terme van die indikatore van betroubaarheid van elke item plaasgevind. Ten einde hierdie parameters te kan bereken, is 'n vooraflopie eers gedoen wat daarna deur 'n iteratiewe prosedure gevolg is. Aan die hand van die resultate van hierdie prosedure, is die beginpunt van die iterasies bepaal.

Die items met indikatore waarvan die betroubaarheid kleiner as 0.08 is, is eerste verwerp. Daarna is die kriteria vir insluiting van items stapsgewys met inkremente van 0.02 verhoog, totdat die betroubaarheid van die skaal 'n maksimum bereik het. In hierdie opsig is slegs items met korrelasies groter as 0.250 by die meetinstrument ingesluit. Iterasies is gestaak wanneer die

betroubaarheid weer begin daal het. Die Kuder-Richardson Formules 14 en 20, asook die Horst Formule 21 en Loevinger se koëffisiënt van homogeniteit is tydens elke afsonderlike fase van die iteratiewe prosedure bereken.

Ten einde die betroubaarheid van die items te beoordeel, is Chronbach se koëffisiënt α vir kontinue data gebruik. Op grond hiervan is die minimum aanduiding van betroubaarheid 0.75. Indien Chronbach se koëffisiënt α na 25 iterasies 0.75 of hoër was, is die skaal as 'n betroubare meetinstrument beskou en is dit in verdere ontledings gebruik.

5.4 DIE ONTWIKKELING VAN DIE SKALE

Met die oog op die ontwikkeling van toepaslike skale, is van beide faktor- en itemontledings tydens hierdie navorsingsprojek gebruik gemaak. Die toepassing van hierdie statistiese ontledingstegnieke sal vervolgens vir al die groepe van items, wat as indikatore van die betrokke veranderlikes dien, soos wat dit in die vraelys voorkom, afsonderlik bespreek word. Die eerste groep items wat hier ter sprake kom, hou verband met die man se persepsie van die mate waartoe hy by die verrigting van huishoudelike take betrokke is.

5.4.1 Die man se persepsie van die mate waartoe hy 'n bydrae tot die verrigting van huishoudelike take lewer

Afdeling B van die vraelys, wat met die man se persepsie van die mate waartoe hy 'n bydrae tot die verrigting van huishoudelike take lewer, verband hou, bestaan uit 23 items. Ten einde te bepaal of hierdie items wel in 'n enkele skaal gebruik kan word en een-dimensioneel van aard is, is die items in hierdie afdeling met mekaar geïnterkorreleer (bylaag B-1). Hierna is van die PCA-subroetine van die BMDP-pakket gebruik gemaak ten einde vas te stel wat die aantal faktore is wat onttrek moet word. Die aantal faktore wat onttrek moes word, is aan die hand van Kaiser se kriterium geskat - dit is soveel faktore as wat daar latente wortels (*eigenwaardes*) groter as een in die ongereduseerde interkorrelasie-matriks is (bylaag B-2). Hiervolgens moes vyf

faktore onttrek word.

Hierdie vyf faktore is met behulp van die PFA-subroetine onttrek. Hierna is die ongeroteerde faktormatriks (bylaag B-3) deur die gebruikmaking van die Varimax-rotasie na 'n eenvoudige struktuur geroteer (bylaag B-4). Op hierdie wyse was dit moontlik om vas te stel op watter faktore die items die hoogste laai en watter items in geheel laag op alle faktore laai. Laasgenoemde faktore kon uitgeskakel word en slegs faktore waarop items hoër as 0.250 laai, is vir verdere ontleding behou.

Items is daarna gesorteer volgens die faktore waarop dit die hoogste laai. Elke item is slegs een maal gebruik en wel op die faktor waar dit die hoogste gelaai het, terwyl items wat negatief gelaai het, gereflekteer is. Daarna is subtellings ten opsigte van elke faktor vir elke respondent bereken deur die items wat die hoogste op 'n bepaalde faktor laai, saam te groepeer en te summeer:



UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

Aantal items

Faktor 1:	items 8, 9, 10, 11, 12, 13	6
Faktor 2:	items 6, 14, 15, 16, 18, 19, 21	7
Faktor 3:	items 1, 2, 3, 5, 17	5
Faktor 4:	items 22, 23	2
Faktor 5:	items 4, 7, 20	3
	Totaal	23

Op hierdie wyse het elke respondent dus vyf subtellings verkry wat in die tweede-orde faktorontleding gebruik is. Hierdie tweede-orde faktorontleding is gedoen deur op dieselfde wyse as in die eerste-orde faktorontleding te werk te gaan, naamlik deur weereens die PCA- en PFA-subroetines te volg. 'n Interkorrelasiemartiks van die subtellings (bylaag B-5) is eers bereken en daarna is die PCA-subroetine gebruik om die *eigenwaardes* van die ongereduseerde

interkorrelasie matriks te bereken. Die getal faktore is aan die hand van Kaiser se kriterium geskat - waar die aantal *eigenwaardes* groter as een as aanduiding dien van die aantal faktore wat onttrek moes word (bylaag B-6), en hiervolgens moes slegs een faktor onttrek word.

Hierdie enkele faktor is met behulp van die PFA-subroetine onttrek, waartydens die ongeroteerde faktormatriks (bylaag B-7) na 'n eenvoudige struktuur met behulp van die Direct Oblimin-rotasie ('n skuinsrotasie) geroteer is (bylaag B-8).

Weens die feit dat die items in slegs een faktor saamgegroeper het, was verdere faktorontledings onnodig.

Na aanleiding van die resultate van die tweede-orde faktorontleding het dit duidelik geblyk dat slegs een skaal aan 'n itemontleding onderwerp moes word. Die data van die faktor is as kontinue data hanteer en daar is van die NP 50 program van die NIPN vir hierdie doeleindes gebruik gemaak. Deur van die iteratiewe prosedure gebruik te maak, is die items wat die betroubaarheid van die skaal verlaag, uitgeskakel waarna die betroubaarheid van die skaal 'n maksimum na een iterasie bereik het, naamlik Chronbach se koëffisiënt $\alpha = 0.922$. Op grond van die itemontleding is geen items uitgeskakel nie en is al die items dus in die skaal vervat, naamlik:

Tabel 5.4.1 Skaal X1: Die man se persepsie van die mate waartoe hy 'n bydrae tot die verrigting van huishoudelike take lewer

FAKTOR	ITEM	RXSJ
1	8. Hoe dikwels beplan u wat vir maaltye geëet sal word?	0.712
	9. Hoe gereeld stel u die inkopielys op?	0.655
	10. Hoe dikwels koop u die kruideniersware aan?	0.873
	11. Hoe dikwels pak u die kruideniersware weg?	1.855
	12. Hoe gereeld berei u ontbyt voor?	0.639
	13. Hoe gereeld berei u aandetes voor?	0.666
2	6. Hoe gereeld versorg u die skottelgoed?	0.905
	14. Hoe gereeld ruim u die kombuis op?	0.850
	15. Hoe gereeld ruim u die badkamer op?	0.745
	16. Hoe gereeld maak u bed op?	0.758
	18. Hoe dikwels maak u die vloere skoon? (bv. was van vloere of stofsuiig van matte)	0.705
	19. Hoe dikwels stof u af?	0.499
3	21. Hoe dikwels ruim u op nadat u gaste onthaal het?	0.896
	1. Hoe dikwels doen u die wasgoed?	0.680
	2. Hoe dikwels stryk u u eie klere?	0.514
	3. Hoe dikwels stryk u die ander lede van die gesin se klere?	0.401
	5. Hoe dikwels pak u die ander lede van die gesin se klere weg?	0.594
4	17. Hoe gereeld was u die vensters?	0.328
	22. Hoe dikwels maak u vir uself iets te drinke? (bv. koffie en tee)	0.546
5	23. Hoe dikwels maak u vir ander gesinslede iets te drinke? (bv. koffie en tee)	0.618
	4. Hoe dikwels pak u u eie klere weg?	0.909
	7. Hoe dikwels verwyder u die vullis?	0.897
	20. Hoe dikwels reël u vir huishoudelike herstelwerkdienste?	0.608

Chronbach se koëffisiënt $\alpha = 0.922$

'n Ontleding van die items in die bogenoemde skaal toon aan dat 'n hoë telling op hierdie skaal beteken dat dit die man se persepsie is dat hy in 'n hoë mate by die verrigting van huishoudelike take betrokke is. Hierteenoor beteken 'n lae telling op die skaal dat dit die man se persepsie is

dat hy selde by die verrigting van huishoudelike take betrokke is. Hierdie een-dimensionele skaal sal voortaan as **die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take**, bekend staan.

5.4.2 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig

Afdeling C van die vraelys, wat verband hou met die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, bestaan uit 23 items. Ten einde te bepaal of hierdie items wel in 'n enkele skaal gebruik kan word en een-dimensioneel van aard is, is die items in hierdie afdeling met mekaar geïnterkorreleer (bylaag C-1). Hierna is van die PCA-subroetine van die BMDP-pakket gebruik gemaak ten einde vas te stel wat die aantal faktore is wat onttrek moet word. Die aantal faktore wat onttrek moes word, is aan die hand van Kaiser se kriterium geskat - dit is soveel faktore as wat daar latente wortels (*eigenwaardes*) groter as een in die ongereduseerde interkorrelasiematriks is (bylaag C-2). Hiervolgens moes drie faktore onttrek word.

Hierdie drie faktore is met behulp van die PFA-subroetine onttrek. Hierna is die ongeroteerde faktormatriks (bylaag C-3) deur die gebruikmaking van die Varimax-rotasie na 'n eenvoudige struktuur geroteer (bylaag C-4). Op hierdie wyse was dit moontlik om vas te stel op watter faktore die items die hoogste laai en watter items in geheel laag op alle faktore laai. Laasgenoemde faktore kon uitgeskakel word en slegs faktore waarop items hoër as 0.250 laai, is vir verdere ontleding behou.

Items is daarna gesorteer volgens die faktore waarop dit die hoogste laai. Elke item is slegs een maal gebruik en wel op die faktor waar dit die hoogste gelaai het, terwyl items wat negatief gelaai het, gereflekteer is. Daarna is subtellings ten opsigte van elke faktor vir elke respondent bereken deur die items wat die hoogste op 'n bepaalde faktor laai, saam te groepeer en te summeer:

Aantal items

Faktor 1:	items 1, 2, 3, 4, 5, 6, 14, 16, 17, 18, 19	11
Faktor 2:	items 7, 15, 20, 21, 22, 23	6
Faktor 3:	items 8, 9, 10, 11, 12, 13	6
	Totaal	23

Op hierdie wyse het elke respondent dus drie subtellings verkry wat in die tweede-orde faktorontleding gebruik is. Hierdie tweede-orde faktorontleding is gedoen deur op dieselfde wyse as in die eerste-orde faktorontleding te werk te gaan, naamlik deur weereens die PCA- en PFA-subroetines te volg. 'n Interkorrelasiematriks van die subtellings (bylaag C-5) is eers bereken en daarna is die PCA-subroetine gebruik om die *eigenwaardes* van die ongereduseerde interkorrelasiematriks te bereken. Die getal faktore is aan die hand van Kaiser se kriterium geskat - waar die aantal *eigenwaardes* groter as een as aanduiding dien van die aantal faktore wat onttrek moes word (bylaag C-6), en hiervolgens moes slegs een faktor onttrek word.

Hierdie enkele faktor is met behulp van die PFA-subroetine onttrek, waartydens die ongeroteerde faktormatriks (bylaag C-7) na 'n eenvoudige struktuur met behulp van die Direct Oblimin-rotasie ('n skuinsrotasie) geroteer is (bylaag C-8).

Weens die feit dat die items in slegs een faktor saamgegroepeer het, was verdere faktorontledings onnodig.

Na aanleiding van die resultate van die tweede-orde faktorontleding het dit duidelik geblyk dat slegs een skaal aan 'n itemontleding onderwerp moes word. Die data van die faktor is as kontinue data hanteer en daar is van die NP 50 program van die NIPN vir hierdie doeleindes gebruik gemaak. Deur van die iteratiewe prosedure gebruik te maak, is die items wat die betroubaarheid van die skaal verlaag, uitgeskakel waarna die betroubaarheid van die skaal 'n maksimum na een iterasie bereik het, naamlik Chronbach se koëffisiënt $\alpha = 0.968$. Op grond van die itemontleding is geen items uitgeskakel nie en is al die items dus in die skaal vervat, naamlik:

Tabel 5.4.2 Skaal X2: Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie

FAKTOR	ITEM	RXSJ	
1	Tot watter mate sou u sê dat dit regverdig teenoor 'n man is om van hom te verwag om:		
	1. Die wasgoed te doen?	1.122	
	2. Sy eie klere te stryk?	1.117	
	3. Die ander lede van die gesin se klere te stryk?	0.983	
	4. Sy eie klere weg te pak?	1.164	
	5. Die ander lede van die gesin se klere weg te pak?	1.051	
	6. Die skottelgoed te versorg?	1.056	
	14. Die kombuis op te ruim?	1.084	
	16. Bed op te maak?	1.080	
	17. Die vensters te was?	1.023	
	18. Die vloere skoon te maak?	1.053	
	19. Af te stof?	1.129	
	2	7. Die vullis te verwyder?	0.649
		15. Die badkamer op te ruim?	1.003
		20. Vir huishoudelike herstelwerkdienste te reël?	0.651
		21. Op te ruim nadat gaste onthaal is?	0.904
		22. Vir homself iets te drinke (bv. koffie of tee) te maak? Vir ander gesinslede iets te drinke (bv. koffie of tee) te maak?	0.800 0.847
	3	8. Te beplan wat vir maaltye geëet sal word?	1.007
		9. Die inkopielys op te stel?	1.032
10. Die kruideniersware aan te koop?		1.020	
11. Die kruideniersware weg te pak?		1.136	
12. Ontbyt voor te berei?		1.039	
13. Aandetes voor te berei?		1.002	

Chronbach se koëffisiënt $\alpha = 0.968$

'n Ontleding van die items in die bogenoemde skaal toon aan dat 'n hoë telling op hierdie skaal beteken dat dit die man se persepsie is dat dit heeltemal regverdig teenoor 'n man is om van hom

te verwag om huishoudelike take te verrig, indien daar van geen huishulp in die gesin gebruik gemaak word nie. Hierteenoor beteken 'n lae telling op die skaal dat dit die man se persepsie is dat dit glad nie regverdig teenoor 'n man is om van hom te verwag om huishoudelike take te verrig, indien daar van geen huishulp in die gesin gebruik gemaak word nie. Hierdie een-dimensionele skaal sal voortaan bekend staan as **die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie.**

5.4.3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon

Afdeling D van die vraelys, wat met die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon, verband hou, bestaan uit 20 items. Ten einde te bepaal of hierdie items wel in 'n enkele skaal gebruik kan word en een-dimensioneel van aard is, is die items in hierdie afdeling met mekaar geïnterkorreleer (bylaag D-1). Hierna is van die PCA-subroetine van die BMDP-pakket gebruik gemaak ten einde vas te stel wat die aantal faktore is wat onttrek moet word. Die aantal faktore wat onttrek moes word, is aan die hand van Kaiser se kriterium geskat - dit is soveel faktore as wat daar latente wortels (*eigenwaardes*) groter as een in die ongereduseerde interkorrelasiematriks is (bylaag D-2). Hiervolgens moes vyf faktore onttrek word.

Hierdie vyf faktore is met behulp van die PFA-subroetine onttrek. Hierna is die ongeroteerde faktormatriks (bylaag D-3) deur die gebruikmaking van die Varimax-rotasie na 'n eenvoudige struktuur geroteer (bylaag D-4). Op hierdie wyse was dit moontlik om vas te stel op watter faktore die items die hoogste laai en watter items in geheel laag op alle faktore laai. Laasgenoemde faktore kon uitgeskakel word en slegs faktore waarop items hoër as 0.250 laai, is vir verdere ontleding behou.

Items is daarna gesorteer volgens die faktore waarop dit die hoogste laai. Elke item is slegs een maal gebruik en wel op die faktor waar dit die hoogste gelaai het, terwyl items wat negatief gelaai het, gereflekteer is. Daarna is subtellings ten opsigte van elke faktor vir elke respondent bereken deur die items wat die hoogste op 'n bepaalde faktor laai, saam te groepeer en te summeer:

Aantal items

Faktor 1:	items 3, 4, 5, 6, 8	5
Faktor 2:	items 14, 15, 16, 17	4
Faktor 3:	items 7, 11, 12, 13	4
Faktor 4:	items 1, 2	2
Faktor 5:	items 9, 10, 18, 19, 20	5
	Totaal	20

Op hierdie wyse het elke respondent dus vyf subtellings verkry wat in die tweede-orde faktorontleding gebruik is. Hierdie tweede-orde faktorontleding is gedoen deur op dieselfde wyse as in die eerste-orde faktorontleding te werk te gaan, naamlik deur weereens die PCA- en PFA-subroetines te volg. 'n Interkorrelasiematriks van die subtellings (bylaag D-5) is eers bereken en daarna is die PCA-subroetine gebruik om die *eigenwaardes* van die ongereduseerde interkorrelasiematriks te bereken. Die getal faktore is aan die hand van Kaiser se kriterium geskat - waar die aantal *eigenwaardes* groter as een as aanduiding dien van die aantal faktore wat onttrek moes word (bylaag D-6), en hiervolgens moes slegs een faktor onttrek word.

Hierdie enkele faktor is met behulp van die PFA-subroetine onttrek, waartydens die ongeroteerde faktormatriks (bylaag D-7) na 'n eenvoudige struktuur met behulp van die Direct Oblimin-rotasie ('n skuinsrotasie) geroteer is (bylaag D-8). Weens die feit dat die items in slegs een faktor saamgegroeper het, was verdere faktorontledings onnodig.

Na aanleiding van die resultate van die tweede-orde faktorontleding het dit duidelik geblyk dat slegs een skaal aan 'n itemontleding onderwerp moes word. Die data van die faktor is as kontinue data hanteer en daar is van die NP 50 program van die NIPN vir hierdie doeleindes gebruik gemaak. Deur van die iteratiewe prosedure gebruik te maak, is die items wat die betroubaarheid van die skaal verlaag, uitgeskakel waarna die betroubaarheid van die skaal 'n maksimum na een iterasie bereik het, naamlik Chronbach se koëffisiënt $\alpha = 0.910$. Op grond van die itemontleding is geen items uitgeskakel nie en is al die items dus in die skaal vervat, naamlik:

Tabel 5.4.3 Skaal X3: Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon

FAKTOR	ITEM	RXSJ
1	3. Hoe dikwels sien u toe dat u kind/ers in die oggend geklee word?	0.974
	4. Hoe dikwels sien u toe dat u kind/ers se tande geborsel word?	1.005
	5. Hoe dikwels sien u toe dat u kind/ers se hare gekam word?	0.916
	6. Hoe dikwels sien u toe dat u kind/ers gebad word?	0.892
	8. Hoe dikwels sien u toe dat u kind/ers se hande voor maaltye skoon is?	0.833
2	14. Hoe dikwels neem u u kind/ers na die plek waar hy/sy/hulle dagsorg ontvang? (hetsy skool, kleuterskool, dagmoeder, speelgroep)	0.795
	15. Hoe dikwels vra u verlof by die werk aan om na u siek kind om te sien?	0.582
	16. Hoe dikwels versorg u u kind/ers wanneer hy/sy/hulle siek is?	0.635
	17. Indien u kind/ers siek is, hoe dikwels neem u die kind/ers na die dokter toe?	0.689
3	7. Hoe gereeld sit u u kind/ers in die bed?	0.757
	11. Hoe dikwels lees/vertel u vir u kind/ers stories?	0.600
	12. Hoe dikwels staan u in die nag op indien u kind/ers 'n ouer sou nodig kry?	0.703
	13. In watter mate straf u u kind/ers wanneer hy/sy/hulle stout was?	0.486
4	1. Hoe dikwels maak u u kind/ers in die oggend wakker?	0.806
	2. Hoe dikwels sien u toe dat u kind/ers in die oggend opstaan?	0.881
5	9. In watter mate leer u u kind/ers tafelmaniere?	0.712
	10. Hoe dikwels speel u met u kind/ers speletjies?	0.643
	18. Hoe dikwels gaan u saam winkel toe om vir u kind/ers klere te koop?	0.656
	19. Hoe dikwels doen u moeite om met u kind/ers te gesels?	0.541
	20. Hoe dikwels kyk u saam met u kind/ers televisie?	0.525

Chronbach se koëffisiënt $\alpha = 0.910$

'n Ontleding van die items in die bogenoemde skaal toon aan dat 'n hoë telling op hierdie skaal beteken dat dit die man se persepsie is dat hy 'n hoë mate van vaderbetrokkenheid toon. Hierteenoor beteken 'n lae telling op die skaal dat dit die man se persepsie is dat hy 'n lae mate van vaderbetrokkenheid toon. Hierdie een-dimensionele skaal sal voortaan as **die man se**

persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon, bekend staan.

5.4.3 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees

Afdeling E van die vraelys, wat verband hou met die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, bestaan uit 20 items. Ten einde te bepaal of hierdie items wel in 'n enkele skaal gebruik kan word en een-dimensioneel van aard is, is die items in hierdie afdeling met mekaar geïnterkorreleer (bylaag E-1). Hierna is van die PCA-subroetine van die BMDP-pakket gebruik gemaak ten einde vas te stel wat die aantal faktore is wat onttrek moet word. Die aantal faktore wat onttrek moes word, is aan die hand van Kaiser se kriterium geskat - dit is soveel faktore as wat daar latente wortels (*eigenwaardes*) groter as een in die ongereduseerde interkorrelasiematriks is (bylaag E-2). Hiervolgens moes drie faktore onttrek word.

Hierdie drie faktore is met behulp van die PFA-subroetine onttrek. Hierna is die ongeroteerde faktormatriks (bylaag E-3) deur die gebruikmaking van die Varimax-rotasie na 'n eenvoudige struktuur geroteer (bylaag E-4). Op hierdie wyse was dit moontlik om vas te stel op watter faktore die items die hoogste laai en watter items in geheel laag op alle faktore laai. Laasgenoemde faktore kon uitgeskakel word en slegs faktore waarop items hoër as 0.250 laai, is vir verdere ontleding behou.

Items is daarna gesorteer volgens die faktore waarop dit die hoogste laai. Elke item is slegs een maal gebruik en wel op die faktor waar dit die hoogste gelaai het, terwyl items wat negatief gelaai het, gereflekteer is. Daarna is subtellings ten opsigte van elke faktor vir elke respondent bereken deur die items wat die hoogste op 'n bepaalde faktor laai, saam te groepeer en te summeer:

		<u>Aantal items</u>
Faktor 1:	items 1, 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8, 14	9
Faktor 2:	items 9, 10, 11, 12, 13, 19, 20	7
Faktor 3:	items 15, 16, 17, 18	4
	Totaal	20

Op hierdie wyse het elke respondent dus drie subtellings verkry wat in die tweede-orde faktorontleding gebruik is. Hierdie tweede-orde faktorontleding is gedoen deur op dieselfde wyse as in die eerste-orde faktorontleding te werk te gaan, naamlik deur weereens die PCA- en PFA-subroetines te volg. 'n Interkorrelasiematriks van die subtellings (bylaag E-5) is eers bereken en daarna is die PCA-subroetine gebruik om die *eigenwaardes* van die ongereduseerde interkorrelasiematriks te bereken. Die getal faktore is aan die hand van Kaiser se kriterium geskat - waar die aantal *eigenwaardes* groter as een as aanduiding dien van die aantal faktore wat onttrek moes word (bylaag E-6), en hiervolgens moes slegs een faktor onttrek word.

Hierdie enkele faktor is met behulp van die PFA-subroetine onttrek, waartydens die ongeroteerde faktormatriks (bylaag E-7) na 'n eenvoudige struktuur met behulp van die Direct Oblimin-rotasie ('n skuinsrotasie) geroteer is (bylaag E-8). Weens die feit dat die items in slegs een faktor saamgegroepeer het, was verdere faktorontledings onnodig.

Na aanleiding van die resultate van die tweede-orde faktorontleding het dit duidelik geblyk dat slegs een skaal aan 'n itemontleding onderwerp moes word. Die data van die faktor is as kontinue data hanteer en daar is van die NP 50 program van die NIPN vir hierdie doeleindes gebruik gemaak. Deur van die iteratiewe prosedure gebruik te maak, is die items wat die betroubaarheid van die skaal verlaag, uitgeskakel waarna die betroubaarheid van die skaal 'n maksimum na een iterasie bereik het, naamlik Chronbach se koëffisiënt $\alpha = 0.964$. Op grond van die itemontleding is geen items uitgeskakel nie en is al die items dus in die skaal vervat, naamlik:

Tabel 5.4.4 Skaal X4: Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie

FAKTOR	ITEM	RXSJ
1	Tot watter mate sou u sê dat dit regverdig teenoor 'n man is om van hom te verwag om:	
	1. Die kind/ers in die oggend wakker te maak?	0.978
	2. Toe te sien dat die kind/ers in die oggend opstaan?	1.001
	3. Toe te sien dat die kind/ers in die oggend geklee word?	1.021
	4. Toe te sien dat die kind/ers tande borsel?	1.055
	5. Toe te sien dat die kind/ers se hare gekam word?	1.043
	6. Toe te sien dat die kind/ers gebad word?	1.035
	7. Die kind/ers in die bed te sit?	0.947
	8. Toe te sien dat die kind/ers se hande voor maaltye skoon is?	0.949
	14. Toe te sien dat die kind/ers na dagsorg geneem word (hetsy skool, kleuterskool, dagmoeder, speelgroep)?	0.952
2	9. Die kind/ers tafelmaniere te leer?	0.680
	10. Speletjies met die kind/ers te speel?	0.643
	11. Stories vir die kind/ers te lees/vertel?	0.805
	12. Op te staan indien sy kind 'n ouer in die nag sou nodig kry?	0.774
	13. Sy kind te straf indien hy/sy stout is?	0.595
	19. Moeite te doen om met sy kind/ers te gesels?	0.967
	20. Televisie saam met sy kind/ers te kyk?	0.521
3	15. Verlof by die werk te vra om na sy siek kind om te sien?	0.886
	16. Sy kind te versorg wanneer hy/sy siek is?	0.914
	17. Sy kind dokter toe te neem wanneer hy/sy siek is?	0.850
	19. Saam winkel toe te gaan om vir die kind/ers klere te gaan koop?	0.833

Chronbach se koëffisiënt $\alpha = 0.964$

'n Ontleding van die items in die bogenoemde skaal toon aan dat 'n hoë telling op hierdie skaal beteken dat dit die man se persepsie is dat dit heeltemal regverdig teenoor 'n man is om van hom te verwag om by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke te moet wees, indien daar van geen huishulp in die gesin gebruik gemaak word nie. Hierteenoor beteken 'n lae telling op die skaal

dat dit die man se persepsie is dat dit glad nie regverdig teenoor 'n man is om van hom te verwag om by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke te moet wees, indien daar van geen huishulp in die gesin gebruik gemaak word nie. Hierdie een-dimensionele skaal sal voortaan bekend staan as **die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie.**

5.4.5 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik

Afdeling F van die vraelys, wat met die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik, verband hou, bestaan uit 26 items. Ten einde te bepaal of hierdie items wel in 'n enkele skaal gebruik kan word en een-dimensioneel van aard is, is die items in hierdie afdeling met mekaar geïnterkorreleer (bylaag F-1). Hierna is van die PCA-subroetine van die BMDP-pakket gebruik gemaak ten einde vas te stel wat die aantal faktore is wat onttrek moet word. Die aantal faktore wat onttrek moes word, is aan die hand van Kaiser se kriterium geskat - dit is soveel faktore as wat daar latente wortels (*eigenwaardes*) groter as een in die ongereduseerde interkorrelasiematriks is (bylaag F-2). Hiervolgens moes vier faktore onttrek word.

Hierdie vier faktore is met behulp van die PFA-subroetine onttrek. Hierna is die ongeroteerde faktormatriks (bylaag F-3) deur die gebruikmaking van die Varimax-rotasie na 'n eenvoudige struktuur geroteer (bylaag F-4). Op hierdie wyse was dit moontlik om vas te stel op watter faktore die items die hoogste laai en watter items in geheel laag op alle faktore laai. Laasgenoemde faktore kon uitgeskakel word en slegs faktore waarop items hoër as 0.250 laai, is vir verdere ontleding behou.

Items is daarna gesorteer volgens die faktore waarop dit die hoogste laai. Elke item is slegs een maal gebruik en wel op die faktor waar dit die hoogste gelaai het, terwyl items wat negatief gelaai het, gereflekteer is. Daarna is subtellings ten opsigte van elke faktor vir elke respondent bereken deur die items wat die hoogste op 'n bepaalde faktor laai, saam te groepeer en te sommer:

	<u>Aantal items</u>
Faktor 1: items 6, 7, 8, 9, 10, 11, 17, 26	8
Faktor 2: items 12, 13, 14, 15, 16	5
Faktor 3: items 1, 2, 3, 4, 5	5
Faktor 4: items 18, 19, 20, 21, 22, 23, 24, 25	8
Totaal	26

Op hierdie wyse het elke respondent dus vier subtellings verkry wat in die tweede-orde faktorontleding gebruik is. Hierdie tweede-orde faktorontleding is gedoen deur op dieselfde wyse as in die eerste-orde faktorontleding te werk te gaan, naamlik deur weereens die PCA- en PFA-subroetines te volg. 'n Interkorrelasiematriks van die subtellings (bylaag F-5) is eers bereken en daarna is die PCA-subroetine gebruik om die *eigenwaardes* van die ongereduseerde interkorrelasiematriks te bereken. Die getal faktore is aan die hand van Kaiser se kriterium geskat - waar die aantal *eigenwaardes* groter as een as aanduiding dien van die aantal faktore wat onttrek moes word (bylaag F-6), en hiervolgens moes slegs een faktor onttrek word.

Hierdie enkele faktor is met behulp van die PFA-subroetine onttrek, waartydens die ongeroteerde faktormatriks (bylaag F-7) na 'n eenvoudige struktuur met behulp van die Direct Oblimin-rotasie ('n skuinsrotasie) geroteer is (bylaag F-8). Weens die feit dat die items in slegs een faktor saamgegroepeer het, was verdere faktorontledings onnodig.

Na aanleiding van die resultate van die tweede-orde faktorontleding het dit duidelik geblyk dat slegs een skaal aan 'n itemontleding onderwerp moes word. Die data van die faktor is as kontinue data hanteer en daar is van die NP 50 program van die NIPN vir hierdie doeleindes gebruik gemaak. Deur van die iteratiewe prosedure gebruik te maak, is die items wat die betroubaarheid van die skaal verlaag, uitgeskakel waarna die betroubaarheid van die skaal 'n maksimum na sewe iterasies bereik het, naamlik Chronbach se koëffisiënt $\alpha = 0.964$. Op grond van die itemontleding is een item uitgeskakel, naamlik:

Item 25: Verkleineer u ooit u vrou voor ander mense?

Die items wat dus in die skaal vervat is, is as volg:

Tabel 5.4.5 Skaal X5: Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik

FAKTOR	ITEM	RXSJ
1	6. In watter mate maak u in u tydskedule daarvoor voorsiening dat u en u vrou saam aan ontspanningsaktiwiteite kan deelneem?	0.704
	7. Hoe dikwels komplimenteer u u vrou oor haar voorkoms?	0.714
	8. In welke mate poog u om liefde aan u vrou te betoon?	0.785
	9. In welke mate probeer u om aandag aan u vrou as persoon te gee?	0.791
	10. Hoe dikwels komplimenteer u u vrou oor die wyse waarop sy 'n situasie hanteer?	0.702
	11. In watter mate sal u die kinders besig hou sodat u vrou 'n paar uur net aan haarself kan afstaan?	0.675
	17. Hoe dikwels doen u iets wat u vooraf weet u vrou sal waardeer?	0.682
	26. Hoe dikwels sê u vir u vrou dat u vir haar lief is?	0.641
2	12. In watter mate toon u aan u vrou dat u trots is op haar beroepsverwante prestasies?	0.804
	13. In watter mate ondersteun u u vrou in die uitlewing van haar beroepsideale?	0.872
	14. In watter mate doen u moeite om u vrou op te beur nadat sy 'n beroepsverwante teleurstelling beleef het?	0.777
	15. Indien u vrou met 'n probleem in haar beroep gekonfronteer word, tot watter mate is u bereid om haar te help om die situasie te hanteer?	0.745
	16. In welke mate toon u aan u vrou dat u die aard van haar werk as Belangrik beskou?	0.813
3	1. In welke mate deel u u mees persoonlike gedagtes met u vrou?	0.682
	2. In welke mate deel u u mees persoonlike emosies met u vrou?	0.738
	3. In welke mate toon u aan u vrou dat u vertrou in haar het?	0.732
	4. In watter mate neem u u vrou se mening in die beplanning van vakansies in ag?	0.737
	5. In watter mate sal u u vrou se mening in ag neem wanneer u oor die aanvaarding van 'n nuwe beroepspos moet besluit?	0.745
4	18. Hoe dikwels beteuel u doelbewus u humeur tydens 'n woordewisseling met u vrou?	0.624
	19. In watter mate is u sensitief ten opsigte van u vrou se gevoelens?	0.738
	20. Tot watter mate probeer u om u vrou se standpunt ten opsigte van 'n bepaalde saak in te sien?	0.696
	21. Hoe dikwels lag u en u vrou saam oor iets?	0.714
	22. Tot watter mate probeer u om 'n vriend vir u vrou te wees?	0.795
	23. Tot watter mate probeer u u vrou opbeur as sy neerslagtig voel?	0.782
	24. Hoe belangrik is u vrou se geluk vir u?	0.603

Chronbach se koëffisiënt $\alpha = 0.964$

'n Ontleding van die items in die bogenoemde skaal toon aan dat 'n hoë telling op hierdie skaal beteken dat dit die man se persepsie is dat hy in 'n hoë mate emosionele werk in die huwelik verrig. Hierteenoor beteken 'n lae telling op die skaal dat dit die man se persepsie is dat hy in 'n lae mate emosionele werk in die huwelik verrig. Hierdie een-dimensionele skaal sal voortaan bekend staan as **die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik**.

5.4.6 Die man se verbintenis tot groei in die huwelik

Afdeling G van die vraelys, wat met die man se verbintenis tot groei in die huwelik verband hou, bestaan uit 11 items. Ten einde te bepaal of hierdie items wel in 'n enkele skaal gebruik kan word en een-dimensioneel van aard is, is die items in hierdie afdeling met mekaar geïnterkorreleer (bylaag G-1). Hierna is van die PCA-subroetine van die BMDP-pakket gebruik gemaak ten einde vas te stel wat die aantal faktore is wat onttrek moet word. Die aantal faktore wat onttrek moes word, is aan die hand van Kaiser se kriterium geskat - dit is soveel faktore as wat daar latente wortels (*eigenwaardes*) groter as een in die ongereduseerde interkorrelasiematriks is (bylaag G-2). Hiervolgens moes slegs een faktor onttrek word.


Hierdie enkele faktor is met behulp van die PFA-subroetine onttrek. Items wat hoër as 0.250 gelaai het, is vir verdere ontleding behou. Weens die feit dat die items in slegs een faktor saamgegroepeer het (bylaag G-3), was dit nie nodig om 'n tweede-orde faktorontleding te doen nie.

Na aanleiding van die resultate van die eerste-orde faktorontleding het dit duidelik geblyk dat slegs een skaal aan 'n itemontleding onderwerp moes word. Die data van die faktor is as kontinue data hanteer en daar is van die NP 50 program van die NIPN vir hierdie doeleindes gebruik gemaak. Deur van die iteratiewe prosedure gebruik te maak, is die items wat die betroubaarheid van die skaal verlaag, uitgeskakel waarna die betroubaarheid van die skaal 'n maksimum na een iterasie bereik het, naamlik Chronbach se koëffisiënt $\alpha = 0,957$. Op grond van die itemontleding is geen items uitgeskakel nie en is al die items dus in die skaal vervat, naamlik:

Tabel 5.4.6 Skaal X6: Die man se verbintenis tot groei in die huwelik

	ITEM	RXSJ
1.	In welke mate is u bereid om daaraan te werk om nader aan u huweliksmaat te groei?	0.694
2.	In watter mate is u bereid om u eie behoeftes ondergeskik aan dié van u vrou te stel?	0.714
3.	In watter mate is u bereid om u vrou deur dik en dun by te staan?	0.681
4.	In welke mate waardeer u dit as u vrou u in haar vertrouwe neem?	0.631
5.	In watter mate is u bereid om aan die oplossing van (moontlike) probleme in u huweliksverhouding te werk?	0.809
6.	In watter mate is u bereid om daaraan te werk om te verhoed dat u huweliksverhouding vervelig raak?	0.772
7.	In watter mate is u bereid om daaraan te werk om u huweliksverhouding gelukkiger te maak?	0.747
8.	In welke mate is u bereid om daaraan te werk om u vrou steeds beter te verstaan?	0.741
9.	In welke mate is dit vir u belangrik dat u vrou as persoon moet groei?	0.691
10.	In welke mate is dit vir u belangrik dat u vrou haar persoonlikheid moet kan uitleef?	0.702
11.	In welke mate is u bereid om begrip vir u vrou se belangstellings te ontwikkel?	0.709

Chronbach se koëffisiënt $\alpha = 0.957$



'n Ontleding van die items in die bogenoemde skaal toon aan dat 'n hoë telling op hierdie skaal beteken dat die man 'n hoë mate van verbintenis tot groei in die huwelik toon. Hierteenoor beteken 'n lae telling op die skaal dat die man 'n lae verbintenis tot groei in die huwelik toon. Hierdie een-dimensionele skaal sal voortaan bekend staan as **die man se verbintenis tot groei in die huwelik**.


5.4.7 Die man se ervaring van huweliksintegrasië

Afdeling H van die vraelys, wat oor die mate waartoe die man huweliksintegrasië ervaar, handel, bestaan uit 19 items. Ten einde te bepaal of hierdie items wel in 'n enkele skaal gebruik kan word en een-dimensioneel van aard is, is die items in hierdie afdeling met mekaar geïnterkorreleer (bylaag H-1). Hierna is van die PCA-subroetine van die BMDP-pakket gebruik gemaak ten einde vas te stel wat die aantal faktore is wat onttrek moet word. Die aantal faktore wat onttrek moes word, is aan die hand van Kaiser se kriterium geskat - dit is soveel faktore as

wat daar latente wortels (*eigenwaardes*) groter as een in die ongereduseerde interkorrelasiematriks is (bylaag H-2). Hiervolgens moes vier faktore onttrek word .

Hierdie vier faktore is met behulp van die PFA-subroetine onttrek. Hierna is die ongeroteerde faktormatriks (bylaag H-3) deur die gebruikmaking van die Varimax-rotasie na 'n eenvoudige struktuur geroteer (bylaag H-4). Op hierdie wyse was dit moontlik om vas te stel op watter faktore die items die hoogste laai en watter items in geheel laag op alle faktore laai. Laasgenoemde faktore kon uitgeskakel word en slegs faktore waarop items hoër as 0.250 laai, is vir verdere ontleding behou.

Items is daarna gesorteer volgens die faktore waarop dit die hoogste laai. Elke item is slegs een maal gebruik en wel op die faktor waar dit die hoogste gelaai het, terwyl items wat negatief gelaai het, gereflekteer is. Daarna is subtellings ten opsigte van elke faktor vir elke respondent bereken deur die items wat die hoogste op 'n bepaalde faktor laai, saam te groepeer en te summeer:



UNIVERSITY OF JOHANNESBURG


		<u>Aantal items</u>
Faktor 1:	items 5, 6, 7, 8, 9, 10, 14	7
Faktor 2:	items 1, 2, 3, 4, 13	5
Faktor 3:	items 11, 12, 15, 16	4
Faktor 4:	items 17, 18, 19	3
	Totaal	19

Op hierdie wyse het elke respondent dus vier subtellings verkry wat in die tweede-orde faktorontleding gebruik is. Hierdie tweede-orde faktorontleding is gedoen deur op dieselfde wyse as in die eerste-orde faktorontleding te werk te gaan, naamlik deur weereens die PCA- en PFA-subroetines te volg. 'n Interkorrelasiematriks van die subtellings (bylaag H-5) is eers bereken en daarna is die PCA-subroetine gebruik om die *eigenwaardes* van die ongereduseerde interkorrelasiematriks te bereken. Die getal faktore is aan die hand van Kaiser se kriterium geskat - waar die aantal *eigenwaardes* groter as een as aanduiding dien van die aantal faktore wat onttrek moes word (bylaag H-6), en hiervolgens moes slegs een faktor onttrek word.

Hierdie enkele faktor is met behulp van die PFA-subroetine onttrek, waartydens die ongeroteerde faktormatriks (bylaag H-7) na 'n eenvoudige struktuur met behulp van die Direct Oblimin-rotasie ('n skuinsrotasie) geroteer is (bylaag H-8).

Weens die feit dat die items in slegs een faktor saamgegroepeer het, was verdere faktorontledings onnodig.

Na aanleiding van die resultate van die tweede-orde faktorontleding het dit duidelik geblyk dat slegs een skaal aan 'n itemontleding onderwerp moes word. Die data van die faktor is as kontinue data hanteer en daar is van die NP 50 program van die NIPN vir hierdie doeleindes gebruik gemaak. Deur van die iteratiewe prosedure gebruik te maak, is die items wat die betroubaarheid van die skaal verlaag, uitgeskakel waarna die betroubaarheid van die skaal 'n maksimum na veertien iterasies bereik het, naamlik Chronbach se koëffisiënt $\alpha = 0.935$. Op grond van die itemontleding is vyf items uitgeskakel, naamlik:

- 
- Item 4: In welke mate is dit vir u onaangenaam wanneer u vir lang tye weg is van u vrou?
- Item 11: In welke mate voel u tevrede oor die hoeveelheid tyd wat u vrou aan haar beroep afstaan?
- Item 12: Hoe tevrede, dink u, voel u vrou oor die hoeveelheid tyd wat u aan u beroep afstaan?
- Item 14: Hoe belangrik is dit vir u en u vrou om saam tyd met vriende deur te bring?
- Item 19: In watter mate voel u dat u huweliksverhouding 'n plato bereik het?

Die items wat dus in die skaal vervat is, is as volg:

Tabel 5.4.7 Skaal X7: Die man se ervaring van huweliksintegrasië

FAKTOR	ITEM	RXSJ
1	5. In welke mate voldoen u huwelik aan die verwagtings wat u daarvoor gekoester het?	0.750
	6. Hoe dikwels gesels u openhartig met u vrou oor aspekte wat probleme in die huwelik kan veroorsaak?	0.858
	7. Kan u en u vrou soms 'n aand saam deurbring deur net lekker te gesels?	0.867
	8. In watter mate voel u tevrede met die wyse waarop u en u vrou probleme in u huwelik hanteer?	0.781
	9. Hoe dikwels bespreek u en u vrou gemeenskaplike aktiwiteite?	0.757
	10. Hoe dikwels gesels u en u vrou oor u daaglikse werksroetine?	0.607
2	1. In welke mate voel u dat u u vrou nodig het?	0.624
	2. In watter mate voel u gemaklik en ontspanne in u vrou se geselskap?	0.644
	3. In welke mate geniet u dit om dinge saam met u vrou te doen?	0.755
	13. In welke mate kan u u vrou in u vertrouwe neem?	0.685
3	15. In welke mate is u tevrede met die wyse waarop die finansies in u gesin hanteer word?	0.655
	16. In watter mate het u respek vir u vrou?	0.586
4	17. In watter mate voel u emosioneel vervul in u huwelik?	0.803
	18. In watter mate voel u gefrustreerd in u verhouding met u vrou?	0.658

Chronbach se koëffisiënt $\alpha = 0.935$

'n Ontleding van die items in die bogenoemde skaal toon aan dat 'n hoë telling op hierdie skaal beteken dat die man 'n hoë mate van huweliksintegrasië ervaar. Hierteenoor beteken 'n lae telling op die skaal dat die man weinig huweliksintegrasië ervaar. Hierdie een-dimensionele skaal sal voortaan bekend staan as **die man se ervaring van huweliksintegrasië**.

5.4.8 Die man se feministiese oriëntasie

Afdeling I van die vraelys, wat met die man se feministiese oriëntasie, verband hou, bestaan uit 21 items. Ten einde te bepaal of hierdie items wel in 'n enkele skaal gebruik kan word en een-

dimensioneel van aard is, is die items in hierdie afdeling met mekaar geïnterkorreleer (bylaag I-1). Hierna is van die PCA-subroetine van die BMDP-pakket gebruik gemaak ten einde vas te stel wat die aantal faktore is wat onttrek moet word. Die aantal faktore wat onttrek moes word, is aan die hand van Kaiser se kriterium geskat - dit is soveel faktore as wat daar latente wortels (*eigenwaardes*) groter as een in die ongereduseerde interkorrelasiematriks is (bylaag I-2). Hiervolgens moes drie faktore onttrek word.

Hierdie drie faktore is met behulp van die PFA-subroetine onttrek. Hierna is die ongeroteerde faktormatriks (bylaag I-3) deur die gebruikmaking van die Varimax-rotasie na 'n eenvoudige struktuur geroteer (bylaag I-4). Op hierdie wyse was dit moontlik om vas te stel op watter faktore die items die hoogste laai en watter items in geheel laag op alle faktore laai. Laasgenoemde faktore kon uitgeskakel word en slegs faktore waarop items hoër as 0.250 laai, is vir verdere ontleding behou.

Items is daarna gesorteer volgens die faktore waarop dit die hoogste laai. Elke item is slegs een maal gebruik en wel op die faktor waar dit die hoogste gelaai het, terwyl items wat negatief gelaai het, gereflekteer is. Daarna is subtellings ten opsigte van elke faktor vir elke respondent bereken deur die items wat die hoogste op 'n bepaalde faktor laai, saam te groepeer en te summeer:

	<u>Aantal items</u>
Faktor 1: items 1, 2, 3, 4, 5, 6, 8, 12, 16, 19, 20	11
Faktor 2: items 7, 9, 10, 11, 13, 14, 15	7
Faktor 3: items 17, 18, 21	3
Totaal	21

Op hierdie wyse het elke respondent dus drie subtellings verkry wat in die tweede-orde faktorontleding gebruik is. Hierdie tweede-orde faktorontleding is gedoen deur op dieselfde wyse as in die eerste-orde faktorontleding te werk te gaan, naamlik deur weereens die PCA- en PFA-subroetines te volg. 'n Interkorrelasiemartiks van die subtellings (bylaag I-5) is eers bereken en daarna is die PCA-subroetine gebruik om die *eigenwaardes* van die ongereduseerde

interkorrelasie matriks te bereken. Die getal faktore is aan die hand van Kaiser se kriterium geskat - waar die aantal *eigenwaardes* groter as een as aanduiding dien van die aantal faktore wat onttrek moes word (bylaag I-6), en hiervolgens moes slegs een faktor onttrek word.

Hierdie enkele faktor is met behulp van die PFA-subroetine onttrek, waartydens die ongeroteerde faktormatriks (bylaag I-7) na 'n eenvoudige struktuur met behulp van die Direct Oblimin-rotasie ('n skuinsrotasie) geroteer is (bylaag I-8).

Weens die feit dat die items in slegs een faktor saamgegroepeer het, was verdere faktorontledings onnodig.

Na aanleiding van die resultate van die tweede-orde faktorontleding het dit duidelik geblyk dat slegs een skaal aan 'n itemontleding onderwerp moes word. Die data van die faktor is as kontinue data hanteer en daar is van die NP 50 program van die NIPN vir hierdie doeleindes gebruik gemaak. Deur van die iteratiewe prosedure gebruik te maak, is die items wat die betroubaarheid van die skaal verlaag, uitgeskakel waarna die betroubaarheid van die skaal 'n maksimum na sestien iterasies bereik het, naamlik Chronbach se koëffisiënt $\alpha = 0.923$. Op grond van die itemontleding is elf items uitgeskakel, naamlik:

In watter mate stem u met die volgende stellings saam?:

- Item 7: "n Getroude vrou met voorskoolse kinders behoort nie voltyds te werk nie."
- Item 9: "n Vrou behoort die versorging van haar gesin as belangrikste taak te beskou."
- Item 10: "As dit nie finansiële noodsaaklik vir die gesin se oorlewing is nie, behoort 'n getroude vrou met kinders nie te werk nie."
- Item 11: "In die neem van besluite ten opsigte van gesinsake, lê die finale besluit by die man."
- Item 12: "Dit is onaanvaarbaar indien 'n werkgewer teen 'n vrou op grond van haar geslag, diskrimineer."
- Item 13: "Die man, eerder as die vrou, behoort altyd die hoofbroodwinner in die gesin te wees."

- Item 14: "As 'n vrou haar beroepsrol en haar rol as vrou en moeder as ewe belangrik beskou, sal dit haar gesinsverhoudings benadeel."
- Item 15: "Die man is die hoof van die gesin."
- Item 17: "'n Vrou behoort haar eie belange ondergeskik aan dié van haar man te stel."
- Item 18: "Dit is regverdig indien 'n man sy vrou verwyd wanneer sy onverwags laat moet werk."
- Item 21: "Vroue beskik in die algemeen nie oor die vaardighede om bestuursposisies te beklee nie."

Dit is opvallend dat die meeste van die items wat op grond van die itemontleding uitgeskakel is, dié is wat in die negatief gestel is. Die stelwyse kon dalk verwarring by die respondente ten opsigte van die wyse waarop die vraag beantwoord moes word, veroorsaak het. Dit sou interessant wees om te sien of hierdie items, indien dit nie in 'n negatiewe stelwyse verwoord word nie, wel in 'n soortgelyke studie by die skaal ingesluit sou kon word. Ten spyte van die feit dat elf items uitgeskakel is, is die betroubaarheid van die skaal tog hoog, naamlik Chronbach se koëffisiënt $\alpha = 0.923$.



Die items wat wel in die skaal vervat is, is items wat almal hoog op faktor een gelaai het en is as volg:

Tabel 5.4.8 **Skaal X8: Die man se feministiese oriëntasie**

FAKTOR	ITEM	RXSJ	
1	1. In welke mate behoort 'n man sy vrou in haar besluit om in die arbeidsmark te werk, te ondersteun?	0.759	
	2. In welke mate behoort 'n man sy vrou in die uitlewing van haar beroepsideale, te ondersteun?	0.900	
	3. Indien 'n vrou genoodsaak is om vir 'n paar dae op 'n beroepsverwante reis te gaan, in welke mate behoort haar man haar te ondersteun sodat sy wel kan weggaan?	0.881	
	4. Tot watter mate sal u bereid wees om die leiding van 'n vrou in 'n senior beroepsposisie te aanvaar?	0.844	
	In watter mate stem u met die volgende stellings saam?		
	5. "As 'n vrou werk, behoort haar man op 'n gelyke basis in die uitvoering van huishoudelike take te deel."	0.848	
	6. "'n Vrou wat op dieselfde beroepsvlak as 'n man aangestel is, is op dieselfde salaris as 'n man geregtig."	0.817	
	8. "As 'n vrou werk, behoort haar man op 'n gelyke basis in die uitvoering van kinderversorgingstake te deel."	0.896	
	16. "Vroue behoort meer as wat tans die geval is in regeringsliggame verteenwoordig te word."	0.751	
	19. "Die posisie van die vrou binne die huwelik, is dié van gelyke vennoot."	0.780	
	20. "'n Vrou wat op dieselfde beroepsvlak as 'n man aangestel is, is op dieselfde bevorderingsgeleentheid as 'n man geregtig."	0.767	

Chronbach se koëffisiënt $\alpha = 0.923$

'n Ontleding van die items in die bogenoemde skaal toon aan dat 'n hoë telling op hierdie skaal beteken dat die man in 'n hoë mate feministies georiënteerd is. Hierteenoor beteken 'n lae telling op die skaal dat die man geensins feministies georiënteerd is nie. Hierdie een-dimensionele skaal sal voortaan as **die man se feministiese oriëntasie**, bekend staan.

5.4.9 Die man se beroepsbetrokkenheid

Afdeling J van die vraelys, wat met die mate waartoe die man betrokkenheid in sy beroep toon, verband hou, bestaan uit 19 items. Ten einde te bepaal of hierdie items wel in 'n enkele skaal gebruik kan word en een-dimensioneel van aard is, is die items in hierdie afdeling met mekaar geïnterkorreleer (bylaag J-1). Hierna is van die PCA-subroetine van die BMDP-pakket gebruik gemaak ten einde vas te stel wat die aantal faktore is wat onttrek moet word. Die aantal faktore wat onttrek moes word, is aan die hand van Kaiser se kriterium geskat - dit is soveel faktore as wat daar latente wortels (*eigenwaardes*) groter as een in die ongereduseerde interkorrelasiematriks is (bylaag J-2). Hiervolgens moes drie faktore onttrek word.

Hierdie drie faktore is met behulp van die PFA-subroetine onttrek. Hierna is die ongeroteerde faktormatriks (bylaag J-3) deur die gebruikmaking van die Varimax-rotasie na 'n eenvoudige struktuur geroteer (bylaag J-4). Op hierdie wyse was dit moontlik om vas te stel op watter faktore die items die hoogste laai en watter items in geheel laag op alle faktore laai. Laasgenoemde faktore kon uitgeskakel word en slegs faktore waarop items hoër as 0.250 laai, is vir verdere ontleding behou.

Items is daarna gesorteer volgens die faktore waarop dit die hoogste laai. Elke item is slegs een maal gebruik en wel op die faktor waar dit die hoogste gelaai het, terwyl items wat negatief gelaai het, gereflekteer is. Daarna is subtellings ten opsigte van elke faktor vir elke respondēt bereken deur die items wat die hoogste op 'n bepaalde faktor laai, saam te groepeer en te summeer:

		<u>Aantal items</u>
Faktor 1:	items 1, 2, 4, 5, 6, 10, 15, 16, 17, 18	10
Faktor 2:	items 7, 8, 9, 11, 14, 19	6
Faktor 3:	items 3, 12, 13	3
	Totaal	19

Op hierdie wyse het elke respondent dus drie subtellings verkry wat in die tweede-orde faktorontleding gebruik is. Hierdie tweede-orde faktorontleding is gedoen deur op dieselfde wyse as in die eerste-orde faktorontleding te werk te gaan, naamlik deur weereens die PCA- en PFA-subroetines te volg. 'n Interkorrelasiematriks van die subtellings (bylaag J-5) is eers bereken en daarna is die PCA-subroetine gebruik om die *eigenwaardes* van die ongereduseerde interkorrelasiematriks te bereken. Die getal faktore is aan die hand van Kaiser se kriterium geskat - waar die aantal *eigenwaardes* groter as een as aanduiding dien van die aantal faktore wat onttrek moes word (bylaag J-6), en hiervolgens moes slegs een faktor onttrek word.

Hierdie enkele faktor is met behulp van die PFA-subroetine onttrek, waartydens die ongeroteerde faktormatriks (bylaag J-7) na 'n eenvoudige struktuur met behulp van die Direct Oblimin-rotasie ('n skuinsrotasie) geroteer is (bylaag J-8).

Weens die feit dat die items in slegs een faktor saamgegroepeer het, was verdere faktorontledings onnodig.

Na aanleiding van die resultate van die tweede-orde faktorontleding het dit duidelik geblyk dat slegs een skaal aan 'n itemontleding onderwerp moes word. Die data van die faktor is as kontinue data hanteer en daar is van die NP 50 program van die NIPN vir hierdie doeleindes gebruik gemaak. Deur van die iteratiewe prosedure gebruik te maak, is die items wat die betroubaarheid van die skaal verlaag, uitgeskakel waarna die betroubaarheid van die skaal 'n maksimum na een iterasie bereik het, naamlik Chronbach se koëffisiënt $\alpha = 0.925$. Op grond van die itemontleding is geen items uitgeskakel nie en is al die items dus in die skaal vervat, naamlik:

Tabel 5.4.9 Skaal X9: Die man se beroepsbetrokkenheid

FAKTOR	ITEM	RXSJ
1	1. Is u betrokkenheid by u werk van so 'n aard dat u nie agterkom hoe .vinnig die tyd wanneer u by die werk is, verby gaan nie?	0.686
	2. In welke mate is u bereid om oortyd te werk indien nodig?	0.668
	4. In watter mate vermy u dit om by die werk ekstra verantwoordelikhede op uself te neem?	0.689
	5. Hoe belangrik is dit vir u om werklik suksesvol in u beroep te wees?	0.494
	6. Hoe entoesiasies voel u oor u werk?	0.730
	10. In watter mate is u werklik betrokke by u werk?	0.683
	15. Hoe belangrik is u beroep in u lewe?	0.656
	16. In watter mate is u bereid om opofferings vir u beroep te maak?	0.630
	17. In watter mate ondervind u soveel tevredenheid met u werk dat u nie omgee om die sleurwerk daaraan verbonde te doen nie?	0.734
	18. In watter mate sit u meer in u werk as wat van u verwag word?	0.687
2	7. In watter mate sou u uself as 'n werkholis beskou?	0.748
	8. In watter mate sien u daarna uit om werk toe te gaan?	0.702
	9. In watter mate verskaf u werk by u 'n gevoel van persoonlike .vervulling?	0.785
	11. In watter mate ervaar u u werk as vervelig?	0.667
	14. Tot watter mate ervaar u u werk as interessant?	0.801
	19. Hoe dikwels voel u dat u liever tuis wil bly as om te gaan werk?	0.655
3	3. In welke mate is u bereid om van u vrye tyd aan werksaktiwiteite te bestee?	0.758
	12. Hoe dikwels neem u werk spontaan 'n prominente plek in u gedagtes in wanneer u tuis is?	0.580
	13. Hoe gereeld dink u aan u werk as u met vakansie is?	0.503

Chronbach se koëffisiënt $\alpha = 0.925$

'n Ontleding van die items in die bogenoemde skaal toon aan dat 'n hoë telling op hierdie skaal beteken dat die man 'n hoë betrokkenheid by sy beroep toon. Hierteenoor beteken 'n lae telling op die skaal dat die man wynig beroepsbetrokkenheid toon. Hierdie een-dimensionele skaal sal voortaan as **die man se beroepsbetrokkenheid**, bekend staan.

5.4.10 Die man se ervaring van beroepsverwante stres

Afdeling K van die vraelys, wat met die mate waartoe die man beroepsverwante stres ervaar, verband hou, bestaan uit 16 items. Ten einde te bepaal of hierdie items wel in 'n enkele skaal gebruik kan word en een-dimensioneel van aard is, is die items in hierdie afdeling met mekaar geïnterkorreleer (bylaag K-1). Hierna is van die PCA-subroetine van die BMDP-pakket gebruik gemaak ten einde vas te stel wat die aantal faktore is wat onttrek moet word. Die aantal faktore wat onttrek moes word, is aan die hand van Kaiser se kriterium geskat - dit is soveel faktore as wat daar latente wortels (*eigenwaardes*) groter as een in die ongereduseerde interkorrelasiematriks is (bylaag K-2). Hiervolgens moes drie faktore onttrek word.

Hierdie drie faktore is met behulp van die PFA-subroetine onttrek. Hierna is die ongeroteerde faktormatriks (bylaag K-3) deur die gebruikmaking van die Varimax-rotasie na 'n eenvoudige struktuur geroteer (bylaag K-4). Op hierdie wyse was dit moontlik om vas te stel op watter faktore die items die hoogste laai en watter items in geheel laag op alle faktore laai. Laasgenoemde faktore kon uitgeskakel word en slegs faktore waarop items hoër as 0.250 laai, is vir verdere ontleding behou.

Items is daarna gesorteer volgens die faktore waarop dit die hoogste laai. Elke item is slegs een maal gebruik en wel op die faktor waar dit die hoogste gelaai het, terwyl items wat negatief gelaai het, gereflekteer is. Daarna is subtellings ten opsigte van elke faktor vir elke respondēt bereken deur die items wat die hoogste op 'n bepaalde faktor laai, saam te groepeer en te summeer:

	<u>Aantal items</u>
Faktor 1: items 5, 6, 7, 8, 9, 11	6
Faktor 2: items 1, 2, 3, 4, 10, 13, 14, 15, 16	9
Faktor 3: items 12	1
Totaal	16

Op hierdie wyse het elke respondent dus drie subtellings verkry wat in die tweede-orde faktorontleding gebruik is. Hierdie tweede-orde faktorontleding is gedoen deur op dieselfde wyse as in die eerste-orde faktorontleding te werk te gaan, naamlik deur weereens die PCA- en PFA-subroetines te volg. 'n Interkorrelasiematriks van die subtellings (bylaag K-5) is eers bereken en daarna is die PCA-subroetine gebruik om die *eigenwaardes* van die ongereduseerde interkorrelasiematriks te bereken. Die getal faktore is aan die hand van Kaiser se kriterium geskat - waar die aantal *eigenwaardes* groter as een as aanduiding dien van die aantal faktore wat onttrek moes word (bylaag K-6), en hiervolgens moes slegs een faktor onttrek word.

Hierdie enkele faktor is met behulp van die PFA-subroetine onttrek, waartydens die ongeroteerde faktormatriks (bylaag K-7) na 'n eenvoudige struktuur met behulp van die Direct Oblimin-rotasie ('n skuinsrotasie) geroteer is (bylaag K-8).

Weens die feit dat die items in slegs een faktor saamgegroepeer het, was verdere faktorontledings onnodig.

Na aanleiding van die resultate van die tweede-orde faktorontleding het dit duidelik geblyk dat slegs een skaal aan 'n itemontleding onderwerp moes word. Die data van die faktor is as kontinue data hanteer en daar is van die NP 50 program van die NIPN vir hierdie doeleindes gebruik gemaak. Deur van die iteratiewe prosedure gebruik te maak, is die items wat die betroubaarheid van die skaal verlaag, uitgeskakel waarna die betroubaarheid van die skaal 'n maksimum na een iterasie bereik het, naamlik Chronbach se koëffisiënt $\alpha = 0.890$. Op grond van die itemontleding is geen items uitgeskakel nie en is al die items dus in die skaal vervat, naamlik:

Tabel 5.4.10 Skaal X10: Die man se ervaring van beroepsverwante stres

FAKTOR	ITEM	RXSJ
1	5. In watter mate ervaar u u werk as só uitputtend dat u nie genoeg energie na werksure oor het om aan u gesin af te staan nie?	0.824
	6. In watter mate beperk u beroepsdeelname die tyd wat u graag aan ontspanning sou wou afstaan?	0.753
	7. Benadeel u beroepsdeelname u fisiese gesondheid?	0.845
	8. Hoe dikwels ervaar u slapeloosheid as gevolg van 'n stresvolle werksituasie?	0.775
	9. In watter mate beleef u dat u werkslading heeltemal te veel is?	0.887
	11. In watter mate voel u dat u vir meer as een persoon se werk verantwoordelik is?	0.873
2	1. In watter mate is dit vir u stresvol indien u noodgedwonge 'n werksopdrag tuis moet voltooi?	0.618
	2. Hoe dikwels oorweeg u dit om u huidige werksposisie vir 'n ander te verruil?	0.795
	3. Hoe dikwels voel u dat daar ander aspekte in u lewe is wat meer tevredenheid as u werk aan u verskaf?	0.494
	4. In welke mate meen u dat u nie voldoende finansiële vergoed word vir die insette wat u by die werk lewer nie?	0.657
	10. In welke mate beleef u die fisiese omstandighede waarin u werk as onaangenaam?	0.710
	13. In watter mate ervaar u dat u in u werk stagneer?	0.697
	14. In watter mate ervaar u u verhoudings met medewerkers as stresvol?	0.686
	15. In watter mate ervaar u stres omdat u meen dat u nie genoeg bevordering kry nie?	0.915
3	16. In watter mate ervaar u stres omdat u meen dat u nie genoeg erkenning vir u werk kry nie?	0.951
	12. In watter mate is u bekommerd oor die moontlikheid dat u u werk mag verloor/ u besigheid onsuksesvol sal wees?	0.624

Chronbach se koëffisiënt $\alpha = 0.890$

'n Ontleding van die items in die bogenoemde skaal toon aan dat 'n hoë telling op hierdie skaal beteken dat die man 'n hoë mate van stres in sy beroep ervaar. Hierteenoor beteken 'n lae telling

op die skaal dat die man wynig beroepsverwante stres ervaar. Hierdie een-dimensionele skaal sal voortaan as **die man se ervaring van beroepsverwante stres**, bekend staan.

5.4.11 Die vrou se persepsie van haar man se verrigting van emosionele werk in die huwelik

Alhoewel hierdie studie hoofsaaklik op die man en sy belwenis van sy rolgedrag in die gesin fokus, is elk van die respondente se eggenotes vir die voltooiing van 'n afsonderlike vraelys genader. Hierdie vraelys het slegs uit een afdeling bestaan, wat met die vrou se persepsie van haar man verrigting van emosionele werk in die huwelik, verband hou. Die items in hierdie afdeling, alhoewel vanuit die perspektief van die vrou gestel, het item vir item met dié van die afdeling wat met die man se persepsie van sy eie verrigting van emosionele werk in die huwelik verband hou, ooreengestem. Daarom het hierdie afdeling, soos in die geval van die ooreenstemmende afdeling in die man se vraelys, uit 26 items bestaan.

Ten einde te bepaal of hierdie items wel in 'n enkele skaal gebruik kan word en een-dimensioneel van aard is, is die items in hierdie afdeling met mekaar geïnterkorreleer (bylaag L-1). Hierna is van die PCA-subroetine van die BMDP-pakket gebruik gemaak ten einde vas te stel wat die aantal faktore is wat onttrek moet word. Die aantal faktore wat onttrek moes word, is aan die hand van Kaiser se kriterium geskat - dit is soveel faktore as wat daar latente wortels (*eigenwaardes*) groter as een in die ongereduseerde interkorrelasie-matriks is (bylaag L-2). Hiervolgens moes vier faktore onttrek word.

Hierdie vier faktore is met behulp van die PFA-subroetine onttrek. Hierna is die ongeroteerde faktormatriks (bylaag L-3) deur die gebruikmaking van die Varimax-rotasie na 'n eenvoudige struktuur geroteer (bylaag L-4). Op hierdie wyse was dit moontlik om vas te stel op watter faktore die items die hoogste laai en watter items in geheel laag op alle faktore laai. Laasgenoemde faktore kon uitgeskakel word en slegs faktore waarop items hoër as 0.250 laai, is vir verdere ontleding behou.

Items is daarna gesorteer volgens die faktore waarop dit die hoogste laai. Elke item is slegs een maal gebruik en wel op die faktor waar dit die hoogste gelaai het, terwyl items wat negatief gelaai het, gereflekteer is. Daarna is subtellings ten opsigte van elke faktor vir elke respondent bereken deur die items wat die hoogste op 'n bepaalde faktor laai, saam te groepeer en te summeer:

	<u>Aantal items</u>
Faktor 1: items 6, 7, 8, 9, 10, 11, 17, 23, 26	9
Faktor 2: items 12, 13, 14, 15, 16	5
Faktor 3: items 1, 2, 3, 4, 5, 21, 24	7
Faktor 4: items 18, 19, 20, 22, 25	5
Totaal	26

Op hierdie wyse het elke respondent dus vier subtellings verkry wat in die tweede-orde faktorontleding gebruik is. Hierdie tweede-orde faktorontleding is gedoen deur op dieselfde wyse as in die eerste-orde faktorontleding te werk te gaan, naamlik deur weereens die PCA- en PFA-subroetines te volg. 'n Interkorrelasiematriks van die subtellings (bylaag L-5) is eers bereken en daarna is die PCA-subroetine gebruik om die *eigenwaardes* van die ongereduseerde interkorrelasiematriks te bereken. Die getal faktore is aan die hand van Kaiser se kriterium geskat - waar die aantal *eigenwaardes* groter as een as aanduiding dien van die aantal faktore wat onttrek moes word (bylaag L-6), en hiervolgens moes slegs een faktor onttrek word.

Die **vrou** se persepsie van **haar man se verrigting van emosionele werk** in die huwelik (skaal X11) nie.

Afgesien van die hipoteses ten opsigte van die verbande wat tussen die skale onderling bestaan, kan daar ook hipoteses ten opsigte van die verskille tussen die tellings op die verskillende skale geformuleer word.

5.5.3 Hipoteses ten opsigte van die skale onderling: Die verskille tussen skaaltellings

Hierdie groepering van hipoteses handel oor die verskille tussen die tellings op die verskillende skale onderling. Hierdie hipoteses is geformuleer ten einde vas te stel of die tellings op een skaal statisties beduidend hoër/laer as dié op 'n ander skaal is.

Hipotese 34

Daar bestaan geen statisties beduidende verskil in die vektore van gemiddeldes van skaaltellings van respondente ten opsigte van:

Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van **huishoudelike take (skaal X1)**

en

Die man se persepsie van die **regverdigheid** dat 'n **man huishoudelike take moet verrig**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (**skaal X2**), nie.

Hipotese 35

Daar bestaan geen statisties beduidende verskil in die vektore van gemiddeldes van skaaltellings van respondente ten opsigte van:

Die man se persepsie van die mate waartoe hy **vaderbetrokkenheid** toon (**skaal X3**)

en

Die man se persepsie van die **regverdigheid** dat 'n **man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (**skaal X4**), nie.

Hipotese 36

Daar bestaan geen statisties beduidende verskil in die vektore van gemiddeldes van skaaltellings van respondente ten opsigte van:

Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van **huishoudelike take (skaal X1)**

en

Die man se persepsie van die mate waartoe hy **vaderbetrokkenheid** toon (**skaal X3**) nie.

Hipotese 37

Daar bestaan geen statisties beduidende verskil in die vektore van gemiddeldes van skaaltellings van respondente ten opsigte van:

Die man se persepsie van die **regverdigheid** dat 'n **man huishoudelike take moet verrig**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (**skaal X2**)

en

Die man se persepsie van die **regverdigheid** dat 'n **man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (**skaal X4**), nie.

Hipotese 38

Daar bestaan geen statisties beduidende verskil in die vektore van gemiddeldes van skaaltellings van respondente ten opsigte van:

Die **man** se persepsie van sy verrigting van **emosionele werk** in die huwelik (**skaal X5**)

en

Die **vrou** se persepsie van **haar man se verrigting van emosionele werk** in die huwelik (**skaal X11**) nie.



Afgesien van die hipoteses ten opsigte van die verskille tussen die skale, is daar ook hipoteses geformuleer ten opsigte van die ontwikkeling van regressiemodelle vir die voorspelling van huweliksintegrasie en die verbintenis tot groei in die huwelik.

5.5.4 Hipoteses ten opsigte van die regressiemodelle vir die voorspelling van huweliksintegrasie en die verbintenis tot groei in die huwelik

Die hipoteses wat ten opsigte van die ontwikkeling van regressiemodelle geformuleer is, handel spesifiek oor die veranderlikes wat moontlik as voorspellers vir *huweliksintegrasie* (skaal X7) en *die verbintenis tot groei in die huwelik* (skaal X6) kan optree.

Hipotese 39

Huweliksintegrasi (skaal X7) word nie statisties beduidend deur die volgende veranderlikes voorspel nie:

- 39.1 Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1)
- 39.2 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2)
- 39.3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3)
- 39.4 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4)
- 39.5 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5)
- 39.6 Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6)
- 39.7 Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8)
- 39.8 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9)
- 39.9 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10)
- 39.10 Die man se huidige ouderdom
- 39.11 Die aantal jare wat die man met sy huidige eggenote getroud is
- 39.12 Die man se ouderdom by die geboorte van sy (eie) eerste kind
- 39.13 Die aantal werksdae wat die man per week beroepwerkzaam is
- 39.14 Die aantal ure wat die man per dag by die werk deurbring
- 39.15 Die aantal ure wat die man per werksdag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hy tuis is
- 39.16 Die aantal ure wat die man per naweek aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hy tuis is
- 39.17 Die aantal werksdae wat die man se eggenote per week beroepwerkzaam is
- 39.18 Die aantal ure wat die man se eggenote per dag by die werk deurbring
- 39.19 Die aantal ure wat die man se eggenote per werksdag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer sy tuis is
- 39.20 Die aantal afhanklike kinders wat tans by die egpaar inwoon
- 39.21 Die ouderdom van die jongste kind
- 39.22 Die man se persepsie van hoe dikwels sy vader by die voorbereiding van voedsel betrokke was

- 39.23 Die man se persepsie van hoe dikwels sy vader by die verrigting van huishoudelike take betrokke was
- 39.24 Die man se persepsie van hoe dikwels sy vader by die versorging van die kinders betrokke was.

Hipotese 40

Verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6) word nie statisties beduidend deur die volgende veranderlikes voorspel nie:

- 40.1 Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1)
- 40.2 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2)
- 40.3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3)
- 40.4 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4)
- 40.5 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5)
- 40.6 Die man se ervaring van huweliksintegrasië (skaal X7)
- 40.7 Die man se feministiese oriëntasië (skaal X8)
- 40.8 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9)
- 40.9 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10)
- 40.10 Die man se huidige ouderdom
- 40.11 Die aantal jare wat die man met sy huidige eggenote getroud is
- 40.12 Die man se ouderdom by die geboorte van sy (eie) eerste kind
- 40.13 Die aantal werksdae wat die man per week beroepwerksaam is
- 40.14 Die aantal ure wat die man per dag by die werk deurbring
- 40.15 Die aantal ure wat die man per werksdag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hy tuis is
- 40.16 Die aantal ure wat die man per naweek aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hy tuis is
- 40.17 Die aantal werksdae wat die man se eggenote per week beroepwerksaam is
- 40.18 Die aantal ure wat die man se eggenote per dag by die werk deurbring
- 40.19 Die aantal ure wat die man se eggenote per werksdag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer sy tuis is

- 40.20 Die aantal afhanklike kinders wat tans by die egpaar inwoon
- 40.21 Die ouderdom van die jongste kind
- 40.22 Die man se persepsie van hoe dikwels sy vader by die voorbereiding van voedsel betrokke was
- 40.23 Die man se persepsie van hoe dikwels sy vader by die verrigting van huishoudelike take betrokke was
- 40.24 Die man se persepsie van hoe dikwels sy vader by die versorging van die kinders betrokke was.

* * *

Alvorens die fokus op die toetsing van die hipoteses, soos dit hierbo geformuleer is, geplaas word, is dit belangrik dat 'n oorsig gee moet word van die frekwensieverspreiding van die biografiese kenmerke van die respondente asook hul tellings op die onderskeie skale. Hierdie profiel van die respondente word in die hieropvolgende hoofstuk (hoofstuk 6) weergegee.



HOOFSTUK 6

'n BIOGRAFIESE PROFIEL VAN DIE RESPONDENTE EN DIE VERSPREIDING VAN HUL TELLINGS OP DIE ONDERSKEIE SKALE

6.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is 'n breedvoerige uiteensetting gegee van die skale wat vir die doeleindes vir die ontleding van sommige kontinue veranderlikes ontwikkel is, asook van die hipoteses wat op grond van die eersgenoemde geformuleer is. Alvorens hierdie hipotesetoetsing kan plaasvind, is dit belangrik dat 'n profiel van die respondente in terme van hul biografiese gegewens asook van die skaalverspreidings, as agtergrond geskets moet word, sodat die leser 'n beeld kan vorm van die aard van die dubbelinkomstegesinne waarmee gewerk is.

Tydens die insameling van die data is spesifiek gelet op biografiese veranderlikes wat 'n moontlike impak mag uitoefen op die man-vader se persepsie van sy rolle in die dubbelinkomstegesin en die mate waartoe hy huweliksintegrasie ervaar, al dan nie. Die biografiese agtergrondgegewens wat as van belang vir die doeleindes van hierdie studie beskou word, is in die volgende breë kategorieë verdeel:

- * Die persoonlike gegewens van die man.
- * Gegewens ten opsigte van die man se beroep.
- * Gegewens ten opsigte van die man se eggenote.
- * Gegewens ten opsigte van die egpaar se kind/ers.
- * Gegewens ten opsigte van die man se gesin van oriëntasie.
- * Algemene gegewens.

Ten opsigte van die bogenoemde breë kategorieë van biografiese veranderlikes, kan die respondente se profiele soos volg uiteengesit word.

6.2 DIE PERSOONLIKE GEGEWENS VAN DIE MAN

Die eerste veranderlike wat met die persoonlike gegewens van die respondent verband hou, is die man se ouderdom ten tyde van die insameling van die data.

6.2.1 Die respondent se ouderdom

Die ouderdomsverspreiding van die respondente sien soos volg daaruit:



Tabel 6.2.1(a): Die man se ouderdom

2

OUDERDOM	FREKWENSIE	PERSENTASIE
21	2	0.5%
22	1	0.3%
23	1	0.3%
24	3	0.8%
25	8	2.0%
26	13	3.3%
27	11	2.8%
28	23	5.8%
29	18	4.5%
30	25	6.3%
31	17	4.3%
32	24	6.0%
33	28	7.0%
34	22	5.5%
35	28	7.0%
36	25	6.3%
37	14	3.5%
38	22	5.5%
39	17	4.3%
40	29	7.3%
41	12	3.0%
42	14	3.5%
43	11	2.8%
44	10	2.5%
45	9	2.3%

46	1	0.3%
48	1	0.3%
49	3	0.8%
50	2	0.5%
52	1	0.3%
53	1	0.3%
54	1	0.3%
56	1	0.3%
59	1	0.3%
61	1	0.3%
TOTAAL	400	100%

Uit tabel 6.2.1(a) blyk dit dat die respondente se ouderdomme in hierdie steekproef vanaf die ouderdom van 21 jaar tot en met die ouderdom van 61 jaar gevarieer het. Die rekenkundige gemiddelde is 35.02 jaar, terwyl die mediaan- en die modusouderdom onderskeidelik 35 en 40 jaar is.

Ten einde 'n beter geheelbeeld van die profiel van die respondente te verkry, word hul ouderdomsverspreiding in tabel 6.2.1(b) in terme van kategorie-intervalle uitgedruk. Vir statistiese ontledingsdoeleindes is *ouderdom* egter as 'n kontinue veranderlike behou.

Tabel 6.2.1(b): Die man se ouderdom

OUDERDOM	FREKWENSIE	PERSENTASIE
21-25	15	3.75%
26-30	90	22.5%
31-35	119	29.75%
36-40	107	26.75%
41-45	56	14.0%
46-50	7	1.75%
52-54	3	0.75%
56-61	3	0.75%
TOTAAL	400	100%

Dit blyk uit tabel 6.2.1(b) dat slegs 13 (3.25%) respondente ouer as 45 jaar was, terwyl daar verder ook betreklik min mans was, te wete 3.75% van steekproef, wat jonger as 26 jaar was. Die meeste van die respondente (56.5%) se ouderdomme het egter tussen 31 en 40 jaar gevarieer, wat waarskynlik toe te skryf is aan die feit dat slegs mans in dubbelinkomstegesinne waar daar ten minste een inwonende, afhanklike kind onder die ouderdom van dertien jaar teenwoordig moes wees, in die steekproef betrek is.

6.2.2 Die respondent se huistaal

Tabel 6.2.2 dien as aanduiding van die verspreiding van die respondente ten opsigte van huistaal:

Tabel 6.2.2: Die man se huistaal

HUISTAAL	FREKWENSIE	PERSENTASIE
Afrikaans	275	68.8%
Engels	125	31.3%
TOTAAL	400	100%

Uit tabel 6.2.2 is dit duidelik dat die respondente oorwegend Afrikaanssprekend was (68.8%), terwyl 31.3% van die respondente Engels as hul huistaal aangegee het. Alhoewel daar in die vraelys vir die kategorie "ander" voorsiening gemaak is, was daar geen respondente wat 'n ander taal, buiten Afrikaans of Engels, as voorkeurtaal in hul gesin gebruik nie.

6.2.3 Die respondent se opvoedkundige kwalifikasie

In tabel 6.2.3(a) word 'n uiteensetting gegee van die respondente-profiel in terme van hul opvoedkundige kwalifikasies.

Tabel 6.2.3(a): Die man se opvoedkundige kwalifikasies op grond van oorspronklike kategorieë

KWALIFIKASIE	FREKWENSIE	PERSENTASIE
Laer as matriek	99	24.8%
Matriek	150	37.5%
Matriek + Diploma	78	19.5%
Baccalaureusgraad	28	7.0%
Honneursgraad	14	3.5%
Magistergraad	14	3.5%
Doktorsgraad	5	1.3%
Ander	12	3.0%
TOTAAL	400	100%

Uit die bostaande tabel blyk dit dat die kategorie met die hoogste frekwensie dié is waar die respondente oor 'n matrieksertifikaat as akademiese kwalifikasie beskik (37.5%) het. Ten einde die respondente wat oor 'n Honneursgraad; Magistergraad en 'n Dotorgraad beskik by die statistiese verwerkings in te sluit, ten spyte van die feit dat hierdie drie kategorieë relatief klein is, is die genoemde kategorieë saamgegroeper om sodoende een kategorie, naamlik respondente wat oor 'n nagraadse kwalifikasie beskik, te vorm. Hierdie nuwe saamgegroeperde kategorie van respondente wat oor 'n nagraadse kwalifikasie beskik, verteenwoordig 8.2% van die steekproef.

Die kategorie "ander" verteenwoordig opvoedkundige kwalifikasies wat aan 'n tegniese kollege verwerf is. Na deeglike ondersoek, is vasgestel dat hierdie spesifieke kwalifikasies (hoofsaaklik N3 tegniese kwalifikasies) gelykstaande aan 'n matrieksertifikaat is. Om hierdie rede is die tegniese kwalifikasies by die kategorie "matriek" saamgevoeg, wat die persentasie respondente wat oor hierdie kwalifikasie beskik tot 40.5% laat toeneem het. Tabel 6.2.3(b) dien as aanduiding van die kategorieë wat vir statistiese ontledingsdoeleindes gebruik is.

Tabel 6.2.3(b): **Respondente se opvoedkundige kwalifikasies na samevoeging van kategorieë**

KWALIFIKASIE	FREKWENSIE	PERSENTASIE
Laer as matriek	99	24.8%
Matriek	162	40.5%
Matriek + Diploma	78	19.5%
Baccalaureusgraad	28	7.0%
Nagraads	33	8.2%
TOTAAL	400	100%

6.2.4 Die respondent se huwelikstatus ten tyde van die sluiting van sy huidige huwelik

Die gegewens ten opsigte van die respondente se huwelikstatus met die sluiting van hul huidige huwelike word in tabel 6.2.4(a) weergegee.

Tabel 6.2.4(a): Die respondent se huwelikstatus ten tyde van die sluiting van sy huidige huwelik

HUWELIKSTATUS	FREKWENSIE	PERSENTASIE
Nooit getroud	352	88.0%
Wewenaar	3	0.8%
Geskei	45	11.2%
TOTAAL	400	100%

Uit tabel 6.2.4(a) blyk dit dat die oorgrote meerderheid van die respondente (88.0%) by die sluiting van hul huidige huwelike, nog nooit voorheen in die huwelik gestaan het nie. Hierteenoor was 0.8% van die respondente voorheen wewenaars en 11.2% voorheen geskei. Laasgenoemde twee kategorieë is saamgevoeg ten einde die kategorieë "wewenaar", wat afsonderlik te klein was, ook by die statistiese ontledings te betrek. Hierdie nuwe saamgevoegde kategorie verwys dus na respondente wat ten tyde van die sluiting van hul huidige huwelike reeds voorheen in die eg verbind was. Op grond hiervan is dit duidelik dat 12.0% van die respondente reeds voorheen getroud was.

Die saamgevoegde huwelikstatuskategorieë en die ooreenstemmende frekwensies sien as volg daaruit:

Tabel 6.2.4(b): Die respondente se huwelikstatus ten tyde van die sluiting van hul huidige huwelike na samevoeging van kategorieë

HUWELIKSTATUS	FREKWENSIE	PERSENTASIE
Nooit getroud	352	88.0%
Voorheen getroud (Wewenaar/Geskei)	48	12.0%
TOTAAL	400	100%

6.2.5 Aantal jare wat die respondent met sy huidige eggenote getroud is

Die data ten opsigte van die duur van die respondente se huidige huwelike word in tabel 6.2.5(a) uiteengesit:



Tabel 6.2.5(a): Aantal jare wat die respondent met sy huidige eggenote getroud is

AANTAL JARE	FREKWENSIE	PERSENTASIE
1	4	1.0%
2	16	4.0%
3	28	7.0%
4	17	4.3%
5	27	6.8%
6	35	8.8%
7	24	6.0%
8	24	6.0%
9	30	7.5%
10	34	8.5%
11	35	8.8%
12	21	5.3%
13	20	5.0%
14	10	2.5%
15	10	2.5%
16	13	3.3%
17	11	2.8%
18	6	1.5%
19	7	1.8%
20	6	1.5%
21	6	1.5%
22	4	1.0%
23	1	0.3%
24	2	0.5%
25	4	1.0%
28	1	0.3%

30	1	0.3%
36	1	0.3%
38	1	0.3%
49	1	0.3%
TOTAAL	400	100%

Die aantal jare wat die respondente met hul huidige eggenote getroud was, het tussen 1 en 49 jaar gevarieer. Die rekenkundige gemiddelde in hierdie verband is 10.03 jaar, terwyl die modus en die mediaan onderskeidelik 9 en 6 jaar is.

Ten einde 'n beter oorkoepelende beeld van die profiel van die respondente te verkry, word hul verspreiding ten opsigte van die aantal jare wat hulle met hul huidige eggenotes getroud was in tabel 6.2.5(b) in terme van kategorie-intervalle uitgedruk. Vir statistiese ontledingsdoeleindes is hierdie veranderlike egter as 'n kontinue veranderlike behou.

Tabel 6.2.5(b): Aantal jare wat die respondent met sy huidige eggenote getroud is

AANTAL JARE	FREKWENSIE	PERSENTASIE
1-5	92	23.0%
6-10	147	36.75%
11-15	96	24.0%
16-20	43	10.75%
21-25	17	4.25%
meer as 25	5	1.25%
TOTAAL	400	100%

Dit blyk uit tabel 6.2.5(b) dat slegs 5 (1.25%) respondente langer as 25 jaar met hul huidige eggenotes getroud was, terwyl daar verder ook betreklik min mans was, te wete 4.25% van

steekproef, wat tussen 21 en 25 jaar lank in die eg verbind was. Die grootste groepering van die respondente (36.75%) was egter tussen 6 en 10 jaar met hul huidige eggenotes getroud, wat soos in die geval van die respondente se ouderdomme, toegeskryf kan word aan die feit dat respondente mans in dubbelinkomstegesinne was, waar daar ten minste een inwonende, afhanklike kind onder die ouderdom van dertien jaar teenwoordig moes wees.

6.2.6 Die respondent se ouderdom by die geboorte van sy (eie) eerste kind

Ten einde vas stel in welke mate *vroeë versus laat vaderskap* met vaderbetrokkenheid verband hou, is respondente gevra om 'n aanduiding te gee van hul ouderdomme ten tyde van die geboorte van hul eie eerste kinders. 'n Uiteensetting van hierdie data word in tabel 6.2.6(a) gegee.



Tabel 6.2.6(a): Die respondent se ouderdom by die geboorte van sy (eie) eerste kind

OUDERDOM	FREKWENSIE	PERSENTASIE
17	1	0.3%
18	6	1.5%
19	7	1.8%
20	15	3.8%
21	19	4.8%
22	25	6.3%
23	21	5.3%
24	35	8.8%
25	43	10.8%
26	36	9.0%
27	36	9.0%
28	30	7.5%
29	24	6.0%
30	32	6.0%
31	15	3.8%
32	15	3.8%
33	11	2.8%
34	4	1.0%
35	4	1.0%
36	6	1.5%
37	8	2.0%
38	2	0.5%
39	2	0.5%
40	3	0.8%
TOTAAL	400	100%

Uit tabel 6.2.6(a) is dit duidelik dat die respondente se ouderdomme ten tyde van die geboorte van hul eerste kinders vanaf die ouderdom van 17 jaar tot en met die ouderdom van 40 jaar gevarieer het. Die rekenkundige gemiddelde is 26.7 jaar, terwyl die mediaan- en die modusouderdom onderskeidelik 26 en 25 jaar is.

Alhoewel hierdie veranderlike vir statistiese ontledingsdoeleindes as 'n kontinue veranderlike behou is, is die respondente se verspreiding ten opsigte van hul ouderdomme ten tyde van die geboorte van hul eerste kinders in tabel 6.2.6(b) in terme van kategorie-intervalle uitgedruk.

Tabel 6.2.6(b): Die respondent se ouderdom by die geboorte van sy (eie) eerste kind

OUDERDOM	FREKWENSIE	PERSENTASIE
17-20	29	7.25%
21-25	143	35.75%
26-30	158	39.5%
31-35	49	12.25%
36-40	21	5.25%
TOTAAL	400	100%

Dit blyk uit tabel 6.2.6(b) dat slegs 7.25% van die respondente jonger as 21 jaar ten tyde van die geboorte van hul eie eerste kinders was, terwyl daar verder ook betreklik min mans was, naamlik 5.25% van steekproef, wat ouer as 35 jaar was toe hul eerste kinders gebore is. Op grond van Cooney *et al* (1993) se bespreking van vroeë en laat vaderskap, kan 'n skeiding gemaak word tussen die mans wat tot en met die ouderdom van 30 jaar vir die eerste keer vaders geword het (met ander woorde vroeë vaderskap) en mans wat eers na die ouderdom van 30 jaar pa geword het (oftewel laat vaderskap).

In terme van die steekproef kan 82.5% van die respondente dus as vroeë vaders beskryf word, terwyl slegs 17.5% as laat vaders beskou kan word.

Afgesien van die veranderlikes wat met die respondente se persoonlike gegewens verband hou, kan 'n aantal veranderlikes geïdentifiseer word wat met die beroepsverwante gegewens van die man verband hou.

6.3 GEGEWENS TEN OPSIGTE VAN DIE MAN SE BEROEP

Die eerste van die veranderlike wat met die man se beroep verband hou, is die respondent se beroepskategorie.

6.3.1 Die respondent se beroepskategorie

In die poging om die statistiese verwerkings te vergemaklik en te standaardiseer, is die spesifieke beroepe, soos deur die respondente in die beantwoording van die vraelys verskaf, in terme van kategorieë georganiseer. Die kategorieë van beroepe en die ooreenkomstige frekwensies word in tabel 6.3.1(a) weergegee:

Tabel 6.3.1(a): Respondente se beroepskategorieë op grond van oorspronklike kategorieë

BEROEPSKATEGORIE	FREKWENSIE	PERSENTASIE
Ambag	115	28.8%
Dienslewend	29	7.3%
Klerklik	93	23.3%
Semi-professioneel	120	30.0%
Bestuur	10	2.5%
Professioneel	33	8.3%
TOTAAL	400	100%

Uit die tabel blyk dit dat die kategorie wat die hoogste frekwensie toon, dié is waar die respondente semi-professionele beroepe beoefen het (30.0%), terwyl onderskeidelik 28.8% en 23.3% ambagte en klerklike beroepsposisies beklee het. Weereens is kategorieë saamgevoeg ten einde die kategorieë wat afsonderlik te klein was, ook by die statistiese ontledings te betrek. Vir hierdie doeleindes is bestuursberoepe by professionele beroepe gevoeg, omdat beide hierdie beroepskategorieë op min of meer dieselde vlak van verantwoordelikheid lê. Hierdie nuwe saamgevoegde kategorie verteenwoordig 10.6% van die respondente. Die saamgevoegde beroepskategorieë en die ooreenstemmende frekwensies sien as volg daaruit:

Tabel 6.3.1(b): Respondente se beroepskategorieë na samevoeging van kategorieë

BEROEPSKATEGORIE	FREKWENSIE	PERSENTASIE
Ambag	115	28.8%
Dienslewerend	29	7.3%
Klerklik	93	23.3%
Semi-professioneel	120	30.0%
Bestuur/ Professioneel	43	10.6%
TOTAAL	400	100%

6.3.2 Aantal werksdae per week wat die respondent beroepwerkzaam is

In tabel 6.3.2 word die data ten opsigte van die gemiddelde aantal dae wat die respondente per week werk, weergegee:

Tabel 6.3.2: Gemiddelde aantal werksdae wat die respondent per week beroepwerksaam is

AANTAL WERKSDAE	FREKWENSIE	PERSENTASIE
3	1	0.3%
4	4	1.0%
5	247	61.8%
6	109	27.3%
7	39	9.8%
TOTAAL	400	100%

Die aantal dae wat die respondente per week werksaam was, het tussen 3 en 7 dae gevarieer. Die rekenkundige gemiddelde in hierdie verband is 5.45 dae, terwyl beide die mediaan en die modus 5 dae per week is. Dit is dus duidelik dat die kategorie wat die hoogste frekwensie toon, dié is waar die respondente (61.8%) gemiddeld 5 dae per week beroepwerksaam was, met ander woorde 'n "normale" vyf-dag week gewerk het. Tog was daar respondente wat 6 dae per week gewerk het (27.3%) en selfs 'n geringe aantal respondente (9.8%) wat die volle 7 dae van die week beroepswerksaam was. Hierteenoor het slegs 1.3% van die mans in die steekproef 'n aanduiding gegee dat hulle minder as 5 dae per week werk. Hierdie veranderlike is as kontinue veranderlike gebruik en daarom is geen kategorieë saamgevoeg nie.

6.3.3 Aantal ure wat die respondent per dag by die werk deurbring

In die volgende tabel word 'n uiteensetting gegee van die data ten opsigte van die aantal ure wat die respondente per dag by hul betrokke werksplekke deurbring:

Tabel 6.3.3: Gemiddelde aantal ure wat die respondent per dag by die werk deurbring

AANTAL URE	FREKWENSIE	PERSENTASIE
4	2	0.5%
6	4	1.0%
7	11	2.8%
8	161	40.3%
9	87	21.8%
10	67	16.8%
11	18	4.5%
12	37	9.3%
13	6	1.5%
14	6	1.5%
16	1	0.3%
TOTAAL	400	100%

Die aantal ure wat die respondente per dag by die werk werksaam was, het tussen 4 en 16 ure gevarieer. Die rekenkundige gemiddelde in hierdie verband is 9.18 ure per dag, terwyl die mediaan en die modus onderskeidelik 9 en 8 ure per dag is. Die kategorie wat die hoogste frekwensie toon, is dié waar die respondente gemiddeld 8 ure per dag by die werk beroepwerksaam was. Dit word beskou as die "normale" aantal ure wat 'n persoon per dag behoort te werk, indien 'n persoon 'n 40 uur vyf-dag werksweek het. Dit sluit aan by artikels 9(1)(b) en 9(1)(c) van Wet nommer 75 (die Wet op Basiese Diensvoorwaardes) van 1997 wat onderskeidelik bepaal dat 'n werkgewer nie van 'n werknemer mag vereis om meer as 9 uur per dag te werk indien die werknemer 5 dae of minder in 'n week werk nie, of om meer as 8 uur per dag te werk indien die werknemer meer as 5 dae in 'n week werk nie. Bo en behalwe die feit dat 40.3% van die respondente 8 ure per dag by die werk deurbring, is dit interessant om daarop te let dat 55.7% van die respondente meer as die "normale" 8 ure per dag by die werk deurbring, waar 21.8% 9 ure; 16.8% 10 ure; en 9.3% 12 ure per dag by hulle plekke van indiensneming werk. Hierteenoor het slegs 'n geringe aantal respondente (4.5%) 'n aanduiding gegee dat hulle

minder as 8 ure per dag by die werk deurbring. Hierdie veranderlike is egter as kontinue veranderlike gebruik en daarom is geen kategorieë saamgevoeg nie.

6.3.4 Aantal ure wat die respondent per werksdag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hy tuis is

Afgesien van die aantal ure wat die respondente per dag by die werk beroepwerkzaam is, het die fokus ook geval op die gemiddelde aantal ure per werksdag wat die respondente aan beroepsverwante werk spandeer *wanneer hulle tuis is*. 'n Uiteensetting van laasgenoemde data word in tabel 6.3.4 gegee:

Tabel 6.3.4: Gemiddelde aantal ure wat die respondent per werksdag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hy tuis is

AANTAL URE	FREKWENSIE	PERSENTASIE
0	215	53.8%
1	50	12.5%
2	76	19.0%
3	29	7.3%
4	17	4.3%
5	8	2.0%
6	4	1.0%
8	1	0.3%
TOTAAL	400	100%

Die aantal ure wat die respondente per werksdag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is, het tussen 0 en 8 ure gevarieer. Die rekenkundige gemiddelde in hierdie verband is 1.07 ure per dag, terwyl beide die mediaan en die modus 0 ure per dag is. Die kategorie wat dus die hoogste frekwensie toon, is dié waar die respondente nie 'n enkele uur per werksdag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is nie. Dit beteken dus dat 53.8% van die

respondente geen tyd aan beroepsverwante werk afstaan wanneer hulle gedurende die werkswaek by die huis is nie.

Hierteenoer het net minder as die helfte van die respondente (46.2%) 'n aanduiding gegee dat hulle wel tyd aan beroepsverwante werk afstaan wanneer hulle tuis is. Só het 12.5% en 19.0% van die respondente 'n aanduiding gegee dat hulle onderskeidelik 1 uur en 2 ure per werksdag beroepsverwante aktiwiteite by die huis verrig. Verder het 14.9% van die respondente dit gestel dat hulle selfs méér as 2 ure per dag by die huis aan beroepsverwante werk afstaan. Hierdie veranderlike is as kontinue veranderlike gebruik en daarom is geen kategorieë saamgevoeg nie.

6.3.5 Aantal ure wat die respondent per naweek aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hy tuis is

Ten einde 'n geheelbeeld van die tyd wat die respondente aan beroepsverwante werk afstaan te kry, is hulle ook gevra om 'n aanduiding te gee van die aantal ure per *naweek* wat hulle aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is. 'n Uiteensetting van hierdie data word in tabel 6.3.5 gegee:

Tabel 6.3.5(a): Gemiddelde aantal ure wat die respondent per naweek aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hy tuis is

AANTAL URE	FREKWENSIE	PERSENTASIE
0	222	55.5%
1	19	4.8%
2	40	10.0%
3	20	5.0%
4	41	10.3%
5	26	6.5%
6	18	4.5%
7	2	0.5%
8	6	1.5%
9	1	0.3%
10	2	0.5%
12	3	0.8%
TOTAAL	400	100%

Die aantal ure wat die respondente per naweek aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is, het tussen 0 en 12 ure gevarieer. Die rekenkundige gemiddelde in hierdie verband is 1.72 ure per dag, terwyl beide die mediaan en die modus 0 ure per dag is. Die kategorie wat dus die hoogste frekwensie toon, is dié waar die respondente nie 'n enkele uur gedurende die naweek aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is nie - met ander woorde, 55.5% van die respondente spandeer geen tyd aan beroepsverwante werk wanneer hulle gedurende die naweek by die huis is nie.

Ten einde 'n beter geheelbeeld van die profiel van die respondente te verkry, word hul verspreiding ten opsigte van die gemiddelde aantal ure wat hulle gedurende die naweek aan beroepsverante werk afstaan, wanneer hulle tuis is, in tabel 6.3.5(b) in terme van kategorie-

intervalle uitgedruk. Vir statistiese ontledingsdoeleindes is hierdie veranderlike egter as 'n kontinue veranderlike behou.

Tabel 6.3.5(b): Gemiddelde aantal ure wat die respondent per naweek aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hy tuis is

AANTAL URE	FREKWENSIE	PERSENTASIE
0	222	55.5%
1-3	79	19.75%
4-6	85	21.25%
meer as 6	14	3.5%
TOTAAL	400	100%

Volgens die inligting in tabel 6.3.5(b) het 44.5% van die respondente aangedui dat hulle wel gedurende die naweek aan beroepsverwante werk tyd afstaan. Verder blyk dit dat 19.75% en 21.25% van die respondente onderskeidelik tussen 1 en 3 ure en tussen 4 en 6 ure per naweek tuis werk. 'n Verdere 3.5% van die mans in die steekproef het aangedui dat hulle selfs meer as 6 ure gedurende die naweek aan beroepsverwante werk afstaan.

6.3.6 Alternatiewe werkspatrone tot die beskikking van die respondent

Respondente is gevra om 'n aanduiding te gee of alternatiewe werkspatrone tot hulle beskikking gestel word, al dan nie. Die data ten opsigte van hierdie veranderlike word in tabel 6.3.6 gegee.

Tabel 6.3.6: Alternatiewe werkspatrone tot die beskikking van die respondent, al dan nie

IS ALTERNATIEWE WERKSPATRONE BESKIKBAAR?	FREKWENSIE	PERSENTASIE
Nee	343	85.8%
Ja	57	14.3%
TOTAAL	400	100%

Dit is duidelik dat die meeste (85.8%) van die respondente nie die opsie het om van alternatiewe werkspatrone gebruik te maak nie, terwyl slegs 14.3% wel binne hul werkskonteks van hierdie patrone gebruik mag maak. In die gevalle waar alternatiewe werkspatrone wel tot die beskikking van respondente gestel word, is die respondente gevra om te spesifiseer wat die aard van hierdie patrone is. Elastiese tydskedules is in 28 van die gevalle as alternatiewe werkspatroon aangewys, terwyl onderskeidelik 12 en 9 respondente elatiese werkslokaliteite en skofwerkspatrone as alternatiewe werkspatrone tot hul beskikking, geïdentifiseer het.

6.3.6 Die mate waartoe respondente van alternatiewe werkspatrone gebruik maak, al dan nie.

Indien alternatiewe werkspatrone tot die beskikking van respondente gestel word, is respondente gevra om 'n aanduiding te gee van die mate waartoe hulle van hierdie patrone gebruik maak, al dan nie. Slegs die 58 respondente wat wel die opsie het om van alternatiewe werkspatrone gebruik te maak, het dus hierdie vraag in die vraelys beantwoord.

Tabel 6.3.7: Die mate waartoe respondente van alternatiewe werkspatrone gebruik maak, al dan nie.

MATE VAN GEBRUIKMAKING VAN ALTERNATIEWE WERKSPATRONE	FREKWENSIE	PERSENTASIE
Nooit	1	1.7%
Soms	33	56.9%
Dikwels	24	41.4%
TOTAAL	58	100%

Uit die bostaande tabel blyk dit dat die kategorie met die hoogste frekwensie dié is waar die respondente soms van die alternatiewe werkspatrone tot hul beskikking gebruik gemaak het (56.9%). Hierteenoor het 41.4% van die respondente aangetoon dat hulle dikwels van alternatiewe werkspatrone gebruik maak. Aangesien slegs een respondent aangetoon het dat hy nooit van die alternatiewe werkspatrone tot sy beskikking, gebruik maak nie, is hierdie kategorie vir die verdere statistiese ontledings genegeer. Dit blyk dus dat in die gevalle waar mans wel die opsie gehad het om van alternatiewe werkspatrone gebruik te maak, almal behalwe die een respondent in 'n mindere of meerdere mate wel hierdie opsie uitgeoefen het.

6.3.7 Die mate waartoe die respondent van kraamverlof vir vaders gebruik sal maak, al dan nie

Respondente is gevra om 'n aanduiding te gee tot watter mate hulle van kraamverlof vir vaders, soos in artikel 27(2)(a) van Wet nommer 75 (die Wet op Basiese Diensvoorwaardes) van 1997 bepaal, gebruik sal maak, indien hulle hulself in so 'n situasie sou bevind. Die data ten opsigte van hierdie veranderlike word in tabel 6.3.8 gegee.

Tabel 6.3.8: Die mate waartoe die respondent van kraamverlof vir vaders gebruik sal maak, al dan nie

GEBRUIKMAKING VAN KRAAMVERLOF	FREKWENSIE	PERSENTASIE
Nee	89	22.3%
Ja	311	77.8%
TOTAAL	400	100%

Uit tabel 6.3.8 blyk dit dat die kategorie wat by verreweg die hoogste frekwensie toon, dié is waar die respondente aangetoon het dat hulle wel van kraamverlof vir vader gebruik sal maak (77.8%). Redes wat respondente in hierdie verband aangevoer het, sluit onder andere in dat hulle op hierdie wyse daartoe in staat gestel sou word om hul eggenotes tydens en na die geboorte van die baba by te staan ($n = 141$); te help met die versorging van die baba ($n = 38$); 'n band met die baba te vestig ($n = 31$); te help met die versorging van die ander kinders ($n = 14$); om te help met die behartiging van die huishouding ($n = 26$); om tyd saam as gesin deur te bring ($n = 26$) en om 'n aktiewe rol as vader te speel ($n = 35$).

Hierteenoor het slegs 22.3% van die respondente aangetoon dat hulle nie van kraamverlof vir vaders gebruik sou maak nie. Die redes wat in hierdie verband geopper is, varieer tussen dié wat weens werksverpligtinge dit as 'n onmoontlike opsie beskou ($n = 58$) en dié wat bloot net die sin van kraamverlof vir vaders kan insien nie ($n = 31$).

Afgesien van die veranderlikes wat met die respondente se beroepverwante gegewens verband hou, kan 'n aantal veranderlikes geïdentifiseer word wat met die man se eggenote verband hou.

6.4 GEGEWENS TEN OPSIGTE VAN DIE MAN SE EGGENOTE

Die eerste van die veranderlike wat met die man se eggenote verband hou, is haar opvoekundige kwalifikasies.

6.4.1 Opvoedkundige kwalifikasie van die respondent se eggenote

In tabel 6.4.1(a) word 'n uiteensetting van die opvoedkundige kwalifikasies van die respondente se eggenotes gegee.

Tabel 6.4.1(a): Opvoedkundige kwalifikasies van die respondente se eggenotes op grond van oorspronklike kategorieë

KWALIFIKASIE	FREKWENSIE	PERSENTASIE
Laer as matriek	67	16.8%
Matriek	196	49.0%
Matriek + Diploma	70	17.5%
Baccalaureusgraad	34	8.5%
Honneursgraad	25	6.3%
Magistergraad	7	1.8%
Doktorsgraad	1	0.3%
TOTAAL	400	100%

Uit die bostaande tabel blyk dit dat die kategorie met die hoogste frekwensie dié is waar die respondente se eggenotes oor 'n matrieksertifikaat as akademiese kwalifikasie beskik (49.0%) het. Ten einde die respondente se eggenotes wat oor 'n Honneursgraad, Magistergraad en 'n Doktorsgraad beskik by die statistiese verwerkings in te sluit, ten spyte van die feit dat hierdie drie kategorieë relatief klein is, is die genoemde kategorieë saamgegroeper om sodoende een kategorie, naamlik eggenotes van respondente wat oor 'n nagraadse kwalifikasie beskik, te vorm. Hierdie nuwe saamgegroeperde kategorie van respondente waarvan die eggenotes oor 'n nagraadse kwalifikasie beskik, verteenwoordig 8.2% van die steekproef. Indien hierdie kategorie met dié van die respondente waarvan die eggenotes oor 'n Baccalaureusgraad beskik het in berekening gebring word, blyk dit dat 16.7% van die respondente se eggenotes oor 'n universiteitgraad/e beskik het.

Hierteenoor het 16.8% van die respondente se vrouens oor 'n kwalifikasie laer as matriek beskik, terwyl 17.5% nie alleen matriek suksesvol voltooi het nie, maar ook 'n verdere diploma verwerf het.

Alhoewel daar in die vraelys vir die kategorie "ander" voorsiening gemaak is, was daar geen respondente wat 'n ander opvoedkundige kwalifikasie, buiten dié wat as antwoordopsies gegee is, in terme van hul eggenotes se opvoedkundige opleiding aangedui het nie. Tabel 6.4.1(b) dien as aanduiding van die kategorieë wat vir statistiese ontledingsdoeleindes gebruik is.

Tabel 6.4.1(b): Opvoedkundige kwalifikasies van die respondente se eggenotes na samevoeging van kategorieë

KWALIFIKASIE	FREKWENSIE	PERSENTASIE
Laer as matriek	67	16.8%
Matriek	196	49.0%
Matriek + Diploma	70	17.5%
Baccalaureusgraad	34	8.5%
Nagraads	33	8.2%
TOTAAL	400	100%

6.4.2 Die beroepskategorie van die respondent se eggenote

Ten einde die statistiese verwerkings te vergemaklik en te standaardiseer, is die spesifieke beroepe, soos deur die respondente in die beantwoording van die vraelys verskaf, in terme van kategorieë georganiseer. Die data ten opsigte van die beroepskategorieë van die respondente se vrouens word in tabel 6.4.2(a) weergegee:

Tabel 6.4.2(a): Beroepskategorieë van die respondente se eggenotes, op grond van oorspronklike kategorieë

BEROEPSKATEGORIE	FREKWENSIE	PERSENTASIE
Dienslewerend	64	16.0%
Klerklik	233	58.3%
Semi-professioneel	73	18.3%
Bestuur	2	0.5%
Professioneel	28	7.0%
TOTAAL	400	100%

Uit die tabel is dit duidelik dat die kategorie wat die hoogste frekwensie toon, dié is waar die respondente se eggenotes klerklike of administratiewe poste bekleë het (58.3%), terwyl onderskeidelik 16.0% en 18.3% dienslewerende en semi-professionele beroepe beoefen het.

Weereens is kategorieë saamgevoeg ten einde die kategorieë wat afsonderlik te klein vir statistiese ontleding was, ook daarby te betrek. Vir hierdie doeleindes is bestuursberoepe by professionele beroepe gevoeg, omdat beide hierdie beroepskategorieë op min of meer dieselde vlak van verantwoordelikheid lê. Hierdie nuwe saamgevoegde kategorie verteenwoordig die beroepe 7.5% van die respondente se eggenotes. Die saamgevoegde beroepskategorieë en die ooreenstemmende frekwensies sien as volg daaruit:

Tabel 6.4.2(b): Beroepskategorieë van respondente se eggenotes na samevoeging van kategorieë

BEROEPSKATEGORIE	FREKWENSIE	PERSENTASIE
Dienslewerend	64	16.0%
Klerklik	233	58.3%
Semi-professioneel	73	18.3%
Bestuur/ Professioneel	30	7.5%
TOTAAL	400	100%

6.4.3 Aantal werksdae per week wat die respondent se eggenote beroepwerkzaam is

In tabel 6.4.3 word die data ten opsigte van die gemiddelde aantal dae wat die respondente se eggenotes per week werk, weergegee:

Tabel 6.4.3: Gemiddelde aantal werksdae wat die respondent se eggenote per week beroepwerkzaam is

AANTAL DAE	FREKWENSIE	PERSENTASIE
3	4	1.0%
4	5	1.3%
5	331	82.8%
6	52	13.0%
7	8	2.0%
TOTAAL	400	100%

Die aantal dae wat die respondente se eggenotes per week werkzaam was, het tussen 3 en 7 dae gevarieer. Die rekenkundige gemiddelde in hierdie verband is 5.14 dae, terwyl beide die

mediaan en die modus 5 dae per week is. Dit is dus duidelik dat die kategorie wat by verreweg die hoogste frekwensie toon, dié is waar die respondente se eggenotes (82.8%) gemiddeld 5 dae per week beroepwerkzaam was, met ander woorde 'n "normale" vyf-dag week gewerk het.

Tog was daar respondente se eggenotes wat 6 dae per week gewerk het (13.0%) en selfs enkele (2.0%) wat die volle 7 dae van die week beroepwerkzaam was. Hierteenoor het slegs 2.3% van die mans in die steekproef 'n aanduiding gegee dat hul eggenotes minder as 5 dae per week werk. Hierdie veranderlike is as kontinue veranderlike gebruik en daarom is geen kategorieë saamgevoeg nie.

6.4.4 Aantal ure wat die respondent se eggenote per dag by die werk deurbring

In die volgende tabel word 'n uiteensetting gegee van die data ten opsigte van die aantal ure wat die respondente se eggenotes per dag by die werk deurbring:

Tabel 6.4.4: Gemiddelde aantal ure wat die respondent se eggenote per dag by die werk deurbring

AANTAL URE	FREKWENSIE	PERSENTASIE
4	2	0.5%
5	27	6.8%
6	12	3.0%
7	31	7.8%
8	256	64.0%
9	47	11.8%
10	15	3.8%
11	1	0.3%
12	8	2.0%
13	1	0.3%
TOTAAL	400	100%

Die aantal ure wat die respondente se eggenotes per dag by die werk werksaam was, het tussen 4 en 16 ure gevarieer. Die rekenkundige gemiddelde in hierdie verband is 7.93 ure per dag, terwyl beide die mediaan en die modus 8 ure per dag is. Die kategorie wat by verreweg die hoogste frekwensie toon, is dié waar die respondente se eggenotes (64.0%) gemiddeld 8 ure per dag by die werk beroepwerksaam was. Weereens, soos in die geval van die respondent se eie gemiddelde aantal werksure per dag, blyk dit dat die meeste van die respondente se eggenotes in die algemeen ook die "normale" agt-uur-werksdag by die werk deurbring.

Bo en behalwe die feit dat 64.0% van die respondente se eggenotes 8 ure per dag by die werk deurbring, is dit interessant om daarop te let dat 18.2% van die respondente se eggenotes meer as die "normale" 8 ure per dag by die werk deurbring. Dit staan in teenstelling met die feit dat meer as die helfte (55.7%) van die respondente self meer as 8 ure per dag beroepwerksaam is. Verder het slegs 18.1% van die respondente aangedui dat hul eggenotes minder as 8 ure per dag by die werk deurbring.

Hierdie veranderlike is as kontinue veranderlike gebruik en daarom is geen kategorieë saamgevoeg nie.

6.4.5 Aantal ure wat die respondent se eggenote per werksdag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer sy tuis is

Afgesien van die aantal ure wat die respondente se eggenotes per dag by die werk beroepwerksaam is, het die fokus ook geval op die gemiddelde aantal ure per werksdag wat die eggenotes aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is. 'n Uiteensetting van hierdie data word in tabel 6.4.5 gegee:

Tabel 6.4.5: Gemiddelde aantal ure wat die respondent se eggenote per werksdag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer sy tuis is

AANTAL URE	FREKWENSIE	PERSENTASIE
0	247	61.8%
1	41	10.3%
2	52	13.0%
3	24	6.0%
4	24	6.0%
5	6	1.5%
6	4	1.0%
8	2	0.5%
TOTAAL	400	100%

Die aantal ure wat die respondente se vrouens per werksdag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is, het tussen 0 en 8 ure gevarieer. Die rekenkundige gemiddelde in hierdie verband is 0.96 ure per dag, terwyl beide die mediaan en die modus 0 ure per dag is. Die kategorie wat dus by verreweg die hoogste frekwensie toon, is dié waar die respondente se eggenotes nie 'n enkele uur per werksdag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is nie. Dit beteken dus dat 61.8% van die respondente se eggenotes geen tyd aan beroepsverwante werk afstaan wanneer hulle by die huis is nie.

Hierteenoor het 38.2% van die respondente 'n aanduiding gegee dat hul eggenotes wel tyd aan beroepsverwante werk afstaan wanneer hulle tuis is. In hierdie opsig is dit op grond van tabel 6.4.5 duidelik dat 10.3% en 13.0% van die respondente se eggenotes onderskeidelik gemiddeld 1 uur en 2 ure per dag beroepsverwante aktiwiteite by die huis verrig het. Verder het 15.0% van die respondente dit gestel dat hul eggenotes selfs méér as 2 ure per dag by die huis aan beroepsverwante werk afstaan. Hierdie veranderlike is as kontinue veranderlike gebruik en daarom is geen kategorieë saamgevoeg nie.

Bo en behalwe vir die veranderlikes wat met die gegewens van die respondente se eggenote verband hou, kan 'n groepering van veranderlikes geïdentifiseer word wat rondom die man se kind/ers sentreer.

6.5 GEGEWENS TEN OPSIGTE VAN DIE EGPAAR SE KIND/ERS

Die eerste van die veranderlike wat met die gegewens ten opsigte van die egpaar se kind/ers verband hou, is die aantal afhanklike kinders wat ten tyde van die data-insameling by die egpaar woonagtig was.

6.5.1 Aantal afhanklike kinders wat tans by die egpaar woon

Wat die aantal afhanklike kinders in die sorg van die dubbelinkomste-egpaar betref, kan die volgende data getabuleer word:

Tabel 6.5.1: Aantal afhanklike kinders wat tans by die egpaar woon

AANTAL KINDERS	FREKWENSIE	PERSENTASIE
1	128	32.0%
2	208	52.0%
3	57	14.3%
4	6	1.5%
5	1	0.3%
TOTAAL	400	100%

Dit blyk uit tabel 6.5.1 dat die kategorie wat die hoogste frekwensie toon, dié is waar die respondente twee afhanklike kinders in hul sorg het (52.0%), terwyl 32.0% slegs een kind het wat tans by hulle woon. Uit die tabel is dit ook duidelik dat relatief min van die respondente, te wete 16.1%, vir die versorging van drie of meer kinders verantwoordelik is. Vir die doeleindes

van die statistiese verwerkings, is hierdie veranderlike as kontinue veranderlike gebruik en daarom is geen kategorieë saamgevoeg nie.

6.5.2 Die ouderdom van die jongste kind in die respondent se huishouding

In tabel 6.5.2(a) word 'n uiteensetting van die ouderdomme van die jongste kinders in die respondente se huishoudings gegee:

Tabel 6.5.2(a): Die ouderdom van die jongste kind in die respondent se huishouding

OUDERDOM	FREKWENSIE	PERSENTASIE
1	58	14.5%
2	72	18.0%
3	50	12.5%
4	38	9.5%
5	19	4.8%
6	28	7.0%
7	23	5.8%
8	33	8.3%
9	24	6.0%
10	19	4.8%
11	10	2.5%
12	17	4.3%
13	9	2.3%
TOTAAL	400	100%

Die gemiddelde ouderdom van die respondente se jongste kinders is 5.07 jaar, terwyl die mediaan- en modusouderdomme onderskeidelik 4 en 2 jaar is. Die relatief klein variasie-wydte van die ouderdomme van die jongste kinders in die huishouding kan toegeskryf word aan die feit dat die respondente, vir insluiting in die steekproef, verantwoordelik moes wees vir ten minste een kind wat nie ouer as dertien jaar oud was ten tyde van die navorsing nie.

Ten einde 'n beter geheelbeeld van die profiel van die ouderdomme van die jongste kinders in die respondente se huishoudings te verkry, word hul ouderdomsverspreiding in tabel 6.5.2(b) in terme van kategorie-intervalle uitgedruk. Vir statistiese ontledingsdoeleindes is die ouderdomme van die jongste kinders egter as 'n kontinue veranderlike behou.

Tabel 6.5.2(b): Die ouderdom van die jongste kind in die respondent se huishouding

OUERDOM	FREKWENSIE	PERSENTASIE
1-3	180	45.0%
4-6	85	21.25%
7-9	80	20.0%
10-13	55	13.75%
TOTAAL	400	100%

Uit tabel 6.5.2(b) is dit duidelik dat die kategorie wat die hoogste frekwensie toon (45.0%) dié is waar die respondente se jongste kinders se ouderdomme tussen 1 tot 3 jaar gevarieer het. Verder, blyk dit dat respektiewelik 21.25% en 20.0% van die kinders in die ouderdomskategorieë 4 tot 6 jaar en 7 tot 9 jaar geval het. Hierteenoor het slegs 13.75% van die respondente aangedui dat die jongste kind in hul huishouding ouer as 9 jaar was.

6.5.3 Die geslag van die respondent se kind/ers

Ten einde vas te stel in welke mate die geslag van die kinders in die huishouding met die mate waartoe 'n man vaderbetrokkenheid toon verband hou, is die respondente ook gevra om 'n aanduiding te gee van die geslagkategorie waarin hul kinders val. Hierdie data word in tabel 6.5.3 gevind.

Tabel 6.5.3: Die geslag van die repondent se kind/ers

GESLAG VAN KIND/ERS	FREKWENSIE	PERSENTASIE
Net ('n) dogter/s	89	22.3%
Net ('n) seun/s	154	38.5%
Beide dogter/s en seun/s	157	39.3%
TOTAAL	400	100%

Uit tabel 6.5.3 blyk dit dat die kategorie wat die hoogste frekwensie toon, dié is waar die respondente beide seuns en dogters het (39.3%). Hierteenoor het onderskeidelik 38.5% en 22.3% van die respondente aangedui dat hulle net seuns en net dogters het.

Afgesien van die veranderlikes wat met die gegewens ten opsigte van die egpaar se kind/ers verband hou, kan 'n aantal veranderlikes geïdentifiseer word wat met die man se gesin van oriëntasie verband hou.

6.6 GEGEWENS TEN OPSIGTE VAN DIE MAN SE GESIN VAN ORIËNTASIE

Die eerste van die veranderlike wat met die man se gesin van oriëntasie of oorsprong verband hou, is die beroepstatus van die respondent se moeder/stiefmoeder, terwyl die respondent nog skool gegaan het.

6.6.1 Beroepstatus van die respondent se moeder, terwyl hy nog skool gegaan het

Die data ten opsigte van die beroepstatus van die respondent se moeder/stiefmoeder terwyl die respondent nog op skool was, word in tabel 6.6.1(a) aangetref.

Tabel 6.6.1(a): Beroepstatus van respondent se moeder, terwyl hy nog skool gegaan het, op grond van oorspronklike kategorieë

BEROEPSTATUS	FREKWENSIE	PERSENTASIE
Nooit gewerk nie	187	46.8%
Voltydse beroepsposisie	153	38.3%
Deeltydse beroepsposisie	32	8.0%
Voltyds slegs met tye	18	4.5%
Deeltyds slegs met tye	10	2.5%
TOTAAL	400	100%

Ten opsigte van die beroepstatus van die respondente se moeders terwyl die respondente nog skool gegaan het, blyk dit dat 46.8% nooit 'n beroepsposisie bekleed het nie. Hierteenoor het 38.3% van die respondente se moeders voltyds in die arbeidsmark gestaan, terwyl slegs 8.0% se moeders deeltydse beroepsposisies bekleed het. Ten einde die respondente wie se moeders slegs met tye voltyds en slegs met tye deeltyds gewerk het by die statistiese verwerkings in te sluit, ten spyte van die feit dat hierdie twee kategorieë relatief klein is, is die genoemde kategorieë saamgegroeper om sodoende een kategorie, naamlik respondente se moeders wat slegs met tye gewerk het, te vorm. Hierdie nuwe saamgevoegde kategorie verteenwoordig 7.0% van die respondente se moeders. Die saamgevoegde beroepskategorieë en die ooreenstemmende frekwensies sien as volg daaruit:

Tabel 6.6.1(b): Beroepstatus van respondent se moeder, terwyl hy nog skool gegaan het, na samevoeging van kategorieë

BEROEPSTATUS	FREKWENSIE	PERSENTASIE
Nooit gewerk nie	187	46.8%
Voltydse beroepsposisie	153	38.3%
Deeltydse beroepsposisie	32	8.0%
Slegs met tye gewerk	28	7.0%
TOTAAL	400	100%

6.6.2 Die beroepskategorie van die respondent se moeder/stiefmoeder, terwyl die respondent nog skool gegaan het

Ten einde die statistiese verwerkings te vergemaklik en te standaardiseer, is die spesifieke beroepe, soos deur die moeders van die respondente beoefen, in terme van kategorieë georganiseer. Slegs die 212 respondente wie se moeders wel beroepsposisies beklee het, het dus hierdie vraag in die vraelys beantwoord. Die data ten opsigte van hierdie veranderlike word in tabel 6.6.2(a) gegee:

Tabel 6.6.2(a): Beroepskategorieë van die respondent se moeder, terwyl die respondent nog skool gegaan het, op grond van oorspronklike kategorieë

BEROEPSKATEGORIE	FREKWENSIE	PERSENTASIE
Ambag	3	1.4%
Dienslewerend	41	19.3%
Klerklik	110	51.9%
Semi-professioneel	51	24.1%
Bestuur	2	0.9%
Professioneel	5	2.4%
TOTAAL	212	100%

Uit die tabel is dit duidelik dat die kategorie wat die hoogste frekwensie toon, dié is waar die respondente se moeders klerklike of administratiewe poste beklee het (51.9%), terwyl onderskeidelik 19.3% en 24.1% dienslewerende en semi-professionele beroepe beoefen het. Weereens is kategorieë saamgevoeg ten einde die kategorieë wat afsonderlik te klein was, ook by die statistiese ontledings te betrek. Vir hierdie doeleindes is bestuursberoepe by professionele beroepe gevoeg, om 'n gesamentlike beroepskategorie te vorm waarbinne 3.3% van die respondente se moeders geval het. So ook is die kategorie "ambagte" (uit hoofde van die aard van die drie spesifieke gevalle) by dienslewerende beroepe gevoeg, wat die frekwensie van laasgenoemde beroepskategorie tot 44 (of te wel 20.7% van die respondente se moeders) laat toeneem het.

Die saamgevoegde beroepskategorieë en die ooreenstemmende frekwensies sien as volg daaruit:

Tabel 6.6.2(b): Beroepskategorieë van die respondent se moeder, terwyl die respondent nog skool gegaan het, na samevoeging van kategorieë

BEROEPSKATEGORIE	FREKWENSIE	PERSENTASIE
Dienslewerend/Ambag	44	20.7%
Klerklik	110	51.9%
Semi-professioneel	51	24.1%
Bestuur/ Professioneel	7	3.3%
TOTAAL	212	100%

6.6.3 Die beroepskategorie van die respondent se vader/stiefvader, terwyl die respondent nog skool gegaan het

Soos in die geval van die tipe beroepe wat deur die respondente se moeders beoefen is, is die spesifieke beroepe, soos deur die vaders van die respondente beoefen, in terme van kategorieë georganiseer. Die biografiese gegewens ten opsigte van hierdie veranderlike word in tabel 6.6.3(a) gegee:

Tabel 6.6.3(a): Beroepskategorieë van die respondent se vader, terwyl die respondent nog skool gegaan het, op grond van oorspronklike kategorieë

BEROEPSKATEGORIE	FREKWENSIE	PERSENTASIE
Ambag	131	32.8%
Dienslewerend	37	9.3%
Klerklik	110	27.5%
Semi-professioneel	89	22.3%
Bestuur	12	3.0%
Professioneel	21	5.3%
TOTAAL	400	100%

Uit die tabel 6.6.3(a) blyk dit dat die kategorie wat die hoogste frekwensie toon, dié is waar die respondente se vaders ambagte beoefen het (32.8%), terwyl onderskeidelik 27.5% en 22.3% klerklike en semi-professionele beroepe beoefen het. Weereens is kategorieë saamgevoeg ten einde die kategorieë wat afsonderlik te klein was, ook by die statistiese ontledings te betrek. Vir hierdie doeleindes is bestuursberoepe by professionele beroepe gevoeg, omdat beide hierdie beroepskategorieë op min of meer dieselde vlak van verantwoordelikheid lê. Hierdie nuwe saamgevoegde kategorie verteenwoordig die beroepe 8.3% van die respondente se vaders. Die saamgevoegde beroepskategorieë en die ooreenstemmende frekwensies sien as volg daaruit:

Tabel 6.6.3(b): Beroepskategorieë van die respondent se vader, terwyl die respondent nog skool gegaan het, na samevoeging van kategorieë

BEROEPSKATEGORIE	FREKWENSIE	PERSENTASIE
Ambag	131	32.8%
Dienslewerend	37	9.3%
Klerklik	110	27.5%
Semi-professioneel	89	22.3%
Bestuur/ Professioneel	33	8.3%
TOTAAL	400	100%

6.6.4 Die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader aan die voorbereiding van voedsel deelgeneem het

Elk van die respondente is gevra om aan die hand van 'n vyf-punt Likert-tipe skaal 'n aanduiding te gee van die mate waartoe hul vaders/stiefvaders aan die voorbereiding van voedsel deelgeneem het, terwyl die respondente nog skool gegaan het. Die data ten opsigte van hierdie veranderlike word in tabel 6.6.4 gegee.

Tabel 6.6.4: Die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader aan die voorbereiding van voedsel deelgeneem het

VOEDSELVOORBEREIDING	FREKWENSIE	PERSENTASIE
1 Nooit	171	42.8%
2 Soms	131	32.8%
3 Gereeld	74	18.5%
4 Baie gereeld	19	4.8%
5 Altyd	5	1.3%
TOTAAL	400	100%

Uit tabel 6.6.4 blyk dit dat dit die persepsie van die meeste respondente was dat hul vaders nooit by die voorbereiding van kos betrokke was nie (42.8%), terwyl dit die persepsie van 32.8% van die respondente was dat hul vader soms kosgemaak het. Dit was verder die persepsie van onderskeidelik 18.5% en 4.8% van die respondente dat hul vaders gereeld en baie gereeld by hierdie spesifieke huishoudelike taak betrokke was. Hierteenoor was dit die persepsie van slegs 1.3% van die respondente dat hul vaders altyd by die voorbereiding van voedsel betrokke was.

6.6.5 Die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader huishoudelike take verrig het

Respondente is verder ook gevra om 'n aanduiding te gee van hoe dikwels hul vaders/stiefvaders huishoudelike take, buiten die voorbereiding van kos, verrig het, terwyl die respondente nog skool gegaan het. Die profiel van die respondente se antwoorde word in tabel 6.6.5 gegee.

Tabel 6.6.5: Die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader huishoudelike take verrig het

HUISHOUELIKE TAKE VERRIG	FREKWENSIE	PERSENTASIE
1 Nooit	183	45.8%
2 Soms	123	30.8%
3 Gereeld	58	14.5%
4 Baie gereeld	26	6.5%
5 Altyd	10	2.5%
TOTAAL	400	100%

Wat die vader se verrigting van huishoudelike take betref, was dit die persepsie 45.8% van die respondente dat hul vaders nooit hierdie take verrig het nie, terwyl 30.8% van die mans van mening was dat hul vaders wel soms huishoudelike taakverpligtinge uitgevoer het. Dit was verder die persepsie van 14.5% en 6.5% van die respondente dat hul vaders respektiewelike gereeld en baie gereeld huishoudelike take verrig was. In kontras hiermee was dit die persepsie van slegs 2.5% van die respondente dat hul vaders altyd by die verrigting van hierdie take betrokke was.

6.6.5 Die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader by die versorging van die kinders betrokke was

Afgesien van die respondent se persepsie van sy vader se betrokkenheid by die voorbereiding van voedsel en die verrigting van huishoudelike take, is die respondente ook gevra om 'n aanduiding te gee van die mate waartoe hul vaders/stiefvaders by die versorging van die kinders

was. Die data ten opsigte van hierdie veranderlike word in tabel 6.6.6 gegee.

Tabel 6.6.6: Die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader by die versorging van die kinders betrokke was

VERSORGING VAN DIE KINDERS	FREKWENSIE	PERSENTASIE
1 Nooit	127	31.8%
2 Soms	110	27.5%
3 Gereeld	99	24.8%
4 Baie gereeld	51	12.8%
5 Altyd	13	3.3%
TOTAAL	400	100%

Uit die bostaande tabel blyk dit dat dit die persepsie van die meeste respondente was dat hul vaders nooit by die versorging van die kinders betrokke was nie (31.8%), terwyl dit die persepsie van 27.5% van die respondente was dat hul vaders soms aan kinderversorging deelgeneem het. Hierteenoor was dit die persepsie van slegs 3.3% van die respondente dat hul vaders altyd by die versorging van die kinders betrokke was.

Wanneer die drie voorafgaande veranderlikes ten opsigte van die respondent se persepsie van sy vader se betrokkenheid by die gesin en in die huishouding, terwyl die respondent nog skool gegaan het, met mekaar vergelyk word, is dit duidelik dat dit die persepsie van die respondente was dat hul vaders in die algemeen meer by die versorging van die kinders betrokke was, as wat dit die geval met die vader se betrokkenheid by die verrigting van huishoudelike take en die voorbereiding van voedsel was.

Behalwe vir die veranderlikes wat in verband met die man se gesin van oriëntasie staan, kan 'n aantal algemene veranderlikes, vanuit die perspektief van die man, geïdentifiseer word.

6.7 ALGEMENE GEGEWENS

Die eerste van die algemene veranderlike wat hier ter sprake kom, is die wyse waarop die dubbelinkomstegesin van die dienste van 'n huishulp gebruik maak, al dan nie.

6.7.1 Die aard van die indiensneming van 'n huishulp in die dubbelinkomstegesin

Die data ten opsigte van die respondente se huishoudings se gebruikmaking, al dan nie, van 'n huishulp, asook die aard van die indiensneming van die huishulp, word in tabel 6.7.1 uiteengesit.

Tabel 6.7.1: Die aard van die indiensneming van 'n huishulp in die dubbelinkomstegesin

HUISHULP	FREKWENSIE	PERSENTASIE
Maak nooit van 'n huishulp gebruik nie	83	20.8%
Voltyds inwonende huishulp	93	23.3%
Voltydse huishulp, maar woon elders	46	11.5%
Vaste deelydse huishulp, wat inwoon	21	5.3%
Vaste deelydse huishulp, wat elders woon	109	27.3%
Maak soms per geleentheid van 'n huishulp gebruik	48	12.0%
TOTAAL	400	100%

Dit blyk uit die bostaande getabuleerde data dat die meeste respondente (79.2%) op die een of ander wyse van die dienste van 'n huishulp gebruik gemaak het, terwyl slegs 20.8% van die dubbelinkomstegesinne nooit van hierdie dienste gebruik gemaak het nie. In terme van die aard van die indiensneming van die huishulpe, blyk dit dat die hoogste frekwensie voorkom in die

kategorie waar respondente van die dienste van 'n vaste deelydse huishulp, wat elders woon, gebruik gemaak het (27.3%), terwyl daar in 23.3% van die gevalle 'n voltyds inwonende huishulp in diens van die respondente gestaan het. Slegs 12.0% van die respondente het 'n aanduiding gegee dat hul huishoudings soms per geleentheid van die dienste van 'n huishulp gebruik maak.

6.7.2 Die teenwoordigheid, al dan nie, van 'n ander persoon in die huishouding wat met die versorging van die kinders behulpsaam is

Afgesien van die moontlike gebruikmaking van die dienste van 'n huishulp, het die fokus ook op die teenwoordigheid, al dan nie, van 'n ander persoon in die huishouding wat by die uitvoering van kinderversorgingsaktiwiteite betrokke is, geval. Die data ten opsigte van hierdie veranderlike word in tabel 6.7.2 gegee.

Tabel 6.7.2: Die teenwoordigheid, al dan nie, van 'n ander persoon in die huishouding wat met die versorging van die kinders behulpsaam is

TEENWOORDIGHEID VAN 'n ANDER PERSOON	FREKWENSIE	PERSENTASIE
Nee	346	86.5%
Ja	54	13.5%
TOTAAL	400	100%

Dit is duidelik dat daar in die meeste (86.5%) van die respondente se huishoudings geen ander persoon, bo en behalwe die egpaar (en in sommige gevalle 'n huishulp), was wat met die versorging van die kinders behulpsaam was nie. In die 13.5% huishoudings waar daar wel 'n ander persoon was wat by die versorging van die kinders betrokke was, is die respondente gevra om te spesifiseer wie hierdie persoon was. In 37 van die gevalle was die ander persoon as 'n ouma geïdentifiseer, terwyl slegs 5 oupas by die versorging van die kinders betrokke was. Ander persone wat in hierdie hoedanigheid geïdentifiseer is, was in 3 gevalle 'n inwonende student/au

pair, in 5 gevalle die suster van óf die man óf die vrou, en enkele verwysings na 'n tante, 'n broer en 'n niggie.

6.7.3 Die respondent se beeld van die ideale gesin

Ten opsigte van wat as die ideale gesin beskou kan word, het die respondente soos volg geantwoord:

Tabel 6.7.3: Die respondent se beeld van die ideale gesin

IDEALE GESIN	FREKWENSIE	PERSENTASIE
Tradisionele gesin	83	20.8%
Gewysigde tradisionele gesin	149	37.3%
Egalitêre gesin	167	41.8%
TOTAAL	400	100%

Tradisionele gesin = Die man as alleenbroodwinner en die vrou as voltydse huisvrou (en moeder).

Gewysigde tradisionele gesin = Beide die man en die vrou beklee beroepsposisies - waar die man sy vrou se opinie in die neem van besluite ten opsigte van gesinsake in ag neem, maar waar hy nog steeds as die hoof van die gesin beskou word.

Egalitêre gesin = Beide die man en die vrou beklee beroepsposisies - waar die huwelik aan 'n vennootskapsverhouding gekenmerk word, waar besluite ten opsigte van gesinsake saam geneem word.

Uit tabel 6.7.3 blyk dit dat die kategorie wat die hoogste frekwensie toon, dié is waar die respondente die egalitêre gesin as die ideale gesin voorhou (41.8%), terwyl 37.3% die gewysigde tradisionele gesin en slegs 20.8% die tradisionele gesin as die ideale gesin beskou.

6.7.3 Die respondent se persepsie van die mate waartoe die huisgesin van sy vrou se inkomste afhanklik is

Elk van die respondente is gevra om aan die hand van 'n vyf-punt Likert-tipe skaal 'n aanduiding te gee in welke mate die huisgesin, in terme van die gesinsbegroting, van die vrou se inkomste

afhanklik is. Die data ten opsigte van hierdie veranderlike word in tabel 6.7.4 gegee.

Tabel 6.7.4: Die respondent se persepsie van die mate waartoe die huisgesin van sy vrou se inkomste afhanklik is

MATE VAN AFHANKLIKHEID	FREKWENSIE	PERSENTASIE
1 In geen mate afhanklik nie	42	10.5%
2 In 'n mindere mate afhanklik	51	12.8%
3 In 'n mate afhanklik	126	31.5%
4 In 'n groot mate afhanklik	80	20.0%
5 In 'n baie groot mate afhanklik	101	25.3%
TOTAAL	400	100%

Uit tabel 6.7.4 blyk dit dat dit die persepsie van die meeste respondente is dat die gesin, in terme van die gesinsbegroting, tot 'n mate van die vrou se inkomste afhanklik is (31.5%). Dit was verder die persepsie van 25.3% van die respondente dat die huisgesin in 'n baie groot mate van die vrou se inkomste afhanklik is, terwyl slegs 10.5% van mening was dat die gesin in geen mate van die vrou se finansiële bydrae op grond van haar arbeidsmarkdeelname afhanklik is nie.

Afgesien van die profiele van die respondente ten opsigte van hul biografiese agtergrondgegevens, is dit veral ook van belang dat 'n oorsig gebied moet word van die frekwensieverspreidings van die respondente se tellings ten opsigte van die verskillende skale.


6.8 DIE VERSPREIDING VAN DIE RESPONDENTE SE TELLINGS OP DIE VERSKILLEDE SKALE

Soos in die vorige hoofstuk uiteengesit, is daar altesaam elf skale ontwikkel. Die frekwensieverspreidings van die respondente ten opsigte van hul tellings op die afsonderlike skale kan grafies soos volg beskryf word. Daar sal in hierdie verband telkens na die minimum- en maksimumtellings op elke skaal; die rekenkundige gemiddelde; modus; standaardafwyking; skaalmiddelpunt; kurtose asook die rigting van skeefheid, verwys word.

6.8.1 Skaal X1: Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take

Hierdie skaal is ontwerp met die oog op die meting van die respondent se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take. Die frekwensieverspreiding van die respondente se tellings op hierdie skaal, wat uit 23 items bestaan, word in figuur 6.8.1 grafies voorgestel.

Figuur 6.8.1: Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take



Maksimumtelling: 115	Modus: 55
Minimumtelling: 23	Skeefheid: 0.138
Rekenkundige gemiddelde: 53.1425	Kurtose: -0.434
Standaardafwyking: 15.7533	Skaalmiddelpunt: 69

'n Hoë telling op hierdie skaal beteken dat dit die persepsie van die man is dat hy in 'n hoë mate 'n bydrae tot die verrigting van huishoudelike take lewer, terwyl 'n lae telling beteken dat dit sy persepsie is dat hy selde by die verrigting van hierdie take betrokke is. Uit die bestudering van die bostaande grafiek blyk dit dat 86.3% van die respondente se tellings laer as die skaalmiddelpunt (69) is, wat daarop dui dat dit die persepsie van die meeste van die mans is dat hulle weinig by die verrigting van huishoudelike take betrokke is. Daar is egter 'n klein persentasie mans (13.7%) wat van mening is dat hulle wel in 'n matige tot hoë mate by die verrigting van huishoudelike take betrokke is. Die skaal toon 'n positiewe skeefheid, met ander woorde 'n langer afloop na regs.




6.8.2 Skaal X2: Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie

Die frekwensieverspreiding van die respondente se tellings op skaal X2, die respondent se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, wat uit 23 items bestaan, word in figuur 6.8.2 grafies voorgestel.

Figuur 6.8.2: Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie

Frekwensie



Maksimumtelling: 115

Modus: 115

Minimumtelling: 23

Skeefheid: -0.197

Rekenkundige gemiddelde: 75.98

Kurtose: -0.515

Standaardafwyking: 22.9534

Skaalmiddelpunt: 69

'n Hoë telling op hierdie skaal beteken dat dit die persepsie van die man is dat dit heeltemal regverdig is om van die man te verwag om huishoudelike take te moet verrig, indien daar nie van die dienste van 'n huishulp in die huishouding gebruik gemaak word nie. Hierteenoor beteken 'n lae skaaltelling dat dit sy persepsie is dat dit glad nie regverdig teenoor 'n man is om van hom te verwag om huishoudelike take te moet verrig nie.

Die volgende waarnemings kan uit figuur 6.8.2 gemaak word: 61% van die respondente se tellings is hoër as die skaalmiddelpunt (69), wat daarop dui dat dit die persepsie van meer as die helfte van die respondente is dat dit regverdig teenoor 'n man is om van hom te verwag om huishoudelike take te moet verrig, indien daar van geen huishulp in die huishouding gebruik gemaak word nie. Dit is interessant om daarop te let dat dit die persepsie van 23% van die respondente is dat dit hoogs regverdig teenoor 'n man is om van hom te verwag om huishoudelike take te moet verrig, indien daar nie van die dienste van 'n huishulp in die huishouding gebruik gemaak word nie. Hierteenoor is dit die persepsie van 39.0% van die respondente dat dit in 'n mindere tot geen mate regverdig teenoor 'n man is om van hom te verwag om huishoudelike take te moet verrig, indien daar van geen huishulp in die huishouding gebruik gemaak word nie.


Dus, ten spyte van die feit dat die meeste van die respondente 'n aanduiding gegee het dat hulle nie dikwels by die verrigting van huishoudelike take betrokke is nie (skaal X1), is dit tog die persepsie van die meeste van die respondente dat, indien daar nie 'n huishulp in diens van die gesin staan nie, dit wel regverdig teenoor 'n man is om van hom te verwag om huishoudelike take te verrig.

6.8.3 Skaal X3: Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon

Hierdie skaal, wat met die respondent se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon, verband hou, bestaan uit 20 items. Die frekwensieverspreiding van die respondente se tellings op hierdie skaal word in figuur 6.8.3 grafies voorgestel.

Figuur 6.8.3: Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon

Frekwensie



Skaaltellings

Skaalmiddelpunt

Maksimumtelling: 100

Modus: 44

Minimumtelling: 20

Skeefheid: -0,273

Rekenkundige gemiddelde: 61.045

Kurtose: -0,215

Standaardafwyking: 14.6307

Skaalmiddelpunt: 60


Indien 'n hoë telling op hierdie skaal behaal is, beteken dit dat dit die man se persepsie is dat hy 'n hoë mate van vaderbetrokkenheid toon. Hierteenoor beteken 'n lae telling op die skaal dat dit die man se persepsie is dat hy weinig betrokkenheid as 'n vader by sy kinders toon. Uit figuur 6.8.3 blyk dit dat 54.2% van die respondente se tellings hoër as die skaalmiddelpunt (60) is, wat daarop dui dat dit die persepsie van meer as die helfte van die respondente is dat hulle wel 'n matige tot hoë vlak van vaderbetrokkenheid toon. In kontras hiermee is 45.8% van die mans van mening dat hulle, as vaders, in 'n lae tot geen mate by hul kinders betrokke is nie. Die skaaltellings vertoon 'n normaalverspreiding, met 'n negatiewe skeefheid - met ander woorde 'n langer afloop na links.

6.8.3 Skaal X4: Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie

Die frekwensieverspreiding van die respondente se tellings op skaal X4, die respondent se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, wat uit 20 items bestaan, word in figuur 6.8.4 grafies voorgestel.

Figuur 6.8.4: Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie

Frekwensie



Maksimumtelling: 100	Modus: 100
Minimumtelling: 20	Skeefheid: -0.978
Rekenkundige gemiddelde: 80.755	Kurtose: 0.736
Standaardafwyking: 17.1786	Skaalmiddelpunt: 60

'n Hoë telling op hierdie skaal beteken dat dit die persepsie van die respondent is dat dit heeltemal regverdig is om van die man te verwag om by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke te wees, indien daar nie van die dienste van 'n huishulp in die huishouding gebruik gemaak word nie. Hierteenoor beteken 'n lae skaaltelling dat dit sy persepsie is dat dit glad nie regverdig teenoor 'n man is om van hom te verwag om by die versorging van die kinders betrokke te moet wees nie.

Uit figuur 6.8.4 blyk dit dat 87.2% van die respondente se tellings hoër as die skaalmiddelpunt (60) lê, wat daarop dui dat dit die persepsie van die meeste van die respondente is dat dit regverdig teenoor 'n man is om van hom te verwag om by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke te wees, indien daar van geen huishulp in die huishouding gebruik gemaak word nie. 'n Totaal van 61 (15.3%) van die respondente het in hierdie verband die hoogste moontlike skaaltelling, naamlik 100, behaal.

Hierteenoor is dit die persepsie van slegs 12.8% van die respondente dat dit in 'n mindere tot geen mate regverdig teenoor 'n man is om van hom te verwag om kinderversorgingstake te moet verrig, indien daar van geen huishulp in die huishouding gebruik gemaak word nie. Dit blyk ook duidelik dat die respondente se tellings op hierdie skaal 'n J-kurwe vorm.

Dus, ten spyte van die feit dat net meer as die helfte van die respondente 'n aanduiding gegee het dat hulle in 'n hoë mate by die versorging van die kinders betrokke is (skaal X3), is dit tog die persepsie van die meeste van die respondente dat, indien daar nie 'n huishulp in diens van die gesin staan nie, dit wel hoogs regverdig teenoor 'n man is om van hom te verwag om by kinderversorging betrokke te moet wees. Weereens is dit duidelik dat die werklike vaderskapsgedrag nie volledig in passing met die *kultuur* van vaderskap (die gedeelde norme,


waardes en gelowe ten opsigte van die man se ouerskapsrol) is nie.

6.8.4 Skaal X5: Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik

Die frekwensieverspreiding van die respondente se tellings op hierdie skaal, wat met die respondent se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik verband hou, en uit 25 items bestaan, word in figuur 6.8.5 grafies voorgestel.

Figuur 6.8.5: Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik

Frekwensie




Maksimumtelling: 125	Modus: 113
Minimumtelling: 25	Skeefheid: -1.173
Rekenkundige gemiddelde: 98.3675	Kurtose: 1.675
Standaardafwyking: 18.2911	Skaalmiddelpunt: 75

Indien 'n hoë telling op hierdie skaal behaal is, beteken dit dat dit die man se persepsie is dat hy in 'n hoë mate emosionele werk in die huwelik verrig, terwyl 'n lae telling beteken dat dit sy persepsie is dat hy in 'n lae mate emosionele werk verrig. Uit figuur 6.8.5 blyk dit dat 89.7% van die respondente se tellings hoër as die skaalmiddelpunt (75) is, wat daarop dui dat dit die persepsie van die meeste respondente is dat hulle in 'n hoë mate emosionele werk in die huwelik verrig. Verder is dit die persepsie van slegs 10.3% van die respondente dat hulle in 'n geringe mate emosionele werk verrig. Die skaal toon 'n negatiewe skeefheid, met ander woorde 'n langer afloop na links.

6.8.6 Skaal X6: Die man se verbintenis tot groei in die huwelik

Skaal X6 is ontwerp ten einde die respondent se verbintenis tot groei in die huwelik te meet. Die frekwensieverspreiding van die respondente se tellings op hierdie skaal, wat uit 11 items bestaan, word in figuur 6.8.6 grafies voorgestel.

Figuur 6.8.6: Die man se verbintenis tot groei in die huwelik

Maksimumtelling: 55

Minimumtelling: 11

Rekenkundige gemiddelde: 48.73

Standaardafwyking: 7.891

Modus: 55

Skeefheid: -1.838

Kurtose: 3.510

Skaalmiddelpunt: 33


'n Hoë telling op hierdie skaal beteken dat die man in 'n hoë mate tot groei in die huwelik verbind is, terwyl 'n lae telling beteken dat hy 'n lae verbintenis tot groei in die huwelik toon. Uit figuur 6.8.6 blyk dit dat 92.7% van die respondente se tellings hoër as die skaalmiddelpunt (33) lê, wat daarop dui dat die oorgrote meerderheid van die respondente 'n hoë verbintenis tot groei in die huwelik toon. 'n Totaal van 87 (21.8%) van die respondente het in hierdie verband die hoogste moontlike skaaltelling, naamlik 55, behaal. Hierteenoor het slegs 7.3% van die mans in die steekproef tellings laer as die skaalmiddelpunt behaal, wat aantoon dat hulle 'n lae verbintenis tot groei in die huwelik toon. Dit blyk ook duidelik dat die respondente se tellings op hierdie skaal 'n J-kurwe vorm.

6.8.7 Skaal X7: Die man se ervaring van huweliksintegrasië

Die frekwensieverspreiding van die respondente se tellings op hierdie skaal, wat met die respondent se ervaring van huweliksintegrasië verband hou, word in figuur 6.8.7 grafies voorgestel.

Figuur 6.8.7: Die man se ervaring van huweliksintegrasië

Frekwensie



Maksimumtelling: 70

Minimumtelling: 14

Rekenkundige gemiddelde: 57.6250

Standaardafwyking: 8.6238

Modus: 63

Skeefheid: -1.367

Kurtose: 2.359

Skaalmiddelpunt: 42


Indien 'n hoë telling op hierdie skaal behaal is, beteken dit dat die man 'n hoë mate van huweliksintegrasië ervaar, terwyl 'n lae telling beteken dat hy weinig huweliksintegrasië ervaar. Uit figuur 6.8.7 blyk dit dat 93% van die respondente se tellings hoër as die skaalmiddelpunt (42) is, wat daarop dui dat die meeste respondente 'n matige tot 'n hoë vlak van huweliksintegrasië ervaar. In kontras hiermee is dit die belevens van slegs 7.0% van die respondente dat hulle 'n geringe mate van huweliksintegrasië ervaar. Die skaal toon 'n negatiewe skeefheid - met ander woorde 'n langer afloop na links - waar die tellings wat bo die middelpunt val, 'n normaalverspreiding vertoon.

6.8.8 Skaal X8: Die man se feministiese oriëntasie

Die frekwensieverspreiding van die respondente se tellings op skaal X8, die man se feministiese oriëntasie, word in figuur 6.8.8 grafies voorgestel.

Figuur 6.8.8: Die man se feministiese oriëntasie

Frekwensie



Skaaltellings

Skaalmiddelpunt

Maksimumtelling: 50

Modus: 50

Minimumtelling: 10

Skeefheid: -1.471

Rekenkundige gemiddelde: 41.2675

Kurtose: 2.359

Standaardafwyking: 8.1426


Skaalmiddelpunt: 30

'n Hoë telling op hierdie skaal beteken dat die man in 'n hoë mate feministies georiënteerd is. Hierteenoor beteken 'n lae telling op die skaal dat die man geensins feministies georiënteerd is nie. Die volgende afleidings kan uit figuur 6.8.8 gemaak word: 90% van die respondente se tellings lê hoër as die skaalmiddelpunt (30), wat daarop dui dat die meeste respondente matig tot sterk feministies georiënteerd is. Dit staan in teenstelling met die slegs 10% van die respondente in die steekproef wat 'n lae feministiese oriëntasie toon. Dit blyk ook dat die respondente se tellings op hierdie skaal 'n J-kurwe vorm.

6.8.9 Skaal X9: Die man se beroepsbetrokkenheid

Die frekwensieverspreiding van die respondente se tellings op skaal X9, die man se beroepsbetrokkenheid, wat uit 19 items bestaan, word in figuur 6.8.9 grafies voorgestel.

Figuur 6.8.9: Die man se beroepsbetrokkenheid




Maksimumtelling: 95	Modus: 74
Minimumtelling: 19	Skeefheid: -1.135
Rekenkundige gemiddelde: 70.0025	Kurtose: 2.014
Standaardafwyking: 10.5857	Skaalmiddelpunt: 57

'n Hoë telling op hierdie skaal beteken dat die man 'n hoë mate van betrokkenheid in sy beroep toon, terwyl 'n lae telling beteken dat hy weinig beroepsbetrokkenheid toon. Dit blyk uit figuur 6.8.9 dat 90.2% van die respondente se tellings hoër as die skaalmiddelpunt (57) lê, wat daarop dui dat die meeste van die respondente 'n matige tot 'n hoë beroepsbetrokkenheid toon. Slegs 9.8% van die mans in die steekproef toon egter 'n lae mate van beroepsbetrokkenheid. In hierdie geval toon die grafiek 'n negatiewe skeefheid, waar die tellings wat bo die skaalmiddelpunt lê, 'n normaalverspreiding vertoon.

6.8.10 Skaal X10: Die man se ervaring van beroepsverwante stres

Die frekwensieverspreiding van die respondente se tellings op hierdie skaal, wat met die respondent se ervaring van beroepsverwante stres verband hou, word in figuur 6.8.10 grafies voorgestel.

Figuur 6.8.10: Die man se ervaring van beroepsverwante stres

Maksimumtelling: 80

Modus: 48

Minimumtelling: 16

Skeefheid: -0.131

Rekenkundige gemiddelde: 44.89

Kurtose: -0.395

Standaardafwyking: 12.1039


Skaalmiddelpunt: 48

Indien 'n hoë telling op hierdie skaal behaal is, beteken dit dat die man 'n hoë mate van beroepsverwante stres ervaar. In kontras hiermee beteken 'n lae skaaltelling dat die man weinig beroepsverwante stres ervaar. Uit figuur 6.8.10 blyk dit dat 63.3% van die respondente se tellings laer as die skaalmiddelpunt (48) lê, wat daarop dui dat meer as die helfte van die respondente slegs in 'n mindere mate beroepsverwante stres ervaar. Tog is dit die belewenis van 36.7% van die respondente dat hulle 'n matige tot hoë vlak van beroepsverwante stres ervaar. Die tellings op hierdie skaal vertoon 'n normaalverspreiding.

6.8.11 Skaal X11: Die vrou se persepsie van haar man se verrigting van emosionele werk in die huwelik

Die laaste skaal wat ter sprake kom, is dié wat met die vrou se persepsie van haar man se verrigting van emosionele werk in die huwelik, verband hou. Die frekwensieverspreiding van die respondente se tellings op hierdie skaal, wat uit 25 items bestaan, word in figuur 6.8.11 grafies voorgestel.

Figuur 6.8.11: Die vrou se persepsie van haar man se verrigting van emosionele werk in die huwelik



Maksimumtelling: 125	Modus: 99
Minimumtelling: 25	Skeefheid: -1.010
Rekenkundige gemiddelde: 94.9550	Kurtose: 0.946
Standaardafwyking: 19.8813	Skaalmiddelpunt: 75

'n Hoë telling op hierdie skaal beteken dat dit die vrou se persepsie is dat haar man tot 'n hoë mate emosionele werk in die huwelik verrig. Hierteenoor beteken 'n lae skaaltelling dat dit die persepsie van die vrou is dat haar man selde emosionele werk in die huwelik verrig. Uit figuur 6.8.11 blyk dit dat 84.7% van die respondente se eggenotes se tellings hoër as die skaalmiddelpunt (75) lê, wat daarop dui dat dit die persepsie van die meerderheid van die vroue is dat hul eggenote 'n matige tot 'n hoë vlak emosionele werk in die huwelik verrig. Dit was egter die persepsie van 15.3% van die mans in die steekproef se eggenotes dat hul mans weinig emosionele werk in die huwelik verrig. Ook in hierdie geval toon die grafiek 'n negatiewe skeefheid, waar die tellings wat bo die skaalmiddelpunt lê, 'n normaalverspreiding vertoon.

In geheel beskou, vertoon slegs drie skale 'n J-kurwe, naamlik skaal X4 - die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie; skaal X6 - die man se verbintenis tot groei in die huwelik - en skaal X8 - die man se feministiese oriëntasie. Al die ander skale in die studie vertoon min of meer normale verspreidings.

* * *

Teen die agtergrond van die voorafgaande beskrywing van die respondente se profiele van enersyds hul biografiese agtergrondskenmerke en andersyds hul tellings op die onderskeie skale, word die fokus op die hipotesetoetsing in die hieropvolgende hoofstuk geplaas.

HOOFSTUK 7

HIPOTESETOETSING:

DIE BIOGRAFIESE VERANDERLIKES EN DIE SKALE

7.1 INLEIDING

Na die afloop van die beskrywende ontleding van die biografiese profiele van die respondente asook die verspreiding van die tellings op die verskillende skale, soos in hoofstuk 6 uiteengesit, is die hipoteses wat in hoofstuk 5 geformuleer is, aan die hand van 'n verskeidenheid van statistiese tegnieke getoets. In hierdie hoofstuk word spesifiek aandag geskenk aan die toetsing van die hipoteses ten opsigte van verbande tussen of verskille in die vektore van gemiddeldes tussen die biografiese veranderlikes en die onderskeie skale.

Die keuse van die statistiese tegnieke wat ten opsigte van die hipoteses rakende die biografiese veranderlikes en die skale gebruik is, het gewissel na gelang van die aard van die ingesamelde data, asook die formulering van die betrokke hipoteses.

In die geval van hipoteses wat betrekking het op die verskille in die vektore van gemiddeldes tussen twee groepe en skaaltellings, is van 'n **Hotelling T²-toets** gebruik gemaak. Waar daar wel op 'n oorkoepelende vlak statisties beduidende verskille gevind is, is verder met behulp van **t-toetse** vasgestel ten opsigte van watter skale daar statisties beduidende verskille tussen die kategorieë van die betrokke digotomiese veranderlikes voorgekom het.

In die geval van hipoteses wat handel oor die bepaling van die verskille tussen groepe wat in meerdere diskrete kategorieë verdeel kan word, en die verskille in die gemiddelde tellings op die onderskeie skale, wat as kontinue veranderlikes hanteer is, is van die volgende statistiese tegnieke gebruik gemaak:

- * In die eerste plek is daar van 'n meerveranderlike analise van variansie (**MANOVA**) gebruik gemaak ten einde vas te stel of daar op 'n oorkoepelende vlak statisties beduidende verskille in die vektore van gemiddeldes tussen die verskillende kategorieë van respondente se tellings op die verskillende skale bestaan.
- * Waar daar wel verskille op 'n oorkoepelende vlak gevind is, is daar in die tweede plek van 'n eenrigting analise van variansie (**ANOVA**) gebruik gemaak. Hierdie analise is uitgevoer ten einde vas te stel of daar ten opsigte van 'n bepaalde skaal statisties beduidende verskille in die vektore van gemiddeldes tussen die verskillende kategorieë voorkom.
- * Waar die ANOVA statisties beduidend was, is daar in die derde plek van 'n **post hoc-toets** - ook bekend as 'n *a posteriori* toets - gebruik gemaak ten einde, op grond van die resultate van die MANOVA en ANOVA-ontledings, vas te stel tussen watter kategorieë van 'n bepaalde veranderlike daar statisties beduidende verskille in die vektore van gemiddeldes met betrekking tot 'n bepaalde skaal bestaan. Die spesifieke *post hoc*-toets wat vir 'n bepaalde faktor (skaal) gebruik is, is bepaal op grond van **Levene se toets vir gelykheid van variansies**. Indien die p-waarde op grond van Levene se toets groter of gelyk was aan 0.05 (met ander woorde gelyke variansies getoon het), is daar van 'n **Scheffé-toets** gebruik gemaak. Indien die p-waarde egter kleiner as 0.05 was (met ander woorde ongelyke variansies getoon het), is 'n **Dunnett T3-toets** gebruik. Beide hierdie twee *post hoc*-toetse is daarvoor bekend dat dit selde 'n Tipe I-fout begaan - met ander woorde selde 'n beduidende verskil tussen twee groepe aandui, terwyl dit in werklikheid nie die geval is nie (Bryman en Cramer, 1999:152).

In die gevalle waar die verband tussen twee kontinue veranderlikes getoets is, soos byvoorbeeld tussen 'n kontinue biografiese veranderlike en 'n skaal, is van **Pearson se produkmomentkorrelasiekoëffisiënt** gebruik gemaak. Hierdie statistiese tegniek word spesifiek in die berekening van lineêre korrelasies gebruik.

Verskille op die 5% en 1% peil van betekenis is by al die bogenoemde statistiese tegnieke as statisties beduidend beskou.

Soos reeds genoem, is die hieropvolgende bespreking toegespits op die ontleding van die moontlike invloed wat die respondente se biografiese data op die bepaling van die verskille in die gemiddelde tellings op die verskillende skale uitoefen. Die hipoteses wat in hierdie verband geformuleer is, kan aan die hand van 'n aantal verskillende groeperinge van hipoteses aangebied word. Die eerste reeks hipoteses hou spesifiek met die man se persoonlike gegewens verband. Die nulhipoteses, soos dit in hoofstuk 5 geformuleer is, is telkens aan statistiese toetsing onderwerp en word die statisties beduidende resultate gerapporteer.

7.2 DIE PERSOONLIKE GEGEWENS VAN DIE MAN EN DIE SKALE: HIPOTEESES 1 TOT 6

Die eerste van die hipoteses rakende die man se persoonlike gegewens en die tellings op die onderskeie skale wat aan statistiese toetsing onderwerp is, is dié wat met die man se ouderdom verband hou.

7.2.1 Hipotese 1: Die man se ouderdom



UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

Ten einde te bepaal of die ouderdom van die respondente statisties beduidend met hul tellings op die skale verband hou, is die volgende nulhipoteses¹ geformuleer.

HoK1 Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen respondente se ouderdom en:

- HoK1.1 Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1);
- HoK1.2 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2);
- HoK1.3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3);

¹ Waar die nulhipotese stel daar geen statisties beduidende verband tussen of verskille in die vektore van gemiddeldes tussen die veranderlikes en skale bestaan nie, is die alternatiewe hipotese op so 'n wyse geformuleer dat daar wel verbande of verskille tussen die betrokke veranderlikes/skale bestaan. Alhoewel daar telkens in die teks slegs 'n volledige uiteensetting van die nulhipotese gegee word, is dit belangrik om daarop te let dat daar vir elke nulhipotese 'n ooreenstemmende alternatiewe hipotese met 'n gelykluidende nommer bestaan. Ten einde 'n onderskeid tussen hierdie twee hipoteses te tref, word die nulhipotese met die skryfwyse H_0 en die alternatiewe hipotese met H_a aangedui.

- HoK1.4 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4);
- HoK1.5 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5);
- HoK1.6 Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6);
- HoK1.7 Die man se ervaring van huweliksintegrasië (skaal X7);
- HoK1.8 Die man se feministiese oriëntasië (skaal X8);
- HoK1.9 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9); en
- HoK1.10 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10) nie.

Pearson se produkmomentkorrelasiëkoëffisiënt is bereken ten einde hierdie hipoteses te toets. Die resultaat hiervan word in tabel 7.2.1 weergegee.



Tabel 7.2.1: Pearson se produkmomentkorrelasiekoëffisiënt: Die respondent se ouderdom ten opsigte van elk van die tien skale

SKAAL	r	p
Verrigting van huishoudelike take Skaal X1 (HoK1.1)	-0.103	0.039*
Regverdigheid: huishoudelike take Skaal X2 (HoK1.2)	0.016	0.749
Vaderbetrokkenheid Skaal X3 (HoK1.3)	0.028	0.581
Regverdigheid: Versorging van kinders Skaal X4 (HoK1.4)	0.060	0.229
Emosionele werk Skaal X5 (HoK1.5)	0.039	0.431
Verbintenis tot groei in die huwelik Skaal X6 (HoK1.6)	0.005	0.926
Huweliksintegrasie Skaal X7 (HoK1.7)	0.076	0.128
Feministiese oriëntasie Skaal X8 (HoK1.8)	0.049	0.332
Beroepsbetrokkenheid Skaal X9 (HoK1.9)	0.249	0.000**
Beroepsverwante stres Skaal X10 (HoK1.10)	-0.104	0.038*

* Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis

** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Op grond van die gebrek aan beduidende korrelasies in tabel 7.2.1 word die volgende nulhipoteses dus nie verwerp nie, maar wel aanvaar:

- HoK1.2 Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondente se ouderdom en hul persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig nie, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2), ($r = 0.016$; $p = 0.749$).
- HoK1.3 Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondente se ouderdom en hul persepsie van die mate waartoe hulle vaderbetrokkenheid toon (skaal X3) nie ($r = 0.028$; $p = 0.581$).
- HoK1.4 Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondente se ouderdom en hul persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees nie, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4), ($r = 0.060$; $p = 0.229$).
- HoK1.5 Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondente se ouderdom en hul persepsie van hul verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5) nie ($r = 0.039$; $p = 0.431$).
- HoK1.6 Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondente se ouderdom en hul verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6) nie ($r = 0.005$; $p = 0.926$).
- HoK1.7 Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondente se ouderdom en hul ervaring van huweliksintegrasie (skaal X7) nie ($r = 0.076$; $p = 0.128$).
- HoK1.8 Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondente se ouderdom en hul feministiese oriëntasie (skaal X8) nie ($r = 0.049$; $p = 0.332$).

Op grond van 'n bestudering van tabel 7.2.1 word die volgende alternatiewe hipoteses aanvaar en die betrokke nulhipoteses verwerp:

- HaK1.1 Daar bestaan 'n statisties beduidende negatiewe verband ($r = -0.103$; $p = 0.039$) tussen die respondente se **ouderdom** en hul **persepsie van hul bydraes tot die verrigting van huishoudelike take** (skaal X1).

Hierdie verband, hoewel baie laag, dui daarop dat daar 'n geringe neiging bestaan dat namate ouderdom toeneem, die respondente se bydraes tot die verrigting van huishoudelike take sal

afneem. Dit wil dus sê dat jonger mans beduidend meer daartoe geneig sal wees om huishoudelike take te verrig, as wat dit die geval is met mans wat ouer is.

HaK1.9 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband ($r = 0.249$; $p = 0.000$) tussen die respondente se **ouderdom** en hul **beroepsbetrokkenheid** (skaal X9).

Hierdie korrelasie, hoewel laag, dui daarop dat daar 'n neiging bestaan dat namate ouderdom toeneem, die respondente se beroepsbetrokkenheid ook sal toeneem. In hierdie geval is ouer mans dus beduidend meer by hul beroepe betrokke as jonger mans.

HaK1.10 Daar bestaan 'n statisties beduidende negatiewe verband ($r = -0.104$; $p = 0.038$) tussen die respondente se **ouderdom** en hul ervaring van **beroepsverwante stres** (skaal X10).

Die ouderdom van die respondente korreleer negatief met hul ervaring van beroepsverwante stres. Dit beteken dat, alhoewel hierdie verband baie laag is, daar 'n geringe neiging bestaan dat die ervaring van beroepsverwante stres afneem, namate ouderdom toeneem. Ouer mans, in vergelyking met jonger mans, is dus meer geneig om minder stres, wat met hul beroepsverwante sfeer verband hou, te ervaar.

'n Verdere hipotese wat met die man se persoonlike gegewens en die tellings op die onderskeie skale verband hou, is dié ten opsigte van die man se huistaal.

7.2.2 Hipotese 2: Die man se huistaal

Wat die verskil in gemiddelde tellings van Afrikaans- en Engelssprekende respondente op die verskillende skale betref, is die volgende nulhipoteses geformuleer:

HoT² Die vektor van gemiddelde skaaltellings van Afrikaanssprekende respondente verskil nie statisties beduidend van die vektor van gemiddelde skaaltellings van Engelsprekende respondente ten opsigte van die veranderlikes **gesamentlike** geneem nie:

HoT².1 Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1);

- HoT².2 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2);
- HoT².3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3);
- HoT².4 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4);
- HoT².5 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5);
- HoT².6 Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6);
- HoT².7 Die man se ervaring van huweliksintegrasië (skaal X7);
- HoT².8 Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8);
- HoT².9 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9); en
- HoT².10 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10).

Om hierdie hipoteses te toets, is van Hotelling se T²-toets gebruik gemaak, ten einde vas te stel of daar op 'n oorkoepelende vlak statisties beduidende verskille in die vektore van gemiddeldes tussen die twee taalgroepe en die skaaltellings bestaan. Hierdie resultate word in tabel 7.2.2(a) weergegee.

Tabel 7.2.2(a): Huistaal en skaaltellings: Hotelling se T²-toets

Hotelling T ² -waarde	F-waarde	G.V.V.	p-waarde
91.428	6.180	10; 389	0.000**

** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

G.V.V. Grade van vryheid

Weens die feit dat daar op 'n oorkoepelende vlak 'n statisties beduidende verskil ($p = 0.000$) tussen die vektor van gemiddelde skaaltellings van Afrikaans- en Engelssprekende respondente bestaan, word die oorkoepelende nulhipotese HoT², soos gestel, verwerp en die alternatiewe

hipotese H_{aT^2} aanvaar.

Op grond van die aanvaarding van die oorkoepelende alternatiewe hipotese H_{aT^2} , en ten einde te bepaal ten opsigte van watter skale daar verskille tussen die kategorieë bestaan, is 'n verdere stel nulhipoteses geformuleer, naamlik:

Hot2 Die gemiddelde skaaltellings van Afrikaanssprekende respondente verskil nie statisties beduidend van die gemiddelde skaaltellings van Engelsprekende respondente ten opsigte van **elk** van die volgende veranderlikes afsonderlik geneem nie, naamlik:

- Hot2.1 Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1);
- Hot2.2 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2);
- Hot2.3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3);
- Hot2.4 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4);
- Hot2.5 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5);
- Hot2.6 Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6);
- Hot2.7 Die man se ervaring van huweliksintegrasie (skaal X7);
- Hot2.8 Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8);
- Hot2.9 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9); en
- Hot2.10 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10).

Ten einde vas te stel met betrekking tot watter skale daar spesifieke verskille tussen die kategorieë van hierdie digotomiese veranderlike voorkom, is t-toetse uitgevoer. Die resultate van hierdie toetse word in tabel 7.2.2(b) uiteengesit.

Tabel 7.2.2(b): Huistaal en skaaltellings: t-toetse

Veranderlike	Groep	N	RG	S	t	GVV	P
Huishoudelike take X1 (Hot2.1)	Afr.	275	54.7382	16.0843	3.90	389	0.003**
	Eng.	125	49.6320	14.4504			
Regverdigheid: Huishoudelike take X2 (Hot2.2)	Afr.	275	72.7273	22.1759	3.93	389	0.000**
	Eng.	125	83.1360	23.0988			
Vaderbetrokkenheid X3 (Hot2.3)	Afr.	275	61.3127	15.0843	-0.64	389	0.588
	Eng.	125	60.4560	13.6195			
Regverdigheid: Kinderversorging X4 (Hot2.4)	Afr.	275	79.3455	17.0880	3.23	389	0.015*
	Eng.	125	83.8560	17.0363			
Emosionele werk X5 (Hot2.5)	Afr.	275	96.8291	19.1203	3.30	389	0.012*
	Eng.	125	101.75	15.8718			
Verbintenis tot huwelik X6 (Hot2.6)	Afr.	275	48.2436	8.2006	2.93	389	0.067
	Eng.	125	49.8000	7.0768			
Huweliksintegrasie X7 (Hot2.7)	Afr.	275	57.4545	9.1165	-0.69	389	0.558
	Eng.	125	58.0000	7.4466			
Feministiese oriëntasie X8 (Hot2.8)	Afr.	275	40.5491	8.0921	3.88	389	0.009**
	Eng.	125	42.8480	8.0613			
Beroepsbetrokkenheid X9 (Hot2.9)	Afr.	275	69.0218	10.3377	3.89	389	0.006**
	Eng.	125	72.1600	10.8445			
Beroepsverwante stres X10 (Hot2.10)	Afr.	275	44.5927	12.5751	0.79	389	0.467
	Eng.	125	45.5440	11.0165			

GVV Grade van vryheid
S Standaardafwyking
Afr. Afrikaanssprekende respondente
Eng. Engelssprekende respondente

t	t-waarde
*	Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis
**	Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Uit tabel 7.2.2(b) blyk dit dat daar ten opsigte van die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3) ($t = -0.64$; $p = 0.588$); die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6) ($t = 2.93$; $p = 0.067$); die man se ervaring van huweliksintegrasie (skaal X7) ($t = -0.69$; $p = 0.558$); en die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10) ($t = 0.79$; $p = 0.467$), geen statisties beduidende verskille tussen die onderskeie gemiddeldes van Afrikaans- en Engelssprekende respondente bestaan nie. Die nulhipoteses $H_{02.3}$; $H_{02.6}$; $H_{02.7}$ en $H_{02.10}$ word dus nie verwerp nie en daar is dus geen ondersteuning vir die alternatiewe hipoteses $H_{a2.3}$; $H_{a2.6}$; $H_{a2.7}$ en $H_{a2.10}$ nie.

Dit blyk tog dat daar wel, wat **huistaal** betref, statisties beduidende verskille tussen die skaaltellings van Afrikaanssprekende respondente en die gemiddelde skaaltellings van Engelssprekende respondente ten opsigte van die man se persepsie van sy bydrae tot die **verrigting van huishoudelike take** (skaal X1) ($t = 3.90$; $p = 0.003$); die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2) ($t = 3.93$; $p = 0.000$); die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4) ($t = 3.23$; $p = 0.015$); die man se persepsie van sy verrigting van **emosionele werk** in die huwelik (skaal X5) ($t = 3.30$; $p = 0.012$); die man se **feministiese oriëntasie** (skaal X8) ($t = 3.88$; $p = 0.009$); en die man se **beroepsbetrokkenheid** (skaal X9) ($t = 3.89$; $p = 0.006$) bestaan. Die nulhipoteses $H_{02.1}$; $H_{02.2}$; $H_{02.4}$; $H_{02.5}$; $H_{02.8}$ en $H_{02.9}$ word dus verwerp en die alternatiewe hipoteses $H_{a2.1}$; $H_{a2.2}$; $H_{a2.4}$; $H_{a2.5}$; $H_{a2.8}$ en $H_{a2.9}$ word aanvaar. Dit beteken dat:

- * Afrikaanssprekende respondente ($RG = 54.7382$) is statisties beduidend meer by die verrigting van huishoudelike take betrokke as Engelssprekende respondente ($RG = 49.6320$).
- * Engelssprekende respondente ($RG = 83.1360$) is statisties beduidend meer daartoe geneig om die verwagting dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, as regverdig te beskou, as wat dit die geval met

Afrikaanssprekende respondente ($RG = 72.7273$) is.

- * Engelssprekende respondente ($RG = 83.8560$) is statisties beduidend meer daartoe geneig om die verwagting dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, as regverdig te beskou, as wat dit die geval met Afrikaanssprekende respondente ($RG = 79.3455$) is.
- * Engelssprekende respondente ($RG = 101.75$) verrig 'n statisties beduidend hoër mate van emosionele werk in die huwelik as Afrikaanssprekende respondente ($RG = 96.8291$).
- * Engelssprekende respondente ($RG = 42.8480$) is statisties beduidend meer feministies georiënteerd as Afrikaanssprekende respondente ($RG = 40.5491$).
- * Engelssprekende respondente ($RG = 72.1600$) is statisties beduidend meer by hul beroepe betrokke as Afrikaanssprekende respondente ($RG = 69.0218$).

'n Verdere hipotese wat met die man se persoonlike gegewens en die tellings op die onderskeie skale verband hou, is dié rakende die man se opvoedkundige kwalifikasie.

7.2.3 Hipotese 3: Die man se opvoedkundige kwalifikasie

Ten einde vas te stel of die man se opvoedkundige kwalifikasie 'n rol speel in die verskille in die vektore van gemiddelde tellings op die skale, is die volgende nulhipoteses ten opsigte van die totale ondergroep geformuleer:

HoM3 Daar bestaan geen statisties beduidende verskille tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente wat laer as matriek; matriek; matriek plus 'n diploma; 'n Baccalaureusgraad; en 'n nagraadse kwalifikasie as opvoedkundige kwalifikasie het ten opsigte van die volgende tien skale **gesamentlik** by die respondente nie:

- HoM3.1 Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1);
- HoM3.2 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2);
- HoM3.3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3);

- HoM3.4 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4);
- HoM3.5 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5);
- HoM3.6 Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6);
- HoM3.7 Die man se ervaring van huweliksintegrasië (skaal X7);
- HoM3.8 Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8);
- HoM3.9 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9); en
- HoM3.10 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10).

Ten einde hierdie hipoteses te toets en om vas te stel of daar op 'n oorkoepelende vlak statisties beduidende verskille in die vektore van gemiddeldes tussen die verskillende kategorieë van respondente se tellings op die verskillende skale bestaan, is 'n meerveranderlike analise van variansie (MANOVA) uitgevoer. **Wilks se koëffisiënt-lambda** is gebruik om die beduidendheid van die resultate te beoordeel. Hierdie resultate word in tabel 7.2.3(a) weergegee.

Tabel 7.2.3(a): Meerveranderlike analise van variansie (MANOVA) vir die respondente se opvoedkundige kwalifikasies en die tien skale gesamentlik

TOETS	WAARDE	F-WAARDE	P-WAARDE	G.V.V.
WILKS	0.590	5.466	0.000**	40; 1465.5

G.V.V. Grade van vryheid

** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Weens die feit dat Wilks se koëffisiënt-lambda se F-waarde statisties beduidend op die 1% peil van betekenis is ($p = 0.000$), word die nulhipotese HoM3 verwerp en die **alternatiewe hipotese (HaM3)** aanvaar, naamlik: **Daar bestaan statisties beduidende verskille tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente wat laer as matriek; matriek; matriek plus 'n diploma; 'n Baccalaureusgraad; en 'n nagraadse kwalifikasie as opvoedkundige**

kwalifikasie het ten opsigte van die bogenoemde tien skale (skale X1 tot X10) gesamentlik by die respondente.

Op grond van die aanvaarding van die oorkoepelende alternatiewe hipotese HaM3, en ten einde te bepaal ten opsigte van watter skale daar verskille tussen die kategorieë bestaan, is 'n verdere stel nulhipoteses geformuleer, naamlik:

HoA3 Daar bestaan geen statisties beduidende verskille tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente wat laer as matriek; matriek; matriek plus 'n diploma; 'n Baccalaureusgraad; en 'n nagraadse kwalifikasie as opvoedkundige kwalifikasie het ten opsigte van **elk** van die volgende tien skale by die respondente nie:

- HoA3.1 Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1);
- HoA3.2 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2);
- HoA3.3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3);
- HoA3.4 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4);
- HoA3.5 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5);
- HoA3.6 Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6);
- HoA3.7 Die man se ervaring van huweliksintegrasië (skaal X7);
- HoA3.8 Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8);
- HoA3.9 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9); en
- HoA3.10 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10).

Ten einde hierdie hipoteses te toets is die data gevolglik verder met behulp van 'n eenrigting analise van variansië (ANOVA) ontleed. Die resultate van hierdie ontleding word in tabel 7.2.3(b) uiteengesit.

HOOFSTUK 7 HIPOTESETOESTING: BIOGRAFIESE VERANDERLIKES EN SKALE

Tabel 7.2.3(b): Variansieanalise (ANOVA) vir die gesamentlike opvoedkundige kwalifikasies van respondente ten opsigte van elk van die tien skale

SKALE	SKT	GVV	SKB	GVV	GSKT	GSKB	F	P
X1 (HoA3.1) Huishoudelike take	3070.223	4	95948.7	395	767.556	242.908	3.160	0.014 *
X2 (HoA3.2) Regverdigheid: huishoudelike take	35567.3	4	174649.0	395	8891.816	442.148	20.110	0.000 **
X3 (HoA3.3) Vaderbetrokkenheid	681.314	4	84727.9	395	170.329	214.501	0.794	0.530
X4 (HoA3.4) Regverdigheid: kinderversorging	12038.0	4	105708.0	395	3009.509	267.615	11.246	0.000 **
X5 (HoA3.5) Emosionele werk	8566.500	4	124924.0	395	2141.625	316.264	6.772	0.000 **
X6 (HoA3.6) Verbintenis tot die huwelik	1585.915	4	23258.9	395	396.479	58.883	6.733	0.000 **
X7 (HoA3.7) Huweliksintegrasie	1040.197	4	28633.6	395	260.049	72.490	3.587	0.007 **
X8 (HoA3.8) Feministiese oriëntasie	2972.139	4	23482.2	395	743.035	59.449	12.499	0.000 **
X9 (HoA3.9) Beroepsbetrokkenheid	5543.878	4	39197.1	395	1378.470	99.233	13.891	0.000 **
X10 (HoA3.10) Beroepsverwante stres	632.847	4	57822.3	395	158.212	146.386	1.081	0.366

- GVV Grade van vryheid
 SKT Som van kwadrate tussen groepe
 SKB Som van kwadrate binne groepe
 GSKT Gemiddelde som van kwadrate tussen groepe
 GSKB Gemiddelde som van kwadrate binne groepe
 * Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis
 ** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Uit tabel 7.2.3(b) blyk dit dat daar geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente wat laer as matriek; matriek; matriek plus 'n diploma; 'n Baccalaureusgraad; en 'n nagraadse kwalifikasie as opvoedkundige kwalifikasie het ten opsigte van elk van die volgende twee skale by die respondente bestaan nie, naamlik: skale X3 en X10.

Hieruit blyk dit dat die volgende nulhipoteses nie verwerp kan word nie:

HoA3 Daar bestaan geen statisties beduidende verskille tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente wat laer as matriek; matriek; matriek plus 'n diploma; 'n Baccalaureusgraad; en 'n nagraadse kwalifikasie as opvoedkundige kwalifikasie het en:

HoA3.3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3) ($p = 0.530$); en

HoA3.10 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10) ($p = 0.366$) nie.

Daar bestaan egter wel statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente wat laer as matriek; matriek; matriek plus 'n diploma; 'n Baccalaureusgraad; en 'n nagraadse kwalifikasie as opvoedkundige kwalifikasie het ten opsigte van elk van die volgende agt skale by die respondente, naamlik skale X1, X2, X4, X5, X6, X7, X8 en X9. In hierdie geval word die nulhipoteses dus verwerp en die alternatiewe hipoteses aanvaar:

HaA3.1 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.014$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente wat laer as matriek; matriek; matriek plus 'n diploma; 'n Baccalaureusgraad; en 'n nagraadse kwalifikasie as **opvoedkundige kwalifikasie** het die man se persepsie van sy bydrae tot die **verrigting van huishoudelike take** (skaal X1).

Om te bepaal tussen watter vlakke van opvoedkundige kwalifikasies die respondente statisties beduidende verskille toon, is die volgende paarsgewyse nulhipotese geformuleer:

HoP3.1 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente wat laer as matriek; matriek; matriek plus 'n diploma; 'n Baccalaureusgraad; en 'n nagraadse kwalifikasie as opvoedkundige kwalifikasie het ten opsigte van die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1) nie.

Ten einde hierdie hipotese te toets, is van die Dunnett T3-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.2.3(c) in matriksvorm weergegee:

Tabel 7.2.3(c):Dunnett T3-toets: Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1) en sy opvoedkundige kwalifikasie

RG	N	OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIE	Nagraads	Matriek	Matriek + Dipl	B-graad	< Matriek
44.30	33	Nagraads					
53.32	162	Matriek	**				
53.35	78	Matriek+Dipl	*				
54.53	28	B-graad	*				
55.22	99	< Matriek	**				

Matriek + Dipl

Matriek plus 'n diploma

B-graad

Baccalaureusgraad

< Matriek

Laer as matriek

*

Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis

**

Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Op grond van die resultate van die statistiese toets word die nulhipotese HoP3.1 verwerp en word die alternatiewe hipotese HaP3.1 aanvaar. Uit tabel 7.2.3(c) blyk dit dat respondente wat oor 'n nagraadse opvoedkundige kwalifikasie (RG = 44.30) beskik, statisties beduidend minder by die verrigting van huishoudelike take betrokke is, as respondente wat oor 'n matrieksertifikaat (RG = 53.32), matrieksertifikaat plus 'n diploma (RG = 53.35), 'n Baccalaureusgraad (RG = 54.53) en 'n kwalifikasie laer as matriek (RG = 55.22) beskik. Daar bestaan egter geen beduidende verskil tussen laasgenoemde vier kategorieë onderling nie.

HaA3.2 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.000$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente wat laer as matriek; matriek; matriek plus 'n diploma; 'n Baccalaureusgraad; en 'n nagraadse kwalifikasie as **opvoedkundige kwalifikasie** het en die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig**, wanneer

daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2).

Ten einde vas te stel tussen watter vlakke van opvoedkundige kwalifikasies die respondente statisties beduidende verskille toon, is die volgende paarsgewyse nulhipotese geformuleer:

HoP3.2 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente wat laer as matriek; matriek; matriek plus 'n diploma; 'n Baccalaureusgraad; en 'n nagraadse kwalifikasie as opvoedkundige kwalifikasie het ten opsigte van die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2).

Ten einde hierdie hipotese te toets, is daar van die Scheffé-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.2.3(d) in matriksvorm weergegee:

Tabel 7.2.3(d): Scheffé-toets: Die man se persepsie van die regverdigheid van die verwagting dat 'n man huishoudelike take moet verrig (skaal X2) en sy opvoedkundige kwalifikasie

RG	N	OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIE	< Matriek	Matriek	Matriek + Dipl	B-graad	Na-graads
68.55	99	< Matriek					
73.27	162	Matriek					
74.66	78	Matriek+Dipl					
90.46	28	B-graad	**	**	*		
102.3	33	Nagraads	**	**	**		

< Matriek

Laer as matriek

Matriek + Dipl

Matriek plus 'n diploma

B-graad

Baccalaureusgraad

*

Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis

**

Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Op grond van die resultate van die statistiese toets word die nulhipotese HoP3.2 verwerp en word die alternatiewe hipotese HaP3.2 aanvaar. Uit die voorafgaande matriks blyk dit dat respondente wat oor 'n nagraadse opvoedkundige kwalifikasie (RG = 102.3) beskik, sowel as dié wat oor 'n Baccalaureusgraad beskik (RG = 90.460), alhoewel daar geen onderlinge beduidende verskille tussen hierdie twee groepe bestaan nie, statisties beduidend meer daartoe geneig is om die verwagting dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, as regverdig te beskou, as respondente wat oor 'n opvoedkundige kwalifikasie laer as matriek (RG = 68.55) beskik, sowel as dié wat oor 'n matrieksertifikaat (RG = 73.27) en 'n matrieksertifikaat plus 'n diploma (RG = 74.66) beskik. Dit is interessant om daarop te let dat die respondente wat oor 'n nagraadse kwalifikasie beskik in die algemeen die laagste persepsie (RG = 44.30), in vergelyking met die ander groepe, ten opsigte van hul werklike bydrae tot die verrigting van huishoudelike take het, terwyl hulle die hoogste persepsie (RG = 102.3) het ten opsigte van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig.

HaA3.4 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.000$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente wat laer as matriek; matriek; matriek plus 'n diploma; 'n Baccalaureusgraad; en 'n nagraadse kwalifikasie as **opvoedkundige kwalifikasie** het en die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4).

Ten einde vas te stel tussen watter vlakke van opvoedkundige kwalifikasies die respondente statisties beduidende verskille toon, is die volgende paarsgewyse nulhipotese geformuleer:

HoP3.4 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente wat laer as matriek; matriek; matriek plus 'n diploma; 'n Baccalaureusgraad; en 'n nagraadse kwalifikasie as opvoedkundige kwalifikasie het ten opsigte van die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4).

Om hierdie hipotese te toets is daar van die Dunnett T3-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.2.3(e) in matriksvorm weergegee:

Tabel 7.2.3(e): Dunnett T3-toets: Die man se persepsie van die regverdigheid van die verwagting dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees (skaal X4) en sy opvoedkundige kwalifikasie

RG	N	OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIE	< Matriek	Matriek	Matriek + Dipl	B-graad	Na-graads
75.08	99	< Matriek					
79.13	162	Matriek					
82.51	78	Matriek+Dipl	*				
89.07	28	B-graad	**	**			
94.51	33	Nagraads	**	**	**		

< Matriek

Laer as matriek

Matriek + Dipl

Matriek plus 'n diploma

B-graad

Baccalaureusgraad

*

Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis

**

Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Op grond van die resultate van die statistiese toets word die nulhipotese HoP3.4 verwerp en word die alternatiewe hipotese HaP3.4 aanvaar. Uit tabel 7.2.3(e) blyk dit dat respondente wat oor 'n nagraadse opvoedkundige kwalifikasie (RG = 94.51) beskik, sowel as dié wat oor 'n Baccalaureusgraad (RG = 89.07) beskik, alhoewel daar geen onderlinge beduidende verskille tussen hierdie twee groepe bestaan nie, statisties beduidend meer daartoe geneig is om die verwagting dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, as regverdig te beskou, as respondente wat oor 'n opvoedkundige kwalifikasie laer as matriek (RG = 75.08), asook dié wat oor 'n matrieksertifikaat (RG = 79.13) beskik. Die respondente wat oor 'n nagraadse opvoedkundige kwalifikasie (RG = 94.51) beskik, toon egter ook 'n statisties beduidend hoër persepsie ten opsigte van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, as respondente wat oor 'n matrieksertifikaat plus 'n diploma (RG = 82.51) beskik. Dit blyk verder dat die respondente wat oor 'n matrieksertifikaat plus 'n diploma (RG = 82.51) beskik, statisties beduidend meer daartoe geneig is om die verwagting dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, as

regverdig te beskou, as respondente wat oor 'n opvoedkundige kwalifikasie laer as matriek (RG = 75.08) beskik.

HaA3.5 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.000$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente wat laer as matriek; matriek; matriek plus 'n diploma; 'n Baccalaureusgraad; en 'n nagraadse kwalifikasie as **opvoedkundige kwalifikasie** het en die man se persepsie van sy verrigting van **emosionele werk** in die huwelik (skaal X5).

Om vas te stel tussen watter vlakke van opvoedkundige kwalifikasies die respondente statisties beduidende verskille toon, is die volgende paarsgewyse nulhipotese geformuleer:

HoP3.5 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente wat laer as matriek; matriek; matriek plus 'n diploma; 'n Baccalaureusgraad; en 'n nagraadse kwalifikasie as opvoedkundige kwalifikasie het ten opsigte van die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5) nie.



Ten einde hierdie hipotese te toets is daar van die Dunnett T3-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.2.3(f) uiteengesit:

Tabel 7.2.3(f): Dunnett T3-toets: Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5) en sy opvoedkundige kwalifikasie

RG	N	OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIE	< Matriek	Matriek	Matriek + Dipl	B-graad	Na-graads
92.33	99	< Matriek					
97.90	162	Matriek					
101.0	78	Matriek+Dipl	*				
102.0	28	B-graad	*				
109.3	33	Nagraads	**	**	**	*	

< Matriek	Laer as matriek
Matriek + Dipl	Matriek plus 'n diploma
B-graad	Baccalaureusgraad
*	Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis
**	Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Dit is duidelik uit die bostaande matriks dat die nulhipotese HoP3.5 verwerp moet word en die alternatiewe hipotese HaP3.5 aanvaar moet word. Uit tabel 7.2.3(f) blyk dit dat respondente wat oor 'n nagraadse opvoedkundige kwalifikasie (RG = 109.3) beskik, statisties beduidend meer emosionele werk in die huwelik verrig, as respondente wat oor 'n opvoedkundige kwalifikasie laer as matriek (RG = 92.33) beskik, sowel as dié wat oor 'n matrieksertifikaat (RG = 97.90); 'n matrieksertifikaat plus 'n diploma (RG = 101.0) en 'n Baccalaureusgraad (RG = 102.0) beskik. Afgesien van dié respondente wat oor 'n nagraadse kwalifikasie beskik, verrig respondente wat oor 'n matrieksertifikaat plus 'n diploma (RG = 101.0) en 'n Baccalaureusgraad (RG = 102.0) beskik, statisties beduidend meer emosionele werk in die huwelik as respondente wat oor 'n kwalifikasie laer as matriek (RG = 92.33) beskik. Dit wil dus voorkom dat soos wat die respondente se opvoedkundige kwalifikasies styg, hoe meer is hulle ook geneig om emosionele werk in die huwelik te verrig.

HaA3.6 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.000$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente wat laer as matriek; matriek; matriek plus 'n diploma; 'n Baccalaureusgraad; en 'n nagraadse kwalifikasie as **opvoedkundige kwalifikasie** het en die man se **verbintenis tot groei in die huwelik** (skaal X6).

Ten einde te bepaal tussen watter vlakke van opvoedkundige kwalifikasies die respondente statisties beduidende verskille toon, is die volgende nulhipotese geformuleer:

HoP3.6 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente wat laer as matriek; matriek; matriek plus 'n diploma; 'n Baccalaureusgraad; en 'n nagraadse kwalifikasie as opvoedkundige kwalifikasie het ten opsigte van die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6) nie.

Om hierdie hipotese te toets is daar van die Dunnett T3-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.2.3(g) in matriksvorm weergegee:

Tabel 7.2.3(g): Dunnett T3-toets: Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6) en sy opvoedkundige kwalifikasie

RG	N	OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIE	< Matriek	Matriek	Matriek + Dipl	B-graad	Na-graads
46.16	99	< Matriek					
48.39	162	Matriek					
49.82	78	Matriek+Dipl	*				
52.14	28	B-graad	**	**			
52.60	33	Nagraads	**	**	*		

< Matriek

Laer as matriek

Matriek + Dipl

Matriek plus 'n diploma

B-graad

Baccalaureusgraad

*

Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis

**

Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

Dit is duidelik uit die bostaande tabel dat die nullhipotese HoP3.6 verwerp moet word en die alternatiewe hipotese HaP3.6 aanvaar moet word. Uit die tabel blyk dit dat respondente wat oor 'n nagraadse opvoedkundige kwalifikasie (RG = 52.60) beskik, 'n statisties beduidend hoër verbintenis tot groei in die huwelik toon, as respondente wat oor 'n opvoedkundige kwalifikasie laer as matriek (RG = 46.16) beskik, sowel as dié wat oor 'n matrieksertifikaat (RG = 48.39) en 'n matrieksertifikaat plus 'n diploma (RG = 49.82) beskik. Ook in die geval van respondente wat oor 'n Baccalaureusgraad (RG = 52.14) beskik, toon hierdie respondente 'n statisties beduidend hoër verbintenis tot groei in die huwelik, as respondente wat oor 'n opvoedkundige kwalifikasie laer as matriek (RG = 46.16) en dié wat oor 'n matrieksertifikaat (RG = 48.39) beskik. Laastens blyk dit dat respondente met 'n matrieksertifikaat plus 'n diploma (RG = 49.82) ook statisties beduidend meer tot groei in die huwelik verbind is, as respondente wat oor 'n kwalifikasie laer as matriek (RG = 46.16) beskik. Ook in hierdie geval wil dit dus voorkom dat soos wat die

respondente se opvoedkundige kwalifikasies styg, hoe meer is hulle ook geneig om 'n verbintenis tot groei in die huwelik te toon.

HaA3.7 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.007$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente wat laer as matriek; matriek; matriek plus 'n diploma; 'n Baccalaureusgraad; en 'n nagraadse kwalifikasie as **opvoedkundige kwalifikasie** het en die man se ervaring van **huweliksintegrasi**e (skaal X7).

Ten einde vas te stel tussen watter vlakke van opvoedkundige kwalifikasies die respondente statisties beduidende verskille toon, is die volgende paarsgewyse nulhipotese geformuleer:

HoP3.7 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente wat laer as matriek; matriek; matriek plus 'n diploma; 'n Baccalaureusgraad; en 'n nagraadse kwalifikasie as opvoedkundige kwalifikasie het ten opsigte van die man se ervaring van huweliksintegrasi (skaal X7) nie.

Om hierdie hipotese te toets is daar van die Dunnett T3-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.2.3(h) in matriksvorm weergegee:

Tabel 7.2.3(h): Dunnett T3-toets: Die man se ervaring van huweliksintegrasi (skaal X7) en sy opvoedkundige kwalifikasie

RG	N	OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIE	< Matriek	Matriek	B-graad	Matriek + Dipl	Na- graads
55.01	99	< Matriek					
57.89	162	Matriek					
58.67	28	B-graad					
59.10	78	Matriek+dipl	*				
59.75	33	Nagraads	**				

< Matriek

Laer as matriek

Matriek + Dipl	Matriek plus 'n diploma
B-graad	Baccalaureusgraad
*	Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis
**	Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Op grond van die resultate van die statistiese toets word die nulhipotese HoP3.7 verwerp en word die alternatiewe hipotese HaP3.7 aanvaar. Uit die voorafgaande matriks blyk dit dat respondente wat oor 'n nagraadse opvoedkundige kwalifikasie (RG = 59.75) beskik, sowel as dié wat oor 'n matrieksertifikaat plus 'n diploma (RG = 59.10) beskik, alhoewel daar geen onderlinge beduidende verskille tussen hierdie twee groepe bestaan nie, statisties beduidend meer huweliksintegrasië ervaar, as respondente wat oor 'n opvoedkundige kwalifikasie laer as matriek (RG = 55.01) beskik.

HaA3.8 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.000$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente wat laer as matriek; matriek; matriek plus 'n diploma; 'n Baccalaureusgraad; en 'n nagraadse kwalifikasie as **opvoedkundige kwalifikasie** het en die man se **feministiese oriëntasie** (skaal X8).

Om vas te stel tussen watter vlakke van opvoedkundige kwalifikasies die respondente statisties beduidende verskille toon, is die volgende nulhipotese geformuleer:

HoP3.8 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente wat laer as matriek; matriek; matriek plus 'n diploma; 'n Baccalaureusgraad; en 'n nagraadse kwalifikasie as opvoedkundige kwalifikasie het ten opsigte van die man se feministiese oriëntasie (skaal X8) nie.

Ten einde te hierdie nulhipotese te toets is daar weereens van die Dunnett T3-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.2.3(i) in matriksvorm weergegee:

Tabel 7.2.3(i): Dunnett T3-toets: Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8) en sy opvoedkundige kwalifikasie

RG	N	OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIE	< Matriek	Matriek	Matriek + Dipl	B-graad	Na-graads
37.44	99	< Matriek					
41.22	162	Matriek	*				
42.48	78	Matriek+Dipl	*				
45.35	28	B-graad	**	**			
46.60	33	Nagraads	**	**	*		

< Matriek

Laer as matriek

Matriek + Dipl

Matriek plus 'n diploma

B-graad

Baccalaureusgraad

*

Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis

**

Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Dit is duidelik uit die bostaande matriks dat die nulhipotese HoP3.8 verwerp moet word en die alternatiewe hipotese HaP3.8 aanvaar moet word. Uit tabel 7.2.3(i) blyk dit dat respondente wat oor 'n matrieksertifikaat (RG = 41.22), matrieksertifikaat plus 'n diploma (RG = 42.48), 'n Baccalaureusgraad (RG = 45.35) en 'n nagraadse kwalifikasie (RG = 46.60) beskik, 'n statisties beduidend hoër feministiese oriëntasie toon, as respondente wat oor opvoedkundige kwalifikasie laer as matriek (RG = 37.44) beskik. Verder is dit duidelik dat respondente wat oor 'n Baccalaureusgraad (RG = 45.35) beskik, nie net 'n statisties beduidende hoër feministiese oriëntasie as respondente met 'n kwalifikasie laer as matriek (RG = 37.44) toon nie, maar is ook statisties beduidend meer feministies georiënteerd as respondente wat oor 'n matrieksertifikaat (RG = 41.22) beskik. Betreffende respondente wat oor 'n nagraadse kwalifikasie (RG = 46.60) beskik, blyk dit dat hulle 'n statisties beduidend hoër feministiese oriëntasie toon, in vergelyking met respondente wat oor 'n opvoedkundige kwalifikasie laer as matriek (RG = 37.44) beskik, sowel as dié wat oor 'n matrieksertifikaat (RG = 41.22) en matrieksertifikaat plus 'n diploma (RG = 42.48) beskik.

HaA3.9 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.000$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente wat laer as matriek; matriek; matriek plus 'n diploma; 'n Baccalaureusgraad; en 'n nagraadse kwalifikasie as **opvoedkundige kwalifikasie** het en die man se **beroepsbetrokkenheid** (skaal X9).

Om vas te stel tussen watter vlakke van opvoedkundige kwalifikasies die respondente statisties beduidende verskille toon, is die volgende paarsgewyse nulhipotese geformuleer:

HoP3.9 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente wat laer as matriek; matriek; matriek plus 'n diploma; 'n Baccalaureusgraad; en 'n nagraadse kwalifikasie as opvoedkundige kwalifikasie het ten opsigte van die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9) nie.

Ten einde hierdie hipotese te toets is daar weereens van die Dunnett T3-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.2.3(j) in matriksvorm weergegee:



Tabel 7.2.3(j): Dunnett T3-toets: Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9) en sy opvoedkundige kwalifikasie

RG	N	OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIE	< Matriek	Matriek	Matriek + Dipl	B-graad	Na-graads
66.75	99	< Matriek					
68.66	162	Matriek					
71.20	78	Matriek+Dipl	*				
73.25	28	B-graad	**				
80.69	33	Nagraads	**	**	**	**	

< Matriek Laer as matriek
Matriek + Dipl Matriek plus 'n diploma
B-graad Baccalaureusgraad

* Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis

** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Ook in hierdie geval word die nulhipotese (HoP3.9) verwerp en die alternatiewe hipotese (HaP3.9) aanvaar. Uit tabel 7.2.3(j) blyk dit dat respondente wat oor 'n nagraadse opvoedkundige kwalifikasie (RG = 80.69) beskik, statisties beduidend meer beroepsbetrokkenheid toon, as respondente wat oor 'n opvoedkundige kwalifikasie laer as matriek (RG = 66.75) beskik, sowel as dié wat oor 'n matrieksertifikaat (RG = 68.66); 'n matrieksertifikaat plus 'n diploma (RG = 71.20) en 'n Baccalaureusgraad (RG = 73.25) beskik. Afgesien van dié respondente wat oor 'n nagraadse kwalifikasie beskik, toon respondente wat oor 'n matrieksertifikaat plus 'n diploma (RG = 71.20) en 'n Baccalaureusgraad (RG = 73.25) beskik, ook 'n statisties beduidend hoër mate van beroepsbetrokkenheid as respondente wat oor 'n kwalifikasie laer as matriek (RG = 66.75) beskik. Dit wil dus voorkom dat soos wat die respondente se opvoedkundige kwalifikasies styg, hoe meer is hulle ook geneig om beroepsbetrokkenheid te toon.

'n Verdere hipotese wat met die man se persoonlike gegewens en die tellings op die onderskeie skale verband hou, is dié ten opsigte van die respondent se huwelikstatus ten tyde van die sluiting van sy huwelik.

7.2.4 Hipotese 4: Die man se huwelikstatus ten tyde van die sluiting van sy huidige huwelik

Ten einde vas te stel of daar enige verskille in gemiddelde tellings van respondente wat vantevore getroud was (byvoorbeeld waar die huwelik deur die dood of egskeiding beëindig is) en diegene wat vir die eerste keer in die eg staan op die verskillende skale voorkom, is die volgende nulhipoteses geformuleer:

HoT²4 Die vektor van gemiddelde skaaltellings van respondente wat voor die sluiting van hul huidige huwelike nooit voorheen getroud was nie, verskil nie statisties beduidend van die vektor van gemiddelde skaaltellings van respondente wat wel voorheen getroud was ten opsigte van die veranderlikes **gesamentlik** geneem nie:

- HoT²4.1 Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1);
- HoT²4.2 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2);
- HoT²4.3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3);
- HoT²4.4 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4);
- HoT²4.5 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5);
- HoT²4.6 Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6);
- HoT²4.7 Die man se ervaring van huweliksintegrasie (skaal X7);
- HoT²4.8 Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8);
- HoT²4.9 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9); en
- HoT²4.10 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10).

Om hierdie hipoteses te toets, is van Hotelling se T²-toets gebruik gemaak, ten einde vas te stel of daar op 'n oorkoepelende vlak statisties beduidende verskille in die vektore van gemiddeldes tussen die twee groepe en die skaaltellings bestaan. Hierdie resultate word in tabel 7.2.4 weergegee.

Tabel 7.2.4: Huwelikstatus ten tyde van die sluiting van die huwelik en skaaltellings: Hotelling se T²-toets

Hotelling T ² -waarde	F-waarde	G.V.V.	p-waarde
44.946	0.528	10; 389	0.870

G.V.V. Grade van vryheid

Daar is geen statisties beduidende verskil ($p = 0.870$) tussen die vektor van gemiddelde skaaltellings van respondente wat voor die sluiting van hul huidige huwelike nooit voorheen getroud was nie en die vektor van gemiddelde skaaltellings van respondente wat wel voorheen getroud was ten opsigte van die veranderlikes op 'n oorkoepelende vlak nie. Daarom word die oorkoepelende nulhipotese H_0T^2 , soos gestel, dus nie verwerp nie, maar wel aanvaar. Geen verdere statistiese ontledings is ten opsigte van hierdie hipotese uitgevoer nie.

'n Verdere hipotese wat met die man se persoonlike gegewens en die tellings op die onderskeie skale verband hou, is dié rakende die aantal jare wat die respondent met sy eggenote getroud is.

7.2.5 Hipotese 5: Die aantal jare wat die man met sy huidige eggenote getroud is

Ten einde te bepaal of die aantal jare wat die respondente met hul eggenotes getroud is, statisties beduidend met hul tellings op die skale verband hou, is die volgende nulhipoteses geformuleer.

HoK5 Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die aantal jare wat respondente met hul huidige eggenotes getroud is en:

- HoK5.1 Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1);
- HoK5.2 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2);
- HoK5.3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3);
- HoK5.4 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4);
- HoK5.5 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5);
- HoK5.6 Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6);
- HoK5.7 Die man se ervaring van huweliksintegrasië (skaal X7);
- HoK5.8 Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8);
- HoK5.9 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9); en

HoK5.10 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10) nie.

Pearson se produkmomentkorrelasiekoëffisiënt is bereken ten einde hierdie hipoteses te toets. Die resultaat hiervan word in tabel 7.2.5 weergegee.

Tabel 7.2.5: Pearson se produkmomentkorrelasiekoëffisiënt: Die aantal jare wat die respondent met sy huidige eggenote getroud is ten opsigte van die tien skale

SKAAL	r	p
Verrigting van huishoudelike take Skaal X1 (HoK5.1)	-0.039	0.438
Regverdigheid: huishoudelike take Skaal X2 (HoK5.2)	-0.135	0.007**
Vaderbetrokkenheid Skaal X3 (HoK5.3)	-0.010	0.845
Regverdigheid: Versorging van kinders Skaal X4 (HoK5.4)	-0.059	0.235
Emosionele werk Skaal X5 (HoK5.5)	-0.054	0.283
Verbintenis tot groei in die huwelik Skaal X6 (HoK5.6)	-0.075	0.133
Huweliksintegrasie Skaal X7 (HoK5.7)	0.044	0.377
Feministiese oriëntasie Skaal X8 (HoK5.8)	-0.060	0.229
Beroepsbetrokkenheid Skaal X9 (HoK5.9)	0.093	0.064
Beroepsverwante stres Skaal X10 (HoK5.10)	-0.117	0.020*

* Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis

** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Op grond van die gebrek aan statisties beduidende korrelasies in tabel 7.2.5 word die volgende nulhipoteses dus nie verwerp nie, maar wel aanvaar:

HoK5.1 Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die aantal jare wat die respondente met hul huidige eggenotes getroud is en hul persepsie van hul bydraes tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1) nie ($r = -0.039$; $p = 0.438$).

HoK5.3 Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die aantal jare wat die respondente met hul huidige eggenotes getroud is en hul persepsie van die mate waartoe hulle vaderbetrokkenheid toon (skaal X3) nie ($r = -0.010$; $p = 0.845$).

HoK5.4 Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die aantal jare wat die respondente met hul huidige eggenotes getroud is en hul persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees nie, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4) ($r = -0.059$; $p = 0.235$).

HoK5.5 Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die aantal jare wat die respondente met hul huidige eggenotes getroud is en hul persepsie van hul verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5) nie ($r = -0.054$; $p = 0.283$).

HoK5.6 Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die aantal jare wat die respondente met hul huidige eggenotes getroud is en hul verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6) nie ($r = -0.075$; $p = 0.133$).

HoK5.7 Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die aantal jare wat die respondente met hul huidige eggenotes getroud is en hul ervaring van huweliksintegrasië (skaal X7) nie ($r = 0.044$; $p = 0.377$).

HoK5.8 Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die aantal jare wat die respondente met hul huidige eggenotes getroud is en hul feministiese oriëntasie (skaal X8) nie ($r = -0.060$; $p = 0.229$).

HoK5.9 Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die aantal jare wat die respondente met hul huidige eggenotes getroud is en hul beroepsbetrokkenheid

(skaal X9) nie ($r = 0.093$; $p = 0.064$).

Op grond van 'n bestudering van tabel 7.2.5 word die volgende alternatiewe hipoteses aanvaar en die betrokke nulhipoteses verwerp:

HaK5.2 Daar bestaan 'n statisties beduidende negatiewe verband ($r = -0.135$; $p = 0.007$) tussen die **aantal jare wat die respondente met hul huidige eggenotes getroud is** en hul persepsie van **die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2).

Hierdie verband, hoewel baie laag, dui daarop dat daar 'n geringe neiging bestaan dat namate die aantal jare wat die respondente met hul eggenotes getroud is, toeneem, die respondente beduidend minder daartoe geneig is om die verwagting dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, as regverdig te beskou. Dit wil dus sê dat mans wat vir 'n kleiner aantal jare met hul huidige eggenotes getroud is, statisties beduidend meer geneig is om die verwagting dat 'n man huishoudelike take moet verrig, as regverdig beskou, as respondente wat vir 'n langer periode al getroud is.

HaK5.10 Daar bestaan 'n statisties beduidende negatiewe verband ($r = -0.117$; $p = 0.020$) tussen die **aantal jare wat die respondente met hul huidige eggenotes getroud is** en hul ervaring van **beroepsverwante stres** (skaal X10).

Die aantal jare wat die respondente met hul huidige eggenotes getroud is, korreleer negatief met hul ervaring van beroepsverwante stres. Dit beteken dat, alhoewel hierdie verband baie laag is, daar 'n geringe neiging bestaan dat die ervaring van beroepsverwante stres afneem, namate die aantal jare wat die respondente met hul huidige eggenotes getroud is, toeneem. Mans wat vir 'n groter aantal jare met hul eggenotes getroud is, in vergelyking met diegene wat vir 'n kleiner aantal jare getroud is, is dus geneig om minder beroepsverwante stres te ervaar.

Die laaste hipotese wat met die man se persoonlike gegewens en die tellings op die onderskeie skale verband hou, is dié rakende die respondent se ouderdom by die geboorte van sy eerste kind.

7.2.6 Hipotese 6: Die man se ouderdom by die geboorte van sy (eie) eerste kind

Ten einde te bepaal of die respondente se ouderdom by die geboorte van hul eerste kinders statisties beduidend met hul tellings op die skale verband hou, is die volgende nulhipoteses geformuleer.

HoK6 Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondente se ouderdom by die geboorte van hul eerste kinders en:

- HoK6.1 Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1);
- HoK6.2 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2);
- HoK6.3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3);
- HoK6.4 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4);
- HoK6.5 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5);
- HoK6.6 Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6);
- HoK6.7 Die man se ervaring van huweliksintegrasië (skaal X7);
- HoK6.8 Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8);
- HoK6.9 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9); en
- HoK6.10 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10) nie.

Pearson se produkmomentkorrelasiekoëffisiënt is bereken ten einde hierdie nulhipoteses te toets. Die resultaat hiervan word in tabel 7.2.6 weergegee.

Tabel 7.2.6: Pearson se produkmomentkorrelasiekoëffisiënt: Die respondent se ouderdom by die geboorte van sy (eie) eerste kind ten opsigte van die tien skale

SKAAL	r	p
Verrigting van huishoudelike take Skaal X1 (HoK6.1)	-0.131	0.009**
Regverdigheid: huishoudelike take Skaal X2 (HoK6.2)	0.263	0.000**
Vaderbetrokkenheid Skaal X3 (HoK6.3)	0.027	0.594
Regverdigheid: Versorging van kinders Skaal X4 (HoK6.4)	0.274	0.000**
Emosionele werk Skaal X5 (HoK6.5)	0.147	0.003**
Verbintenis tot groei in die huwelik Skaal X6 (HoK6.6)	0.140	0.005**
Huweliksintegrasië Skaal X7 (HoK6.7)	0.112	0.025*
Feministiese oriëntasie Skaal X8 (HoK6.8)	0.224	0.000**
Beroepsbetrokkenheid Skaal X9 (HoK6.9)	0.281	0.000**
Beroepsverwante stres Skaal X10 (HoK6.10)	-0.069	0.169

* Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis

** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Uit tabel 7.2.6 blyk dit dat daar vir die volgende hipoteses geen statisties beduidende verbande tussen die respondente se ouderdom by die geboorte van hul eerste kinders en hul tellings op die verskillende skale bestaan, en daarom word die nulhipoteses nie verwerp nie, maar wel aanvaar:

HoK6.3 Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondente se ouderdom by die geboorte van hul eerste kinders en hul persepsie van die mate waartoe hulle vaderbetrokkenheid toon (skaal X3) nie ($r = 0.027$; $p = 0.594$).

HoK6.10 Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondente se ouderdom by die geboorte van hul eerste kinders en hul ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10) nie ($r = -0.069$; $p = 0.169$).

Op grond van 'n bestudering van tabel 7.2.6 word die volgende alternatiewe hipoteses aanvaar en die betrokke nulhipoteses verwerp:

HaK6.1 Daar bestaan 'n statisties beduidende negatiewe verband ($r = -0.131$; $p = 0.009$) tussen die **respondente se ouderdom by die geboorte van hul eerste kinders** en hul persepsie van hul bydraes tot die **verrigting van huishoudelike take** (skaal X1).

Hierdie verband, hoewel baie laag, dui daarop dat daar 'n geringe neiging bestaan dat hoe ouer die respondente by die geboorte van hul eerste kinders was, hoe minder is hulle by die verrigting van huishoudelike take betrokke. Dit wil dus sê dat mans wat by die geboorte van hul eerste kinders jonger was, statisties beduidend meer by die verrigting van huishoudelike take betrokke is, as mans wat eers by 'n latere ouderdom vir die eerste keer pa geword het.

HaK6.2 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband ($r = 0.263$; $p = 0.000$) tussen die **respondente se ouderdom by die geboorte van hul eerste kinders** en hul persepsie van die **regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2).

Hierdie korrelasie, hoewel laag, dui daarop dat daar 'n neiging bestaan dat hoe ouer die respondente by die geboorte van hul eerste kinders was, hoe meer is die respondente daartoe

geneig om die verwagting dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, as regverdig te beskou. Dit wil dus sê dat mans wat by 'n latere ouderdom vir die eerste keer pa geword het, beduidend meer geneig is om die verwagting dat 'n man huishoudelike take moet verrig, as regverdig te beskou, as mans wat jonger was toe hulle vir die eerste keer pa geword het.

HaK6.4 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband ($r = 0.274$; $p = 0.000$) tussen die **respondente se ouderdom by die geboorte van hul eerste kinders** en hul persepsie van die **regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4).

Hierdie verband, hoewel laag, dui daarop dat daar 'n neiging bestaan dat hoe ouer die respondente by die geboorte van hul eerste kinders was, hoe meer is die respondente daartoe geneig om die verwagting dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, as regverdig te beskou. Dit wil dus sê dat mans wat by 'n latere ouderdom vir die eerste keer pa geword het, statisties beduidend meer geneig is om die verwagting dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, as regverdig te beskou, as mans wat jonger was toe hulle vir die eerste keer pa geword het.

HaK6.5 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband ($r = 0.147$; $p = 0.003$) tussen die **respondente se ouderdom by die geboorte van hul eerste kinders** en hul persepsie van hul verrigting van **emosionele werk** in die huwelik (skaal X5).

Hierdie verband, hoewel baie laag, dui daarop dat daar 'n geringe neiging bestaan dat hoe ouer die respondente by die geboorte van hul eerste kinders was, hoe meer is die respondente daartoe geneig om emosionele werk in die huwelik te verrig. Dit blyk dus dat mans wat by 'n latere ouderdom vir die eerste keer vaderskap betree het, statisties beduidend meer emosionele werk in die huwelik verrig, as mans wat jonger was toe hulle vir die eerste keer pa geword het.

HaK6.6 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband ($r = 0.140$; $p = 0.005$) tussen die **respondente se ouderdom by die geboorte van hul eerste kinders** en hul **verbintenis tot groei in die huwelik** (skaal X6).

Hierdie korrelasie, hoewel baie laag, dui daarop dat daar 'n geringe neiging bestaan dat hoe ouer die respondente by die geboorte van hul eerste kinders was, hoe meer is die respondente tot groei in die huwelik verbind. Anders gestel beteken dit dat respondente wat by 'n latere ouderdom vir die eerste keer vaderskap betree het, statisties beduidend meer tot groei in die huwelik verbind is, as respondente wat jonger was toe hul eerste kinders gebore is.

HaK6.7 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband ($r = 0.112$; $p = 0.025$) tussen die **respondente se ouderdom by die geboorte van hul eerste kinders** en hul ervaring van **huweliksintegrasie** (skaal X7).

Hierdie verband, hoewel baie laag, dui daarop dat daar 'n geringe neiging bestaan dat hoe ouer die respondente by die geboorte van hul eerste kinders was, hoe hoër is hul ervaring van huweliksintegrasie. Dit blyk dus dat mans wat by 'n latere ouderdom vir die eerste keer vaderskap betree het, statisties beduidend meer huweliksintegrasie ervaar, as mans wat jonger was toe hulle vir die eerste keer pa geword het.

HaK6.8 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband ($r = 0.224$; $p = 0.000$) tussen die **respondente se ouderdom by die geboorte van hul eerste kinders** en hul **feministiese oriëntasie** (skaal X8).

Hierdie korrelasie, hoewel laag, dui daarop dat daar 'n neiging bestaan dat hoe ouer die respondente by die geboorte van hul eerste kinders was, hoe meer is die respondente feministies georiënteerd. Dit wil dus sê dat mans wat by 'n latere ouderdom vir die eerste keer pa geword het, 'n statisties beduidend hoër feministiese oriëntasie toon, as mans wat jonger was toe hulle vir die eerste keer pa geword het.

HaK6.9 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband ($r = 0.281$; $p = 0.000$) tussen die **respondente se ouderdom by die geboorte van hul eerste kinders** en hul **beroepsbetrokkenheid** (skaal X9).

Dit blyk dat hoe ouer die respondente by die geboorte van hul eerste kinders was, hoe meer is die respondente geneig om by hul beroepe betrokke te wees. Hierdie lae korrelasie dui dus daarop dat daar 'n neiging bestaan dat mans wat jonger was toe hulle vir die eerste keer pa geword het, 'n laer mate van beroepbetrokkenheid toon, as mans wat by 'n latere ouderdom vir die eerste keer vaderskap betree het.

Die tweede reeks hipoteses ten opsigte van die biografiese veranderlikes en die skale hou spesifiek met die gegewens ten opsigte van die man se beroep verband.

7.3 GEGEWENS TEN OPSIGTE VAN DIE MAN SE BEROEP EN DIE SKALE: HIPOTESES 7 TOT 14

Die eerste van die hipoteses rakende die man se beroep en die tellings op die onderskeie skale wat aan statistiese toetsing onderwerp is, is dié wat met die man se beroepskategorie verband hou.



7.3.1 Hipotese 7: Die man se beroepskategorie

Ten einde vas te stel of die man se beroepskategorie 'n rol speel in die verskille in die vektore van gemiddelde tellings op die skale, is die volgende nulhipoteses ten opsigte van die totale ondersoekgroep geformuleer:

HoM7 Daar bestaan geen statisties beduidende verskille tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente wat ambagte; dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen, ten opsigte van die volgende tien skale **gesamentlik** by die respondente nie:

- HoM7.1 Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1);
- HoM7.2 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2);
- HoM7.3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3);

HOOFSTUK 7 HIPOTESETOESTING: BIOGRAFIESE VERANDERLIKES EN SKALE

- HoM7.4 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4);
- HoM7.5 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5);
- HoM7.6 Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6);
- HoM7.7 Die man se ervaring van huweliksintegrasië (skaal X7);
- HoM7.8 Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8);
- HoM7.9 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9); en
- HoM7.10 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10).

Ten einde hierdie hipoteses te toets en om vas te stel of daar op 'n oorkoepelende vlak statisties beduidende verskille in die vektore van gemiddeldes tussen die verskillende kategorieë van respondente se tellings op die verskillende skale bestaan, is 'n meerveranderlike analise van variansië (MANOVA) uitgevoer. **Wilks se koëffisiënt-lambda** is gebruik om die beduidendheid van die resultate te beoordeel. Hierdie resultate word in tabel 7.3.1(a) weergegee.

Tabel 7.3.1(a): Meerveranderlike analise van variansië (MANOVA) vir die respondente se beroepskategorieë en die tien skale gesamentlik

TOETS	WAARDE	F-WAARDE	P-WAARDE	G.V.V.
WILKS	0.595	5.369	0.000**	40; 1465.5

G.V.V. Grade van vryheid

** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Weens die feit dat Wilks se koëffisiënt-lambda se F-waarde statisties beduidend op die 1% peil van betekenis is ($p = 0.000$), word die nulhipotese HoM7 verwerp en die **alternatiewe hipotese (HaM7)** aanvaar, naamlik: **Daar bestaan statisties beduidende verskille tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente wat ambagte; dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe**

beoefen, ten opsigte van die tien skale (skale X1 tot X10) gesamentlik by die respondente.

Op grond van die aanvaarding van die oorkoepelende alternatiewe hipotese HaM7, en ten einde te bepaal ten opsigte van watter skale daar verskille tussen die kategorieë bestaan, is 'n verdere stel nulhipoteses geformuleer, naamlik:

HoA7 Daar bestaan geen statisties beduidende verskille tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente wat ambagte; dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen, ten opsigte van **elk** van die volgende tien skale by die respondente nie:

- HoA7.1 Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1);
- HoA7.2 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2);
- HoA7.3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3);
- HoA7.4 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4);
- HoA7.5 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5);
- HoA7.6 Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6);
- HoA7.7 Die man se ervaring van huweliksintegrasie (skaal X7);
- HoA7.8 Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8);
- HoA7.9 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9); en
- HoA7.10 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10).

Ten einde hierdie hipoteses te toets, is die data gevolglik verder met behulp van 'n eenrigting analise van variansie (**ANOVA**) ontleed. Die resultate van hierdie ontleding word in tabel 7.3.1(b) uiteengesit.

Tabel 7.3.1(b): Variansieanalise (ANOVA) vir die gesamentlike beroepskategorieë van respondente ten opsigte van elk van die tien skale

SKALE	SKT	GJV	SKB	GJV	GSKT	GSKB	F	P
X1 (HoA7.1) Huishoudelike take	4566.410	4	94452.5	395	1141.602	239.120	4.774	0.001 **
X2 (HoA7.2) Regverdigheid: huishoudelike take	26280.4	4	183935.0	395	6570.095	465.659	14.109	0.000 **
X3 (HoA7.3) Vaderbetrokkenheid	2271.612	4	83137.6	395	567.903	210.475	2.698	0.030 *
X4 (HoA7.4) Regverdigheid: Kinderversorging	11909.0	4	105837.0	395	2977.240	267.942	11.112	0.000 **
X5 (HoA7.5) Emosionele werk	9607.761	4	123883.0	395	2401.940	313.628	7.659	0.000 **
X6 (HoA7.6) Verbintenis tot die Huwelik	1900.680	4	22944.2	395	475.170	58.086	8.180	0.000 **
X7 (HoA7.7) Huweliksintegrasie	1497.053	4	28176.7	395	374.263	71.333	5.247	0.000 **
X8 (HoA7.8) Feministiese Oriëntasie	3501.629	4	22952.7	395	875.407	58.108	15.065	0.000 **
X9 (HoA7.9) Beroepsbetrokkenheid	8621.690	4	36089.3	395	2155.423	91.365	23.591	0.000 **
X10 (HoA7.10) Beroepsverwante Stres	947.129	4	57508.0	395	236.782	145.590	1.626	0.167

- GJV Grade van vryheid
 SKT Som van kwadrate tussen groepe
 SKB Som van kwadrate binne groepe
 GSKT Gemiddelde som van kwadrate tussen groepe
 GSKB Gemiddelde som van kwadrate binne groepe
 * Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis
 ** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Uit tabel 7.3.1(b) blyk dit dat daar geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente wat ambagte; dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen, ten opsigte van skaal X10 by die respondente bestaan nie.

Hieruit blyk dit dat die volgende nulhipotese nie verwerp kan word nie:

HoA7 Daar bestaan geen statisties beduidende verskille tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente wat ambagte; dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen, en:

HoA7.10 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10) ($p = 0.167$) nie.

Daar bestaan egter wel statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente wat ambagte; dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen, ten opsigte van elk van die volgende nege skale by die respondente, naamlik skale X1, X2, X3, X4, X5, X6, X7, X8 en X9. In hierdie geval word die nulhipoteses dus verwerp en die alternatiewe hipoteses aanvaar:

HaA7.1 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.001$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente wat in terme van **beroepskategorieë**, ambagte; dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen, en die man se persepsie van sy bydrae tot die **verrigting van huishoudelike take** (skaal X1).

Om te bepaal tussen watter beroepskategorieë die respondente statisties beduidende verskille toon, is die volgende paarsgewyse nulhipotese geformuleer:

HoP7.1 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente wat ambagte; dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen, ten opsigte

van die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1) nie.

Ten einde hierdie hipotese te toets is daar van die Dunnett T3-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.3.1(c) in matriksvorm weergegee:

Tabel 7.3.1(c): Dunnett T3-toets: Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1) en sy beroepskategorie

RG	N	BEROEPS-KATEGORIE	Bestuur/ Prof.	Ambag	Diens- lewerend	Semi- prof.	Klerk
44.79	43	Bestuur/Prof.					
51.97	115	Ambag	*				
53.27	29	Dienslewerend					
54.42	120	Semi-prof.	**				
56.75	93	Klerk	**				

Bestuur/Prof.	Bestuurs/professionele beroepe
Dienslewerend	Dienslewerende beroepe
Semi-prof.	Semi-professionele beroepe
Klerk	Klerklike beroepe
*	Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis
**	Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Op grond van die resultate van die statistiese toets word die nulhipotese HoP7.1 verwerp en die alternatiewe hipotese HaP7.1 aanvaar. Uit tabel 7.3.1(c) blyk dit dat respondente wat 'n bestuurs/professionele beroep (RG = 44.79) beoefen, statisties beduidend minder by die verrigting van huishoudelike take betrokke is, as respondente wat 'n ambag (RG = 51.97); 'n semi-professionle beroep (RG = 54.42); en 'n klerklike beroep (RG = 56.75) beoefen.

HaA7.2 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.000$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente wat in terme van **beroepskategorieë**, ambagte; dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-

/professionele beroepe beoefen, en die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2).

Om te bepaal tussen watter beroepskategorieë die respondente statisties beduidende verskille toon, is die volgende paarsgewyse nulhipotese geformuleer:

HoP7.2 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente wat ambagte; dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen, ten opsigte van die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2) nie.

Ten einde hierdie hipotese te toets is daar van die Dunnett T3-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.3.1(d) weergegee:

Tabel 7.3.1(d): Dunnett T3-toets: Die man se persepsie van die regverdigheid van die verwagting dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2) en sy beroepskategorie

RG	N	BEROEPS-KATEGORIE	Ambag	Dienslewerend	Klerk	Semi-Prof.	Bestuur/Prof.
67.78	115	Ambag					
69.27	29	Dienslewerend					
74.15	93	Klerk					
80.23	120	Semi-prof.	**				
94.51	43	Bestuur/Prof.	**	**	**	**	

Dienslewerend

Dienslewerende beroepe

Klerk

Klerklike beroepe

Semi-prof.

Semi-professionele beroepe

Bestuur/Prof.

Bestuurs/professionele beroepe

**

Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Dit is duidelik dat die betrokke nulhipotese HoP7.2 verwerp moet word en die alternatiewe hipotese HaP7.2 aanvaar moet word. Uit die voorafgaande matriks blyk dit dat respondente wat 'n bestuurs/professionele beroep (RG = 94.51) beoefen, statisties beduidend meer daartoe geneig is om die verwagting dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, as regverdig te beskou, as respondente wat 'n ambag (RG = 67.78); 'n dienslewerende beroep (RG = 69.27); 'n klerklike beroep (RG = 74.15); en 'n semi-professionele beroep (RG = 80.23) beoefen. Verder is respondente wat 'n semi-professionele beroep (RG = 80.23) beoefen, ook statisties beduidend meer daartoe geneig om die verwagting dat 'n man huishoudelike take moet verrig, as regverdig te beskou, as respondente wat 'n ambag (RG = 67.78) beoefen. Dit is interessant om daarop te let dat die respondente wat 'n bestuurs/professionele beroep beoefen in die algemeen die laagste persepsie (RG = 44.79), in vergelyking met die ander groepe, ten opsigte van hul werklike bydrae tot die verrigting van huishoudelike take het, terwyl hulle die hoogste persepsie (RG = 94.51) het ten opsigte van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig.

HaA7.3 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.030$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente wat in terme van **beroepskategorieë**, ambagte; dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs/professionele beroepe beoefen, en die mate van persepsie van die mate waartoe hy **vaderbetrokkenheid** toon (skaal X3).

Om te bepaal tussen watter beroepskategorieë die respondente statisties beduidende verskille toon, is die volgende nulhipotese geformuleer:

HoP7.3 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente wat ambagte; dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen, ten opsigte van die mate van persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3) nie.

Ten einde hierdie hipotese te toets is daar van die Dunnett T3-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.3.1(e) weergegee:

Tabel 7.3.1(e): Dunnett T3-toets: Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3) en sy beroepskategorie

RG	N	BEROEPS-KATEGORIE	Diens-lewerend	Ambag	Bestuur/Prof.	Klerk	Semi-prof.
56.48	29	Dienslewerend					
58.70	115	Ambag					
60.32	43	Bestuur/Prof.					
62.16	93	Klerk					
63.78	120	Semi-prof.					

Dienslewerend

Dienslewerende beroepe

Bestuur/Prof.

Bestuurs/professionele beroepe

Klerk

Klerklike beroepe

Semi-prof.

Semi-professionele beroepe

**

Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

Uit tabel 7.3.1(e) blyk dit dat die nulhipotese HoP7.3 nie verwerp kan word nie, wat dus beteken dat alhoewel daar oorkoepelende verskille bestaan, daar egter geen beduidende verskille ten opsigte van die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3) tussen respondente wat in verskillende beroepskategorieë val, bestaan nie. Geen verdere afleidings kan dus gemaak word nie.

HaA7.4 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.000$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente wat in terme van **beroepskategorieë**, ambagte; dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs/professionele beroepe beoefen, en die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4).

Om te bepaal tussen watter beroepskategorieë die respondente statisties beduidende verskille toon, is die volgende nulhipotese geformuleer:

HoP7.4 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente wat ambagte; dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen, ten opsigte van die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4) nie.

Ten einde hierdie hipotese te toets is daar van die Dunnett T3-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.3.1(f) weergegee:

Tabel 7.3.1(f): Dunnett T3-toets: Die man se persepsie van die regverdigheid van die verwagting dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4) en sy beroepskategorie

RG	N	BEROEPS-KATEGORIE	Dienslewerend	Ambag	Klerk	Semi-prof.	Bestuur/Prof.
73.55	29	Dienslewerend					
75.34	115	Ambag					
79.72	93	Klerk					
84.52	120	Semi-prof.		**			
91.79	43	Bestuur/Prof.	**	**	**	*	

Dienslewerend

Dienslewerende beroepe

Klerk

Klerklike beroepe

Semi-prof.

Semi-professionele beroepe

Bestuur/Prof.

Bestuurs/professionele beroepe

**

Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

*

Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis

Op grond van die *post hoc*-toets word die nulhipotese HoP7.4 verwerp en die alternatiewe hipotese HaP7.4 aanvaar. Uit die voorafgaande matriks blyk dit dat respondente wat bestuurs/professionele beroepe (RG = 91.79) beoefen, statisties beduidend meer daartoe geneig

is om die verwagting dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, as regverdig te beskou, as respondente wat 'n dienslewerende beroep (RG = 73.55); 'n ambag (RG = 75.34); 'n klerklike beroep (RG = 79.72); en 'n semi-professionele beroep (RG = 84.52) beoefen. Verder is respondente wat 'n semi-professionele beroep (RG = 84.52) beoefen, ook statisties beduidend meer daartoe geneig om die verwagting dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, as regverdig te beskou, as respondente wat 'n ambag (RG = 75.34) beoefen.

HaA7.5 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.000$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente wat in terme van **beroepskategorieë**, ambagte; dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen, en die man se persepsie van sy verrigting van **emosionele werk** in die huwelik (skaal X5).

Om te bepaal tussen watter beroepskategorieë die respondente statisties beduidende verskille toon, is die volgende nulhipotese geformuleer:

HoP7.5 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente wat ambagte; dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen, ten opsigte van die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5) nie.

Ten einde hierdie hipotese te toets is daar weereens van die Dunnett T3-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.3.1(g) weergegee:

Tabel 7.3.1(g): Dunnett T3-toets: Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5) en sy beroepskategorie

RG	N	BEROEPS-KATEGORIE	Diens-lewerend	Ambag	Klerk	Semi-prof.	Bestuur/Prof.
88.86	29	Dienslewerend					
93.36	115	Ambag					
99.21	93	Klerk					
102.1	120	Semi-prof.	**	**			
105.6	43	Bestuur/Prof.	**	**			

Dienslewerend

Dienslewerende beroepe

Klerk

Klerklike beroepe

Semi-prof.

Semi-professionele beroepe

Bestuur/Prof.

Bestuurs/professionele beroepe

**

Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

Ook in hierdie geval is die nulhipotese HoP7.5 verwerp en die alternatiewe hipotese HaP7.5 aanvaar. Uit tabel 7.3.1(g) blyk dit dat respondente wat 'n bestuurs/professionele beroep (RG = 105.6) beoefen, en diegene wat 'n semi-professionele beroep beoefen (RG = 102.1), alhoewel daar geen onderlinge beduidende verskille tussen hierdie twee groepe bestaan nie, beide statisties beduidend meer emosionele werk in die huwelik verrig, as respondente wat 'n dienslewerende beroep (RG = 88.86) en dié wat 'n ambag (RG = 93.36) beoefen.

HaA7.6 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.000$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente wat in terme van **beroepskategorieë**, ambagte; dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen, en die man se **verbintenis tot groei in die huwelik** (skaal X6).

Om te bepaal tussen watter beroepskategorieë die respondente statisties beduidende verskille toon, is die volgende nulhipotese geformuleer:

HoP7.6 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente wat ambagte; dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen, ten opsigte van die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6) nie.

Ten einde hierdie hipotese te toets is daar weereens van die Dunnett T3-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.3.1(h) weergegee:

Tabel 7.3.1(h): Dunnett T3-toets: Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6) en sy beroepskategorie

RG	N	BEROEPS-KATEGORIE	Diens-Lewerend	Ambag	Klerk	Semi-prof.	Bestuur/Prof.
44.58	29	Dienslewerend					
46.82	115	Ambag					
48.15	93	Klerk					
51.01	120	Semi-prof.	*	**	*		
51.48	43	Bestuur/Prof.	**	**	*		

Dienslewerend	Dienslewerende beroepe
Klerk	Klerklike beroepe
Semi-prof.	Semi-professionele beroepe
Bestuur/Prof.	Bestuurs/professionele beroepe
**	Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Op grond van die *post hoc*-toets word die nulhipotese HoP7.6 verwerp en die alternatiewe hipotese HaP7.6 aanvaar. Uit tabel 7.3.1(h) blyk dit dat respondente wat 'n bestuurs/professionele beroep (RG = 51.48) beoefen, en diegene wat 'n semi-professionele beroep (RG = 51.01) beoefen, alhoewel daar geen onderlinge beduidende verskille tussen hierdie twee groepe bestaan nie, beide statisties beduidend meer verbintenis tot groei in die huwelik toon, as respondente wat 'n dienslewerende beroep (RG = 44.58); dié wat 'n ambag (RG = 46.82) en dié wat 'n klerklike beroep (RG = 48.15) beoefen.

HaA7.7 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.000$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente wat in terme van **beroepskategorieë**, ambagte; dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen, en die man se ervaring van **huweliksintegrasië** (skaal X7).

Om te bepaal tussen watter beroepskategorieë die respondente statisties beduidende verskille toon, is die volgende nulhipotese geformuleer:

HoP7.7 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente wat ambagte; dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen, ten opsigte van die man se ervaring van huweliksintegrasië (skaal X7) nie.

Ten einde hierdie nulhipotese te toets is daar van die Dunnett T3-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.3.1(i) weergegee:

Tabel 7.3.1(i): Dunnett T3-toets: Die man se ervaring van huweliksintegrasië (skaal X7) en sy beroepskategorie

RG	N	BEROEPS-KATEGORIE	Dienslewerend	Ambag	Klerk	Bestuur/Prof.	Semi-prof.
53.62	29	Dienslewerend					
55.78	115	Ambag					
57.82	93	Klerk					
58.58	43	Bestuur/Prof.					
59.85	120	Semi-prof.	*	**			

Dienslewerend	Dienslewerende beroepe
Klerk	Klerklike beroepe
Semi-prof.	Semi-professionele beroepe
Bestuur/Prof.	Bestuurs/professionele beroepe

** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

* Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis

Op grond van die *post hoc*-toets word die nulhipotese HoP7.7 verwerp en die alternatiewe hipotese HaP7.7 aanvaar. Uit tabel 7.3.1(i) blyk dit dat respondente wat 'n semi-professionele beroep (RG = 59.85) beoefen, statisties beduidend meer huweliksintegrasië ervaar, as respondente wat 'n dienslewerende beroep (RG = 53.62) en dié wat 'n ambag (RG = 55.78) beoefen.

HaA7.8 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.000$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente wat in terme van **beroepskategorieë**, ambagte; dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen, en die man se **feministiese oriëntasie** (skaal X8).

Om te bepaal tussen watter beroepskategorieë die respondente statisties beduidende verskille toon, is die volgende nulhipotese geformuleer:

HoP7.8 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente wat ambagte; dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen, ten opsigte van die man se feministiese oriëntasie (skaal X8) nie.

Ten einde hierdie nulhipotese te toets is daar weereens van die Dunnett T3-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.3.1(j) weergegee:

Tabel 7.3.1(j): Dunnnett T3-toets: Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8) en sy beroepskategorie

RG	N	BEROEPS-KATEGORIE	Diens-lewerend	Ambag	Klerk	Semi-prof.	Bestuur/Prof.
35.51	29	Dienslewerend					
38.25	115	Ambag					
41.60	93	Klerk	*	*			
43.86	120	Semi-prof.	**	**	*		
45.23	43	Bestuur/Prof.	**	**			

Dienslewerend

Dienslewerende beroepe

Klerk

Klerklike beroepe

Semi-prof.

Semi-professionele beroepe

Bestuur/Prof.

Bestuurs/professionele beroepe

**

Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

*

Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis

Op grond van die *post hoc*-toets word die nulhipotese HoP7.8 verwerp en die alternatiewe hipotese HaP7.8 aanvaar. Uit tabel 7.3.1(j) blyk dit dat respondente wat 'n bestuurs/professionele beroep (RG = 45.23) beoefen, diegene wat 'n semi-professionele beroep (RG = 43.86) beoefen, asook dié wat 'n klerklike beroep (RG = 41.60) beoefen, statisties beduidend meer feministies georiënteerd is, as respondente wat 'n dienslewerende beroep (RG = 35.51) en dié wat 'n ambag (RG = 38.25) beoefen. Dit is verder ook duidelik dat respondente wat semi-professionele beroepsposisies (RG = 43.86) beklee, 'n statisties beduidend hoër feministiese oriëntasie toon as respondente wat in 'n klerklike beroepsposisie (RG = 41.60) staan.

HaA7.9 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.000$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente wat in terme van **beroepskategorieë**, ambagte; dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen, en die man se **beroepsbetrokkenheid** (skaal X9).

Om te bepaal tussen watter beroepskategorieë die respondente statisties beduidende verskille toon, is die volgende nulhipotese geformuleer:

HoP7.9 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente wat ambagte; dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen, ten opsigte van die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9) nie.

Ten einde hierdie nulhipotese te toets is daar weereens van die Dunnett T3-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.3.1(k) weergegee:

Tabel 7.3.1(k): Dunnett T3-toets: Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9) en sy beroepskategorie

RG	N	BEROEPS-KATEGORIE	Dienslewerend	Ambag	Klerk	Semi-prof.	Bestuur/Prof.
63.41	29	Dienslewerend					
66.73	115	Ambag					
67.62	93	Klerk					
72.84	120	Semi-prof.	**	**	**		
80.39	43	Bestuur/Prof.	**	**	**	**	

Dienslewerend	Dienslewerende beroepe
Klerk	Klerklike beroepe
Semi-prof.	Semi-professionele beroepe
Bestuur/Prof.	Bestuurs/professionele beroepe
**	Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Op grond van die *post hoc*-toets word die nulhipotese HoP7.9 verwerp en die alternatiewe hipotese HaP7.9 aanvaar. Uit tabel 7.3.1(k) blyk dit dat respondente wat 'n bestuurs/professionele beroep (RG = 80.39) beoefen, en diegene wat 'n semi-professionele

beroep (RG = 72.84) beoefen, statisties beduidend meer by hul beroepe betrokke is, as respondente wat 'n dienslewerende beroep (RG = 63.41); dié wat 'n ambag (RG = 66.73) en dié wat 'n klerklike beroep (RG = 67.63) beoefen. Verder blyk dit dat respondente wat bestuurs/professionele beroepsposisies (RG = 80.39) beklee, 'n statisties beduidend hoër beroepsbetrokkenheid toon as respondente wat in 'n semi-professionele beroepsposisie (RG = 72.84) staan.

'n Verdere hipotese wat met die man se beroep en die tellings op die onderskeie skale verband hou, is dié ten opsigte van die aantal werksdae wat die respondent per week beroepwerkzaam is.

7.3.2 Hipotese 8: Die aantal werksdae per week wat die man beroepswerkzaam is

Ten einde te bepaal of die aantal werksdae wat die respondente per week beroepswerkzaam is statisties beduidend met hul tellings op die skale verband hou, is die volgende nulhipoteses geformuleer.

HoK8 Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondente se gemiddelde aantal werksdae per week en:

- HoK8.1 Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1);
- HoK8.2 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2);
- HoK8.3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3);
- HoK8.4 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4);
- HoK8.5 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5);
- HoK8.6 Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6);
- HoK8.7 Die man se ervaring van huweliksintegrasie (skaal X7);
- HoK8.8 Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8);

HoK8.9 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9); en

HoK8.10 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10) nie.

Pearson se produkmomentkorrelasiekoëffisiënt is bereken ten einde hierdie hipoteses te toets. Die resultaat hiervan word in tabel 7.3.2 weergegee.

Tabel 7.3.2: Pearson se produkmomentkorrelasiekoëffisiënt: Die aantal werksdae wat die respondent per week beroepwerkzaam is ten opsigte van elk van die tien skale

SKAAL	r	p
Verrigting van huishoudelike take Skaal X1 (HoK8.1)	-0.037	0.464
Regverdigheid: huishoudelike take Skaal X2 (HoK8.2)	-0.059	0.237
Vaderbetrokkenheid Skaal X3 (HoK8.3)	-0.129	0.010**
Regverdigheid: Versorging van kinders Skaal X4 (HoK8.4)	-0.048	0.340
Emosionele werk Skaal X5 (HoK8.5)	-0.047	0.344
Verbintenis tot groei in die huwelik Skaal X6 (HoK8.6)	-0.011	0.832
Huweliksintegrasië Skaal X7 (HoK8.7)	0.005	0.921
Feministiese oriëntasie Skaal X8 (HoK8.8)	-0.046	0.354
Beroepsbetrokkenheid Skaal X9 (HoK8.9)	-0.002	0.976
Beroepsverwante stres Skaal X10 (HoK8.10)	0.030	0.543

** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Uit tabel 7.3.2 blyk dit dat daar geen statisties beduidende verbande tussen die aantal werksdae wat die respondente per week beroepswerksaam is en hul tellings op skale X1, X2, X4, X5, X6, X7, X8, X9 en X10 bestaan nie. Op grond hiervan word die volgende nulhipoteses dus nie verwerp nie, maar wel aanvaar:

- HoK8.1 Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondente se gemiddelde aantal werksdae per week en hul persepsie van hul bydraes tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1) nie ($r = -0.037$; $p = 0.464$).
- HoK8.2 Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondente se gemiddelde aantal werksdae per week en hul persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig nie, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2) ($r = -0.059$; $p = 0.237$).
- HoK8.4 Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondente se gemiddelde aantal werksdae per week en hul persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees nie, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4) ($r = -0.048$; $p = 0.340$).
- HoK8.5 Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondente se gemiddelde aantal werksdae per week en hul persepsie van hul verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5) nie ($r = -0.047$; $p = 0.344$).
- HoK8.6 Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondente se gemiddelde aantal werksdae per week en hul verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6) nie ($r = -0.011$; $p = 0.832$).
- HoK8.7 Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondente se gemiddelde aantal werksdae per week en hul ervaring van huweliksintegrasie (skaal X7) nie ($r = 0.005$; $p = 0.921$).
- HoK8.8 Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondente se gemiddelde aantal werksdae per week en hul feministiese oriëntasie (skaal X8) nie ($r = -0.046$; $p = 0.354$).
- HoK8.9 Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondente se gemiddelde aantal werksdae per week en hul beroepsbetrokkenheid (skaal X9)

nie ($r = -0.002$; $p = 0.976$).

HoK8.10 Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondente se gemiddelde aantal werksdae per week en hul ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10) nie ($r = 0.030$; $p = 0.543$).

'n Bestudering van tabel 7.3.2 toon verder aan dat die volgende alternatiewe hipotese aanvaar moet word en die betrokke nulhipoteses verwerp moet word:

HaK8.3 Daar bestaan 'n statisties beduidende negatiewe verband ($r = -0.129$; $p = 0.010$) tussen die respondente se **gemiddelde aantal werksdae per week** en hul persepsie van die mate waartoe hulle **vaderbetrokkenheid** toon (skaal X3).

Hierdie negatiewe verband, hoewel baie laag, dui daarop dat daar 'n geringe neiging bestaan dat namate die gemiddelde aantal werksdae wat die respondent per week beroepswerksaam is, toeneem, daar 'n neiging bestaan dat die mate waartoe respondente vaderbetrokkenheid toon, sal afneem. Dit wil dus sê dat mans wat minder dae per week beroepswerksaam is, statisties beduidend meer daartoe geneig sal wees om vaderbetrokkenheid te toon, as diegene wat gemiddeld meer dae per week werk.

'n Verdere hipotese wat met die man se beroep en die tellings op die onderskeie skale verband hou, is dié ten opsigte van die aantal ure wat die respondent per dag by die werk deurbring.

7.3.3 Hipotese 9: Die aantal ure wat die man per dag by die werk deurbring

Ten einde te bepaal of die aantal ure wat die respondente per werksdag by die werk deurbring statisties beduidend met hul tellings op die skale verband hou, is die volgende nulhipoteses geformuleer.

HoK9 Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondente se gemiddelde aantal werksure per dag wat by die werk deurgebring word en:

HoK9.1 Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1);

- HoK9.2 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2);
- HoK9.3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3);
- HoK9.4 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4);
- HoK9.5 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5);
- HoK9.6 Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6);
- HoK9.7 Die man se ervaring van huweliksintegrasië (skaal X7);
- HoK9.8 Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8);
- HoK9.9 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9); en
- HoK9.10 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10) nie.

Pearson se produkmomentkorrelasiekoëffisiënt is bereken ten einde hierdie hipoteses te toets. Die resultaat hiervan word in tabel 7.3.3 weergegee.

Tabel 7.3.3: Pearson se produkmomentkorrelasiekoëffisiënt: Die aantal ure wat die respondent per dag by die werk deurbring ten opsigte van elk van die tien skale

SKAAL	r	p
Verrigting van huishoudelike take Skaal X1 (HoK9.1)	-0.054	0.277
Regverdigheid: huishoudelike take Skaal X2 (HoK9.2)	0.045	0.374
Vaderbetrokkenheid Skaal X3 (HoK9.3)	-0.140	0.005**
Regverdigheid: Versorging van kinders Skaal X4 (HoK9.4)	0.040	0.423
Emosionele werk Skaal X5 (HoK9.5)	0.028	0.582
Verbintenis tot groei in die huwelik Skaal X6 (HoK9.6)	0.100	0.046*
Huweliksintegrasië Skaal X7 (HoK9.7)	0.072	0.152
Feministiese oriëntasie Skaal X8 (HoK9.8)	0.073	0.143
Beroepsbetrokkenheid Skaal X9 (HoK9.9)	0.140	0.005**
Beroepsverwante stres Skaal X10 (HoK9.10)	0.206	0.000**

* Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis

** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Uit tabel 7.3.3 blyk dit dat daar vir die volgende hipoteses geen statisties beduidende verbande tussen die aantal ure wat die respondente per dag by die werk deurbring en hul tellings op die

onderskeie skale bestaan nie. Op grond hiervan word die volgende nulhipoteses dus nie verwerp nie, maar wel aanvaar:

- HoK9.1** Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondente se gemiddelde aantal werksure per dag wat by die werk deurgebring word en die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1) nie ($r = -0.054$; $p = 0.277$).
- HoK9.2** Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondente se gemiddelde aantal werksure per dag wat by die werk deurgebring word en die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2) nie ($r = 0.045$; $p = 0.374$).
- HoK9.4** Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondente se gemiddelde aantal werksure per dag wat by die werk deurgebring word en die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4) nie ($r = 0.040$; $p = 0.423$).
- HoK9.5** Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondente se gemiddelde aantal werksure per dag wat by die werk deurgebring word en die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5) nie ($r = 0.028$; $p = 0.582$).
- HoK9.7** Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondente se gemiddelde aantal werksure per dag wat by die werk deurgebring word en die man se ervaring van huweliksintegrasie (skaal X7) nie ($r = 0.072$; $p = 0.152$).
- HoK9.8** Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondente se gemiddelde aantal werksure per dag wat by die werk deurgebring word en die man se feministiese oriëntasie (skaal X8) nie ($r = 0.073$; $p = 0.143$).

Uit 'n bestudering van tabel 7.3.3 word die volgende alternatiewe hipoteses aanvaar en die betrokke nulhipoteses verwerp.

HaK9.3 Daar bestaan 'n statisties beduidende negatiewe verband ($r = -0.140$; $p = 0.005$) tussen die respondente se **gemiddelde aantal werksure per dag wat by die werk deurgebring word** en die man se persepsie van die mate waartoe hy **vaderbetrokkenheid** toon (skaal X3).

Hierdie negatiewe verband, hoewel baie laag, dui daarop dat daar 'n geringe neiging bestaan dat namate die gemiddelde aantal werksure wat die respondent per dag by die werk deurbring toeneem, die mate waartoe respondente vaderbetrokkenheid toon, sal afneem. Dit wil dus sê dat mans wat minder ure per dag werk, statisties beduidend meer daartoe geneig sal wees om vaderbetrokkenheid te toon, as diegene wat lang ure per dag by die werk deurbring.

HaK9.6 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband ($r = 0.100$; $p = 0.046$) tussen die respondente se **gemiddelde aantal werksure per dag wat by die werk deurgebring word** en die man se **verbintenis tot groei in die huwelik** (skaal X6).

Hierdie positiewe verband, hoewel baie laag, dui daarop dat daar 'n geringe neiging bestaan dat namate die gemiddelde aantal werksure wat die respondent per dag by die werk deurbring toeneem, respondente se verbintenis tot groei in die huwelik ook sal toeneem. Dit wil dus voorkom dat mans wat meer ure per dag werk, statisties beduidend meer tot groei in die huwelik verbind is, as diegene wat minder ure per dag by die werk deurbring.

HaK9.9 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband ($r = 0.140$; $p = 0.005$) tussen die respondente se **gemiddelde aantal werksure per dag wat by die werk deurgebring word** en die man se **beroepsbetrokkenheid** (skaal X9).

Hierdie korrelasie, hoewel baie laag, dui daarop dat daar 'n geringe neiging bestaan dat soos wat die gemiddelde aantal werksure wat die respondent per dag by die werk deurbring toeneem, respondente se beroepsbetrokkenheid ook sal toeneem. Mans wat meer ure per dag werk, toon dus statisties beduidend meer betrokkenheid by hul beroepe, as mans wat minder ure per dag by die werk deurbring.

HaK9.10 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband ($r = 0.206$; $p = 0.000$) tussen die respondente se **gemiddelde aantal werksure per dag wat by die werk deurgebring word** en die man se ervaring van **beroepsverwante stres** (skaal X10).

Soos in die geval van die positiewe verband tussen die respondente se werksure per dag en hul beroepsbetrokkenheid, blyk dit dan ook dat daar 'n neiging bestaan dat namate die gemiddelde aantal werksure wat die respondent per dag by die werk deurbbring toeneem, respondente se ervaring van beroepsverwante stres sal toeneem. Respondente wat meer ure per dag werk, ervaar dus statisties beduidend meer beroepsverwante stres, as respondente wat minder ure per dag by die werk deurbbring.

'n Verdere hipotese wat met die man se beroep en die tellings op die onderskeie skale verband hou, is dié ten opsigte van die aantal ure wat die respondent per dag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hy tuis is.

7.3.4 Hipotese 10: Die aantal ure wat die man per werksdag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hy tuis is

Ten einde te bepaal of die aantal ure wat die respondente per dag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is, statisties beduidend met hul tellings op die skale verband hou, is die volgende nulhipoteses geformuleer.

HoK10 Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondente se gemiddelde aantal ure per werksdag wat hulle aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is en:

HoK10.1 Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1);

HoK10.2 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2);

HoK10.3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3);

- HoK10.4 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4);
- HoK10.5 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5);
- HoK10.6 Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6);
- HoK10.7 Die man se ervaring van huweliksintegrasië (skaal X7);
- HoK10.8 Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8);
- HoK10.9 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9); en
- HoK10.10 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10) nie.

Pearson se produkmomentkorrelasiekoëffisiënt is bereken ten einde hierdie hipoteses te toets. Die resultaat hiervan word in tabel 7.3.4 weergegee.



Tabel 7.3.4: Pearson se produkmomentkorrelasiekoëffisiënt: Die aantal ure wat die respondent per werksdag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hy tuis is ten opsigte van elk van die tien skale

SKAAL	r	p
Verrigting van huishoudelike take Skaal X1 (HoK10.1)	0.035	0.486
Regverdigheid: huishoudelike take Skaal X2 (HoK10.2)	0.227	0.000**
Vaderbetrokkenheid Skaal X3 (HoK10.3)	0.133	0.008**
Regverdigheid: Versorging van kinders Skaal X4 (HoK10.4)	0.131	0.009**
Emosionele werk Skaal X5 (HoK10.5)	0.121	0.016*
Verbintenis tot groei in die huwelik Skaal X6 (HoK10.6)	0.107	0.032*
Huweliksintegrasië Skaal X7 (HoK10.7)	0.068	0.172
Feministiese oriëntasie Skaal X8 (HoK10.8)	0.139	0.006**
Beroepsbetrokkenheid Skaal X9 (HoK10.9)	0.228	0.000**
Beroepsverwante stres Skaal X10 (HoK10.10)	0.094	0.060

* Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis

** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Uit tabel 7.3.4 blyk dit dat daar vir die volgende hipoteses geen statisties beduidende verbande tussen die aantal ure wat die respondente per werksdag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is en hul tellings op die onderskeie skale bestaan nie. Op grond hiervan word die volgende nulhipoteses dus nie verwerp nie, maar wel aanvaar:

- HoK10.1** Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondente se gemiddelde aantal ure per werksdag wat hulle aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is en die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1) nie ($r = 0.035$; $p = 0.486$).
- HoK10.7** Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondente se gemiddelde aantal ure per werksdag wat hulle aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is en die man se ervaring van huweliksintegrasie (skaal X7) nie ($r = 0.068$; $p = 0.172$).
- HoK10.10** Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondente se gemiddelde aantal ure per werksdag wat hulle aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is en die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10) nie ($r = 0.094$; $p = 0.060$).

Dit blyk egter verder uit tabel 7.3.4 dat daar wel beduidende verbande tussen die aantal ure wat die respondente per werksdag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is en skale X2, X3, X4, X5, X6, X8 en X9 bestaan. Op grond hiervan word die betrokke nulhipoteses verwerp en die volgende alternatiewe hipoteses aanvaar:

- HaK10.2** Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband ($r = 0.227$; $p = 0.000$) tussen die respondente se **gemiddelde aantal ure per werksdag wat hulle aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is** en die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2).

Hierdie verband, hoewel laag, dui daarop dat daar 'n neiging bestaan dat namate die aantal ure wat respondente per werksdag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is, toeneem, die respondente statisties beduidend meer daartoe geneig is om die verwagting dat 'n

man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, as regverdig te beskou. Dit wil dus sê dat mans wat meer ure per dag tuis aan beroepsverwante werk aandag gee, statisties beduidend meer geneig is om die verwagting dat 'n man huishoudelike take moet verrig, as regverdig beskou, as mans wat min ure per dag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is.

HaK10.3 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband ($r = 0.133$; $p = 0.008$) tussen die respondente se **gemiddelde aantal ure per werksdag wat hulle aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is** en die man se persepsie van die mate waartoe hy **vaderbetrokkenheid** toon (skaal X3).

Hierdie positiewe korrelasie, hoewel baie laag, dui daarop dat daar 'n geringe neiging bestaan dat soos wat die aantal ure wat respondente per werksdag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is, toeneem, hoe hoër is die mate waartoe hulle vaderbetrokkenheid toon. Dit blyk dus dat mans wat meer tyd aan werksverwante aspekte afstaan wanneer hulle by die huis is, statisties beduidend meer vaderbetrokkenheid toon, as mans wat minder tyd aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is.

HaK10.4 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband ($r = 0.131$; $p = 0.009$) tussen die respondente se **gemiddelde aantal ure per werksdag wat hulle aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is** en die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4).

Hierdie verband, hoewel baie laag, dui daarop dat daar 'n geringe neiging bestaan dat namate die aantal ure wat respondente per werksdag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is, toeneem, die respondente statisties beduidend meer daartoe geneig is om die verwagting dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, as regverdig te beskou. Dit wil dus sê dat mans wat meer ure per dag tuis aan beroepsverwante werk aandag gee, beduidend meer geneig is om die verwagting dat 'n man kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, as regverdig beskou, as mans wat min ure per

dag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is.

HaK10.5 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband ($r = 0.121$; $p = 0.016$) tussen die respondente se **gemiddelde aantal ure per werksdag wat hulle aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is** en die man se persepsie van sy verrigting van **emosionele werk** in die huwelik (skaal X5).

Hierdie positiewe verband, hoewel baie laag, dui daarop dat daar 'n geringe neiging bestaan dat soos wat die aantal ure wat respondente per werksdag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is, toeneem, so ook neem die mate waartoe die respondente emosionele werk in die huwelik verrig, toe.

HaK10.6 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband ($r = 0.107$; $p = 0.032$) tussen die respondente se **gemiddelde aantal ure per werksdag wat hulle aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is** en die man se **verbintenis tot groei in die huwelik** (skaal X6).

Hierdie positiewe verband, hoewel baie laag, dui daarop dat daar 'n geringe neiging bestaan dat namate die aantal ure wat respondente per werksdag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is, toeneem, die mate waartoe respondente 'n verbintenis tot groei in die huwelik toon, ook sal toeneem.

HaK10.8 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband ($r = 0.139$; $p = 0.006$) tussen die respondente se **gemiddelde aantal ure per werksdag wat hulle aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is** en die man se **feministiese oriëntasie** (skaal X8).

Hierdie positiewe verband, hoewel baie laag, dui daarop dat daar 'n geringe neiging bestaan dat soos wat die aantal ure wat respondente per werksdag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is, toeneem, so ook sal die mate waartoe hulle feministies georiënteerd is, toeneem.

HaK10.9 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband ($r = 0.228$; $p = 0.000$) tussen die respondente se **gemiddelde aantal ure per werksdag wat hulle aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is** en die man se **beroepsbetrokkenheid** (skaal X9).

Hierdie korrelasie, hoewel laag, dui daarop dat daar 'n neiging bestaan dat soos wat die aantal ure wat respondente per werksdag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is, toeneem, die mate waartoe respondente beroepsbetrokkenheid toon, ook sal toeneem. Mans wat meer ure per dag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is, toon dus statisties beduidend meer betrokkenheid by hul beroepe, as mans wat minder ure per dag aan werksverwante aspekte aandag gee, wanneer hulle by die huis is.

'n Verdere hipotese wat met die man se beroep en die tellings op die onderskeie skale verband hou, is dié ten opsigte van die aantal ure wat die respondent per naweek aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hy tuis is.



7.3.5 Hipotese 11: Die aantal ure wat die man per naweek aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hy tuis is

Ten einde te bepaal of die aantal ure wat die respondente per naweek aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is, statisties beduidend met hul tellings op die skale verband hou, is die volgende nulhipoteses geformuleer.

HoK11 Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondente se gemiddelde aantal ure per naweek wat hulle aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is en:

HoK11.1 Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1);

HoK11.2 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2);

HoK11.3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3);

- HoK11.4 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4);
- HoK11.5 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5);
- HoK11.6 Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6);
- HoK11.7 Die man se ervaring van huweliksintegrasië (skaal X7);
- HoK11.8 Die man se feministiese oriëntasië (skaal X8);
- HoK11.9 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9); en
- HoK11.10 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10) nie.

Pearson se produkmomentkorrelasiëkoëffisiënt is bereken ten einde hierdie hipoteses te toets. Die resultaat hiervan word in tabel 7.3.5 weergegee.



Tabel 7.3.5: Pearson se produkmomentkorrelasiekoëffisiënt: Die aantal ure wat die respondent per naweek aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hy tuis is ten opsigte van elk van die tien skale

SKAAL	r	p
Verrigting van huishoudelike take Skaal X1 (HoK11.1)	0.006	0.901
Regverdigheid: huishoudelike take Skaal X2 (HoK11.2)	0.177	0.000**
Vaderbetrokkenheid Skaal X3 (HoK11.3)	0.069	0.170
Regverdigheid: Versorging van kinders Skaal X4 (HoK11.4)	0.111	0.026*
Emosionele werk Skaal X5 (HoK11.5)	0.107	0.032*
Verbintenis tot groei in die huwelik Skaal X6 (HoK11.6)	0.116	0.020*
Huweliksintegrasië Skaal X7 (HoK11.7)	0.065	0.196
Feministiese oriëntasie Skaal X8 (HoK11.8)	0.145	0.004**
Beroepsbetrokkenheid Skaal X9 (HoK11.9)	0.243	0.000**
Beroepsverwante stres Skaal X10 (HoK11.10)	0.106	0.033*

* Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis

** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Uit tabel 7.3.5 blyk dit dat daar vir die volgende hipoteses geen statisties beduidende verbande tussen die aantal ure wat die respondente per naweek aan beroepsverwante werk spandeer

wanneer hulle tuis is en hul tellings op die onderskeie skale bestaan nie. Op grond hiervan word die volgende nulhipoteses dus nie verwerp nie, maar wel aanvaar:

HoK11.1 Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondente se gemiddelde aantal ure per naweek wat hulle aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is en die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1) nie ($r = 0.006$; $p = 0.901$).

HoK11.3 Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondente se gemiddelde aantal ure per naweek wat hulle aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is en die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3) nie ($r = 0.069$; $p = 0.170$).

HoK11.7 Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondente se gemiddelde aantal ure per naweek wat hulle aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is en die man se ervaring van huweliksintegrasie (skaal X7) nie ($r = 0.065$; $p = 0.196$).

Dit blyk egter verder uit tabel 7.3.5 dat daar wel statisties beduidende verbande tussen die aantal ure wat die respondente per werksdag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is en hul skaaltellings vir skale X2, X4, X5, X6, X8, X9 en X10 bestaan. Op grond hiervan word die betrokke nulhipoteses verwerp en die volgende alternatiewe hipoteses aanvaar:

HaK11.2 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband ($r = 0.177$; $p = 0.000$) tussen die respondente se **gemiddelde aantal ure per naweek wat hulle aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is** en die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2).

Hierdie verband, hoewel baie laag, dui daarop dat daar 'n geringe neiging bestaan dat namate die aantal ure wat respondente per naweek aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is, toeneem, die respondente statisties beduidend meer daartoe geneig is om die verwagting dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, as

regverdig te beskou. Dit wil dus sê dat mans wat meer ure per naweek tuis aan beroepsverwante werk aandag gee, beduidend meer geneig is om die verwagting dat 'n man huishoudelike take moet verrig, as regverdig beskou, as mans wat min ure per naweek aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is.

HaK11.4 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband ($r = 0.111$; $p = 0.026$) tussen die respondente se **gemiddelde aantal ure per naweek wat hulle aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is** en die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4).

Hierdie korrelasie, hoewel baie laag, dui daarop dat daar 'n geringe neiging bestaan dat soos wat die aantal ure wat respondente per naweek aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is, toeneem, die respondente statisties beduidend meer daartoe geneig is om die verwagting dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, as regverdig te beskou. Dit wil dus sê dat mans wat meer ure per naweek tuis aan beroepsverwante werk aandag gee, beduidend meer geneig is om die verwagting dat 'n man kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, as regverdig beskou, as mans wat min ure per naweek aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is.

HaK11.5 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband ($r = 0.107$; $p = 0.032$) tussen die respondente se **gemiddelde aantal ure per naweek wat hulle aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is** en die man se persepsie van sy verrigting van **emosionele werk** in die huwelik (skaal X5).

Hierdie positiewe verband, hoewel baie laag, dui daarop dat daar 'n geringe neiging bestaan dat soos wat die aantal ure wat respondente per naweek aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is, toeneem, so sal die mate waartoe die respondente emosionele werk in die huwelik verrig, ook toeneem.

HaK11.6 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband ($r = 0.116$; $p = 0.020$) tussen die respondente se **gemiddelde aantal ure per naweek wat hulle aan**

beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is en die man se **verbintenis tot groei in die huwelik** (skaal X6).

Hierdie positiewe verband, hoewel baie laag, dui daarop dat daar 'n geringe neiging bestaan dat namate die aantal ure wat respondente per naweek aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is, toeneem, die mate waartoe respondente 'n verbintenis tot groei in die huwelik toon, ook sal toeneem.

HaK11.8 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband ($r = 0.145$; $p = 0.004$) tussen die respondente se **gemiddelde aantal ure per naweek wat hulle aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is** en die man se **feministiese oriëntasie** (skaal X8).

Hierdie positiewe verband, hoewel baie laag, dui daarop dat daar 'n geringe neiging bestaan dat soos wat die aantal ure wat respondente per naweek aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is, toeneem, so sal die mate waartoe hulle feministies georiënteerd is, ook toeneem.

HaK11.9 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband ($r = 0.243$; $p = 0.000$) tussen die respondente se **gemiddelde aantal ure per naweek wat hulle aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is** en die man se **beroepsbetrokkenheid** (skaal X9).

Hierdie korrelasie, hoewel laag, dui daarop dat daar 'n neiging bestaan dat soos wat die aantal ure wat respondente per naweek aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is, toeneem, die mate waartoe respondente beroepsbetrokkenheid toon, ook sal toeneem. Mans wat meer ure per naweek aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is, toon dus statisties beduidend meer betrokkenheid by hul beroepe, as mans wat minder ure per naweek aan werksverwante aspekte aandag gee, wanneer hulle by die huis is.

HaK11.10 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband ($r = 0.106$; $p = 0.033$) tussen die respondente se **gemiddelde aantal ure per naweek wat hulle aan**

beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is en die man se ervaring van **beroepsverwante stres** (skaal X10)

Hierdie verband, hoewel baie laag, dui daarop dat daar 'n geringe neiging bestaan namate die aantal ure wat respondente per naweek aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is, toeneem, die mate waartoe respondente beroepsverwante stres ervaar, ook sal toeneem. Mans wat meer ure per naweek aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is, ervaar dus beduidend meer beroepsverwante stres, as mans wat minder ure per naweek aan werksverwante aspekte aandag gee, wanneer hulle by die huis is.

'n Verdere hipotese wat met die man se beroep en die tellings op die onderskeie skale verband hou, is dié rakende die kwessie van alternatiewe werkspatrone wat tot die beskikking van die respondent gestel word, al dan nie.

7.3.6 Hipotese 12: Die beskikbaarheid van alternatiewe werkspatrone binne die man se werkskonteks



Ten einde te bepaal of die beskikbaarheid van alternatiewe werkspatrone binne die man se werkskonteks statisties beduidend met hul tellings op die skale verband hou, is die volgende nulhipoteses geformuleer.

HoT²12 Die vektor van gemiddelde skaaltellings van respondente wat alternatiewe werkspatrone tot hul beskikking het, verskil nie statisties beduidend van die vektor van gemiddelde skaaltellings van respondente wat geen alternatiewe werkspatrone tot hul beskikking het nie, ten opsigte van die veranderlikes **gesamentlik** geneem nie:

- HoT²12.1 Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1);
- HoT²12.2 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2);
- HoT²12.3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3);

- HoT²12.4 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4);
- HoT²12.5 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5);
- HoT²12.6 Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6);
- HoT²12.7 Die man se ervaring van huweliksintegrasië (skaal X7);
- HoT²12.8 Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8);
- HoT²12.9 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9); en
- HoT²12.10 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10).

Om hierdie hipoteses te toets, is van Hotelling se T²-toets gebruik gemaak, ten einde vas te stel of daar op 'n oorkoepelende vlak statisties beduidende verskille in die vektore van gemiddeldes tussen die twee groepe en die skaaltellings bestaan. Hierdie resultate word in tabel 7.3.6 weergegee.



Tabel 7.3.6: Die beskikbaarheid van alternatiewe werkspatrone binne die man se werkskonteks en skaaltellings: Hotelling se T²-toets

Hotelling T²-waarde	F-waarde	G.V.V.	p-waarde
52.612	1.397	10; 389	0.179

G.V.V. Grade van vryheid

Weens die feit dat daar op 'n oorkoepelende vlak geen statisties beduidende verskil ($p = 0.179$) tussen die vektor van gemiddelde skaaltellings van respondente wat alternatiewe werkspatrone tot hul beskikking het en dié wat geen alternatiewe werkspatrone tot hul beskikking het nie, bestaan nie, word die oorkoepelende nulhipotese HoT²12, soos gestel, dus nie verwerp nie, maar wel aanvaar. Geen verdere statistiese ontledings is ten opsigte van hierdie hipotese uitgevoer nie.

'n Verdere hipotese wat met die man se beroep en die tellings op die onderskeie skale verband hou, is dié ten opsigte van die mate waartoe respondente van alternatiewe werkspatrone gebruik maak, al dan nie.

7.3.7 Hipotese 13: Die mate waartoe die man van alternatiewe werkspatrone gebruik maak, al dan nie

Ten einde te bepaal of respondente se gebruikmaking van alternatiewe werkspatrone, al dan nie, waar dit wel tot hul beskikking gestel word, statisties beduidend met hul tellings op die skale verband hou, is die volgende nulhipoteses geformuleer.

HoT²13 Die vektor van gemiddelde skaaltellings van respondente wat soms van alternatiewe werkspatrone gebruik maak verskil nie statisties beduidend van die vektor van gemiddelde skaaltellings van respondente wat dikwels van alternatiewe werkspatrone gebruik maak, ten opsigte van die veranderlikes **gesamentlik** geneem nie:

- HoT²13.1 Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1);
- HoT²13.2 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2);
- HoT²13.3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3);
- HoT²13.4 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4);
- HoT²13.5 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5);
- HoT²13.6 Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6);
- HoT²13.7 Die man se ervaring van huweliksintegrasië (skaal X7);
- HoT²13.8 Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8);
- HoT²13.9 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9); en
- HoT²13.10 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10).

Om hierdie hipoteses te toets, is van Hotelling se T^2 -toets gebruik gemaak, ten einde vas te stel of daar op 'n oorkoepelende vlak statisties beduidende verskille in die vektore van gemiddeldes tussen die twee groepe en die skaaltellings bestaan. Hierdie resultate word in tabel 7.3.7 weergegee.

Tabel 7.3.7: Die man se gebruikmaking van alternatiewe werkspatrone, al dan nie, en skaaltellings: Hotelling se T^2 -toets

Hotelling T^2 -waarde	F-waarde	G.V.V.	p-waarde
237.895	0.943	10; 47	0.504

G.V.V. Grade van vryheid

Weens die feit dat daar op 'n oorkoepelende vlak geen statisties beduidende verskil ($p = 0.504$) tussen die vektor van gemiddelde skaaltellings van respondente wat soms en respondente wat dikwels van alternatiewe werkspatrone gebruik maak, bestaan nie, word die oorkoepelende nulhipotese $H_0 T^2_{13}$, soos gestel, dus nie verwerp nie, maar wel aanvaar. Geen verdere statistiese ontledings is ten opsigte van hierdie hipotese uitgevoer nie.

'n Verdere hipotese wat met die man se beroep en die tellings op die onderskeie skale verband hou, is dié ten opsigte van die mate waartoe respondente van kraamverlof vir vaders gebruik sal maak, al dan nie.

7.3.8 Hipotese 14: Die mate waartoe die man van kraamverlof vir vaders gebruik sal maak, al dan nie

Ten einde te bepaal of respondente se gebruikmaking van kraamverlof vir vaders, al dan nie, statisties beduidend met hul tellings op die skale verband hou, is die volgende nulhipoteses geformuleer.

$H_0 T^2_{14}$ Die vektor van gemiddelde skaaltellings van respondente wat nie van kraamverlof vir vaders gebruik sal maak nie verskil nie statisties beduidend van die vektor van

gemiddelde skaaltellings van respondente wat wel van kraamverlof vir vaders gebruik sal maak, ten opsigte van die veranderlikes **gesamentlik** geneem nie:

- HoT²14.1 Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1);
- HoT²14.2 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2);
- HoT²14.3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3);
- HoT²14.4 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4);
- HoT²14.5 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5);
- HoT²14.6 Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6);
- HoT²14.7 Die man se ervaring van huweliksintegrasie (skaal X7);
- HoT²14.8 Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8);
- HoT²14.9 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9); en
- HoT²14.10 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10).

Om hierdie hipoteses te toets, is van Hotelling se T²-toets gebruik gemaak, ten einde vas te stel of daar op 'n oorkoepelende vlak statisties beduidende verskille in die vektore van gemiddeldes tussen die twee groepe en die skaaltellings bestaan. Hierdie resultate word in tabel 7.3.8(a) weergegee.

Tabel 7.3.8(a): Die man se gebruikmaking van kraamverlof vir vaders, al dan nie, en skaaltellings: Hotteling se T²-toets

Hotelling T ² -waarde	F-waarde	G.V.V.	p-waarde
73.669	9.130	10; 389	0.000**

** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

G.V.V. Grade van vryheid

Weens die feit dat daar op 'n oorkoepelende vlak 'n statisties beduidende verskil ($p = 0.000$) tussen die vektor van gemiddelde skaaltellings van respondente wat nie van kraamverlof vir vaders gebruik sal maak nie en dié wat wel van kraamverlof vir vaders gebruik sal maak, bestaan, word die oorkoepelende nulhipotese H_0T^{214} , soos gestel, dus verwerp en die alternatiewe hipotese H_aT^{214} aanvaar.

Om vas te stel met betrekking tot watter skale daar spesifieke verskille tussen die kategorieë van hierdie digotomiese veranderlike voorkom, is die volgende stel nulhipoteses geformuleer:

Hot14 Die gemiddelde skaaltellings van respondente wat nie van kraamverlof vir vaders gebruik sal maak nie verskil nie statisties beduidend van die vektor van gemiddelde skaaltellings van respondente wat wel van kraamverlof vir vaders gebruik sal maak, ten opsigte van **elk** van die volgende veranderlikes afsonderlik geneem nie, naamlik:

- Hot14.1 Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1);
- Hot14.2 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2);
- Hot14.3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3);
- Hot14.4 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4);
- Hot14.5 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5);
- Hot14.6 Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6);
- Hot14.7 Die man se ervaring van huweliksintegrasië (skaal X7);
- Hot14.8 Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8);
- Hot14.9 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9); en
- Hot14.10 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10).

HOOFSTUK 7 HIPOTESETOESTING: BIOGRAFIESE VERANDERLIKES EN SKALE

Ten einde vas te stel met betrekking tot watter skale daar spesifieke verskille tussen die kategorieë van hierdie digotomiese veranderlike voorkom, is t-toetse uitgevoer. Die resultate van hierdie toetse word in tabel 7.3.8(b) uiteengesit.

Tabel 7.3.8(b): Die gebruikmaking van kraamverlof vir vaders, al dan nie, en skaaltellings: t-toetse

Veranderlike	Groep	N	RG	S	T	GVV	p
Huishoudelike take X1 (Hot14.1)	Nee	89	47.7191	17.9589	3.94	389	0.000**
	Ja	311	54.6945	14.7309			
Regverdigheid: Huishoudelike take X2 (Hot14.2)	Nee	89	62.5393	23.5227	3.93	389	0.000**
	Ja	311	79.8264	21.3152			
Vaderbetrokkenheid X3 (Hot14.3)	Nee	89	54.8989	16.3214	3.93	389	0.000**
	Ja	311	62.8039	13.6362			
Regverdigheid: Kinderversorging X4 (Hot14.4)	Nee	89	72.0225	20.0975	3.94	389	0.000**
	Ja	311	83.2540	15.3951			
Emosionele werk X5 (Hot14.5)	Nee	89	86.1685	22.0466	3.94	389	0.000**
	Ja	311	101.86	15.4172			
Verbintenis tot huwelik X6 (Hot14.6)	Nee	89	43.4157	9.8394	3.93	389	0.000**
	Ja	311	50.2508	6.4987			
Huweliksintegrasië X7 (Hot14.7)	Nee	89	53.2135	10.0674	-3.94	389	0.000**
	Ja	311	58.8875	7.7308			
Feministiese oriëntasie X8 (Hot14.8)	Nee	89	36.0112	10.5825	3.92	389	0.000**
	Ja	311	42.7717	6.5837			
Beroepsbetrokkenheid X9 (Hot14.9)	Nee	89	67.8315	12.2838	2.45	389	0.028*
	Ja	311	70.6238	9.9827			
Beroepsverwante stres X10 (Hot14.10)	Nee	89	46.3258	11.9998	1.23	389	0.205
	Ja	311	44.4791	12.1214			

GVV	Grade van vryheid
S	Standaardafwyking
Nee	Sal nie van kraamverlof vir vaders gebruik maak nie
Ja	Sal wel van kraamverlof vir vaders gebruik maak
t	t-waarde
*	Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis
**	Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Uit tabel 7.3.8(b) blyk dit dat daar ten opsigte van die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10) ($t = 1.23$; $p = 0.205$) geen statisties beduidende verskille tussen die onderskeie gemiddeldes van die respondente wat nie van kraamverlof vir vaders gebruik sal maak nie en diegene wat wel daarvan gebruik sal maak, bestaan nie. Die nulhipotese $H_{014.10}$ word dus nie verwerp nie en daar is dus geen ondersteuning vir die alternatiewe hipotese $H_{a14.10}$ nie.

Dit blyk tog wat die **gebruikmaking van kraamverlof vir vaders, al dan nie**, betref, dat daar wel statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van die respondente wat nie van kraamverlof vir vaders gebruik sal maak nie en die gemiddelde skaaltellings diegene wat wel van kraamverlof gebruik sal maak, bestaan, ten opsigte van die man se persepsie van sy bydrae tot die **verrigting van huishoudelike take** (skaal X1) ($t = 3.94$; $p = 0.000$); die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2) ($t = 3.93$; $p = 0.000$); die man se persepsie van die **vaderbetrokkenheid** toon (skaal X3) ($t = 3.93$; $p = 0.000$); die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4) ($t = 3.94$; $p = 0.000$); die man se persepsie van sy verrigting van **emosionele werk** in die huwelik (skaal X5) ($t = 3.94$; $p = 0.000$); die man se **verbintenis tot groei in die huwelik** (skaal X6) ($t = 3.93$; $p = 0.000$); die man se ervaring van **huweliksintegrasie** (skaal X7) ($t = -3.94$; $p = 0.000$); die man se **feministiese oriëntasie** (skaal X8) ($t = 3.92$; $p = 0.000$); en die man se **beroepsbetrokkenheid** (skaal X9) ($t = 2.45$; $p = 0.028$). Die nulhipoteses $H_{014.1}$; $H_{014.2}$; $H_{014.3}$; $H_{014.4}$; $H_{014.5}$; $H_{014.6}$; $H_{014.7}$; $H_{014.8}$ en $H_{014.9}$ word dus verwerp en die alternatiewe hipoteses $H_{a14.1}$; $H_{a14.2}$; $H_{a14.3}$; $H_{a14.4}$; $H_{a14.5}$; $H_{a14.6}$; $H_{a14.7}$; $H_{a14.8}$ en $H_{a14.9}$ word aanvaar. Dit beteken dat:

- * Respondente wat van kraamverlof vir vaders gebruik sal maak (RG = 54.6945) is statisties beduidend meer by die verrigting van huishoudelike take betrokke as respondente wat nie van kraamverlof vir vaders gebruik sal maak nie (RG = 47.7191).
- * Respondente wat van kraamverlof vir vaders gebruik sal maak (RG = 79.8264) is statisties beduidend meer daartoe geneig om die verwagting dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, as regverdig te beskou, as wat dit die geval met respondente wat nie van kraamverlof vir vaders gebruik sal maak nie (RG = 62.5393) is.
- * Respondente wat van kraamverlof vir vaders gebruik sal maak (RG = 62.8039) toon statisties beduidend meer vaderbetrokkenheid as respondente wat nie van kraamverlof vir vaders gebruik sal maak nie (RG = 54.8989).
- * Respondente wat van kraamverlof vir vaders gebruik sal maak (RG = 83.2540) is statisties beduidend meer daartoe geneig om die verwagting dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, as regverdig te beskou, as wat dit die geval met respondente wat nie van kraamverlof vir vaders gebruik sal maak nie (RG = 72.0225).
- * Respondente wat van kraamverlof vir vaders gebruik sal maak (RG = 101.86) verrig statisties beduidend meer emosionele werk in die huwelik as respondente wat nie van kraamverlof vir vaders gebruik sal maak nie (RG = 86.1685).
- * Respondente wat van kraamverlof vir vaders gebruik sal maak (RG = 50.2508) is statisties beduidend meer tot groei in die huwelik verbind as respondente wat nie van kraamverlof vir vaders gebruik sal maak nie (RG = 43.4157).
- * Respondente wat van kraamverlof vir vaders gebruik sal maak (RG = 58.8875) ervaar statisties beduidend meer huweliksintegrasie as respondente wat nie van kraamverlof vir vaders gebruik sal maak nie (RG = 53.2135).
- * Respondente wat van kraamverlof vir vaders gebruik sal maak (RG = 42.7717) is statisties beduidend meer feministies georiënteerd as respondente wat nie van kraamverlof vir vaders gebruik sal maak nie (RG = 36.0112).
- * Respondente wat van kraamverlof vir vaders gebruik sal maak (RG = 70.6238) is statisties beduidend meer by hul beroepe betrokke as respondente wat nie van kraamverlof vir vaders gebruik sal maak nie (RG = 67.8315).

Die derde reeks hipoteses ten opsigte van die biografiese veranderlikes en die skale hou spesifiek met gegewens ten opsigte van die respondent se eggenote verband.

7.4 GEGEWENS TEN OPSIGTE VAN DIE MAN SE EGGENOTE EN DIE SKALE: HIPOTESES 15 TOT 19

Die eerste van die hipoteses rakende die gegewens ten opsigte van die man se eggenote en die tellings op die onderskeie skale wat aan statistiese toetsing onderwerp is, is dié wat met die man se eggenote se opvoedkundige kwalifikasie verband hou.

7.4.1 Hipotese 15: Die opvoedkundige kwalifikasie van die man se eggenote

Ten einde vas te stel of die man se eggenote se opvoedkundige kwalifikasie 'n rol speel in die verskille in die vektore van gemiddelde tellings op die skale, is die volgende nulhipoteses ten opsigte van die totale ondersoekgroep geformuleer:

HoM15 Daar bestaan geen statisties beduidende verskille tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die eggenotes 'n opvoedkundige kwalifikasie laer as matriek; matriek; matriek plus 'n diploma; 'n Baccalaureusgraad; en 'n nagraadse kwalifikasie kwalifikasie het, ten opsigte van die volgende tien skale **gesamentlik** by die respondente nie:

- HoM15.1 Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1);
- HoM15.2 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2);
- HoM15.3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3);
- HoM15.4 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4);
- HoM15.5 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5);

- HoM15.6 Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6);
 HoM15.7 Die man se ervaring van huweliksintegrasië (skaal X7);
 HoM15.8 Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8);
 HoM15.9 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9); en
 HoM15.10 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10) nie.

Ten einde hierdie hipoteses te toets en om vas te stel of daar op 'n oorkoepelende vlak statisties beduidende verskille in die vektore van gemiddeldes tussen die verskillende kategorieë van respondente se tellings op die verskillende skale bestaan, is 'n meerveranderlike analise van variansie (MANOVA) uitgevoer. **Wilks se koëffisiënt-lambda** is gebruik om die beduidendheid van die resultate te beoordeel. Hierdie resultate word in tabel 7.4.1(a) weergegee.

Tabel 7.4.1(a): Meerveranderlike analise van variansie (MANOVA) vir die respondente se eggenotes se opvoedkundige kwalifikasies en die tien skale gesamentlik

TOETS	WAARDE	F-WAARDE	P-WAARDE	G.V.V.
WILKS	0.617	4.967	0.000**	40; 1465.5

G.V.V. Grade van vryheid

** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Weens die feit dat Wilks se koëffisiënt-lambda se F-waarde statisties beduidend op die 1% peil van betekenis is ($p = 0.000$), word die nulhipotese HoM15 verwerp en die **alternatiewe hipotese (HaM15)** aanvaar, naamlik: **Daar bestaan statisties beduidende verskille tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die eggenotes 'n opvoedkundige kwalifikasie laer as matriek; matriek; matriek plus 'n diploma; 'n Baccalaureusgraad; en 'n nagraadse kwalifikasie het, ten opsigte van die tien skale (skale X1 tot X10) gesamentlik by die respondente.**

Op grond van die aanvaarding van die oorkoepelende alternatiewe hipotese HaM15, en ten einde te bepaal ten opsigte van watter skale daar verskille tussen die kategorieë bestaan, is 'n

verdere stel nulhipoteses geformuleer, naamlik:

HoA15 Daar bestaan geen statisties beduidende verskille tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die eggenotes 'n opvoedkundige kwalifikasie laer as matriek; matriek; matriek plus 'n diploma; 'n Baccalaureusgraad; en 'n nagraadse kwalifikasie het, ten opsigte van **elk** van die volgende tien skale by die respondente nie:

- HoA15.1 Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1);
- HoA15.2 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2);
- HoA15.3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3);
- HoA15.4 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4);
- HoA15.5 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5);
- HoA15.6 Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6);
- HoA15.7 Die man se ervaring van huweliksintegrasie (skaal X7);
- HoA15.8 Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8);
- HoA15.9 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9); en
- HoA15.10 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10) nie.

Ten einde hierdie hipoteses te toets, is die data gevolglik verder met behulp van 'n eenrigting analise van variansie (**ANOVA**) ontleed. Die resultate van hierdie ontleding word in tabel 7.4.1(b) uiteengesit.

Tabel 7.4.1(b): Variansieanalise (ANOVA) vir die gesamentlike opvoedkundige kwalifikasies van respondente se eggenotes ten opsigte van elk van die tien skale

SKALE	SKT	GVV	SKB	GVV	GSKT	GSKB	F	P
X1 (HoA15.1) Huishoudelike take	3972.693	4	95046.2	395	993.173	240.623	4.128	0.003 **
X2 (HoA15.2) Regverdigheid: huishoudelike take	35919.2	4	174297.0	395	8979.800	441.257	20.350	0.000 **
X3 (HoA15.3) Vaderbetrokkenheid	241.755	4	85194.4	395	53.689	215.682	0.249	0.910
X4 (HoA15.4) Regverdigheid: kinderversorging	11689.2	4	106057.0	395	2922.309	268.498	10.884	0.000 **
X5 (HoA15.5) Emosionele werk	6290.475	4	127201.0	395	1572.619	322.027	4.884	0.001 **
X6 (HoA15.6) Verbintenis tot die huwelik	969.379	4	23875.5	395	242.345	60.444	4.009	0.003 **
X7 (HoA15.7) Huweliksintegrasië	704.976	4	28968.8	395	176.244	73.339	2.403	0.049 *
X8 (HoA15.8) Feministiese oriëntasie	2221.267	4	24233.1	395	555.317	61.350	9.052	0.000 **
X9 (HoA15.9) Beroepsbetrokkenheid	4155.244	4	40555.8	395	1038.811	102.673	10.118	0.000 **
X10 (HoA15.10) Beroepsverwante stres	1158.795	4	57296.4	395	289.699	145.054	1.997	0.094

- GVV Grade van vryheid
 SKT Som van kwadrate tussen groepe
 SKB Som van kwadrate binne groepe
 GSKT Gemiddelde som van kwadrate tussen groepe
 GSKB Gemiddelde som van kwadrate binne groepe
 * Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis
 ** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Uit tabel 7.4.1(b) blyk dit dat daar geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die eggenotes 'n opvoedkundige kwalifikasie laer as matriek; matriek; matriek plus 'n diploma; 'n Baccalaureusgraad; en 'n nagraadse kwalifikasie het ten opsigte van elk van die volgende twee skale by die respondente voorkom nie, naamlik: skale X3 en X10.

Hieruit blyk dit dat die volgende nulhipoteses nie verwerp kan word nie:

HoA15 Daar bestaan geen statisties beduidende verskille tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die eggenotes 'n opvoedkundige kwalifikasie laer as matriek; matriek; matriek plus 'n diploma; 'n Baccalaureusgraad; en 'n nagraadse kwalifikasie het en:

HoA15.3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3) ($p = 0.910$); en

HoA15.10 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10) ($p = 0.094$) nie.

Daar bestaan egter wel statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die eggenotes 'n opvoedkundige kwalifikasie laer as matriek; matriek; matriek plus 'n diploma; 'n Baccalaureusgraad; en 'n nagraadse kwalifikasie het ten opsigte van elk van die volgende agt skale by die respondente, naamlik skale X1, X2, X4, X5, X6, X7, X8 en X9. In hierdie geval word die nulhipoteses dus verwerp en die alternatiewe hipoteses aanvaar:

HaA15.1 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.003$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die **eggenotes 'n opvoedkundige kwalifikasie** laer as matriek; matriek; matriek plus 'n diploma; 'n Baccalaureusgraad; en 'n nagraadse kwalifikasie het die man se persepsie van sy bydrae tot die **verrigting van huishoudelike take** (skaal X1).

Om te bepaal tussen watter vlakke van opvoedkundige kwalifikasies van die respondente se eggenotes die respondente statisties beduidende verskille toon, is die volgende paarsgewyse nulhipotese geformuleer:

HoP15.1 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die eggenotes 'n opvoedkundige kwalifikasie laer as matriek; matriek; matriek plus 'n diploma; 'n Baccalaureusgraad; en 'n nagraadse kwalifikasie het, ten opsigte van die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1) nie.

Ten einde hierdie hipotese te toets is daar van die Dunnett T3-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.4.1(c) in matriksvorm weergegee:

Tabel 7.4.1(c): Dunnett T3-toets: Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1) en sy eggenote se opvoedkundige kwalifikasie

RG	N	OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIE	Nagraads	< Matriek	Matriek + Dipl	Matriek	B-graad
43.30	33	Nagraads					
51.92	67	< Matriek	*				
53.45	70	Matriek+Dipl	**				
54.66	67	Matriek	**				
55.67	34	B-graad	**				

Matriek + Dipl

Matriek plus 'n diploma

B-graad

Baccalaureusgraad

< Matriek

Laer as matriek

*

Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis

**

Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Op grond van die *post hoc*-toets word die nulhipotese HoP15.1 verwerp en die alternatiewe hipotese HaP15.1 aanvaar. Uit tabel 7.4.1(c) blyk dit dat respondente van wie die eggenotes oor 'n nagraadse opvoedkundige kwalifikasie (RG = 43.30) beskik, statisties beduidend minder by die verrigting van huishoudelike take betrokke is, as respondente van wie die eggenotes oor 'n kwalifikasie laer as matriek (RG = 51.92); 'n matrieksertifikaat plus 'n diploma (RG = 53.45); 'n matrieksertifikaat (RG = 54.66); en 'n Baccalaureusgraad (RG = 55.67) beskik. Daar bestaan egter geen beduidende verskille tussen die laasgenoemde vier kategorieë nie.

HaA15.2 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.000$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die **eggenotes 'n opvoedkundige kwalifikasie** laer as matriek; matriek; matriek plus 'n diploma; 'n Baccalaureusgraad; en 'n nagraadse kwalifikasie het en die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2).

Ten einde vas te stel tussen watter vlakke van opvoedkundige kwalifikasies van die respondente se eggenotes die respondente statisties beduidende verskille toon, is die volgende nulhipotese geformuleer:

HoP15.2 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die eggenotes 'n opvoedkundige kwalifikasie laer as matriek; matriek; matriek plus 'n diploma; 'n Baccalaureusgraad; en 'n nagraadse kwalifikasie het, ten opsigte van die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2), nie.

Ten einde hierdie hipotese te toets, is daar van die Scheffé-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.4.1(d) in matriksvorm weergegee:

Tabel 7.4.1(d): Scheffé-toets: Die man se persepsie van die regverdigheid van die verwagting dat 'n man huishoudelike take moet verrig (skaal X2) en sy eggenote se opvoedkundige kwalifikasie

RG	N	OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIE	< Matriek	Matriek	Matriek + Dipl	B-graad	Na-graads
67.56	67	< Matriek					
72.60	196	Matriek					
74.02	70	Matriek+Dipl					
92.55	34	B-graad	**	**	**		
100.1	33	Nagraads	**	**	**		

< Matriek

Laer as matriek

Matriek + Dipl

Matriek plus 'n diploma

B-graad

Baccalaureusgraad

**

Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

Op grond van die *post hoc*-toets word die nulhipotese HoP15.2 verwerp en die alternatiewe hipotese HaP15.2 aanvaar. Uit die voorafgaande matriks blyk dit dat respondente van wie die eggenotes oor 'n nagraadse opvoedkundige kwalifikasie (RG = 100.1) beskik, sowel as dié wat oor 'n Baccalaureusgraad beskik (RG = 92.55), alhoewel daar geen beduidende verskille tussen hierdie twee groepe voorkom nie, statisties beduidend meer daartoe geneig is om die verwagting dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, as regverdig te beskou, as respondente van wie die eggenotes oor 'n opvoedkundige kwalifikasie laer as matriek (RG = 67.56) beskik, sowel as dié wat oor 'n matrieksertifikaat (RG = 72.60) en 'n matrieksertifikaat plus 'n diploma (RG = 74.02) beskik. Dit is interessant om daarop te let dat die respondente van wie die eggenotes oor 'n nagraadse kwalifikasie beskik in die algemeen die laagste persepsie (RG = 43.30), in vergelyking met die ander groepe, ten opsigte van hul werklike bydrae tot die verrigting van huishoudelike take toon, terwyl hulle die hoogste persepsie (RG = 100.1) toon ten opsigte van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig.

HaA15.4 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.000$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die **eggenotes 'n opvoedkundige kwalifikasie** laer as matriek; matriek; matriek plus 'n diploma; 'n Baccalaureusgraad; en 'n nagraadse kwalifikasie het en die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4).

Om vas te stel tussen watter vlakke van opvoedkundige kwalifikasies van die respondente se eggenotes die respondente statisties beduidende verskille toon, is die volgende nulhipotese geformuleer:

HoP15.4 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die eggenotes 'n opvoedkundige kwalifikasie laer as matriek; matriek; matriek plus 'n diploma; 'n Baccalaureusgraad; en 'n nagraadse kwalifikasie het, ten opsigte van die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4), nie.

Ten einde hierdie hipotese te toets, is daar van die Dunnett T3-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.4.1(e) in matriksvorm weergegee:

Tabel 7.4.1(e): Dunnett T3-toets: Die man se persepsie van die regverdigheid van die verwagting dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees (skaal X4) en sy eggenote se opvoedkundige kwalifikasie

RG	N	OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIE	< Matriek	Matriek	Matriek + Dipl	B-graad	Na-graads
73.32	67	< Matriek					
79.20	196	Matriek					
82.42	70	Matriek+Dipl	*				
88.67	34	B-graad	**	**			
93.30	33	Nagraads	**	**	**		

< Matriek	Laer as matriek
Matriek + Dipl	Matriek plus 'n diploma
B-graad	Baccalaureusgraad
*	Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis
**	Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Op grond van die *post hoc*-toets word die nulhipotese HoP15.4 verwerp en die alternatiewe hipotese HaP15.4 aanvaar. Uit tabel 7.4.1(e) blyk dit dat respondente van wie die eggenotes oor 'n nagraadse opvoedkundige kwalifikasie (RG = 93.30) beskik, sowel as dié wat oor 'n Baccalaureusgraad (RG = 88.67) beskik, alhoewel daar geen beduidende verskille tussen hierdie twee groepe voorkom nie, statisties beduidend meer daartoe geneig is om die verwagting dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, as regverdig te beskou, as respondente van wie die eggenotes oor 'n opvoedkundige kwalifikasie laer as matriek (RG = 73.32), asook dié wat oor 'n matrieksertifikaat (RG = 79.20) beskik. Die respondente van wie die eggenotes oor 'n nagraadse opvoedkundige kwalifikasie (RG = 93.30) beskik, toon egter ook 'n statisties beduidend hoër persepsie ten opsigte van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, as respondente van wie die eggenotes oor 'n matrieksertifikaat plus 'n diploma (RG = 82.42) beskik. Dit blyk verder dat die respondente wie se eggenotes oor 'n matrieksertifikaat plus 'n diploma (RG = 82.42) beskik, statisties beduidend meer daartoe geneig is om die verwagting dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, as regverdig te beskou, as respondente van wie die eggenotes oor 'n opvoedkundige kwalifikasie laer as matriek (RG = 73.32) beskik.

Dit is interessant om daarop te let dat in beide die gevalle waar respondente dit as hoogs regverdig beskou dat mans huishoudelike take moet verrig en dat mans by die verrigting van kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, dit respondente was van wie die eggenotes oor 'n nagraadse kwalifikasie beskik.

HaA15.5 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.001$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die **eggenotes 'n opvoedkundige kwalifikasie** laer as matriek; matriek; matriek plus 'n diploma; 'n Baccalaureusgraad; en 'n nagraadse kwalifikasie het en die man se persepsie van sy verrigting van **emosionele werk** in

die huwelik (skaal X5).

Om vas te stel tussen watter vlakke van opvoedkundige kwalifikasies van die respondente se eggenotes die respondente statisties beduidende verskille toon, is die volgende nulhipotese geformuleer:

HoP15.5 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die eggenotes 'n opvoedkundige kwalifikasie laer as matriek; matriek; matriek plus 'n diploma; 'n Baccalaureusgraad; en 'n nagraadse kwalifikasie het, ten opsigte van die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5) nie.

Ten einde hierdie nulhipotese te toets, is daar van die Dunnett T3-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.4.1(f) uiteengesit:

Tabel 7.4.1(f): Dunnett T3-toets: Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5) en sy eggenote se opvoedkundige kwalifikasie

RG	N	OPVOEDKUNDIGE KVALIFIKASIE	< Matriek	Matriek	B-graad	Matriek +Dipl	Na-graads
92.37	67	< Matriek					
97.36	196	Matriek					
100.4	34	B-graad					
101.5	70	Matriek+dipl					
107.6	33	Nagraads	**	**			

< Matriek

Laer as matriek

Matriek + Dipl

Matriek plus 'n diploma

B-graad

Baccalaureusgraad

**

Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Op grond van die *post hoc*-toets word die nulhipotese HoP15.5 verwerp en die alternatiewe hipotese HaP15.5 aanvaar. Uit tabel 7.4.1(f) blyk dit dat respondente van wie die eggenotes oor 'n nagraadse opvoedkundige kwalifikasie (RG = 107.6) beskik, statisties beduidend meer emosionele werk in die huwelik verrig, as respondente van wie die eggenotes 'n opvoedkundige kwalifikasie laer as matriek (RG = 92.37) het, asook dié wat oor 'n matrieksertifikaat (RG = 97.36) beskik.

HaA15.6 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.003$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die **eggenotes 'n opvoedkundige kwalifikasie** laer as matriek; matriek; matriek plus 'n diploma; 'n Baccalaureusgraad; en 'n nagraadse kwalifikasie het en die man se **verbintenis tot groei in die huwelik** (skaal X6).

Om te bepaal tussen watter vlakke van opvoedkundige kwalifikasies van die respondente se eggenotes die respondente statisties beduidende verskille toon, is die volgende nulhipotese geformuleer:



HoP15.6 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die eggenotes 'n opvoedkundige kwalifikasie laer as matriek; matriek; matriek plus 'n diploma; 'n Baccalaureusgraad; en 'n nagraadse kwalifikasie het, ten opsigte van die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6) nie.

Ten einde hierdie nulhipotese te toets, is daar van die Dunnett T3-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.4.1(g) in matriksvorm weergegee:

Tabel 7.4.1(g): Dunnett T3-toets: Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6) en sy eggenote se opvoedkundige kwalifikasie

RG	N	OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIE	< Matriek	Matriek	Matriek + Dipl	B-graad	Na-graads
46.08	67	< Matriek					
48.40	196	Matriek					
49.98	70	Matriek+Dipl					
50.38	34	B-graad					
51.63	33	Nagraads	**	*			

< Matriek

Laer as matriek

Matriek + Dipl

Matriek plus 'n diploma

B-graad

Baccalaureusgraad

*

Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis

**

Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Dit blyk egter verder uit tabel 7.4.5 dat daar wel statisties beduidende verbande tussen die aantal ure wat die respondente se eggenotes per werksdag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is en die respondente se skaaltellings vir skale X2, X9 en X10 bestaan. Op grond hiervan word die betrokke nulhipoteses verwerp en die volgende alternatiewe hipoteses aanvaar:

HaK19.2 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband ($r = 0.145$; $p = 0.004$) tussen die respondente se **eggenotes se gemiddelde aantal ure per werksdag wat hulle aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is** en die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2).

Hierdie verband, hoewel baie laag, dui daarop dat daar 'n geringe neiging bestaan dat namate die aantal ure wat die respondente se eggenotes per werksdag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is, toeneem, die respondente statisties beduidend meer daartoe geneig is om die verwagting dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, as regverdig te beskou. Dit wil dus sê dat mans van wie die eggenotes meer ure per dag tuis aan beroepsverwante werk aandag gee, beduidend meer geneig is om die verwagting dat 'n man huishoudelike take moet verrig, as regverdig beskou, as mans van wie die eggenotes min ure per dag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is.

HaK19.9 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband ($r = 0.131$; $p = 0.009$) tussen die respondente se **eggenotes se gemiddelde aantal ure per werksdag wat hulle aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is** en die man se **beroepsbetrokkenheid** (skaal X9).

Hierdie korrelasie, hoewel baie laag, dui daarop dat daar 'n geringe neiging bestaan dat hoe meer ure respondente se eggenotes per werksdag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is, hoe hoër is respondente se beroepsbetrokkenheid. Mans van wie die eggenotes meer ure per dag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is, toon dus beduidend meer

betrokkenheid by hul eie beroepe, as mans van wie die eggenotes minder ure per dag aan werksverwante aspekte aandag gee, wanneer hulle by die huis is.

HaK19.10 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband ($r = 0.114$; $p = 0.022$) tussen die respondente se **eggenotes se gemiddelde aantal ure per werksdag wat hulle aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is** en die man se ervaring van **beroepsverwante stres** (skaal X10).

Hierdie korrelasie, hoewel baie laag, dui daarop dat daar 'n geringe neiging bestaan dat namate die aantal ure wat respondente se eggenotes per werksdag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is, toeneem, die respondente se ervaring van beroepsverwante stres ook sal toeneem.

Die vierde reeks hipoteses ten opsigte van die biografiese veranderlikes en die skale hou spesifiek met gegewens ten opsigte van die egpaar se kind/ers verband.

7.5 GEGEWENS TEN OPSIGTE VAN DIE EGPAAR SE KIND/ERS EN DIE SKALE: HIPOTESES 20 TOT 22

Die eerste van die hipoteses rakende die gegewens ten opsigte van die egpaar se kind/ers en die tellings op die onderskeie skale wat aan statistiese toetsing onderwerp is, is dié wat met die aantal afhanklike kinders wat by die egpaar woon, verband hou.

7.5.1 Hipotese 20: Die aantal afhanklike kinders wat by die egpaar woon

Ten einde te bepaal of die aantal kinders wat by die egpaar woon statisties beduidend met die respondente se tellings op die skale verband hou, is die volgende nulhipoteses geformuleer.

HoK20 Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die aantal afhanklike kinders wat by die egpaar woon en:

HoK20.1 Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1);

- HoK20.2 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2);
- HoK20.3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3);
- HoK20.4 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4);
- HoK20.5 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5);
- HoK20.6 Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6);
- HoK20.7 Die man se ervaring van huweliksintegrasie (skaal X7);
- HoK20.8 Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8);
- HoK20.9 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9); en
- HoK20.10 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10) nie.

Pearson se produkmomentkorrelasiekoëffisiënt is bereken ten einde hierdie hipoteses te toets. Die resultaat hiervan word in tabel 7.5.1 weergegee.

Tabel 7.5.1: Pearson se produkmomentkorrelasiekoëffisiënt: Die aantal afhanklike kinders wat by die egpaar woon ten opsigte van elk van die tien skale

SKAAL	r	p
Verrigting van huishoudelike take Skaal X1 (HoK20.1)	-0.022	0.662
Regverdigheid: huishoudelike take Skaal X2 (HoK20.2)	-0.143	0.004**
Vaderbetrokkenheid Skaal X3 (HoK20.3)	0.050	0.322
Regverdigheid: Versorging van kinders Skaal X4 (HoK20.4)	-0.104	0.037*
Emosionele werk Skaal X5 (HoK20.5)	-0.025	0.618
Verbintenis tot groei in die huwelik Skaal X6 (HoK20.6)	0.011	0.821
Huweliksintegrasië Skaal X7 (HoK20.7)	-0.018	0.713
Feministiese oriëntasie Skaal X8 (HoK20.8)	-0.048	0.339
Beroepsbetrokkenheid Skaal X9 (HoK20.9)	-0.020	0.687
Beroepsverwante stres Skaal X10 (HoK20.10)	0.046	0.354

* Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis

** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Uit tabel 7.5.1 blyk dit dat daar vir die volgende hipoteses geen statisties beduidende verbande tussen die aantal afhanklike kinders wat by die egpaar woon en die respondente tellings op die

onderskeie skale bestaan nie. Op grond hiervan word die volgende nulhipoteses dus nie verwerp nie, maar wel aanvaar:

- HoK20.1** Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die aantal kinders wat by die egpaar woon en die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1) nie ($r = -0.022$; $p = 0.662$).
- HoK20.3** Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die aantal kinders wat by die egpaar woon en die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3) nie ($r = 0.050$; $p = 0.322$).
- HoK20.5** Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die aantal kinders wat by die egpaar woon en die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5) nie ($r = -0.025$; $p = 0.618$).
- HoK20.6** Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die aantal kinders wat by die egpaar woon en die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6) nie ($r = 0.011$; $p = 0.821$).
- HoK20.7** Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die aantal kinders wat by die egpaar woon en die man se ervaring van huweliksintegrasie (skaal X7) nie ($r = -0.018$; $p = 0.713$).
- HoK20.8** Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die aantal kinders wat by die egpaar woon en die man se feministiese oriëntasie (skaal X8) nie ($r = -0.048$; $p = 0.339$).
- HoK20.9** Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die aantal kinders wat by die egpaar woon en die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9) nie ($r = -0.020$; $p = 0.687$).
- HoK20.10** Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die aantal kinders wat by die egpaar woon en die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10) nie ($r = 0.046$; $p = 0.354$).

Dit blyk egter verder uit tabel 7.5.1 dat daar wel statisties beduidende verbande tussen die aantal afhanklike kinders wat by die egpaar woon en die respondente se skaaltellings vir skale X2 en X4 bestaan. Op grond hiervan word die betrokke nulhipoteses verwerp en die volgende

alternatiewe hipoteses aanvaar:

HaK20.2 Daar bestaan 'n statisties beduidende negatiewe verband ($r = -0.143$; $p = 0.004$) tussen die **aantal kinders wat by die egpaar woon** en die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2).

Hierdie verband, hoewel baie laag, dui daarop dat daar 'n geringe neiging bestaan dat namate die aantal afhanklike kinders wat by die egpaar woon toeneem, die respondente statisties beduidend minder daartoe geneig is om die verwagting dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, as regverdig te beskou. Dit wil dus sê dat hoe meer kinders daar in die huishouding is, hoe minder is die respondente geneig om die verwagting dat 'n man huishoudelike take moet verrig, as regverdig te beskou.

HaK20.4 Daar bestaan 'n statisties beduidende negatiewe verband ($r = -0.104$; $p = 0.037$) tussen die **aantal kinders wat by die egpaar woon** en die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4) nie.

Hierdie negatiewe korrelasie, hoewel baie laag, dui daarop dat daar 'n geringe neiging bestaan dat namate die aantal afhanklike kinders wat by die egpaar woon toeneem, die respondente statisties beduidend minder daartoe geneig is om die verwagting dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, as regverdig te beskou. Dit wil dus sê dat hoe meer kinders daar in die huishouding is, hoe minder is die respondente geneig om die verwagting dat 'n man by die versorging van die kinders betrokke moet wees, as regverdig te beskou.

'n Verdere hipotese wat met die gegewens ten opsigte van die egpaar se kinders en die tellings op die onderskeie skale verband hou, is dié ten opsigte van die ouderdom van die respondent se jongste kind.

7.5.2 Hipotese 21: Die ouderdom van die respondente se jongste kind

Ten einde te bepaal of die ouderdom van die jongste kind in die huishouding statisties beduidend met die respondente se tellings op die skale verband hou, is die volgende nulhipoteses geformuleer.

- HoK21** Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die ouderdom van die respondente se jongste kind en:
- HoK21.1 Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1);
 - HoK21.2 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2);
 - HoK21.3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3);
 - HoK21.4 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4);
 - HoK21.5 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5);
 - HoK21.6 Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6);
 - HoK21.7 Die man se ervaring van huweliksintegrasië (skaal X7);
 - HoK21.8 Die man se feministiese oriëntasië (skaal X8);
 - HoK21.9 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9); en
 - HoK21.10 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10) nie.

Pearson se produkmomentkorrelasiëkoëffisiënt is bereken ten einde hierdie hipoteses te toets. Die resultaat hiervan word in tabel 7.5.2 weergegee.

Tabel 7.5.2: Pearson se produkmomentkorrelasiekoëffisiënt: Die ouderdom van die respondent se jongste kind ten opsigte van elk van die tien skale

SKAAL	r	p
Verrigting van huishoudelike take Skaal X1 (HoK21.1)	-0.033	0.514
Regverdigheid: huishoudelike take Skaal X2 (HoK21.2)	-0.154	0.002**
Vaderbetrokkenheid Skaal X3 (HoK21.3)	0.009	0.865
Regverdigheid: Versorging van kinders Skaal X4 (HoK21.4)	-0.105	0.036*
Emosionele werk Skaal X5 (HoK21.5)	-0.010	0.848
Verbintenis tot groei in die huwelik Skaal X6 (HoK21.6)	-0.084	0.093
Huweliksintegrasie Skaal X7 (HoK21.7)	0.043	0.389
Feministiese oriëntasie Skaal X8 (HoK21.8)	-0.087	0.081
Beroepsbetrokkenheid Skaal X9 (HoK21.9)	0.025	0.620
Beroepsverwante stres Skaal X10 (HoK21.10)	-0.075	0.137

* Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis

** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Uit tabel 7.5.2 blyk dit dat daar vir die volgende hipoteses geen statisties beduidende verbande tussen die ouderdom van die respondente se jongste kinders en die respondente se tellings op die onderskeie skale bestaan nie. Op grond hiervan word die volgende nulhipoteses dus nie

verwerp nie, maar wel aanvaar:

- HoK21.1** Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die ouderdom van die respondent se jongste kind en die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1) nie ($r = -0.033$; $p = 0.514$).
- HoK21.3** Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die ouderdom van die respondent se jongste kind en die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3) nie ($r = 0.009$; $p = 0.865$).
- HoK21.5** Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die ouderdom van die respondent se jongste kind en die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5) nie ($r = -0.010$; $p = 0.848$).
- HoK21.6** Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die ouderdom van die respondent se jongste kind en die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6) nie ($r = -0.084$; $p = 0.093$).
- HoK21.7** Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die ouderdom van die respondent se jongste kind en die man se ervaring van huweliksintegrasie (skaal X7) nie ($r = 0.043$; $p = 0.389$).
- HoK21.8** Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die ouderdom van die respondent se jongste kind en die man se feministiese oriëntasie (skaal X8) nie ($r = -0.087$; $p = 0.081$).
- HoK21.9** Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die ouderdom van die respondent se jongste kind en die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9) nie ($r = 0.025$; $p = 0.620$).
- HoK21.10** Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die ouderdom van die respondent se jongste kind en die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10) nie ($r = -0.075$; $p = 0.137$).

Dit blyk egter verder uit tabel 7.5.2 dat daar wel statisties beduidende verbande tussen die ouderdom van die respondente se jongste kinders en hul skaaltellings vir skale X2 en X4 bestaan. Op grond hiervan word die betrokke nulhipoteses verwerp en die volgende alternatiewe hipoteses aanvaar:

HaK21.2 Daar bestaan 'n statisties beduidende negatiewe verband ($r = -0.154$; $p = 0.002$) tussen die **ouderdom van die respondent se jongste kind** en die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2).

Hierdie verband, hoewel baie laag, dui daarop dat daar 'n geringe neiging bestaan dat namate die ouderdom van die respondente se jongste kinders toeneem, die respondente statisties beduidend minder daartoe geneig is om die verwagting dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, as regverdig te beskou. Dit wil dus sê dat hoe ouer die respondent se jongste kind is, hoe minder is hy daartoe geneig om die verwagting dat 'n man huishoudelike take moet verrig, as regverdig te beskou.

HaK21.4 Daar bestaan 'n statisties beduidende negatiewe verband ($r = -0.105$; $p = 0.036$) tussen die **ouderdom van die respondent se jongste kind** en die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4) nie.

Hierdie negatiewe korrelasie, hoewel baie laag, dui daarop dat daar 'n geringe neiging bestaan dat namate die ouderdom van die respondente se jongste kinders toeneem, die respondente statisties beduidend minder daartoe geneig is om die verwagting dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, as regverdig te beskou. Dit wil dus sê dat hoe ouer die respondent se jongste kind is, hoe minder is hy daartoe geneig om die verwagting dat 'n man by die versorging van die kinders betrokke moet wees, as regverdig te beskou.

'n Verdere hipotese wat met die gegewens ten opsigte van die egpaar se kinders en die tellings op die onderskeie skale verband hou, is dié ten opsigte van die geslag van die respondent se kind/ers.

7.5.3 Hipotese 22: Die geslag van die respondente se kind/ers

Ten einde vas te stel of die geslag van die respondente se kind/ers 'n rol speel in die verskille in die vektore van gemiddelde tellings op die skale, is die volgende nulhipoteses ten opsigte van die totale ondersoekgroep geformuleer:

HoM22 Daar bestaan geen statisties beduidende verskille tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente wat net dogters; net seuns; en beide dogters en seuns het, ten opsigte van die volgende tien skale **gesamentlik** by die respondente nie:

- HoM22.1 Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1);
- HoM22.2 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2);
- HoM22.3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3);
- HoM22.4 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4);
- HoM22.5 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5);
- HoM22.6 Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6);
- HoM22.7 Die man se ervaring van huweliksintegrasië (skaal X7);
- HoM22.8 Die man se feministiese oriëntasië (skaal X8);
- HoM22.9 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9); en
- HoM22.10 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10).

Ten einde hierdie hipoteses te toets en om vas te stel of daar op 'n oorkoepelende vlak statisties beduidende verskille in die vektore van gemiddeldes tussen die verskillende kategorieë van respondente se tellings op die verskillende skale bestaan, is 'n meer veranderlike analise van variansië (MANOVA) uitgevoer. **Wilks se koëffisiënt-lambda** is gebruik om die beduidendheid van die resultate te beoordeel. Hierdie resultate word in tabel 7.5.3 weergegee.

Tabel 7.5.3: Meerveranderlike analise van variansie (MANOVA) vir die geslag van die respondente se kind/ers en die tien skale gesamentlik

TOETS	WAARDE	F-WAARDE	P-WAARDE	G.V.V.
WILKS	0.941	1.205	0.242	20; 776.000

G.V.V. Grade van vryheid

Weens die feit dat Wilks se koëffisiënt-lambda se F-waarde nie statisties beduidend is nie ($p = 0.242$), word die nulhipotese H_{0M22} dus nie verwerp nie, maar wel aanvaar, naamlik: **Daar bestaan geen statisties beduidende verskille tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente wat net dogters; net seuns; en beide dogters en seuns het, ten opsigte van die tien skale (skale X1 tot X10) gesamentlik by die respondente nie.** Op grond hiervan is die data dus nie verder aan statistiese ontleding onderwerp nie.

Die vyfde reeks hipoteses ten opsigte van die biografiese veranderlikes en die skale hou spesifiek met gegewens ten opsigte van die man se gesin van oriëntasie verband.

7.6 GEGEWENS TEN OPSIGTE VAN DIE MAN SE GESIN VAN ORIËNTASIE EN DIE SKALE: HIPOTESES 23 TOT 28

Die eerste van die hipoteses rakende die gegewens ten opsigte van die man se gesin van oriëntasie en die tellings op die onderskeie skale wat aan statistiese toetsing onderwerp is, is dié wat met die beroepstatus van die respondent se moeder verband hou.

7.6.1 Hipotese 23: Die beroepstatus van die man se moeder/stiefmoeder, terwyl hy nog skool gegaan het

Ten einde vas te stel of die beroepstatus van die man se moeder, terwyl hy nog skool gegaan het 'n rol speel in die verskille in die vektore van gemiddelde tellings op die skale, is die volgende nulhipoteses ten opsigte van die totale ondersoekgroep geformuleer:

HoM23 Daar bestaan geen statisties beduidende verskille tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die moeders nooit gewerk het nie; voltydse beroepsposisies beklee het; deelydse beroepsposisies beklee het; en slegs met tye gewerk het, terwyl die respondent nog skool gegaan het, ten opsigte van die volgende tien skale **gesamentlik** by die respondente nie:

- HoM23.1 Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1);
- HoM23.2 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2);
- HoM23.3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3);
- HoM23.4 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4);
- HoM23.5 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5);
- HoM23.6 Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6);
- HoM23.7 Die man se ervaring van huweliksintegrasië (skaal X7);
- HoM23.8 Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8);
- HoM23.9 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9); en
- HoM23.10 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10).

Ten einde hierdie hipoteses te toets en om vas te stel of daar op 'n oorkoepelende vlak statisties beduidende verskille in die vektore van gemiddeldes tussen die verskillende kategorieë van respondente se tellings op die verskillende skale bestaan, is 'n meerveranderlike analise van variansië (MANOVA) uitgevoer. **Wilks se koëffisiënt-lambda** is gebruik om die beduidendheid van die resultate te beoordeel. Hierdie resultate word in tabel 7.6.1(a) weergegee.

Tabel 7.6.1(a): Meerveranderlike analise van variansie (MANOVA) vir die beroepstatus van die respondent se moeder die tien skale gesamentlik

TOETS	WAARDE	F-WAARDE	P-WAARDE	G.V.V.
WILKS	0.823	2.597	0.000**	30; 1136.6

G.V.V. Grade van vryheid

** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Weens die feit dat Wilks se koëffisiënt-lambda se F-waarde statisties beduidend op die 1% peil van betekenis is ($p = 0.000$), word die nulhipotese H_{0M23} verwerp en die **alternatiewe hipotese (H_{aM23})** aanvaar, naamlik: **Daar bestaan statisties beduidende verskille tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die moeders nooit gewerk het nie; voltydse beroepsposisies beklee het; deelydse beroepsposisies beklee het; en slegs met tye gewerk het, terwyl die respondent nog skool gegaan het, ten opsigte van die tien bogenoemde skale gesamentlik by die respondente.**

Op grond van die aanvaarding van die oorkoepelende alternatiewe hipotese H_{aM23} , en om te bepaal ten opsigte van watter skale daar spesifieke verskille tussen die kategorieë voorkom, is 'n verdere stel nulhipoteses geformuleer, naamlik:


HoA23 Daar bestaan geen statisties beduidende verskille tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die moeders nooit gewerk het nie; voltydse beroepsposisies beklee het; deelydse beroepsposisies beklee het; en slegs met tye gewerk het, terwyl die respondent nog skool gegaan het, ten opsigte van **elk** van die volgende tien skale by die respondente nie:

HoA23.1 Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1);

HoA23.2 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2);

- HoA23.3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3);
- HoA23.4 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4);
- HoA23.5 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5);
- HoA23.6 Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6);
- HoA23.7 Die man se ervaring van huweliksintegrasië (skaal X7);
- HoA23.8 Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8);
- HoA23.9 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9); en
- HoA23.10 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10).

Ten einde hierdie hipotese te toets, is die data gevolglik verder met behulp van 'n eenrigting analise van variansië (ANOVA) ontleed. Die resultate van hierdie ontleding word in tabel 7.6.1(b) uiteengesit.



HOOFSTUK 7 HIPOTESETOESTING: BIOGRAFIESE VERANDERLIKES EN SKALE

Tabel 7.6.1(b): Variansieanalise (ANOVA) vir die gesamentlike beroepstatusse van die respondent se moeder ten opsigte van elk van die tien skale

SKALE	SKT	GVV	SKB	GVV	GSKT	GSKB	F	P
X1 (HoA23.1) Huishoudelike take	2043.901	3	96975.0	396	681.300	244.886	2.782	0.041 *
X2 (HoA23.2) Regverdigheid: huishoudelike take	11337.0	3	198879.0	396	3779.009	502.219	7.525	0.000 **
X3 (HoA23.3) Vaderbetrokkenheid	1257.588	3	84151.6	396	419.196	212.504	1.973	0.118
X4 (HoA23.4) Regverdigheid: kinderversorging	7137.948	3	110608.0	396	2379.316	279.313	8.518	0.000 **
X5 (HoA23.5) Emosionele werk	4278.075	3	129213.0	396	1426.025	326.295	4.370	0.005 **
X6 (HoA23.6) Verbintenis tot die huwelik	1402.520	3	23442.3	396	467.507	59.198	7.897	0.000 **
X7 (HoA23.7) Huweliksintegrasie	644.835	3	29028.9	396	214.945	73.305	2.932	0.033 *
X8 (HoA23.8) Feministiese oriëntasie	2222.704	3	24231.7	396	740.901	61.191	12.108	0.000 **
X9 (HoA23.9) Beroepsbetrokkenheid	1228.986	3	43482.0	396	409.662	109.803	3.731	0.011 *
X10 (HoA23.10) Beroepsverwante stres	1093.741	3	57361.4	396	364.580	144.852	2.517	0.058

- GVV Grade van vryheid
 SKT Som van kwadrate tussen groepe
 SKB Som van kwadrate binne groepe
 GSKT Gemiddelde som van kwadrate tussen groepe
 GSKB Gemiddelde som van kwadrate binne groepe
 * Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis
 ** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Uit tabel 7.6.1(b) blyk dit dat daar geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die moeders nooit gewerk het nie; voltydse beroepsposisies beklee het; deelydse beroepsposisies beklee het; en slegs met tye gewerk het, ten opsigte van skale X3 en X10 by die respondente voorkom nie.

Hieruit blyk dit dat die volgende nulhipotese nie verwerp kan word nie:

HoA23 Daar bestaan geen statisties beduidende verskille tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die moeders nooit gewerk het nie; voltydse beroepsposisies beklee het; deelydse beroepsposisies beklee het; en slegs met tye gewerk het en:

HoA23.3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3) ($p = 0.118$); en

HoA23.10 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10) ($p = 0.058$) nie.

Daar bestaan egter wel statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die moeders nooit gewerk het nie; voltydse beroepsposisies beklee het; deelydse beroepsposisies beklee het; en slegs met tye gewerk het, ten opsigte van elk van die volgende agt skale by die respondente, naamlik skale X1, X2, X4, X5, X6, X7, X8 en X9. In hierdie geval word die nulhipoteses dus verwerp en die alternatiewe hipoteses aanvaar:

HaA23.1 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.041$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die **moeders in terme van hul beroepstatus** nooit gewerk het nie; voltydse beroepsposisies beklee het; deelydse beroepsposisies beklee het; en slegs met tye gewerk het, en die man se persepsie van sy bydrae tot die **verrigting van huishoudelike take** (skaal X1).

Om te bepaal tussen watter kategorieë die respondente statisties beduidende verskille toon, is die volgende paarsgewyse nulhipotese geformuleer:

HoP23.1 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die moeders nooit gewerk het nie; voltydse

beroepsposisies bekleë het; deelydse beroepsposisies bekleë het; en slegs met tye gewerk het, terwyl die respondent nog skool gegaan het, ten opsigte van die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1) nie.

Ten einde hierdie hipotese te toets, is daar van die Scheffé-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.6.1(c) in matriksvorm weergegee:

Tabel 7.6.1(c): Scheffé-toets: Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1) en sy moeder se beroepstatus

RG	N	BEROEPSTATUS	Nooit gewerk	Voltyds	Deelydys	Slegs met tye
52.11	187	Nooit gewerk				
52.93	153	Voltyds				
53.03	32	Deelydys				
61.25	28	Slegs met tye	*			

* Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis

Op grond van die *post hoc*-toets word die nulhipotese HoP23.1 verwerp en die alternatiewe hipotese HaP23.1 aanvaar. Uit tabel 7.6.1(c) blyk dit dat respondente van wie die moeders slegs met tye gewerk het, toe die respondent nog skool gegaan het, (RG = 61.25), statisties beduidend meer by die verrigting van huishoudelike take betrokke is, as respondente van wie die moeders nooit gewerk het nie (RG = 52.11).

HaA23.2 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.000$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die **moeders in terme van hul beroepstatus** nooit gewerk het nie; voltydse beroepsposisies bekleë het; deelydse beroepsposisies bekleë het; en slegs met tye gewerk het, en die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2).

Om te bepaal tussen watter kategorieë die respondente statisties beduidende verskille toon, is die volgende nulhipotese geformuleer:

HoP23.2 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die moeders nooit gewerk het nie; voltydse beroepsposisies beklee het; deelydse beroepsposisies beklee het; en slegs met tye gewerk het, terwyl die respondent nog skool gegaan het, ten opsigte van die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2), nie.

Ten einde hierdie hipotese te toets, is daar van die Scheffé-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.6.1(d) weergegee:

Tabel 7.3.1(d): Scheffé-toets: Die man se persepsie van die regverdigheid van die verwagting dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2) en sy moeder se beroepstatus

RG	N	BEROEPSTATUS	Nooit gewerk	Deelydys	Slegs met tye	Voltyds
70.34	187	Nooit gewerk				
78.78	32	Deelydys				
80.46	28	Slegs met tye				
81.45	153	Voltyds	**			

** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Op grond van die *post hoc*-toets word die nulhipotese HoP23.2 verwerp en die alternatiewe hipotese HaP23.2 aanvaar. Uit die voorafgaande matriks blyk dit dat respondente van wie die moeders voltydse beroepsposisies beklee het toe die respondente nog skool gegaan het (RG = 81.45), statisties beduidend meer daartoe geneig is om die verwagting dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, as regverdig te beskou, as

respondente van wie die moeders nooit gewerk het nie (RG = 70.34).

HaA23.4 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.000$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die **moeders in terme van hul beroepstatus** nooit gewerk het nie; voltydse beroepsposisies beklee het; deelydse beroepsposisies beklee het; en slegs met tye gewerk het, en die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4).

Om te bepaal tussen watter kategorieë die respondente statisties beduidende verskille toon, is die volgende nulhipotese geformuleer:

HoP23.4 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die moeders nooit gewerk het nie; voltydse beroepsposisies beklee het; deelydse beroepsposisies beklee het; en slegs met tye gewerk het, terwyl die respondent nog skool gegaan het, ten opsigte van die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4), nie.

Ten einde hierdie hipotese te toets, is daar van die Dunnett T3-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.6.1(e) weergegee:

Tabel 7.6.1(e):Dunnett T3-toets: Die man se persepsie van die regverdigheid van die verwagting dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4) en sy moeder se beroepstatus

RG	N	BEROEPSTATUS	Nooit gewerk	Deeltyds	Slegs met tye	Voltyds
77.01	187	Nooit gewerk				
77.34	32	Deeltyds				
81.17	28	Slegs met tye				
85.96	153	Voltyds	**			

** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Op grond van die *post hoc*-toets word die nulhipotese HoP23.4 verwerp en die alternatiewe hipotese HaP23.4 aanvaar. Uit tabel 7.6.1(e) blyk dit dat respondente van wie die moeders voltydse beroepsposisies beklee het toe die respondente nog skool gegaan het (RG = 85.96), statisties beduidend meer daartoe geneig is om die verwagting dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, as regverdig te beskou, as respondente van wie die moeders nooit gewerk het nie (RG = 77.01).

HaA23.5 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.005$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die **moeders in terme van hul beroepstatus** nooit gewerk het nie; voltydse beroepsposisies beklee het; deeltydse beroepsposisies beklee het; en slegs met tye gewerk het, en die man se persepsie van sy verrigting van **emosionele werk** in die huwelik (skaal X5).

Ten einde te bepaal tussen watter kategorieë die respondente statisties beduidende verskille toon, is die volgende nulhipotese geformuleer:

HoP23.5 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die moeders nooit gewerk het nie; voltydse beroepsposisies beklee het; deelydse beroepsposisies beklee het; en slegs met tye gewerk het, terwyl die respondent nog skool gegaan het, ten opsigte van die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5) nie.

Ten einde hierdie hipotese te toets, is daar weereens van die Dunnett T3-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.6.1(f) weergegee:

Tabel 7.6.1(f): Dunnett T3-toets: Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5) en sy moeder se beroepstatus

RG	N	BEROEPSTATUS	Nooit gewerk	Deelydse	Slegs met tye	Voltydse
95.38	187	Nooit gewerk				
95.90	32	Deelydse				
99.53	28	Slegs met tye				
102.3	153	Voltydse	**			

** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Op grond van die *post hoc*-toets word die nulhipotese HoP23.5 verwerp en die alternatiewe hipotese HaP23.5 aanvaar. Uit tabel 7.6.1(f) blyk dit dat respondente van wie die moeders voltydse beroepsposisies beklee het toe die respondente nog skool gegaan het (RG = 102.3), statisties beduidend meer emosionele werk in die huwelik verrig, as respondente van wie die moeders nooit gewerk het nie (RG = 95.38).

HaA23.6 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.000$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die **moeders in terme van hul beroepstatus** nooit gewerk het nie; voltydse beroepsposisies beklee het; deelydse beroepsposisies beklee het; en slegs met tye gewerk het, en die man se **verbintenis tot groei in die huwelik** (skaal X6).

Ten einde te bepaal tussen watter kategorieë die respondente statisties beduidende verskille toon, is die volgende nulhipotese geformuleer:

HoP23.6 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die moeders nooit gewerk het nie; voltydse beroepsposisies beklee het; deelydse beroepsposisies beklee het; en slegs met tye gewerk het, terwyl die respondent nog skool gegaan het, ten opsigte van die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6) nie.

Ten einde hierdie hipotese te toets, is daar van die Dunnett T3-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.6.1(g) weergegee:

Tabel 7.6.1(g): Dunnett T3-toets: Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6) en sy moeder se beroepstatus

RG	N	BEROEPSTATUS	Nooit gewerk	Deelydse	Slegs met tye	Voltyds
46.97	187	Nooit gewerk				
47.50	32	Deelydse				
49.82	28	Slegs met tye				
50.93	153	Voltyds	**			

** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Op grond van die *post hoc*-toets word die nulhipotese HoP23.6 verwerp en die alternatiewe hipotese HaP23.6 aanvaar. Uit die bostaande tabel blyk dit dat respondente van wie die moeders voltydse beroepsposisies beklee het toe die respondente nog skool gegaan het (RG = 50.93), statisties beduidend meer verbintenis tot groei in die huwelik toon, as respondente van wie die moeders nooit gewerk het nie (RG = 46.97).

HaA23.7 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.033$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die **moeders in terme van hul beroepstatus**

nooit gewerk het nie; voltydse beroepsposisies beklee het; deelydse beroepsposisies beklee het; en slegs met tye gewerk het, en die man se ervaring van **huweliksintegrasi**e (skaal X7).

Ten einde te bepaal tussen watter kategorieë die respondente statisties beduidende verskille toon, is die volgende nulhipotese geformuleer:

HoP23.7 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die moeders nooit gewerk het nie; voltydse beroepsposisies beklee het; deelydse beroepsposisies beklee het; en slegs met tye gewerk het, terwyl die respondent nog skool gegaan het, ten opsigte van die man se ervaring van huweliksintegrasi (skaal X7) nie.

Ten einde hierdie hipotese te toets, is daar van die Dunnett T3-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.6.1(h) weergegee:

Tabel 7.6.1(h): Dunnett T3-toets: Die man se ervaring van huweliksintegrasi (skaal X7) en sy moeder se beroepstatus

RG	N	BEROEPSTATUS	Deelydse	Nooit Gewerk	Slegs met tye	Voltydse
55.78	32	Deelydse				
56.60	187	Nooit gewerk				
58.82	28	Slegs met tye				
59.03	153	Voltydse		*		

* Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis

Op grond van die *post hoc*-toets word die nulhipotese HoP23.7 verwerp en die alternatiewe hipotese HaP23.7 aanvaar. Uit die bostaande matriks blyk dit dat respondente van wie die moeders voltydse beroepsposisies beklee het toe die respondente nog skool gegaan het (RG = 59.03), statisties beduidend meer huweliksintegrasi ervaar, as respondente van wie die moeders

nooit gewerk het nie (RG = 56.60).

HaA23.8 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.000$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die **moeders in terme van hul beroepstatus** nooit gewerk het nie; voltydse beroepsposisies beklee het; deelydse beroepsposisies beklee het; en slegs met tye gewerk het, en die man se **feministiese oriëntasie** (skaal X8).

Ten einde te bepaal tussen watter kategorieë die respondente statisties beduidende verskille toon, is die volgende nulhipotese geformuleer:

HoP23.8 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die moeders nooit gewerk het nie; voltydse beroepsposisies beklee het; deelydse beroepsposisies beklee het; en slegs met tye gewerk het, terwyl die respondent nog skool gegaan het, ten opsigte van die man se feministiese oriëntasie (skaal X8) nie.



Ten einde hierdie hipotese te toets, is daar van die Dunnett T3-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.6.1(i) weergegee:

Tabel 7.6.1(i): Dunnett T3-toets: Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8) en sy moeder se beroepstatus

RG	N	BEROEPSTATUS	Nooit gewerk	Deelydse	Slegs met tye	Voltydse
38.95	187	Nooit gewerk				
40.84	32	Deelydse				
41.89	28	Slegs met tye				
44.07	153	Voltydse	**			

** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Op grond van die *post hoc*-toets word die nulhipotese HoP23.8 verwerp en die alternatiewe hipotese HaP23.8 aanvaar. Uit tabel 7.6.1(i) blyk dit dat respondente van wie die moeders voltydse beroepsposisies beklee het toe die respondente nog skool gegaan het (RG = 44.07), statisties beduidend meer feministies georiënteerd is, as respondente van wie die moeders nooit gewerk het nie (RG = 38.95).

HaA23.9 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.011$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die **moeders in terme van hul beroepstatus** nooit gewerk het nie; voltydse beroepsposisies beklee het; deelydse beroepsposisies beklee het; en slegs met tye gewerk het, en die man se **beroepsbetrokkenheid** (skaal X9).

Om te bepaal tussen watter kategorieë die respondente statisties beduidende verskille toon, is die volgende nulhipotese geformuleer:

HoP23.9 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die moeders nooit gewerk het nie; voltydse beroepsposisies beklee het; deelydse beroepsposisies beklee het; en slegs met tye gewerk het, terwyl die respondent nog skool gegaan het, ten opsigte van die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9) nie.

Ten einde hierdie hipotese te toets, is daar weereens van die Dunnett T3-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.6.1(j) weergegee:

Tabel 7.6.1(j): Dunnett T3-toets: Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9) en sy moeder se beroepstatus

RG	N	BEROEPSTATUS	Nooit gewerk	Deelydse	Slegs met tye	Voltyds
68.27	187	Nooit gewerk				
69.56	32	Deelydse				
70.75	28	Slegs met tye				
72.06	153	Voltyds	**			

** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Op grond van die *post hoc*-toets word die nulhipotese HoP23.9 verwerp en die alternatiewe hipotese HaP23.9 aanvaar. Uit tabel 7.6.1(j) blyk dit dat respondente van wie die moeders voltydse beroepsposisies beklee het toe die respondente nog skool gegaan het (RG = 72.06), statisties beduidend meer by hul beroepe betrokke is, as respondente van wie die moeders nooit gewerk het nie (RG = 68.27).

'n Verdere hipotese wat met die gegewens ten opsigte van die man se gesin van oriëntasie en die tellings op die onderskeie skale verband hou, is dié ten opsigte van die respondent se moeder se beroepskategorie, terwyl die respondent nog skool gegaan het.

7.6.2 Hipotese 24: Die beroepskategorie van die respondent se moeder/stiefmoeder terwyl hy nog skool gegaan het

Ten einde vas te stel of die beroepskategorie van die man se moeder 'n rol speel in die verskille in die vektore van gemiddelde tellings op die skale, is die volgende nulhipoteses ten opsigte van die totale ondergroep geformuleer:

HoM24 Daar bestaan geen statisties beduidende verskille tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die moeders ambagte/dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen het, ten opsigte van die volgende tien skale **gesamentlik** by die respondente nie:

HoM24.1 Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1);

HoM24.2 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2);

HoM24.3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3);

HoM24.4 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4);

- HoM24.5 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5);
- HoM24.6 Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6);
- HoM24.7 Die man se ervaring van huweliksintegrasie (skaal X7);
- HoM24.8 Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8);
- HoM24.9 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9): en
- HoM24.10 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10).

Ten einde hierdie hipoteses te toets en om vas te stel of daar op 'n oorkoepelende vlak statisties beduidende verskille in die vektore van gemiddeldes tussen die verskillende kategorieë van respondente se tellings op die verskillende skale bestaan, is 'n meerveranderlike analise van variansie (MANOVA) uitgevoer. **Wilks se koëffisiënt-lambda** is gebruik om die beduidendheid van die resultate te beoordeel. Hierdie resultate word in tabel 7.6.2(a) weergegee.

Tabel 7.6.2(a): Meerveranderlike analise van variansie (MANOVA) vir die respondente se moeders se beroepskategorieë en die tien skale gesamentlik

TOETS	WAARDE	F-WAARDE	P-WAARDE	G.V.V.
WILKS	0.680	2.741	0.000**	30; 584.780

G.V.V. Grade van vryheid

** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Weens die feit dat Wilks se koëffisiënt-lambda se F-waarde statisties beduidend op die 1% peil van betekenis is ($p = 0.000$), word die nulhipotese HoM24 verwerp en die **alternatiewe hipotese (HaM24)** aanvaar, naamlik: **Daar bestaan statisties beduidende verskille tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die moeders ambagte/dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen het, ten opsigte van die tien skale (skale X1 tot X10) gesamentlik by die respondente.**

Op grond van die aanvaarding van die oorkoepelende alternatiewe hipotese H_{aM24} , en om te bepaal ten opsigte van watter skale daar spesifieke verskille tussen die kategorieë voorkom, is 'n verdere stel nulhipoteses geformuleer, naamlik:

HoA24 Daar bestaan geen statisties beduidende verskille tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die moeders ambagte/dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen het, ten opsigte van **elk** van die volgende tien skale by die respondente nie:

- HoA24.1 Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1);
- HoA24.2 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2);
- HoA24.3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3);
- HoA24.4 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4);
- HoA24.5 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5);
- HoA24.6 Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6);
- HoA24.7 Die man se ervaring van huweliksintegrasie (skaal X7);
- HoA24.8 Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8);
- HoA24.9 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9); en
- HoA24.10 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10).

Ten einde hierdie hipoteses te toets, is die data gevolglik verder met behulp van 'n eenrigting analise van variansie (**ANOVA**) ontleed. Die resultate van hierdie ontleding word in tabel 7.6.2(b) uiteengesit.

Tabel 7.6.2(b): Variansieanalise (ANOVA) vir die gesamentlike beroepskategorieë van respondente se moeders ten opsigte van elk van die tien skale

SKALE	SKT	GVV	SKB	GVV	GSKT	GSKB	F	P
X1 (HoA24.1) Huishoudelike take	2601.835	3	45869.2	208	867.278	220.525	3.933	0.009 **
X2 (HoA24.2) Regverdigheid: huishoudelike take	11881.6	3	93466.4	208	3960.520	449.213	8.817	0.000 **
X3 (HoA24.3) Vaderbetrokkenheid	127.747	3	43192.6	208	42.582	207.657	0.205	0.839
X4 (HoA24.4) Regverdigheid: Kinderversorging	4319.917	3	48452.9	208	1439.972	232.947	6.182	0.000 **
X5 (HoA24.5) Emosionele werk	2088.116	3	54384.9	208	696.039	261.466	2.662	0.049 *
X6 (HoA24.6) Verbintenis tot die Huwelik	344.711	3	8658.020	208	114.904	41.625	2.760	0.043 *
X7 (HoA24.7) Huweliksintegrasië	369.212	3	11785.7	208	123.071	56.662	2.172	0.092
X8 (HoA24.8) Feministiese oriëntasie	731.008	3	8556.539	208	243.669	41.137	5.923	0.001 **
X9 (HoA24.9) Beroepsbetrokkenheid	1794.028	3	17506.6	208	598.009	84.166	7.105	0.000 **
X10 (HoA24.10) Beroepsverwante stres	349.601	3	29956.9	208	116.534	144.024	0.809	0.490

- GVV Grade van vryheid
 SKT Som van kwadrate tussen groepe
 SKB Som van kwadrate binne groepe
 GSKT Gemiddelde som van kwadrate tussen groepe
 GSKB Gemiddelde som van kwadrate binne groepe
 * Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis
 ** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Uit tabel 7.6.2(b) blyk dit dat daar geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die moeders ambagte/dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen het, ten opsigte van skale X3, X7 en X10 by die respondente voorkom nie.

Hieruit blyk dit dat die volgende nulhipotese nie verwerp kan word nie:

HoA24 Daar bestaan geen statisties beduidende verskille tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die moeders ambagte/dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen het, en:

HoA24.3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3) ($p = 0.839$);

HoA24.7 Die man se ervaring van huweliksintegrasie (skaal X7) ($p = 0.092$); en

HoA24.10 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10) ($p = 0.490$) nie.

Daar bestaan egter wel statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die moeders ambagte/dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen het, ten opsigte van elk van die volgende sewe skale by die respondente, naamlik skale X1, X2, X4, X5, X6, X8 en X9. In hierdie geval word die nulhipoteses dus verwerp en die alternatiewe hipoteses aanvaar:

HaA24.1 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.009$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die **moeders in terme van beroepskategorieë** ambagte/dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen het, en die man se persepsie van sy bydrae tot die **verrigting van huishoudelike take** (skaal X1).

Om te bepaal tussen watter kategorieë die respondente statisties beduidende verskille toon, is die volgende paarsgewyse nulhipotese geformuleer:

HoP24.1 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die moeders ambagte/dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen het, ten opsigte van die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1) nie.

Ten einde hierdie hipotese te toets, is daar van die Scheffé-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.6.2(c) in matriksvorm weergegee:

Tabel 7.6.2(c):Scheffé-toets: Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1) en sy moeder se beroepskategorie

RG	N	BEROEPS-KATEGORIE	Bestuur/ Prof	Semi-prof	Klerk	Ambag/Diens
43.71	7	Bestuur/Prof				
49.15	51	Semi-prof				
56.06	110	Klerk				
56.11	44	Ambag/Diens				

Bestuur/Prof	Bestuurs/professionele beroepe
Semi-prof.	Semi-professionele beroepe
Klerk	Klerklike beroepe
Ambag/Diens	Ambag/Dienslewerende beroepe

Uit tabel 7.6.2(c) blyk dit dat alhoewel daar oorkoepelende verskille bestaan, daar egter geen statisties beduidende verskille ten opsigte van die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1) tussen respondente van wie die moeders in verskillende beroepskategorieë val, bestaan nie. Dit beteken dus dat die nulhipotese HoP24.1 aanvaar word en dat geen verdere afleidings in hierdie verband gemaak kan word nie.

HaA24.2 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.000$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die **moeders in terme van**

beroepkategorieë ambagte/dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen het, en die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2).

Om te bepaal tussen watter kategorieë die respondente statisties beduidende verskille toon, is die volgende nulhipotese geformuleer:

HoP24.2 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die moeders ambagte/dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen het, ten opsigte van die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2), nie.

Ten einde hierdie hipotese te toets, is daar van die Dunnett T3-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.6.2(d) weergegee:

Tabel 7.6.2(d): Dunnett T3-toets: Die man se persepsie van die regverdigheid van die verwagting dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2) en sy moeder se beroepskategorie

RG	N	BEROEPS-KATEGORIE	Ambag/Diens	Klerk	Semi-prof	Bestuur/Prof.
76.61	44	Ambag/Diens				
77.12	110	Klerk				
89.00	51	Semi-prof.	*	*		
110.5	7	Bestuur/Prof.	**	**	**	

Ambag/Diens

Ambag/Dienslewerende beroepe

Klerk

Klerklike beroepe

Semi-prof.

Semi-professionele beroepe

Bestuur/Prof.	Bestuurs/professionele beroepe
**	Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis
*	Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis

Op grond van die *post hoc*-toets word die nulhipotese HoP24.2 verwerp en die alternatiewe hipotese HaP24.2 aanvaar. Uit die voorafgaande matriks blyk dit dat respondente van wie die moeders 'n bestuurs/professionele beroep (RG = 110.5) beoefen het toe die respondente nog skool gegaan het, asook diegene wat 'n semi-professionele beroepsposisie (RG = 89.00) beklee het, statisties beduidend meer daartoe geneig is om die verwagting dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, as regverdig te beskou, as respondente van wie die moeders 'n ambag/dienslewerende beroep (RG = 76.61) of 'n klerklike beroep (RG = 77.12) beoefen het. Verder is respondente van wie die moeders 'n bestuurs/professionele beroep (RG = 110.5) beoefen het, ook statisties beduidend meer daartoe geneig om die verwagting dat 'n man huishoudelike take moet verrig, as regverdig te beskou, as respondente van wie die moeders 'n semi-professionele beroep (RG = 89.00) beoefen het.

HaA24.4 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.000$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die **moeders in terme van beroepskategorieë** ambagte/dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen het, en die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4).

Om te bepaal tussen watter kategorieë die respondente statisties beduidende verskille toon, is die volgende nulhipotese geformuleer:

HoP24.4 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die moeders ambagte/dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen het, ten opsigte van die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4), nie.

Ten einde hierdie hipotese te toets, is daar van die Dunnett T3-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.6.2(e) weergegee:

Tabel 7.6.2(e):Dunnett T3-toets: Die man se persepsie van die regverdigheid van die verwagting dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4) en sy moeder se beroepskategorie

RG	N	BEROEPS-KATEGORIE	Ambag/Diens	Klerk	Semi-prof	Bestuur/Prof.
78.22 *	44	Ambag/Diens				
83.23	110	Klerk				
88.88	51	Semi-prof.	**			
99.00	7	Bestuur/Prof.	**	**	**	

Ambag/Diens

Ambag/Dienslewerende beroepe

Klerk

Klerklike beroepe

Semi-prof.

Semi-professionele beroepe

Bestuur/Prof.

Bestuurs/professionele beroepe

**

Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Op grond van die *post hoc*-toets word die nulhipotese HoP24.4 verwerp en die alternatiewe hipotese HaP24.4 aanvaar. Uit die voorafgaande matriks blyk dit dat respondente van wie die moeders 'n bestuurs/professionele beroep (RG = 99.00) beoefen het toe die respondente nog skool gegaan het, statisties beduidend meer daartoe geneig is om die verwagting dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, as regverdig te beskou, as respondente van wie die moeders 'n ambag/dienslewerende beroep (RG = 78.22); 'n klerklike beroep (RG = 83.23) of 'n semi-professionele beroep (RG = 88.88) beoefen het. Verder is dit duidelik dat respondente van wie die moeders 'n semi-professionele beroepsposisie (RG = 88.88) beklee het, statisties beduidend meer daartoe geneig is om die verwagting dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, as regverdig te beskou, as respondente van wie die moeders 'n ambag/dienslewerende beroep (RG = 78.22)

beoefen het.

HaA24.5 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.049$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die **moeders in terme van beroepskategorieë** ambagte/dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen het, en die man se persepsie van sy verrigting van **emosionele werk** in die huwelik (skaal X5).

Ten einde te bepaal tussen watter kategorieë die respondente statisties beduidende verskille toon, is die volgende nulhipotese geformuleer:

HoP24.5 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die moeders ambagte/dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen het, ten opsigte van die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5) nie.



Ten einde hierdie hipotese te toets, is daar weereens van die Dunnett T3-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.6.2(f) weergegee:

Tabel 7.6.2(f): Dunnett T3-toets: Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5) en sy moeder se beroepskategorie

RG	N	BEROEPS-KATEGORIE	Klerk	Ambag/Diens	Semi-prof	Bestuur/Prof.
99.01	110	Klerk				
99.97	44	Ambag/Diens				
104.5	51	Semi-prof.				
112.7	7	Bestuur/Prof.	**	**	**	

Klerk

Klerklike beroepe

Ambag/Diens

Ambag/Dienslewerende beroepe

Semi-prof.	Semi-professionele beroepe
Bestuur/Prof.	Bestuurs/professionele beroepe
**	Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Op grond van die *post hoc*-toets word die nulhipotese HoP24.5 verwerp en die alternatiewe hipotese HaP24.5 aanvaar. Uit tabel 7.6.2(f) blyk dit dat respondente van wie die moeders 'n bestuurs/professionele beroep (RG = 112.7) beoefen het, statisties beduidend meer emosionele werk in die huwelik verrig, as respondente van wie die moeders 'n klerklike beroep (RG = 99.01); 'n ambag/dienslewerende beroep (RG = 99.97) of 'n semi-professionele beroep (RG = 104.5) beoefen het, toe die respondente nog skool gegaan het.

HaA24.6 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.043$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die **moeders in terme van beroepskategorieë** ambagte/dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen het, en die man se **verbintenis tot groei in die huwelik** (skaal X6).



Ten einde te bepaal tussen watter kategorieë die respondente statisties beduidende verskille toon, is die volgende nulhipotese geformuleer:

HoP24.6 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die moeders ambagte/dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen het, ten opsigte van die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6) nie.

Ten einde hierdie hipotese te toets, is daar van die Dunnett T3-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.6.2(g) weergegee:

Tabel 7.6.2(g): Dunnett T3-toets: Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6) en sy moeder se beroepskategorie

RG	N	BEROEPS-KATEGORIE	Klerk	Ambag/Diens	Semi-prof	Bestuur/Prof.
49.25	110	Klerk				
50.31	44	Ambag/Diens				
51.84	51	Semi-prof.	*			
54.14	7	Bestuur/Prof.	**	**	*	

Klerk

Klerklike beroepe

Ambag/Diens

Ambag/Dienslewerende beroepe

Semi-prof.

Semi-professionele beroepe

Bestuur/Prof.

Bestuurs/professionele beroepe

**

Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

*

Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis

Op grond van die *post hoc*-toets word die nulhipotese HoP24.6 verwerp en die alternatiewe hipotese HaP24.6 aanvaar. Uit die bostaande tabel blyk dit dat respondente van wie die moeders 'n bestuurs/professionele beroepsposisie (RG = 54.14) beklee het, statisties beduidend meer verbintenis tot groei in die huwelik toon, as respondente van wie die moeders 'n klerklike beroep (RG = 49.25); 'n ambag/dienslewerende beroep (RG = 50.31) of 'n semi-professionele beroep (RG = 51.84) beoefen het. Dit blyk ook dat respondente van wie die moeders 'n semi-professionele beroep (RG = 51.84) beoefen het, statisties beduidend meer verbintenis tot groei in die huwelik toon, as respondente van wie die moeders in 'n klerklike beroep (RG = 49.25) gestaan het, toe die respondente nog skool gegaan het.

HaA24.8 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.001$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die **moeders in terme van beroepskategorieë** ambagte/dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen het, en die man se **feministiese oriëntasie** (skaal X8).

Ten einde te bepaal tussen watter Kategorieë die respondente statisties beduidende verskille toon, is die volgende nulhipotese geformuleer:

HoP24.8 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die moeders ambag/dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen het, ten opsigte van die man se feministiese oriëntasie (skaal X8) nie.

Ten einde hierdie hipotese te toets, is daar van die Dunnett T3-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.6.2(h) weergegee:

Tabel 7.6.2(h): Dunnett T3-toets: Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8) en sy moeder se beroepskategorie

RG	N	BEROEPS-KATEGORIE	Klerk	Ambag/Diens	Semi-prof	Bestuur/Prof.
42.07	110	Klerk				
42.90	44	Ambag/Diens				
45.54	51	Semi-prof.	**			
49.85	7	Bestuur/Prof.	**	**	**	

- Klerk Klerklike beroepe
- Ambag/Diens Ambag/Dienslewerende beroepe
- Semi-prof. Semi-professionele beroepe
- Bestuur/Prof. Bestuurs/professionele beroepe
- ** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Op grond van die *post hoc*-toets word die nulhipotese HoP24.8 verwerp en die alternatiewe hipotese HaP24.8 aanvaar. Uit tabel 7.6.2(h) blyk dit dat respondente van wie die moeders 'n bestuurs/professionele beroepsposisie (RG = 49.85) beklee het, statisties beduidend meer feministies georiënteerd is, as respondente van wie die moeders 'n klerklike beroep (RG = 42.07); 'n ambag/dienslewerende beroep (RG = 42.90) of 'n semi-professionele beroep (RG =

45.54) beoefen het, toe die respondente nog skool gegaan het. Dit blyk ook dat respondente van wie die moeders 'n semi-professionele beroep (RG = 45.54) beoefen het, 'n statisties beduidende hoër feministiese oriëntasie toon, as respondente van wie die moeders in 'n klerklike beroep (RG = 42.07) gestaan het.

HaA24.9 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.000$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die **moeders in terme van beroepskategorieë** ambagte/dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen het, en die man se **beroepsbetrokkenheid** (skaal X9).

Om te bepaal tussen watter kategorieë die respondente statisties beduidende verskille toon, is die volgende nulhipotese geformuleer:

HoP24.9 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die moeders ambagte/dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen het, ten opsigte van die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9) nie.

Ten einde hierdie hipotese te toets, is daar weereens van die Dunnett T3-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.6.2(i) weergegee:

Tabel 7.6.2(i): Dunnett T3-toets: Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9) en sy moeder se beroepskategorie

RG	N	BEROEPS-KATEGORIE	Ambag/Diens	Klerk	Semi-prof	Bestuur/Prof.
69.61	44	Ambag/Diens				
69.88	110	Klerk				
75.68	51	Semi-prof.	**	**		
79.57	7	Bestuur/Prof.				

Ambag/Diens	Ambag/Dienslewerende beroepe
Klerk	Klerklike beroepe
Semi-prof.	Semi-professionele beroepe
Bestuur/Prof.	Bestuurs/professionele beroepe
**	Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Op grond van die *post hoc*-toets word die nulhipotese HoP24.9 verwerp en die alternatiewe hipotese HaP24.9 aanvaar. Uit tabel 7.6.2(i) blyk dit dat respondente van wie die moeders 'n semi-professionele beroep (RG = 75.68) beoefen het, statisties beduidend meer by hul beroepe betrokke is, as respondente van wie die moeders 'n ambag/dienslewerende beroep (RG = 69.61) of 'n klerklike beroep (RG = 69.88) beoefen het, toe die respondente nog skool gegaan het.

'n Verdere hipotese wat met die gegewens ten opsigte van die man se gesin van oriëntasie en die tellings op die onderskeie skale verband hou, is dié ten opsigte van die respondent se vader/stiefvader se beroepskategorie, terwyl die respondent nog skool gegaan het.

7.6.3 Hipotese 25: Die beroepskategorie van die respondent se vader/stiefvader terwyl hy nog skool gegaan het

Ten einde vas te stel of die beroepskategorie van die man se vader 'n rol speel in die verskille in die vektore van gemiddelde tellings op die skale, is die volgende nulhipoteses ten opsigte van die totale ondersoekgroep geformuleer:

HoM25 Daar bestaan geen statisties beduidende verskille tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die vaders ambagte; dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen het, ten opsigte van die volgende tien skale **gesamentlik** by die respondente nie:

- HoM25.1 Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1);
- HoM25.2 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2);
- HoM25.3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3);

- HoM25.4 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4);
- HoM25.5 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5);
- HoM25.6 Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6);
- HoM25.7 Die man se ervaring van huweliksintegrasië (skaal X7);
- HoM25.8 Die man se feministiese oriëntasië (skaal X8);
- HoM25.9 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9); nie
- HoM25.10 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10).

Ten einde hierdie hipoteses te toets en om vas te stel of daar op 'n oorkoepelende vlak statisties beduidende verskille in die vektore van gemiddeldes tussen die verskillende kategorieë van respondente se tellings op die verskillende skale bestaan, is 'n meerveranderlike analise van variansië (MANOVA) uitgevoer. **Wilks se koëffisiënt-lambda** is gebruik om die beduidendheid van die resultate te beoordeel. Hierdie resultate word in tabel 7.6.3(a) weergegee.

Tabel 7.6.3(a): Meerveranderlike analise van variansië (MANOVA) vir die respondente se vaders se beroepskategorieë en die tien skale gesamentlik

TOETS	WAARDE	F-WAARDE	P-WAARDE	G.V.V.
WILKS	0.709	3.485	0.000**	40; 1465.5

G.V.V. Grade van vryheid

** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Weens die feit dat Wilks se koëffisiënt-lambda se F-waarde statisties beduidend op die 1% peil van betekenis is ($p = 0.000$), word die nulhipotese HoM25 verwerp en die **alternatiewe hipotese (HaM25)** aanvaar, naamlik: **Daar bestaan statisties beduidende verskille tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die vaders ambagte;**

dienlewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen het, ten opsigte van die tien skale (skale X1 tot X10) gesamentlik by die respondente.

Op grond van die aanvaarding van die oorkoepelende alternatiewe hipotese HaM25, en om te bepaal ten opsigte van watter skale daar spesifieke verskille tussen die kategorieë voorkom, is 'n verdere stel nulhipoteses geformuleer, naamlik:

HoA25 Daar bestaan geen statisties beduidende verskille tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die vaders ambagte; dienlewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen het, ten opsigte van **elk** van die volgende tien skale by die respondente nie:

- HoA25.1 Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1);
- HoA25.2 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2);
- HoA25.3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3);
- HoA25.4 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4);
- HoA25.5 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5);
- HoA25.6 Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6);
- HoA25.7 Die man se ervaring van huweliksintegrasie (skaal X7);
- HoA25.8 Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8);
- HoA25.9 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9); en
- HoA25.10 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10).

Ten einde hierdie hipotese te toets, is die data gevolglik verder met behulp van 'n eenrigting analise van variansie (ANOVA) ontleed. Die resultate van hierdie ontleding word in tabel 7.6.3(b) uiteengesit.

HOOFSTUK 7 HIPOTESETOESTING: BIOGRAFIESE VERANDERLIKES EN SKALE

Tabel 7.6.3(b): Variansieanalise (ANOVA) vir die gesamentlike beroepskategorieë van respondente se vaders ten opsigte van elk van die tien skale

SKALE	SKT	GVV	SKB	GVV	GSKT	GSKB	F	P
X1 (HoA25.1) Huishoudelike take	3724.383	4	95294.5	395	931.096	241.252	3.859	0.004 **
X2 (HoA25.2) Regverdigheid: huishoudelike take	13870.5	4	196345.0	395	3467.629	497.077	6.976	0.000 **
X3 (HoA25.3) Vaderbetrokkenheid	611.029	4	84798.2	395	152.757	214.679	0.712	0.584
X4 (HoA25.4) Regverdigheid: kinderversorging	2969.696	4	114776.0	395	742.424	290.573	2.555	0.039 *
X5 (HoA25.5) Emosionele werk	2432.739	4	131058.0	395	608.185	331.793	1.833	0.122
X6 (HoA25.6) Verbintenis tot die huwelik	438.786	4	24406.1	395	109.679	61.787	1.775	0.133
X7 (HoA25.7) Huweliksintegrasie	293.800	4	29380.0	395	73.450	74.380	0.988	0.414
X8 (HoA25.8) Feministiese oriëntasie	1192.442	4	25261.9	395	298.111	63.954	4.661	0.001 **
X9 (HoA25.9) Beroepsbetrokkenheid	4726.716	4	39984.3	395	1181.679	101.226	11.674	0.000 **
X10 (HoA25.10) Beroepsverwante stres	452.202	4	58003.0	395	113.051	146.843	0.770	0.545

- GVV Grade van vryheid
 SKT Som van kwadrate tussen groepe
 SKB Som van kwadrate binne groepe
 GSKT Gemiddelde som van kwadrate tussen groepe
 GSKB Gemiddelde som van kwadrate binne groepe
 * Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis
 ** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Uit tabel 7.6.3(b) blyk dit dat daar geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die vaders ambagte; dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen het, ten opsigte van skale X3, X5, X6, X7 en X10 by die respondente bestaan nie.

Hieruit blyk dit dus dat die volgende nulhipotese nie verwerp kan word nie:

HoA25 Daar bestaan geen statisties beduidende verskille tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die vaders ambagte; dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen het, en:

- HoA25.3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3) ($p = 0.584$);
- HoA25.5 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5) ($p = 0.122$);
- HoA25.6 Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6) ($p = 0.133$);
- HoA25.7 Die man se ervaring van huweliksintegrasië (skaal X7) ($p = 0.414$); en
- HoA25.10 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10) ($p = 0.545$) nie.

Daar bestaan egter wel statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die vaders ambagte; dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen het, ten opsigte van elk van die volgende vyf skale by die respondente, naamlik skale X1, X2, X4, X8 en X9. In hierdie geval word die nulhipoteses dus verwerp en die alternatiewe hipoteses aanvaar:

HaA25.1 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.004$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die **vaders in terme van beroepskategorieë** ambagte; dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen het, en die man se persepsie van sy bydrae tot die **verrigting van huishoudelike take** (skaal X1).

Om te bepaal tussen watter kategorieë die respondente statisties beduidende verskille toon, is die volgende nulhipotese geformuleer:

HoP25.1 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die vaders ambagte; dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen het, ten opsigte van die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1) nie.

Ten einde hierdie hipotese te toets, is daar van die Dunnett T3-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.6.3(c) in matriksvorm weergegee:

Tabel 7.6.3(c): Dunnett T3-toets: Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1) en sy vader se beroepskategorie

RG	N	BEROEPS-KATEGORIE	Bestuur/ Prof	Semi-prof	Diens	Klerk	Ambag
43.27	33	Bestuur/Prof					
52.66	89	Semi-prof	*				
54.37	37	Diens	*				
54.41	110	Klerk	**				
54.53	131	Ambag	**				

Bestuur/Prof	Bestuurs/professionele beroepe
Semi-prof	Semi-professionele beroepe
Diens	Dienslewerende beroepe
Klerk	Klerklike beroepe
**	Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis
*	Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis

Op grond van die *post hoc*-toets word die nulhipotese HoP25.1 verwerp en die alternatiewe hipotese HaP25.1 aanvaar. Uit die voorafgaande matriks blyk dit dat respondente van wie die vaders 'n bestuurs/professionele beroep (RG = 43.27) beoefen het, statisties beduidend minder daartoe geneig is om 'n bydrae tot die verrigting van huishoudelike take te lewer, as respondente van wie die vaders 'n semi-professionele beroep (RG = 52.66); 'n dienslewerende beroep (RG =

54.37); 'n klerklike beroep (RG = 54.41) of 'n ambag (RG = 54.53) beoefen het, toe die respondente nog skool gegaan het.

HaA25.2 Daar bestaan statisties beduidende verskille tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die **vaders in terme van beroepskategorieë** ambagte; dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen het, en die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2).

Om te bepaal tussen watter kategorieë die respondente statisties beduidende verskille toon, is die volgende nulhipotese geformuleer:

HoP25.2 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die vaders ambagte; dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen het, ten opsigte van die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2), nie.

Ten einde hierdie hipotese te toets, is daar van die Scheffé-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.6.3(d) weergegee:

Tabel 7.6.3(d): Scheffé-toets: Die man se persepsie van die regverdigheid van die verwagting dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2) en sy vader se beroepskategorie

RG	N	BEROEPS-KATEGORIE	Ambag	Klerk	Diens	Semi-prof	Bestuur/Prof
72.60	131	Ambag					
74.67	110	Klerk					
75.35	37	Diens					
75.70	89	Semi-prof.					
95.18	33	Bestuur/Prof.	**	**	**	**	

Klerk	Klerklike beroepe
Diens	Dienslewerende beroep
Semi-prof.	Semi-professionele beroepe
Bestuur/Prof.	Bestuurs/professionele beroepe
**	Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Op grond van die *post hoc*-toets word die nulhipotese HoP25.2 verwerp en die alternatiewe hipotese HaP25.2 aanvaar. Uit die voorafgaande matriks blyk dit dat respondente van wie die vaders 'n bestuurs/professionele beroep (RG = 95.18) beoefen het, statisties beduidend meer daartoe geneig is om die verwagting dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, as regverdig te beskou, as respondente van wie die vaders 'n ambag (RG = 72.60); 'n klerklike beroep (RG = 74.67); 'n dienslewerende beroep (RG = 75.35) of 'n semi-professionele beroep (RG = 89.00) beoefen het, toe die respondente nog skool gegaan het.

Dit is interessant om daarop te let dat die respondente van wie die vaders 'n bestuurs/professionele beroep beoefen het, in die algemeen die laagste persepsie (RG = 43.27), in vergelyking met die ander kategorieë, ten opsigte van hul werklike bydrae tot die verrigting van huishoudelike take toon, terwyl hulle die hoogste persepsie (RG = 95.18) toon ten opsigte van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig.

HaA25.4 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.039$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die **vaders in terme van beroepskategorieë** ambagte; dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen het, en die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4).

Om te bepaal tussen watter kategorieë die respondente statisties beduidende verskille toon, is die volgende nulhipotese geformuleer:

HoP25.4 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die vaders ambagte; dienslewerende beroepe;

klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen het, ten opsigte van die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4), nie.

Ten einde hierdie hipotese te toets, is daar van die Scheffé-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.6.3(e) weergegee:

Tabel 7.6.3(e): Scheffé-toets: Die man se persepsie van die regverdigheid van die verwagting dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4) en sy vader se beroepskategorie

RG	N	BEROEPS-KATEGORIE	Ambag	Klerk	Diens	Semi-prof	Bestuur/Prof
78.73	131	Ambag					
79.90	110	Klerk					
80.81	37	Diens					
81.68	89	Semi-prof.					
89.06	33	Bestuur/Prof.	*				

Klerk Klerklike beroepe
 Diens Dienslewerende beroep
 Semi-prof. Semi-professionele beroepe
 Bestuur/Prof. Bestuurs/professionele beroepe
 * Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis

Op grond van die *post hoc*-toets word die nulhipotese HoP25.4 verwerp en die alternatiewe hipotese HaP25.4 aanvaar. Uit tabel 7.6.3(e) blyk dit dat respondente van wie die vaders 'n bestuurs/professionele beroepsposisie (RG = 89.06) beklee het, statisties beduidend meer daartoe geneig is om die verwagting dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, as regverdig te beskou, as respondente van

wie die vaders 'n ambag (RG = 78.73) beoefen het, toe die respondente nog skool gegaan het.

HaA25.8 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.001$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die **vaders in terme van beroepskategorieë** ambagte; dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen het, en die man se **feministiese oriëntasie** (skaal X8).

Ten einde te bepaal tussen watter kategorieë die respondente statisties beduidende verskille toon, is die volgende nulhipotese geformuleer:

HoP25.8 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die vaders ambagte; dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen het, ten opsigte van die man se feministiese oriëntasie (skaal X8) nie.

Ten einde hierdie hipotese te toets, is daar van die Dunnett T3-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.6.3(f) weergegee:

Tabel 7.6.3(f): Dunnett T3-toets: Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8) en sy vader se beroepskategorie

RG	N	BEROEPS-KATEGORIE	Ambag	Diens	Klerk	Semi-prof	Bestuur/Prof
39.39	131	Ambag					
40.56	37	Diens					
41.68	110	Klerk					
42.19	89	Semi-prof.					
45.60	33	Bestuur/Prof.	**	*			

Diens

Dienslewerende beroep

Klerk

Klerklike beroepe

Semi-prof.	Semi-professionele beroepe
Bestuur/Prof.	Bestuurs/professionele beroepe
*	Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis
**	Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Op grond van die *post hoc*-toets word die nulhipotese HoP25.8 verwerp en die alternatiewe hipotese HaP25.8 aanvaar. Uit tabel 7.6.3(f) blyk dit dat respondente van wie die vaders 'n bestuurs/professionele beroepsposisie (RG = 45.60) beklee het, statisties beduidend meer feministies georiënteerd is, as respondente van wie die vaders 'n ambag (RG = 39.39) of 'n dienslewerende beroep (RG = 40.56) beoefen het, toe die respondente nog skool gegaan het.

HaA25.9 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.000$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die **vaders in terme van beroepskategorieë** ambagte; dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen het, en die man se **beroepsbetrokkenheid** (skaal X9).

Om te bepaal tussen watter kategorieë die respondente statisties beduidende verskille toon, is die volgende nulhipotese geformuleer:

HoP25.9 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die vaders ambagte; dienslewerende beroepe; klerklike beroepe; semi-professionele beroepe; en bestuurs-/professionele beroepe beoefen het, ten opsigte van die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9) nie.

Ten einde hierdie hipotese te toets, is daar van die Dunnett T3-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.6.3(g) weergegee:

Tabel 7.6.3(g): Dunnett T3-toets: Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9) en sy vader se beroepskategorie

RG	N	BEROEPS-KATEGORIE	Diens	Ambag	Klerk	Semi-prof	Bestuur/Prof
65.16	37	Diens					
68.09	131	Ambag					
69.45	110	Klerk					
71.96	89	Semi-prof.	*				
79.54	33	Bestuur/Prof.	**	**	**	**	

Diens Dienslewerende beroep

Klerk Klerklike beroepe

Semi-prof. Semi-professionele beroepe

Bestuur/Prof. Bestuurs/professionele beroepe

* Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis

** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Op grond van die *post hoc*-toets word die nulhipotese HoP25.9 verwerp en die alternatiewe hipotese HaP25.9 aanvaar. Uit tabel 7.6.3(g) blyk dit dat respondente van wie die vaders 'n bestuurs/professionele beroepsposisie (RG = 79.54) bekleed het, statisties beduidend meer beroepsbetrokkenheid toon, as respondente van wie die vaders 'n dienslewerende beroep (RG = 65.16); 'n ambag (RG = 68.09); 'n klerklike beroep (RG = 69.45) of 'n semi-professionele beroep (RG = 71.96) beoefen het, toe die respondente nog skool gegaan het. Verder blyk dit ook dat respondente van wie die vaders 'n semi-professionele beroep (RG = 71.96) beoefen het, statisties beduidend meer by hul beroepe betrokke is, as respondente van wie die vaders 'n dienslewerende beroep (RG = 65.16) beoefen het.

'n Verdere hipotese wat met die gegewens ten opsigte van die man se gesin van oriëntasie en die tellings op die onderskeie skale verband hou, is dié ten opsigte van die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader/stiefvader aan die voorbereiding van voedsel deelgeneem het, terwyl die respondent nog skool gegaan het.

7.6.4 Hipotese 26: Die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader/stiefvader aan die voorbereiding van voedsel deelgeneem het, terwyl die respondent nog skool gegaan het

Ten einde vas te stel of die man se persepsie van hoe dikwels sy vader kos gemaak het, statisties beduidend met sy tellings op die onderskeie skale verband hou, is die volgende nulhipoteses geformuleer.

- HoK26** Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader/stiefvader aan die voorbereiding van voedsel deelgeneem het, terwyl die respondent nog skool gegaan het, en:
- HoK26.1 Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1);
- HoK26.2 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2);
- HoK26.3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3);
- HoK26.4 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4);
- HoK26.5 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5);
- HoK26.6 Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6);
- HoK26.7 Die man se ervaring van huweliksintegrasie (skaal X7);
- HoK26.8 Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8);
- HoK26.9 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9); en
- HoK26.10 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10) nie.

Pearson se produkmomentkorrelasiekoëffisiënt is bereken ten einde hierdie hipoteses te toets. Die resultaat hiervan word in tabel 7.6.4 weergegee.

Tabel 7.6.4: Pearson se produkmomentkorrelasiekoëffisiënt: Die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader/stiefvader aan die voorbereiding van voedsel deelgeneem het, terwyl die respondent nog skool gegaan het ten opsigte van elk van die tien skale

SKAAL	r	P
Verrigting van huishoudelike take Skaal X1 (HoK26.1)	0.233	0.000**
Regverdigheid: huishoudelike take Skaal X2 (HoK26.2)	0.028	0.570
Vaderbetrokkenheid Skaal X3 (HoK26.3)	0.153	0.002**
Regverdigheid: Versorging van kinders Skaal X4 (HoK26.4)	-0.060	0.229
Emosionele werk Skaal X5 (HoK26.5)	-0.001	0.991
Verbintenis tot groei in die huwelik Skaal X6 (HoK26.6)	0.028	0.571
Huweliksintegrasië Skaal X7 (HoK26.7)	0.044	0.382
Feministiese oriëntasie Skaal X8 (HoK26.8)	-0.007	0.886
Beroepsbetrokkenheid Skaal X9 (HoK26.9)	0.032	0.528
Beroepsverwante stres Skaal X10 (HoK26.10)	0.049	0.324

** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Uit tabel 7.6.4 blyk dit dat daar vir die volgende hipoteses geen statisties beduidende verbande tussen die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader/stiefvader aan die voorbereiding van voedsel deelgeneem het, terwyl die respondent nog skool gegaan het, en die respondente se tellings op die onderskeie skale bestaan nie. Op grond hiervan word die volgende nulhipoteses dus nie verwerp nie, maar wel aanvaar:

HoK26.2 Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader/stiefvader aan die voorbereiding van voedsel deelgeneem het, terwyl die respondent nog skool gegaan het, en die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2), nie ($r = 0.028$; $p = 0.570$).

HoK26.4 Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader/stiefvader aan die voorbereiding van voedsel deelgeneem het, terwyl die respondent nog skool gegaan het, en die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4), nie ($r = -0.060$; $p = 0.229$).

HoK26.5 Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader/stiefvader aan die voorbereiding van voedsel deelgeneem het, terwyl die respondent nog skool gegaan het, en die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5) nie ($r = -0.001$; $p = 0.991$).

HoK26.6 Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader/stiefvader aan die voorbereiding van voedsel deelgeneem het, terwyl die respondent nog skool gegaan het, en die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6) nie ($r = 0.028$; $p = 0.571$).

HoK26.7 Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader/stiefvader aan die voorbereiding van voedsel deelgeneem het, terwyl die respondent nog skool gegaan het, en die man se ervaring van huweliksintegrasie (skaal X7) nie ($r = 0.044$; $p = 0.382$).

- HoK26.8** Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader/stiefvader aan die voorbereiding van voedsel deelgeneem het, terwyl die respondent nog skool gegaan het, en die man se feministiese oriëntasie (skaal X8) nie ($r = -0.007$; $p = 0.886$).
- HoK26.9** Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader/stiefvader aan die voorbereiding van voedsel deelgeneem het, terwyl die respondent nog skool gegaan het, en die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9) nie ($r = 0.032$; $p = 0.528$).
- HoK26.10** Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader/stiefvader aan die voorbereiding van voedsel deelgeneem het, terwyl die respondent nog skool gegaan het, en die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10) nie ($r = 0.049$; $p = 0.324$).

Dit blyk egter verder uit tabel 7.6.4 dat daar wel statisties beduidende verbande tussen die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader/stiefvader aan die voorbereiding van voedsel deelgeneem het, terwyl die respondent nog skool gegaan het, en die respondente se skaaltellings vir skale X1 en X3 bestaan. Op grond hiervan word die betrokke nulhipoteses verwerp en die volgende alternatiewe hipoteses aanvaar:

- HaK26.1** Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband ($r = 0.233$; $p = 0.000$) tussen **die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader/stiefvader aan die voorbereiding van voedsel deelgeneem het**, terwyl die respondent nog skool gegaan het, en die man se persepsie van sy bydrae tot die **verrigting van huishoudelike take** (skaal X1).

Hierdie verband, hoewel laag, dui daarop dat daar 'n neiging bestaan dat namate die respondente se persepsies ten opsigte van hoe dikwels hul vaders by die voorbereiding van voedsel betrokke was, toeneem, die respondente se betrokkenheid by die verrigting van huishoudelike take ook statisties beduidend sal toeneem.

- HaK26.3** Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband ($r = 0.153$; $p = 0.002$) tussen **die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader/stiefvader aan**

die voorbereiding van voedsel deelgeneem het, terwyl die respondent nog skool gegaan het, en die man se persepsie van die mate waartoe hy **vaderbetrokkenheid** toon (skaal X3).

Hierdie positiewe korrelasie, hoewel baie laag, dui daarop dat daar 'n geringe neiging bestaan dat namate die respondente se persepsies ten opsigte van hoe dikwels hul vaders by die voorbereiding van voedsel betrokke was, toeneem, die respondente se betrokkenheid as vaders by hul kinders ook sal toeneem.

'n Verdere hipotese wat met die gegewens ten opsigte van die man se gesin van oriëntasie en die tellings op die onderskeie skale verband hou, is dié ten opsigte van die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader/stiefvader huishoudelike take verrig het, terwyl die respondent nog skool gegaan het.

7.6.5 Hipotese 27: Die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader/stiefvader huishoudelike take verrig het, terwyl die respondent nog skool gegaan het

Ten einde vas te stel of die man se persepsie van hoe dikwels sy vader by die verrigting van huishoudelike take betrokke was, statisties beduidend met sy tellings op die onderskeie skale verband hou, is die volgende nulhipoteses geformuleer.

- HoK27** Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader/stiefvader huishoudelike take verrig het, terwyl die respondent nog skool gegaan het, en:
- HoK27.1 Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1);
- HoK27.2 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2);
- HoK27.3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3);
- HoK27.4 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp

- beskikbaar is nie (skaal X4);
- HoK27.5 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5);
- HoK27.6 Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6);
- HoK27.7 Die man se ervaring van huweliksintegrasië (skaal X7);
- HoK27.8 Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8);
- HoK27.9 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9); en
- HoK27.10 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10) nie.

Pearson se produkmomentkorrelasiekoëffisiënt is bereken ten einde hierdie hipoteses te toets. Die resultaat hiervan word in tabel 7.6.5 weergegee.



Tabel 7.6.5: Pearson se produkmomentkorrelasiekoëffisiënt: Die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader/stiefvader huishoudelike take verrig het, terwyl die respondent nog skool gegaan het ten opsigte van elk van die tien skale

SKAAL	R	p
Verrigting van huishoudelike take Skaal X1 (HoK27.1)	0.235	0.000**
Regverdigheid: huishoudelike take Skaal X2 (HoK27.2)	-0.009	0.864
Vaderbetrokkenheid Skaal X3 (HoK27.3)	0.126	0.012*
Regverdigheid: Versorging van kinders Skaal X4 (HoK27.4)	-0.098	0.050*
Emosionele werk Skaal X5 (HoK27.5)	-0.039	0.434
Verbintenis tot groei in die huwelik Skaal X6 (HoK27.6)	-0.080	0.109
Huweliksintegrasië Skaal X7 (HoK27.7)	-0.020	0.687
Feministiese oriëntasie Skaal X8 (HoK27.8)	-0.033	0.510
Beroepsbetrokkenheid Skaal X9 (HoK27.9)	-0.059	0.243
Beroepsverwante stres Skaal X10 (HoK27.10)	0.085	0.088

** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

* Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis

Uit tabel 7.6.5 blyk dit dat daar vir die volgende hipoteses geen statisties beduidende verbande tussen die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader/stiefvader huishoudelike take verrig het, terwyl die respondent nog skool gegaan het, en die respondente se tellings op die onderskeie skale bestaan nie. Op grond hiervan word die volgende nulhipoteses dus nie verwerp nie, maar wel aanvaar:

- HoK27.2** Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader/stiefvader huishoudelike take verrig het, terwyl die respondent nog skool gegaan het, en die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2), nie ($r = -0.009$; $p = 0.864$).
- HoK27.5** Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader/stiefvader huishoudelike take verrig het, terwyl die respondent nog skool gegaan het, en die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5) nie ($r = -0.039$; $p = 0.434$).
- HoK27.6** Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader/stiefvader huishoudelike take verrig het, terwyl die respondent nog skool gegaan het, en die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6) nie ($r = -0.080$; $p = 0.109$).
- HoK27.7** Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader/stiefvader huishoudelike take verrig het, terwyl die respondent nog skool gegaan het, en die man se ervaring van huweliksintegrasie (skaal X7) nie ($r = -0.020$; $p = 0.687$).
- HoK27.8** Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader/stiefvader huishoudelike take verrig het, terwyl die respondent nog skool gegaan het, en die man se feministiese oriëntasie (skaal X8) nie ($r = -0.033$; $p = 0.510$).
- HoK27.9** Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader/stiefvader huishoudelike take verrig het, terwyl die respondent nog skool gegaan het, en die man se beroepsbetrokkenheid

(skaal X9) nie ($r = -0.059$; $p = 0.243$).

HoK27.10 Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader/stiefvader huishoudelike take verrig het, terwyl die respondent nog skool gegaan het, en die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10) nie ($r = 0.085$; $p = 0.088$).

Dit blyk egter verder uit tabel 7.6.5 dat daar wel statisties beduidende verbande tussen die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader/stiefvader huishoudelike take verrig het, terwyl die respondent nog skool gegaan het, en die respondente se tellings vir skale X1, X3 en X4 bestaan. Op grond hiervan word die betrokke nulhipoteses verwerp en die volgende alternatiewe hipoteses aanvaar:

HaK27.1 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband ($r = 0.235$; $p = 0.000$) tussen **die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader/stiefvader huishoudelike take verrig het**, terwyl die respondent nog skool gegaan het, en die man se persepsie van sy bydrae tot die **verrigting van huishoudelike take** (skaal X1).

Hierdie verband, hoewel laag, dui daarop dat daar 'n neiging bestaan dat namate die respondente se persepsies ten opsigte van hoe dikwels hul vaders by die verrigting van huishoudelike take betrokke was, toeneem, die respondente se eie betrokkenheid by die verrigting van huishoudelike take ook statisties beduidend sal toeneem.

HaK27.3 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband ($r = 0.126$; $p = 0.012$) tussen **die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader/stiefvader huishoudelike take verrig het**, terwyl die respondent nog skool gegaan het, en die man se persepsie van die mate waartoe hy **vaderbetrokkenheid** toon (skaal X3).

Hierdie positiewe korrelasie, hoewel baie laag, dui daarop dat daar 'n geringe neiging bestaan dat namate die respondente se persepsies ten opsigte van hoe dikwels hul vaders by die verrigting van huishoudelike take betrokke was, toeneem, die respondente se betrokkenheid as

vaders by hul kinders ook sal toeneem.

HaK27.4 Daar bestaan 'n statisties beduidende negatiewe verband ($r = -0.098$; $p = 0.050$) tussen **die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader/stiefvader huishoudelike take verrig het**, terwyl die respondent nog skool gegaan het, en die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4).

Alhoewel daar 'n statisties beduidende verband tussen die respondente se persepsies ten opsigte van hoe dikwels hul vaders by die verrigting van huishoudelike take betrokke was en die respondente se persepsies van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, bestaan, is hierdie verband ($r = -0.098$; $p = 0.050$) so laag, dat geen relevante afleidings gemaak kan word nie.

'n Verdere hipotese wat met die gegewens ten opsigte van die man se gesin van oriëntasie en die tellings op die onderskeie skale verband hou, is dié ten opsigte van die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader/stiefvader by die versorging van die kinders betrokke was, terwyl die respondent nog skool gegaan het.

7.6.6 Hipotese 28: Die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader/stiefvader by die versorging van die kinders betrokke was, terwyl die respondent nog skool gegaan het

Ten einde vas te stel of die man se persepsie van hoe dikwels sy vader by die versorging van die kinders betrokke was, statisties beduidend met sy tellings op die onderskeie skale verband hou, is die volgende nulhipoteses geformuleer.

HoK28 Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader/stiefvader by die versorging van die kinders betrokke was, terwyl die respondent nog skool gegaan het, en:

- HoK28.1 Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1);
- HoK28.2 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2);
- HoK28.3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3);
- HoK28.4 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4);
- HoK28.5 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5);
- HoK28.6 Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6);
- HoK28.7 Die man se ervaring van huweliksintegrasië (skaal X7);
- HoK28.8 Die man se feministiese oriëntasië (skaal X8);
- HoK28.9 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9); en
- HoK28.10 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10) nie.

Pearson se produkmomentkorrelasiëkoëffisiënt is bereken ten einde hierdie hipoteses te toets. Die resultaat hiervan word in tabel 7.6.6 weergegee.

Tabel 7.6.6: Pearson se produkmomentkorrelasiekoëffisiënt: Die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader/stiefvader by die versorging van die kinders betrokke was, terwyl die respondent nog skool gegaan het ten opsigte van elk van die tien skale

SKAAL	r	p
Verrigting van huishoudelike take Skaal X1 (HoK28.1)	0.188	0.000**
Regverdigheid: huishoudelike take Skaal X2 (HoK28.2)	0.233	0.000**
Vaderbetrokkenheid Skaal X3 (HoK28.3)	0.204	0.000**
Regverdigheid: Versorging van kinders Skaal X4 (HoK28.4)	0.093	0.062
Emosionele werk Skaal X5 (HoK28.5)	0.045	0.365
Verbintenis tot groei in die huwelik Skaal X6 (HoK28.6)	-0.004	0.931
Huweliksintegrasië Skaal X7 (HoK28.7)	0.057	0.254
Feministiese oriëntasie Skaal X8 (HoK28.8)	0.112	0.026*
Beroepsbetrokkenheid Skaal X9 (HoK28.9)	0.122	0.015*
Beroepsverwante stres Skaal X10 (HoK28.10)	0.122	0.015*

** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

* Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis

Uit tabel 7.6.6 blyk dit dat daar vir die volgende hipoteses geen statisties beduidende verbande tussen die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader/stiefvader by die versorging van die kinders betrokke was, terwyl die respondent nog skool gegaan het, en die respondente se tellings op die onderskeie skale bestaan nie. Op grond hiervan word die volgende nulhipoteses dus nie verwerp nie, maar wel aanvaar:

- HoK28.4** Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader/stiefvader by die versorging van die kinders betrokke was, terwyl die respondent nog skool gegaan het, en die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4), nie ($r = 0.093$; $p = 0.062$).
- HoK28.5** Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader/stiefvader by die versorging van die kinders betrokke was, terwyl die respondent nog skool gegaan het, en die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5) nie ($r = 0.045$; $p = 0.365$).
- HoK28.6** Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader/stiefvader by die versorging van die kinders betrokke was, terwyl die respondent nog skool gegaan het, en die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6) nie ($r = -0.004$; $p = 0.931$).
- HoK28.7** Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader/stiefvader by die versorging van die kinders betrokke was, terwyl die respondent nog skool gegaan het, en die man se ervaring van huweliksintegrasië (skaal X7) nie ($r = 0.057$; $p = 0.254$).

Dit blyk egter verder uit tabel 7.6.6 dat daar wel statisties beduidende verbande tussen die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader/stiefvader by die versorging van die kinders betrokke was, terwyl die respondent nog skool gegaan het, en die respondente se tellings vir skale X1, X2, X3, X8, X9 en X10 bestaan. Op grond hiervan word die betrokke nulhipoteses verwerp en die volgende alternatiewe hipoteses aanvaar:

HaK28.1 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband ($r = 0.188$; $p = 0.000$) tussen **die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader/stiefvader by die versorging van die kinders betrokke was**, terwyl die respondent nog skool gegaan het, en die man se persepsie van sy **verrigting van huishoudelike take** (skaal X1).

Hierdie verband, hoewel baie laag, dui daarop dat daar 'n geringe neiging bestaan dat namate die respondente se persepsies ten opsigte van hoe dikwels hul vaders by die versorging van die kinders betrokke was, toeneem, die respondente se betrokkenheid by die verrigting van huishoudelike take ook statisties beduidend sal toeneem.

HaK28.2 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband ($r = 0.233$; $p = 0.000$) tussen **die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader/stiefvader by die versorging van die kinders betrokke was**, terwyl die respondent nog skool gegaan het, en die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2).

Hierdie positiewe verband, hoewel laag, dui daarop dat daar 'n neiging bestaan dat namate die respondente se persepsies ten opsigte van hoe dikwels hul vaders by die versorging van die kinders betrokke was, toeneem, die respondente statisties beduidend meer daartoe geneig is om die verwagting dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, as regverdig te beskou.

HaK28.3 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband ($r = 0.204$; $p = 0.000$) tussen **die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader/stiefvader by die versorging van die kinders betrokke was**, terwyl die respondent nog skool gegaan het, en die man se persepsie van die mate waartoe hy **vaderbetrokkenheid** toon (skaal X3).

Hierdie positiewe korrelasie, hoewel laag, dui daarop dat daar 'n neiging bestaan dat namate die respondente se persepsies ten opsigte van hoe dikwels hul vaders by die versorging van die kinders betrokke was, toeneem, die respondente se eie betrokkenheid as vaders by hul kinders

ook sal toeneem.

HaK28.8 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband ($r = 0.112$; $p = 0.026$) tussen **die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader/stiefvader by die versorging van die kinders betrokke was**, terwyl die respondent nog skool gegaan het, en die man se **feministiese oriëntasie** (skaal X8).

Dit blyk uit hierdie korrelasie, hoewel baie laag, dat daar 'n geringe neiging bestaan dat namate die respondente se persepsies ten opsigte van hoe dikwels hul vaders by die versorging van die kinders betrokke was, toeneem, die mate waartoe die respondente feministies georiënteerd is, ook sal toeneem.

HaK28.9 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband ($r = 0.122$; $p = 0.015$) tussen **die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader/stiefvader by die versorging van die kinders betrokke was**, terwyl die respondent nog skool gegaan het, en die man se **beroepsbetrokkenheid** (skaal X9).

Hierdie korrelasie, hoewel baie laag, dui daarop dat daar 'n geringe neiging bestaan dat namate die respondente se persepsies ten opsigte van hoe dikwels hul vaders by die versorging van die kinders betrokke was, toeneem, die mate waartoe die respondente beroepsbetrokkenheid toon, ook sal toeneem.

HaK28.10 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband ($r = 0.122$; $p = 0.015$) tussen **die respondent se persepsie van hoe dikwels sy vader/stiefvader by die versorging van die kinders betrokke was**, terwyl die respondent nog skool gegaan het, en die man se ervaring van **beroepsverwante stres** (skaal X10).

Hierdie positiewe verband, hoewel baie laag, dui daarop dat daar 'n geringe neiging bestaan dat respondente wat 'n hoë persepsies ten opsigte van hoe dikwels hul vaders by die versorging van die kinders betrokke was, het, ook 'n hoë mate van beroepsverwante stres ervaar.

Die sesde reeks hipoteses ten opsigte van die biografiese veranderlikes en die skale hou met algemene gegewens verband.

7.7 ALGEMENE GEGEWENS: HIPOTESES 29 TOT 32

Die eerste van die hipoteses rakende die algemene gegewens en die tellings op die onderskeie skale wat aan statistiese toetsing onderwerp is, is dié wat met die aard van die indienseneming van 'n huishulp in die respondent se dubbelinkomstegesin verband hou.

7.7.1 Hipotese 29: Die aard van die indienseneming van 'n huishulp in die respondent se huishouding

Ten einde vas te stel of die verskillende vorme van indienseneming van 'n huishulp 'n rol speel in die verskille in die vektore van gemiddelde tellings op die skale, is die volgende nulhipoteses ten opsigte van die totale ondergroep geformuleer:

HoM29 Daar bestaan geen statisties beduidende verskille tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente wat nooit van 'n huishulp gebruik maak nie; wat van 'n voltyds inwonende huishulp; voltydse huishulp wat elders woon; vaste deeltydse inwonende huishulp; vaste deeltydse huishulp wat elders woon gebruik maak; en wat soms per geleentheid van 'n huishulp gebruik maak, ten opsigte van die volgende tien skale **gesamentlik** by die respondente nie:

- HoM29.1 Die man se persepsie van sy verrigting van huishoudelike take (skaal X1);
- HoM29.2 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2);
- HoM29.3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3);
- HoM29.4 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4);
- HoM29.5 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5);
- HoM29.6 Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6);
- HoM29.7 Die man se ervaring van huweliksintegrasie (skaal X7);
- HoM29.8 Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8);

- HoM29.9 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9); en
 HoM29.10 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10).

Ten einde hierdie hipoteses te toets en om vas te stel of daar op 'n oorkoepelende vlak statisties beduidende verskille in die vektore van gemiddeldes tussen die verskillende kategorieë van respondente se tellings op die verskillende skale bestaan, is 'n meerveranderlike analise van variansie (MANOVA) uitgevoer. **Wilks se koëffisiënt-lambda** is gebruik om die beduidendheid van die resultate te beoordeel. Hierdie resultate word in tabel 7.7.1(a) weergegee.

Tabel 7.7.1(a): Meerveranderlike analise van variansie (MANOVA) vir die aard van die indiensneming van 'n huishulp in die respondente se huishouding en die tien skale gesamentlik

TOETS	WAARDE	F-WAARDE	P-WAARDE	G.V.V.
WILKS	0.601	4.151	0.000**	50; 1759.2

G.V.V. Grade van vryheid

** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Weens die feit dat Wilks se koëffisiënt-lambda se F-waarde statisties beduidend op die 1% peil van betekenis is ($p = 0.000$), word die nulhipotese HoM29 verwerp en die **alternatiewe hipotese (HaM29)** aanvaar, naamlik: **Daar bestaan statisties beduidende verskille tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente wat nooit van 'n huishulp gebruik maak nie; wat van 'n voltydse inwonende huishulp; voltydse huishulp wat elders woon; vaste deelydse inwonende huishulp; vaste deelydse huishulp wat elders woon gebruik maak; en wat soms per geleentheid van 'n huishulp gebruik maak, ten opsigte van die tien bogenoemde skale gesamentlik by die respondente.**

Op grond van die aanvaarding van die oorkoepelende alternatiewe hipotese HaM29, en om te bepaal ten opsigte van watter skale daar spesifieke verskille tussen die kategorieë voorkom, is 'n verdere stel nulhipoteses geformuleer, naamlik:

HoA29 Daar bestaan geen statisties beduidende verskille tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente wat nooit van 'n huishulp gebruik maak nie; wat van 'n voltyds inwonende huishulp; voltydse huishulp wat elders woon; vaste deelydse inwonende huishulp; vaste deelydse huishulp wat elders woon gebruik maak; en wat soms per geleentheid van 'n huishulp gebruik maak, ten opsigte van **elk** van die volgende tien skale by die respondente nie:

- HoA29.1 Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1);
- HoA29.2 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2);
- HoA29.3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3);
- HoA29.4 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4);
- HoA29.5 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5);
- HoA29.6 Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6);
- HoA29.7 Die man se ervaring van huweliksintegrasië (skaal X7);
- HoA29.8 Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8);
- HoA29.9 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9); en
- HoA29.10 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10).

Ten einde hierdie hipoteses te toets, is die data gevolglik verder met behulp van 'n eenrigting analise van variansië (**ANOVA**) ontleed. Die resultate van hierdie ontleding word in tabel 7.7.1(b) uiteengesit.

Tabel 7.7.1(b): Variansieanalise (ANOVA) vir die gesamentlike vorme van indiensneming van 'n huishulp in die respondent se huishouding ten opsigte van elk van die tien skale

SKALE	SKT	GVV	SKB	GVV	GSKT	GSKB	F	P
X1 (HoA29.1) Huishoudelike take	20005.1	5	79013.7	394	4001.028	200.542	19.951	0.000 **
X2 (HoA29.2) Regverdigheid: huishoudelike take	1486.886	5	208729.0	394	297.377	529.769	0.561	0.730
X3 (HoA29.3) Vaderbetrokkenheid	3509.459	5	81899.7	394	701.892	207.867	3.377	0.005 **
X4 (HoA29.4) Regverdigheid: kinderversorging	2468.867	5	115277.0	394	493.773	292.582	1.688	0.136
X5 (HoA29.5) Emosionele werk	1783.011	5	131708.0	394	356.602	334.284	1.067	0.378
X6 (HoA29.6) Verbintenis tot die huwelik	315.186	5	24529.7	394	63.037	62.258	1.013	0.410
X7 (HoA29.7) Huweliksintegrasië	155.149	5	29518.6	394	31.030	74.920	0.414	0.839
X8 (HoA29.8) Feministiese oriëntasie	646.661	5	25807.7	394	129.332	65.502	1.974	0.081
X9 (HoA29.9) Beroepsbetrokkenheid	1465.851	5	43245.1	394	293.170	109.759	2.671	0.022 *
X10 (HoA29.10) Beroepsverwante stres	671.553	5	57783.6	394	134.311	146.659	0.916	0.471

- GVV Grade van vryheid
 SKT Som van kwadrate tussen groepe
 SKB Som van kwadrate binne groepe
 GSKT Gemiddelde som van kwadrate tussen groepe
 GSKB Gemiddelde som van kwadrate binne groepe
 * Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis
 ** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Uit tabel 7.7.1(b) blyk dit dat daar geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente wat nooit van 'n huishulp gebruik maak nie; wat van 'n voltyds inwonende huishulp; voltydse huishulp wat elders woon; vaste deelydse inwonende huishulp; vaste deelydse huishulp wat elders woon gebruik maak; en wat soms per geleentheid van 'n huishulp gebruik maak, ten opsigte van skale X2, X4, X5, X6, X7, X8 en X10 by die respondente bestaan nie.

Hieruit blyk dit dus dat die volgende nulhipotese nie verwerp kan word nie:

HoA29 Daar bestaan geen statisties beduidende verskille tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente wat nooit van 'n huishulp gebruik maak nie; wat van 'n voltyds inwonende huishulp; voltydse huishulp wat elders woon; vaste deelydse inwonende huishulp; vaste deelydse huishulp wat elders woon gebruik maak; en wat soms per geleentheid van 'n huishulp gebruik maak, ten opsigte van **elk** van die volgende agt skale by die respondente nie:

- HoA29.2 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2) ($p = 0.730$);
- HoA29.4 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4) ($p = 0.136$);
- HoA29.5 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5) ($p = 0.378$);
- HoA29.6 Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6) ($p = 0.410$);
- HoA29.7 Die man se ervaring van huweliksintegrasie (skaal X7) ($p = 0.839$);
- HoA29.8 Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8) ($p = 0.081$); en
- HoA29.10 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10) ($p = 0.471$).

Daar bestaan egter wel statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente wat nooit van 'n huishulp gebruik maak nie; wat van 'n voltyds inwonende huishulp; voltydse huishulp wat elders woon; vaste deelydse inwonende huishulp; vaste deelydse huishulp wat elders woon gebruik maak; en wat soms per geleentheid van 'n huishulp gebruik maak, ten opsigte van elk van die volgende drie skale by die respondente, naamlik skale

X1, X3 en X9. In hierdie geval word die nulhipoteses dus verwerp en die alternatiewe hipoteses aanvaar:

HaA29.1 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.000$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente wat in terme van die **gebruikmaking van 'n huishulp**, nooit van 'n huishulp gebruik maak nie; wat van 'n voltyds inwonende huishulp; voltydse huishulp wat elders woon; vaste deelydse inwonende huishulp; vaste deelydse huishulp wat elders woon gebruik maak; en wat soms per geleentheid van 'n huishulp gebruik maak en die man se persepsie van sy bydrae tot die **verrigting van huishoudelike take** (skaal X1).

Om te bepaal tussen watter kategorieë die respondente statisties beduidende verskille toon, is die volgende paarsgewyse nulhipotese geformuleer:

HoP29.1 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente wat nooit van 'n huishulp gebruik maak nie; wat van 'n voltyds inwonende huishulp; voltydse huishulp wat elders woon; vaste deelydse inwonende huishulp; vaste deelydse huishulp wat elders woon gebruik maak; en wat soms per geleentheid van 'n huishulp gebruik maak, ten opsigte van die man se persepsie van sy verrigting van huishoudelike take (skaal X1) nie.

Ten einde hierdie hipotese te toets, is daar van die Dunnett T3-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.7.1(c) in matriksvorm weergegee:

Tabel 7.7.1(c): Dunnett T3-toets: Die man se persepsie van sy hydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1) en die aard van die gebruikmaking van huishulp

RG	N	AARD VAN HUISHULP	Volt/Eld	Volt/Inw	Deelt/Inw	Deelt/Eld	Nooit	Per gelt
42.52	46	Volt/Eld						
46.03	93	Volt/Inw						
46.09	21	Deelt/Inw						
56.19	109	Deelt/Eld	**	**	*			
58.46	83	Nooit	**	**	*			
64.04	48	Per gelt	**	**	**	**		

Volt/Eld	Voltydse huishulp wat elders woon
Volt/Inw	Voltyds inwonende huishulp
Deelt/Inw	Deeltyds inwonende huishulp
Deelt/Eld	Deeltydse huishulp wat elders woon
Nooit	Maak nooit van 'n huishulp gebruik nie
Per gelt	Maak per geleentheid van 'n huishulp gebruik
**	Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis
*	Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis

Op grond van die *post hoc*-toets word die nulhipotese HoP29.1 verwerp en die alternatiewe hipotese HaP29.1 aanvaar. Uit die bostaande matriks blyk dit dat respondente wat van 'n voltydse huishulp wat elders woon (RG = 42.52), 'n voltyds inwonende huishulp (RG = 46.03) of van 'n deeltydse inwonende huishulp (RG = 46.09) gebruik maak, statisties beduidend minder by die verrigting van huishoudelike take betrokke is, as respondente wat van 'n deeltydse huishulp wat elders woon gebruik maak (RG = 56.19), nooit van die dienste van 'n huishulp gebruik maak nie (RG = 58.46) of slegs per geleentheid van die dienste van 'n huishulp gebruik maak (RG = 64.04). Verder blyk dit ook dat respondente wat slegs per geleentheid van 'n huishulp gebruik maak (RG = 64.04), statisties beduidend meer by die verrigting van huishoudelike take betrokke is, as respondente wat van 'n deeltydse huishulp wat elders woon

(RG = 56.19) gebruik maak.

HaA29.3 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.005$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente wat in terme van die **gebruikmaking van 'n huishulp**, nooit van 'n huishulp gebruik maak nie; wat van 'n voltyds inwonende huishulp; voltydse huishulp wat elders woon; vaste deeltydse inwonende huishulp; vaste deeltydse huishulp wat elders woon gebruik maak; en wat soms per geleentheid van 'n huishulp gebruik maak en die man se persepsie van die mate waartoe hy **vaderbetrokkenheid** toon (skaal X3).

Om te bepaal tussen watter kategorieë die respondente statisties beduidende verskille toon, is die volgende nulhipotese geformuleer:

HoP29.3 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente wat nooit van 'n huishulp gebruik maak nie; wat van 'n voltyds inwonende huishulp; voltydse huishulp wat elders woon; vaste deeltydse inwonende huishulp; vaste deeltydse huishulp wat elders woon gebruik maak; en wat soms per geleentheid van 'n huishulp gebruik maak, ten opsigte van die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3) nie.

Ten einde hierdie hipotese te toets, is daar van die Dunnett T3-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.7.1(d) in matriksvorm weergegee:

Tabel 7.7.1(d): Dunnett T3-toets: Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3) en die aard van die gebruikmaking van huishulp

RG	N	AARD VAN HUISHULP	Volt/ Eld	Nooit	Volt/ Inw	Deelt/ Eld	Per gelt	Deelt/ Inw
54.65	46	Volt/Eld						
60.33	83	Nooit						
60.75	93	Volt/Inw						
62.35	109	Deelt/Eld	*					
62.56	48	Per gelt						
68.85	21	Deelt/Inw	**					

Volt/Eld

Voltydse huishulp wat elders woon

Nooit

Maak nooit van 'n huishulp gebruik nie

Volt/Inw

Voltyds inwonende huishulp

Deelt/Eld

Deeltydse huishulp wat elders woon

Per gelt

Maak per geleentheid van 'n huishulp gebruik

Deelt/Inw

Deeltyds inwonende huishulp

**

Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

*

Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis

Op grond van die *post hoc*-toets word die nulhipotese HoP29.3 verwerp en die alternatiewe hipotese HaP29.3 aanvaar. Uit tabel 7.7.1(d) blyk dit dat respondente wat van die dienste van 'n voltydse huishulp wat elders woon (RG = 54.65) gebruik maak, statisties beduidend minder vaderbetrokkenheid toon, as respondente wat van 'n deeltydse huishulp wat elders woon (RG = 62.35) of van 'n deeltyds inwonende huishulp (RG = 68.85) gebruik maak.

HaA29.9 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.022$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente wat in terme van die **gebruikmaking van 'n huishulp**, nooit van 'n huishulp gebruik maak nie; wat van 'n voltyds inwonende huishulp; voltydse huishulp wat elders woon; vaste deeltydse inwonende huishulp; vaste deeltydse

huishulp wat elders woon gebruik maak; en wat soms per geleentheid van 'n huishulp gebruik maak en die man se **beroepsbetrokkenheid** (skaal X9).

Om te bepaal tussen watter kategorieë die respondente statisties beduidende verskille toon, is die volgende nulhipotese geformuleer:

HoP29.9 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente wat nooit van 'n huishulp gebruik maak nie; wat van 'n voltyds inwonende huishulp; voltydse huishulp wat elders woon; vaste deeltydse inwonende huishulp; vaste deeltydse huishulp wat elders woon gebruik maak; en wat soms per geleentheid van 'n huishulp gebruik maak, ten opsigte van die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9) nie.

Ten einde hierdie hipotese te toets, is daar van die Dunnett T3-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.7.1(e) in matriksvorm weergegee:

Tabel 7.7.1(e): Dunnett T3-toets: Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9) en die aard van die gebruikmaking van huishulp

RG	N	AARD VAN HUISHULP	Nooit	Per gelt	Deelt/Eld	Volt/Inw	Volt/Eld	Deelt/Inw
66.86	83	Nooit						
68.66	48	Per gelt						
70.34	109	Deelt/Eld						
71.39	93	Volt/Inw						
72.19	46	Volt/Eld						
72.66	21	Deelt/Inw	*					

Nooit Maak nooit van 'n huishulp gebruik nie
 Per gelt Maak per geleentheid van 'n huishulp gebruik
 Deelt/Eld Deeltydse huishulp wat elders woon
 Volt/Inw Voltyds inwonende huishulp

Volt/Eld	Voltydse huishulp wat elders woon
Deelt/Inw	Deeltyds inwonende huishulp
*	Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis

Op grond van die *post hoc*-toets word die nulhipotese HoP29.9 verwerp en die alternatiewe hipotese HaP29.9 aanvaar. Uit tabel 7.7.1(e) blyk dit dat respondente wat van die dienste van 'n deeltyds inwonende huishulp (RG = 72.66) gebruik maak, statisties beduidend meer beroepsbetrokkenheid toon, as respondente wat nooit van die dienste van 'n huishulp gebruik maak nie (RG = 66.86).

'n Verdere hipotese wat met die algemene gegewens en die tellings op die onderskeie skale verband hou, is dié ten opsigte van die teenwoordigheid, al dan nie, van 'n ander persoon in die huishouding wat met die versorging van die kinders behulpsaam is.

7.7.2 Hipotese 30: Die teenwoordigheid, al dan nie, van 'n ander persoon in die huishouding wat met die versorging van die kinders behulpsaam is

Ten einde te bepaal of die teenwoordigheid, al dan nie, van 'n ander persoon in die huishouding wat met die versorging van die kinders behulpsaam is, statisties beduidend met die respondente se tellings op die skale verband hou, is die volgende nulhipoteses geformuleer.

HoT²30 Die vektor van gemiddelde skaaltellings van respondente wat 'n ander persoon in die huishouding het wat met die versorging van die kinders behulpsaam is verskil nie statisties beduidend van die vektor van gemiddelde skaaltellings van respondente wat nie 'n ander persoon in die huishouding het wat met die versorging van die kinders behulpsaam is nie, ten opsigte van die volgende veranderlikes **gesamentlik** geneem nie:

- HoT²30.1 Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1);
- HoT²30.2 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2);
- HoT²30.3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3);

- HoT²30.4 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4);
- HoT²30.5 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5);
- HoT²30.6 Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6);
- HoT²30.7 Die man se ervaring van huweliksintegrasië (skaal X7);
- HoT²30.8 Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8);
- HoT²30.9 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9); en
- HoT²30.10 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10).

Om hierdie hipoteses te toets, is van Hotelling se T²-toets gebruik gemaak, ten einde vas te stel of daar op 'n oorkoepelende vlak statisties beduidende verskille in die vektore van gemiddeldes tussen die twee groepe en die skaaltellings bestaan. Hierdie resultate word in tabel 7.7.2 weergegee.



Tabel 7.7.2: Die teenwoordigheid van 'n ander persoon in die huishouding wat met die versorging van die kinders behulpsaam is, en skaaltellings: Hotelling se T²-toets

Hotelling T ² -waarde	F-waarde	G.V.V.	p-waarde
49.064	1.745	10; 389	0.069

G.V.V. Grade van vryheid

Weens die feit dat daar op 'n oorkoepelende vlak geen statisties beduidende verskil ($p = 0.069$) tussen die vektor van gemiddelde skaaltellings van respondente wat 'n ander persoon in die huishouding het wat met die versorging van die kinders behulpsaam is en respondente wat nie so 'n persoon in die huishouding het nie, bestaan nie, word die oorkoepelende nulhipotese HoT²30 dus nie verwerp nie, maar wel aanvaar. Geen verdere statistiese ontledings is ten opsigte van hierdie hipotese uitgevoer nie.

'n Verdere hipotese wat met die algemene gegewens en die tellings op die onderskeie skale verband hou, is dié ten opsigte van die respondent se persepsie van die ideale gesin.

7.7.3 Hipotese 31: Die man se beeld van die ideale gesin

Ten einde vas te stel of die man se beeld van die ideale gesin 'n rol speel in die verskille in die vektore van gemiddelde tellings op die skale, is die volgende nulhipoteses ten opsigte van die totale ondersoekgroep geformuleer:

HoM31 Daar bestaan geen statisties beduidende verskille tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente wat die tradisionele gesin; die gewysigde tradisionele gesin; en die egalitêre gesin as ideale gesin beskou², ten opsigte van die volgende tien skale **gesamentlik** by die respondente nie:

- HoM31.1 Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1);
- HoM31.2 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2);
- HoM31.3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3);
- HoM31.4 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4);
- HoM31.5 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5);
- HoM31.6 Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6);
- HoM31.7 Die man se ervaring van huweliksintegrasie (skaal X7);
- HoM31.8 Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8);
- HoM31.9 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9); en

² Tradisionele gesin = Die man as alleenbroodwinner en die vrou as voltydse huisvrou (en moeder).

Gewysigde tradisionele gesin = Beide die man en die vrou beklee beroepsposisies - waar die man sy vrou se opinie in die neem van besluite ten opsigte van gesinsake in ag neem, maar waar hy nog steeds as die hoof van die gesin beskou word.

Egalitêre gesin = Beide die man en die vrou beklee beroepsposisies - waar die huwelik aan 'n vennootskapsverhouding gekenmerk word, waar besluite ten opsigte van gesinsake saam geneem word.

HoM31.10 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10).

Ten einde hierdie hipoteses te toets en om vas te stel of daar op 'n oorkoepelende vlak statisties beduidende verskille in die vektore van gemiddeldes tussen die verskillende kategorieë van respondente se tellings op die verskillende skale bestaan, is 'n meerveranderlike analise van variansie (MANOVA) uitgevoer. **Wilks se koëffisiënt-lambda** is gebruik om die beduidendheid van die resultate te beoordeel. Hierdie resultate word in tabel 7.7.3(a) weergegee.

Tabel 7.7.3(a): Meerveranderlike analise van variansie (MANOVA) vir die respondente se beeld van die ideale gesin en die tien skale gesamentlik

TOETS	WAARDE	F-WAARDE	P-WAARDE	G.V.V.
WILKS	0.799	4.595	0.000**	20; 776.000

G.V.V.

Grade van vryheid

**

Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Weens die feit dat Wilks se koëffisiënt-lambda se F-waarde statisties beduidend op die 1% peil van betekenis is ($p = 0.000$), word die nulhipotese HoM31 verwerp en die **alternatiewe hipotese (HaM31)** aanvaar, naamlik: **Daar bestaan statisties beduidende verskille tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente wat die tradisionele gesin; die gewysigde tradisionele gesin; en die egalitêre gesin as ideale gesin beskou, ten opsigte van die bogenoemde tien skale (skale X1 tot X10) gesamentlik by die respondente.**

Op grond van die aanvaarding van die oorkoepelende alternatiewe hipotese HaM31, en om te bepaal ten opsigte van watter skale daar spesifieke verskille tussen die kategorieë voorkom, is 'n verdere stel nulhipoteses geformuleer, naamlik:

HoA31 Daar bestaan geen statisties beduidende verskille tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente wat die tradisionele gesin; die gewysigde tradisionele

gesin; en die egalitêre gesin as ideale gesin beskou, ten opsigte van **elk** van die volgende tien skale by die respondente nie:

- HoA31.1 Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1);
- HoA31.2 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2);
- HoA31.3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3);
- HoA31.4 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4);
- HoA31.5 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5);
- HoA31.6 Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6);
- HoA31.7 Die man se ervaring van huweliksintegrasië (skaal X7);
- HoA31.8 Die man se feministiese oriëntasië (skaal X8);
- HoA31.9 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9); en
- HoA31.10 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10).

Ten einde hierdie hipoteses te toets, is die data gevolglik verder met behulp van 'n eenrigting analise van variansië (**ANOVA**) ontleed. Die resultate van hierdie ontleding word in tabel 7.7.3(b) uiteengesit.

HOOFSTUK 7 HIPOTESETOESTING: BIOGRAFIESE VERANDERLIKES EN SKALE

Tabel 7.7.3(b): Variansieanalyse (ANOVA) vir die gesamentlike kategorieë van beelde van die ideale gesin ten opsigte van elk van die tien skale

SKALE	SKT	GVV	SKB	GVV	GSKT	GSKB	F	P
X1 (HoA31.1) Huishoudelike take	2110.591	2	96908.3	397	1055.296	244.101	4.323	0.014 *
X2 (HoA31.2) Regverdigheid: huishoudelike take	21272.5	2	188953.0	397	10631.3	475.953	22.337	0.000 **
X3 (HoA31.3) Vaderbetrokkenheid	1947.886	2	83461.3	397	973.943	210.230	4.633	0.010 *
X4 (HoA31.4) Regverdigheid: Kindersorging	8690.316	2	109056.0	397	4345.158	274.699	15.818	0.000 **
X5 (HoA31.5) Emosionele werk	8141.008	2	125350.0	397	4070.504	315.743	12.892	0.000 **
X6 (HoA31.6) Verbintenis tot die Huwelik	1059.437	2	23785.4	397	529.719	59.913	8.841	0.000 **
X7 (HoA31.7) Huweliksintegrasie	998.394	2	28675.4	397	499.197	72.230	6.911	0.001 **
X8 (HoA31.8) Feministiese Oriëntasie	2759.268	2	23695.1	397	1379.634	59.685	23.115	0.000 **
X9 (HoA31.9) Beroepsbetrokkenheid	1954.879	2	42756.1	397	977.440	107.698	9.0761	0.000 **
X10 (HoA31.10) Beroepsverwante Stres	19.489	2	58435.7	397	9.744	147.193	0.066	0.936

- GVV Grade van vryheid
 SKT Som van kwadrate tussen groepe
 SKB Som van kwadrate binne groepe
 GSKT Gemiddelde som van kwadrate tussen groepe
 GSKB Gemiddelde som van kwadrate binne groepe
 * Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis
 ** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Uit tabel 7.7.3(b) blyk dit dat daar vir die volgende hipoteses geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente wat die tradisionele gesin; die gewysigde tradisionele gesin; en die egalitêre gesin as ideale gesin beskou, ten opsigte van skaal X10 by die respondente voorkom nie.

Hieruit blyk dit dus dat die volgende nulhipotese nie verwerp kan word nie:

HoA31 Daar bestaan geen statisties beduidende verskille tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente wat die tradisionele gesin; die gewysigde tradisionele gesin; en die egalitêre gesin as ideale gesin beskou, en:

HoA31.10 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10) ($p = 0.936$) nie.

Daar bestaan egter wel statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente wat die tradisionele gesin; die gewysigde tradisionele gesin; en die egalitêre gesin as ideale gesin beskou, ten opsigte van elk van die volgende nege skale by die respondente, naamlik skale X1, X2, X3, X4, X5, X6, X7, X8 en X9. In hierdie geval word die nulhipoteses dus verwerp en die alternatiewe hipoteses aanvaar:

HaA31.1 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.014$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente wat in terme van die **beeld van die ideale gesin**, die tradisionele gesin; die gewysigde tradisionele gesin; en die egalitêre gesin as ideale gesin beskou, en die man se persepsie van sy bydrae tot die **verrigting van huishoudelike take** (skaal X1).

Om te bepaal tussen watter kategorieë daar statisties beduidende verskille voorkom, is die volgende nulhipotese geformuleer:

HoP31.1 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente wat die tradisionele gesin; die gewysigde tradisionele gesin; en die egalitêre gesin as ideale gesin beskou, ten opsigte van die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1) nie.

Ten einde hierdie hipotese te toets, is daar van die Dunnett T3-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.7.3(c) in matriksvorm weergegee:

Tabel 7.7.3(c): Dunnett T3-toets: Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1) en sy beeld van die ideale gesin

RG	N	IDEALE GESIN	Gewysigde trad.	Tradisioneel	Egalitêr
50.75	149	Gewysigde trad.			
52.11	84	Tradisioneel			
55.79	167	Egalitêr	**		

Tradisioneel

Tradisionele gesin

Gewysigde trad.

Gewysigde tradisionele gesin

Egalitêr

Egalitêre gesin

**

Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Op grond van die *post hoc*-toets word die nulhipotese HoP31.1 verwerp en die alternatiewe hipotese HaP31.1 aanvaar. Uit tabel 7.7.3(c) blyk dit dat respondente wat die egalitêre gesin (RG = 55.79) as ideale gesin voorhou statisties beduidend meer by die verrigting van huishoudelike take betrokke is, as respondente wat die gewysigde tradisionele gesin (RG = 50.75) as die ideale gesin beskou.

HaA31.2 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.000$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente wat in terme van die **beeld van die ideale gesin**, die tradisionele gesin; die gewysigde tradisionele gesin; en die egalitêre gesin as ideale gesin beskou, en die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2).

Om te bepaal tussen watter kategorieë daar statisties beduidende verskille voorkom, is die volgende nulhipotese geformuleer:

HoP31.2 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente wat die tradisionele gesin; die gewysigde tradisionele gesin; en die egalitêre gesin as ideale gesin beskou, ten opsigte van die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2), nie.

Ten einde hierdie hipotese te toets, is daar van die Scheffé-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.7.3(d) in matriksvorm weergegee:

Tabel 7.7.3(d): Scheffé-toets: Die man se persepsie van die regverdigheid van die verwagting dat 'n man huishoudelike take moet verrig (skaal X2) en sy beeld van die ideale gesin

RG	N	IDEALE GESIN	Tradisioneel	Gewysigde trad.	Egalitêr
67.47	84	Tradisioneel			
71.30	149	Gewysigde trad.			
84.43	167	Egalitêr	**	**	

Tradisioneel Tradisionele gesin
 Gewysigde trad. Gewysigde tradisionele gesin
 Egalitêr Egalitêre gesin
 ** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Op grond van die *post hoc*-toets word die nulhipotese HoP31.2 verwerp en die alternatiewe hipotese HaP31.2 aanvaar. Uit tabel 7.7.3(d) blyk dit dat respondente wat die egalitêre gesin (RG = 84.43) as ideale gesin voorhou statisties beduidend meer daartoe geneig is om die verwagting dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, as regverdig te beskou, as respondente wat die gewysigde tradisionele gesin (RG = 71.30) of die tradisionele gesin (RG = 67.47) as die ideale gesin beskou.

HaA31.3 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.010$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente wat in terme van die **beeld van die ideale gesin**, die tradisionele gesin; die gewysigde tradisionele gesin; en die egalitêre gesin as ideale gesin beskou, en die man se persepsie van die mate waartoe hy **vaderbetrokkenheid** toon (skaal X3).

Om te bepaal tussen watter kategorieë daar statisties beduidende verskille voorkom, is die volgende nulhipotese geformuleer:

HoP31.3 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente wat die tradisionele gesin; die gewysigde tradisionele gesin; en die egalitêre gesin as ideale gesin beskou, ten opsigte van die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3) nie.

Ten einde hierdie hipotese te toets, is daar van die Scheffé-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.7.3(e) in matriksvorm weergegee:

Tabel 7.7.3(e): Scheffé-toets: Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3) en sy beeld van die ideal gesin

RG	N	IDEALE GESIN	Tradisioneel	Gewysigde trad.	Egalitêr
58.83	84	Tradisioneel			
59.38	149	Gewysigde trad.			
63.64	167	Egalitêr	*	*	

Tradisioneel

Tradisionele gesin

Gewysigde trad.

Gewysigde tradisionele gesin

Egalitêr

Egalitêre gesin

*

Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis

Op grond van die *post hoc*-toets word die nulhipotese HoP31.3 verwerp en die alternatiewe hipotese HaP31.3 aanvaar. Uit tabel 7.7.3(e) blyk dit dat respondente wat die egalitêre gesin

(RG = 63.64) as ideale gesin voorhou, 'n statisties beduidend hoër mate van vaderbetrokkenheid toon, as respondente wat die gewysigde tradisionele gesin (RG = 59.38) of die tradisionele gesin (RG = 58.83) as die ideale gesin beskou.

HaA31.4 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.000$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente wat in terme van die **beeld van die ideale gesin**, die tradisionele gesin; die gewysigde tradisionele gesin; en die egalitêre gesin as ideale gesin beskou, en die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4).

Om te bepaal tussen watter kategorieë daar statisties beduidende verskille voorkom, is die volgende nulhipotese geformuleer:

HoP31.4 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente wat die tradisionele gesin; die gewysigde tradisionele gesin; en die egalitêre gesin as ideale gesin beskou, ten opsigte van die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4), nie.

Ten einde hierdie hipotese te toets, is daar van die Scheffé-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.7.3(f) in matriksvorm weergegee:

Tabel 7.7.3(f): Scheffé-toets: Die man se persepsie van die regverdigheid van die verwagting dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees (skaal X4) en sy beeld van die ideal gesin

RG	N	IDEALE GESIN	Gewysigde Trad.	Tradisioneel	Egalitêr
76.42	149	Gewysigde trad.			
77.53	84	Tradisioneel			
86.23	167	Egalitêr	**	**	

Tradisioneel	Tradisionele gesin
Gewysigde trad.	Gewysigde tradisionele gesin
Egalitêr	Egalitêre gesin
**	Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Op grond van die *post hoc*-toets word die nulhipotese HoP31.4 verwerp en die alternatiewe hipotese HaP31.4 aanvaar. Uit tabel 7.7.3(f) blyk dit dat respondente wat die egalitêre gesin (RG = 86.23) as ideale gesin voorhou statisties beduidend meer daartoe geneig is om die verwagting dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, as regverdig te beskou, as respondente wat die gewysigde tradisionele gesin (RG = 76.42) of die tradisionele gesin (RG = 77.53) as die ideale gesin beskou.

HaA31.5 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.000$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente wat in terme van die **beeld van die ideale gesin**, die tradisionele gesin; die gewysigde tradisionele gesin; en die egalitêre gesin as ideale gesin beskou, en die man se verrigting van **emosionele werk** in die huwelik (skaal X5).

Om te bepaal tussen watter kategorieë daar statisties beduidende verskille voorkom, is die volgende nulhipotese geformuleer:

HoP31.5 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente wat die tradisionele gesin; die gewysigde tradisionele gesin; en die egalitêre gesin as ideale gesin beskou, ten opsigte van die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5) nie.

Ten einde hierdie hipotese te toets, is daar van die Scheffé-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.7.3(g) in matriksvorm weergegee:

Tabel 7.7.3(g): Scheffé-toets: Die man se verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5) en sy beeld van die ideale gesin

RG	N	IDEALE GESIN	Gewysigde trad.	Tradisioneel	Egalitêr
93.53	149	Gewysigde trad.			
96.71	84	Tradisioneel			
103.5	167	Egalitêr	**	*	

Tradisioneel

Tradisionele gesin

Gewysigde trad.

Gewysigde tradisionele gesin

Egalitêr

Egalitêre gesin

**

Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

*

Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis

Op grond van die *post hoc*-toets word die nulhipotese HoP31.5 verwerp en die alternatiewe hipotese HaP31.5 aanvaar. Uit die bostaande tabel blyk dit dat respondente wat die egalitêre gesin (RG = 103.5) as ideale gesin definieer, statisties beduidend meer emosionele werk in die huwelik verrig as respondente wat die gewysigde tradisionele gesin (RG = 93.53) of die tradisionele gesin (RG = 96.71) as die ideale gesin beskou.

HaA31.6 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.000$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente wat in terme van die **beeld van die ideale gesin**, die tradisionele gesin; die gewysigde tradisionele gesin; en die egalitêre gesin as ideale gesin beskou, en die man se **verbintenis tot groei in die huwelik** (skaal X6).

Om te bepaal tussen watter kategorieë daar statisties beduidende verskille voorkom, is die volgende nulhipotese geformuleer:

HoP31.6 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente wat die tradisionele gesin; die gewysigde tradisionele gesin; en die egalitêre gesin as ideale gesin beskou, ten opsigte van die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6) nie.

Ten einde hierdie hipotese se toets, is daar van die Dunnett T3-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.7.3(h) in matriksvorm weergegee:

Tabel 7.7.3(h): Dunnett T3-toets: Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6) en sy beeld van die ideale gesin

RG	N	IDEALE GESIN	Gewysigde Trad.	Tradisioneel	Egalitêr
46.81	149	Gewysigde trad.			
48.65	84	Tradisioneel			
50.47	167	Egalitêr	**		

Tradisioneel

Tradisionele gesin

Gewysigde trad.

Gewysigde tradisionele gesin

Egalitêr

Egalitêre gesin

**

Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Op grond van die *post hoc*-toets word die nulhipotese HoP31.6 verwerp en die alternatiewe hipotese HaP31.6 aanvaar. Dit blyk uit tabel 7.7.3(h) dat respondente wat die egalitêre gesin (RG = 50.47) as ideale gesin beskou, statisties beduidend meer tot groei in die huwelik verbind is as respondente wat die gewysigde tradisionele gesin (RG = 46.81) of die tradisionele gesin (RG = 48.65) as die ideale gesin voorhou.

HaA31.7 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.001$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente wat in terme van die **beeld van die ideale gesin**, die tradisionele gesin; die gewysigde tradisionele gesin; en die egalitêre gesin as ideale gesin beskou, en die man se ervaring van **huweliksintegrasië** (skaal X7).

Om te bepaal tussen watter kategorieë daar statisties beduidende verskille voorkom, is die volgende nulhipotese geformuleer:

HoP31.7 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente wat die tradisionele gesin; die gewysigde tradisionele

gesin; en die egalitêre gesin as ideale gesin beskou, ten opsigte van die man se ervaring van huweliksintegrasië (skaal X7) nie.

Ten einde hierdie hipotese te toets, is daar van die Dunnett T3-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.7.3(i) in matriksvorm weergegee:

Tabel 7.7.3(i): Dunnett T3-toets: Die man se ervaring van huweliksintegrasië (skaal X7) en sy beeld van die ideale gesin

RG	N	IDEALE GESIN	Gewysigde Trad.	Tradisioneel	Egalitêr
55.65	149	Gewysigde trad.			
58.03	84	Tradisioneel			
59.17	167	Egalitêr	**		

Tradisioneel

Gewysigde trad.

Egalitêr

**

Tradisionele gesin

Gewysigde tradisionele gesin

Egalitêre gesin

Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis



Op grond van die *post hoc*-toets word die nulhipotese $H_0P31.7$ verwerp en die alternatiewe hipotese $H_aP31.7$ aanvaar. Dit blyk uit die bostaande tabel dat respondente wat die egalitêre gesin (RG = 59.17) as die ideale gesin beskryf, statisties beduidend meer huweliksintegrasië ervaar as respondente wat die gewysigde tradisionele gesin (RG = 55.65) of die tradisionele gesin (RG = 58.03) as die ideale gesin voorhou.

HaA31.8 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.000$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente wat in terme van die **beeld van die ideale gesin**, die tradisionele gesin; die gewysigde tradisionele gesin; en die egalitêre gesin as ideale gesin beskou, en die man se **feministiese oriëntasie** (skaal X8).

Om te bepaal tussen watter kategorieë daar statisties beduidende verskille voorkom, is die volgende nulhipotese geformuleer:

HoP31.8 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente wat die tradisionele gesin; die gewysigde tradisionele gesin; en die egalitêre gesin as ideale gesin beskou, ten opsigte van die man se feministiese oriëntasie (skaal X8) nie.

Ten einde hierdie hipotese te toets, is daar van die Dunnett T3-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.7.3(j) in matriksvorm weergegee:

Tabel 7.7.3(j): Dunnett T3-toets: Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8) en sy beeld van die ideal gesin

RG	N	IDEALE GESIN	Tradisioneel	Gewysigde trad.	Egalitêr
38.58	84	Tradisioneel			
39.32	149	Gewysigde trad.			
44.35	167	Egalitêr	**	**	

Tradisioneel

Tradisionele gesin

Gewysigde trad.

Gewysigde tradisionele gesin

Egalitêr

Egalitêre gesin

**

Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Op grond van die *post hoc*-toets word die nulhipotese HoP31.8 verwerp en die alternatiewe hipotese HaP31.8 aanvaar. Uit tabel 7.7.3(j) blyk dit dat respondente wat die egalitêre gesin (RG = 44.35) as ideale gesin voorhou, statisties beduidend meer feministies georiënteerd is as respondente wat die gewysigde tradisionele gesin (RG = 39.32) of die tradisionele gesin (RG = 38.58) as die ideale gesin beskou.

HaA31.9 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.000$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente wat in terme van die **beeld van die ideale gesin**, die tradisionele gesin; die gewysigde tradisionele gesin; en die egalitêre gesin as ideale gesin beskou, en die man se **beroepsbetrokkenheid** (skaal X9).

Om te bepaal tussen watter kategorieë daar statisties beduidende verskille voorkom, is die volgende nulhipotese geformuleer:

HoP31.9 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente wat die tradisionele gesin; die gewysigde tradisionele gesin; en die egalitêre gesin as ideale gesin beskou, ten opsigte van die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9) nie.

Ten einde hierdie hipotese te toets, is daar van die Scheffé-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.7.3(k) in matriksvorm weergegee:

Tabel 7.7.3(k): Scheffé-toets: Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9) en sy beeld van die ideale gesin

RG	N	IDEALE GESIN	Gewysigde trad.	Tradisioneel	Egalitêr
67.34	149	Gewysigde trad.			
70.10	84	Tradisioneel			
72.32	167	Egalitêr	**		

Tradisioneel Tradisionele gesin
 Gewysigde trad. Gewysigde tradisionele gesin
 Egalitêr Egalitêre gesin
 ** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Op grond van die *post hoc*-toets word die nulhipotese HoP31.9 verwerp en die alternatiewe hipotese HaP31.9 aanvaar. Dit blyk uit die bostaande tabel dat respondente wat die egalitêre gesin (RG = 72.32) as die ideale gesin beskryf, statisties beduidend meer by hul beroepe betrokke is as respondente wat die gewysigde tradisionele gesin (RG = 67.34) as die ideale gesin voorhou.

Die laaste hipotese wat met die algemene gegewens en die tellings op die onderskeie skale verband hou, is dié ten opsigte van die respondent se persepsie van die mate waartoe die gesin

van sy vrou se inkomste afhanklik is.

7.7.3 Hipotese 32: Die man se persepsie van die mate waartoe die huisgesin van sy vrou se inkomste afhanklik is

Ten einde vas te stel of die man se persepsie van die mate waartoe die gesin in terme van die gesinsbegroting van sy eggenote se inkomste afhanklik is, 'n rol speel in die verskille in die vektore van gemiddelde tellings op die skale, is die volgende nulhipoteses ten opsigte van die totale ondersoekgroep geformuleer:

HoM32 Daar bestaan geen statisties beduidende verskille tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die gesinne in geen mate; in 'n mindere mate; in 'n mate; in 'n groot mate; en 'n baie groot mate van die vrou se inkomste afhanklik is, ten opsigte van die volgende tien skale **gesamentlik** by die respondente nie:

- HoM32.1 Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1);
- HoM32.2 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2);
- HoM32.3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3);
- HoM32.4 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4);
- HoM32.5 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5);
- HoM32.6 Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6);
- HoM32.7 Die man se ervaring van huweliksintegrasië (skaal X7);
- HoM32.8 Die man se feministiese oriëntasië (skaal X8);
- HoM32.9 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9); en
- HoM32.10 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10).

Ten einde hierdie hipoteses te toets en om vas te stel of daar op 'n oorkoepelende vlak statisties beduidende verskille in die vektore van gemiddeldes tussen die verskillende kategorieë van

respondente se tellings op die verskillende skale bestaan, is 'n meerveranderlike analise van variansie (MANOVA) uitgevoer. **Wilks se koëffisiënt-lambda** is gebruik om die beduidendheid van die resultate te beoordeel. Hierdie resultate word in tabel 7.7.4(a) weergegee.

Tabel 7.7.4(a): Meerveranderlike analise van variansie (MANOVA) vir die respondente se persepsie van die mate waartoe die gesin van die vrou se inkomste afhanklik is en die tien skale gesamentlik

TOETS	WAARDE	F-WAARDE	P-WAARDE	G.V.V.
WILKS	0.742	2.999	0.000**	40; 1465.5

G.V.V. Grade van vryheid

** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Weens die feit dat Wilks se koëffisiënt-lambda se F-waarde statisties beduidend op die 1% peil van betekenis is ($p = 0.000$), word die nulhipotese H_{0M32} verwerp en die **alternatiewe hipotese (H_{aM32})** aanvaar, naamlik: **Daar bestaan statisties beduidende verskille tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die gesinne in geen mate; in 'n mindere mate; in 'n mate; in 'n groot mate; en 'n baie groot mate van die vrou se inkomste afhanklik is, ten opsigte van die bogenoemde tien skale (skale X1 tot X10) gesamentlik by die respondente.**

Op grond van die aanvaarding van die oorkoepelende alternatiewe hipotese H_{aM32} , en om te bepaal ten opsigte van watter skale daar spesifieke verskille tussen die kategorieë voorkom, is 'n verdere stel nulhipoteses geformuleer, naamlik:

H_{0A32} Daar bestaan geen statisties beduidende verskille tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die gesinne in geen mate; in 'n mindere mate; in 'n mate; in 'n groot mate; en 'n baie groot mate van die vrou se inkomste afhanklik is, ten opsigte van **elk** van die volgende tien skale by die respondente nie:

$H_{0A32.1}$ Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1);

- HoA32.2 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2);
- HoA32.3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3);
- HoA32.4 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4);
- HoA32.5 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5);
- HoA32.6 Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6);
- HoA32.7 Die man se ervaring van huweliksintegrasie (skaal X7);
- HoA32.8 Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8);
- HoA32.9 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9); en
- HoA32.10 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10).

Ten einde hierdie hipoteses te toets, is die data gevolglik verder met behulp van 'n eenrigting analise van variansie (ANOVA) ontleed. Die resultate van hierdie ontleding word in tabel 7.7.4(b) uiteengesit.

Tabel 7.7.3(b): Variansieanalyse (ANOVA) vir die gesamentlike kategorieë van die mate waartoe die gesin van die vrou se inkomste afhanklik is ten opsigte van elk van die tien skale

SKALE	SKT	GVV	SKB	GVV	GSKT	GSKB	F	P
X1 (HoA32.1) Huishoudelike take	4338.713	4	94680.2	395	1084.678	239.697	4.525	0.001 **
X2 (HoA32.2) Regverdigheid: huishoudelike take	8738.053	4	201478.0	395	2184.513	510.070	4.283	0.002 **
X3 (HoA32.3) Vaderbetrokkenheid	151.756	4	85257.4	395	37.939	215.842	0.176	0.951
X4 (HoA32.4) Regverdigheid: Kinderversorging	615.599	4	117130.0	395	153.900	296.533	0.519	0.722
X5 (HoA32.5) Emosionele werk	2217.438	4	131274.0	395	554.360	332.338	1.668	0.157
X6 (HoA32.6) Verbintenis tot die Huwelik	356.5027	4	24488.3	395	89.125	61.996	1.438	0.221
X7 (HoA32.7) Huweliksintegrasië	634.591	4	29039.2	395	158.648	73.517	2.158	0.073
X8 (HoA32.8) Feministiese Oriëntasie	567.485	4	25886.9	395	141.871	65.536	2.165	0.072
X9 (HoA32.9) Beroepsbetrokkenheid	1154.906	4	43556.1	395	288.726	110.269	2.618	0.035 *
X10 (HoA32.10) Beroepsverwante Stres	1555.413	4	56899.7	395	388.853	144.050	2.699	0.030 *

- GVV Grade van vryheid
- SKT Som van kwadrate tussen groepe
- SKB Som van kwadrate binne groepe
- GSKT Gemiddelde som van kwadrate tussen groepe
- GSKB Gemiddelde som van kwadrate binne groepe
- * Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis
- ** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Uit tabel 7.7.4(b) blyk dit dat vir die volgende hipoteses daar geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die gesinne in geen mate; in 'n mindere mate; in 'n mate; in 'n groot mate; en 'n baie groot mate van die vrou se inkomste afhanklik is, ten opsigte van die volgende skale by respondente bestaan nie: skale X3, X4, X5, X6, X7 en X8.

Hieruit blyk dit dus dat die volgende nulhipotese nie verwerp kan word nie:

HoA32 Daar bestaan geen statisties beduidende verskille tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die gesinne in geen mate; in 'n mindere mate; in 'n mate; in 'n groot mate; en in 'n baie groot mate van die vrou se inkomste afhanklik is, ten opsigte van **elk** van die volgende sewe skale by die respondente nie:

HoA32.3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3) ($p = 0.951$);

HoA32.4 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4) ($p = 0.722$);

HoA32.5 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5) ($p = 0.157$);

HoA32.6 Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6) ($p = 0.221$);

HoA32.7 Die man se ervaring van huweliksintegrasie (skaal X7) ($p = 0.073$); en

HoA32.8 Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8) ($p = 0.072$).

Daar bestaan egter wel statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die gesinne in geen mate; in 'n mindere mate; in 'n mate; in 'n groot mate; en in 'n baie groot mate van die vrou se inkomste afhanklik is, ten opsigte van elk van die volgende vier skale by die respondente, naamlik skale X1, X2, X9 en X10. In hierdie geval word die nulhipoteses dus verwerp en die alternatiewe hipoteses aanvaar:

HaA32.1 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.001$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die gesinne in geen mate; in 'n mindere mate;

in 'n mate; in 'n groot mate; en in 'n baie groot mate **van die vrou se inkomste afhanklik** is, en die man se persepsie van sy bydrae tot die **verrigting van huishoudelike take** (skaal X1).

Om te bepaal tussen watter kategorieë daar statisties beduidende verskille voorkom, is die volgende nulhipotese geformuleer:

HoP32.1 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die gesinne in geen mate; in 'n mindere mate; in 'n mate; in 'n groot mate; en in 'n baie groot mate van die vrou se inkomste afhanklik is, ten opsigte van die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1) nie.

Ten einde hierdie hipotese te toets, is daar van die Scheffé-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.7.4(c) in matriksvorm weergegee:

Tabel 7.7.4(c): Scheffé-toets: Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1) en die mate waartoe die gesin van die vrou se inkomste afhanklik is

RG	N	AFHANKLIKHEID	Mindere mate	Geen mate	In 'n mate	Groot Mate	Baie groot mate
48.45	51	Mindere mate					
50.50	42	Geen mate					
51.02	126	In 'n mate					
55.22	80	Groot mate					
57.60	101	Baie groot mate	*		*		

Geen mate In geen mate afhanklik nie

Mindere mate In 'n mindere mate afhanklik

In 'n mate In 'n mate afhanklik

Groot mate In 'n groot mate afhanklik

Baie groot mate In 'n baie groot mate afhanklik

* Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis

Op grond van die *post hoc*-toets word die nulhipotese HoP32.1 verwerp en die alternatiewe hipotese HaP32.1 aanvaar. Uit tabel 7.7.4(c) blyk dit dat respondente van wie die gesinne in 'n baie groot mate van die vrou se inkomste afhanklik is (RG = 57.60) statisties beduidend meer by die verrigting van huishoudelike take betrokke is, as respondente van wie die gesinne in 'n mate (RG = 51.02) of in 'n mindere mate (RG = 48.45) van die vrou se inkomste afhanklik is.

HaA32.2 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.002$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die gesinne in geen mate; in 'n mindere mate; in 'n mate; in 'n groot mate; en in 'n baie groot mate **van die vrou se inkomste afhanklik** is, en die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2).

Om te bepaal tussen watter kategorieë daar statisties beduidende verskille voorkom, is die volgende nulhipotese geformuleer:

HoP32.2 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die gesinne in geen mate; in 'n mindere mate; in 'n mate; in 'n groot mate; en in 'n baie groot mate van die vrou se inkomste afhanklik is, ten opsigte van die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2), nie.

Ten einde hierdie hipotese te toets, is daar van die Scheffé-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.7.4(d) in matriksvorm weergegee:

Tabel 7.7.4(d): Scheffé-toets: Die man se persepsie van die regverdigheid van die verwagting dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2) en die mate waartoe die gesin van die vrou se inkomste afhanklik is

RG	N	AFHANKLIKHEID	Geen mate	Mindere mate	Baie groot mate	Groot mate	In 'n mate
62.85	42	Geen mate					
74.31	51	Mindere mate					
77.50	101	Baie groot mate	*				
78.26	80	Groot mate	*				
78.35	126	In 'n mate	**				

Geen mate

In geen mate afhanklik nie

Mindere mate

In 'n mindere mate afhanklik

In 'n mate

In 'n mate afhanklik

Groot mate

In 'n groot mate afhanklik

Baie groot mate

In 'n baie groot mate afhanklik

*

Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis

**

Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

Op grond van die *post hoc*-toets word die nulhipotese HoP32.2 verwerp en die alternatiewe hipotese HaP32.2 aanvaar. Uit tabel 7.7.4(d) blyk dit dat respondente van wie die gesinne in geen mate van die vrou se inkomste afhanklik is nie (RG = 62.85), statisties beduidend minder daartoe geneig is om die verwagting dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, as regverdig te beskou, as respondente van wie die gesinne in 'n mate (RG = 78.35); in 'n groot mate (RG = 78.26) of in 'n baie groot mate (RG = 77.50) van die vrou se inkomste afhanklik is.

HaA32.9 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.035$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die gesinne in geen mate; in 'n mindere mate; in 'n mate; in 'n groot mate; en 'n baie groot mate **van die vrou se inkomste afhanklik** is, en die

man se **beroepsbetrokkenheid** (skaal X9).

Om te bepaal tussen watter kategorieë daar statisties beduidende verskille voorkom, is die volgende nulhipotese geformuleer:

HoP32.2 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die gesinne in geen mate; in 'n mindere mate; in 'n mate; in 'n groot mate; en in 'n baie groot mate van die vrou se inkomste afhanklik is, ten opsigte van die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9) nie.

Ten einde hierdie hipotese te toets, is daar van die Dunnett T3-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.7.4(e) in matriksvorm weergegee:

Tabel 7.7.4(e): Dunnett T3-toets: Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9) en die mate waartoe die gesin van die vrou se inkomste afhanklik is

RG	N	AFHANKLIKHEID	Baie groot mate	In 'n mate	Groot mate	Mindere mate	Geen mate
68.12	101	Baie groot mate					
69.11	126	In 'n mate					
70.68	80	Groot mate					
72.39	51	Mindere mate	*				
72.97	42	Geen mate	*				

Geen mate In geen mate afhanklik nie
 Mindere mate In 'n mindere mate afhanklik
 In 'n mate In 'n mate afhanklik
 Groot mate In 'n groot mate afhanklik
 Baie groot mate In 'n baie groot mate afhanklik
 * Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis

Op grond van die *post hoc*-toets word die nulhipotese HoP32.9 verwerp en die alternatiewe hipotese HaP32.9 aanvaar. Dit blyk uit tabel 7.7.4(e) dat respondente van wie die gesinne in 'n baie groot mate van die vrou se inkomste afhanklik is (RG = 68.12), statisties beduidend minder beroepsbetrokkenheid toon, as respondente van wie die gesinne in 'n mindere mate (RG = 72.39) of in geen mate (RG = 72.97) van die vrou se inkomste afhanklik is nie.

HaA32.10 Daar bestaan statisties beduidende verskille ($p = 0.030$) tussen die vektore van gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die gesinne in geen mate; in 'n mindere mate; in 'n mate; in 'n groot mate; en in 'n baie groot mate **van die vrou se inkomste afhanklik** is, en die man se ervaring van **beroepsverwante stres** (skaal X10).

Om te bepaal tussen watter kategorieë daar statisties beduidende verskille voorkom, is die volgende nulhipotese geformuleer:

HoP32.10 Daar bestaan **paarsgewyse** geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde skaaltellings van respondente van wie die gesinne in geen mate; in 'n mindere mate; in 'n mate; in 'n groot mate; en in 'n baie groot mate van die vrou se inkomste afhanklik is, ten opsigte van die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10) nie.

Ten einde hierdie hipotese te toets, is daar van die Scheffé-toets as *post hoc*-toets gebruik gemaak. Die resultate van hierdie toets word in tabel 7.7.4(f) in matriksvorm weergegee:

Tabel 7.7.4(f): Scheffé-toets: Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10) en die mate waartoe die gesin van die vrou se inkomste afhanklik is

RG	N	AFHANKLIKHEID	Mindere mate	Geen mate	Baie groot mate	In 'n mate	Groot mate
40.11	51	Mindere mate					
43.54	42	Geen mate					
45.45	101	Baie groot mate					
46.05	126	In 'n mate					
46.08	80	Groot mate					

Geen mate	In geen mate afhanklik nie
Mindere mate	In 'n mindere mate afhanklik
In 'n mate	In 'n mate afhanklik
Groot mate	In 'n groot mate afhanklik
Baie groot mate	In 'n baie groot mate afhanklik
*	Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis

Uit tabel 7.7.4(f) blyk dit dat alhoewel daar oorkoepelende verskille bestaan, daar egter geen statisties beduidende verskille ten opsigte van die verskillende mates waartoe respondente se gesinne van die vrou se inkomste afhanklik is en die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10) bestaan nie. Die nulhipotese HoP32.10 word dus nie verwerp nie, en daarom kan geen verdere afleidings in hierdie verband gemaak word nie.

7.8 SAMEVATTING EN BESPREKING

Die hipotesetoetsing wat in hierdie hoofstuk bespreek is, hou spesifiek met die hipoteses ten opsigte van die verbande tussen of die verskille in die vektore van gemiddeldes tussen die biografiese veranderlikes en die onderskeie skale verband. Ten einde 'n sintese ten opsigte van hierdie verbande/verskille tussen die veranderlikes en skale te vorm, word die gegewens samevattend in terme van 'n aantal verbandhoudende tabelle weergegee³. In die bespreking van hierdie tabelle val die fokus hoofsaaklik op die verbande/verskille tussen die biografiese veranderlikes en die *gesinsverwante* skale (dit wil sê skale X1 tot X8).

Die eerste groepering van biografiese veranderlikes wat met die skale in verband gebring word, is dié ten opsigte van die man se persoonlike gegewens.

7.8.1 Die persoonlike gegewens van die man en die skale

In tabel 7.8.1(a) word 'n oorsig gebied van die korrelasies/verskille wat tussen die man se persoonlike gegewens en die verskillende skale, voorkom.

³ Die identifisering van patrone ten opsigte van die verbande/verskille tussen die biografiese veranderlikes en die skale, asook die interpretasie daarvan, word volledig in hoofstuk 9 bespreek.

Tabel 7.8.1(a): Die verbande/verskille tussen die man se persoonlike gegewens en die skale⁴

Biografiese Veranderlikes	X1 Huis. take	X2 Reg: Huis	X3 Vader- betrok.	X4 Reg: Kind.sorg	X5 Emos. werk	X6 Verbint. Huwelik	X7 Huweliks- integrasie	X8 Feminis. Oriëntasie
Man: Persoonlike gegewens								
Ouderdom	*							
Huistaal	**	**		*	*			**
Opvoedkundige kwalifikasie	*	**		**	**	**	**	**
Huwelikstatus ten tyde van huweliksluiting								
Jare getroud met huidige eggenote		**						
Ouderdom by geboorte van eerste kind	**	**		**	**	**	*	**

Die eerste opvallende patroon, wat ten opsigte van die man se persoonlike gegewens en die tellings op die onderskeie skale, na vore tree, hou spesifiek met die respondente se **huistaal** verband. Dit is telkens die Engelssprekende respondente wat beduidend hoër tellings op die verskillende skale behaal het. Dit wil dus sê dat Engelssprekende mans beduidend meer daartoe geneig is om beide die verwagtings dat 'n man by die verrigting van huishoudelike take (skaal X2) en kinderversorgingsaktiwiteite (skaal X4) betrokke moet wees, as regverdig te beskou, as wat dit die geval met Afrikaanssprekende mans is. Verder is dit ook Engelssprekende mans wat nie alleen beduidend meer feministies georiënteerd is nie (skaal X8), maar ook geneig is om

⁴ Wanneer daar na die verskillende skale in tabelvorm verwys word, word die volgende afkortings gebruik:

- * Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis
- ** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis
- X1 Huis.take Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take
- X2 Reg: Huis Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig
- X3 Vaderbetrok. Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon
- X4 Reg: Kind.sorg Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees
- X5 Emos. werk Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik
- X6 Verbint. Huwelik Die man se verbintenis tot groei in die huwelik
- X7 Huweliksintegrasie Die man se ervaring van huweliksintegrasie
- X8 Feminis. Oriëntasie Die man se feministiese oriëntasie
- X9 Beroepsbetrokkenheid Die man se beroepsbetrokkenheid
- X10 Beroepstres Die man se ervaring van beroepsverwante stres

meer emosionele werk in die huwelik te verrig (skaal X5) as wat dit die geval met Afrikaanssprekende mans is. Dit is egter slegs ten opsigte van die man se verrigting van huishoudelike take (skaal X1), dat die Afrikaanssprekende mans, in teenstelling met hul Engelssprekende eweknieë, 'n groter bydrae lewer.

Wanneer die fokus op die **opvoedkundige kwalifikasies** van die man geplaas word, wil dit voorkom dat hoe hoër die man se opvoedkundige peil is, hoe hoër is sy skaaltellings ten opsigte van die gesinsverwante skale. Dit wil dus sê dat respondente wat oor 'n nagraadse kwalifikasie beskik telkens, in vergelyking met dié met ander opvoedkundige kwalifikasies, beduidend die meeste daartoe geneig is om die verwagting dat 'n man huishoudelike take moet verrig (skaal X2) en dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees (skaal X4), wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, as regverdig te beskou. Mans wat oor 'n nagraadse kwalifikasie beskik is verder ook meer daartoe geneig om meer feministies georiënteerd te wees (skaal X8), om meer emosionele werk in die huwelik te verrig (skaal X5), om 'n hoër mate van verbintenis tot groei in die huwelik te toon (skaal X6) en om 'n hoër mate van huweliksintegrasie te ervaar (skaal X7). Dit is egter interessant om daarop te let dat slegs met betrekking tot die man se verrigting van huishoudelike take (skaal X1), dit mans is wat oor 'n kwalifikasie laer as matriek beskik, wat die meeste daartoe geneig is om hierdie huishoudelike take te verrig. In hierdie opsig is mans wat oor 'n nagraadse kwalifikasie beskik beduidend die minste daartoe geneig is om 'n bydrae tot die verrigting van huishoudelike take te lewer. Dus, alhoewel mans wat oor nagraadse kwalifikasies beskik in 'n mindere mate by die werklike verrigting van huishoudelike take betrokke is, is hulle in teenstelling daarmee, meer daartoe geneig om dit as hoogs regverdig te beskou dat dit van 'n man verwag kan word om hierdie take te moet verrig, as wat dit die geval met mans is wat oor 'n laer opvoedkundige kwalifikasie beskik.

Dit wil dus voorkom dat mans wat oor 'n hoër opvoedkundige kwalifikasie beskik, dalk weens die aard van hul werk, bloot net nie genoeg tyd tot hul beskikking het om huishoudelike take te verrig nie. Dit word bevestig wanneer daar 'n eenrigting analise van variansie (ANOVA) ten opsigte van die man se opvoedkundige kwalifikasie en die veranderlikes rakende die aantal ure wat hy aan beroepsverwante werk afstaan wanneer hy tuis is, bereken word.

Tabel 7.8.1(b): Variansieanalise (ANOVA): Die man se opvoedkundige kwalifikasie en die aantal ure wat hy per werksdag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hy tuis is

Opvoedkundige kwalifikasie	< matriek	Matriek	Matriek + Diploma	B-Graad	Nagraads
Rekenkundige gemiddeld: Aantal ure per dag beroepsverwante wanneer tuis is	0.70	0.58	1.33	1.89	3.49

SKT	GVV	SKB	GVV	GSKT	GSKB	F	P
239.344	7	595.554	392	34.192	1.519	22.506	0.000**

GVV Grade van vryheid

SKT Som van kwadrate tussen groepe

SKB Som van kwadrate binne groepe

GSKT Gemiddelde som van kwadrate tussen groepe

GSKB Gemiddelde som van kwadrate binne groepe

** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Tabel 7.8.1(c): Variansieanalise (ANOVA): Die man se opvoedkundige kwalifikasie en die aantal ure wat hy per naweek aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hy tuis is

Opvoedkundige kwalifikasie	< matriek	Matriek	Matriek + Diploma	B-Graad	Nagraads
Rekenkundige gemiddeld: Aantal ure per naweek beroepsverwante wanneer tuis is	1.12	1.06	2.17	3.07	4.53

SKT	GVV	SKB	GVV	GSKT	GSKB	F	P
432.649	7	1891.991	392	61.807	4.827	12.806	0.000**

GVV Grade van vryheid

SKT Som van kwadrate tussen groepe

SKB	Som van kwadrate binne groepe
GSKT	Gemiddelde som van kwadrate tussen groepe
GSKB	Gemiddelde som van kwadrate binne groepe
**	Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Uit die twee bostaande tabelle blyk dit dat mans wat oor 'n nagraadse kwalifikasie beskik meer tyd aan beroepsverwante aspekte afstaan wanneer hulle tuis is, as wat dit die geval met mans is wat oor 'n laer opvoedkundige kwalifikasie beskik. So blyk dit uit tabel 7.8.1(b) dat mans met 'n nagraadse opvoedkundige kwalifikasie gemiddeld 3.49 ure per werksdag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is, terwyl mans met onderskeidelik 'n Baccalaureus-graad 1.89 ure; 'n matrieksertifikaat plus 'n diploma 1.33 ure; 'n matrieksertifikaat 0.58 ure en mans met 'n opvoedkundige kwalifikasie laer as matriek 0.70 ure per dag aan beroepsverwante werk tyd afstaan wanneer hulle tuis is ($F = 22.506$; $p = 0.000$). Uit tabel 7.8.1(c) is dit duidelik dat mans met 'n nagraadse opvoedkundige kwalifikasie gemiddeld 4.53 ure per naweek aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is, terwyl mans met onderskeidelik 'n Baccalaureus-graad 3.07 ure; mans met 'n matrieksertifikaat plus 'n diploma 2.17 ure; mans met 'n matrieksertifikaat 1.06 ure en mans met 'n opvoedkundige kwalifikasie laer as matriek 1.12 ure per naweek aan beroepsverwante werk tyd afstaan wanneer hulle tuis is ($F = 12.806$; $p = 0.000$). Dus, alhoewel hierdie mans betreklik min tyd tot hul beskikking het om by die werklike verrigting van huishoudelike take betrokke te wees, blyk dit dat hulle in die lig van hul feministiese oriëntasie en hul verrigting van emosionele werk, *bereid is* om huishoudelike en kinderversorgingstake te verrig. Hierdie bereidwilligheid om by die verrigting van huishoudelike en kinderversorgingstake betrokke te wees, kan dus as komponente van die wyse waarop die man emosionele steun aan sy vrou verleen, geïnterpreteer word.

'n Derde veranderlike wat hier belangrik blyk te wees, is die **man se ouderdom by die geboorte van sy (eie) eerste kind**. Uit tabel 7.8.1(a) blyk dit dat sogenaamde "laat-ouerskap mans" - mans wat volgens Cooney *et al* (1993:207) ouerskap tot die ouderdom na dertig uitgestel het - telkens hoër skaaltellings ten opsigte van die gesinsverwante veranderlikes behaal, as wat dit die geval is met "vroë-ouerskap mans" - mans wat in hul twintiger jare vaders geword het. In hierdie opsig is dit duidelik dat mans wat by 'n latere ouderdom vir die eerste keer pa geword het, beduidend meer daartoe geneig is om die verwagting dat 'n man

huishoudelike take moet verrig (skaal X2) en by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees (skaal X4), as regverdig te beskou as mans wat jonger was toe hulle vir die eerste keer pa geword het. Dit is ook mans wat by 'n latere ouderdom vir die eerste keer vaderskap betree het wat beduidend meer emosionele werk in die huwelik verrig (skaal X5), meer tot groei in die huwelik verbind is (skaal X6), meer huweliksintegrasie ervaar (skaal X7) en meer feministies georiënteerd is (skaal X8) as wat dit die geval met sogenaamde "vroë vaders" is.

In teenstelling hiermee, is dit weereens slegs ten opsigte van die man se verrigting van huishoudelike take (skaal X1) dat 'n ander patroon na vore tree. Wat hierdie skaal betref, blyk dit dat mans wat as "vroë vaders" geklassifiseer kan word, beduidend meer by die verrigting van huishoudelike take betrokke is, as mans wat eers by 'n latere ouderdom vir die eerste keer pa geword het.

Wat vaderbetrokkenheid en die man se ouderdom by die geboorte van sy eerste kind betref, is Cooney *et al* (1993:206) van mening dat "laat-ouerskap mans" meer daartoe geneig is om by die verrigting van kinderversorgingsaktiwiteite betrokke te wees as wat dit die geval met "vroë" vaders is. Weingarten [soos deur Martin (1985:173) aangehaal] sluit hierby aan deur te sê dat "...older men make better fathers, are more involved in the child's care and needs, and are more flexible in child-care roles." Hierdie kwessie van "vroë" versus "laat" vaderskap word dus as 'n sentrale veranderlike in die literatuur rakende vaderbetrokkenheid beskou. Tog is dit interessant dat die ouderdom van die mans by die geboorte van hul eerste kinders in hierdie studie geen beduidende verband met die mate waartoe hulle vaderbetrokkenheid toon (skaal X3), toon nie. Dit wil dus sê dat die klassifikasie van mans as synde óf "vroë" óf "laat" vaders in hierdie geval geen beduidende rol speel in die mate waartoe hulle vaderbetrokkenheid, al dan nie, toon nie.

Wat ook opvallend is, is dat daar geen beduidende verskille tussen die respondente ten opsigte van hul **huwelikstatus** ten tyde van die sluiting van hul huidige huwelike en hul skaaltellings vir enige van die skale bestaan nie. Dit wil dus sê dat mans se huwelikstatus by die sluiting van hul huwelike as synde wewenaars, geskeides of enkellopendes geen beduidende verband met hul tellings ten opsigte van enige van die gesinsverwante skale toon nie.

Die tweede groepering van biografiese veranderlikes wat met die skale in verband gebring word, is dié ten opsigte van die gegewens rakende die man se beroep.

7.8.2 Die gegewens ten opsigte van die man se beroep en die skale

In tabel 7.8.2(a) word 'n oorsig gebied van die korrelasies/verskille wat tussen die gegewens ten opsigte van die man se beroep en die verskillende skale, voorkom.

Tabel 7.8.2(a): Die verbande/verskille tussen die gegewens rakende die man se beroep en die skale

Biografiese Veranderlikes	X1 Huis- take	X2 Reg: Huis	X3 Vader- betrok.	X4 Reg: Kind.sorg	X5 Emos. Werk	X6 Verbint. Huwelik	X7 Huweliks- integrasië	X8 Feminis. Oriëntasie
Man: Beroep								
Beroepskategorie	**	**	*	**	**	**	**	**
Werkstyd per week			**					
Werkure per dag by werk deurgebring			**			*		
Werkure per dag by huis deurgebring		**	**	**	*	*		**
Werkure per naweek by huis deurgebring		**		*	*	*		**
Beskikbaarheid: Alternatiewe werkpatrone								
Gebruikmaking: Alternatiewe werkpatrone								
Gebruikmaking: Kraamverlof vir vaders	**	**	**	**	**	**	**	**

Oorkoepelend gesien, wat die hipoteses ten opsigte van die man se beroep en die tellings op die onderskeie skale betref, is daar enkele interessante aspekte wat na vore tree. Eerstens is dit duidelik dat die man se **beroepskategorie** 'n belangrike veranderlike blyk te wees wanneer die verskille ten opsigte van die respondente se tellings op die verskillende skale ter sprake kom. So blyk dit byvoorbeeld dat mans wat bestuurs/professionele beroepe beoefen, in vergelyking met

mans wat in ander beroepskategorieë val, dit as beduidend meer regverdig beskou dat mans huishoudelike take moet verrig (skaal X2), dit as meer regverdig beskou dat mans by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees (skaal X4), beduidend meer emosionele werk in die huwelik verrig (skaal X5), meer tot groei in die huwelik verbind is (skaal X6) en meer feministies georiënteerd is (skaal X8).

In teenstelling hiermee is mans wat 'n bestuur/professionele beroep beoefen egter beduidend minder by die verrigting van huishoudelike take betrokke (skaal X1), as wat dit met mans in ander beroepskategorieë die geval is. Dit is in hierdie opsig eerder die mans wat klerklike beroepe beoefen wat die meeste daartoe geneig is om hierdie take te verrig. Dus, alhoewel mans wat 'n bestuurs/professionele beroep beoefen in 'n mindere mate by die werklike verrigting van huishoudelike take betrokke is, is hulle in teenstelling hiermee meer daartoe geneig om dit as hoogs regverdig te beskou dat dit van 'n man verwag kan word om hierdie take te moet verrig.

Dit wil dus voorkom dat mans wat 'n bestuurs/professionele beroep beoefen, dalk weens die aard van hul werk, bloot net nie genoeg tyd tot hul beskikking het om huishoudelike take te verrig nie. Dit word bevestig wanneer daar 'n eenrigting analise van variansie (ANOVA) ten opsigte van die man se beroepskategorie en die veranderlikes rakende die aantal ure wat hy aan beroepsverwante werk afstaan wanneer hy tuis is, bereken word.

Tabel 7.8.2(b): Variansieanalise (ANOVA): Die man se beroepskategorie en die aantal ure wat hy per werksdag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hy tuis is

Beroepskategorie	Ambag	Dienslewerend	Klerklik	Semi-professioneel	Bestuurs/ Professioneel
Rekenkundige gemiddeld: Aantal ure per dag beroepswerksaam wanneer tuis is	0.58	0.48	0.71	1.33	2.53

SKT	GVV	SKB	GVV	GSKT	GSKB	F	P
207.062	5	627.835	394	41.412	1.593	25.989	0.000**

HOOFSTUK 7 HIPOTESETOESTING: BIOGRAFIESE VERANDERLIKES EN SKALE

GVV	Grade van vryheid
SKT	Som van kwadrate tussen groepe
SKB	Som van kwadrate binne groepe
GSKT	Gemiddelde som van kwadrate tussen groepe
GSKB	Gemiddelde som van kwadrate binne groepe
**	Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Tabel 7.8.2(c): Variansieanalise (ANOVA): Die man se beroepskategorie en die aantal ure wat hy per naweek aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hy tuis is

Beroepskategorie	Ambag	Dienslewend	Klerklik	Semi-professioneel	Bestuurs/ Professioneel
Rekenkundige gemiddeld: Aantal ure per naweek beroepswerksaam wanneer tuis is	0.94	0.69	1.10	2.33	3.86

SKT	GVV	SKB	GVV	GSKT	GSKB	F	P
447.245	5	1877.395	394	89.449	4.765	18.772	0.000**

GVV	Grade van vryheid
SKT	Som van kwadrate tussen groepe
SKB	Som van kwadrate binne groepe
GSKT	Gemiddelde som van kwadrate tussen groepe
GSKB	Gemiddelde som van kwadrate binne groepe
**	Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Uit die bostaande twee tabelle blyk dit dat mans wat 'n bestuurs/professionele beroep beoefen beduidend meer ure per dag en per naweek aan beroepsverwante werk afstaan wanneer hulle tuis is, as wat dit die geval met mans in ander beroepskategorieë is. Uit tabel 7.8.2(b) blyk dit byvoorbeeld dat mans wat bestuurs/professionele beroepe beoefen gemiddeld 2.53 ure per werksdag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is, terwyl mans in semi-professionele beroepsposisies 1.33 ure; mans met klerklike beroepe 0.71 ure; mans met dienslewendende beroepe 0.48 ure en mans met ambagte 0.58 ure per dag aan beroepsverwante

werk tyd afstaan wanneer hulle by die huis is ($F = 25.989$; $p = 0.000$). Uit tabel 7.8.2(c) is dit duidelik dat mans wat bestuurs/professionele beroepe beoefen gemiddeld 3.86 ure per naweek aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is, terwyl mans in semi-professionele beroepsposisies 2.33 ure; mans met klerklike beroepe 1.10 ure; mans met dienslewerende beroepe 0.69 ure en mans met ambagte 0.94 ure per naweek aan beroepsverwante werk tyd afstaan wanneer hulle by die huis is ($F = 18.772$; $p = 0.000$). Dus, alhoewel hierdie mans betreklik min tyd tot hul beskikking het om by die werklike verrigting van huishoudelike betrokke te wees, blyk dit dat hulle in die lig van hul feministiese oriëntasie en hul verrigting van emosionele werk, *bereid is* om huishoudelike en kinderversorgingstake te verrig. Hierdie bereidwilligheid om by die verrigting van huishoudelike en kinderversorgingstake betrokke te wees, kan dus as komponente van die wyse waarop die man emosionele steun aan sy vrou verleen, geïnterpreteer word.

Dit is verder, wat die respondente se beroepskategorieë en die skaaltellings betref, opvallend dat naas mans wat bestuurs/professionele beroepe beoefen, dit mans is wat semi-professionele beroepe beoefen, wat die tweede hoogste tellings op die betrokke skale behaal het. Wat die man se ervaring van huweliksintegrasie (skaal X7) betref, is dit egter nie mans wat bestuurs/professionele beroepe beoefen nie, maar wel dié wat semi-professionele beroepe beoefen wat die hoogste skaaltellings behaal het. Dit wil dus voorkom dat, alhoewel mans wat bestuurs/professionele beroepe beoefen 'n hoë mate van huweliksintegrasie kan ervaar, hulle tog weens die aard van hul beroepe en die eise wat dit aan hulle stel, iets wat die ervaring van huweliksintegrasie betref, mag inboet.

Tweedens blyk dit dat die **aantal ure wat die man per werksdag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hy tuis is**, 'n belangrike veranderlike kan wees. Dit is byvoorbeeld opvallend dat mans wat meer ure per dag tuis aan beroepsverwante werk aandag gee, beduidend meer daartoe geneig is om die verwagting dat 'n man huishoudelike take moet verrig (skaal X2) en by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees (skaal X4) as regverdig te beskou as wat dit die geval met mans is wat min ure per dag aan beroepsverwante werk aandag skenk wanneer hulle tuis is. Mans wat meer ure per werksdag aan beroepsverwante aspekte aandag skenk wanneer hulle tuis is, beskou dit egter nie net as regverdig teenoor 'n man dat hy by die versorging van die kinders betrokke moet wees nie, maar dit blyk ook dat hierdie mans self ook,

wat hulle werklike gedrag betref, 'n hoër mate van vaderbetrokkenheid toon (skaal X3) as wat dit die geval met mans is wat min ure per dag aan beroepsverwante werk afstaan wanneer hulle tuis is. Dit is verder ook mans wat meer ure tuis aan beroepsverwante werk afstaan wat beduidend meer emosionele werk in die huwelik verrig (skaal X5), meer tot groei in die huwelik verbind is (skaal X6) en meer feministies georiënteerd is (skaal X8).

Hierdie positiewe korrelasies sou dalk in die lig van die vorige veranderlikes - die man se opvoedkundige kwalifikasie en sy beroepkategorie - verduidelik kan word. Soos reeds gesien, is mans wat oor 'n hoër opvoedkundige peil beskik en wat bestuurs/professionele beroepe beoefen geneig om hoë tellings op die gesinsverwante skale te behaal. Dit is ook hierdie mans wat waarskynlik meer tyd aan beroepsverwante werk sal bestee wanneer hulle tuis is - en daarom lig werp op die rede waarom mans wat meer ure per dag aan hul beroepsverwante werk aandag gee wanneer hulle by die huis is, ook hoë tellings op die gesinsverwante skale behaal.

Ook wat die **aantal ure wat die man per naweek aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hy tuis is** betref, blyk dit dat dit telkens mans is wat lang ure per naweek by die huis werk, wat beduidend meer daartoe geneig is om dit as regverdig te beskou dat 'n man huishoudelike take moet verrig (skaal X2) en by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees (skaal X4), as wat dit die geval met mans is wat min ure per naweek aan beroepsverwante werk aandag skenk wanneer hulle tuis is. Dit is ook mans wat meer ure per naweek aan beroepsverwante aspekte aandag skenk wanneer hulle tuis is, wat beduidend meer emosionele werk in die huwelik verrig (skaal X5), meer tot groei in die huwelik verbind is (skaal X6) en meer feministies georiënteerd is (skaal X8).

'n Verdere veranderlike wat belangrik blyk te wees, is die **mate waartoe die man van kraamverlof vir vaders gebruik sal maak, al dan nie**. In hierdie opsig is dit duidelik dat dit telkens mans is wat wel van kraamverlof gebruik sal maak wat beduidend hoër tellings op al die gesinsverwante skale behaal het. Dit wil dus sê dat mans wat van kraamverlof gebruik sal maak, anders as die mans wat nie daarvan gebruik sal maak nie, nie net in terme van hul werklike gedrag meer by die verrigting van huishoudelike take betrokke is (skaal X1) en meer vaderbetrokkenheid (skaal X3) toon nie, maar dat hulle ook in 'n groter mate dit as regverdig beskou dat 'n man by die verrigting van huishoudelike take (skaal X2) en

kinderversorgingsaktiwiteit (skaal X4) betrokke moet wees. Verder is hierdie mans wat wel van kraamverlof gebruik sal maak ook beduidend meer daartoe geneig om emosionele werk in die huwelik te verrig (skaal X5), 'n verbintenis tot groei in die huwelik te toon (skaal X6), huweliksintegrasie te ervaar (skaal X7) en meer feministies georiënteerd te wees (skaal X8), as wat dit die geval met mans is wat *nie* van kraamverlof gebruik sal maak nie.

Dit wil dus voorkom dat die man se gebruikmaking van kraamverlof - met ander woorde sy begeerte om sy vrou tydens en na die geboorte van hul kind by te staan - nie alleen met 'n groter mate van vaderbetrokkenheid verband hou nie (soos dit dan ook in die literatuur soos onder andere in die werk van Nickel en Köcher (1987:101) bevestig word), maar dat hierdie bereidwilligheid van die man ook implikasies vir ander komponente van sy gesinslewê kan inhou. Dit kom veral duidelik na vore in die mate waartoe hierdie mans huweliksintegrasie ervaar.

Hierteenoor is dit opvallend dat die **besikbaarheid van alternatiewe werkspatrone** en die respondente se **gebruikmaking daarvan, al dan nie**, geen rol in die respondente se verskille ten opsigte van hul tellings vir enige van die tien skale speel nie.

Die derde groepering van biografiese veranderlikes wat met die skale in verband gebring word, is dié ten opsigte van die gegewens rakende die man se eggenote.

7.8.3 Die gegewens ten opsigte van die man se eggenote en die skale

In tabel 7.8.3(a) word 'n oorsig gebied van die korrelasies/verskille wat tussen die gegewens ten opsigte van die man se eggenote en die verskillende skale, voorkom.

Tabel 7.8.3(a): Die verbande/verskille tussen die gegewens rakende die man se eggenote en die skale

Biografiese Veranderlikes	X1 Huis- take	X2 Reg: Huis	X3 Vader- betrok.	X4 Reg: Kind.sorg	X5 Emos. werk	X6 Verbint. Huwelik	X7 Huweliks- integrasie	X8 Feminis. Oriëntasie
Eggenote								
Opvoedkundige kwalifikasie	**	**		**	**	**	*	**
Beroepskategorie	**	**		**	**	**		**
Werksdae per week								
Werksure per dag by werk deurgebring								
Werksure per dag by huis deurgebring		**						

Oorkoepelend gesien, wat die hipoteses ten opsigte van die man se eggenote en die tellings op die onderskeie skale betref, is dit in die eerste plek opvallend dat, soos in die geval van die man, veral twee veranderlikes hier 'n belangrike rol ten opsigte van die verskille in skaaltellings van respondente speel. Wat die **eggenote se opvoedkundige kwalifikasie** betref, is dit interessant om daarop te let dat, soos in die geval van die respondente se eie opvoedkundige kwalifikasies, dit telkens die respondente is wie se eggenotes oor 'n nagraadse kwalifikasie beskik wat die meeste daartoe geneig is om dit as regverdig te beskou dat 'n man huishoudelike take moet verrig (skaal X2) en dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees (skaal X4). Mans wie se eggenotes oor 'n nagraadse kwalifikasie beskik, is verder ook meer daartoe geneig om feministies georiënteerd te wees (skaal X8), emosionele werk in die huwelik te verrig (skaal X5), om 'n hoër mate van verbintenis tot groei in die huwelik te toon (skaal X6) en om 'n hoër mate van huweliksintegrasie te ervaar (skaal X7), as wat dit die geval met mans is wie se eggenotes oor 'n laer opvoedkundige kwalifikasie beskik. Dit is verder ook interessant om daarop te let dat, soos in die geval van die man se eie opvoedkundige kwalifikasie, dit mans is wie se eggenotes oor 'n nagraadse kwalifikasie beskik, wat beduidend die *minste* daartoe geneig is om by die verrigting van huishoudelike take betrokke te wees (skaal X1), as wat dit die geval met mans is wie se eggenotes oor 'n laer opvoedkundige kwalifikasie beskik.

Dit is opvallend dat daar 'n soortgelyke patroon ten opsigte van die skaaltellings van die mans wat oor 'n nagraadse kwalifikasie beskik en dié wie se eggenotes oor 'n nagraadse kwalifikasie beskik, bestaan. Dit kan dalk verband hou met die moontlikheid dat mans wat self oor 'n hoë opvoedkundige kwalifikasie beskik, ook met vrouens wat oor 'n hoë opvoedkundige kwalifikasie beskik, getroud is. Ten einde hierdie moontlikheid te toets, is 'n kruistabulasie aan die hand van Pearson se chi-kwadraat ten opsigte van die man asook sy eggenote se opvoedkundige kwalifikasies bereken. Die resultate van die chi-kwadraat word in tabel 7.8.3(b) weergegee.

Tabel 7.8.3(b): Chi-kwadraat: Die man en sy eggenote se opvoedkundige kwalifikasies

Opvoedkundige kwalifikasie: Vrou						
Opvoedkundige kwalifikasie: Man	< Matriek	Matriek	Matriek + Diploma	B-graad	Nagraads	TOTAAL
< Matriek	44	52	4	0	1	101
Matriek	17	112	18	6	3	156
Matriek + Diploma	5	25	40	8	2	80
B-graad	1	5	6	16	2	30
Nagraads	0	2	2	4	25	33
TOTAAL	67	196	70	34	33	400

$\chi^2 = 469.060$

G.V.V = 42

P = 0.000**

Uit tabel 7.8.3(b) blyk dit dat (waar $\chi^2 = 469.060$; $p = 0.000$) dat 25 van die 33 (76%) mans wat oor 'n nagraadse opvoedkundige kwalifikasie beskik ook met vroue getroud is wat self ook oor

'n nagraadse kwalifikasie beskik, terwyl geeneen van die mans wat oor 'n nagraadse kwalifikasie beskik met 'n vrou met 'n opvoedkundige kwalifikasie laer as matriek getroud is nie, slegs twee met vroue met 'n matrieksertifikaat, twee met vroue met 'n matrieksertifikaat plus 'n diploma en vier met vroue met 'n Baccalaureus-graad getroud is. Sodoende word daar dus lig gewerp op die soortgelyke patroon wat bestaan ten opsigte van die skaaltellings van mans wat oor 'n nagraadse kwalifikasie beskik en dié wie se eggenotes ook oor 'n nagraadse kwalifikasie beskik.

In die tweede plek blyk dit, soos in die geval van die man se eie beroepskategorie, dat respondente wie se eggenotes 'n bestuurs/professionele beroep beoefen, beduidend meer daartoe geneig is om dit as regverdig te beskou dat 'n man huishoudelike take moet verrig (skaal X2) en by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees (skaal X4), as wat dit die geval met mans is wie se eggenotes ander tipes beroepe beoefen. Ook is hierdie mans wie se eggenotes bestuurs/professionele beroepe beoefen beduidend meer daartoe geneig om emosionele werk in die huwelik te verrig (skaal X5), tot groei in die huwelik verbind te wees (skaal X6) en feministies georiënteerd te wees (skaal X8) as wat dit die geval met mans is wie se eggenotes in ander beroepskategorieë val.



Weereens is dit duidelik dat daar 'n soortgelyke patroon ten opsigte van die skaaltellings van die mans wat 'n bestuurs/professionele beroep beoefen en dié wie se eggenotes 'n bestuurs/professionele beroep beoefen, bestaan. Dit hou dalk verband met die moontlikheid dat mans wat self 'n bestuurs/professionele beroep beoefen ook met vrouens wat bestuurs/professionele beroepe beoefen, getroud is. Ten einde hierdie moontlikheid te toets, is 'n kruistabulasie aan die hand van Pearson se chi-kwadraat ten opsigte van die man en sy eggenote se beroepskategorieë, bereken. Die resultate word in tabel 7.8.3(c) weergegee.

Tabel 7.8.3(c): Chi-kwadraat: Die man en sy eggenote se beroepskategorieë

Beroepskategorie: Man	Dienslewerend	Klerklik	Semi-professioneel	Bestuurs/ Professioneel	TOTAAL
Anbag	29	74	11	1	115
Dienslewerend	10	18	1	0	29
Klerklik	17	70	5	1	93
Semi-professioneel	8	65	43	4	120
Bestuurs/Professioneel	0	6	13	24	43
TOTAAL	64	233	73	30	400

$\chi^2 = 316.369$

G.V.V. = 20

P = 0.000**

Uit tabel 7.8.3(c) blyk dit dat (waar $\chi^2 = 316.369$; $p = 0.000$) 24 van die 43 (56%) mans wat 'n bestuurs/professionele beroep beoefen ook met vroue getroud is wat self ook 'n bestuurs/professionele beroep beoefen, terwyl geeneen van die mans wat 'n bestuurs/professionele beroep beoefen met 'n vrou wat 'n dienslewerende beroep beoefen getroud is nie, slegs ses met vroue wat klerklike beroepe beoefen en dertien met vroue wat semi-professionele beroepe beoefen, getroud is. Sodoende word daar dus lig gewerp op die soortgelyke patroon wat bestaan ten opsigte van die skaaltellings van mans wat bestuurs/professionele beroepe beoefen en dié wie se eggenotes ook bestuurs/professionele beroepe beoefen.

In beide die gevalle van die mans wie se eggenotes oor 'n nagraadse kwalifikasie beskik en mans wie se eggenotes bestuurs/professionele beroep beoefen, blyk dit dat hierdie respondente

nie net hoë tellings op die twee *regverdigheidskale*- die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig (skaal X2) en by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees (skaal X4) - behaal nie, maar dat hulle ook telkens beduidend die hoogste tellings op skaal X5 - die man se verrigting van emosionele werk in die huwelik - behaal. Die gedagte dat 'n man dit as regverdig beskou dat aspekte rakende die huishouding en kinderversorging as deel van sy rolbeskrywing beskou moet word, dien as 'n aanduiding van sy bereidwilligheid om wel by hierdie take betrokke te wees. Hierdie bereidwilligheid van die man om sy vrou ten opsigte van hierdie genoemde take by te staan, sluit by die kwaliteite wat met emosionele werk in die huwelik geassosieer word, aan. Dit wil dus voorkom dat die twee regverdigheidskale as komponente van die verrigting van emosionele werk in die huwelik geïnterpreteer kan word.

Verder is dit ook opvallend dat, soos in die geval van die man se eie beroepskategorie, dit mans is wie se eggenotes 'n bestuurs/professionele beroep beoefen, wat die *minste* daartoe geneig is om by die uitvoering van huishoudelike taakverpligtinge betrokke te wees (skaal X1).

Hierteenoor bied die **aantal werksdae wat die eggenote beroepswerksaam is** en die **aantal ure wat sy per dag by die werk deurbring** geen beduidende rol ten opsigte van die verskille in die respondente se tellings op enige van die gesinsverwante skale speel nie.

Die vierde groepering van biografiese veranderlikes wat met die skale in verband gebring word, is dié ten opsigte van die gegewens rakende die egpaar se kinders.

7.8.4 Die gegewens ten opsigte van die egpaar se kinders en die skale

In tabel 7.8.4 word 'n oorsig gebied van die korrelasies/verskille wat tussen die gegewens ten opsigte van die egpaar se kinders en die verskillende skale, voorkom.

Tabel 7.8.4: Die verbande/verskille tussen die gegewens rakende die egpaar se kinders en die skale

Biografiese Veranderlikes	X1 Huis. take	X2 Reg: Huis	X3 Vader- betrok.	X4 Reg: Kind.sorg	X5 Emos. werk	X6 Verbint. Huwelik	X7 Huweliks- integrasië	X8 Feminis. Oriëntasie
Kinders								
Aantal afhanklike kinders		**		*				
Ouderdom van jongste kind		**		*				
Geslag van kinders								

Wat die drie veranderlikes ten opsigte van die egpaar se kind/ers betref, blyk dit dat daar slegs enkele beduidende verbande/verskille tussen die veranderlikes en twee van die drie skale bestaan. Dit is byvoorbeeld opvallend dat daar negatiewe korrelasies tussen die **aantal afhanklike kinders wat by die egpaar woon** en die twee regverdigheidskale bestaan. Dit wil dus sê dat hoe *meer* afhanklike kinders daar in die huishouding is, hoe *minder* is die respondente daartoe geneig om dit as regverdig te beskou dat 'n man huishoudelike take moet verrig (skaal X2) en by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees (skaal X4). Of anders gestel, hoe *minder* die aantal afhanklike kinders in die huishouding is, hoe *meer* is die respondente daartoe geneig om dit as regverdig te bekou dat 'n man huishoudelike take moet verrig (skaal X2) en by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees (skaal X4). Dit is moontlik te wyte aan die feit dat die man van mening mag wees dat hoe meer kinders daar in die huishouding is, hoe meer kan daar van hulle verwag word om 'n bydrae te lewer in die verrigting van huishoudelike take en die versorging van jonger kinders in die gesin, terwyl dit dan minder regverdig sal wees om nog steeds van hom as man/vader te verwag om by die uitvoering van hierdie take betrokke te moet wees.

Verder bestaan daar ook negatiewe korrelasies tussen die **ouderdom van die respondent se jongste kind** en die twee regverdigheidskale. Dit beteken dat hoe *ouer* die respondent se jongste kind is, hoe *minder* is die man daartoe geneig om die verwagting dat 'n man huishoudelike take moet verrig (skaal X2) en by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees (skaal X4), as regverdig te beskou. Dit is dalk toe te skryf aan die feit dat die man van mening mag wees dat

hoe ouer sy kinders is, hoe meer kan dit van hulle verwag word om self ook by die verrigting van huishoudelike take betrokke te wees, terwyl dit dan minder regverdig sal wees om nog steeds van hom as man te verwag om ook by die uitvoering van hierdie take betrokke te moet wees. Hy mag dalk ook van mening wees dat, soos wat die kinders ouer word, hulle toenemend minder direkte versorging van hul ouers vereis en daarom sou dit ook minder regverdig teenoor 'n man wees om nog steeds van hom te verwag om by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke te moet wees.

Dit is opvallend dat die **geslag van die kind/ers** - met ander woorde of die respondente net dogters, net seuns of beide dogters en seuns het - geen beduidende rol in die verskille wat ten opsigte van die respondente se skaaltellings voorkom, speel nie.

Die vyfde groepering van biografiese veranderlikes wat met die skale in verband gebring word, is dié ten opsigte van die gegewens rakende die man se gesin van oriëntasie.

7.8.5 Die gegewens ten opsigte van die man se gesin van oriëntasie en die skale

In tabel 7.8.5 word 'n oorsig gebied van die korrelasies/verskille wat tussen die gegewens ten opsigte van die man se gesin van oriëntasie en die verskillende skale, voorkom.

Tabel 7.8.5: Die verbande/verskille tussen die gegewens rakende die man se gesin van oriëntasie en die skale

Biografiese Veranderlikes	X1 Huis. take	X2 Reg: Huis	X3 Vader- betrok.	X4 Reg: Kind.sorg	X5 Emos. werk	X6 Verbint. Huwelik	X7 Huweliks- integrasie	X8 Feminis. Oriëntasie
Man: Gesin van oriëntasie								
Moeder: Beroepstatus	*	**		**	**	**	*	**
Moeder: Beroepskategorie	**	**		**	*	*		**
Vader: Beroepskategorie	**	**		*				**
Vader: Voorbereiding van voedsel	**		**					
Vader: Verrigting van huishoudelike take	**		*	*				
Vader: Versorging van kinders	**	**	**					*

Vanuit tabel 7.8.5 blyk dit dat die **beroepstatus van die respondent se moeder/stiefmoeder**, terwyl hy nog skool gegaan het, 'n belangrike veranderlike blyk te wees. Dit is byvoorbeeld opvallend dat respondente wie se moeders 'n voltydse beroepsposisies beklee het, beduidend meer daartoe geneig is om dit as regverdig te bekou dat 'n man huishoudelike take moet verrig (skaal X2) en by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees (skaal X4), as respondente wie se moeders glad nie gewerk het nie of slegs deelydse beroepsposisies beklee het. Hierdie mans is ook beduidend meer daartoe geneig om emosionele werk in die huwelik te verrig (skaal X5), meer tot groei in die huwelik verbind te wees (skaal X6), meer huweliksintegrasie te ervaar (skaal X7) en meer feministies georiënteerd te wees (skaal X8), as wat dit die geval met mans is wie se moeders glad nie gewerk het nie of slegs deelydse beroepsposisies beklee het.

Wat die **beroepskategorie van die man se moeder/stiefmoeder** betref, blyk dit, soos in die geval van die man se eie beroepskategorie, dat respondente wie se moeders 'n bestuurs/professionele beroep beoefen het, beduidend meer daartoe geneig is om dit as regverdig te beskou dat 'n man huishoudelike take moet verrig (skaal X2) en by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees (skaal X4), as wat dit die geval met mans is wie se moeders ander tipes beroepe beoefen het. Ook is hierdie mans wie se moeders bestuurs/professionele beroepe beoefen het beduidend daartoe geneig om meer emosionele werk in die huwelik te verrig (skaal X5), meer tot groei in die huwelik verbind te wees (skaal X6) en meer feministies georiënteerd te wees (skaal X8).

Waar die beroepskategorie van die respondent se moeder as 'n belangrike veranderlike ten opsigte van die verskille in die respondente se skaaltellings na vore tree, blyk dit dat die **beroepskategorie van die respondent se vader/stiefvader** slegs in enkele gevalle beduidende verbande met die skale toon. Wat die twee regverdigheidskale betref, is dit duidelik dat mans wie se vaders bestuurs/professionele beroepe beoefen het, beduidend meer daartoe geneig is om dit as regverdig te beskou dat 'n man huishoudelike take moet verrig (skaal X2) en by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees (skaal X4), as wat dit die geval met mans is wie se vaders ander tipes beroepe beoefen het.

Ook blyk dit dat hierdie mans wie se vaders bestuurs/professionele beroepe beoefen het, beduidend meer feministies georiënteerd is (skaal X8), as wat dit die geval met mans is wie se

vaders in ander beroepskategorieë geval het.

Hierteenoor is dit opvallend dat mans wie se vaders bestuurs/professionele beroepe beoefen het egter beduidend die *minste* daartoe geneig is om in terme van hul werklike gedrag by die verrigting van huishoudelike take betrokke te wees (skaal X1), terwyl mans wie se vaders ambagte beoefen het, die meeste by die verrigting van hierdie take betrokke is.

Wat die **man se persepsie van hoe dikwels sy vader/stiefvader aan die voorbereiding van voedsel deelgeneem het en hoe dikwels hy huishoudelike take verrig het**, betref, blyk dit dat dit positiewe (hoewel lae) korrelasies met die twee skale rakende die man se werklike betrokkenheid by die verrigting van huishoudelike en kinderversorgingstake, toon. Dit wil dus sê dat hoe meer die man se vader by die voorbereiding van voedsel en die verrigting van huishoudelike take betrokke was, hoe meer is die man self ook geneig om by die verrigting van huishoudelike take betrokke te wees (skaal X1) en om vaderbetrokkenheid te toon (skaal X3).

Die **man se persepsie van hoe dikwels sy vader/stiefvader by die versorging van die kinders betrokke was** hou egter met vier van die gesinsverwante skale verband. So blyk dit dat hoe meer die man se vader by die versorging van die kinders betrokke was, hoe meer is hy self geneig om by die verrigting van huishoudelike take betrokke te wees (skaal X1); om vaderbetrokkenheid te toon (skaal X3); om dit as regverdig te beskou dat 'n man huishoudelike take moet verrig (skaal X2); en om feministies georiënteerd te wees (skaal X8).

Die sesde groepering van biografiese veranderlikes wat met die skale in verband gebring word, is dié ten opsigte van die algemene gegewens.

7.8.6 Die algemene gegewens en die skale

In tabel 7.8.6(a) word 'n oorsig gebied van die korrelasies/verskille wat tussen die algemene gegewens en die verskillende skale, voorkom.

Tabel 7.8.6(a): Die verbande/verskille tussen die algemene gegewens en die skale

Biografiese Veranderlikes	X1 Huis- take	X2 Reg: Huis	X3 Vader- betrok.	X4 Reg: Kind.sorg	X5 Emos. werk	X6 Verbint. Huwelik	X7 Huweliks- integrasië	X8 Feminis. Oriëntasie
Algemene gegewens								
Aard van huishulp	**		**					
Ander persoon: Hulp met kinders								
Beeld van ideale gesin	*	**	*	**	**	**	**	**
Afhanklikheid van vrou se inkomste	**	**						

Wat die hipoteses ten opsigte van die algemene gegewens en die tellings op die onderskeie skale betref, is daar enkele interessante aspekte wat na vore tree. Die eerste opvallende veralgemening wat gemaak kan word, is dat daar slegs beduidende verskille tussen die aard van die **indiensneming van 'n huishulp** en die man se persepsie van sy **werklike** verrigting van huishoudelike take (skaal X1) en die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X2), bestaan. Ten opsigte hiervan blyk dit dat mans wat hulself in huishoudings bevind waar daar van die dienste van 'n voltydse huishulp wat elders woon gebruik gemaak word, beduidend *minder* by die verrigting van huishoudelike take betrokke is (skaal X1) en in 'n *mindere* mate vaderbetrokkenheid toon (skaal X3), as wat dit die geval met mans is waar die huishouding van ander vorme van huishulpindiensneming gebruik maak.

Hierteenoor is mans in huishoudings wat in die algemeen minder van die dienste van 'n huishulp gebruik maak, byvoorbeeld in die geval waar daar slegs per geleentheid van die dienste van 'n huishulp gebruik gemaak word, *meer* geneig om 'n bydrae tot die verrigting van huishoudelike take te lewer, en in die geval van die gebruikmaking van 'n deelydse inwonende huishulp, *meer* geneig om vaderbetrokkenheid te toon, as wat dit die geval met mans in huishoudings is waar daar tot 'n groter mate van die dienste van 'n huishulp gebruik gemaak word. Dit kan dalk verband hou met die moontlikheid dat 'n voltydse huishulp nie net die las ten opsigte van die huishoudelike take vir die dubbelinkomste-egpaar verlig nie, maar dat hierdie persoon dalk ook by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke mag wees. Dit impliseer dus dat die man daartoe in

staat gestel word om 'n kleiner bydrae tot die verrigting van hierdie take te lewer.

Dit is ook interessant om daarop te let dat, afgesien van die gebruikmaking van die dienste van 'n huishulp, daar geen verbande/verskille tussen die **teenwoordigheid, al dan nie, van 'n ander persoon in die huishouding wat met die versorging van die kinders behulpsaam is** en die tien skale bestaan nie. Dit wil dus sê dat ongeag of daar 'n persoon is wat die egpaar met die versorging van die kinders bystaan of nie, dit geen verband toon met die wyse waarop die respondente by die verrigting van huishoudelike take betrokke is (skaal X1), die mate waartoe hulle dit as regverdig beskou dat 'n man huishoudelike take moet verrig (skaal X2), die mate waartoe hulle vaderbetrokkenheid toon (skaal X3), die mate waartoe hulle dit as regverdig beskou 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees (skaal X4), die mate waartoe hulle emosionele werk in die huwelik verrig (skaal X5), hul verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6), hul ervaring van huweliksintegrasie (skaal X7) en die mate waartoe hulle feministies georiënteerd is (skaal X8) nie.

'n Veranderlike wat wel belangrik blyk te wees wanneer die variasies in die respondente se skaaltellings ter sprake kom, is die man se **beeld van die ideale gesin**. Dit is byvoorbeeld duidelik dat dit telkens die respondente is wat die egalitêre gesin as ideale gesin voorhou wat nie alleen beduidend meer by die verrigting van huishoudelike take betrokke is nie (skaal X1), maar wat dit ook as hoogs regverdig beskou dat daar van 'n man verwag kan word om hierdie huishoudelike take te moet uitvoer (skaal X2). Ook is hierdie mans beduidend meer daartoe geneig om 'n hoë mate van vaderbetrokkenheid te toon (skaal X3) en terselfdertyd dit as regverdig te beskou dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees (skaal X4), as wat dit die geval met mans is wat die tradisionele of gewysigde tradisionele gesin as ideale gesin voorhou. Wat verder opvallend is, is dat mans wat die egalitêre gesin as beeld van die ideale gesin beskou, ook geneig is om meer emosionele werk in die huwelik te verrig (skaal X5), meer tot groei in die huwelik verbind te wees (skaal X6), meer huweliksintegrasie te ervaar (skaal X7) en om meer feministies georiënteerd te wees (skaal X8), as wat dit die geval met mans is wat die tradisionele of die gewysigde tradisionele gesin as ideale gesin voorhou.

Dit wil dus voorkom dat die man se meer egalitêre geslagsroloriëntasie binne die konteks van die egtelike verhouding en sy nastrewing van die egalitêre gesin, of eweknie-huwelik soos

Schwartz (1994) dit stel, duidelike positiewe implikasies nie net vir sy werklike rolgedrag in die huwelik en gesin inhou nie, maar dat dit ook positief op sy ervaring van die huweliksverhouding kan inwerk.

Dit is opvallend dat daar 'n soortgelyke patroon ten opsigte van die hoë skaaltellings van die mans wat die egalitêre gesin as ideale gesin voorhou en dié wat oor 'n nagraadse kwalifikasie beskik, bestaan. Dit kan dalk verband hou met die moontlikheid dat mans wat oor 'n nagraadse kwalifikasie beskik gewoonlik ook 'n meer egalitêre rolbeskouing in die huwelik en die gesin handhaaf. Ten einde hierdie moontlikheid te toets, is 'n kruistabulasie aan die hand van Pearson se chi-kwadrat ten opsigte van die man se beeld van die ideale gesin en sy opvoedkundige kwalifikasies bereken. Die resultate van hierdie statistiese toets word in tabel 7.8.6(b) gegee.

Tabel 7.8.6(b): Chi-kwadrat: Die man se opvoedkundige kwalifikasie en sy beeld van die ideale gesin

Beeld van die ideale gesin				
Opvoedkundige kwalifikasie: Man	Tradisioneel	Gewysig tradisioneel	Egalitêr	TOTAAL
< Matriek	33	39	29	101
Matriek	29	68	59	156
Matriek + Diploma	19	34	27	80
B-graad	1	8	21	30
Nagraads	2	1	30	33
TOTAAL	84	150	166	400

$\chi^2 = 57.988$

G.V.V. = 21

P = 0.000**

Uit die tabel blyk dit dat (waar $\chi^2 = 57.988$; $p = 0.000$) 30 van die 33 (91%) mans wat oor 'n nagraadse opvoedkundige kwalifikasie beskik ook die egalitêre gesin as ideale gesin voorhou, terwyl slegs twee mans met 'n nagraadse kwalifikasie die tradisionele gesin en een man die gewysigde tradisionele gesin as ideal gesin beskryf. Dit werp sodoende lig op die soortgelyke patroon wat bestaan ten opsigte van die skaaltellings van mans wat oor 'n nagraadse kwalifikasie beskik en dié wat die egalitêre gesin as ideale gesin beskou. Dit blyk verder uit tabel 7.8.6(b) dat die vlak van die man se opvoedkundige kwalifikasie verband hou met die man se beskouing van die ideale beeld van die gesin as synde die egalitêre gesin, al dan nie. So blyk dit byvoorbeeld dat slegs 29 van die 101 (29%) mans met 'n opvoedkundige kwalifikasie laer as matriek, 59 van die 156 (38%) mans met 'n matrieksertifikaat, 27 van die 80 (34%) mans met 'n matrieksertifikaat plus 'n diploma, 21 van die 30 (70%) mans met 'n Baccalaureus-grad en soos genoem 30 van die 33 (91%) mans met 'n nagraadse kwalifikasie die egalitêre gesin as ideale gesin voorhou. Dit wil dus voorkom dat hoe hoër die man se opvoedkundige kwalifikasie, hoe meer sal hy ook geneig wees om die bestaan van die egalitêre gesin voor te staan.

In die voorafgaande bespreking is die biografiese veranderlikes as vertrekpunt geneem ten einde 'n oorsig te bied van die verbande/verskille wat tussen die biografiese veranderlikes en die *gesinsverwante skale* bestaan. Dit is egter ook belangrik dat in die bespreking van die verbande/verskille wat tussen die biografiese veranderlikes en die skale bestaan, daar 'n oorsigtelike blik gebied moet word waar die *beroepsverwante skale* as vertrekpunt in die bespreking geneem word.

7.8.7 Die verbande/verskille tussen die biografiese veranderlikes en die beroepsverwante skale

Die verbande/verskille wat tussen die twee beroepsverwante skale en die biografiese veranderlikes bestaan, word in tabel 7.8.7 weergegee.

beroepsverwante skale (skale X9 en X10)

Biografiese Veranderlikes	X9 Beroepsbetrokkenheid	X10 Beroepstres
Man: Persoonlike gegewens		
Ouderdom	**	*
Huistaal	**	
Opvoedkundige kwalifikasie	**	
Huwelikstatus ten tyde van huweliksluiting		
Jare getroud met huidige eggenote		*
Ouderdom by geboorte van eerste kind	**	
Man: Beroep		
Beroepskategorie	**	
Werkdae per week		
Werkure per dag by werk deurgebring	**	**
Werkure per dag by huis deurgebring	**	
Werkure per nweek by huis deurgebring	**	*
Beskikbaarheid: Alternatiewe werkspatrone		
Gebruikmaking: Alternatiewe werkspatrone		
Gebruikmaking: Kraamverlof vir vaders	*	
Eggenote		
Opvoedkundige kwalifikasie	**	
Beroepskategorie	**	
Werkdae per week		
Werkure per dag by werk deurgebring		
Werkure per dag by huis deurgebring	**	*
Kinders		
Aantal afhanklike kinders		
Ouderdom van jongste kind		
Geslag van kinders		
Man: Gesin van oriëntasie		
Moeder: Beroepstatus	*	
Moeder: Beroepskategorie	**	
Vader: Beroepskategorie	**	
Vader: Voorbereiding van voedsel		
Vader: Verrigting van huishoudelike take		
Vader: Versorging van kinders	*	*
Algemene gegewens		
Aard van huishulp	*	
Ander persoon: Hulp met kinders		
Beeld van ideale gesin	**	
Afhanklikheid van vrou se inkomste	*	*

Wanneer die beroepsverwante skale oorkoelend ten opsigte van die biografiese veranderlikes in oënskou geneem word, is daar 'n aantal interessante aspekte wat ten opsigte van die verbande/verskille tussen die biografiese veranderlikes en onderskeidelik die man se beroepsbetrokkenheid en sy ervaring van beroepsverwante stres na vore tree.

Die eerste van die beroepsverwante skale wat hier ter sprake kom, is die **man se beroepsbetrokkenheid** (skaal X9). Wat die man se persoonlike gegewens betref, blyk dit dat ouer mans, wat Engelssprekend is, oor 'n nagraadse opvoedkundige kwalifikasie beskik en wat al ouer was toe hulle vir die eerste keer pa geword het, beduidend meer beroepsbetrokkenheid toon as wat dit die geval met mans in ander van die betrokke kategorië is. Spesifiek ten opsigte van die man se beroep, is dit mans wat bestuurs/professionele beroepe beoefen, meer dae per week beroepswerkzaam is, meer ure per dag by die werk deurbring, meer ure per werksdag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is en wie wel van kraamverlof vir vaders gebruik sal maak, wat beduidend die hoogste mate van beroepsbetrokkenheid toon. Ook wat hierdie mans se eggenotes betref blyk dit dat dit mans is wie se eggenotes oor 'n nagraadse kwalifikasie beskik, 'n bestuurs/professionele beroep beoefen en meer ure per dag aan beroepsverwante werk afstaan wanneer hulle tuis is, wat beduidend meer daartoe geneig is om 'n betrokkenheid by hul beroepe te toon, as wat die geval met mans is wie se eggenotes oor laer opvoedkundige kwalifikasies beskik, in ander beroepskategorieë val en min ure per dag aan beroepsverwante werk afstaan wanneer hulle by die huis is.

Die man se beroepsbetrokkenheid hou ook met die veranderlikes rakende die man se gesin van oriëntasie verband. So blyk dit dat mans wie se moeders voltydse beroepsposisies beklee het, wie se vaders bestuurs/professionele beroepe beoefen het en wie se vaders dikwels by die versorging van die kinders betrokke was, die meeste daartoe geneig is om beroepsbetrokkenheid te toon.

Laastens blyk dit ook dat mans wie se huishoudings in geen mate van die vrou se inkomste afhanklik is nie, maar wel van die dienste van 'n deelyds inwonende huishulp gebruik maak, asook die egalitêre gesin as ideale gesin voorhou, ook 'n beduidende hoë mate van beroepsbetrokkenheid toon.

Samevattend blyk dit dat dit mans is wat oor hoë opvoedkundige kwalifikasies beskik, wat bestuurs/professionele beroepe beoefen, die egalitêre gesin as ideale gesinsverhouding voorhou en wie se eggenotes oor hoë opvoedkundige kwalifikasies beskik en bestuurs/professionele beroepsposisies bekleed, wat 'n hoë mate van beroepsbetrokkenheid toon.

Die tweede beroepsverwante skaal hou met die **man se ervaring van beroepsverwante stres** (skaal X10), verband. Hier blyk dit dat jonger mans en mans wat vir 'n kleiner aantal jare met hul huidige eggenotes getroud is, meer beroepsverwante stres ervaar as wat dit die geval is met ouer mans en mans wat vir 'n groter aantal jare al getroud is. Dit kan dalk toegeskryf word aan die feit dat hierdie mans hulle te midde van 'n rolsiklusdilemma mag bevind, wat beteken dat hulle nie alleen by die nuwe roleise van die dubbelinkomstehuwelik- en gesinslewe moet aanpas nie, maar dat daar ook terselfdertyd hoë eise tydens die vestigingstydperk van hul beroepe aan hulle gestel word.

Verder blyk dit dat mans wat meer ure per dag by die werk deurbring, asook meer ure per naweek aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is, ook geneig is om 'n hoë mate van beroepsverwante stres te ervaar. Die ervaring van beroepsverwante stres geld ook vir dié mans van wie die eggenotes meer ure per dag aan beroepsverwante werk afstaan wanneer hulle by die huis is.

Wat die twee beroepsverwante skale betref, blyk dit dat daar tussen 'n groter aantal van die biografiese veranderlikes beduidende verbande/verskille ten opsigte van die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9) bestaan, as wat dit die geval met die verbande/verskille tussen die biografiese veranderlikes en die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10) is. Dit wil dus sê dat die man se beroepsbetrokkenheid in 'n groter mate verband hou met die biografiese veranderlikes, soos onder andere sy ouderdom, huistaal, opvoedkundige kwalifikasie en beroepskategorie, as wat dit die geval met sy ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10) is.

Wanneer die skale as vertrekpunt ten opsigte van die bespreking rakende die verbande/verskille tussen die biografiese veranderlikes en die skale geneem word, blyk dit dat, bo en behalwe die patrone wat ten opsigte van die *beroepsverwante* skale en die man se biografiese veranderlikes

bestaan, daar ook interessante patrone ten opsigte van veral twee van die *gesinsverwante* skale na vore tree.

7.8.8 Die skale oorkoepelend: Die verbande/verskille tussen die biografiese veranderlikes en die gesinsverwante skale

Opvallende patrone tree na vore ten opsigte van die verbande/verskille tussen die biografiese veranderlikes en twee van die gesinsverwante veranderlikes, naamlik die mate waartoe die man vaderbetrokkenheid toon (skaal X3) en sy ervaring van huweliksintegrasie (skaal X7). Hierdie verbande/verskille word in tabel 7.8.8 weergegee.



vaderbetrokkenheid (skaal X3) en die ervaring van huweliksintegrasie

(skaal X7)

Biografie	X3	X7
Veranderlikes	Vaderbetrokkenheid	Huweliksintegrasie
Man: Persoonlike gegewens		
Ouderdom		
Hulstnal		
Opvoedkundige kwalifikasie		**
Huwelikstatus ten tyde van huweliksluiting		
Jare getroud met huidige eggenote		
Ouderdom by geboorte van eerste kind		*
Man: Beroep		
Beroepskategorie	*	**
Werkdae per week	**	
Werkure per dag by werk deurgebring	**	
Werkure per dag by huis deurgebring	**	
Werkure per naweek by huis deurgebring		
Beskikbaarheid: Alternatiewe werkspatrone		
Gebruikmaking: Alternatiewe werkspatrone		
Gebruikmaking: Kraamverlof vir vaders	**	**
Eggenote		
Opvoedkundige kwalifikasie		
Beroepskategorie		
Werkdae per week		
Werkure per dag by werk deurgebring		
Werkure per dag by huis deurgebring		
Kinders		
Aantal afhanklike kinders		
Ouderdom van jongste kind		
Geslag van kinders		
Man: Gesin van oriëntasie		
Moeder: Beroepstatus		*
Moeder: Beroepskategorie		
Vader: Beroepskategorie		
Vader: Voorbereiding van voedsel	**	
Vader: Verrigting van huishoudelike take	*	
Vader: Versorging van kinders	**	
Algemene gegewens		
Aard van huishulp	**	
Ander persoon: Hulp met kinders		
Beeld van ideale gesin	*	**
Afhanklikheid van vrou se inkomste		

Wanneer al die gesinsverwante skale oorkoepelend ten opsigte van die biografiese veranderlikes in oënskou geneem word, is dit opvallend dat daar betreklik min verbande/verskille tussen die **man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon** (skaal X3) en die biografiese veranderlikes bestaan. Daar bestaan byvoorbeeld geen verbande/verskille tussen die mate waartoe die man vaderbetrokkenheid toon en enige van die veranderlikes rakende die man se persoonlike gegewens, die gegewens ten opsigte van die man se eggenote of die gegewens ten opsigte van die egpaar se kinders nie.

Daar bestaan egter wel verbande/verskille tussen die mate waartoe die man vaderbetrokkenheid toon en sekere van die veranderlikes ten opsigte van die man se beroep. Dit is in soverre mans wat minder werksdae per week beroepswerksaam is, minder ure per dag by die werk deurbring, meer ure per werksdag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is en wat van kraamverlof vir vaders gebruik sal maak, *meer* daartoe geneig sal wees om vaderbetrokkenheid te toon, as wat dit die geval met mans is wat meer dae per week en meer ure per dag beroepswerksaam is, minder ure tuis aan beroepsverwante werk afstaan en wat nie van kraamverlof gebruik sal maak nie.

Verder, wat die veranderlikes ten opsigte van die man se gesin van oriëntasie betref, blyk dit dat alhoewel mans wie se vaders dikwels by die voorbereiding van voedsel, die verrigting van huishoudelike take en die versorging van die kinders betrokke was, geneig is om 'n hoë mate van vaderbetrokkenheid te toon, die sterkte van hierdie korrelasies tussen laag en baie laag varieer. Die enigste twee algemene biografiese veranderlikes wat verband hou met die respondente se verskille ten opsigte van die mate waartoe hulle vaderbetrokkenheid toon, is die aard van die indiensneming van 'n huishulp en die man se beeld van die ideale gesin. Ten opsigte hiervan blyk dit dat mans wat hulself in huishoudings bevind waar daar van die dienste van 'n deelyds inwondende huishulp gebruik gemaak word en mans wat die egalitêre gesin as die ideale gesin voorhou, 'n statisties beduidend hoër mate van vaderbetrokkenheid toon, as wat dit die geval met mans in huishoudings is wat van ander vorme van huishulpindiensneming gebruik maak en wat die tradisionele of gewysigde tradisionele gesin as ideale gesin beskou.

Die feit dat daar geen verbande/verskille tussen die mate waartoe die man vaderbetrokkenheid toon (skaal X3) en soveel van die ander biografiese veranderlikes bestaan nie, mag dalk verband

hou met die moontlikheid dat die kultuur van die "nuwe" vaderskap en die beeld van generatiewe vaderbetrokkenheid, soos dit deur Dollahite *et al* (1997:18) gedefinieer word, al reeds in 'n groot mate deur baie mans geïnternaliseer is. Dit beteken dus dat ongeag die aard van biografiese veranderlikes soos onder andere die man se ouderdom, huistaal, opvoedkundige kwalifikasies en die geslag van sy kind/ers, die respondente dieselfde mate van vaderbetrokkenheid openbaar.

Afgesien van die patrone wat ten opsigte van die verbande/verskille wat tussen die man se vaderbetrokkenheid en die biografiese veranderlikes bestaan, na vore tree, kan enkele interessante aspekte ten opsigte van die verbande/verskille tussen die biografiese veranderlikes en die hoofveranderlike in hierdie studie, naamlik die **man se ervaring van huweliksintegrasië** (skaal X7) opgemerk word.

Dit is weereens opvallend dat daar slegs enkele verbande/verskille tussen hierdie skaal en die man se biografiese veranderlikes bestaan. Dit wil voorkom dat mans wat oor 'n nagraadse kwalifikasie beskik, ouer by die geboorte van hul (eie) eerste kind was, 'n semi-professionele beroep beoefen, wel van kraamverlof vir vaders gebruik sal maak, wie se moeders voltydse beroepsposisies beklee het en wat die egalitêre gesin as ideale gesin voorhou, 'n beduidende hoë mate van huweliksintegrasië ervaar.

Die feit dat daar geen verbande/verskille tussen die man se ervaring van huweliksintegrasië (skaal X7) en so baie van die man se biografiese veranderlikes bestaan nie, mag dalk verband hou met die moontlikheid dat die man se ervaring van huweliksintegrasië veel meer met die man se houdingsingesteldheid ten opsigte van sy rol as eggenoot/vader en die huwelik in die algemeen te make het, as wat dit die geval met bepaalde biografiese veranderlikes is. Hierdie moontlike verband sal getoets word wanneer skaal X7 - die man se ervaring van huweliksintegrasië - met die ander gesinsverwante skale in die volgende hoofstuk geïnterkorreleer word.

Wanneer die verbande/verskille wat in hierdie studie tussen die man se biografiese veranderlikes en die tellings op die onderskeie skale bestaan, met dié wat tussen die vrou se biografiese veranderlikes en die skale in Smit (1996) se studie ten opsigte van die vrou in die dubbelinkomstegesin vergelyk word, kom 'n interessante aspek na vore. Ten spyte van die feit

dat daar meer biografiese veranderlikes in die studie ten opsigte van die *man* in die dubbelinkomstegesin betrek is, as wat dit die geval met Smit se 1996-studie ten opsigte van die vrou was, blyk dit met betrekking tot die biografiese veranderlikes wat in beide die studies ingesluit is, dat daar meer beduidende verbande/verskille tussen die biografiese veranderlikes en die skale in die studie rakende die *man* bestaan, terwyl daar minder verbande/verskille tussen die veranderlikes in studie ten opsigte van die *vrou* se persepsie van haar gesins- en beroepslewe bestaan het. So is dit byvoorbeeld opvallend dat die veranderlikes ten opsigte van die man se gesin van oriëntasie (soos onder andere sy ouers se beroepskategorieë) tot 'n goot mate beduidende verbande met die verskillende skale toon, terwyl daar geen verbande/verskille tussen die veranderlikes ten opsigte van die vrou se gesin van oriëntasie en die onderskeie skale bestaan nie (Smit, 1996:337).

Ook wat die veranderlike ten opsigte van die beeld van die ideale gesin betref, blyk dit dat dit as 'n veel meer belangrike veranderlike in die studie ten opsigte van die *man* se persepsie van sy gesins- en beroepslewe na vore tree, as wat dit die geval met die *vrou* se persepsie is. So is dit duidelik dat die man se beeld van die ideale gesin statisties beduidend met nege van die tien skale verband hou (waar die verband tussen die man se beeld van die ideale gesin en sy ervaring van huweliksintegrasie veral belangrik is), terwyl die vrou se persepsie van dit wat sy as die ideale gesin beskou geen beduidende verbande met enige van die skale getoon het nie (Smit, 1996:337).

Dit wil dus voorkom dat die biografiese veranderlikes 'n groter verbandhoudende rol speel wanneer die man in die dubbelinkomstegesin se persepsie van sy huweliks-, gesins- en beroepslewe ter sprake kom, as wat dit in terme van die soortgelyke studie ten opsigte van die vrou blyk te wees.

* * *


Die hipotesetoetsing wat in hierdie hoofstuk bespreek is, het spesifiek die fokus laat val op die toetsing van hipoteses ten opsigte van die verbande tussen of verskille in die vektore van gemiddeldes tussen die biografiese veranderlikes en die onderskeie skale. In die hieropvolgende hoofstuk (hoofstuk 8) sal die aandag egter op die toetsing van die hipoteses rakende die skale onderling geplaas word. Die bevindinge in beide hierdie hoofstukke (hoofstukke 7 en 8) sal in die slothoofstuk (hoofstuk 9) geïnterpreteer word.

HOOFSTUK 8

HIPOTESETOETSING: DIE SKALE ONDERLING

8.1 INLEIDING

Die fokus in hierdie hoofstuk val spesifiek op die toetsing van hipoteses rakende die skale onderling. Hierdie hipoteses is aan die hand van 'n verskeidenheid van statistiese tegnieke getoets. Die keuse van die statistiese tegnieke wat ten opsigte van die hipoteses rakende die skale onderling gebruik is, het gewissel na gelang van die aard van die ingesamelde data, asook die formulering van die betrokke hipoteses.



In die geval van hipoteses wat handel oor die bepaling van die **verbande** tussen twee skale, wat as kontinue veranderlikes beskou word, is van **Pearson se produkmomentkorrelasiekoëffisiënt** gebruik gemaak, ten einde 'n interkorrelasiematriks op te stel.

Ten opsigte van hipoteses met betrekking tot die bepaling van die **verskille** tussen twee skale, is daar van **t-toetse** gebruik gemaak. Die betrokke hipoteses is geformuleer ten einde vas te stel of die tellings op een skaal statisties beduidend hoër/laer as dié op 'n ander skaal is. Alvorens die t-toets as statistiese tegniek toegepas kon word, moes die betrokke skale, wat van mekaar in terme van die aantal items per skaal verskil het, met mekaar vergelykbaar gemaak word. Daar is hierin geslaag deurdat beide die minimum- en die maksimumtelling van elke skaal in terme van 'n persentasie herskryf is. Sodoende was dit moontlik om die betrokke skale met mekaar vergelykbaar te maak en aan die hand van die statistiese verwerking te bepaal of daar statisties beduidende verskille in die vektore van gemiddeldes van skaaltellings van respondente bestaan, al dan nie.

Daar is verder ook **meervoudige regressiemodelle** ontwikkel ten einde te voorspel in watter mate 'n veranderlike die variansie in *huweliksintegrasi*e en *verbintenis tot groei in die huwelik* verklaar. Vir die doeleindes van hierdie studie is die **stapsgewyse regressie-ontleding** met maksimum beduidende R^2 -verbetering, gebruik ten einde die meervoudige regressiemodelle te ontwikkel. Tydens die stapsgewyse regressie-ontleding word die beste voorspeller van die kriterium eerste aangedui, waarna die oorblywende veranderlikes een na die ander in kombinasie bymekaargereken word, in die volgorde soos wat die veranderlikes die R^2 vir die voorspellingskriterium, die beste verklaar.

Verskille op die 5% en 1% peil van betekenis is by al die bogenoemde statistiese tegnieke as statisties beduidend beskou.

Soos reeds genoem, is die hieropvolgende bespreking toegespits op die toetsing van hipoteses ten opsigte van die skale onderling. Die nulhipoteses, soos in hoofstuk 5 geformuleer, is telkens aan statistiese toetsing onderwerp en die statisties beduidende resultate word gerapporteer¹. Die eerste groepering van hipoteses wat hier ter sprake kom, is die hipoteses ten opsigte van die **verbande tussen die skale** onderling.

8.2 DIE VERBANDE TUSSEN DIE SKALE ONDERLING: HIPOTESSES 33.1 TOT 33.10

Ten einde vas te stel of daar verbande, al dan nie, tussen die verskillende skale bestaan, is die volgende nulhipoteses geformuleer:

¹ Soos in die geval van die hipotesetoetsing in hoofstuk 7, word daar telkens in die teks slegs 'n volledige uiteensetting van die nulhipotese gegee, alhoewel daar vir elke nulhipotese 'n ooreenstemmende alternatiewe hipotese met 'n gelykluidende nommer bestaan. Ten einde 'n onderskeid tussen hierdie twee hipoteses te tref, word die nulhipotese met die skryfwyse H_0 en die alternatiewe hipotese met H_a aangedui.

Hipotese 33

HoK33.1 Daar bestaan geen statisties beduidende verbande tussen:

Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1) en

HoK33.1.1 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2)

HoK33.1.2 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3)

HoK33.1.3 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4)

HoK33.1.4 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5)

HoK33.1.5 Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6)

HoK33.1.6 Die man se ervaring van huweliksintegrasie (skaal X7)

HoK33.1.7 Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8)

HoK33.1.8 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9) en

HoK33.1.9 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10) nie.

HoK33.2 Daar bestaan geen statisties beduidende verbande tussen:

Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2) en

HoK33.2.1 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3)

HoK33.2.2 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4)

HoK33.2.3 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5)

HoK33.2.4 Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6)

HoK33.2.5 Die man se ervaring van huweliksintegrasie (skaal X7)

HoK33.2.6 Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8)

HoK33.2.7 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9) en

HoK33.2.8 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10) nie.

HoK33.3 Daar bestaan geen statisties beduidende verbande tussen:

Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3) en

HoK33.3.1 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4)

HoK33.3.2 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5)

HoK33.3.3 Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6)

HoK33.3.4 Die man se ervaring van huweliksintegrasië (skaal X7)

HoK33.3.5 Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8)

HoK33.3.6 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9) en

HoK33.3.7 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10) nie.

HoK33.4 Daar bestaan geen statisties beduidende verbande tussen:

Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4) en

HoK33.4.1 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5)

HoK33.4.2 Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6)

HoK33.4.3 Die man se ervaring van huweliksintegrasië (skaal X7)

HoK33.4.4 Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8)

HoK33.4.5 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9) en

HoK33.4.6 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10) nie.

HoK33.5 Daar bestaan geen statisties beduidende verbande tussen:

Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5) en

HoK33.5.1 Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6)

- HoK33.5.2 Die man se ervaring van huweliksintegrasië (skaal X7)
- HoK33.5.3 Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8)
- HoK33.5.4 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9) en
- HoK33.5.5 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10) nie.

HoK33.6 Daar bestaan geen statisties beduidende verbande tussen:

Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6) en

- HoK33.6.1 Die man se ervaring van huweliksintegrasië (skaal X7)
- HoK33.6.2 Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8)
- HoK33.6.3 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9) en
- HoK33.6.4 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10) nie.

HoK33.7 Daar bestaan geen statisties beduidende verbande tussen:

Die man se ervaring van huweliksintegrasië (skaal X7) en

- HoK33.7.1 Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8)
- HoK33.7.2 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9) en
- HoK33.7.3 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10) nie.

HoK33.8 Daar bestaan geen statisties beduidende verbande tussen:

Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8) en

- HoK33.8.1 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9) en
- HoK33.8.2 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10) nie.

HoK33.9 Daar bestaan geen statisties beduidende verbande tussen:

Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9) en

en

Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10) nie.

HoK33.10 Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen:

Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5) en
en

Die vrou se persepsie van haar man se verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X11)
nie.

Ten einde hierdie nulhipoteses te toets, is Pearson se produkmomentkorrelasiekoëffisiënt bereken.
Die resultate hiervan word in tabel 8.2 in terme van 'n interkorrelasiematriks gegee:



skale onderling

SKALE	X1 Huis. take	X2 Reg: Huis	X3 Vader- betrok.	X4 Reg: Kind.sorg	X5 Emos. werk	X6 Verbint. Huwelik	X7 Huweliks- integrasie	X8 Feminis. Oriëntasie	X9 Beroeps- betrok.
Skaal X1 Verrigting van huishoudelike take									
Skaal X2 Regverdigheid: huishoudelike take	.r=-0.403 P=0.000 **								
Skaal X3 Vaderbetrokkenheid	.r=-0.545 P=0.000 **	.r=-0.335 P=0.000 **							
Skaal X4 Regverdigheid: Versorging van kinders	.r=0.236 P=0.000 **	.r=0.689 P=0.000 **	.r=0.446 P=0.000 **						
Skaal X5 Emosionele werk	.r=0.323 P=0.000 **	.r=0.482 P=0.000 **	.r=0.507 P=0.000 **	.r=0.609 P=0.000 **					
Skaal X6 Verbintenis tot groei in huwelik	.r=0.219 P=0.000 **	.r=0.423 P=0.000 **	.r=0.401 P=0.000 **	.r=0.555 P=0.000 **	.r=0.821 P=0.000 **				
Skaal X7 Huweliksintegrasie	.r=0.309 P=0.000 **	.r=0.402 P=0.000 **	.r=0.431 P=0.000 **	.r=0.533 P=0.000 **	.r=0.821 P=0.000 **	.r=0.803 P=0.000 **			
Skaal X8 Feministiese oriëntasie	.r=0.309 P=0.000 **	.r=0.625 P=0.000 **	.r=0.431 P=0.000 **	.r=0.719 P=0.000 **	.r=0.748 P=0.000 **	.r=0.717 P=0.000 **	.r=0.687 P=0.000 **		
Skaal X9 Beroepsbetrokkenheid	.r=0.013 P=0.802	.r=0.333 P=0.000 **	.r=0.234 P=0.000 **	.r=0.458 P=0.000 **	.r=0.413 P=0.000 **	.r=0.443 P=0.000 **	.r=0.441 P=0.000 **	.r=0.504 P=0.000 **	
Skaal X10 Beroepsverwante stres	.r=-0.006 P=0.909	.r=0.041 P=0.412	.r=-0.083 P=0.099	.r=-0.111 P=0.027 *	.r=-0.152 P=0.002 **	.r=-0.116 P=0.021 *	.r=-0.228 P=0.000 **	.r=-0.123 P=0.014 *	.r=-0.205 P=0.000 **

- * Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis
- ** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis
- X1 Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take
- X2 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig
- X3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon
- X4 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees
- X5 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik
- X6 Die man se verbintenis tot groei in die huwelik
- X7 Die man se ervaring van huweliksintegraie
- X8 Die man se feministiese oriëntasie
- X9 Die man se beroepsbetrokkenheid
- X10 Die man se ervaring van beroepsverwante stres

Op grond van die gebrek aan beduidende korrelasies in tabel 8.2, wat beteken dat daar geen statisties beduidende verbande tussen sekere skale bestaan nie, word die volgende nulhipoteses nie verwerp nie, maar wel aanvaar:

HoK33.1.8 Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1) en die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9) nie ($r = 0.013$; $p = 0.802$).

HoK33.1.9 Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1) en die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X9) nie ($r = -0.006$; $p = 0.909$).

HoK33.2.8 Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die man se persepsie van regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2) en die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10) nie ($r = 0.041$; $p = 0.412$).

HoK33.3.7 Daar bestaan geen statisties beduidende verband tussen die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3) en die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10) nie ($r = -0.083$; $p = 0.099$).

Uit tabel 8.2 blyk dit daar daar statisties beduidende **verbande** tussen die meeste van die skale bestaan. Gevolglik word die betrokke nulhipoteses verwerp en die volgende alternatiewe hipoteses aanvaar²:

HaK33.1.1 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband tussen die man se persepsie van sy bydrae tot die **verrigting van huishoudelike take (skaal X1)** en die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (**skaal X2**) ($r = 0.403$; $p = 0.000$).

Hierdie matige korrelasie dui daarop dat daar 'n neiging bestaan dat namate die man meer by die verrigting van huishoudelike take betrokke raak, hy statisties beduidend meer daartoe geneig sal wees om die verwagting dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, as regverdig te beskou.

HaK33.1.2 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband tussen die man se persepsie van sy bydrae tot die **verrigting van huishoudelike take (skaal X1)** en die man se persepsie van die mate waartoe hy **vaderbetrokkenheid toon (skaal X3)** ($r = 0.545$; $p = 0.000$).

Hierdie positiewe korrelasie dui daarop dat daar 'n relatiewe sterk neiging bestaan dat hoe meer die man by die verrigting van huishoudelike take betrokke is, hoe meer is hy ook geneig om vaderbetrokkenheid te toon.

² Die verbande wat tussen die skale onderling bestaan is nie deterministies van aard nie. Hierdie verbande is eerder interafhanklik en omkeerbaar in die sin dat die verband tussen die skale enige kant om gestel kan word.

HaK33.1.3 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband tussen die man se persepsie van sy bydrae tot die **verrigting van huishoudelike take (skaal X1)** en die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (**skaal X4**) ($r = 0.236$; $p = 0.000$).

Hierdie korrelasie, hoewel laag, dui daarop dat daar 'n neiging bestaan dat namate die man meer by die verrigting van huishoudelike take betrokke is, hy statisties beduidend meer daartoe geneig sal wees om die verwagting dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, as regverdig te beskou.

HaK33.1.4 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband tussen die man se persepsie van sy bydrae tot die **verrigting van huishoudelike take (skaal X1)** en die man se persepsie van sy verrigting van **emosionele werk in die huwelik (skaal X5)** ($r = 0.323$; $p = 0.000$).

Hierdie positiewe korrelasie dui daarop dat daar 'n relatiewe matige neiging bestaan dat hoe meer die man by die verrigting van huishoudelike take betrokke is, hoe meer emosionele werk sal hy ook in die huwelik verrig.

HaK33.1.5 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband tussen die man se persepsie van sy bydrae tot die **verrigting van huishoudelike take (skaal X1)** en die man se **verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6)** ($r = 0.219$; $p = 0.000$).

Hierdie positiewe korrelasie, hoewel laag, dui daarop dat daar 'n neiging bestaan dat hoe meer die man by die verrigting van huishoudelike take betrokke is, hoe meer sal hy ook tot groei in die huwelik verbind wees.

HaK33.1.6 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband tussen die man se persepsie van sy bydrae tot die **verrigting van huishoudelike take (skaal X1)** en die man se ervaring van **huweliksintegrasië (skaal X7)** ($r = 0.309$; $p = 0.000$).

Hierdie positiewe korrelasie dui daarop dat daar 'n relatiewe matige neiging bestaan dat hoe meer die man by die verrigting van huishoudelike take betrokke is, hoe hoër sal sy ervaring van huweliksintegrasië wees.

HaK33.1.7 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband tussen die man se persepsie van sy bydrae tot die **verrigting van huishoudelike take (skaal X1)** en die man se **feministiese oriëntasie (skaal X8)** ($r = 0.309$; $p = 0.000$).

Hierdie positiewe korrelasie dui daarop dat daar 'n relatiewe matige neiging bestaan dat hoe meer die man by die verrigting van huishoudelike take betrokke is, hoe meer sal hy ook feministies georiënteerd wees.

HaK33.2.1 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband tussen die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (**skaal X2**) en die man se persepsie van die mate waartoe hy **vaderbetrokkenheid** toon (**skaal X3**) ($r = 0.335$; $p = 0.000$).

Hierdie korrelasie dui daarop dat daar 'n relatiewe matige neiging bestaan dat hoe meer die man die verwagting dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, as regverdig beskou, hoe meer is hy ook geneig om vaderbetrokkenheid te toon.

HaK33.2.2 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband tussen die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (**skaal X2**) en die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (**skaal X4**) ($r = 0.689$; $p = 0.000$).

Hierdie korrelasie dui daarop dat daar 'n relatiewe sterk neiging bestaan dat hoe meer die man die verwagting dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, as regverdig beskou, hoe meer is hy ook daartoe geneig om die verwagting dat 'n man by

kinderversorgingsaktiwiteit betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, as regverdig te beskou.

HaK33.2.3 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband tussen die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (**skaal X2**) en die man se persepsie van sy verrigting van **emosionele werk in die huwelik (skaal X5)** ($r = 0.482$; $p = 0.000$).

Hierdie korrelasie dui daarop dat daar 'n matige neiging bestaan dat hoe meer die man die verwagting dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, as regverdig beskou, hoe meer is hy ook geneig om emosionele werk in die huwelik te verrig.

HaK33.2.4 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband tussen die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (**skaal X2**) en die man se **verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6)** ($r = 0.423$; $p = 0.000$).

Dit blyk uit hierdie korrelasie dat daar 'n matige neiging bestaan dat hoe meer die man die verwagting dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, as regverdig beskou, hoe meer is hy ook geneig om tot groei in die huwelik verbind te wees.

HaK33.2.5 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband tussen die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (**skaal X2**) en die man se ervaring van **huweliksintegrasie (skaal X7)** ($r = 0.402$; $p = 0.000$).

Wat hierdie positiewe korrelasie betref, blyk dit dat daar 'n matige neiging bestaan dat hoe meer die man die verwagting dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, as regverdig beskou, hoe meer is hy ook geneig om huweliksintegrasie te ervaar.

HaK33.2.6 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband tussen die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (**skaal X2**) en die man se **feministiese oriëntasie (skaal X8)** ($r = 0.625$; $p = 0.000$).

Hierdie positiewe korrelasie dui daarop dat daar 'n relatiewe sterk neiging bestaan dat hoe meer die man die verwagting dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, as regverdig beskou, hoe meer sal hy ook feministies georiënteerd wees.

HaK33.2.7 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband tussen die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (**skaal X2**) en die man se **beroepsbetrokkenheid (skaal X9)** ($r = 0.333$; $p = 0.000$).

Dit blyk uit hierdie korrelasie dat daar 'n relatiewe matige neiging bestaan dat hoe meer die man die verwagting dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, as regverdig beskou, hoe meer beroepsbetrokkenheid sal hy ook toon.

HaK33.3.1 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband tussen die man se persepsie van die mate waartoe hy **vaderbetrokkenheid toon (skaal X3)** en die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (**skaal X4**) ($r = 0.446$; $p = 0.000$).

Hierdie korrelasie dui daarop dat daar 'n matige neiging bestaan dat hoe meer die man vaderbetrokkenheid toon, hoe meer sal hy ook geneig wees om die verwagting dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, as regverdig te beskou.

HaK33.3.2 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband tussen die man se persepsie van die mate waartoe hy **vaderbetrokkenheid toon (skaal X3)** en die man se persepsie van sy verrigting van **emosionele werk in die huwelik (skaal X5)** ($r = 0.507$; $p = 0.000$).

Dit blyk uit hierdie korrelasie dat daar 'n relatiewe sterk neiging bestaan dat hoe meer die man vaderbetrokkenheid toon, hoe meer is hy ook geneig om emosionele werk in die huwelik te verrig.

HaK33.3.3 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband tussen die man se persepsie van die mate waartoe hy **vaderbetrokkenheid** toon (**skaal X3**) en die man se **verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6)** ($r = 0.401$; $p = 0.000$).

Wat hierdie positiewe korrelasie betref, blyk dit dat daar 'n matige neiging bestaan dat namate die man meer vaderbetrokkenheid toon, hy ook geneig sal wees om tot groei in die huwelik verbind te wees.

HaK33.3.4 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband tussen die man se persepsie van die mate waartoe hy **vaderbetrokkenheid** toon (**skaal X3**) en die man se ervaring van **huweliksintegrasie (skaal X7)** ($r = 0.431$; $p = 0.000$).

Hierdie korrelasie dui daarop dat daar 'n matige neiging bestaan dat hoe hoër die mate is waartoe die man vaderbetrokkenheid toon, hoe meer is hy ook geneig om huweliksintegrasie te ervaar.

HaK33.3.5 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband tussen die man se persepsie van die mate waartoe hy **vaderbetrokkenheid** toon (**skaal X3**) en die man se **feministiese oriëntasie (skaal X8)** ($r = 0.431$; $p = 0.000$).

Dit blyk uit hierdie korrelasie dat daar 'n matige neiging bestaan dat hoe hoër die mate is waartoe die man vaderbetrokkenheid toon, hoe meer is hy ook geneig om feministies georiënteerd te wees.

HaK33.3.6 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband tussen die man se persepsie van die mate waartoe hy **vaderbetrokkenheid** toon (**skaal X3**) en die man se **beroepsbetrokkenheid (skaal X9)** ($r = 0.234$; $p = 0.000$).

Wat hierdie positiewe korrelasie betref, hoewel laag, blyk dit dat daar 'n neiging bestaan dat namate die man meer vaderbetrokkenheid toon, hy ook geneig sal wees om meer beroepsbetrokkenheid te toon.

HaK33.4.1 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband tussen die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (**skaal X4**) en die man se persepsie van sy verrigting van **emosionele werk in die huwelik (skaal X5)** ($r = 0.609$; $p = 0.000$).

Hierdie korrelasie dui daarop dat daar 'n relatiewe sterk neiging bestaan dat hoe meer die man die verwagting dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, as regverdig beskou, hoe meer is hy ook geneig om emosionele werk in die huwelik te verrig.

HaK33.4.2 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband tussen die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (**skaal X4**) en die man se **verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6)** ($r = 0.555$; $p = 0.000$).

Hierdie korrelasie dui daarop dat daar 'n relatiewe sterk neiging bestaan dat hoe meer die man die verwagting dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, as regverdig beskou, hoe meer is hy ook geneig om tot groei in die huwelik verbind te wees.

HaK33.4.3 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband tussen die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (**skaal X4**) en die man se ervaring van **huweliksintegrasie (skaal X7)** ($r = 0.533$; $p = 0.000$).

Wat hierdie positiewe korrelasie betref, blyk dit dat daar 'n relatiewe sterk neiging bestaan dat hoe meer die man die verwagting dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees,

wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, as regverdig beskou, hoe meer is hy ook geneig om huweliksintegrasië te ervaar.

HaK33.4.4 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband tussen die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (**skaal X4**) en die man se **feministiese oriëntasie (skaal X8)** ($r = 0.719$; $p = 0.000$).

Hieruit blyk dit dat daar 'n sterk neiging bestaan dat hoe meer die man die verwagting dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, as regverdig beskou, hoe meer is hy ook geneig om feministies georiënteerd te wees.

HaK33.4.5 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband tussen die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (**skaal X4**) en die man se **beroepsbetrokkenheid (skaal X9)** ($r = 0.458$; $p = 0.000$).

Wat hierdie positiewe korrelasie betref, blyk dit dat daar 'n matige neiging bestaan dat hoe meer die man die verwagting dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, as regverdig beskou, hoe meer is hy ook geneig om beroepsbetrokkenheid te toon.

HaK33.4.6 Daar bestaan 'n statisties beduidende negatiewe verband tussen die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees**, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (**skaal X4**) en die man se ervaring van **beroepsverwante stres (skaal X10)** ($r = -0.111$; $p = 0.027$).

Hierdie negatiewe verband, hoewel baie laag, dui daarop dat daar 'n geringe neiging bestaan dat hoe meer die man die verwagting dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, as regverdig beskou, hoe minder is hy daartoe geneig om beroepsverwante stres te ervaar.

HaK33.5.1 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband tussen die man se persepsie van sy verrigting van **emosionele werk in die huwelik (skaal X5)** en die man se **verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6)** ($r = 0.821$; $p = 0.000$).

Hierdie positiewe korrelasie dui daarop dat daar 'n baie sterk neiging bestaan dat hoe meer die man emosionele werk in die huwelik verrig, hoe meer is hy ook geneig om tot groei in die huwelik verbind te wees.

HaK33.5.2 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband tussen die man se persepsie van sy verrigting van **emosionele werk in die huwelik (skaal X5)** en die man se ervaring van **huweliksintegrasie (skaal X7)** ($r = 0.821$; $p = 0.000$).

Wat hierdie positiewe korrelasie betref, blyk dit dat daar 'n baie sterk neiging bestaan dat hoe meer die man emosionele werk in die huwelik verrig, hoe meer is hy ook geneig om huweliksintegrasie te ervaar.

HaK33.5.3 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband tussen die man se persepsie van sy verrigting van **emosionele werk in die huwelik (skaal X5)** en die man se **feministiese oriëntasie (skaal X8)** ($r = 0.748$; $p = 0.000$).

Hierdie positiewe korrelasie dui daarop dat daar 'n sterk neiging bestaan dat hoe meer die man emosionele werk in die huwelik verrig, hoe meer is hy ook geneig om feministies georiënteerd te wees.

HaK33.5.4 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband tussen die man se persepsie van sy verrigting van **emosionele werk in die huwelik (skaal X5)** en die man se **beroepsbetrokkenheid (skaal X9)** ($r = 0.413$; $p = 0.000$).

Wat hierdie positiewe korrelasie betref, blyk dit dat daar 'n matige neiging bestaan dat hoe meer die man emosionele werk in die huwelik verrig, hoe meer is hy ook geneig om beroepsbetrokkenheid te toon.

HaK33.5.5 Daar bestaan 'n statisties beduidende negatiewe verband tussen die man se persepsie van sy verrigting van **emosionele werk in die huwelik (skaal X5)** en die man se ervaring van **beroepsverwante stres (skaal X10)** ($r = -0.152$; $p = 0.002$).

Wat hierdie negatiewe korrelasie, hoewel baie laag, betref, blyk dit dat daar 'n geringe neiging bestaan dat hoe meer die man emosionele werk in die huwelik verrig, hoe minder is hy geneig om beroepsverwante stres te ervaar.

HaK33.6.1 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband tussen die man se **verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6)** en die man se ervaring van **huweliksintegrasie (skaal X7)** ($r = 0.803$; $p = 0.000$).

Hierdie positiewe korrelasie dui daarop dat daar 'n baie sterk neiging bestaan dat hoe meer die man tot groei in die huwelik verbind is, hoe meer is hy ook geneig om huweliksintegrasie te ervaar.

HaK33.6.2 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband tussen die man se **verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6)** en die man se **feministiese oriëntasie (skaal X8)** ($r = 0.717$; $p = 0.000$).

Uit hierdie positiewe korrelasie blyk dit dat daar 'n sterk neiging bestaan dat hoe meer die man tot groei in die huwelik verbind is, hoe meer is hy ook geneig om feministies georiënteerd te wees.

HaK33.6.3 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband tussen die man se **verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6)** en die man se **beroepsbetrokkenheid (skaal X9)** ($r = 0.443$; $p = 0.000$).

Hierdie positiewe korrelasie dui daarop dat daar 'n matige neiging bestaan dat hoe meer die man tot groei in die huwelik verbind is, hoe meer is hy ook geneig om beroepsbetrokkenheid te toon.

HaK33.6.4 Daar bestaan 'n statisties beduidende negatiewe verband tussen die man se **verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6)** en die man se ervaring van **beroepsverwante stres (skaal X10)** ($r = -0.116$; $p = 0.021$).

Hierdie negatiewe korrelasie, hoewel baie laag, dui daarop dat daar 'n geringe neiging bestaan dat hoe meer die man tot groei in die huwelik verbind is, hoe minder is hy geneig om beroepsverwante stres te ervaar.

HaK33.7.1 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband tussen die man se ervaring van **huweliksintegrasie (skaal X7)** en die man se **feministiese oriëntasie (skaal X8)** ($r = 0.687$; $p = 0.000$).

Hierdie positiewe korrelasie dui daarop dat daar 'n relatiewe sterk neiging bestaan dat hoe hoër die mate is waartoe die man huweliksintegrasie ervaar, hoe meer is hy ook geneig om feministies georiënteerd te wees.

HaK33.7.2 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband tussen die man se ervaring van **huweliksintegrasie (skaal X7)** en die man se **beroepsbetrokkenheid (skaal X9)** ($r = 0.441$; $p = 0.000$).

Hierdie positiewe korrelasie dui daarop dat daar 'n matige neiging bestaan dat hoe meer die man huweliksintegrasie ervaar, hoe meer is hy ook geneig om beroepsbetrokkenheid te toon.

HaK33.7.3 Daar bestaan 'n statisties beduidende negatiewe verband tussen die man se ervaring van **huweliksintegrasie (skaal X7)** en die man se ervaring van **beroepsverwante stres (skaal X10)** ($r = -0.228$; $p = 0.000$).

Hierdie negatiewe korrelasie, hoewel laag, dui daarop dat daar 'n matige neiging bestaan dat hoe meer die man huweliksintegrasie ervaar, hoe minder is hy geneig om beroepsverwante stres te ervaar.

HaK33.8.1 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband tussen die man se **feministiese oriëntasie (skaal X8)** en die man se **beroepsbetrokkenheid (skaal X9)** ($r = 0.504$; $p = 0.000$).

Hierdie positiewe korrelasie dui daarop dat daar 'n relatiewe sterk neiging bestaan dat hoe meer die man feministies georiënteerd is, hoe meer is hy ook geneig om beroepsbetrokkenheid te toon.

HaK33.8.2 Daar bestaan 'n statisties beduidende negatiewe verband tussen die man se **feministiese oriëntasie (skaal X8)** en die man se ervaring van **beroepsverwante stres (skaal X10)** ($r = -0.123$; $p = 0.000$).

Hierdie negatiewe korrelasie, hoewel baie laag, dui daarop dat daar 'n geringe neiging bestaan dat hoe meer die man feministies georiënteerd is, hoe minder is hy geneig om beroepsverwante stres te ervaar.

HaK33.9 Daar bestaan 'n statisties beduidende negatiewe verband tussen die man se **beroepsbetrokkenheid (skaal X9)** en die man se ervaring van **beroepsverwante stres (skaal X10)** ($r = -0.205$; $p = 0.000$).

Hierdie negatiewe korrelasie, hoewel laag, dui daarop dat daar 'n neiging bestaan dat hoe meer die man beroepsbetrokkenheid toon, hoe minder is hy geneig om beroepsverwante stres te ervaar.

Wanneer die **interkorrelasie matriks oorkoepelend in oënskou geneem** word, kan 'n aantal relevante patrone uitgelig word. Hierdie patrone word aan die hand van vyf groeperings van die veranderlikes aangebied. Die eerste groepering fokus op die patrone wat ten opsigte van die verbande tussen die eerste vier gesinsverwante veranderlikes bestaan. Hierdie vier veranderlikes behels enersyds die twee skale wat met die *werklike gedrag* van die man verband hou, naamlik die man se verrigting van huishoudelike take (skaal X1) en die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3), en andersyds die twee *regverdigheidsveranderlikes*, naamlik die mate waartoe 'n man dit as regverdig beskou dat daar van 'n man verwag kan word om huishoudelike take te moet verrig (skaal X2) en by die versorging van die kinders betrokke te moet wees (skaal X4).

Die tweede groepering van veranderlikes plaas die soeklig op die patrone ten opsigte van die verbande wat onderling tussen die eerste vier gesinsverwante veranderlikes en die oorblywende ander gesinsverwante veranderlikes bestaan. Dit beteken dat die fokus hier val op die patrone wat ten opsigte van die verbande tussen die volgende gesinverwante veranderlikes bestaan: enersyds, die man se verrigting van huishoudelike take (skaal X1), die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3), en die mate waartoe 'n man dit as regverdig beskou dat daar van 'n man verwag kan word om huishoudelike take te moet verrig (skaal X2) en by die versorging van die kinders betrokke te moet wees (skaal X4) en andersyds die ander meer abstrakte gesinsverwante veranderlikes - die man se verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5), sy verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6), die mate waartoe hy huweliksintegrasië ervaar (skaal X7) en die mate waartoe hy 'n feministiese oriëntasie toon (skaal X8).

Die derde groepering van veranderlikes fokus op die patrone wat ten opsigte van die laaste vier gesinsverwante veranderlikes - die man se verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5), sy verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6), die mate waartoe hy huweliksintegrasië ervaar (skaal X7) en die mate waartoe hy 'n feministiese oriëntasie toon (skaal X8) - na vore tree.

Die vierde groepering van veranderlikes konsentreer spesifiek op die verbande en verskille tussen *die man* se persepsie van sy emosionele werk in die huwelik (skaal X5) en *sy vrou* se persepsie van haar man se verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X11). Die vyfde groepering van veranderlikes sentreer rondom die partone wat ten opsigte van die onderlinge verbande tussen die agt gesinsverwante en die twee beroepsverwante veranderlikes bestaan.

8.2.1 Patrone van verbande tussen die man se verrigting van huishoudelike take (skaal X1), sy vaderbetrokkenheid (skaal X3), en die mate waartoe 'n man dit as regverdig beskou dat 'n man huishoudelike take moet verrig (skaal X2) en by die versorging van die kinders betrokke moet wees (skaal X4)

Wanneer die interkorrelasie-matriks in oënskou geneem word, blyk dit dat daar 'n aantal interessante aspekte ten opsigte van die verbande tussen die eerste vier gesinverwante veranderlikes na vore tree.

Dit is byvoorbeeld duidelik dat al vier hierdie veranderlikes positief met mekaar korreleer. Tog is dit duidelik dat wanneer die sterkte van die korrelasies met mekaar vergelyk word, dit opvallend is dat die korrelasies tussen die twee veranderlikes wat met die man se *werklike* gedrag verband hou en die twee regverdigheidsveranderlikes bestaan, telkens in hierdie verband die laagste is. So blyk dit dat daar 'n matige verband bestaan tussen die man se **verrigting van huishoudelike take** (skaal X1) en die ooreenstemmende regverdigheidsveranderlike - sy persepsie van die **regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig** (skaal X2) ($r = 0.403$; $p = 0.000$). Daar bestaan selfs 'n laer, hoewel beduidende, verband tussen die man se **verrigting van huishoudelike take** (skaal X1) en - sy persepsie van die **regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees** (skaal X4) ($r = 0.236$; $p = 0.000$).

Dieselfde tendens bestaan ook ten opsigte van die mate waartoe die man vaderbetrokkenheid toon (skaal X3) en die twee regverdigheidsveranderlikes. Weereens is daar 'n matige verband tussen die mate waartoe die man **vaderbetrokkenheid** toon (skaal X3) en die ooreenstemmende regverdigheidsveranderlike, naamlik die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees** (skaal X4) ($r = 0.446$; $p = 0.000$). Verder bestaan daar 'n laer verband tussen die mate waartoe die man **vaderbetrokkenheid** toon (skaal X3) en sy persepsie van die **regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig** (skaal X2) ($r = 0.335$; $p = 0.000$).

Wanneer daar op die korrelasie tussen die twee veranderlikes wat met die man se *werklike* gedrag verband hou, gelet word - waar daar 'n relatiewe sterk verband tussen die man se **verrigting van huishoudelike take** (skaal X1) en die mate waartoe hy **vaderbetrokkenheid** toon (skaal X3) ($r = 0.545$; $p = 0.000$) bestaan - is dit duidelik dat hierdie korrelasie hoër is as in die gevalle waar die veranderlikes ten opsigte van die man se werklike rolgedrag met die regverdigheidsveranderlikes gekorreleer word.

Ten opsigte van die korrelasies wat tussen hierdie vier gesinsverwante veranderlikes bestaan, is dit opvallend dat die hoogste korrelasie tussen die twee regverdigheidsveranderlikes bestaan, naamlik

tussen die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig** (skaal X2) en sy persepsie van die **regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees** (skaal X4) ($r = 0.689$; $p = 0.000$).

Teen die agtergrond van die verbande wat tussen hierdie vier gesinsverwante veranderlikes bestaan, tree die volgende vraag na vore: In welke mate bestaan daar by mans 'n sterker/swakker persepsie van die *regverdigheid* dat hulle by die verrigting van huishoudelike en kinderversorgingstake betrokke moet wees, as wat dit met hul persepsie van hul *werklike* gedrag ten opsigte van hierdie take die geval is? - of anders gestel, is die tellings op die skale wat regverdigheid meet beduidend hoër/laer as die tellings op die skale wat die werklike gedrag van die mans meet? Ten einde hierdie vraag te beantwoord, is 'n aantal hipoteses ten opsigte van die verskille tussen die vektore van gemiddeldes van respondente se skaaltellings vir hierdie genoemde vier gesinsverwante veranderlikes geformuleer.

Die eerste van die nulhipoteses wat in hierdie verband geformuleer is, is dié ten opsigte van die verskille tussen die vektore van gemiddeldes van respondente se skaaltellings vir die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1) en die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2), naamlik:

Hot34 Daar bestaan geen statisties beduidende verskil in die vektore van gemiddeldes van skaaltellings van respondente ten opsigte van:

Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1)

en

Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2), nie.

Om hierdie hipotese te toets, is daar van 'n t-toets gebruik gemaak ten einde vas te stel of die tellings op die een skaal statisties beduidend hoër/laer as dié op die ander skaal is. Hierdie resultate word in tabel 8.2.1(i) weergegee:

Tabel 8.2.1(i): Verskille tussen die respondente se tellings vir skaal X1 en X2: t-toets

Skaal	RG	Paarsgewyse RG	S	Paarsgewyse S	t	GVV	p
Huishoudelike take (skaal X1) en Regverdig: Huishoudelike take (skaal X2) (Hot34)	53.14	-22.838	15.7533	21.9837	-20.77	399	0.000 **

GVV Grade van vryheid

S Standaardafwyking

t t-waarde

** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Weens die feit dat die t-toets se waarde ($t = -20.77$) statisties beduidend op die 1% peil van betekenis is ($p = 0.000$), word die nulhipotese Hot34, soos gestel, verwerp en die alternatiewe hipotese Hat34 aanvaar, naamlik: **Daar bestaan 'n statisties beduidende verskil in die vektore van gemiddeldes van skaaltellings van respondente ten opsigte van die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1) en die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2).**

Dit beteken dus dat respondente statisties beduidend meer daartoe geneig is om dit as *regverdig* te beskou dat 'n man by die verrigting van huishoudelike take betrokke moet wees ($RG = 75.98$), as wat hulle geneig is om in terme van hul *werklike* gedrag 'n bydrae tot die verrigting van huishoudelike take te lewer ($RG = 53.14$).

'n Verdere hipotese wat ten opsigte van die **verskille** tussen die man se *werklike* gedrag en sy beskouing van die regverdigheid dat 'n man hierdie spesifieke gesinsverwante gedrag moet openbaar, geformuleer is, is dié ten opsigte van die verskil tussen die respondente se skaaltellings vir die mate waartoe hulle vaderbetrokkenheid toon (skaal X3) en hul persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees (skaal X4), naamlik:

Hot35 Daar bestaan geen statisties beduidende verskil in die vektore van gemiddeldes van skaaltellings van respondente ten opsigte van:

Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3)

en

Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4), nie.

Om hierdie hipotese te toets, is daar van 'n t-toets gebruik gemaak ten einde vas te stel of die tellings op die een skaal statisties beduidend hoër/laer as dié op die ander skaal is. Hierdie resultate word in tabel 8.2.1(ii) weergegee:

Tabel 8.2.1(ii): Verskille tussen die respondente se tellings vir skale X3 en X4: t-toets

Skaal	RG	Paarsgewyse RG	S	Paarsgewyse S	.t	GVV	p
Vaderbetrokkenheid (skaal X3) en Regverdig: Kinderversorging (skaal X4) (Hot35)	61.04	-19.710	14.6307	16.6551	-23.36	399	0.000 **

GVV Grade van vryheid

t t-waarde

S Standaardafwyking

** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Weens die feit dat die t-toets se waarde ($t = -23.36$) statisties beduidend op die 1% peil van betekenis is ($p = 0.000$), word die nulhipotese H_{035} , soos gestel, verwerp en die alternatiewe hipotese H_{a35} aanvaar, naamlik: **Daar bestaan 'n statisties beduidende verskil in die vektore van gemiddeldes van skaaltellings van respondente ten opsigte van die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3) en die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4).**

Op grond hiervan is dit duidelik dat respondente statisties beduidend meer daartoe geneig is om dit as *regverdig* te beskou dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees ($RG = 80.75$), as wat hulle geneig is om in terme van hul *werklike* gedrag as vaders by hul kinders betrokke te wees ($RG = 61.04$).

Samevattend wat die bevindinge ten opsigte van hipoteses 34 en 35 betref, blyk dit dat mans statisties beduidend meer daartoe geneig is om dit as *regverdig* te beskou dat 'n man by die verrigting van huishoudelike take ($RG = 75.98$) asook by die uitvoering van kinderversorgingstake ($RG = 80.75$) betrokke moet wees, eerder as wat hulle in terme van hul *werklike* gedrag by onderskeidelik die verrigting van huishoudelike take betrokke is ($RG = 53.14$) en 'n betrokkenheid as vaders by hul kinders toon ($RG = 61.04$). Hierdie bevinding sluit dus by die werk van Daly (1995:21) aan wat die klem daarop lê dat die "kultuur" van die rol van die man (veral in terme van sy rol as vader) - die gedeelde waardes, norme en gelowe rakende die rol van die man - nie noodwendig met die man se werklike gedrag in passing is nie.

Tog wil dit blyk dat dit moontlik die beskouing van die man kan wees dat, alhoewel hy nie fisies by die verrigting van huishoudelike en kinderversorgingstake betrokke is nie, hy dit wel as regverdig teenoor 'n man beskou dat daar van hom verwag kan word om wel hierdie take te moet verrig. Sodoende stel hy homself dus bereid om, indien nodig, sy vrou in die uitvoering van hierdie take te ondersteun. Hierdie bereidwilligheid kan dus, in aansluiting by die werk van Thompson (1991:186), as 'n vorm van *emosionele werk* in die huwelik geïnterpreteer word.

Die feit dat mans dit as regverdig teenoor 'n man beskou om by die verrigting van huishoudelike en kinderversorgingstake betrokke te moet wees, terwyl hy nie noodwendig by die werklike verrigting van hierdie take betrokke is nie, hou dalk ook met die aard van die indiensneming van 'n huishulp in die huishouding verband. Soos dit uit die vorige hoofstuk blyk, is mans wie se huishoudings op 'n gereelde basis van die dienste van 'n huishulp gebruik maak, minder daartoe geneig om by die werklike verrigting van huishoudelike take betrokke te wees en vaderbetrokkenheid te toon as wat dit die geval met mans is wie se huishoudings nooit of minder gereeld van die dienste van 'n huishulp gebruik maak. Dit sluit by die werk van Lewis (1992:10) aan wat bevind het dat hoe meer die dubbelinkomstegesin van die dienste van 'n huishulp gebruik maak, hoe minder sal die man by die verrigting van huishoudelike en kinderversorgingstake betrokke wees.

Bo en behalwe die verskille wat ten opsigte van die veranderlikes rakende die werklike gedrag en die regverdigheidsveranderlikes bestaan, kan daar ook 'n hipotese geformuleer word ten opsigte van die **verskille** wat spesifiek tussen die twee skale wat met die man se *werklike* rolgedrag verband hou, bestaan, naamlik:

Hot36 Daar bestaan geen statisties beduidende verskil in die vektore van gemiddeldes van skaaltellings van respondente ten opsigte van:

Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1)

en

Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3) nie.

Om hierdie hipotese te toets, is daar van 'n t-toets gebruik gemaak ten einde vas te stel of die tellings op die een skaal statisties beduidend hoër/laer as dié op die ander skaal is. Hierdie resultate word in tabel 8.2.1(iii) weergegee:

Tabel 8.2.1(iii): Verskille tussen die respondente se tellings vir skale X1 en X3: t-toets

Skaal	RG	Paarsgewyse RG	S	Paarsgewyse S	.t	GVV	.p
Huishoudelike take (skaal X1) en Vaderbetrokkenheid (skaal X3) (Hot36)	53.14	-7.902	15.7533	14.5246	-10.88	399	0.000 **

GVV

Grade van vryheid

S

Standaardafwyking

t

t-waarde

**

Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Weens die feit dat die t-toets se waarde ($t = -10.88$) statisties beduidend op die 1% peil van betekenis is ($p = 0.000$), word die nulhipotese Hot36, soos gestel, verwerp en die alternatiewe hipotese Hat36 aanvaar, naamlik: **Daar bestaan 'n statisties beduidende verskil in die vektore van gemiddeldes van skaaltellings van respondente ten opsigte van die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1) en die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3).**

Dit beteken dus dat respondente statisties beduidend meer daartoe geneig is om vaderbetrokkenheid te toon ($RG = 61.04$), as wat hulle by die verrigting van huishoudelike take betrokke sal wees ($RG = 53.14$). Dit is in lyn met die werk van beide Gilbert (1985:106) en Maconachie (1990:173) wat meen dat getroude mans gewoonlik eerder met die versorging van die kinders behulpsaam is, as wat hulle by die verrigting van huishoudelike take betrokke is.

Afgesien van die verskille wat tussen die twee veranderlikes ten opsigte van die man se werklike gedrag bestaan, kan daar ook 'n hipotese geformuleer word ten opsigte van die **verskille** tussen die twee regverdigheidsveranderlikes bestaan, naamlik:

Hot37 Daar bestaan geen statisties beduidende verskil in die vektore van gemiddeldes van skaaltellings van respondente ten opsigte van:

Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2)

en

Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4), nie.

Om hierdie hipotese te toets, is daar van 'n t-toets gebruik gemaak ten einde vas te stel of die tellings op die een skaal statisties beduidend hoër/laer as dié op die ander skaal is. Hierdie resultate word in tabel 8.2.1(iv) weergegee:

Tabel 8.2.1(iv): Verskille tussen die respondente se tellings vir skale X2 en X4: t-toets

Skaal	RG	Paarsgewyse RG	S	Paarsgewyse S	t	GVV	p
Regverdigheid: Huishoudelike take (skaal X2)	75.98	-4.775	22.9534	16.6982	-5.71	399	0.000 **
en Regverdigheid: Kinderversorging (skaal X4) (Hot37)	80.75		17.1786				

GVV Grade van vryheid

S Standaardafwyking

t t-waarde

** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Weens die feit dat die t-toets se waarde ($t = -5.71$) statisties beduidend op die 1% peil van betekenis is ($p = 0.000$), word die nulhipotese Hot37 soos gestel, verwerp en die alternatiewe hipotese Hat37

aanvaar, naamlik: **Daar bestaan 'n statisties beduidende verskil in die vektore van gemiddeldes van skaaltellings van respondente ten opsigte van die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2) en die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4).**

Op grond van hierdie statistiese toets is dit duidelik dat respondente beduidend meer daartoe geneig is om dit as regverdig te beskou dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees (RG = 80.75), as wat hulle geneig is om dit as regverdig te beskou dat hy by die verrigting van huishoudelike take betrokke moet wees (RG = 75.98). Dit wil dus voorkom dat mans hul moontlike betrokkenheid by die versorging van hul kinders as meer verenigbaar met hul selfidentiteit van manlikheid beskou, as wat dit die geval met hul moontlike bydrae tot die verrigting van huishoudelike take is. Tog is dit duidelik dat die respondente se skaaltellings ten opsigte van die twee regverdigheidsveranderlikes besonder hoog is - waar die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig (skaal X2) en by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees (skaal X4) rekenkundige gemiddeldes van onderskeidelik 75.98 en 80.75 toon. Dit wil dus voorkom dat hierdie mans, ten minste in beginsel, 'n vorm van die nie-tradisionele geslagsroloriëntasie geïnternaliseer het, alhoewel hulle betrokkenheid in 'n groot mate dalk slegs *de jure* van aard kan wees. Hierdie nie-tradisionele geslagsroloriëntasie sluit ook by die kultuur van die *nuwe vaderskap* en *nuwe manlikheid* aan (Doherty, 1997:225; Daphne, 1998:27).

Oorkoepelend wat die bespreking van die eerste groepering van veranderlikes betref, wil dit dus blyk dat daar nie net positiewe *verbande* tussen die eerste vier gesinsverwante veranderlikes bestaan nie, maar dat daar ook bepaalde patrone ten opsigte van die *verskille* wat tussen die skaaltellings van die respondente ten opsigte van hierdie veranderlikes bestaan, na vore tree.

8.2.2 Patrone van verbande tussen die man se verrigting van huishoudelike take (skaal X1), sy vaderbetrokkenheid (skaal X3), die mate waartoe 'n man dit as regverdig beskou dat 'n man huishoudelike take moet verrig (skaal X2) en by die versorging van die kinders betrokke moet wees (skaal X4) enersyds, en die man se verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5), sy verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6), sy ervaring van huweliksintegrasie (skaal X7) en sy feministiese oriëntasie (skaal X8) andersyds

Wanneer die interkorrelasiematriks in oënskou geneem word, blyk dit dat daar 'n aantal interessante patrone ten opsigte van die verbande tussen die eerste vier gesinverwante veranderlikes en die oorblywende, meer abstrakte, gesinsverwante veranderlikes na vore tree.

In die eerste plek is dit duidelik dat die twee veranderlikes wat met die man se *werklike* gedrag verband hou, positief met al vier die meer abstrakte gesinsverwante veranderlikes korreleer. So blyk dit byvoorbeeld dat hoe meer die man by die werklike **verrigting van huishoudelike take** betrokke is (skaal X1), hoe meer is hy ook daartoe geneig om **emosionele werk** in die huwelik te verrig (skaal X5) ($r = 0.323$), 'n **verbintenis tot groei in die huwelik** te toon (skaal X6) ($r = 0.219$), **heweliksintegrasie** te ervaar (skaal X7) ($r = 0.309$) en om **feministies georiënteerd** te wees (skaal X8) ($r = 0.309$).

In vergelyking met die korrelasies tussen die man se verrigting van huishoudelike take (skaal X1) en die meer abstrakte gesinsverwante veranderlikes, is dit opvallend dat, wanneer die fokus op die korrelasies tussen die man se werklike gedrag ten opsigte van sy betrokkenheid as vader by sy kinders (skaal X3) en die ander gesinsverwante veranderlikes geplaas word, hierdie korrelasies sterker van aard is. So blyk dit dat hoe hoër die mate is waartoe die man **vaderbetrokkenheid** toon (skaal X3), hoe meer is hy ook daartoe geneig om **emosionele werk** in die huwelik te verrig (skaal X5) ($r = 0.507$), 'n **verbintenis tot groei in die huwelik** te toon (skaal X6) ($r = 0.401$), **heweliksintegrasie** te ervaar (skaal X7) ($r = 0.431$) en om **feministies georiënteerd** te wees (skaal X8) ($r = 0.431$).

Wanneer die regverdigheidsveranderlikes met die meer abstrakte gesinsverwante veranderlikes gekorreleer word, blyk dit dat die korrelasies sterker is as dié waar die veranderlikes ten opsigte van die man se werklike gedrag met die betrokke gesinsverwante veranderlikes gekorreleer word.

Dit is byvoorbeeld duidelik dat daar 'n positiewe matige tot sterk verband tussen die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig** (skaal X4) en sy verrigting van **emosionele werk** in die huwelik (skaal X5) ($r = 0.482$), sy **verbintenis tot groei in die huwelik** (skaal X6) ($r = 0.423$), sy ervaring van **huweliksintegrasie** (skaal X7) ($r = 0.402$) en die mate waartoe hy **feministies georiënteerd** is (skaal X8) ($r = 0.625$), bestaan.

Weereens, soos in die geval van die man se werklike gedrag waar die man se betrokkenheid as vader by sy kinders (skaal X3), eerder as sy verrigting van huishoudelike take (skaal X1), sterker met die abstrakte gesinsverwante veranderlikes gekorreleer het, is dit duidelik dat die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees (skaal X4) ook sterker met die ander gesinsverwante veranderlikes korreleer, as wat dit die geval met die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig (skaal X2) is. So blyk dit dat hoe meer die man dit as **regverdig beskou dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees** (skaal X4), hoe meer is hy ook daartoe geneig om **emosionele werk** in die huwelik te verrig (skaal X5) ($r = 0.609$), 'n **verbintenis tot groei in die huwelik** te toon (skaal X6) ($r = 0.555$), **huweliksintegrasie** te ervaar (skaal X7) ($r = 0.533$) en om **feministies georiënteerd** te wees (skaal X8) ($r = 0.719$).

Wat die twee *regverdigheidsveranderlikes* betref, naamlik die man se **persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig** (skaal X2) ($r = 0.482$) en **by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees** (skaal X4) ($r = 0.609$), is dit opvallend dat dit matig tot relatief sterk positief met die man se verrigting van **emosionele werk** in die huwelik (skaal X5) korreleer. Die idee dat 'n man dit as regverdig beskou dat aspekte rakende die huishouding en kinderversorging as deel van sy rolbeskrywing beskou moet word, onderskryf sy bereidwilligheid om wel by hierdie take betrokke te raak. Dit sluit nou aan by die houdingsingesteldheid van 'n man

wat 'n hoë mate van emosionele werk in die huwelik verrig. Dit wil dus voorkom dat die twee regverdigheidsveranderlikes deel uitmaak van emosionele werk in die huwelik, wat as 'n meer oorkoepelende veranderlike beskou kan word.

Daar is verder ook sterk positiewe verbande tussen die twee *regverdigheidsveranderlikes* en die mate waartoe die man feministies georiënteerd is (skaal X8). Dit wil dus sê dat hoe hoër die man se **feministiese oriëntasie** is, hoe meer is hy geneig om dit as **regverdig te beskou dat man huishoudelike take moet verrig** ($r = 0.625$) asook **by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees** ($r = 0.719$). Hierdie aanvaarding dat huishoudelike en kinderversorgingstake wat voorheen met die gesinsrol van die *vrou* geassosieer is, as verenigbaar met die man se selfidentiteit van manlikheid³ en sy rol as eggenoot en vader beskou kan word, hou dus direk met die man se feministiese oriëntasie verband.

8.2.3 Patrone ten opsigte van die man se verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5), sy verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6), sy ervaring van huweliksintegrasie (skaal X7) en sy feministiese oriëntasie (skaal X8)

Wanneer die interkorrelasie-matriks bestudeer word, is daar 'n aantal interessante patrone wat ten opsigte van die verbande tussen die meer abstrakte gesinsverwante veranderlikes na vore tree. Dit is veral duidelik dat hierdie vier gesinsverwante veranderlikes sterk tot baie sterk onderling met mekaar korreleer, wat as aanduiding dien van die besondere hoë samehang wat tussen die man se verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5), sy verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6), sy ervaring van huweliksintegrasie (skaal X7) en die mate waartoe hy feministies georiënteerd is (skaal X8), bestaan.

Die eerste opvallende aspek wat na vore tree, is die besondere hoë verband tussen die man se verrigting van **emosionele werk** in die huwelik (skaal X5) en sy **verbintenis tot groei in die huwelik** (skaal X6) ($r = 0.821$). Hierdie verband dui op 'n bepaalde houdingsingesteldheid ten

opsigte van die huwelik. Dit dui dus daarop dat die man wat 'n langtermynperspektief op die handhawing van die huwelik as permanente, eksklusiewe verhouding het en 'n betrokkenheid by die uitbouing van die huweliksverhouding toon (om die woorde van De Waal (1990:35) te gebruik), in 'n hoë mate ook geneig sal wees om emosionele werk in die huwelik te verrig ten einde sy eggenote se emosionele welsyn te bevorder.

Hierdie twee gesinsverwante veranderlikes wat met 'n houdingsingesteldheid ten opsigte van die huweliksverhouding te make het, toon ook baie sterk positiewe verbande met 'n veranderlike wat op die man se algemene houdingsingesteldheid ten opsigte van die vrou se posisie in die huwelik, werkplek en die samelewing in den brede fokus, naamlik die man se feministiese oriëntasie. Hieruit blyk dit dat mans wat 'n hoë **feministiese oriëntasie** toon (skaal X8) ook daartoe geneig is om 'n hoë mate van **emosionele werk** in die huwelik te verrig (skaal X5) ($r = 0.748$) en om in 'n hoë mate **tot groei in die huwelik verbind te wees** (skaal X6) ($r = 0.717$).

Al drie hierdie bogenoemde veranderlikes toon ook beduidende sterk positiewe verbande met die hoofveranderlike in hierdie studie, naamlik die man se ervaring van huweliksintegrasie (skaal X7). So blyk dit dat die man se verrigting van **emosionele werk** in die huwelik (skaal X5) besonder sterk met sy ervaring van **huweliksintegrasie** (skaal X7) korreleer ($r = 0.821$). Hierdie bevinding ten opsigte van die belewenis van die man in die dubbelinkomstegesin binne die Suid-Afrikaanse konteks sluit dus by die werk van Vannoy en Philliber (1992:395) en Erickson (1993:888) aan wat aandui dat die man se aktiewe, rasonale poging om emosionele werk in die huwelik te verrig, positief op sy ervaring van huwelikskwaliteit kan inwerk.

Ook wat die man se **verbintenis tot groei in die huwelik** (skaal X6) betref, blyk dit dat dit baie sterk met die man se ervaring van **huweliksintegrasie** (skaal X7) korreleer ($r = 0.803$). Hierdie hoë korrelasie bevestig die belangrikheid van die man se verbintenis tot groei in die huwelik - die mate van inspanning om die huwelik "te laat werk" - as veranderlike in die bepaling van die mate waartoe huwelikskwaliteit en -integrasie ervaar sal word (Gelles, 1995:242; Johnson *et al*, 1999:173).

³ Sien hoofstuk 3 van hierdie tesis vir die omskrywing van die konsep *die man se selfidentiteit van manlikheid*.

Op grond van die relatiewe sterk verband wat tussen die man se **feministiese oriëntasie** (skaal X8) en sy ervaring van **huweliksintegrasië** (skaal X7) bestaan ($r = 0.687$), blyk dit dat die man se feministiese oriëntasie, met ander woorde die handhawing van 'n meer egalitêre geslagloriëntasie, 'n belangrike rol in die uitbouing van 'n suksesvolle dubbelinkomstehuwelik speel. Dit sluit by die Amerikaanse bevindinge van Blaisure en Allen (1995:16) aan wat aandui dat mans wat die manifestering van die feministiese waardes in die huwelik nastreef, nie net hul huwelike as meer positief beleef nie, maar dat hulle ook 'n feministiese oriëntasie as 'n kritieke komponent in die bevordering van huwelikskwaliteit beskou - 'n aspek wat na hul mening hul huwelike bo dié van tradisionele huweliksverhoudings laat uittroon.

Vanuit die bostaande bespreking blyk dit op grond van die wyse waarop die gesinsverwante veranderlikes met mekaar interkorreleer, dat hierdie veranderlikes 'n samehang toon wat 'n hoë ervaring van huweliksintegrasië by die man tot gevolg kan hê. Dit is veral duidelik dat emosionele werk as een van die gesinsverwante veranderlikes 'n belangrike veranderlike in die ervaring van huweliksintegrasië blyk te wees. Dit is dus belangrik dat daar op die man se verrigting van emosionele werk in die huwelik gefokus moet word - veral in terme van die wyse waarop daar ooreenkomste/verskille ten opsigte van die man en sy vrou se persepsies van sy verrigting van emosionele werk, kan bestaan.

8.2.4 Patrone ten opsigte van die man en sy vrou se persepsies van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skale X5 en X11)

In die lig van Jessie Bernard (1982:26) se siening dat die man en die vrou verskillende persepsies en belewenisse van hul huwelikslewe het, is dit belangrik dat wanneer die man se verrigting van emosionele werk ter sprake kom, beide egliede se persepsies daarvan in aanmerking geneem moet word. Om vas te stel of die man sy verrigting van emosionele werk in die huwelik op die dieselfde wyse as sy vrou beleef, is daar vir die doeleindes van hierdie studie nie net 'n skaal vir die meting van die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk (skaal X5) ontwikkel nie, maar is

daar ook 'n gelykluidende skaal vir die vrou se persepsie van haar man se verrigting van emosionele werk (skaal X11) by die vraelys ingesluit.

Twee hipoteses is in hierdie verband geformuleer. Die eerste van die twee hou verband met die vraag: In welke mate bestaan daar 'n verband tussen die *man* se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik en sy *vrou* se persepsie van haar man se verrigting van emosionele werk?

Op grond van die gebruikmaking van Pearson se produkmomentkorrelasiekoëffisiënt kan die volgende alternatiewe hipotese aanvaar word:

HaK33.10 Daar bestaan 'n statisties beduidende positiewe verband tussen die **man se persepsie** van sy verrigting van **emosionele werk in die huwelik (skaal X5)** en die **vrou se persepsie van haar man se verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X11)** ($r = 0.778$; $p = 0.000$).

Wat hierdie positiewe korrelasie betref, blyk dit dat daar 'n sterk neiging bestaan dat hoe meer dit die man se persepsie is dat hy emosionele werk in die huwelik verrig, hoe meer is dit ook die vrou se persepsie dat haar man emosionele werk in die huwelik verrig.

Die vraag wat egter hieruit voortvloei, is: In welke mate bestaan daar **verskille** tussen die tellings op die skale wat onderskeidelik die man en sy vrou se persepsies meet ten opsigte van die mate waartoe die man emosionele werk in die huwelik verrig? - of anders gestel, wie van die twee egliede, die man of sy vrou, is van mening dat die man die meeste by die verrigting van emosionele werk betrokke is? Ten einde hierdie vraag te beantwoord, is die volgende nulhipotese geformuleer:

Hot38 Daar bestaan geen statisties beduidende verskil in die vektore van gemiddeldes van skaaltellings van respondente ten opsigte van:

Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5)

en

Die vrou se persepsie van haar man se verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X11) nie.

Om hierdie hipotese te toets, is daar van 'n t-toets gebruik gemaak ten einde vas te stel of die tellings op die een skaal statisties beduidend hoër/laer as dié op die ander skaal is. Hierdie resultate word in tabel 8.2.3(ii) weergegee:

Tabel 8.2.3(ii): Verskille tussen die respondente se tellings vir skale X5 en X11: t-toets

Skaal	RG	Paarsgewyse RG	S	Paarsgewyse S	.t	GVV	p
Man: emosionele werk (skaal X5) en Vrou: Eggenote se emosionele werk (skaal X11) (Hot38)	98.36	3.41	18.2911	12.7946	5.33	399	0.000 **

GVV Grade van vryheid

S Standaardafwyking

t t-waarde

** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Weens die feit dat die t-toets se waarde ($t = 5.33$) statisties beduidend op die 1% peil van betekenis is ($p = 0.000$), word die nulhipotese Hot38, soos gestel, verwerp en die alternatiewe hipotese Hat38 aanvaar, naamlik: **Daar bestaan 'n statisties beduidende verskil in die vektore van gemiddeldes van skaaltellings van respondente ten opsigte van die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5) en die vrou se persepsie van haar man se verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X11).**

Wat hierdie verhouding betref, blyk dit dus dat die man 'n beduidend hoër persepsie van sy eie verrigting van emosionele werk in die huwelik het ($RG = 98.36$), as wat dit die geval is met die vrou se persepsie van haar man se verrigting van emosionele werk ($RG = 94.95$). Hierdie bevinding sluit aan by die Simbolies Interaksionistiese benadering dat, ook wat huweliks- en gesinsrolle betref,

individue situasies en rolgedrag verskillend definieer en beleef (Klein en White, 1996:93). Dit staan ook in verband met Jessie Bernard (1982:8) se meer feministiese benadering, wat die bestaan van "die man se huwelik" en "die vrou se huwelik" - met ander woorde hul verskillende definisies van "die realiteit" van die huwelik - beklemtoon.

Dus, alhoewel daar 'n sterk positiewe *verband* tussen die man en sy vrou se persepsies van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik bestaan, blyk dit op grond van die gebruikmaking van die t-toets dat daar wel 'n statisties beduidende *verskil* in hul skaaltellings ten opsigte van die meting van hul persepsies bestaan. Dit is in soverre die man 'n beduidend hoër persepsie van sy eie verrigting van emosionele werk in die huwelik het, as wat dit die geval is met die vrou se persepsie van haar man se verrigting van emosionele werk.

Oorkoepelend wat die bespreking ten opsigte van die vier meer abstrakte gesinsverwante veranderlikes betref, wil dit dus blyk dat in terme van hierdie studie die hoogste korrelasies tussen hierdie vier gesinsverwante veranderlikes - die man se verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5), sy verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6), sy ervaring van huweliksintegrasie (skaal X7) en die mate waartoe hy feministies georiënteerd is (skaal X8) - voorkom. Die samehang tussen die man se verrigting van emosionele werk, sy verbintenis tot groei in die huwelik en sy feministiese oriëntasie, speel dus 'n belangrike rol in die bepaling van die mate waartoe die man huweliksintegrasie sal ervaar.

Die vyfde groepering van veranderlikes sentreer rondom die partone wat ten opsigte van die onderlinge verbande tussen die agt gesinsverwante en die twee beroepsverwante veranderlikes bestaan.

8.2.5 Patrone ten opsigte van die verbande tussen die gesinverwante en die beroepsverwante veranderlikes

Weens die feit dat al die respondente uit dubbelinkomstegesinde kom, is dit belangrik om ook op die patrone ten opsigte van die beroepsverwante veranderlikes te let. Wanneer die

interkorrelasie matriks bestudeer word, is daar 'n aantal interessante aspekte rakende die verbande tussen die gesinsverwante en beroepsverwante veranderlikes wat na vore tree. Die eerste van die twee beroepsverwante veranderlikes wat hier ter sprake kom, is die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9).

(i) *Die verbande tussen die man se beroepsbetrokkenheid en die gesinsverwante veranderlikes*

Behalwe vir die man se verrigting van huishoudelike take (skaal X1), korreleer die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9) positief met al die gesinsverwante veranderlikes. Dit wil dus sê dat hoe hoër die man se betrokkenheid by sy beroep is, hoe meer sal hy ook daartoe geneig wees om by die aspekte ten opsigte van die huwelik, gesin en huishouding betrokke te wees.

Dit is veral sigbaar in soverre die man se **beroepsbetrokkenheid** (skaal X9) onderskeidelik positief met die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig** ($r = 0.333$), die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees** ($r = 0.458$), die verrigting van **emosionele werk** in die huwelik ($r = 0.413$) en die **verbintenis tot groei in die huwelik** ($r = 0.443$), korreleer. Dit wil dus voorkom dat daar weereens 'n *houdingsingesteldheid* ter sprake is, naamlik dat daar 'n verband bestaan tussen die man se betrokkenheid by sy beroep ten einde 'n sukses daarvan te maak en sy positiewe ingesteldheid ten opsigte van sy huwelik en gesin ten einde ook daarvan 'n sukses te maak. Hierdie aspek sluit by die werk van du Toit (1992:129) en Smit (1996:400) aan wat in terme van hul onderskeie navorsing ten opsigte van die werkende getroude *vrou* in Suid-Afrika gevind het dat hoe hoër die vrou se beroepsambisie/beroepsbetrokkenheid is, hoe hoër is haar verbintenis tot groei in die huwelik. Dit wil dus voorkom dat 'n hoë mate van beroepsbetrokkenheid en verbintenis tot groei in die huwelik by beide die man en die vrou in die dubbelinkomstegesin kan voorkom.

In die lig van Carlson (1990:271) se mening dat: "...career and family involvement have never been combined easily in the same person...", maak die korrelasie tussen die man se beroepsbetrokkenheid

en sy verbintenis tot groei in die huwelik soveel te meer betekenisvol. Dit wil dus voorkom asof 'n bepaalde persoonlikheidstipe hier ter sprake kom ten einde lig op die voorkoms van die vermoë tot 'n dubbele betrokkenheid in terme van die twee primêre sfere - die gesins- en beroepsfere - te werp.

Hierdie hoë mate van betrokkenheid in beide die gesins- en beroepsfere kan tot 'n potensiële dilemma van oorbelading vir die man in die dubbelinkomstegesin aanleiding gee. Hierdie dilemma vind volgens Fogarty *et al* (1971:344) nie net as gevolg van die numeriese toename van rolverpligtinge in beide die gesins- en werkskonteks plaas nie, maar hou spesifiek met die dualiteit in die emosionele verbintenis tot die verskillende rolle verband, wat dit vir die individu moeilik maak om een rol ten koste van die ander te bevorder.

Dit is egter ook interessant om daarop te let dat daar 'n relatiewe sterk verband tussen die man se **beroepsbetrokkenheid** en sy **feministiese oriëntasie** bestaan ($r = 0.504$). Dit blyk dus dat 'n man wat self 'n sterk betrokkenheid by sy beroep toon, ook daartoe geneig sal wees om ten opsigte van sy beskouing van die rol en posisie van die vrou in al die instellings van die samelewing, die gelyke deelname van die vrou in die arbeidsmark voor te staan.

Wat die verband tussen die man se **beroepsbetrokkenheid** (skaal X9) en sy ervaring van **huweliksintegrasie** (skaal X7) ($r = 0.441$) betref, wil dit dus voorkom dat 'n man se hoër beroepsbetrokkenheid, teen die algemene verwagting in, nie noodwendig *negatief* op sy huweliksverhouding inwerk nie. In die lig hiervan blyk dit dat dit ooreenstem met O'Neil en Greenberger (1994:11) se beklemtoning van die feit dat indien 'n man sowel 'n hoë mate van verbintenis tot sy werk as 'n verbintenis tot sy gesinsrolle toon, dit nie net tot 'n laer mate van rolstremming kan aanleiding gee nie, maar dat die gesinsverhoudinge ook daardeur *bevorder* kan word.

Die ander beroepsverwante veranderlike wat hier ter sprake kom, is die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10).

(ii) *Die verbande tussen die man se ervaring van beroepsverwante stres en die gesinsverwante veranderlikes*

Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10) toon geen statisties beduidende verbande met die man se verrigting van huishoudelike take (skaal X1), sy persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig (skaal X2) en die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3) nie.

Daar bestaan egter wel beduidende negatiewe verbande tussen die man se ervaring van **beroepsverwante stres** (skaal X10) en die ander gesinsverwante veranderlikes, soos onder andere die man se persepsie van die **regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees** (skaal X4) ($r = -0.111$), sy verrigting van **emosionele werk** in die huwelik (skaal X5) ($r = -0.152$), sy **verbintenis tot groei in die huwelik** (skaal X6) ($r = -0.116$), sy ervaring van **huweliksintegrasie** (skaal X7) ($r = -0.228$) en die mate waartoe hy **feministies georiënteerd** is (skaal X8) ($r = -0.123$). Alhoewel hierdie negatiewe korrelasies laag is, beteken dit tog dat daar 'n geringe neiging is dat hoe meer die man 'n positiewe houdingsingesteldheid ten opsigte van sy gesin en huwelik openbaar en hoe meer hy by die verskillende dimensies van die gesinslewe betrokke is, hoe minder sal hy daartoe geneig wees om beroepsverwante stres te ervaar. Dit beteken dus dat daar 'n moontlike oordrag van negatiewe emotiewe kwaliteite vanaf die beroepsfeer na die gesinsfeer kan plaasvind, en sodoende nie net 'n verlaging in die man se verrigting van emosionele werk in die huwelik en verbintenis tot groei in die huwelik tot gevolg kan hê nie, maar ook negatiewe implikasies vir die man se ervaring van huweliksintegrasie kan inhou.

Oorkoepelend wat die bespreking ten opsigte van die verbande tussen die beroepsverwante en gesinsverwante veranderlikes betref, wil dit dus blyk dat binne die konteks van die werk-gesins-oordragmodel, dit weereens bevestig word dat die beroeps- en gesinsfeer nie onafhanklik van mekaar in werking is nie. Hierdie interverweefdheid van die beroeps- en gesinsverwante komponente van die man se lewe, beklemtoon die belangrikheid van die totstandkoming van 'n werk-gesin-passing in veral die dubbelinkomstegesin.

In die lig van die belangrikheid van die gesinverwante veranderlikes ten einde 'n werk-gesinpassing in die dubbelinkomstegesin tot stand te bring, is dit van belang dat die volgende vraag aangespreek moet word: Watter veranderlikes lewer 'n bydrae tot die voorspelling van die man se ervaring van *huweliksintegrasië* en sy *verbintenis tot groei in die huwelik*? Ten einde hierdie vraag te probeer antwoord, is daar van die ontwikkeling van meervoudige regressiemodelle gebruik gemaak.

8.3 DIE ONTWIKKELING VAN MEERVOUDIGE REGRESSIEMODELLE VIR DIE VOORSPELLING VAN HUWELIKSINTEGRASIE EN VERBINTENIS TOT GROEI IN DIE HUWELIK: HIPOTESES 39 en 40

In die poging om vas te stel watter kontinue veranderlikes en skale 'n statisties beduidende bydrae tot die voorspelling van *huweliksintegrasië* en *verbintenis tot groei in die huwelik* lewer, is meervoudige regressiemodelle ontwikkel. Hierdie statistiese tegniek word veral gebruik wanneer meer as drie veranderlikes ter sprake is (Bryman en Cramer, 1999:252). Vir die doeleindes van hierdie studie is die volgende kontinue veranderlikes en skale vir die ontwikkeling van die regressiemodelle gebruik:

- Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1).
- Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2).
- Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3).
- Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4).
- Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5).
- Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6).
- Die man se ervaring van huweliksintegrasië (skaal X7).
- Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8).
- Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9).
- Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10).

- Die man se huidige ouderdom.
- Die aantal jare wat die man met sy huidige eggenote getroud is.
- Die man se ouderdom by die geboorte van sy (eie) eerste kind.
- Die aantal werksdae wat die man per week beroepwerkzaam is.
- Die aantal ure wat die man per dag by die werk deurbring.
- Die aantal ure wat die man per werksdag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hy tuis is.
- Die aantal ure wat die man per naweek aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hy tuis is.
- Die aantal werksdae wat die man se eggenote per week beroepwerkzaam is.
- Die aantal ure wat die man se eggenote per dag by die werk deurbring.
- Die aantal ure wat die man se eggenote per werksdag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer sy tuis is.
- Die aantal afhanklike kinders wat tans by die egpaar inwoon.
- Die ouderdom van die jongste kind.
- Die man se persepsie van hoe dikwels sy vader by die voorbereiding van voedsel betrokke was.
- Die man se persepsie van hoe dikwels sy vader by die verrigting van huishoudelike take betrokke was.
- Die man se persepsie van hoe dikwels sy vader by die versorging van die kinders betrokke was.

Tydens die ontwikkeling van 'n meervoudige regressiemodel word beide die gemiddelde en die standaardafwyking van die voorspellers (verklarende veranderlikes) en die kriterium (afhanklike veranderlike) as insetgegewens gebruik. Die formule vir die berekening van 'n meervoudige regressie is:

$$y = a + b_1x_1 + b_2x_2 + \dots + b_kx_k + e$$

waar

$y =$ voorspellingskriterium

$a =$ 'n konstante wat die verskil tussen die voorspeller en die kriterium se gemiddeldes regstel

- $b_1 \dots b_k =$ die gewigte aan elke voorspeller toegeken (regressiekoëffisiënt)
- $x_1 \dots x_k =$ waardes van die voorspellingsveranderlikes
- $e =$ 'n foutterm wat as aanduiding dien van die feit dat 'n proporsie van die variansie in die afhanklike veranderlike (voorspellingskriterium), y , nie deur die regressieformule verklaar word nie.

(Bryman en Cramer, 1999:252)

Vir die doeleindes van hierdie studie is die **stapsgewyse regressie-ontleding** met maksimum beduidende R^2 -verbetering, gebruik ten einde die meervoudige regressiemodelle te ontwikkel. Tydens die stapsgewyse regressie-ontleding word die beste voorspeller van die kriterium eerste aangedui, waarna die oorblywende veranderlikes een na die ander in kombinasie bymekaar gereken word, in die volgorde soos wat die veranderlikes die R^2 vir die voorspellingskriterium, y , die beste verklaar. Hierdie veranderlikes word in die volgorde van hul bydrae tot die voorspelling van die kriterium gelys.



Tydens elke stap is daar van 'n F-toets gebruik gemaak ten einde vas te stel of die gekombineerde veranderlikes 'n statisties beduidende verandering in die R^2 -waarde meebring (Bryman en Cramer, 1999:257).

Sodra die veranderlikes nie meer statisties op die 5% peil van betekenis tot die voorspelling van die kriterium bydra nie, word die ontleding gestaak. Volgens Brown (1976:152) is die veranderlikes wat by die voorspelling van die kriterium ingesluit is, dié veranderlikes wat 'n hoë korrelasie met die genoemde kriterium en 'n lae korrelasie met die ander veranderlikes toon.

Die eerste voorspellingskriterium wat vir die doeleindes van die ontwikkeling van 'n meervoudige regressiemodel gebruik is, is **huweliksintegrasië** (skaal X7).

8.3.5 Hipotese 39: Meervoudige regressiemodel vir die voorspelling van huweliksintegrasië

Ten einde te bepaal watter veranderlikes as statisties beduidende voorspellers van *huweliksintegrasië* optree, is die volgende nulhipoteses geformuleer:

HoR39 **Huweliksintegrasië (skaal X7)** word nie statisties beduidend deur die volgende veranderlikes voorspel nie:

- HoR39.1 Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1)
- HoR39.2 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2)
- HoR39.3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3)
- HoR39.4 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4)
- HoR39.5 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5)
- HoR39.6 Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6)
- HoR39.7 Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8)
- HoR39.8 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9)
- HoR39.9 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10)
- HoR39.10 Die man se huidige ouderdom
- HoR39.11 Die aantal jare wat die man met sy huidige eggenote getroud is
- HoR39.12 Die man se ouderdom by die geboorte van sy (eie) eerste kind
- HoR39.13 Die aantal werksdae wat die man per week beroepwerkzaam is
- HoR39.14 Die aantal ure wat die man per dag by die werk deurbring
- HoR39.15 Die aantal ure wat die man per werksdag aan beroepsverwante werk

- spandeer wanneer hy tuis is
- HoR39.16 Die aantal ure wat die man per naweek aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hy tuis is
- HoR39.17 Die aantal werksdae wat die man se eggenote per week beroepwerksaam is
- HoR39.18 Die aantal ure wat die man se eggenote per dag by die werk deurbring
- HoR39.19 Die aantal ure wat die man se eggenote per werksdag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer sy tuis is
- HoR39.20 Die aantal afhanklike kinders wat tans by die egpaar inwoon
- HoR39.21 Die ouderdom van die jongste kind
- HoR39.22 Die man se persepsie van hoe dikwels sy vader by die voorbereiding van voedsel betrokke was
- HoR39.23 Die man se persepsie van hoe dikwels sy vader by die verrigting van huishoudelike take betrokke was
- HoR39.24 Die man se persepsie van hoe dikwels sy vader by die versorging van die kinders betrokke was.

Om hierdie hipoteses te toets, is daar van 'n stapsgewyse regressie-ontleding aan die hand van die SPSS-kwantitatiewe data-ontledingsprogram gebruik gemaak. Hierdie resultate word in tabel 8.4.1 weergegee:

Tabel 8.3.1: Meervoudige regressiemodel: Voorspellers van huweliksintegrasi

Stap	Voorspeller	R ²	Toename R ²	F
1	Emosionele werk (X5) (HoR39.5)	0.674	—	823.611 (p = 0.000) **
2	Verbintenis tot groei in die huwelik (X6) (HoR39.6)	0.725	0.051	524.014 (p = 0.000) **
3	Beroepsverwante stres (X10) (HoR39.9)	0.737	0.012	369.730 (p = 0.000) **
4	Aantal jare getroud (HoR39.11)	0.745	0.008	288.018 (p = 0.001) **
5	Verrigting van huishoudelike take (X1) (HoR39.1)	0.750	0.005	236.348 (p = 0.002) **
6	Beroepsbetrokkenheid (X9) (HoR39.8)	0.752	0.002	199.090 (p = 0.048) *

* Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis

** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Op grond van die statistiese ontleding blyk dit dat die volgende nulhipoteses aanvaar moet word:

HoR39 **Huweliksintegrasi (skaal X7)** word nie statisties beduidend deur die volgende veranderlikes voorspel nie:

HoR39.2 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2)

HoR39.3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3)

- HoR39.4** Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4)
- HoR39.7** Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8)
- HoR39.10** Die man se huidige ouderdom
- HoR39.12** Die man se ouderdom by die geboorte van sy (eie) eerste kind
- HoR39.13** Die aantal werksdae wat die man per week beroepwerkzaam is
- HoR39.14** Die aantal ure wat die man per dag by die werk deurbring
- HoR39.15** Die aantal ure wat die man per werksdag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hy tuis is
- HoR39.16** Die aantal ure wat die man per naweek aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hy tuis is
- HoR39.17** Die aantal werksdae wat die man se eggenote per week beroepwerkzaam is
- HoR39.18** Die aantal ure wat die man se eggenote per dag by die werk deurbring
- HoR39.19** Die aantal ure wat die man se eggenote per werksdag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer sy tuis is
- HoR39.20** Die aantal afhanklike kinders wat tans by die egpaar inwoon
- HoR39.21** Die ouderdom van die jongste kind
- HoR39.22** Die man se persepsie van hoe dikwels sy vader by die voorbereiding van voedsel betrokke was
- HoR39.23** Die man se persepsie van hoe dikwels sy vader by die verrigting van huishoudelike take betrokke was
- HoR39.24** Die man se persepsie van hoe dikwels sy vader by die versorging van die kinders betrokke was.

Dit blyk egter dat daar wel veranderlikes is wat as statisties beduidende voorspeller van *huweliksintegrasie* optree en daarom word die betrokke nulhipoteses verwerp en die volgende alternatiewe hipoteses aanvaar:

HaR39 **Huweliksintegrasi** (skaal X7) word statisties beduidend deur die volgende veranderlikes voorspel:

HaR39.1 Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1)

HaR39.5 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5)

HaR39.6 Die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6)

HaR39.8 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9)

HaR39.9 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10)

HaR39.11 Die aantal jare wat die man met sy huidige eggenote getroud is

Uit tabel 8.4.1 blyk dit op grond van die stapsgewyse regressie-ontleding dat slegs 6 van die 24 veranderlikes wat as insetgegewens gebruik is, statisties beduidend tot die voorspelling van *huweliksintegrasi* bydra. In hierdie geval is die man se persepsie van sy verrigting van **emosionele werk** in die huwelik (skaal X5) die beste voorspeller van die ervaring van **huweliksintegrasi**, in soverre dit 67.4% van die variansi

In stap 2 word die man se **verbintenis tot groei in die huwelik** (skaal X6) bygereken, wat die persentasie verklaarde variansi in die voorspelling van huweliksintegrasi na 72.5% laat styg ($R^2 = 0.725$; $p = 0.000$).

Wanneer die man se ervaring van **beroepsverwante stres** (skaal X10) in stap 3 bygereken word, styg die persentasie verklaarde variansi in die voorspelling van huweliksintegrasi na 73.7% ($R^2 = 0.737$; $p = 0.000$). Dit beteken dus dat 'n afname in die ervaring van beroepsverwante stres beduidend tot die hoër ervaring van huweliksintegrasi kan bydra. Dit is interessant om daarop te let dat alhoewel die man se ervaring van beroepsverwante stres laag met sy ervaring van huweliksintegrasi korreleer ($r = -0.228$; $p = 0.000$), dien die ervaring van beroepsverwante stres tog as 'n voorspeller vir huweliksintegrasi.

In stap 4, waar die **aantal jare** wat die man met sy huidige eggenote **getroud** is bygereken word, styg die persentasie verklaarde variansie in die voorspelling van huweliksintegrasië na 74.5% ($R^2 = 0.745$; $p = 0.001$).

Wanneer skaal X1 - die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van **huishoudelike take** - in stap 5 bygereken word, styg die persentasie verklaarde variansie in die voorspelling van huweliksintegrasië na 75.0% ($R^2 = 0.750$; $p = 0.002$).

Die maksimum statisties beduidende R^2 -waarde word in stap 6 bereik wanneer die man se **beroepsbetrokkenheid** (skaal X9) bygereken word. Tydens hierdie stap styg die persentasie verklaarde variansie van huweliksintegrasië na 75.2% ($R^2 = 0.752$; $p = 0.048$). Hierdie ses veranderlikes verklaar dus **75.2%** van die variansie in huweliksintegrasië.

Dit is interessant om daarop te let dat afgesien van die drie gesinsverwante veranderlikes, naamlik emosionele werk in die huwelik; verbintenis tot groei in die huwelik en die aantal jare wat die man getroud is, twee beroepsverwante veranderlikes - die man se ervaring van beroepsverwante stres en sy beroepsbetrokkenheid - as voorspellers vir die man se ervaring van huweliksintegrasië dien. Die belangrikheid van die beroepsverwante veranderlikes in die voorspelling van huweliksintegrasië kan aan die hand van die werk-gesin-oordragmodel verduidelik word. Dit beteken dat die positiewe houdingsingesteldheid van die man ten opsigte van sy verbintenis tot sy beroep, positiewe kwaliteite na sy gesin kan oordra. Die lae ervaring van beroepsverwante stres impliseer volgens die stremmingsoordragmodel (Paden en Buehler, 1995:101) dat daar weinig stres is wat vanaf die beroep- na die gesinsfeer oorspoel en sodoende dus nie die man se ervaring van huweliksintegrasië negatief beïnvloed soos in die geval waar daar wel 'n hoë mate van stres vanaf die man se beroep- na sy gesinslewe oorspoel nie.

Bo en behalwe die meervoudige regressiemodel vir die voorspelling van *heweliksintegrasië*, is daar ook 'n meervoudige regressiemodel vir die voorspelling van *verbintenis tot groei in die huwelik*, ontwikkel.

8.3.6 Hipotese 40: Meervoudige regressiemodel vir die voorspelling van verbintenis tot groei in die huwelik

Ten einde te bepaal watter veranderlikes as statisties beduidende voorspellers van *verbintenis tot groei in die huwelik* optree, is die volgende nulhipoteses geformuleer:

HoR40 **Verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6)** word nie statisties beduidend deur die volgende veranderlikes voorspel nie:

- HoR40.1 Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1)
- HoR40.2 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2)
- HoR40.3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3)
- HoR40.4 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4)
- HoR40.5 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5)
- HoR40.6 Die man se ervaring van huweliksintegrasie (skaal X7)
- HoR40.7 Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8)
- HoR40.8 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9)
- HoR40.9 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10)
- HoR40.10 Die man se huidige ouderdom
- HoR40.11 Die aantal jare wat die man met sy huidige eggenote getroud is
- HoR40.12 Die man se ouderdom by die geboorte van sy (eie) eerste kind
- HoR40.13 Die aantal werksdae wat die man per week beroepwerkzaam is
- HoR40.14 Die aantal ure wat die man per dag by die werk deurbring
- HoR40.15 Die aantal ure wat die man per werksdag aan beroepsverwante werk

- spandeer wanneer hy tuis is
- HoR40.16 Die aantal ure wat die man per naweek aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hy tuis is
- HoR40.17 Die aantal werksdae wat die man se eggenote per week beroepwerkzaam is
- HoR40.18 Die aantal ure wat die man se eggenote per dag by die werk deurbring
- HoR40.19 Die aantal ure wat die man se eggenote per werksdag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer sy tuis is
- HoR40.20 Die aantal afhanklike kinders wat tans by die egpaar inwoon
- HoR40.21 Die ouderdom van die jongste kind
- HoR40.22 Die man se persepsie van hoe dikwels sy vader by die voorbereiding van voedsel betrokke was
- HoR40.23 Die man se persepsie van hoe dikwels sy vader by die verrigting van huishoudelike take betrokke was
- HoR40.24 Die man se persepsie van hoe dikwels sy vader by die versorging van die kinders betrokke was.

Om hierdie hipoteses te toets, is daar van 'n stapsgewyse regressie-ontleding aan die hand van die SPSS-kwantitatiewe data-ontledingsprogram gebruik gemaak. Hierdie resultate word in tabel 8.4.2 weergegee:

Tabel 8.3.2: Meervoudige regressiemodel: Voorspellers van verbintenis tot groei in die huwelik

Stap	Voorspeller	R ²	Toename R ²	F
1	Emosionele werk (X5) (HoR40.5)	0.674	–	821.480 (p = 0.000) **
2	Huweliksintegrasi (X7) (HoR40.6)	0.725	0.051	522.753 (p = 0.000) **
3	Feministiese oriëntasie (X8) (HoR40.7)	0.738	0.013	371.504 (p = 0.000) **
4	Ouderdom van jongste kind (HoR40.21)	0.744	0.006	287.739 (p = 0.001) **
5	Verrigting van huishoudelike take (X1) (HoR40.1)	0.751	0.007	237.468 (p = 0.002) **
6	Man se vader: Versorging van die kinders (HoR40.24)	0.754	0.003	200.295 (p = 0.004) **
7	Beroepsverwante stres (X10) (HoR40.9)	0.757	0.003	174.171 (p = 0.025) **
8	Man se vader: Voorbereiding van voedsel (HoR40.22)	0.759	0.002	154.058 (p = 0.047) *

* Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis

** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis

Op grond van die statistiese ontleding blyk dit dat die volgende nulhipoteses aanvaar moet word:

HoR40 **Verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6)** word nie statisties beduidend deur die volgende veranderlikes voorspel nie:

HoR40.2 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2)

HoR40.3 Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3)

HoR40.4 Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X4)

HoR40.8 Die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9)

HoR40.10 Die man se huidige ouderdom

HoR40.11 Die aantal jare wat die man met sy huidige eggenote getroud is

HoR40.12 Die man se ouderdom by die geboorte van sy (eie) eerste kind

HoR40.13 Die aantal werksdae wat die man per week beroepwerkzaam is

HoR40.14 Die aantal ure wat die man per dag by die werk deurbring

HoR40.15 Die aantal ure wat die man per werksdag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hy tuis is

HoR40.16 Die aantal ure wat die man per naweek aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hy tuis is

HoR40.17 Die aantal werksdae wat die man se eggenote per week beroepwerkzaam is

HoR40.18 Die aantal ure wat die man se eggenote per dag by die werk deurbring

HoR40.19 Die aantal ure wat die man se eggenote per werksdag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer sy tuis is

HoR40.20 Die aantal afhanklike kinders wat tans by die egpaar inwoon

HoR40.23 Die man se persepsie van hoe dikwels sy vader by die verrigting van huishoudelike take betrokke was

Dit blyk egter dat daar wel veranderlikes is wat as statisties beduidende voorspellers van *verbintenis tot groei in die huwelik* optree en daarom word die betrokke nulhipoteses verwerp en die volgende alternatiewe hipoteses aanvaar:

HaR40 **Verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6)** word statisties beduidend deur die volgende veranderlikes voorspel:

HaR40.1 Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take (skaal X1)

HaR40.5 Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5)

HaR40.6 Die man se ervaring van huweliksintegrasië (skaal X7)

HaR40.7 Die man se feministiese oriëntasie (skaal X8)

HaR40.9 Die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10)

HaR40.21 Die ouderdom van die jongste kind

HaR40.22 Die man se persepsie van hoe dikwels sy vader by die voorbereiding van voedsel betrokke was

HaR40.24 Die man se persepsie van hoe dikwels sy vader by die versorging van die kinders betrokke was.

Uit tabel 8.4.2 blyk dit op grond van die stapsgewyse regressie-ontleding dat 8 van die 24 veranderlikes wat as insetgegewens gebruik is, statisties beduidend tot die voorspelling van *verbintenis tot groei in die huwelik* bydra. In hierdie geval is die man se persepsie van sy verrigting van **emosionele werk** in die huwelik (skaal X5) die beste voorspeller van die **verbintenis tot groei in die huwelik**, in soverre dit 67.4% van die variansie in hierdie veranderlike verklaar ($R^2 = 0.674$; $p = 0.000$).

In stap 2 word die man se ervaring van **heweliksintegrasië** (skaal X7) bygereken, wat die persentasie verklaarde variansie in die voorspelling van die *verbintenis tot groei in die huwelik* na 72.5% laat styg ($R^2 = 0.725$; $p = 0.000$).

Wanneer die man se **feministiese oriëntasie** (skaal X8) in stap 3 bygereken word, styg die persentasie verklaarde variansie in die voorspelling van die verbintenis tot groei in die huwelik na 73.8% ($R^2 = 0.738$; $p = 0.000$).

In stap 4, waar die **ouderdom** van die egpaar se **jongste kind** bygereken word, styg die persentasie verklaarde variansie in die voorspelling van die verbintenis tot groei in die huwelik na 74.4% ($R^2 = 0.744$; $p = 0.001$).

Wanneer skaal X1 - die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van **huishoudelike take** - in stap 5 bygereken word, styg die persentasie verklaarde variansie in die voorspelling van die verbintenis tot groei in die huwelik na 75.1% ($R^2 = 0.751$; $p = 0.002$).

In stap 6, waar die man se persepsie van hoe dikwels sy **vader by die versorging van die kinders betrokke was**, terwyl die respondent nog skool gegaan het, bygereken word, styg die persentasie verklaarde variansie in die voorspelling van die verbintenis tot groei in die huwelik na 75.4% ($R^2 = 0.754$; $p = 0.004$).

Wanneer die man se ervaring van **beroepsverwante stres** (skaal X10) in stap 7 bygereken word, styg die persentasie verklaarde variansie in die voorspelling van die verbintenis tot groei in die huwelik na 75.7% ($R^2 = 0.757$; $p = 0.025$). Soos in die geval van die man se ervaring van huweliksintegrasie, is dit opvallend dat alhoewel die man se ervaring van beroepsverwante stres laag met sy verbintenis tot groei in die huwelik korreleer ($r = -0.116$; $p = 0.021$), dien die ervaring van beroepsverwante stres tog as 'n voorspeller vir die verbintenis tot groei in die huwelik.

Die maksimum beduidende R^2 -waarde word in stap 8 bereik wanneer die man se persepsie van hoe dikwels sy **vader/stiefvader voedsel voorberei het**, terwyl die respondent nog skool gegaan het, bygereken word. Tydens hierdie stap styg die persentasie verklaarde variansie van die verbintenis tot groei in die huwelik na 75.9% ($R^2 = 0.759$; $p = 0.047$). Hierdie agt veranderlikes verklaar dus **75.9%** van die variansie in die verbintenis tot groei in die huwelik.

Dit is interessant om daarop te let dat sewe van die agt veranderlikes wat as voorspellers van die verbintenis tot groei in die huwelik optree, gesinsverwante veranderlikes is. Dit is veral opvallend dat twee veranderlikes wat met die man se gesin van oriëntasie verband hou as voorspellers van die *verbintenis tot groei in die huwelik* optree, naamlik die man se persepsie van hoe dikwels sy vader by die versorging van die kinders en die voorbereiding van die voedsel betrokke was. Dit wil dus voorkom asof die wyse waarop die man in sy gesin van oriëntasie ten opsigte van die rol van die man in die huwelik en gesin gesosialiseer is, 'n belangrike rol speel in die mate waartoe hy 'n verbintenis tot groei in die huwelik toon.

Die man se ervaring van beroepsverwante stres is dus die enigste beroepsverwante veranderlike wat 'n statisties beduidende verklaring vir die variansie in die verbintenis tot groei in die huwelik bied.

Verder is dit opvallend dat in beide die gevalle van die voorspelling van *huweliksintegrasië* en die *verbintenis tot groei in die huwelik* die man se persepsie van sy verrigting van **emosionele werk** in die huwelik as die beste voorspeller optree. Ook is dit duidelik dat huweliksintegrasië en die verbintenis tot groei in die huwelik wedersyds as groei voorspellers van mekaar optree. Dit wil dus voorkom asof hierdie drie gesinsverwante veranderlikes 'n besondere noue samehang toon.

Die enigste beroepsverwante veranderlike wat as beduidende voorspeller in beide die gevalle van huweliksintegrasië en die verbintenis tot groei in die huwelik optree, is die mate waartoe die man **beroepsverwante stres** ervaar. Dit beteken dus dat hoe minder die man beroepsverwante stres ervaar, hoe meer sal hy geneig wees om huweliksintegrasië te ervaar en 'n verbintenis tot sy huwelik te toon.

Anders as in die geval huweliksintegrasië, blyk dit dat die man se **feministiese oriëntasie** 'n statisties beduidende verklaring vir die variansie in die verbintenis tot groei in die huwelik bied.

Ten slotte, wat die meervoudige regressiemodelle betref, is dit belangrik om te noem dat die veranderlikes wat as voorspeller van *huweliksintegrasië* ($R^2 = 0.752$) en die *verbintenis tot groei in*

die huwelik ($R^2 = 0.759$) dien, persentasiegewys goeie verklarings vir die variansie in hierdie twee betrokke veranderlikes bied.

* * *

Op grond van die bespreking van die hipotesetoetsing ten opsigte van die biografiese veranderlikes en die skale (hoofstuk 7) en ten opsigte van die skale onderling (hoofstuk 8) word 'n meer omvattende interpretasie van die bevindinge in die hieropvolgende hoofstuk (hoofstuk 9) gegee. Afgesien van hierdie interpretatiewe oorsig van die belangrikste bevindinge, bied die slothoofstuk ook 'n kriptiese oorsig van die studie in geheel.



HOOFSTUK 9

SAMEVATTING EN INTERPRETASIE

9.1 INLEIDING

The changes that I see on the horizon are neither revolutionary nor inevitable. They will depend on many individual people making countless piecemeal decisions as they go about living their daily lives...The shifts they will witness will both be painful and fulfilling. Both men and women will be ambivalent about many of these changes and countless contradictions will emerge. Nevertheless, ...most men and women will find rewards in the changing patterns [and] ultimately, these changes will propel us toward more equality between men and women.

Scott Coltrane (1995)

Wanneer die rol van die man binne die konteks van die gesin in historiese perspektief geplaas word, blyk dit duidelik dat hierdie rol tydens die verloop van die eeue aan verandering onderhewig was. Hierdie verandering hou eensyds verband met 'n geleidelike verlies van allesoorheersende patriargale mag en andersyds met die inkorporering van meer koesterende kwaliteite by sy tradisionele rol as broodwinner en voorsiener van die gesin. Dit is dan juis tydens die afgelope twee tot drie dekades dat hierdie verandering in die man se rol as eggenoot en vader meer indringend begin beleef is. Alhoewel die man-vader, in Parsoniaanse terme, min van sy instrumentele kwaliteite wat met sy gesinsrol geassosieer word prysgegee het, het hy veral sedert die laat negentiensestigs toenemend 'n meer ekspressiewe element in sy rolgedrag laat manifesteer. Dit het aanleiding gegee tot die beeld van die "nuwe" man - die man wat sy gesinsrol nie net in terme van die generering van 'n inkomste as hoofbroodwinner omskryf nie, maar wat homself ook vereenselwig met 'n egalitêre huweliksverhouding en 'n meer aktiewe

betrokkenheid by die versorging van die kinders en die uitvoering van huishoudelike taakverpligtinge.

Een van die grootste rolspelende faktore in die veranderende rol van die man-vader, is die toenemende mate waartoe veral getroude vroue tot die formele arbeidsmark begin toetree het. Die getroude vrou se betrokkenheid in die arbeidsmark het die fokus op die toename in die aantal dubbelinkomstegesinne - gesinne waar beide egliede beroepsaktief is - geplaas. Hierdie fokus op die dubbelinkomstegesin het die wyse waarop hierdie nie-tradisionele gesinstipe veranderings in die gesinsrolle teweeggebring het, na vore gebring (Doherty, 1997:224).

Alhoewel die verandering in beide die rolle van die man-vader en die vrou-moeder hier ter sprake is, het navorsing hoofsaaklik die *vrou* se persepsie van haar veranderende rol en belewenis van haar beroeps- en gesinslewe as vertrekpunt in die studie van die dubbelinkomstegesin geneem. Weens die feit dat die belewenis van die man ten opsigte van sy veranderende rol as eggenoot en vader oor die jare nie soveel navorsingsaandag soos in die geval van dié van die vrou geniet het nie, is daar minder inligting beskikbaar ten opsigte van sy belewenis van die gesinsrealiteit en sy (nuwe) patrone van betrokkenheid by en verbintenis tot die uitlewing van sy gesinsrolle. In gevalle waar die rol van die man-vader wel die fokus is, is die vrou-moeder in baie van die gevalle as respondent gebruik, soos byvoorbeeld in die meer onlangse werk van Glass (1998:832), en is die man se betrokkenheid in die gesin via die belewenis van sy vrou aangebied.

Meer resente navorsing ten opsigte van die huweliks- en gesinslewe het die aandag toenemend meer op die veranderende rol van die man-vader, veral in terme van die wyse waarop hy dit ervaar, geplaas. Nie alleen blyk dit dus belangrik te wees dat die aard en die dinamika van die rol van die "nuwe" man-vader in die gesin ondersoek moet word nie, maar is dit ook van belang dat die fokus geplaas moet word op die wyse waarop die dubbelinkomstegesin in die algemeen en spesifiek die rolveranderinge in die gesin met die man se ervaring van huweliksintegrasie in verband staan. Dit was dan juis die fokus van hierdie studie om hierdie belangrike aspekte vanuit die perspektief van die *man* te ondersoek.

9.2 DOEL VAN DIE STUDIE

Teen die agtergrond van die studie van die literatuur ten opsigte van die veranderende rol van die man-vader in die gesin, blyk dit belangrik te wees dat die persepsie en belewenis van die man ten opsigte van sy rolle as eggenoot en vader in veral die dubbelinkomstegesin binne die Suid-Afrikaanse konteks meer aandag behoort te geniet. Ten einde hierdie aspek aan te spreek, kan die **doel** van hierdie studie soos volg op 'n omvattende wyse gevra word:

Wat is die man se persepsie van sy rolle as eggenoot en vader in die dubbelinkomstegesin en in welke mate hou dit met sy ervaring van huweliksintegrasie, al dan nie, verband?

Om hierdie doel te bereik is 'n skaal vir die meting van huweliksintegrasie ontwikkel. Verder is daar ook skale ontwikkel vir die meting van die man se persepsie van sy rolle as eggenoot en vader, naamlik die man se persepsie van die mate waartoe hy by die verrigting van huishoudelike take betrokke is; sy persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig; sy persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon; sy persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees; sy persepsie van die mate waartoe hy emosionele werk in die huwelik verrig; sy verbintenis tot groei in die huwelik; sy ervaring van huweliksintegrasie en die mate waartoe hy feministies georiënteerd is.

Weens die feit dat mans in *dubbelinkomstegesinne* as respondente in hierdie studie gebruik is, is daar ook twee beroepsverwante skale ontwikkel ten einde vas te stel in welke mate daar verbande bestaan tussen die bogenoemde gesinsverwante skale en die man se beroepsbetrokkenheid enersyds en die mate waartoe hy beroepsverwante stres ervaar andersyds.

Daar is verder ook ondersoek ingestel na die moontlike verbande tussen die gesinsverwante skale en die man se biografiese agtergrondsveranderlikes. Hierdie agtergrondsveranderlikes kan in terme van die volgende aantal kategorieë saamgevat word, naamlik die persoonlike gegewens van die man, die

gegewens ten opsigte van sy eggenote, die gegewens ten opsigte van sy gesin van oriëntasie en algemene gegewens.

Met die inagneming van hierdie navorsingsdoel, kon daar op 'n navorsingstegniek besluit word en kon die ontwerp van die ondersoek gefinaliseer word.

9.3 DIE NAVORSINGSONTWERP

Die fokus van hierdie studie was om by wyse van *kwantitatiewe data-ontleding* lig op die man se persepsie van sy rolle in die dubbelinkomstegesin te werp. Daarom is daar by die keuse van 'n navorsingstegniek op die gebruikmaking van 'n *vraelys* as metode van data-insameling besluit. Hierdie besluit is geneem met inagneming van beide die positiewe en die negatiewe kritiek wat op die gebruikmaking van vraelyste gelewer is.

9.3.1 Die vraelys



Met betrekking tot die *tipe* vraelys wat gebruik is, is daar teen die gebruikmaking van 'n posvraelys besluit in lig van die feit dat hierdie wyse van data-insameling in die algemeen, volgens Babbie (1992:264), 'n lae responskoers toon. Daarom is besluit dat vraelyste persoonlik aan respondente uitgegee moes word en na die voltooiing daarvan weer persoonlik by hulle afgehaal moes word. Die effektiwiteit van hierdie data-insamelingsmetode is in 'n aanverwante studie deur Smit (1996) bevestig.

Die vraelys, bestaande uit gestruktureerde items, is ontwikkel na aanleiding van die teoretiese vertrekpunte en die literatuuroorsig soos in hoofstukke 2 en 3 uiteengesit. Beide diskrete en kontinue veranderlikes is in hierdie vraelys ingesluit. Met die oog op die toetsing van die hipoteses, was dit dan ook nodig om skale vir sommige van die kontinue veranderlikes te ontwikkel.

Daar is van die standpunt uitgegaan dat relevante skale - wat hier te lande gegenerer is - vir die studie gebruik sou word, aangesien skale wat onder buitelandse omstandighede ontwikkel is, nie noodwendig vir die studie van die man in die dubbelinkomstegesin in Suid-Afrika geskik sou wees nie. In die geval waar daar geen Suid-Afrikaanse skale bestaan het nie, is relevante skale tydens hierdie studie gegenerer.

Die vraelys is op so 'n wyse ontwerp dat die respondente die instruksies maklik kon volg en die items volgens die korrekte manier, sonder die hulp van 'n onderhoudvoerder, self kon voltooi. Identiese vraelyste is in beide Afrikaans en Engels opgestel ten einde te verseker dat Afrikaans- sowel as Engelssprekende persone in die steekproef ingesluit kon word.

Weens die feit dat die man se persepsie van sy rolle in die dubbelinkomstegesin die primêre fokus van hierdie studie is, is die vraelysitems dienooreenkomstig opgestel. Die vraelysitems vir die meting van die verskillende veranderlikes is tematies in elf afdelings gekategoriseer. Die afdelings waaruit die vraelys bestaan het, is as volg:

- Afdeling A: Biografiese gegewens, wat die persoonlike gegewens van die man, die gegewens ten opsigte van sy eggenote, sy gesin van oriëntasie en algemene gegewens insluit.
- Afdeling B: Vrae ten opsigte van die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take.
- Afdeling C: Vrae ten opsigte van die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie.
- Afdeling D: Vrae ten opsigte van die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon.
- Afdeling E: Vrae ten opsigte van die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, as daar geen huishulp beskikbaar is nie.

- Afdeling F: Vrae ten opsigte van die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik.
- Afdeling G: Vrae ten opsigte van die man se verbintenis tot groei in die huwelik.
- Afdeling H: Vrae ten opsigte van die man se ervaring van huweliksintegrasie.
- Afdeling I: Vrae ten opsigte van die man se feministiese oriëntasie.
- Afdeling J: Vrae ten opsigte van die man se beroepsbetrokkenheid.
- Afdeling K: Vrae ten opsigte van die man se ervaring van beroepsverwante stres.

Afgesien van die vraelys wat aan die man as respondente uitgedeel is, is 'n vraelys ook vir die eggenotes van hierdie mans ontwerp. Hierdie vraelys het slegs oor een skaal beskik, wat met dié van afdeling F van die man se vraelys (die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik) verband hou, naamlik:

Vrae ten opsigte van die *vrou se persepsie* van haar man se verrigting van emosionele werk in die huwelik.

Ten einde die konstruk- en inhoudsgeldigheid van die meetinstrument te evalueer, is die konsepvraelys aan ses gesinsosioloë en metodoloë verbonde aan verskillende universiteite vir kommentaar voorgelê. Op grond van die deeglike nagaan van die aanbevelings van die deskundiges, is die vraelys gefinaliseer.

9.3.2 Die steekproef

Ten einde as 'n respondent vir hierdie studie te kwalifiseer, moes die persoon aan die volgende kriteria voldoen: Die respondent moes (a) 'n blanke (b) Afrikaans- en/of Engelsprekende (c) getroude man wees, wat (d) 'n lid van 'n dubbelinkomstegesin is, waar (e) daar ten minste een inwonende kind in die gesin is wat nie ouer as dertien jaar oud is nie. Verder moes hierdie man ook (f) in 'n stedelike gebied in Gauteng woonagtig wees. Weens die feit dat die respondente in die steekproef aan hierdie spesifieke vereistes moes voldoen, kon 'n toevallige steekproef nie gebruik word nie. Daarom is daar van 'n kombinasie van die doelbewuste en kumulatiewe effeksteekproeftrekkings vir die doeleindes van hierdie studie gebruik gemaak. Tydens die

doelbewuste steekproefneming is daar van kontakpersone by kleuterskole, skole en formele organisasies gebruik gemaak, ten einde potensiële respondente te identifiseer. Die *kumulatiewe effeksteekproef* was egter afgestem op die identifisering van respondente by wyse van die sogenaamde kettingreferensiesisteem. Hierdie analogiese sneebaleffek is deur middel van persoonlike kontakte en kennisse bewerkstellig, in soverre respondente wat by wyse van die bogenoemde metodes gekontak is, ander moontlike respondente wat aan die nodige vereistes voldoen, geïdentifiseer het.

Alhoewel die respondente aan bepaalde kriteria moes voldoen en ten spyte van die feit dat daar nie van 'n toevallige steekproef nie, maar wel van doelbewuste steekproefneming gebruik gemaak is, het die respondente nie 'n beperkte, geselekteerde groep mans verteenwoordig nie, maar is 'n breë spektrum van mans in die steekproef betrek. Hierdie breë spektrum is sigbaar wanneer die fokus op die profiele van die respondente ten opsigte van hul agtergrondsgewens val. Wat die respondente se beroepe byvoorbeeld betref, is 'n wye reeks *beroepskategorieë* verteenwoordig, naamlik dat 10.6% bestuurs/professionele beroepe, 30.0% semi-professionele beroepe, 23.3% klerklike beroepe, 7.3% dienslewerende beroepe en 28.8% ambagte beoefen het.

Ook wanneer daar op die respondente se *opvoedkundige kwalifikasies* gelet word, is dit duidelik dat 'n wye reeks mense hier betrek is, met 8.2% wat oor 'n nagraadse kwalifikasie, 7.0% wat oor 'n Baccalaureusgraad, 19.5% wat oor 'n matrieksertifikaat plus 'n diploma, 40.5% wat oor 'n matrieksertifikaat en 28.8% wat oor 'n kwalifikasie laer as matriek beskik het.

Die gemiddelde *ouderdom* van die respondente was 35.02 jaar. Hierdie gemiddelde ouderdom is waarskynlik toe te skryf aan die feit dat slegs mans in dubbelinkomstegesinne waar daar ten minste een afhanklike kind onder die ouderdom van dertien jaar moes wees, in die steekproef betrek is. Afgesien van die gemiddelde ouderdom het die respondente se ouderdomme vanaf 21 jaar tot en met 61 jaar gevarieer. Wat *huistaal* betref was die respondente oorwegend Afrikaanssprekend (68.8%), terwyl 31.3% Engels as hul huistaal aangegee het.

Wanneer daar gelet word op die respondente se aantal ure wat hulle per werksdag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is, blyk dit dat die gemiddelde aantal ure 1.07 ure per dag was. Afgesien van die gemiddelde aantal ure, het die aantal ure ook gevarieer tussen 0 en 8 ure per dag ten opsigte van die verskillende respondente. Dieselfde tendens is ook sigbaar ten opsigte van die aantal ure wat die respondente per naweek aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is, waar die gemiddelde aantal ure 1.72 ure per naweek was, maar tussen 0 en 12 ure per naweek gevarieer het.

Ook wat die respondente se *eggenotes* se beroepskategorieë en opvoedkundige kwalifikasies aangaan, is dit duidelik dat 'n breë spektrum in die studie verteenwoordig word. Ten opsigte van die beroepskategorieë van die respondente se *eggenotes* het 7.5% bestuurs/professionele, 18.3% semi-professionele, 58.3% klerklike en 16.0% dienslewerende beroepsposisies bekleed. Die respondente se *eggenotes* se opvoedkundige kwalifikasies het ook verskeie kategorieë ingesluit, waar 8.2% oor 'n nagraadse kwalifikasie, 8.5% oor 'n Baccalaureusgraad, 17.5% oor 'n matrieksertifikaat plus 'n diploma, 49.5% oor 'n matrieksertifikaat en 16.8% oor 'n kwalifikasie laer as matriek beskik het.

Die steekproef was nie net suksesvol in soverre 'n breë spektrum van mans by die studie betrek is nie, maar daar is ook daarin geslaag om die voorafbepaalde steekproefgrootte van 400 mans in dubbelinkomstegesinne te verkry. In die geval waar sommige respondente die vraelyste óf verlê óf onvolledig teruggestuur het, is telkens ander respondente vir die voltooiing van die vraelys genader, totdat die teikengrootte van 400 respondente bereik is. 'n Totaal van 427 vraelyste is uitgegee, waarvan 12 onvolledig teruggestuur is en 15 glad nie terugontvang is nie. Die responskoers van hierdie studie was dus 94%.

Ten einde die gegewens van die verskillende beoogde kontinue veranderlikes te ontleed, was dit nodig om skale vir elk van hierdie betrokke veranderlikes te ontwikkel.

9.4 DIE ONTWIKKELING VAN DIE SKALE EN DIE PROFIEL TEN OPSIGTE VAN DIE VERSPREIDING VAN DIE RESPONDENTE SE TELLINGS OP DIE SKALE

Om te bepaal watter items ten opsigte van die relevante kontinue veranderlikes eendimensioneel van aard is, is die items aan 'n eerste- en tweede-orde faktorontleding onderwerp. Die items wat na die tweede-orde faktorontleding op 'n bepaalde faktor saamgegroeper het, is as skaalitems vir die meting van die bepaalde veranderlikes geneem. Daarna is al die items in 'n skaal aan 'n itemontleding onderwerp ten einde aan die hand van Chronbach se koëffisiënt α die betroubaarheid daarvan te bepaal. Op grond van die faktor- en itemontledings is daarin geslaag om die volgende elf skale te ontwikkel.

Skaal X1: Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take
Hierdie skaal bestaan uit 23 items, met 'n betroubaarheid volgens Chronbach se koëffisiënt $\alpha = 0.922$. 'n Hoë telling op hierdie skaal beteken dat dit die persepsie van die man is dat hy in 'n hoë mate 'n bydrae tot die verrigting van huishoudelike take lewer, terwyl 'n lae telling beteken dat dit sy persepsie is dat hy selde by die verrigting van hierdie take betrokke is.

Skaal X2: Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig

Hierdie skaal bestaan uit 23 items, met 'n betroubaarheid volgens Chronbach se koëffisiënt $\alpha = 0.968$. 'n Hoë telling op hierdie skaal beteken dat dit die man se persepsie is dat dit heeltemal regverdig teenoor 'n man is om huishoudelike take te moet verrig, indien daar van geen huishulp in die huishouding gebruik gemaak word nie. Hierteenoor beteken 'n lae telling op hierdie skaal dat dit die man se persepsie is dat dit glad nie regverdig teenoor 'n man is om by die verrigting van huishoudelike take betrokke te moet wees nie.

Skaal X3: Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon

Hierdie skaal bestaan uit 20 items, met 'n betroubaarheid volgens Chronbach se koëffisiënt $\alpha = 0.910$. Indien 'n hoë telling op hierdie skaal behaal is, beteken dit dat dit die man se persepsie is dat hy 'n hoë mate van vaderbetrokkenheid toon. Hierteenoor beteken 'n lae telling op hierdie skaal dat dit die man se persepsie is dat hy weinig betrokkenheid as vader by sy kinders toon.

Skaal X4: Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees

Hierdie skaal bestaan uit 20 items, met 'n betroubaarheid volgens Chronbach se koëffisiënt $\alpha = 0.964$. 'n Hoë telling op hierdie skaal beteken dat dit die man se persepsie is dat dit heeltemal regverdig teenoor 'n man is om by kinderversorgingsaktiwiteiteite betrokke te moet wees, indien daar nie van die dienste van 'n huishulp in die huishouding gebruik gemaak word nie. Hierteenoor beteken 'n lae skaaltelling dat dit die man se persepsie is dat dit glad nie regverdig teenoor 'n man is om by die versorging van die kinders betrokke te moet wees nie.

Skaal X5: Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik

Hierdie skaal bestaan uit 25 items, met 'n betroubaarheid volgens Chronbach se koëffisiënt $\alpha = 0.964$. Indien 'n hoë telling op hierdie skaal behaal is, beteken dit dat dit die man se persepsie is dat hy in 'n hoë mate emosionele werk in die huwelik verrig, terwyl 'n lae telling beteken dat dit sy persepsie is dat hy in 'n lae mate emosionele werk verrig.

Skaal X6: Die man se verbintenis tot groei in die huwelik

Hierdie skaal bestaan uit 11 items, met 'n betroubaarheid volgens Chronbach se koëffisiënt $\alpha = 0.957$. 'n Hoë telling op hierdie skaal beteken dat die man in 'n hoë mate tot groei in die huwelik verbind is, terwyl 'n lae telling beteken dat hy 'n lae verbintenis tot groei in die huwelik toon.

Skaal X7: Die man se ervaring van huweliksintegrasie

Hierdie skaal bestaan uit 14 items, met 'n betroubaarheid volgens Chronbach se koëffisiënt $\alpha = 0.935$. Indien 'n hoë telling op hierdie skaal behaal is, beteken dit dat dit die man 'n hoë mate van huweliksintegrasie ervaar, terwyl 'n lae telling beteken dat hy weinig huweliksintegrasie ervaar.

Skaal X8: Die man se feministiese oriëntasie

Hierdie skaal bestaan uit 10 items, met 'n betroubaarheid volgens Chronbach se koëffisiënt $\alpha = 0.923$. 'n Hoë telling op hierdie skaal beteken dat die man in 'n hoë mate feministies georiënteerd is. Hierteenoor beteken 'n lae skaaltelling dat hy geensins feministies georiënteerd is nie.

Skaal X9: Die man se beroepsbetrokkenheid

Hierdie skaal bestaan uit 19 items, met 'n betroubaarheid volgens Chronbach se koëffisiënt $\alpha = 0.925$. 'n Hoë telling op hierdie skaal beteken dat die man in 'n hoë mate van betrokkenheid in sy beroep toon, terwyl 'n lae telling beteken dat hy weinig beroepsbetrokkenheid toon.

Skaal X10: Die man se ervaring van beroepsverwante stres

Hierdie skaal bestaan uit 16 items, met 'n betroubaarheid volgens Chronbach se koëffisiënt $\alpha = 0.890$. 'n Hoë telling op hierdie skaal beteken dat die man in 'n hoë mate beroepsverwante stres ervaar. In kontras hiermee beteken 'n lae skaaltelling dat hy weinig beroepsverwante stres ervaar.

Skaal X11: Die vrou se persepsie van haar man se verrigting van emosionele werk in die huwelik

Die items in hierdie skaal, alhoewel vanuit die perspektief van die vrou gestel, stem item vir item ooreen met skaal X5 (die man se persepsie van sy eie verrigting van emosionele werk in die huwelik). Soos in die geval van skaal X5, bestaan hierdie skaal uit 25 items, met 'n betroubaarheid volgens Chronbach se koëffisiënt $\alpha = 0.964$. 'n Hoë telling op hierdie skaal beteken dat dit die vrou se persepsie is dat haar man tot 'n hoë mate emosionele werk in die huwelik verrig. Hierteenoor beteken 'n lae skaaltelling dat dit die persepsie van die vrou is dat haar man selde emosionele werk in die huwelik verrig.

Alhoewel die skale hoofsaaklik met die oog op hipotesetoetsing ontwikkel is, veral om vas te stel in soverre daar verbande ten opsigte van die verskillende skale en die man se ervaring van huweliksintegrasië bestaan, is dit veral ook interessant om op die profiele rakende die verspreiding van die respondente se tellings op die verskillende skale te let. Hierdie

skaalverspreidings gee alreeds 'n aanduiding van die mate waartoe die respondente steeds 'n tradisionele geslagsroloriëntasie in die huwelik en gesin handhaaf en in welke mate hulle die kulturelemente van die "nuwe" manlikheid en die "nuwe" vaderskap reeds geïnternaliseer het.

Wanneer daar op die man se bydrae tot die **verrigting van huishoudelike take** (skaal X1) gelet word, is dit duidelik dat 86.3% van die respondente se tellings *laer* as die skaalmiddelpunt was. Dit beteken dat dit die persepsie van die meeste mans was dat hulle weinig by die verrigting van huishoudelike take betrokke is en dus steeds, wat hierdie take betref, die tradisionele rolverdeling in die huwelik handhaaf. Slegs 'n klein persentasie mans (13.7%) het egter aangetoon dat hulle in 'n hoë mate aan die uitvoering van huishoudelike take deelneem. In teenstelling met die feit dat die mans in terme van hul werklike gedrag weinig by die verrigting van huishoudelike take betrokke is, beskou meer as die helfte van die respondente dat dit **regverdig teenoor 'n man is om huishoudelike take te moet verrig** (skaal X2). Dit is in soverre 61% van die respondente se tellings *hoër* as die skaalmiddelpunt was. Hierdie skaalverspreiding dui op 'n houdingsverandering wat klem lê op die wegbeweeg van die tradisionele siening dat huishoudelike taakverrigting uitsluitlik die rolverpligting van die vrou is.

Ten opsigte van die mate waartoe die man **vaderbetrokkenheid** toon (skaal X3), was 54.2% van die respondente se tellings *hoër* as die skaalmiddelpunt gewees. Dit wil dus voorkom dat, anders as in die geval van die man se werklike verrigting van huishoudelike take, die man verder van die tradisionele siening van die man se rol as vader beweeg het en dat meer mans die kultuur van die "nuwe" vaderskap ook in hul gedrag laat manifesteer. Afgesien van die werklike betrokkenheid van die man by sy kinders, was dit die persepsie van byna 90% (87.2%) van die respondente dat dit **regverdig teenoor 'n man is om by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke te moet wees** (skaal X4) - wat as aanduiding dien van 'n grootskaalse wegbeweeg van die tradisionele beeld van die moeder as primêre versorger van die kinders.

In Parsoniaanse terme, uit hoofde van haar ekspressiewe rol, was dit tradisioneel die vrou se taak om emosioneel ondersteunend in die huwelik en gesin op te tree. Wanneer die skaalverspreiding

van die respondente ten opsigte van die man se persepsie van sy verrigting van **emosionele werk** in die huwelik (skaal X5) onder oë geneem word, is dit egter duidelik dat 89.7% van die respondente se tellings *hoër* as die skaalmiddelpunt was, wat daarop dui dat die meeste mans in 'n hoë mate emosionele werk in die huwelik verrig. Hierdie profiel van die man sluit ook by sy **feministiese oriëntasie** (skaal X8) aan, waar 90% van die respondente se tellings *hoër* as die skaalmiddelpunt was. Op grond hiervan blyk dit dat verreweg die meeste respondente 'n nie-tradisionele, meer egalitêre beskouing van die posisie en rol van die vrou in die samelewing en spesifiek in die huwelik handhaaf.

'n Besondere hoë persentasie (92.7%) van die respondente se tellings was *hoër* as die skaalmiddelpunt ten opsigte van die man se **verbintenis tot groei in die huwelik** (skaal X6). Hierdie verbintenis tot die handhawing van die huwelik op kollektiwiteitsvlak sluit ook by die profiel van die respondente ten opsigte van die ervaring van **huweliksintegrasie** (skaal X7) aan. In hierdie opsig het 93% van die respondente se tellings *hoër* as die skaalmiddelpunt gelê, wat daarop dui dat die oorgrote meerderheid van die mans in die studie 'n besondere positiewe belewenis van hul huwelikslewe het.

In die lig van die interverweefdheid tussen die werk- en gesinsfere is dit ook interessant om daarop te let dat 90.2% van die respondente se tellings ten opsigte van die man se **beroepsbetrokkenheid** (skaal X9) *hoër* as die skaalmiddelpunt gelê het. Op grond van die hoë tellings wat die respondente ten opsigte van die bogenoemde gesinsverwante skale behaal het, wil dit dus voorkom dat die hoë mate van verbintenis tot en betrokkenheid by die huwelik en gesin en die hoë mate van beroepsbetrokkenheid nie noodwendig ten opsigte van die man se lewe wedersyds uitsluitend is nie. Daarenteen het 63.3% van die respondente 'n telling *laer* as die skaalmiddelpunt ten opsigte van die man se ervaring van **beroepsverwante stres** (skaal X10) behaal. Dit wil dus sê dat alhoewel die meerderheid van die mans 'n hoë mate van beroepsbetrokkenheid getoon het, meer as die helfte van die respondente slegs in 'n mindere mate beroepsverwante stres ervaar het.

Wat die vrou se persepsie van haar man se verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X11) betref, is dit duidelik dat 84.7% van die eggenotes se tellings *hoër* as die skaalmiddelpunt gelê het, wat daarop dui dat die persepsie van die meeste van die vroue was dat hul mans 'n matige tot hoë vlak van emosionele werk in die huwelik verrig.

Vanuit die skale wat ontwikkel is, kon 'n aantal hipoteses vir die toetsing daarvan, geformuleer word.

9.5 HIPOTEESES

Na afloop van die skaalontwikkeling, is 40 hipoteses geformuleer. Hierdie hipoteses kan soos volg tematies saamgevat word:

- (i) Hipoteses ten opsigte van die biografiese veranderlikes en die skale
 - Hipoteses ten opsigte van die persoonlike gegewens van die man en die skale (Hipoteses 1 tot 6)
 - Hipoteses ten opsigte van die man se beroep en die skale (Hipoteses 7 tot 14)
 - Hipoteses ten opsigte van die man se eggenote en die skale (Hipoteses 15 tot 19)
 - Hipoteses ten opsigte van die egpaar se kind/ers en die skale (Hipoteses 20 tot 22)
 - Hipoteses ten opsigte van die man se gesin van oriëntasie en die skale (Hipoteses 23 tot 28)
 - Hipoteses ten opsigte van die algemene biografiese gegewens en die skale (Hipoteses 29 tot 32)
- (ii) Hipoteses ten opsigte van die skale onderling: Die *verbande* tussen die respondente se tellings op die verskillende skale (Hipoteses 33.1 tot 33.10)
- (iii) Hipoteses ten opsigte van die skale onderling: Die *verskille* tussen die respondente se tellings op die verskillende skale (Hipoteses 34 tot 38)

- (iv) Hipoteses ten opsigte van die regressiemodelle vir die voorspelling van *huweliksintegrasië en die verbintenis tot groei in die huwelik* (Hipoteses 39 tot 40)

9.6 HIPOTESETOETSING

Die keuse van die statistiese tegnieke wat ten opsigte van die toetsing van die hipoteses gebruik is, het gewissel na gelang van die aard van die ingesamelde data, asook die formulering van die betrokke hipoteses. In die geval van hipoteses wat betrekking het op die verskille in die vektore van gemiddeldes tussen twee groepe en skaaltellings, is van 'n **Hotelling T²-toets** gebruik gemaak. Waar daar wel op 'n oorkoepelende vlak statisties beduidende verskille gevind is, is verder met behulp van **t-toetse** vasgestel ten opsigte van watter skale daar statisties beduidende verskille tussen die kategorieë van die betrokke digotomiese veranderlikes voorgekom het.

In die geval van hipoteses wat handel oor die bepaling van die verskille tussen groepe wat in meerdere diskrete kategorieë verdeel kan word, en die verskille in die gemiddelde tellings op die onderskeie skale, wat as kontinue veranderlikes hanteer is, is daar van drie statistiese toetse gebruik gemaak, naamlik 'n meerveranderlike analise van variansie (**MANOVA**), 'n eenrigting analise van variansie (**ANOVA**) en 'n *post hoc*-toets. Daar is van twee tipes *post hoc*-toetse tydens die hipotesetoetsing gebruik gemaak, synde die Scheffé-toets en die Dunnett T3-toets.

Ten opsigte van die verband tussen twee kontinue veranderlikes, soos byvoorbeeld tussen twee skale of 'n kontinue biografiese veranderlike en 'n skaal, is van **Pearson se produkmomentkorrelasiëkoëffisiënt** gebruik gemaak.

Wat die hipoteses met betrekking tot die bepaling van die **verskille** tussen twee skale betref, is daar van **t-toetse** gebruik gemaak. Die betrokke hipoteses is geformuleer ten einde vas te stel of die tellings op een skaal statisties beduidend hoër/laer as dié op 'n ander skaal is. Voordat die t-toets as statistiese tegniek toegepas kon word, is die betrokke skale, wat van mekaar in terme van die aantal items per skaal verskil het, met mekaar vergelykbaar gemaak.

In die ontwikkeling van die meervoudige regressiemodelle ten einde te voorspel in watter mate 'n veranderlike die variansie in *huweliksintegrasie* en *verbintenis tot groei in die huwelik* verklaar, is die **stapsgewyse regressie-ontledingstechniek** gebruik.

Verskille op die 5% en 1% peil van betekenis is by al die bogenoemde statistiese tegnieke as statisties beduidend beskou. Op grond van die hipotesetoetsing kon 'n aantal insiggewende patrone van bevindinge geïdentifiseer word.

9.7 BEVINDINGE EN BESPREKING

Die eerste groepering van bevindinge wat ter sprake kom, hou spesifiek met die toetsing van die hipoteses ten opsigte van die verbande tussen of die verskille in die vektore van gemiddeldes tussen die biografiese veranderlikes en die onderskeie skale verband.

9.7.1 Verbande/verskille tussen die biografiese veranderlikes en die skale

Ten einde 'n sinvolle oorsig van die verbande/verskille tussen die veranderlikes en skale te bied, word die gegewens samevattend in terme van 'n aantal verbandhoudende tabelle weergegee. Vir die doeleindes van die bespreking word die fokus in hierdie tabelle hoofsaaklik geplaas op die verbande/verskille tussen die biografiese veranderlikes en die *gesinsverwante* skale (dit wil sê skale X1 tot X8).

Die eerste groepering van biografiese veranderlikes wat met die skale in verband gebring word, is dié ten opsigte van die bevindinge rakende die man se persoonlike gegewens.

(i) *Bevindinge rakende die persoonlike gegewens van die man en die skale*

In tabel 9.7.1(i) word 'n oorsig gebied van die verbande/verskille wat tussen die veranderlikes ten opsigte van die man se persoonlike gegewens en die verskillende skale, voorkom.

Tabel 9.7.1(i): Die verbande/verskille tussen die veranderlikes rakende die man se persoonlike gegewens en die skale¹

Biografiese Veranderlikes	X1 Huis. take	X2 Reg: Huis	X3 Vader- betrok.	X4 Reg: Kind.sorg	X5 Emos. werk	X6 Verbint. Huwelik	X7 Huweliks- integrasië	X8 Feminis. Oriëntasië
Man: Persoonlike gegewens								
Ouderdom	*							
Huistaal	**	**		*	*			**
Opvoedkundige kwalifikasie	*	**		**	**	**	**	**
Huwelikstatus ten tyde van huweliksluiting								
Jare getroud met huidige eggenote		**						
Ouderdom by geboorte van eerste kind	**	**		**	**	**	*	**

Die eerste aspek wat opvallend is ten opsigte van die verbande/verskille tussen die man se persoonlike gegewens en die verskillende skale, is die feit dat die man se **ouderdom** slegs statisties beduidend met die man se verrigting van huishoudelike take verband hou. Hierdie twee veranderlikes korreleer dan ook negatief met mekaar, naamlik dat namate die man se ouderdom toeneem, sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take sal afneem. Dit wil dus sê dat jonger mans beduidend meer daartoe geneig is om huishoudelike take te verrig as wat dit die geval met

¹ Wanneer daar na die verskillende skale in tabelvorm verwys word, word die volgende afkortings gebruik:

- * Statisties beduidend op die 5% peil van betekenis
- ** Statisties beduidend op die 1% peil van betekenis
- X1 Huis.take Die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van huishoudelike take
- X2 Reg: Huis Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig
- X3 Vaderbetrok. Die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon
- X4 Reg: Kind.sorg Die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees
- X5 Emos. werk Die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik
- X6 Verbint. Huwelik Die man se verbintenis tot groei in die huwelik
- X7 Huweliksintegrasië Die man se ervaring van huweliksintegrasië
- X8 Feminis. Oriëntasië Die man se feministiese oriëntasië
- X9 Beroepsbetrokkenheid Die man se beroepsbetrokkenheid
- X10 Beroepstres Die man se ervaring van beroepsverwante stres

ouer mans is. Die feit dat die man se ouderdom geen beduidende korrelasie met sy ervaring van huweliksintegrasie toon nie, is veral interessant in die lig van die feit dat Smit (1996:221) in haar studie ten opsigte van die *vrou* in die dubbelinkomstegesin gevind het dat daar 'n positiewe verband tussen die vrou se ouderdom en haar ervaring van huweliksintegrasie bestaan. Dit wil dus sê dat soos wat die vrou se ouderdom toeneem, so ook bestaan daar 'n neiging dat haar ervaring van huweliksintegrasie sal toeneem.

Die tweede opvallende patroon, wat ten opsigte van die man se persoonlike gegewens en die tellings op die onderskeie skale, na vore tree, hou spesifiek met die respondente se **huistaal** verband. Dit is telkens die Engelssprekende respondente wat beduidend hoër tellings op die verskillende skale behaal het. Dit wil dus sê dat Engelssprekende mans beduidend meer daartoe geneig is om beide die man se betrokkenheid by die verrigting van huishoudelike take (skaal X2) en kinderversorgingsaktiwiteite (skaal X4) as regverdig te beskou, as wat dit die geval met Afrikaanssprekende mans is. Verder is dit ook Engelssprekende mans wat nie alleen beduidend meer feministies georiënteerd is nie (skaal X8), maar ook geneig is om meer emosionele werk in die huwelik te verrig (skaal X5) as wat dit die geval met Afrikaanssprekende mans is. Dit is egter slegs ten opsigte van die man se verrigting van huishoudelike take (skaal X1), dat die Afrikaanssprekende mans, in teenstelling met hul Engelssprekende eweknieë, 'n beduidende groter bydrae lewer.

Wanneer die fokus op die **opvoedkundige kwalifikasies** van die man geplaas word, wil dit voorkom dat hoe hoër die man se opvoedkundige peil is, hoe hoër is sy skaaltellings ten opsigte van die gesinsverwante skale. Dit wil dus sê dat respondente wat oor 'n nagraadse kwalifikasie beskik telkens, in vergelyking met dié met ander opvoedkundige kwalifikasies, beduidend die meeste daartoe geneig is om die man se betrokkenheid by die verrigting van huishoudelike take (skaal X2) en kinderversorgingsaktiwiteite (skaal X4), wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie, as regverdig te beskou. Mans wat oor 'n nagraadse kwalifikasie beskik is verder ook meer daartoe geneig om meer feministies georiënteerd te wees (skaal X8), om 'n hoër mate van verbintenis tot groei in die huwelik te toon (skaal X6) en om 'n hoër mate van huweliksintegrasie te ervaar (skaal

X7). Ook wat die man se verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5) betref blyk dit dat mans wat oor 'n nagraadse kwalifikasie beskik beduidend meer emosionele werk verrig as wat dit die geval met mans met laer opvoedkundige kwalifikasies is. Hierdie bevinding sluit by die werk van Sekaran (1986:37) en Pittman en Orthner (1988:346) aan wat dit benadruk dat die man met 'n hoë opvoedkundige peil, meer daartoe geneig is om emosioneel ondersteunend in die huwelik op te tree, deur byvoorbeeld die inisiatief by die inisiëring van kommunikasie in die huwelik te neem.

Dit is egter interessant om daarop te let dat slegs met betrekking tot die man se verrigting van huishoudelike take (skaal X1), dit mans is wat oor 'n kwalifikasie laer as matriek beskik, wat die meeste daartoe geneig is om hierdie huishoudelike take te verrig. In hierdie opsig is mans wat oor 'n nagraadse kwalifikasie beskik beduidend die minste daartoe geneig is om 'n bydrae tot die verrigting van huishoudelike take te lewer. Hierdie bevinding staan in teenstelling met die werk van beide Lopata *et al* (1980:136) en Moen (1992:65) wat bevind het dat hoe hoër die man se opvoedkundige kwalifikasie is, hoe meer sal hy daartoe geneig wees om aan die uitvoering van huishoudelike taakverpligtinge deel te neem.

Alhoewel, wat hierdie studie betref, mans wat oor nagraadse kwalifikasies beskik in 'n mindere mate by die werklike verrigting van huishoudelike take betrokke is, is hulle in teenstelling daarmee, meer daartoe geneig om dit as hoogs regverdig te beskou dat dit van 'n man verwag kan word om hierdie take te moet verrig, as wat dit die geval met mans is wat oor 'n laer opvoedkundige kwalifikasie beskik. Dit hou verband met die mening van Erickson en Gecas (1991:124) dat die man se opvoedkundige peil nie noodwendig direk met sy betrokkenheid op fisiese gedragvlak ten opsigte van huishoudelike take verband hou nie. Sy opvoedkundige kwalifikasie beïnvloed eerder sy *houdingsingesteldheid* rakende sy deelname aan hierdie tradisioneel vroulike take. Daarom blyk dit dat mans wat oor 'n hoë opvoedkundige kwalifikasie beskik, in teenstelling met dié wat oor 'n laer kwalifikasie beskik, geneig is om 'n groter gewilligheid te toon om by die huishoudelike taakverpligtinge betrokke te wees, ten spyte van die feit dat hierdie gewilligheid in 'n mindere mate in gedrag manifesteer.

Dit wil dus voorkom dat mans wat oor 'n hoë opvoedkundige kwalifikasie beskik, weens die aard van hul werk, bloot net nie genoeg tyd tot hul beskikking het om huishoudelike take te verrig nie. Dit word bevestig wanneer die man se opvoedkundige kwalifikasie en die veranderlikes rakende die aantal ure wat hy aan beroepsverwante werk afstaan wanneer hy tuis is, met mekaar in verband gebring word. Hieruit blyk dit dat mans met 'n nagraadse kwalifikasie telkens statisties beduidend meer ure per werksdag en per naweek aan beroepsverwante werk afstaan wanneer hulle tuis is, as wat dit die geval met mans met laer opvoedkundige kwalifikasies is. Dus, alhoewel hierdie mans betreklik min tyd tot hul beskikking het om by die werklike verrigting van huishoudelike take betrokke te wees, blyk dit dat hulle in die lig van hul feministiese oriëntasie en hul verrigting van emosionele werk, *bereid is* om huishoudelike en kinderversorgingstake te verrig. Hierdie bereidwilligheid om by die verrigting van huishoudelike en kinderversorgingstake betrokke te wees, kan dus as komponente van die wyse waarop die man emosionele steun aan sy vrou verleen, geïnterpreteer word.

'n Verdere veranderlike wat hier belangrik blyk te wees, is die **man se ouderdom by die geboorte van sy (eie) eerste kind**. Uit tabel 9.7.1(i) blyk dit dat sogenaamde "laat-ouerskap mans" - mans wat volgens Cooney *et al* (1993:207) ouerskap tot die ouderdom na dertig uitgestel het - telkens hoër skaaltellings ten opsigte van die gesinsverwante veranderlikes behaal, as wat dit die geval is met "vroë-ouerskap mans" - mans wat in hul twintiger jare vaders geword het. In hierdie opsig is dit duidelik dat mans wat by 'n latere ouderdom vir die eerste keer pa geword het, beduidend meer daartoe geneig is om dit as regverdig teenoor 'n man te beskou dat hy huishoudelike take moet verrig (skaal X2) en by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees (skaal X4), as wat dit die geval met mans is wat jonger was toe hulle vir die eerste keer pa geword het. Dit is ook mans wat by 'n latere ouderdom vir die eerste keer vaderskap betree het wat beduidend meer emosionele werk in die huwelik verrig (skaal X5), meer tot groei in die huwelik verbind is (skaal X6), meer huweliksintegrasie ervaar (skaal X7) en meer feministies georiënteerd is (skaal X8) as wat dit die geval met sogenaamde "vroë vaders" is.

In kontras hiermee, is dit weereens slegs ten opsigte van die man se verrigting van huishoudelike take (skaal X1) dat 'n ander patroon na vore tree. Wat hierdie skaal betref, blyk dit dat mans wat as "vroee vaders" geklassifiseer kan word, beduidend meer by die verrigting van huishoudelike take betrokke is, as mans wat eers by 'n latere ouderdom vir die eerste keer pa geword het.

Ten opsigte van vaderbetrokkenheid en die man se ouderdom by die geboorte van sy eerste kind, is Cooney *et al* (1993:206) van mening dat "laat-ouerskap mans" meer daartoe geneig is om by die verrigting van kinderversorgingsaktiwiteite betrokke te wees as wat dit die geval met "vroee" vaders is. Weingarten [soos deur Martin (1985:173) aangehaal] sluit hierby aan deur te sê dat "...older men make better fathers, are more involved in the child's care and needs, and are more flexible in child-care roles." Hierdie kwessie van "vroee" versus "laat" vaderskap word dus as 'n sentrale veranderlike in die literatuur rakende vaderbetrokkenheid beskou. Tog is dit egter interessant dat die ouderdom van die mans by die geboorte van hul eerste kinders in hierdie studie geen beduidende verband met die man se vaderbetrokkenheid (skaal X3), toon nie. Dit wil dus voorkom dat die klassifikasie van mans as synde óf "vroee" óf "laat" vaders in hierdie geval geen beduidende rol speel in die mate waartoe hulle vaderbetrokkenheid, al dan nie, toon nie.

Wat ook opvallend is, is dat daar geen beduidende verskille tussen die respondente ten opsigte van hul **huwelikstatus** ten tyde van die sluiting van hul huidige huwelike en hul skaaltellings vir enige van die skale bestaan nie. Dit wil dus sê dat mans se huwelikstatus by die sluiting van hul huwelike as synde wewenaars, geskeides of enkellopendes geen beduidende verband met hul tellings ten opsigte van enige van die gesinsverwante skale toon nie.

Benewens die statisties beduidende negatiewe verband tussen die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig (skaal X2) en die **aantal jare** wat die man met sy huidige eggenote **getroud** is, bestaan daar geen beduidende verband tussen die gesinsverwante skale en hoe lank die egpaar al met mekaar getroud is nie.

(ii) *Die bevindinge ten opsigte van die man se beroep en die skale*

In tabel 9.7.1(ii) word 'n oorsig gebied van die verbande/verskille wat tussen die veranderlikes ten opsigte van die man se beroep en die verskillende skale, voorkom.

Tabel 9.7.1(ii): Die verbande/verskille tussen die veranderlikes rakende die man se beroep en die skale

Biografiese Veranderlikes	X1 Huis- take	X2 Reg: Huis	X3 Vader- betrok.	X4 Reg: Kind.sorg	X5 Emos. Werk	X6 Verbint. Huwelik	X7 Huweliks- integrasië	X8 Feminis. Oriëntasie
Man: Beroep								
Beroepskategorie	**	**	*	**	**	**	**	**
Werkure per week			**					
Werkure per dag by werk deurgebring			**			*		
Werkure per dag by huis deurgebring		**	**	**	*	*		**
Werkure per naweek by huis deurgebring		**		*	*	*		**
Beskikbaarheid: Alternatiewe werkspatrone								
Gebruikmaking: Alternatiewe werkspatrone								
Gebruikmaking: Kraamverlof vir vaders	**	**	**	**	**	**	**	**

Oorkoepelend gesien, wat die hipoteses ten opsigte van die man se beroep en die tellings op die onderskeie skale betref, is daar enkele interessante aspekte wat na vore tree. Dit is byvoorbeeld duidelik dat die man se **beroepskategorie** 'n belangrike veranderlike blyk te wees wanneer die verskille ten opsigte van die respondente se tellings op die verskillende skale ter sprake kom. So blyk dit dat mans wat bestuurs/professionele beroepe beoefen, in vergelyking met mans wat in ander beroepskategorieë val, dit as beduidend meer regverdig beskou dat mans huishoudelike take moet verrig (skaal X2), dit as meer regverdig beskou dat mans by kinderversorgingsaktiwiteite

betrokke moet wees (skaal X4), beduidend meer vaderbetrokkenheid toon (skaal X3), meer tot groei in die huwelik verbind is (skaal X6) en meer feministies georiënteerd is (skaal X8).

Hierdie mans met bestuurs/professionele beroepe is ook beduidend meer daartoe geneig om emosionele werk in die huwelik te verrig (skaal X5). Hierdie bevinding is belangrik in die lig van die feit dat Smit (1996:390) in haar navorsing ten opsigte van die werkende getroude vrou bevind het dat die *vrou* van die man met 'n professionele beroep, 'n beduidend hoër persepsie van haar man se verrigting van emosionele werk in die huwelik het as wat dit die geval met vroue is wie se mans in ander beroepskategorieë val. Dit wil dus voorkom dat die man se tipe beroep nie net met die vrou se persepsie van haar man se verrigting van emosionele werk in die huwelik verband hou nie, maar dat dit ook met die man se persepsie van sy eie verrigting van emosionele werk verband kan hou.

In teenstelling hiermee is mans wat 'n bestuur/professionele beroep beoefen egter beduidend minder by die verrigting van huishoudelike take betrokke (skaal X1), as wat dit met mans in ander beroepskategorieë die geval is. Dit is in hierdie opsig eerder die mans wat klerklike beroepe beoefen wat die meeste daartoe geneig is om hierdie take te verrig. Dus, alhoewel mans wat 'n bestuurs/professionele beroep beoefen in 'n mindere mate by die werklike verrigting van huishoudelike take betrokke is, is hulle in teenstelling hiermee meer daartoe geneig om dit as hoogs regverdig te beskou dat dit van 'n man verwag kan word om hierdie take te moet verrig.

Dit wil dus voorkom dat mans wat 'n bestuurs/professionele beroep beoefen, weens die aard van hul werk, bloot net nie genoeg tyd tot hul beskikking het om huishoudelike take te verrig nie. Erickson en Gecas (1991:124) is byvoorbeeld van mening dat mans wat professionele beroepe beoefen se tyd vir die verrigting van huishoudelike take deur hul veelvoudige beroepsverpligtinge geïnhibeer word. Dit word bevestig wanneer daar 'n eenrigting analise van variansie (ANOVA) ten opsigte van die man se beroepskategorie en die veranderlikes rakende die aantal ure wat hy aan beroepsverwante werk afstaan wanneer hy tuis is, bereken word. Hieruit blyk dit dat mans wat 'n bestuurs/professionele beroep beoefen meer ure per dag en per naweek aan beroepsverwante werk afstaan wanneer hulle tuis is, as wat dit die geval met mans in ander beroepskategorieë is. Dus,

alhoewel hierdie mans betreklik min tyd tot hul beskikking het om by die werklike verrigting van huishoudelike betrokke te wees, blyk dit dat hulle in die lig van hul feministiese oriëntasie en hul verrigting van emosionele werk, *bereid is* om huishoudelike en kinderversorgingstake te verrig. Hierdie bereidwilligheid om by die verrigting van huishoudelike en kinderversorgingstake betrokke te wees, kan dus as komponente van die wyse waarop die man emosionele steun aan sy vrou verleen, geïnterpreteer word.

Dit is verder, wat die respondente se beroepskategorieë en die skaaltellings betref, opvallend dat naas mans wat bestuurs/professionele beroepe beoefen, dit mans is wat semi-professionele beroepe beoefen, wat die tweede hoogste tellings op die betrokke skale behaal het. Wat die man se ervaring van huweliksintegrasië (skaal X7) betref, is dit egter nie mans wat bestuurs/professionele beroepe beoefen nie, maar wel dié wat semi-professionele beroepe beoefen wat die hoogste skaaltellings behaal het. Dit wil dus voorkom dat, alhoewel mans wat bestuurs/professionele beroepe beoefen 'n hoë mate van huweliksintegrasië kan ervaar, hulle tog weens die aard van hul beroepe en die eise wat dit aan hulle stel, iets wat die ervaring van huweliksintegrasië betref, mag inboet. Dit hou veral verband met Handy (1978:37) en Pittman (1994:189) se verwysing na professionele beroepe as *gulsige beroepe*. Hierdie gulsige beroepe vereis nie net 'n hoë mate van beroepsverbintenis van die individu nie, maar oefen gewoonlik ook 'n suigkrag op die individu uit wat daartoe aanleiding gee dat na 'n dag se moeisame werk, die persoon min emosionele energie vir die eise van 'n gesinslewe beskikbaar het. Derhalwe kan hierdie mans se ervaring van huweliksatisfaksie, volgens Gelles (1995:334), geïnhibeer word.

In kontras met die bestaande literatuur blyk dit dat die **gemiddelde aantal werksure per dag** wat die man by die werk deurbring nie 'n besondere belangrike rol ten opsigte van die respondente se tellings op die gesinsverwante skale speel nie. In die literatuur word daar byvoorbeeld sterk klem geplaas op die sogenaamde afwesigheidseffek wat veral weens die man se lang werksure teweeggebring word. Moen (1992:65) en Pittman en Blanchard (1996:88) is byvoorbeeld van mening dat hoe meer ure die man per dag beroepsaktief is, hoe minder sal hy daartoe geneig wees om huishoudelike take te verrig. Lang werksure maak dit ook weens tydsbeperkings en fisieke

uitputting moeilik vir die man-vader om aktief aan gesinsaktiwiteite deel te neem, wat tot 'n verlaging in die ervaring van huwelikskwaliteit kan aanleiding gee (Gelles, 1995:334; Moen, 1989:64).

Wat hierdie studie betref bestaan daar egter geen beduidende korrelasies tussen die man se gemiddelde aantal werksure per dag en sy verrigting van huishoudelike take (skaal X1); die mate waartoe hy dit as regverdig beskou dat 'n man huishoudelike (skaal X2) en kinderversorgingstake (skaal X4) moet verrig; sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5); sy ervaring van huweliksintegrasië (skaal X7) en die mate waartoe hy 'n feministiese oriëntasie toon (skaal X8) nie.

Daar bestaan egter wel eensyds 'n positiewe verband tussen die man se aantal werksure per dag en sy verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6) en andersyds 'n negatiewe verband tussen sy werksure en die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3). Hierdie negatiewe verband tussen die aantal werksure en vaderbetrokkenheid sluit by die werk van Brayfield (1995:323) en Russell (1983:212) aan wat die rigiditeit van lang werksure as een van die belangrikste struikelblokke in die voorkoms van 'n groter mate van vaderbetrokkenheid identifiseer.

Alhoewel die gemiddelde aantal ure wat die man per dag by die werk deurbring nie so 'n belangrike rol ten opsigte van die gesinsverwante skale speel nie, blyk dit dat die **aantal ure wat die man per werksdag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hy tuis is**, wel 'n belangrike veranderlike kan wees. Dit is byvoorbeeld opvallend dat mans wat meer ure per dag tuis aan beroepsverwante werk aandag gee, beduidend meer daartoe geneig is om dit as regverdig teenoor 'n man te beskou dat hy huishoudelike take moet verrig (skaal X2) en by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees (skaal X4) as wat dit die geval met mans is wat min ure per dag aan beroepsverwante werk aandag skenk wanneer hulle tuis is. Mans wat meer ure per werksdag aan beroepsverwante aspekte aandag skenk wanneer hulle tuis is, beskou dit egter nie net as regverdig teenoor 'n man dat hy by die versorging van die kinders betrokke moet wees nie, maar dit blyk ook dat hierdie mans self ook, wat hulle werklike gedrag betref, 'n hoër mate van vaderbetrokkenheid

toon (skaal X3) as wat dit die geval met mans is wat min ure per dag aan beroepsverwante werk afstaan wanneer hulle tuis is. Dit is verder ook mans wat meer ure tuis aan beroepsverwante werk afstaan wat beduidend meer emosionele werk in die huwelik verrig (skaal X5), meer tot groei in die huwelik verbind is (skaal X6) en meer feministies georiënteerd is (skaal X8).

Hierdie positiewe korrelasies sou dalk in die lig van die vorige veranderlikes - die man se opvoedkundige kwalifikasie en sy beroepkategorie - verduidelik kon word. Soos reeds gesien, is mans wat oor 'n hoër opvoedkundige peil beskik en wat bestuurs/professionele beroepe beoefen geneig om hoër tellings op die gesinsverwante skale te behaal. Dit is ook hierdie mans wat waarskynlik meer tyd aan beroepsverwante werk sal bestee wanneer hulle tuis is - en daarom 'n verduideliking bied waarom mans wat meer ure per dag aan hul beroepsverwante werk aandag gee wanneer hulle by die huis is, ook hoër tellings op die gesinsverwante skale behaal.

Ook wat die **aantal ure wat die man per naweek aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hy tuis is** betref, blyk dit dat dit telkens mans is wat lang ure per naweek by die huis werk, wat beduidend meer daartoe geneig is om dit as regverdig te beskou dat 'n man huishoudelike take moet verrig (skaal X2) en by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees (skaal X4), as wat dit die geval met mans is wat min ure per naweek aan beroepsverwante werk aandag skenk wanneer hulle tuis is. Dit is ook mans wat meer ure per naweek aan beroepsverwante aspekte aandag skenk wanneer hulle tuis is, wat beduidend meer emosionele werk in die huwelik verrig (skaal X5), meer tot groei in die huwelik verbind is (skaal X6) en meer feministies georiënteerd is (skaal X8).

'n Verdere veranderlike wat belangrik blyk te wees, is die **mate waartoe die man van kraamverlof vir vaders gebruik sal maak, al dan nie**. In hierdie opsig is dit duidelik dat dit telkens mans is wat wel van kraamverlof gebruik sal maak wat beduidend hoër tellings op al die gesinsverwante skale behaal het. Dit wil dus sê dat mans wat van kraamverlof gebruik sal maak, anders as die mans wat nie daarvan gebruik sal maak nie, nie net in terme van hul werklike gedrag meer by die verrigting van huishoudelike take betrokke is (skaal X1) en meer vaderbetrokkenheid (skaal X3) toon nie, maar dat hulle ook in 'n groter mate dit as regverdig beskou dat 'n man by die verrigting van

huishoudelike take (skaal X2) en kinderversorgingsaktiwiteite (skaal X4) betrokke moet wees. Verder is hierdie mans wat wel van kraamverlof gebruik sal maak ook beduidend meer daartoe geneig om emosionele werk in die huweliks te verrig (skaal X5), 'n verbintenis tot groei in die huwelik te toon (skaal X6), huweliksintegrasie te ervaar (skaal X7) en meer feministies georiënteerd te wees (skaal X8), as wat dit die geval met mans is wat *nie* van kraamverlof gebruik sal maak nie.

Dit wil dus voorkom dat die man se gebruikmaking van kraamverlof - met ander woorde sy begeerte om sy vrou tydens en na die geboorte van hul kind by te staan - nie alleen met 'n groter mate van vaderbetrokkenheid verband hou nie (soos dit dan ook in die literatuur soos onder andere in die werk van Nickel en Köcher (1987:101) bevestig word), maar dat hierdie bereidwilligheid van die man ook implikasies vir ander komponente van sy gesinslewe kan inhou. Dit kom veral duidelik na vore in die mate waartoe hierdie mans huweliksintegrasie ervaar. Hierdie bevinding beklemtoon die belangrikheid van die bestaan van 'n sogenaamde pro-gesinsbeleid binne die konteks van die formele organisasie. Dit is dus van groot belang dat, alhoewel daar vir kraamverlof vir vaders in die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (artikel 27(2)(a) van Wet nommer 75 van 1997) voorsiening gemaak word, die waarde van kraamverlof vir vaders in die skepping van 'n werk-gesin-passing nie deur die werkgewer onderskat moet word nie.

'n Verdere veranderlike wat met die organisasiekultuur geassosieer word en wat as 'n faktor in die skepping van 'n werk-gesin-passing beskou word, is die beskikbaarstelling van alternatiewe werkspatrone soos onder andere elastiese werkslokaliteite, elastiese tydskedules en deeltydse werk (Aburdene en Naisbitt, 1994:270; Cook, 1992:206; Ritner, 1992:147). Wat hierdie studie egter betref, is dit opvallend dat die **beskikbaarheid van alternatiewe werkspatrone** en die respondente se **gebruikmaking daarvan, al dan nie**, geen verklaring vir die respondente se verskille ten opsigte van hul tellings vir enige van die tien skale bied nie. Dus, alhoewel meer as die helfte (56.9%) van die 58 respondente wat alternatiewe werkspatrone tot hul beskikking het, soms daarvan gebruik maak, toon dit geen beduidende verskille ten opsigte van hul tellings op die gesinsverwante skale nie. Dit is waarskynlik toe te skryf aan die feit dat hierdie mans se gewone werkspatrone nie indringend deur hul gebruikmaking van die alternatiewe werkspatrone beïnvloed word nie. Dit mag

dalk ook verband hou met die moontlikheid dat die formele organisasie se pro-gesinsbeleid slegs as *de jure* van aard beskou word, in soverre dit wel die werknemer se gesinsbelange is ag neem, maar nogtans die werknemer op 'n informele wyse "penaliseer" indien daarvan gebruik gemaak word (Wolfe-Konek en Kitch, 1994:157). Hierdie toedrag van sake mag dalk die man daarvan weerhou om op 'n indringende wyse by hierdie alternatiewe werkspatrone betrokke te raak.

(iii) Die bevindinge ten opsigte van die man se eggenote en die skale

In tabel 9.7.1(iii) word 'n oorsig gebied van die korrelasies/verskille wat tussen die veranderlikes ten opsigte van die man se eggenote en die verskillende skale, voorkom.

Tabel 9.7.1(iii): Die verbande/verskille tussen die veranderlikes rakende die man se eggenote en die skale

Biografiese Veranderlikes	X1 Huis. take	X2 Reg: Huis	X3 Vader- betrok.	X4 Reg: Kind.sorg	X5 Emos. werk	X6 Verbint. Huwelik	X7 Huweliks- integrasië	X8 Feminis. Oriëntasie
Eggenote								
Opvoedkundige kwalifikasie	**	**		**	**	**	*	**
Beroepskategorie	**	**		**	**	**		**
Werksdae per week								
Werkure per dag by werk deurgebring								
Werkure per dag by huis deurgebring		**						

Oorkoepelend gesien, wat die hipoteses ten opsigte van die man se eggenote en die tellings op die onderskeie skale betref, is dit in die eerste plek opvallend dat, soos in die geval van die man, veral twee veranderlikes hier 'n belangrike rol ten opsigte van die verskille in skaaltellings van respondente speel. Wat die **eggenote se opvoedkundige kwalifikasie** betref, is dit interessant om daarop te let dat, soos in die geval van die respondente se eie opvoedkundige kwalifikasies, dit

telkens die respondente is wie se eggenotes oor 'n nagraadse kwalifikasie beskik wat die meeste daartoe geneig is om dit as regverdig te beskou dat 'n man huishoudelike take moet verrig (skaal X2) en dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees (skaal X4). Dit wil dus voorkom dat die eggenote se opvoedkundige kwalifikasie 'n belangrike rol speel ten opsigte van wat Rachlin (1987:188) na verwys as die man se siening van die *regverdigheidsaspek* verbonde aan die allokering van taakverpligtinge in die gesin. Hierdie verwysing na regverdigheid sluit by Weingarten (1978:147) se siening ten opsigte van die *interafhanklikheid* tussen die egliede aan. Sy is byvoorbeeld van mening dat interafhanklikheid in die huwelik nie net na die koöperasie tussen die man en die vrou binne die gesinskonteks verwys nie, maar dat dit ook die egpaar (in hierdie geval die man) se bereidwilligheid ten opsigte van die skepping van 'n plooibaarheid rakende die taakverdeling in die huishouding impliseer (Weingarten, 1978:149).

Mans wie se eggenotes oor 'n nagraadse kwalifikasie beskik, is verder ook meer daartoe geneig om feministies georiënteerd te wees (skaal X8), emosionele werk in die huwelik te verrig (skaal X5), om 'n hoër mate van verbintenis tot groei in die huwelik te toon (skaal X6) en om 'n hoër mate van huweliksintegrasie te ervaar (skaal X7), as wat dit die geval met mans is wie se eggenotes oor 'n laer opvoedkundige kwalifikasie beskik.

Dit is verder ook interessant om daarop te let dat, soos in die geval van die man se eie opvoedkundige kwalifikasie, dit mans is wie se eggenotes oor 'n nagraadse kwalifikasie beskik, wat beduidend die *minste* daartoe geneig is om by die verrigting van huishoudelike take betrokke te wees (skaal X1), as wat dit die geval met mans is wie se eggenotes oor 'n laer opvoedkundige kwalifikasie beskik. Hierdie bevinding staan in teenstelling met die navorsing van beide Lopata *et al* (1980:136) en Moen (1992:65) wat gevind het dat hoe hoër die vrou se opvoedkundige peil is, hoe *meer* is haar man daartoe geneig om aan die uitvoering van huishoudelike taakverpligtinge deel te neem. Dit is ook interessant om daarop te let dat in Smit (1996:388) se Suid-Afrikaanse navorsing ten opsigte van die werkende getroude vrou, daar *geen* beduidende verhouding tussen die vrou se akademiese kwalifikasie en *haar* persepsie van haar man se verrigting van huishoudelike take bestaan het nie, terwyl die vrou se opvoedkundige kwalifikasie in hierdie huidige studie wel 'n

beduidende rol ten opsigte van die *man* se persepsie van sy eie betrokkenheid by die uitvoering van hierdie huishoudelike take speel.

Dit is opvallend dat daar 'n soortgelyke patroon ten opsigte van die skaaltellings van die mans wat oor 'n nagraadse kwalifikasie beskik en dié wie se eggenotes oor 'n nagraadse kwalifikasie beskik, bestaan. 'n Chi-kwadraat ontleding van die opvoedkundige kwalifikasies van die egpaar het in hierdie verband aangetoon dat mans op 'n beduidende vlak met vroue getroud is wat oor min of meer dieselfde opvoedkundige kwalifikasie as hulle beskik.

In die tweede plek blyk dit, soos in die geval van die man se eie **beroepskategorie**, dat respondente wie se **eggenotes** 'n bestuurs/professionele beroep beoefen, beduidend meer daartoe geneig is om dit as regverdig te beskou dat 'n man huishoudelike take moet verrig (skaal X2) en by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees (skaal X4), as wat dit die geval met mans is wie se eggenotes ander tipes beroepe beoefen. Ook is hierdie mans wie se eggenotes bestuurs/professionele beroepe beoefen beduidend meer daartoe geneig om emosionele werk in die huwelik te verrig (skaal X5), tot groei in die huwelik verbind te wees (skaal X6) en feministies georiënteerd te wees (skaal X8) as wat dit die geval met mans is wie se eggenotes in ander beroepskategorië val.

Soos in die geval van beide die man se eie en sy vrou se opvoedkundige kwalifikasies, is dit duidelik dat daar ook hier 'n soortgelyke patroon ten opsigte van die skaaltellings van die mans wat 'n bestuurs/professionele beroep beoefen en dié wie se eggenotes 'n bestuurs/professionele beroep beoefen, bestaan. 'n Chi-kwadraat ontleding van die beroepskategorieë van die egpaar het in hierdie verband aangetoon dat mans op 'n beduidende vlak met vroue getroud is wat min of meer dieselfde tipe beroepe as hulle beoefen.

Dit blyk dat in beide die gevalle van die mans wie se eggenotes oor 'n nagraadse kwalifikasie beskik en mans wie se eggenotes bestuurs/professionele beroep beoefen, dat hierdie respondente nie net hoë tellings op die twee *regverdigheidskale* - die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig (skaal X2) en by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees

(skaal X4) - behaal nie, maar dat hulle ook telkens beduidend die hoogste tellings op skaal X5 - die man se verrigting van emosionele werk in die huwelik - behaal. Die gedagte dat 'n man dit as regverdig beskou dat aspekte rakende die huishouding en kinderversorging as deel van sy rolbeskrywing beskou moet word, dien as 'n aanduiding van sy bereidwilligheid om wel by hierdie take betrokke te wees. Hierdie bereidwilligheid van die man om sy vrou ten opsigte van hierdie genoemde take by te staan, sluit by die die kwaliteite wat met emosionele werk in die huwelik geassosieer word, aan. Dit wil dus voorkom dat die twee regverdigheidskale as komponente van die verrigting van emosionele werk in die huwelik geïnterpreteer kan word.

Dit is ook opvallend dat, soos in die geval van die man se eie beroepskategorie, dit mans is wie se eggenotes 'n bestuurs/professionele beroep beoefen, wat die *minste* daartoe geneig is om by die uitvoering van huishoudelike taakverpligtinge betrokke te wees (skaal X1). Wat die reeds bestaande literatuur betref, is die teenoorgestelde egter bevind. Moen (1992:64) en Erickson (1993:893) formuleer byvoorbeeld op grond van hul studies in die VSA binne die raamwerk van Blood en Wolfe (1960) se beheer-oor-bronne-teorie, die proposisie dat indien die vrou 'n meer professionele beroep beoefen en dus gewoonlik ook meer status verwerf en 'n hoër inkomste verdien, hoe meer sal haar man daartoe geneig wees om by die uitvoering van huishoudelike take betrokke te wees.

Verder blyk dit ook dat die **aantal werksdae wat die eggenote beroepswerksaam is** en die **aantal ure wat sy per dag by die werk deurbring** geen beduidende verklaring vir die verskille in die respondente se tellings op enige van die gesinsverwante skale bied nie. Ook hierdie bevinding staan in teenstelling met die bestaande literatuur. In die literatuur word dit byvoorbeeld beklemtoon dat die groter aantal ure wat die vrou in die dubbelinkomstegesin aan haar beroep afstaan nie net met haar man se hoër betrokkenheid by kinderversorgingsaktiwiteite verband hou nie (Aldous *et al*, 1998:818), maar dat dit ook met die mate waartoe die man huishoudelike taakverpligtinge uitvoer, verband hou. Krausz (1986:461) en Aldous *et al* (1998:811) toon byvoorbeeld aan dat indien die vrou baie tyd aan haar beroep afstaan, haar man nie alleen daartoe geneig sal wees om 'n groter bydrae tot die uitvoering van huishoudelike take in die algemeen te lewer nie, maar dat hy ook

spesifiek meer by die tradisioneel vroulike huishoudelike take betrokke sal wees, as wat dit die geval is met die man wie se vrou minder tyd aan haar beroep afstaan.

Anders as in die geval van die gemiddelde aantal ure wat die man per werksdag aan beroepsverwante werk afstaan wanneer hy tuis is wat met ses van die gesinsverwante skale korreleer, bestaan daar slegs 'n verband tussen **die gemiddelde aantal ure wat die man se eggenote per werksdag aan beroepsverwante werk afstaan wanneer sy tuis is** en 'n enkele van die gesinsverwante skale, naamlik die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig (skaal X2). Dit is waarskynlik toe te skryf aan die feit dat die man 'n begrip toon vir sy vrou se meervoudige rolverpligtinge wanneer haar beroepsbetrokkenheid meer "sigbaar" word, in soverre haar beroep ook tyd-ruimtelik in die gesinsdomein binnedring. Alhoewel die aantal ure wat die vrou tuis aan beroepsverwante aspekte afstaan geen beduidende verband met sy betrokkenheid by die werklike uitvoering van die huishoudelike take, al dan nie, toon nie, sien hy dit as regverdig teenoor 'n man dat hy by die uitvoering van hierdie take betrokke moet wees en impliseer dit dus 'n bereidwilligheid om, indien nodig, by hierdie taakverpligtinge betrokke te raak.

(iv) Die bevindinge ten opsigte van die egpaar se kinders en die skale

In tabel 9.7.1(iv) word 'n oorsig gebied van die korrelasies/verskille wat tussen die veranderlikes ten opsigte van die egpaar se kinders en die verskillende skale, voorkom.

Tabel 9.7.1(iv): Die verbande/verskille tussen die veranderlikes rakende die egpaar se kinders en die skale

Biografiese Veranderlikes	X1 Huis. take	X2 Reg: Huis	X3 Vader- betrok.	X4 Reg: Kind.sorg	X5 Emos. werk	X6 Verbint. Huwelik	X7 Huweliks- integrasië	X8 Feminis. Oriëntasie
Kinders								
Aantal afhanklike kinders		**		*				
Ouderdom van jongste kind		**		*				
Geslag van kinders								

Wat die drie veranderlikes ten opsigte van die egpaar se kind/ers betref, blyk dit dat daar slegs enkele beduidende verbande/verskille tussen die veranderlikes en twee van die drie skale bestaan. Dit is byvoorbeeld opvallend dat daar negatiewe korrelasies tussen die **aantal afhanklike kinders wat by die egpaar woon** en die twee regverdigheidskale bestaan. Dit wil dus sê dat hoe *meer* afhanklike kinders daar in die huishouding is, hoe *minder* is die respondente daartoe geneig om dit as regverdig te beskou dat 'n man huishoudelike take moet verrig (skaal X2) en by kinderversorgingsaktiwiteit betrokke moet wees (skaal X4). Of anders gestel, hoe *minder* die aantal afhanklike kinders in die huishouding is, hoe *meer* is die respondente daartoe geneig om dit as regverdig te beskou dat 'n man huishoudelike take moet verrig (skaal X2) en by kinderversorgingsaktiwiteit betrokke moet wees (skaal X4). Dit mag moontlik toe te skryf wees aan die feit dat die man van mening mag wees dat hoe meer kinders daar in die huishouding is, hoe meer kan daar van hulle verwag word om 'n bydrae te lewer in die verrigting van huishoudelike take en die versorging van jonger kinders in die gesin, terwyl dit dan minder regverdig sal wees om nog steeds van hom as man/vader te verwag om by die uitvoering van hierdie take betrokke te moet wees.

Wat egter besonder opvallend is, is die feit dat die aantal kinders in die huishouding geen beduidende verband met die mate waartoe die man vaderbetrokkenheid openbaar (skaal X3) toon

nie. Dit is veral interessant in die lig van die bestaande literatuur ten opsigte van vaderbetrokkenheid wat die aantal afhanklike kinders in die sorg van die egpaar as 'n belangrike veranderlike beskou. In die navorsing van Nickel en Köcher (1987:107) en Russell (1986:34) word dit byvoorbeeld beklemtoon dat hoe minder die aantal kinders in die gesin is, hoe meer sal die vader geneig wees om by die kinders betrokke te wees. Gerson (1993:219) verklaar hierdie verband soos volg: "One way to limit the demands of parenthood and still play a significant role in child rearing is to keep the family small." Anders as in die geval van navorsing in die VSA, speel die aantal kinders dus egter geen beduidende rol in die mate waartoe die man-vaders in hierdie huidige studie vaderbetrokkenheid toon nie.

Ten opsigte van die **ouderdom van die respondent se jongste kind** bestaan daar negatiewe korrelasies tussen die kind se ouerdom en die twee regverdigheidskale. Dit beteken dat hoe *ouer* die respondent se jongste kind is, hoe *minder* is die man daartoe geneig om dit as regverdig teenoor 'n man te beskou dat hy huishoudelike take moet verrig (skaal X2) en by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees (skaal X4). Soos in die geval van die aantal kinders, mag die man van mening wees dat hoe ouers sy kinders is, hoe meer kan dit van hulle verwag word om self ook by die verrigting van huishoudelike take betrokke te wees, terwyl dit dan minder regverdig sal wees om nog steeds van hom as man te verwag om ook by die uitvoering van hierdie take betrokke te moet wees. Hy mag dalk ook van mening wees dat, soos wat die kinders ouer word, hulle toenemend minder direkte versorging van hul ouers vereis en daarom sou dit ook minder regverdig teenoor 'n man wees om nog steeds van hom te verwag om by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke te moet wees.

Soos in die geval van die aantal afhanklike kinders in die huishouding, blyk dit ook ten opsigte van die ouderdom van die jongste kind dat dit hierdie veranderlike 'n beduidende rol speel ten opsigte van die man se persepsie van die *regverdigheid* dat 'n man by huishoudelike en kinderversorgingstake betrokke moet wees, eerder as wat dit 'n rol in terme van sy *werklike gedrag* rakende hierdie take speel. Weereens, in teenstelling hiermee, beklemtoon navorsers soos onder andere Moen (1992:65) en Aldous *et al* (1998:811) dat hoe jonger die kinders in die huisgesin is,

hoe meer sal die man aan die fisiese uitvoering van huishoudelike en kinderversorgingstaakverpligtinge deelneem.

(v) Die bevindinge ten opsigte van die man se gesin van oriëntasie en die skale

Talle navorsers wat op die dinamika van die dubbelinkomstegesin fokus, soos onder andere Googins (1991:25) en Piña en Bengtson (1993:910), beklemtoon die aard van die egpaar se geslagsroloriëntasie as 'n belangrike moontlike faktor in die bepaling van die mate waartoe hulle huweliksgeluk ervaar. Hierdie geslagsroloriëntasie wat veral deur die man geïnternaliseer is, kan beïnvloed word deur die wyse waarop hy binne die konteks van sy gesin van oriëntasie gesosialiseer is. In hierdie opsig word 'n oorsig in tabel 9.7.1(v) gebied van die korrelasies/verskille wat tussen die veranderlikes ten opsigte van die man se gesin van oriëntasie en die verskillende skale, voorkom.

Tabel 9.7.1(v): Die verbande/verskille tussen die veranderlikes rakende die man se gesin van oriëntasie en die skale

Biografiese Veranderlikes	X1 Huis- take	X2 Reg: Huis	X3 Vader- betrok.	X4 Reg: Kind.sorg	X5 Emos. werk	X6 Verbint. Huwelik	X7 Huweliks- integrasie	X8 Feminis. Oriëntasie
Man: Gesin van oriëntasie								
Moeder: Beroepstatus	*	**		**	**	**	*	**
Moeder: Beroepskategorie	**	**		**	*	*		**
Vader: Beroepskategorie	**	**		*				**
Vader: Voorbereiding van voedsel	**		**					
Vader: Verrigting van huishoudelike take	**		*	*				
Vader: Versorging van kinders	**	**	**					*

Uit tabel 9.7.1(v) blyk dit dat die **beroepstatus van die respondent se moeder/stiefmoeder**, terwyl hy nog skool gegaan het, 'n belangrike veranderlike blyk te wees. Dit is byvoorbeeld opvallend dat respondente wie se moeders 'n voltydse beroepsposisies beklee het, beduidend meer daartoe geneig is om dit as regverdig te bekou dat 'n man huishoudelike take moet verrig (skaal X2) en by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees (skaal X4), as respondente wie se moeders glad nie gewerk het nie of slegs deelydse beroepsposisies beklee het. Hierdie mans is ook beduidend meer daartoe geneig om emosionele werk in die huwelik te verrig (skaal X5), meer tot groei in die huwelik verbind te wees (skaal X6), meer huweliksintegrasie te ervaar (skaal X7) en meer feministies georiënteerd te wees (skaal X8), as wat dit die geval met mans is wie se moeders glad nie gewerk het nie of slegs deelydse beroepsposisies beklee het.

Wat die **beroepskategorie van die man se moeder/stiefmoeder** betref, blyk dit, soos in die geval van die man se eie beroepskategorie, dat respondente wie se moeders 'n bestuurs/professionele beroep beoefen het, beduidend meer daartoe geneig is om dit as regverdig te beskou dat 'n man huishoudelike take moet verrig (skaal X2) en by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees (skaal X4), as wat dit die geval met mans is wie se moeders ander tipes beroepe beoefen het. Ook is hierdie mans wie se moeders bestuurs/professionele beroepe beoefen het beduidend daartoe geneig om meer emosionele werk in die huwelik te verrig (skaal X5), meer tot groei in die huwelik verbind te wees (skaal X6) en meer feministies georiënteerd te wees (skaal X8).

Hierdie bevindinge ten opsigte van die moeder se beroepstatus en beroepskategorie sluit by Kiecolt en Acock (1988:711) se siening aan dat die moeder se arbeidsmarkdeelname 'n meer liberale geslagsroloriëntasie by haar seun genereer, deurdat sy hom aan 'n nie-tradisionele vroulike rolbeskrywing blootstel. Die invloed van hierdie blootstelling word verder geaksentueer deur die tipe beroep wat die moeder beoefen. Indien sy 'n meer professionele beroepsposisie beklee, sal haar seun meer daartoe geneig wees om 'n nie-tradisionele geslagloriëntasie in sy gesin van prokreasie te handhaaf.

Waar die beroepskategorie van die respondent se moeder as 'n belangrike veranderlike ten opsigte van die verskille in die respondente se skaaltellings na vore tree, blyk dit dat die **beroepskategorie van die respondent se vader/stiefvader** slegs in enkele gevalle beduidende verbande met die skale toon. Wat die twee regverdigheidskale betref, is dit duidelik dat mans wie se vaders bestuurs/professionele beroepe beoefen het, beduidend meer daartoe geneig is om dit as regverdig te beskou dat 'n man huishoudelike take moet verrig (skaal X2) en by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees (skaal X4), as wat dit die geval met mans is wie se vaders ander tipes beroepe beoefen het.

Ook blyk dit dat hierdie mans wie se vaders bestuurs/professionele beroepe beoefen het, beduidend meer feministies georiënteerd is (skaal X8), as wat dit die geval met mans is wie se vaders in ander beroepskategorieë geval het.

Hierteenoor is dit opvallend dat mans wie se vaders bestuurs/professionele beroepe beoefen het egter beduidend die *minste* daartoe geneig is om in terme van hul werklike gedrag by die verrigting van huishoudelike take betrokke te wees (skaal X1), terwyl mans wie se vaders ambagte beoefen het, die meeste by die verrigting van hierdie take betrokke is.

Wat die **man se persepsie van hoe dikwels sy vader/stiefvader aan die voorbereiding van voedsel deelgeneem het en hoe dikwels hy huishoudelike take verrig het**, betref, blyk dit dat dit positiewe (hoewel lae) korrelasies met die twee skale rakende die man se werklike betrokkenheid by die verrigting van huishoudelike en kinderversorgingstake, toon. Dit wil dus sê dat hoe meer die man se vader by die voorbereiding van voedsel en die verrigting van huishoudelike take betrokke was, hoe meer is die man self ook geneig om by die verrigting van huishoudelike take betrokke te wees (skaal X1) en om vaderbetrokkenheid te toon (skaal X3). Dit blyk dus, soos ook in die geval van die navorsing van Beer (1983:43) en Russell (1986:35), dat 'n hoë mate van vaderbetrokkenheid en betrokkenheid by huishoudelike take verband hou met die man se nastrewing van sy eie vader se nie-tradisionele betrokkenheid by die take wat tradisioneel met die domein van die vrou-moeder geassosieer word.

Die man se persepsie van hoe dikwels sy vader/stiefvader by die versorging van die kinders betrokke was hou met vier van die gesinsverwante skale verband. So blyk dit dat hoe meer die man se vader by die versorging van die kinders betrokke was, hoe meer is hy self geneig om by die verrigting van huishoudelike take betrokke te wees (skaal X1); om vaderbetrokkenheid te toon (skaal X3); om dit as regverdig te beskou dat 'n man huishoudelike take moet verrig (skaal X2); en om feministies georiënteerd te wees (skaal X8). Die man se persepsie van die feit dat sy vader en nie net sy moeder nie by die versorging van die kinders betrokke was en die wyse waarop dit verband hou met die man se nie-tradisionele rolgedrag in die gesin, sluit by die rolmodelleringsteorie aan, in soverre die man sy vader se nie-tradisionele uitlewing van die vaderskapsrol, wat beide instrumentele maar veral ook ekspressiewe kwaliteite insluit, navolg.

Wanneer hierdie veranderlikes ten opsigte van die gesin van oriëntasie oorkoepelend in oënskou geneem word, is dit duidelik dat beide die man se vader, maar veral sy moeder se beroepsdeelname en -kategorie 'n belangrike rol ten opsigte van sy tellings op die verskillende gesinsverwante skale speel. Dit staan in teenstelling met Smit (1996:388) se navorsing ten opsigte van die werkende getroude vrou in die dubbelinkomstegesin, waar daar *geen* beduidende verhoudings tussen onderskeidelik die vrou se ouers se beroepsdeelname en hul tipe beroepe en die vrou se tellings op die gesinsverwante skale gevind kon word nie.

(vi) Die bevindinge ten opsigte van die algemene gegewens en die skale

In tabel 9.7.1(vi) word 'n oorsig gebied van die korrelasies/verskille wat tussen die veranderlikes ten opsigte van die algemene gegewens en die verskillende skale, voorkom.

Tabel 9.7.1(vi): Die verbande/verskille tussen die veranderlikes ten opsigte van die algemene gegewens en die skale

Biografiese Veranderlikes	X1 Huis- take	X2 Reg: Huis	X3 Vader- betrok.	X4 Reg: Kind.sorg	X5 Emos. werk	X6 Verbint. Huwelik	X7 Huweliks- integrasie	X8 Feminis. Oriëntasie
Algemene gegewens								
Aard van huishulp	**		**					
Ander persoon: Hulp met kinders								
Beeld van ideale gesin	*	**	*	**	**	**	**	**
Afhanklikheid van vrou se inkomste	**	**						

Wat die hipoteses ten opsigte van die algemene gegewens en die tellings op die onderskeie skale betref, is daar enkele interessante aspekte wat na vore tree. Die eerste opvallende veralgemening wat gemaak kan word, is dat daar slegs beduidende verskille tussen die aard van die **indiensneming van 'n huishulp** en die man se persepsie van sy **werklike** verrigting van huishoudelike take (skaal X1) en die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X2), bestaan. Ten opsigte hiervan blyk dit dat mans wat hulself in huishoudings bevind waar daar van die dienste van 'n voltydse huishulp wat elders woon gebruik gemaak word, beduidend *minder* by die verrigting van huishoudelike take betrokke is (skaal X1) en in 'n *mindere* mate vaderbetrokkenheid toon (skaal X3), as wat dit die geval met mans is waar die huishouding van ander vorme van huishulpindiensneming gebruik maak.

Hierteenoor is mans in huishoudings wat in die algemeen minder van die dienste van 'n huishulp gebruik maak, byvoorbeeld in die geval waar daar slegs per geleentheid van die dienste van 'n huishulp gebruik gemaak word *meer* geneig om 'n bydrae tot die verrigting van huishoudelike take te lewer, en in die geval van die gebruikmaking van 'n deeltydse inwonende huishulp, *meer* geneig om vaderbetrokkenheid te toon, as wat dit die geval met mans in huishoudings is waar daar tot 'n

groter mate van die dienste van 'n huishulp gebruik gemaak word. Dit is waarskynlik toe te skryf aan die feit dat, soos ook in die werk van Lewis (1992:10) blyk, 'n voltydse huishulp nie net die las ten opsigte van die huishoudelike take vir die dubbelinkomste-egpaar verlig nie, maar dat hierdie persoon dalk ook by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke mag wees. Hierdie bevinding moet ook teen die agtergrond van die relatiewe hoë beskikbaarheid van betaalde huishulp in Suid-Afrika gesien word (Friguglietti, 1989:33; T.U.R.P., 1994:63).

Afgesien van die gebruikmaking van die dienste van 'n huishulp, bestaan daar geen verbande/verskille tussen die **teenwoordigheid, al dan nie, van 'n ander persoon in die huishouding wat met die versorging van die kinders behulpsaam is** en die tien skale nie. Hierdie bevinding staan in teenstelling met die werk van Krausz (1986:462) wat dit beklemtoon dat die hulp wat die egpaar se sosiale netwerk, soos byvoorbeeld grootouers en vriende, ten opsigte van veral kinderversorging verleen 'n belangrike rol speel in die mate waartoe die man 'n meer gelyke rolverhouding in die huwelik tot stand sal bring. Hierdie hulpverlening verlig nie net die dubbelinkomste-egpaar se moontlike ervaring van oorbelading nie, maar kan ook volgens Lewis en Spanier (1979:280) en Lamb (1995:33) op 'n indirekte wyse tot 'n toename in die egpaar se ervaring van huwelikskwaliteit aanleiding gee. Soos uit die huidige studie blyk, is hierdie toedrag van sake egter nie noodwendig die geval nie.

Anders as in die geval van Smit (1996:337) se navorsing ten opsigte van die vrou-moeder in die dubbelinkomstegesin waar die vrou se beeld van die ideale gesin *geen* beduidende rol ten opsigte van die tellings op die verskillende gesinsverwante skale soos onder andere haar ervaring van huweliksintegrasie en haar verbintenis tot groei in die huwelik, gespeel het nie, blyk dit in die huidige studie dat die *man* se **beeld van die ideale gesin** wel 'n belangrike veranderlike is. Dit is byvoorbeeld duidelik dat dit telkens die respondente is wat die **egalitêre gesin** as ideale gesin voorhou wat nie alleen beduidend meer by die verrigting van huishoudelike take betrokke is nie (skaal X1), maar wat dit ook as hoogs regverdig beskou dat daar van 'n man verwag kan word om hierdie huishoudelike take te moet uitvoer (skaal X2). Ook is hierdie mans beduidend meer daartoe geneig om 'n hoë mate van vaderbetrokkenheid te toon (skaal X3) en terselfdertyd dit as regverdig

te beskou dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees (skaal X4), as wat dit die geval met mans is wat die tradisionele of gewysigde tradisionele gesin as ideale gesin voorhou. Wat verder opvallend is, is dat mans wat die egalitêre gesin as beeld van die ideale gesin beskou, ook geneig is om meer emosionele werk in die huwelik te verrig (skaal X5), meer tot groei in die huwelik verbind te wees (skaal X6), meer huweliksintegrasie te ervaar (skaal X7) en om meer feministies georiënteerd te wees (skaal X8), as wat dit die geval met mans is wat die tradisionele of die gewysigde tradisionele gesin as ideale gesin voorhou.

Dit wil dus voorkom dat die man se meer egalitêre geslagsroloriëntasie binne die konteks van die egtelike verhouding en sy nastrewing van die egalitêre gesin, of eweknie-huwelik soos Schwartz (1994) dit stel, duidelike positiewe implikasies nie net vir sy werklike rolgedrag in die huwelik en gesin inhou nie, maar dat dit ook positief op sy ervaring van die huweliksverhouding kan inwerk. Dit sluit by die siening van Blaisure en Allen (1995:16) en Schneir (1994:101) aan wat van mening is dat hierdie mans wat die huweliksverhouding in terme van kameraderie en 'n gelyke vennootskap definieer, hul huwelike gewoonlik ook as meer positief beleef as wat dit die geval met mans is wat 'n meer tradisionele siening van die huwelik- en gesinslewe handhaaf.

Wat die mate waartoe die **gesin van die vrou se inkomste afhanklik** is betref, is dit opsigtelik dat hierdie veranderlike slegs 'n beduidende rol speel ten opsigte van die twee skale wat met die huishoudelike take verband hou. In hierdie opsig blyk dit dat respondente wie se gesinne in 'n baie groot mate van die vrou se inkomste afhanklik is, beduidend *meer* by die verrigting van huishoudelike take betrokke is (skaal X1) as wat dit die geval met mans is wie se gesinne in 'n mindere mate van die vrou se inkomste in terme van die gesinsbegroting afhanklik is. Hiermee saam blyk dit dat mans wie se gesinne in geen mate van die vrou se inkomste afhanklik is nie, beduidend minder daartoe geneig is om dit as regverdig te beskou dat 'n man huishoudelike take moet verrig, wanneer daar geen huishulp beskikbaar is nie (skaal X2), as wat dit die geval met mans is wie se gesinne in 'n groot of baie groot mate van die vrou se inkomste afhanklik is. Hierdie toedrag van sake is waarskynlik daaraan toe te skryf dat die vrou, weens die gesin se afhanklikheid van haar

beroepsverwante inkomste, oor 'n groter bedingingsmag op grond van Blood en Wolfe (1960) se beheer-oor-bronne-teorie en Heer (1963) se ruilingsteorie, beskik.

In die voorafgaande bespreking is die biografiese veranderlikes as vertrekpunt geneem ten einde 'n oorsig te bied van die verbande/verskille wat tussen die biografiese veranderlikes en die *gesinsverwante skale* bestaan. Om 'n oorkoepelende beeld van hierdie verbande/verskille te bied, is dit ook nodig om die *gesinsverwante skale* as vertrekpunt in die bespreking te neem. Twee gesinsverwante skale kom veral hier ter sprake, naamlik die mate waartoe die man vaderbetrokkenheid toon (skaal X3) en die man se ervaring van huweliksintegrasie (skaal X7).

9.7.2 Die skale oorkoepelend: Die verbande/verskille tussen die biografiese veranderlikes en vaderbetrokkenheid en huweliksintegrasie

Ten spyte van die feit dat die werkende getroude vrou steeds die swaarste lading in terme van die verrigting van kinderversorgingstake dra (Googins, 1991:116), is navorsers soos Volling en Belsky (1991:472) en Glass (1998:822) dit eens dat die man in veral die dubbelinkomstegesin toenemend meer by die daaglikse versorging van die kinders betrokke begin raak het. Op grond van die respondente se tellings op skaal X3 - die man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon - blyk dit ook ten opsigte van die huidige studie dat meer as die helfte (54.2%) van die respondente se tellings hoër as die skaalmiddelpunt gelê het, wat beteken dat dit hulle persepsie was dat hulle 'n matige tot hoë vlak van vaderbetrokkenheid toon. Wanneer die biografiese omstandighede waaronder die man meer daartoe geneig sal wees om 'n groter mate van vaderbetrokkenheid te toon, ondersoek word, is dit egter opvallend dat daar betreklik min verbande/verskille tussen die **man se persepsie van die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon** (skaal X3) en die biografiese veranderlikes bestaan.

Daar bestaan byvoorbeeld geen verbande/verskille tussen die mate waartoe die man vaderbetrokkenheid toon en enige van die veranderlikes rakende die man se persoonlike gegewens nie. Dit is veral opvallend dat daar geen korrelasie tussen die man se ouderdom by die geboorte van

sy eerste kind en die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon, bestaan nie. In teenstelling hiermee beklemtoon Cooney *et al* (1993:213) dat, binne die konteks van die "vroeë" versus "laat" vaderskap-debat, dit veral mans is wat as "laat" vaders gedefinieer kan word wat meer daartoe geneig sal wees om by die versorging en opvoeding van die kinders betrokke te wees.

Ook wat die opvoedkundige kwalifikasie van die man-vader betref is navorsers soos Erickson en Gecas (1991:121) dit eens dat hoe hoër die man se opvoedkundige peil is, hoe meer sal hy nie net in die algemeen by sy kinders betrokke wees nie, maar sal hy ook meer koesterende kwaliteite in sy gedrag as vader laat manifesteer. Cooney *et al* (1993:212) is in hierdie opsig van mening dat mans met hoër opvoedkundige kwalifikasies gewoonlik ook meer aan inligting blootgestel word wat die positiewe invloed van 'n meer intense vaderbetrokkenheid ten opsigte van die welsyn van die kind beklemtoon. Wat die huidige studie egter betref, blyk dit dat die aard van die man se opvoedkundige kwalifikasie geen beduidende rol in die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon, speel nie.

Daar bestaan verder ook geen beduidende verbande/verskille tussen vaderbetrokkenheid en die gegewens ten opsigte van die egpaar se kinders nie. Russell (1986:34) en Nickel en Köcher (1987:107) het egter in hul onderskeie studies gevind dat die aantal kinders in die gesin juis 'n belangrike veranderlike is, in soverre dit duidelik is dat hoe minder kinders daar in die huishouding is, hoe meer sal die vader geneig wees om by die kinders betrokke te wees.

Russell (1986:34) en Aldous *et al* (1998:818) is verder onderskeidelik van mening dat, wat die man se eggenote betref, die man wie se vrou 'n meer professionele beroep beoefen en wie se vrou meer ure aan beroepsverwante aktiwiteite spandeer, geneig sal wees om 'n groter mate van vaderbetrokkenheid te openbaar. In die huidige studie is dit egter duidelik dat daar *geen* verbande/verskille tussen die mate waartoe die man vaderbetrokkenheid toon en enige van die veranderlikes ten opsigte van die man se eggenote, insluitende haar beroepskategorie en die gemiddelde aantal ure wat sy beroepswerksaam is, bestaan nie.

Daar bestaan verder wel verbande/verskille tussen die mate waartoe die man vaderbetrokkenheid toon en sekere van die veranderlikes ten opsigte van die man se beroep. Dit is in soverre mans wat minder werksdae per week beroepswerksaam is, minder ure per dag by die werk deurbring, meer ure per werksdag aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is en wat van kraamverlof vir vaders gebruik sal maak, *meer* daartoe geneig sal wees om vaderbetrokkenheid te toon, as wat dit die geval met mans is wat meer dae per week en meer ure per dag beroepswerksaam is, minder ure tuis aan beroepsverwante werk afstaan en wat nie van kraamverlof gebruik sal maak nie. Dit wil dus voorkom dat mans wat, hoewel dalk in die algemeen baie ure aan beroepsverwante aspekte afstaan, maar wat hul tydskedule so organiseer dat minder tyd by die werk en meer tyd by die huis aan beroepsverwante werk afgestaan word, meer geleentheid tot hul beskikking het om wel by die versorging en opvoeding van die kinders betrokke te wees.

Verder wat die veranderlikes ten opsigte van die man se gesin van oriëntasie betref, blyk dit dat mans wie se vaders dikwels by die voorbereiding van voedsel, die verrigting van huishoudelike take en die versorging van die kinders betrokke was, geneig is om 'n hoë mate van vaderbetrokkenheid te toon. Dit wil dus blyk dat, soos ook in die geval van die studies van beide Beer (1983:44) en Russell (1986:34), die man se hoë mate van vaderbetrokkenheid verband hou met die mate waartoe hy sy eie vader se voorbeeld ten opsigte van die inkorporering van tradisioneel vroulike gesinstake by sy rol as eggenoot en vader, navolg.

Die enigste twee algemene biografiese veranderlikes wat verband hou met die respondente se verskille ten opsigte van die mate waartoe hulle vaderbetrokkenheid toon, is die aard van die indiënsneming van 'n huishulp en die man se beeld van die ideal gesin. Ten opsigte hiervan blyk dit dat mans wat hulself in huishoudings bevind waar daar van die dienste van 'n deelyds inwonende huishulp gebruik gemaak word en mans wat die egalitêre gesin as die ideale gesin voorhou, 'n statisties beduidend hoër mate van vaderbetrokkenheid toon, as wat dit die geval met mans in huishoudings is wat van ander vorme van huishulpindiënsneming gebruik maak en wat die tradisionele of gewysigde tradisionele gesin as ideale gesin beskou.

Die feit dat daar geen verbande/verskille tussen die mate waartoe die man vaderbetrokkenheid toon (skaal X3) en soveel van die ander biografiese veranderlikes bestaan nie, mag dalk verband hou met die moontlikheid dat die kultuur van die "nuwe" vaderskap en die beeld van generatiewe vaderbetrokkenheid, soos dit deur Dollahite *et al* (1997:18) gedefinieer word, al reeds in 'n groot mate deur baie mans geïnternaliseer is. Dit beteken dus dat ongeag die aard van biografiese veranderlikes soos onder andere die man se ouderdom, huistaal, opvoedkundige kwalifikasies en die geslag van sy kind/ers, die respondente dieselfde mate van vaderbetrokkenheid openbaar.

Benewens die patrone wat ten opsigte van die verbande/verskille wat tussen die man se vaderbetrokkenheid en die biografiese veranderlikes bestaan, na vore tree, kan enkele interessante aspekte ten opsigte van die verbande/verskille tussen die biografiese veranderlikes en die hoofveranderlike in hierdie studie, naamlik die **man se ervaring van huweliksintegrasië** (skaal X7) opgemerk word.


Dit is weereens opvallend dat daar slegs enkele verbande/verskille tussen hierdie skaal en die man se biografiese veranderlikes bestaan. Dit wil voorkom dat mans wat oor 'n nagraadse kwalifikasie beskik, ouer by die geboorte van hul (eie) eerste kind was, 'n semi-professionele beroep beoefen, wel van kraamverlof vir vaders gebruik sal maak, wie se moeders voltydse beroepsposisies beklee het en wat die egalitêre gesin as ideale gesin voorhou, 'n beduidende hoër mate van huweliksintegrasië ervaar, as wat dit die geval met mans in ander van die relevante kategorieë is.

Verder, in die lig van die stremmingsoordragmodel ten opsigte van die stremming wat veral vanaf die beroep- na die gesinsfeer oorspoel (Paden en Buehler, 1995:101), word die negatiewe verband tussen die man se lang werksure en die ervaring van huwelikskwaliteit beklemtoon (Brayfield, 1995:323; Gelles, 1995:334). Wat die huidige studie egter betref bestaan daar *geen* verbande tussen enige van die veranderlikes wat met die man se gemiddelde aantal werksure te make het en die man se ervaring van huweliksintegrasië nie.

Die feit dat daar geen verbande/verskille tussen die man se ervaring van huweliksintegrasië (skaal X7) en so baie van die man se biografiese veranderlikes bestaan nie, hou dalk verband met die moontlikheid dat die man se ervaring van huweliksintegrasië veel meer met die man se houdingsingesteldheid ten opsigte van sy rol as eggenoot/vader en die huwelik in die algemeen te make het, as wat dit die geval met bepaalde biografiese veranderlikes is. Hierdie verband kom ter sprake wanneer skaal X7 - die man se ervaring van huweliksintegrasië - met die ander gesinsverwante skale geïnterkorreleer word. In die volgende afdeling sal daar onder andere hieraan aandag gegee word.

9.7.3 Verbande/verskille tussen die skale onderling

Die hipoteses rakende die verbande tussen die onderskeie skale is aan die hand van Pearson se produkmomentkorrelasiëkoëffisiënt bereken. Op grond hiervan kan 'n interkorrelasiëmatraks saamgestel word, wat in tabel 9.7.3 weergegee word.



Tabel 9.7.3: Pearson se produktemomentkorrelasiekoëffisiënt: Verbande tussen die skale onderling

SKALE	X1 Huis. take	X2 Reg: Huis	X3 Vader- betrok.	X4 Reg: Kind.sorg	X5 Emos. werk	X6 Verbint. Huwelik	X7 Huweliks- integrasië	X8 Feminis. Oriëntasie	X9 Beroeps- betrok.
Skaal X1 Verrigting van huishoudelike take									
Skaal X2 Regverdigheid: huishoudelike take	.r 0.401 P= 0.000 **								
Skaal X3 Vaderbetrokkenheid	.r 0.545 P= 0.000 **	.r=0.335 P=0.000 **							
Skaal X4 Regverdigheid: Versorging van kinders	.r=0.236 P 0.000 **	.r=0.689 P 0.000 **	.r=0.446 P 0.000 **						
Skaal X5 Emosionele werk	.r=0.323 P=0.000 **	.r=0.482 P=0.000 **	.r=0.507 P=0.000 **	.r=0.609 P=0.000 **					
Skaal X6 Verbintenis tot groei in huwelik	.r=0.219 P=0.000 **	.r=0.423 P=0.000 **	.r=0.401 P=0.000 **	.r=0.555 P=0.000 **	.r=0.821 P=0.000 **				
Skaal X7 Huweliksintegrasië	.r=0.309 P=0.000 **	.r=0.402 P=0.000 **	.r=0.431 P=0.000 **	.r=0.533 P=0.000 **	.r=0.821 P=0.000 **	.r=0.803 P=0.000 **			
Skaal X8 Feministiese oriëntasie	.r=0.309 P=0.000 **	.r=0.625 P=0.000 **	.r=0.431 P=0.000 **	.r=0.719 P=0.000 **	.r=0.748 P=0.000 **	.r=0.717 P=0.000 **	.r=0.687 P=0.000 **		
Skaal X9 Beroepsbetrokkenheid	.r=0.013 P=0.802	.r=0.333 P=0.000 **	.r=0.234 P=0.000 **	.r=0.458 P=0.000 **	.r=0.413 P=0.000 **	.r=0.443 P=0.000 **	.r=0.441 P=0.000 **	.r=0.504 P=0.000 **	
Skaal X10 Beroepsverwante stres	.r=-0.006 P=0.909	.r=0.041 P=0.412	.r=-0.083 P=0.099	.r=-0.111 P=0.027 *	.r=-0.152 P=0.002 **	.r=-0.116 P=0.021 *	.r=-0.228 P=0.000 **	.r=-0.123 P=0.014 *	.r=-0.205 P=0.000 **

Wanneer die interkorrelasie-matriks oorkoepelend beskou word, kan 'n aantal relevante patrone uitgelig word, wat aan die hand van drie groeperings van patrone aangebied kan word. Die eerste groepering fokus op die patrone ten opsigte van die skale wat met die meer huishoudelike aangeleenthede verband hou. Die tweede groepering plaas die klem op die patrone rakende die meer abstrakte gesinsverwante skale, terwyl die derde groepering aandag skenk aan die patrone ten opsigte van hierdie meer abstrakte skale en die skale wat met die huishoudelike aangeleenthede verband hou.

Betreffende die eerste groepering van **patrone ten opsigte van die skale wat met die meer huishoudelike aangeleenthede verband hou**, kan die volgende aantal aspekte uitgelig word. Ten opsigte van die korrelasie tussen die twee veranderlikes wat met die man se *werklike* gedrag verband hou - waar daar 'n relatiewe sterk verband tussen die man se verrigting van huishoudelike take (skaal X1) en die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3) bestaan - is dit duidelik dat hierdie korrelasie hoër is as in die gevalle waar die veranderlikes ten opsigte van die man se werklike rolgedrag met die regverdigheidsveranderlikes gekorreleer word. Hierdie verband beteken dus dat hoe meer die man by die verrigting van huishoudelike take betrokke is, hoe meer is hy ook geneig om vaderbetrokkenheid te toon. Dit stem dan ook met die werk van Smit (1996:399) ten opsigte van die *vrou* se persepsie van haar man se rolgedrag ooreen, naamlik dat hoe hoër haar persepsie van haar man se verrigting van huishoudelike take is, hoe hoër is ook haar persepsie van sy betrokkenheid by die kinders.

Wat die korrelasies tussen hierdie vier gesinsverwante veranderlikes betref, is dit opvallend dat die hoogste korrelasie tussen die twee regverdigheidsveranderlikes bestaan, naamlik hoe hoër die man se persepsie is van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig (skaal X2), hoe hoër sal ook sy persepsie wees van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees (skaal X4).

In die lig van die verbande wat tussen hierdie vier gesinsverwante veranderlikes bestaan, tree die volgende vraag na vore: In welke mate bestaan daar by mans 'n sterker/swakker persepsie van die

regverdigheid dat hulle by die verrigting van huishoudelike en kinderversorgingstake betrokke moet wees, as wat dit met hul persepsie van hul *werklike* gedrag ten opsigte van hierdie take die geval is? - of anders gestel, is die tellings op die skale wat regverdigheid meet beduidend hoër/laer as die tellings op die skale wat die werklike gedrag van die mans meet?

Aan die hand van die gebruikmaking van t-toetse was dit moontlik om meer lig op die bostaande vraag te werp. Hieruit blyk dit dat mans statisties beduidend meer daartoe geneig is om dit as *regverdig* te beskou dat 'n man by die verrigting van huishoudelike take asook by die uitvoering van kinderversorgingstake betrokke moet wees, eerder as wat hulle in terme van hul *werklike* gedrag by onderskeidelik die verrigting van huishoudelike take betrokke is en 'n betrokkenheid as vaders by hul kinders toon. Hierdie bevinding sluit dus by die werk van LaRossa (1988:451) en Daly (1995:21) aan wat dit beklemtoon dat die "kultuur" van die rol van die man - die gedeelde waardes, norme en gelowe rakende die rol van die man as eggenoot en vader - nie noodwendig met die man se werklike gedrag in passing is nie.

Dit kan egter die beskouing van die man wees dat, alhoewel hy nie fisies by die verrigting van huishoudelike en kinderversorgingstake betrokke is nie, hy dit wel as regverdig teenoor 'n man beskou om by die verrigting van hierdie take betrokke te moet wees. Sodoende stel hy homself dus bereid om, indien nodig, sy vrou in die uitvoering van hierdie take te ondersteun. Hierdie bereidwilligheid kan dus, in aansluiting by die werk van Thompson (1991:186), as 'n vorm van *emosionele werk* in die huwelik geïnterpreteer word.

Bo en behalwe die verskille wat ten opsigte van die veranderlikes rakende die werklike gedrag en die regverdigheidsveranderlikes bestaan, kan die volgende vraag gevra word: In welke mate bestaan daar **verskille** tussen die twee skale wat met die man se *werklike* rolgedrag verband hou?

Uit die navorsing blyk dit dat respondente statisties beduidend meer daartoe geneig is om vaderbetrokkenheid te toon, as wat hulle by die verrigting van huishoudelike take betrokke sal wees. Dit stem ooreen met die werk van beide Gilbert (1985:106) en Maconachie (1990:173) wat meen

dat getroude mans gewoonlik eerder met die versorging van die kinders behulpsaam is, as wat hulle by die verrigting van huishoudelike take betrokke is. Dit wil dus blyk dat daar moontlik 'n groter geslagsgaping ten opsigte van die allokering van huishoudelike take in die huishouding bestaan as wat dit die geval met die allokering van kinderversorgingstake is. Dit kan ook in die lig van die beskikbaarheid van die dienste van 'n huishulp beteken dat die verrigting van huishoudelike take na die huishulp gedelegeer word, terwyl die ouers eerder op die versorging van die kinders konsentreer.

Afgesien van die verskille wat tussen die twee veranderlikes ten opsigte van die man se werklike gedrag bestaan, bestaan daar ook **verskille** tussen die twee regverdigheidsveranderlikes, naamlik dat mans beduidend meer daartoe geneig is om dit as regverdig te beskou dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, as wat hulle geneig is om dit as regverdig te beskou dat hy by die verrigting van huishoudelike take betrokke moet wees. Dit wil dus voorkom dat mans hul moontlike betrokkenheid by die versorging van hul kinders as meer verenigbaar met hul selfidentiteit van manlikheid beskou, as wat dit die geval met hul moontlike bydrae tot die verrigting van huishoudelike take is. Hierdie mans het dus, ten minste in beginsel, 'n vorm van die nie-tradisionele geslagsroloriëntasie geïnternaliseer, ten spyte van die feit dat hulle betrokkenheid nie noodwendig ten opsigte van al die fasette van huishoudelike en kinderversorgingsverpligtinge in hul gedrag manifesteer nie. Hierdie nie-tradisionele geslagsroloriëntasie sluit ook by die kultuur van die *nuwe vaderskap* en *nuwe manlikheid* aan (Doherty, 1997:225; Daphne, 1998:27).

Oorkoepelend wat die bespreking van die eerste groepering van veranderlikes betref, wil dit dus blyk dat daar nie net positiewe *verbande* tussen die eerste vier gesinsverwante veranderlikes bestaan nie, maar dat daar ook bepaalde patrone ten opsigte van die *verskille* wat tussen die skaaltellings van die respondente ten opsigte van hierdie veranderlikes bestaan, na vore tree.

Betreffende die tweede groepering van **patrone rakende die meer abstrakte gesinsverwante skale**, kan die volgende aantal aspekte uitgelig word. Dit is byvoorbeeld veral duidelik dat hierdie vier gesinsverwante veranderlikes sterk tot baie sterk onderling met mekaar korreleer, wat as

aanduiding dien van die besondere hoë samehang wat tussen die man se verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5), sy verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6), sy ervaring van huweliksintegrasie (skaal X7) en die mate waartoe hy feministies georiënteerd is (skaal X8), bestaan.

Dit is opvallend dat daar 'n besondere hoë verband bestaan tussen die man se verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5) en sy verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6). Hierdie verband dui op 'n bepaalde houdingsingesteldheid ten opsigte van die huwelik. Dit dui dus daarop dat die man wat 'n langtermynperspektief op die handhawing van die huwelik as permanente, eksklusiewe verhouding het en 'n betrokkenheid by die uitbouing van die huweliksverhouding toon (om die woorde van De Waal (1990:35) te gebruik), in 'n hoë mate ook geneig sal wees om emosionele werk in die huwelik te verrig ten einde sy eggenote se emosionele welsyn te bevorder.

Hierdie twee gesinsverwante veranderlikes wat met 'n houdingsingesteldheid ten opsigte van die huweliksverhouding te make het, toon ook baie sterk positiewe verbande met 'n veranderlike wat op die man se algemene houdingsingesteldheid ten opsigte van die vrou se posisie in die huwelik, werkplek en die samelewing in den brede fokus, naamlik die man se feministiese oriëntasie. Hieruit blyk dit dat mans wat 'n hoë feministiese oriëntasie toon (skaal X8) ook daartoe geneig is om 'n hoë mate van emosionele werk in die huwelik te verrig (skaal X5) en om in 'n hoë mate tot groei in die huwelik verbind te wees (skaal X6).

Al drie hierdie bogenoemde veranderlikes toon ook beduidende sterk positiewe korrelasies met die hoofveranderlike in hierdie studie, naamlik die man se ervaring van huweliksintegrasie (skaal X7). So blyk dit dat die man se verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5) besonder sterk met sy ervaring van huweliksintegrasie (skaal X7) korreleer. Hierdie bevinding ten opsigte van die belewenis van die man in die dubbelinkomstegesin binne die Suid-Afrikaanse konteks sluit dus by die werk van Vannoy en Philliber (1992:395) en Erickson (1993:888) aan wat aandui dat die man se aktiewe, rasonale poging om emosionele werk in die huwelik te verrig, positief op sy ervaring van

huwelikskwaliteit kan inwerk. Sekaran (1986:37) toon in hierdie verband aan dat die man wat 'n groter mate van emosionele steun in die huwelik bied, gewoonlik meer klem op affektiwiteit, eerder as op mag en dominansie in die gesin plaas, wat derhalwe die ervaring van huwelikskwaliteit kan verhoog.

So bestaan daar ook 'n baie sterk korrelasie tussen die man se verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6) en sy ervaring van huweliksintegrasie (skaal X7). Hierdie hoë korrelasie bevestig die belangrikheid van die man se verbintenis tot groei in die huwelik - die mate van inspanning om die huwelik "te laat werk" - as veranderlike in die bepaling van die mate waartoe huwelikskwaliteit en -integrasie ervaar sal word (Gelles, 1995:242; Johnson *et al*, 1999:173). Wanneer in ag geneem word dat daar in die studie van Smit (1996:399) ook 'n positiewe korrelasie tussen die vrou se verbintenis tot groei in die huwelik en haar ervaring van huweliksintegrasie bestaan, kan die afleiding gemaak word dat die egpaar se verbintenis tot groei in die huwelik 'n sentrale rol speel in die mate waartoe die egliede die huwelik as suksesvol en genotvol, al dan nie, beleef.

Op grond van die relatiewe sterk verband wat tussen die man se feministiese oriëntasie (skaal X8) en sy ervaring van huweliksintegrasie (skaal X7) bestaan, blyk dit dat die man se feministiese oriëntasie, met ander woorde die handhawing van 'n meer egalitêre geslagloriëntasie, 'n belangrike rol in die uitbouing van 'n suksesvolle dubbelinkomstehuwelik speel. Dit sluit by die Amerikaanse bevindinge van Blaisure en Allen (1995:16) aan wat aandui dat mans wat die manifestering van die feministiese waardes in die huwelik nastreef, nie net hul huwelike as meer positief beleef nie, maar dat hulle ook 'n feministiese oriëntasie as 'n kritieke komponent in die bevordering van huwelikskwaliteit beskou. Gerson (1993:254) en Piña en Bengtson (1993:910) beklemtoon in hierdie verband dat die man verby die siening van die man as bloot 'n hulpverlener in huishoudelike en kinderversorgingstaakverrigting moet beweeg en eerder die egalitêre rolbeskouing sy eie moet maak ten einde die ervaring van huwelikskwaliteit te verhoog.

Betreffende die derde groepering van **patrone ten opsigte van die meer abstrakte skale en die skale wat met die huishoudelike aangeleenthede verband hou**, kan die volgende aantal

interessante aspekte geïdentifiseer word. In die eerste plek is dit duidelik dat die twee veranderlikes wat met die man se *werklike* gedrag verband hou, positief met al vier die meer abstrakte gesinsverwante veranderlikes korreleer. So blyk dit byvoorbeeld dat hoe meer die man by die werklike verrigting van huishoudelike take betrokke is (skaal X1), hoe meer is hy ook daartoe geneig om emosionele werk in die huwelik te verrig (skaal X5), 'n verbintenis tot groei in die huwelik te toon (skaal X6) en om feministies georiënteerd te wees (skaal X8). Hierdie positiewe verband tussen die man se verrigting van huishoudelike take en sy feministiese oriëntasie, sluit by die werk van Greenstein (1996:585) en Glass (1998:823) aan wat dit beklemtoon dat 'n man wat 'n meer egalitêre geslagsroloriëntasie handhaaf, gewoonlik ook daartoe geneig is om in 'n groter mate by die uitvoering van huishoudelike take betrokke te wees.

Daar bestaan ook 'n positiewe korrelasie tussen die man se verrigting van huishoudelike take en sy ervaring van huweliksintegrasie (skaal X7). Volgens Beer (1983:89) en Perry-Jenkins en Folk (1994:166) is mans van mening dat hulle, weens hul groter bydrae tot huishoudelike taakverrigting, nie alleen 'n beter begrip vir die probleme rakende die huishouding ontwikkel nie, maar dat hulle ook hul huwelikslewe meer positief beleef.

In vergelyking met die korrelasies tussen die man se verrigting van huishoudelike take (skaal X1) en die meer abstrakte gesinsverwante veranderlikes, is dit opvallend dat, wanneer die fokus op die korrelasies tussen die man se werklike gedrag ten opsigte van sy betrokkenheid as vader by sy kinders (skaal X3) en die ander gesinsverwante veranderlikes geplaas word, hierdie korrelasies sterker van aard is. So blyk dit dat hoe hoër die mate is waartoe die man vaderbetrokkenheid toon (skaal X3), hoe meer is hy ook daartoe geneig om emosionele werk in die huwelik te verrig (skaal X5), 'n verbintenis tot groei in die huwelik te toon (skaal X6) en om feministies georiënteerd te wees (skaal X8).

Daar bestaan ook 'n positiewe korrelasie tussen die mate waartoe die man vaderbetrokkenheid toon (skaal X3) en sy ervaring van huweliksintegrasie (skaal X7). Dit staan in lyn met die werk van

onder andere Pruett (1993:49) en Kalmijn (1999:409) wat dit eens is dat 'n hoë mate van vaderbetrokkenheid met 'n verhoogde ervaring van huweliksatisfaksie verband hou.

Wanneer die regverdigheidsveranderlikes met die meer abstrakte gesinsverwante veranderlikes gekorreleer word, blyk dit dat die korrelasies sterker is as dié waar die veranderlikes ten opsigte van die man se werklike gedrag met die betrokke gesinsverwante veranderlikes gekorreleer word.

Dit is byvoorbeeld duidelik dat daar 'n positiewe verband tussen die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig (skaal X4) en sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5), sy verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6) en die mate waartoe hy feministies georiënteerd is (skaal X8), bestaan. Die positiewe korrelasie tussen die regverdigheidskaal en die man se feministiese oriëntasie, vind weerklank by die werk van onder andere Pittman en Blanchard (1996:88) en Glass (1998:823) wat aandui dat mans met 'n egalitêre geslagsroloriëntasie ook 'n meer gelyke allokering van huishoudelike take tussen die egliede sal voorstaan.

Die bestaan van die positiewe verband tussen die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig (skaal X4) en sy ervaring van huweliksintegrasie (skaal X7), sluit by die werk van Perry-Jenkins en Folk (1994:167) en Wilkie *et al* (1998:577) aan, naamlik dat die egpaar se ervaring van huweliksatisfaksie beïnvloed kan word deur die mate waartoe die egliede die allokering van taakverpligtinge as regverdig, al dan nie, beskou.

Weereens, soos in die geval van die man se werklike gedrag waar die man se betrokkenheid as vader by sy kinders (skaal X3), eerder as sy verrigting van huishoudelike take (skaal X1), sterker met die abstrakte gesinsverwante veranderlikes gekorreleer het, is dit duidelik dat die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees (skaal X4) ook sterker met die ander gesinsverwante veranderlikes korreleer, as wat dit die geval met die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig (skaal X2) is. So blyk dit dat hoe meer die man dit as regverdig beskou dat 'n man by

kinderversorgingsaktiwiteit betrokke moet wees (skaal X4), hoe meer is hy ook daartoe geneig om emosionele werk in die huwelik te verrig (skaal X5), 'n verbintenis tot groei in die huwelik te toon (skaal X6), huweliksintegrasië te ervaar (skaal X7) en om feministies georiënteerd te wees (skaal X8).

Daar bestaan sterk positiewe verbande tussen die twee *regverdigheidsveranderlikes*, naamlik die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig (skaal X2) en by kinderversorgingsaktiwiteit betrokke moet wees (skaal X4) en die mate waartoe die man feministies georiënteerd is (skaal X8). Dit wil dus sê dat hoe hoër die man se feministiese oriëntasie is, hoe meer is hy geneig om dit as regverdig te beskou dat 'n man huishoudelike take moet verrig asook by kinderversorgingsaktiwiteit betrokke moet wees. Hierdie aanvaarding dat huishoudelike en kinderversorgingstake wat tradisioneel met die gesinsrol van die *vrou* geassosieer is, as verenigbaar met die man se selfidentiteit van manlikheid en sy rol as eggenoot en vader beskou kan word, hou dus direk met die man se feministiese oriëntasie verband.

Verder wat hierdie twee *regverdigheidsveranderlikes* betref, is dit opvallend dat dit matig tot relatief sterk positief met die man se verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5) korreleer. Die idee dat 'n man dit as regverdig beskou dat aspekte rakende die huishouding en kinderversorging as deel van sy rolbeskrywing beskou moet word, onderskryf sy bereidwilligheid om wel by hierdie take betrokke te raak. Dit sluit sterk aan by die houdingsingesteldheid van 'n man wat 'n hoër mate van emosionele werk in die huwelik verrig. Dit wil dus voorkom dat die twee *regverdigheidsveranderlikes* deel uitmaak van emosionele werk in die huwelik, wat as 'n meer oorkoepelende veranderlike beskou kan word.

Uit die bostaande bespreking blyk dit op grond van die wyse waarop die gesinsverwante veranderlikes met mekaar interkorreleer, dat hierdie veranderlikes 'n samehang toon wat 'n hoër ervaring van huweliksintegrasië by die man tot gevolg kan hê. Dit is veral duidelik dat emosionele werk as een van die gesinsverwante veranderlikes 'n belangrike veranderlike in die ervaring van huweliksintegrasië blyk te wees. Dit is dus van belang dat daar op die man se verrigting van

emosionele werk in die huwelik gefokus moet word - veral in terme van die wyse waarop daar ooreenkomste/verskille ten opsigte van die man en sy vrou se persepsies van sy verrigting van emosionele werk, kan bestaan.

(i) *Patrone ten opsigte van die man en sy vrou se persepsies van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skale X5 en X11)*

Wanneer 'n Simbolies Interaksionistiese benadering as vertrekpunt geneem word, met die aanname dat individue verskillende persepsies en belewenisse van hul huwelikslewe kan hê, is dit belangrik dat wanneer die man se verrigting van emosionele werk ter sprake kom, beide egliede se persepsies daarvan in aanmerking geneem moet word. Om vas te stel of die man sy verrigting van emosionele werk in die huwelik op die dieselfde wyse as sy vrou beleef, is daar vir die doeleindes van hierdie studie nie net 'n skaal vir die meting van die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk (skaal X5) ontwikkel nie, maar is daar ook 'n gelykluidende skaal vir die vrou se persepsie van haar man se verrigting van emosionele werk (skaal X11) by die vraelys ingesluit.

Op grond van die gebruikmaking van Pearson se produkmomentkorrelasiekoëffisiënt ten opsigte van hierdie twee veranderlikes, was dit moontlik om vas te stel dat daar 'n sterk neiging bestaan dat hoe meer dit die man se persepsie is dat hy emosionele werk in die huwelik verrig, hoe meer is dit ook die vrou se persepsie dat haar man emosionele werk in die huwelik verrig.

'n Belangrike vraag wat hieruit voortvloei, is: In welke mate bestaan daar **verskille** tussen die tellings op die skale wat onderskeidelik die man en sy vrou se persepsies meet ten opsigte van die mate waartoe die man emosionele werk in die huwelik verrig? - of anders gestel, wie van die twee egliede, die man of sy vrou, is van mening dat die man die meeste by die verrigting van emosionele werk betrokke is?

Op grond van die gebruikmaking van 'n t-toets blyk dit dat die man 'n hoër beduidende persepsie van sy eie verrigting van emosionele werk in die huwelik het, as wat dit die geval is met die vrou se

persepsie van haar man se verrigting van emosionele werk. Dit sluit by Jessie Bernard (1982:8) se feministiese benadering aan, wat die bestaan van "die man se huwelik" en "die vrou se huwelik" - met ander woorde hul verskillende definisies van "die realiteit" van die huwelik - beklemtoon. Dus, alhoewel daar 'n sterk positiewe *verband* tussen die man en sy vrou se persepsies van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik bestaan, blyk dit dat die man op 'n beduidende vlak meen dat hy 'n groter mate van emosionele werk in die huwelik verrig as wat die vrou waarneem ten opsigte van haar man se verrigting van emosionele werk.

Weens die feit dat hierdie egpare hulself binne die konteks van die dubbelinkomstegesin bevind, is dit ook interessant om te let op die patrone wat ten opsigte van die onderlinge verbande tussen die agt gesinsverwante en die twee beroepsverwante skale bestaan.

(ii) *Patrone ten opsigte van die verbande tussen die gesinverwante en die beroepsverwante skale*

Alhoewel daar ontledings ten opsigte van die agtergrondsveranderlikes en die beroepsverwante skale gedoen is, word die klem vir die doeleindes van hierdie studie eerder op die verbande tussen die gesinsverwante en die beroepsverwante skale geplaas. Enkele bevindinge rakende die verbande/verskille tussen die agtergrondsveranderlikes en die twee beroepsverwante skale kan egter kortliks genoem word.

Die eerste van die beroepsverwante skale wat hier ter sprake kom, is die **man se beroepsbetrokkenheid** (skaal X9). Wat die veranderlikes ten opsigte van die man se persoonlike gegewens betref, blyk dit dat ouer mans, wat Engelssprekend is, oor 'n nagraadse opvoedkundige kwalifikasie beskik en wat al ouer was toe hulle vir die eerste keer pa geword het, beduidend meer beroepsbetrokkenheid toon as wat dit die geval met mans in ander van die betrokke kategorië is.

Spesifiek ten opsigte van die man se beroep, is dit mans wat meer dae per week beroepswerksaam is, meer ure per dag by die werk deurbring, meer ure per werksdag aan beroepsverwante werk

spandeer wanneer hulle tuis is en wie wel van kraamverlof vir vaders gebruik sal maak, wat beduidend die hoogste mate van beroepsbetrokkenheid toon. Verder blyk dit, in terme van die beroepskategorieë, dat dit mans met bestuurs/professionele beroepe is, wat die hoogste mate van beroepsbetrokkenheid toon. Op grond van die feit dat dieselfde tendens ook ten opsigte van die vrou se beroepsbetrokkenheid geld, soos dit uit die navorsing van onder andere Schoen (1980:54); Du Toit (1992:129) en Smit (1996:391) blyk, wil dit dus voorkom dat beide mans en vroue wat meer professionele beroepe beoefen daartoe geneig is om 'n hoë mate van beroepsbetrokkenheid te toon.

Ook wat hierdie mans se eggenotes betref blyk dit dat dit mans is wie se eggenotes oor 'n nagraadse kwalifikasie beskik, 'n bestuurs/professionele beroep beoefen en meer ure per dag aan beroepsverwante werk afstaan wanneer hulle tuis is, wat beduidend meer daartoe geneig is om 'n betrokkenheid by hul beroepe te toon, as wat die geval met mans is wie se eggenotes oor laer opvoedkundige kwalifikasies beskik, in ander beroepskategorieë val en min ure per dag aan beroepsverwante werk afstaan wanneer hulle by die huis is. Die man se beroepsbetrokkenheid hou ook met die veranderlikes rakende die man se gesin van oriëntasie verband. So blyk dit dat mans wie se moeders voltydse beroepsposisies beklee het, wie se vaders bestuurs/professionele beroepe beoefen het en wie se vaders dikwels by die versorging van die kinders betrokke was, die meeste daartoe geneig is om beroepsbetrokkenheid te toon.

Verder blyk dit ook dat mans wie se huishoudings van die dienste van 'n deelydys inwonende huishulp gebruik maak, asook die egalitêre gesin as ideale gesin voorhou, ook 'n beduidende hoë mate van beroepsbetrokkenheid toon. Dit is egter mans wie se huishoudings in geen mate van die vrou se inkomste afhanklik is nie, wat 'n beduidende hoër betrokkenheid by sy beroep toon, as wat dit die geval met mans is wie se huishoudings in 'n groot of baie groot mate van die vrou se inkomste afhanklik is.

Wat die tweede beroepsverwante skaal - die **man se ervaring van beroepsverwante stres** (skaal X10) - betref, blyk dit dat jonger mans en mans wat vir 'n kleiner aantal jare met hul huidige eggenotes getroud is, meer beroepsverwante stres ervaar as wat dit die geval is met ouer mans en

mans wat vir 'n groter aantal jare al getroud is. Hierdie toedrag van sake is moontlik daaraan toe te skryf dat hierdie mans hulle te midde van 'n rolsiklusdilemma mag bevind, wat beteken dat hulle nie alleen by die nuwe roleise van die dubbelinkomstehuwelik- en gesinslewe moet aanpas nie, maar dat daar ook terselfdertyd hoë eise tydens die vestigingstydperk van hul beroepe aan hulle gestel word. Beide Googins (1991:25) en Wiersma (1994:213) is dan juis van mening dat dit veral vir die dubbelinkomstegesin 'n moeilike uitdaging is om 'n sogenaamde rolsikluspassing ten opsigte van die egpaar se meervoudige rolle tot stand te bring, terwyl dit met die minste mate van stremming gepaard gaan.

Verder blyk dit dat mans wat meer ure per dag by die werk deurbring, asook meer ure per naweek aan beroepsverwante werk spandeer wanneer hulle tuis is, ook geneig is om 'n hoë mate van beroepsverwante stres te ervaar. Die ervaring van beroepsverwante stres geld ook vir dié mans wie se eggenotes meer ure per dag aan beroepsverwante werk afstaan wanneer hulle by die huis is. Terwyl die gemiddelde aantal ure wat beide die man en sy vrou aan beroepsverwante werk afstaan met die man se ervaring van beroepsverwante stres korreleer, bestaan daar geen beduidende verhouding tussen die tipe beroepe wat die dubbelinkomste-egpaar beoefen en die mate waartoe die man beroepsverwante stres beleef nie. Dit staan in teenstelling met die werk van beide Bowen en Orthner (1991:196) en Pittman (1994:189) wat dit beklemtoon dat gulsige beroepe, as synde veral professionele beroepe, stremmende beroepseise aan die individu stel en sodoende die ervaring van stres verhoog.

Betreffende die verbande tussen die gesinsverwante skale en die **man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9)**, blyk dit dat hierdie beroepsverwante skaal, behalwe vir die man se verrigting van huishoudelike take (skaal X1), positief met al die *gesinsverwante skale* korreleer. So blyk dit dat hoe *hoër* die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9) is, hoe *hoër* is die man se persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig, sy persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees, sy verrigting van emosionele werk in die huwelik en sy verbintenis tot groei in die huwelik. Hieruit is dit duidelik dat daar weereens moontlik 'n *houdingsingesteldheid* hier ter sprake is, in soverre daar 'n verband bestaan tussen die man se

betrokkenheid by sy beroep ten einde 'n sukses daarvan te maak en sy positiewe ingesteldheid ten opsigte van sy huwelik- en gesinslewe.

Dit is verder ook insiggewend om daarop te let dat daar 'n verband tussen die man se beroepsbetrokkenheid en sy feministiese oriëntasie bestaan. Hieruit blyk dit dat 'n man wat self 'n sterk betrokkenheid by sy beroep toon, ook daartoe geneig sal wees om ten opsigte van sy beskouing van die rol en posisie van die vrou in die samelewing, die gelyke deelname van die vrou in die algemeen en spesifiek die getroude vrou in die arbeidsmark voor te staan.

Ten opsigte van die verband tussen die man se beroepsbetrokkenheid (skaal X9) en sy ervaring van huweliksintegrasie (skaal X7), wil dit voorkom dat, ten spyte van die algemene verwagting dat 'n man se hoë beroepsbetrokkenheid *negatief* op sy huweliksverhouding kan inwerk, dit nie noodwendig die geval is nie. Hierdie bevinding sluit by die werk van beide Fogarty *et al* (1971:238) en O'Neil en Greenberger (1994:11) aan, wat van mening is dat 'n man wat daarin kan slaag om 'n geïntegreerde verbintenis tot beide sy beroep en gesinslewe te bewerkstellig, gewoonlik ook in 'n hoë mate huweliksgeluk ervaar.

Die tweede beroepsverwante veranderlike wat hier ter sprake kom, is die **man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10)**. In hierdie opsig is dit duidelik dat die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10) geen statisties beduidende verbande met drie van die gesinsverwante skale toon nie, naamlik die man se vermindering van huishoudelike take (skaal X1), sy persepsie van die regverdigheid dat 'n man huishoudelike take moet verrig (skaal X2) en die mate waartoe hy vaderbetrokkenheid toon (skaal X3).

Daar bestaan egter wel beduidende negatiewe verbande tussen die man se ervaring van beroepsverwante stres (skaal X10) en die ander gesinsverwante veranderlikes, naamlik hoe *hoër* die man se ervaring van beroepsverwante stres is, hoe *laer* is sy persepsie van die regverdigheid dat 'n man by kinderversorgingsaktiwiteite betrokke moet wees (skaal X4), sy verrigting van emosionele werk in die huwelik (skaal X5), sy verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6), sy ervaring van

huweliksintegrasië (skaal X7) en die mate waartoe hy feministies georiënteerd is (skaal X8). Dit impliseer dus dat daar 'n oordrag van negatiewe emotiewe kwaliteite vanaf die beroepsfeer na die gesinsfeer kan plaasvind. Die moontlike gevolg hiervan is nie net 'n verlaging in die man se verrigting van emosionele werk en verbintenis tot groei in die huwelik nie, maar ook 'n afname in die man se ervaring van huweliksintegrasië. Hughes *et al* (1992:34) en Bumpus *et al* (1999:466) is byvoorbeeld van mening dat die man se ervaring van beroepsverwante stres gewoonlik ook met 'n toename in huweliksargument en -konflik gepaard gaan. Alhoewel hierdie negatiewe korrelasies laag is, beteken dit tog ook dat daar 'n geringe neiging is dat hoe meer die man 'n positiewe houdingsingesteldheid ten opsigte van sy gesin en huwelik openbaar en hoe meer hy by die verskillende dimensies van die gesinslewe betrokke is, hoe minder sal hy daartoe geneig wees om beroepsverwante stres te ervaar.

Ter opsommig wat die bespreking rakende die verbande tussen die beroepsverwante en gesinsverwante veranderlikes betref, blyk dit dat binne die konteks van die werk-gesins-oordragmodel, dit weereens bevestig word dat die beroep- en gesinsfeer nie onafhanklik van mekaar staan nie. Die interverweefdheid van die man se beroep- en gesinsfeer plaas nadruk op die belangrikheid van die totstandkoming van 'n werk-gesin-passing in veral die dubbelinkomstegesin. Hierdie beskouing vind weerklank in die woorde van Kanter (in Gilbert en Rachlin, 1987:9): "...this life involves the co-ordination, balance and integration of career and family roles for each spouse...work and family can no longer be viewed as separate worlds."

In die lig van die belangrikheid van die handhawing van goeie huweliks- en gesinsverhoudinge, tree 'n belangrike vraag op die voorgrond, naamlik: Watter veranderlikes lewer 'n beduidende bydrae tot die voorspelling van die man se ervaring van *huweliksintegrasië* en sy *verbintenis tot groei in die huwelik*? Ten einde hierdie vraag te beantwoord, is daar van die ontwikkeling van meervoudige regressiemodelle gebruik gemaak.

9.7.4 Die ontwikkeling van meervoudige regressiemodelle vir die voorspelling van huweliksintegrasië en verbintenis tot groei in die huwelik

In hierdie studie is die **stapsgewyse regressie-ontledingstechniek** met maksimum beduidende R^2 -verbetering, gebruik ten einde die meervoudige regressiemodelle te ontwikkel. Vir hierdie doeleindes is die agt gesinsverwante skale, die twee beroepsverwante skale en die vyftien kontinue biografiese veranderlikes as insetgegewens gebruik.

Die eerste voorspellingskriterium wat vir die doeleindes van die ontwikkeling van 'n meervoudige regressiemodel gebruik is, was **huweliksintegrasië** (skaal X7). Uit die resultate blyk dit dat die man se persepsie van sy verrigting van **emosionele werk** in die huwelik (skaal X5) op 'n beduidende vlak die beste voorspeller van die ervaring van **huweliksintegrasië** is, in soverre dit 67.4% van die variansie in huweliksintegrasië verklaar ($R^2 = 0.674$; $p = 0.000$). Die man se **verbintenis tot groei in die huwelik** (skaal X6) ($R^2 = 0.725$; $p = 0.000$); die man se ervaring van **beroepsverwante stres** (skaal X10) ($R^2 = 0.737$; $p = 0.000$); die **aantal jare** wat die man met sy huidige eggenote **getroud** is ($R^2 = 0.745$; $p = 0.001$); die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van **huishoudelike take** ($R^2 = 0.750$; $p = 0.002$) en die man se **beroepsbetrokkenheid** (skaal X9) dra beduidend daartoe by dat die persentasie verklaarde variansie van huweliksintegrasië tot **75.2%** styg.

Dit is opsigtelik dat huweliksintegrasië nie net deur gesinsverwante veranderlikes voorspel word nie, maar dat die twee beroepsverwante skale ook as voorspellers vir die man se ervaring van huweliksintegrasië optree. Dit impliseer dat die positiewe houdingsingesteldheid van die man ten opsigte van sy verbintenis tot en betrokkenheid by sy beroep, positiewe kwaliteite na sy gesin, veral in terme van sy ervaring van huweliksintegrasië, kan oordra.

Op grond van die stapsgewyse regressie-ontleding waar **verbintenis tot groei in die huwelik (skaal X6)** as afhanklike veranderlike geneem is, blyk dit dat die man se persepsie van sy verrigting van **emosionele werk** in die huwelik (skaal X5) op 'n beduidende vlak die beste voorspeller van die **verbintenis tot groei in die huwelik** is, in soverre dit 67.4% van die variansie in hierdie

veranderlike verklaar ($R^2 = 0.674$; $p = 0.000$). 'n Verdere sewe veranderlikes dra beduidend daartoe by dat die persentasie verklaarde variansie van die verbintenis tot groei in die huwelik na **75.9%** styg. Hierdie veranderlikes is: die man se ervaring van **huweliksintegrasië** (skaal X7) ($R^2 = 0.725$; $p = 0.000$); die man se **feministiese oriëntasie** (skaal X8) ($R^2 = 0.738$; $p = 0.000$); die **ouderdom** van die egpaar se **jongste kind** ($R^2 = 0.744$; $p = 0.001$); die man se persepsie van sy bydrae tot die verrigting van **huishoudelike take** ($R^2 = 0.751$; $p = 0.002$); die man se persepsie van hoe dikwels sy **vader by die versorging van die kinders betrokke was**, terwyl die respondent nog skool gegaan het ($R^2 = 0.754$; $p = 0.004$); die man se ervaring van **beroepsverwante stres** (skaal X10) ($R^2 = 0.757$; $p = 0.025$); en die man se persepsie van hoe dikwels sy **vader by die voorbereiding van voedsel betrokke was**, terwyl die respondent nog skool gegaan het ($R^2 = 0.759$; $p = 0.047$).

Dit is interessant om daarop te let dat in beide die gevalle van die voorspelling van *huweliksintegrasië* en die *verbintenis tot groei in die huwelik* die man se persepsie van sy verrigting van emosionele werk in die huwelik as die beste voorspeller optree. Ook is dit duidelik dat *huweliksintegrasië* en die *verbintenis tot groei in die huwelik* wedersyds as goeie voorspellers van mekaar optree. Dit wil dus voorkom asof hierdie drie gesinsverwante veranderlikes 'n besondere noue samehang toon.

Dit is dus opvallend, wat die twee meervoudige regressiemodelle betref, dat die veranderlikes wat as voorspeller van *huweliksintegrasië* ($R^2 = 0.752$) en die *verbintenis tot groei in die huwelik* ($R^2 = 0.759$) dien, goeie verklarings vir die variansie in hierdie twee betrokke veranderlikes bied.

9.8 ALGEMENE GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING

Die navorsing ten opsigte van die dubbelinkomstegesin in Suid-Afrika het tot op hede hoofsaaklik op die werkende getroude *vrou* gefokus. Hierdie navorsing, soos onder andere dié van Du Toit (1992) en Smit (1996), beklemtoon dat die vrou se toenemende toetrede tot die arbeidsmark en ander veranderings wat daarmee saamhang, nie net 'n verandering in die rol van die vrou-moeder

teweeg bring nie, maar dat dit ook per implikasie die rol van die man-vader beïnvloed. Wanneer die rol van die man in die gesin in hierdie studies ter sprake kom, word die vrou-moeder se persepsie dan ook as vertrekpunt geneem, deur byvoorbeeld op haar belewenis van haar man se betrokkenheid in die gesin te fokus sonder om op die man se werklike gedrag en sy belewenis daarvan te let.

